



Apologetiese toerusting in 'n Christelike wêreldbeskouing tydens geloofsopvoeding van voorskoolse kinders

GJ Venter



orcid.org/0000-0003-2516-6165

Proefskrif aanvaar ter nakoming vir die graad *Philosophiae*
Doctor in Teologie met Apologetiek aan die Noordwes-
Universiteit

Promotor: Prof HG Stoker

Gradeplegtigheid: Junie 2026

BEDANKINGS

Hierdie studie, tesame met die onderbou daarvan, bring werklik by my twee woorde op: “sola gratia”. Dit is alleen die genade van die Here dat ek die voorreg kon gehad het om opleiding te ontvang om sy Woord te kan bedien. Dit is genade alleen dat Hy my in staat gestel het om hierdie studie aan te pak en my die krag gegee het om hierdie studie te kan voltooi. Dit is genade dat God my as instrument kan gebruik soos wat Hy wil, en dit alles tot sy eer en vir sy kerk. Ek dank die Here dat Hy my die gawes gegee het om hierdie studie te kon doen.

Verder is dit ook genade dat Hy mense oor my pad gestuur het wat bygedra het tot my vorming en die vorming van hierdie studie. Daar is nie woorde om my dankbaarheid teenoor elkeen te beskryf vir die bydrae wat hulle gelewer het nie. Ek wil graag ’n spesiale dank aan die volgende persone rig:

- My studieleier, prof Henk Stoker. Ek wil dieselfde sê as die bedanking in my Meestersgraad — Prof het my gelei sodat ek die idee wat ek aan die begin gehad het, kon uitvoer. Die Here het aan my soveel genade bewys deur die jare van prof se insette en begeleiding — op soveel aspekte van my lewe. Dit het geweldige “impak” op my lewe gemaak. Baie dankie vir die opofferinge, hulp en mentorskap.
- Ek wil graag ook vir wyle prof Gert Breed, wat aanvanklik ook as hulp-studieleier gedien het, bedank vir sy insette wat gehelp het om my gedagtes

oor hierdie studie te vorm. Mag hierdie studie 'n verdere bydrae lewer tot die veld waarvoor prof ook 'n groot liefde gehad het.

- Ek wil graag die grootste dank uitspreek teenoor die gemeente en kerkraad van die Gereformeerde kerk Totiusdal. Die gemeente was eintlik van die begin af deel van die pad met hierdie studie. Baie dankie aan elkeen se ondersteuning en gebede. 'n Spesiale dank aan die kerkraad wat my gedurende hierdie tyd bygestaan het en in baie opsigte ter wille was. My bede is dat hierdie studie 'n verdere bydrae sal lewer in diens van die gemeente en kerk.
- My vrou, Erika. Jou troue ondersteuning, te midde van baie moeilike jare wat ons deurgemaak het, sal ek nooit vergeet nie. Dit is werklik alles genade. Mag ons al twee die seën van die HERE ervaar met die vrug wat hierdie arbeid opgelewer het, sodat ons tot seën vir mekaar en vir ons kinders, maar ook vir ander mag wees. En ons drie kinders, Alexander, Clarinda, en Matthias, dankie vir julle ondersteuning en opoffering wat julle deur die jare gegee het — ek dra hierdie studie aan julle op. Mag die Here hierdie werk gebruik om julle verder in die lewe op sy weë te lei.
- Ek wil graag vir oom Gert van Blerk ook bedank vir sy wyse woorde, sy liefde en soveel ondersteuning deur die jare. Ek is dankbaar dat die Here oom oor my pad gestuur het.

- Baie dankie vir die Noordwes-Universiteit vir die toestaan van beurse, waarsonder hierdie studie nie moontlik sou wees nie; asook die admin-personeel. Ek wil 'n spesiale dank rig aan tannie Hester Lombard en tannie Anneke Coetzee, bibliotekaresse van die Teologiese biblioteek van die Potchefstroom kampus. Hiermee saam wil ek ook baie dankie sê vir die Teologiese skool Potchefstroom van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika, vir die beurse en opleiding wat my tot hertoe gevorm het.
- Dankie aan Joanita Fouché, wat vir my die taalversorging so deeglik gedoen het in 'n baie kort tyd.
- Baie dankie aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns wat vir my 'n beurs toegestaan het om hierdie studie te kan uitvoer. Mag hierdie studie 'n bydrae lewer tot die Akademie in Afrikaans.
- Baie dankie aan Gary van Dyk by Zeroplus drukkers wat hierdie proefskrif vir my laat druk het.

“Ek het geen groter blydschap as dit nie, dat ek hoor dat my kinders in die waarheid wandel” (3 Joh. 1:4).

OPSOMMING

Alle mense het sekere voorveronderstellings of hermeneutiese beginsels waarmee hulle die werklikheid van die wêreld benader. In hierdie verstaanproses — wat reeds vanaf geboorte plaasvind — funksioneer die menslike brein soos 'n sif wat bekende inligting verwerk, terwyl onbekende konsepte in die sif agterbly totdat die brein dit kan kategoriseer. So 'n hermeneutiese raamwerk is sinoniem met 'n mens se wêreldbeskouing, wat die individu se persepsie van die werklikheid voortdurend inlig en vorm.

Omdat die mens se wêreldbeskouing ook die beginpunt van geloofsoortuigings is wat reeds vanaf geboorte begin ontwikkel, is dit uiters noodsaaklik dat Christenkinders reeds op voorskoolse vlak toegerus word met 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing. Dit is veral belangrik in die lig daarvan dat kinders van jongs af deur ander dominerende wêreldbeskouings weg van 'n Christelike beskouing beïnvloed word. Ten einde suksesvolle apologetiese verantwoording by voorskoolse kinders op hulle vlak te bewerkstellig, moet 'n suiwer Bybels-Christelike leer gekweek word, terwyl daar terselfdertyd gefokus word op wêreldbeskoulike vrae waarmee verskillende wêreldbeskouings aan die waarheid getoets kan word.

Vanuit 'n Bybelse perspektief is geloofsoordrag by voorskoolse kinders wel moontlik, en sodanige onderrig vind op ten minste drie maniere plaas, naamlik deur mondelinge oordrag, deur die modellering van ouers of mentors, en deur gemeenskapsbetrokkenheid. Bybelkennis kan voorts effektief oorgedra word deur

middel van kurrikula en lesplanne wat op kinders se vermoëns gerig is. Nietemin bestaan onder sommige navorsers van die 20ste en 21ste eeu (byvoorbeeld Richards, Theunissen, van der Merwe en ander) die siening dat voorskoolse kinders nie oor die vermoë beskik om abstrak te dink nie. Gevolglik is kurrikula vir geloofsopvoeding nie daarop toegespits om voorskoolse kinders in hul geloofsgroei te begelei tot 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing en hulle in staat te stel om hulle geloof apologeties te kan verantwoord nie.

Hoewel Christenkerke oor die eeue heen heelwat werk ten opsigte van kategetiese en kurrikulumontwikkeling verrig het, word voorskoolse kinders se lewensvrae en geestelike ervarings in baie van hierdie kurrikula steeds geïgnoreer. Daar is selfs 'n groeiende behoefte aan voldoende Christelike toerusting vir voorskoolse kinders. Hoewel daar enkele onlangse kurrikula bestaan op die vorming van 'n Christelike wêreldbeskouing by Christenkinders, is daar min, indien enige, wat primêr op voorskoolse vlak fokus.

Hierdie navorsing fokus derhalwe op die wyse waarop apologetiese toerusting, in terme van 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing, by geloofsopvoeding geïntegreer kan word om inhoudelike en metodologiese leemtes in voorskoolse kinders se geloofsverantwoording aan te spreek. Die sentrale vraag is watter toerusting ouers en ander opvoeders benodig om voorskoolse kinders, volgens hulle vermoëns, te begelei sodat hulle hulself op hul eie vlak ten opsigte van die Christelike geloof apologeties kan verantwoord.

Om hierdie vraag te beantwoord, word die navorsing in breë trekke in drie dele ingedeel. Afdeling A (hoofstuk 1-2) beskryf die behoefte aan die aanleer van wêreldbeskouing by voorskoolse kinders en ondersoek die boodskap en invloed van ander dominerende wêreldbeskouings van die 21ste eeu op voorskoolse kinders binne die Christendom. Die dominerende wêreldbeskouing waarop daar gefokus word, is naturalisme, en meer spesifiek sekulêre humanisme en/of Nuwe Ateïsme.

Afdeling B (hoofstukke 3-5) fokus op die God-, skeppings- en mensbeskouing van sekulêre humanisme en/of Nuwe Ateïsme as dominerende wêreldbeskouing teenoor die Bybels-Christelike wêreldbeskouing. Elke hoofstuk in afdeling B word in drie onderafdelings verdeel, naamlik die tetiese uiteensetting van sekulêre humanisme en/of Nuwe Ateïsme, daarteenoor as antitese die Bybels-Christelike wêreldbeskouing, en daarna die apologetiese hantering van hierdie sake.

Op soortgelyke wyse fokus afdeling C (hoofstukke 6-7) teties op sekulêre humanisme en/of Nuwe Ateïsme, asook ander naturalistiese godsdienste se leer oor verlossing, waaronder Hindoeïsme, Boeddhisme en Afrika Tradisionele Religie (hoofstuk 6), teenoor die Christelike wêreldbeskouing se leer van verlossing en verheerliking, waarna apologetiese toerusting bespreek word (hoofstuk 7).

ABSTRACT

All people hold certain presuppositions or hermeneutical principles by means of which they approach the reality of the world. In this process of understanding — which already takes place from birth — the human brain functions like a sieve that processes familiar information, while unfamiliar concepts remain within the sieve until the brain is able to categorise them. Such a hermeneutical framework is synonymous with a person's worldview, which continuously informs and shapes the individual's perception of reality.

Because a person's worldview also constitutes the point of departure for religious convictions that begin to develop from birth, it is imperative that Christian children be equipped with a biblical-Christian worldview already at the preschool level. This is particularly important in light of the fact that children, from an early age, are influenced by other dominant worldviews that draw them away from a Christian perspective. In order to facilitate meaningful apologetic accountability among preschool children at their own level, a pure biblical-Christian doctrine must be cultivated, while simultaneously focusing on worldview-related questions through which different worldviews can be tested against the truth.

From a biblical perspective, the transmission of faith to preschool children is indeed possible, and such instruction takes place in at least three ways, namely through oral transmission, through the modelling of parents or mentors, and through community involvement. Biblical knowledge can furthermore be effectively conveyed by means of

curricula and lesson plans that are tailored to children's abilities. Nevertheless, some twentieth- and twenty-first-century researchers (for example Richards, Theunissen, Van der Merwe and others) maintain the view that preschool children do not possess the capacity for abstract thought. As a result, curricula for faith education are not designed to guide preschool children in their growth towards a biblical-Christian worldview or to enable them to give an apologetic account of their faith.

Although Christian churches over the centuries have undertaken considerable work in the field of catechesis and curriculum development, preschool children's life questions and spiritual experiences are still ignored in many of these curricula. There is even a growing need for adequate Christian equipment for preschool children. Although a few recent curricula focus on the formation of a Christian worldview in Christian children, there are few, if any, that focus primarily on the preschool level.

This research therefore focuses on the manner in which apologetic equipment, in terms of a biblical-Christian worldview, can be integrated into faith education in order to address both the content-related and methodological gaps in preschool children's ability to account for their faith. The central question is what kind of equipment parents and other educators require in order to guide preschool children, according to their abilities, so that they can at their own level give an apologetic account of the Christian faith.

In order to answer this question, the research is broadly divided into three parts. Section A (chapters 1–2) describes the need for the acquisition of a worldview among

preschool children and investigates the message and influence of other dominant twenty-first-century worldviews on preschool children within Christianity. The dominant worldview that is focused upon is naturalism, and more specifically secular humanism and/or New Atheism.

Section B (chapters 3–5) focuses on the views of God, creation and humanity within secular humanism and/or New Atheism as dominant worldviews, in contrast to the biblical-Christian worldview. Each chapter in Section B is divided into three subsections, namely a thesis-based exposition of secular humanism and/or New Atheism, followed by the biblical-Christian worldview as antithesis, and thereafter the apologetic engagement with these matters.

In a similar manner, Section C (chapters 6–7) focuses, in its thesis, on the doctrine of salvation in secular humanism and/or New Atheism, as well as in other naturalistic religions, including Hinduism, Buddhism and African Traditional Religion (chapter 6), in contrast to the Christian worldview's doctrine of salvation and glorification, after which apologetic equipment is discussed (chapter 7).

AFKORTINGS VAN BYBELBOEK NAME

Ou Testament		Nuwe Testament	
Gen.	Pred.	Matt.	1 Tim.
Eks.	Hoogl.	Mark.	2 Tim.
Lev.	Jes.	Luk.	Tit.
Num.	Jer.	Joh.	Filem.
Deut.	Klaagl.	Hand.	Heb.
Jos.	Eseg.	Rom.	Jak.
Rig.	Dan.	1 Kor.	1 Pet.
Rut	Hos.	2 Kor.	2 Pet.
1 Sam.	Joël	Gal.	1 Joh.
2 Sam.	Amos	Ef.	2 Joh.
1 Kon.	Obad.	Fil.	3 Joh.
2 Kon.	Jona	Kol.	Jud.
1 Kron.	Miga	1 Thess.	Op.
2 Kron.	Nah.	2 Thess.	
Esra	Hab.		
Neh.	Sef.		
Est.	Hag.		
Job	Sag.		
Ps.	Mal.		
Spr.			

INHOUDSOPGAWE

BEDANKINGS.....	I
OPSOMMING	V
ABSTRACT	VIII
AFKORTINGS VAN BYBELBOEK NAME.....	XI
INHOUDSOPGAWE	XII
LYS VAN FIGURE EN TABELLE	XVII
AFDELING A — INLEIDING: DIE BEHOEFTE VIR DIE AANLEER VAN ’N OMVATTENDE CHRISTELIKE WÊRELDBESKOUING.....	1
HOOFSTUK 1: AGTERGROND	1
1.1 <i>INLEIDING</i>	1
1.1.1 Die titel van die proefskrif	1
1.1.2 Sleutelwoorde.....	2
1.1.3 Agtergrond	3
1.1.4 Konsepte	15
1.2 <i>PROBLEEMSTELLING EN NAVORSINGSVRAAG</i>	20
1.2.1 Probleemstelling	20
1.2.2 Navorsingsvraag.....	28
1.3 <i>DOELSTELLING EN DOELWITTE</i>	29
1.3.1 Doelstelling.....	29
1.3.2 Doelwitte	30
1.4 <i>SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT</i>	30
1.5 <i>NAVORSINGSMETODOLOGIE</i>	31
1.6 <i>ETIESE OORWEGINGS</i>	35
HOOFSTUK 2: DIE BOODSKAP VAN ANDER DOMINERENDE WÊRELDBESKOUINGS VAN DIE 21STE EEU OP VOORSKOOLOOSE KINDERS BINNE DIE CHRISTENDOM	36
2.1 <i>INLEIDING</i>	36
2.2 <i>DIE WESE VAN WÊRELDBESKOUING</i>	38
2.2.1 Definisies van wêreldbeskouing	44
2.2.2 Vasstelling van ’n wêreldbeskouing	48
2.3 <i>NATURALISME AS DOMINERENDE WÊRELDBESKOUING</i>	49
2.3.1 Naturalisme as wêreldbeskouing	55
2.3.2 Sekularisme as uitvloeisel van Naturalisme	63
2.4 <i>APOLOGETIESE TOERUSTING WAT CHRISTENKINDERS TOERUS</i>	89
2.4.1 Die rede vir apologetiese toerusting, eerder as in ander wetenskappe.....	90
2.4.2 Bybelkennis waardeur ’n Bybelse wêreldbeskouing gevorm word.	93
2.4.3 Die gesonde leer waardeur ’n Bybelse wêreldbeskouing gevorm word.	94
2.4.4 Die uitlewing en wyse waarop ’n Bybelse wêreldbeskouing vir jong kinders aangeleer word.	97
2.4.5 Apologetiese toerusting in ander wêreldbeskouings	101
2.4.6 ’n Vergelykende studie van ’n naturalistiese teenoor ’n Christelike wêreldbeskouing	104
2.5 <i>SAMEVATTING</i>	107
AFDELING B — DIE BESKOUING VAN GOD, SKEPPING EN MENS.....	109
GOD, SKEPPING EN MENS: DIE ONDERSKEID TUSSEN TEÏSME EN NATURALISME	110
HOOFSTUK 3: GODSBESKOUING	115

3.1	<i>INLEIDING</i>	115
3.2	<i>TETIES: SEKULÊRE NATURALISME OOR GOD</i>	117
3.2.1	Die gode van Eenheidsisme in 'n naturalistiese wêreldbeskouing	120
3.2.2	Natuur en mens is god in 'n naturalistiese wêreldbeskouing	122
3.2.3	Geen empiriese bewyse van 'n godheid maak klaarblyklik van God 'n hipotese	124
3.2.4	Die mite van 'n bonatuurlike wese vir kinders volgens die Nuwe Ateïsme	127
3.2.5	Die "Wonder"-skeppingswerk van Darwinistiese Evolusionisme	132
3.3	<i>ANTITETIES: CHRISTELIKE LEER OOR GOD</i>	137
3.3.1	Huisgodsdiens-tema: Die bestaan van God — Ons bely die bestaan van God as 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese.	140
3.3.2	Huisgodsdiens-tema: Kennis van God — Jesus Christus verklaar (openbaar) die Vader sodat ons God deur geloof kan ken.	154
3.3.3	Huisgodsdiens-tema: Drie-eenheid van God — Ons glo volgens Skrifgetuigenis in God Drie-enig: Vader, Seun en Heilige Gees.	165
3.3.4	Huisgodsdiens-tema: Name van God — God openbaar Homself deur sy Naam sodat ons Hom reg kan ken en aanbid.	177
3.3.5	Huisgodsdiens-tema: Deugde van God — Ons glo en bely dat God 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat Hom deur sy deugde openbaar.	187
3.3.6	Huisgodsdiens-tema: Deugde van God — Ons aanbid die enige God wat Hom deur sy deugde aan ons openbaar.	197
3.3.7	Huisgodsdiens-tema: Raad van God — God se raadsplan en die troos wat dit vir uitverkorenes se verlossing inhou.	209
3.4	<i>APOLOGETIESE TOERUSTING</i>	220
3.4.1	Sekulêre humanisme se naturalistiese godsbeskouing: Toepassings vir ouers en kinders	221
3.4.2	Sekulêr-humanistiese temas in gewilde kinderrolprente en -reekse	227
3.4.3	Apologeties-begeleidende gesprekke met kinders	232
3.5	<i>SAMEVATTING</i>	240
	HOOFSTUK 4: SKEPPINGSBESKOUING	242
4.1	<i>INLEIDING</i>	242
4.1.1	Oorsaak en gevolg	243
4.1.2	Ontstaan	244
4.1.3	Aard	246
4.1.4	Doel	247
4.2	<i>TETIES: HOE NATURALISME OOR DIE SKEPPING VAN ALLES DINK</i>	248
4.2.1	Die kosmos in 'n normale staat	248
4.2.2	Die ontstaan van die heelal deur die Oerknal	252
4.2.3	Darwin se teorie oor variëteite en spesies	259
4.2.4	Darwin oor natuurlike seleksie (en evolusie)	264
4.2.5	Kosmologiese teleologie en wetenskap	273
4.3	<i>ANTITETIES: DIE CHRISTELIKE LEER VAN DIE SKEPPING AS ONLOSMAAKLIKE DEEL VAN DIE LEER OOR GOD</i>	275
4.3.1	Skepping as bonatuurlik — erkenning van die bestaan van God	278
4.3.2	Huisgodsdiens-tema: Waarom God die skepping gemaak het — God skep alles tot sy heerlikheid sodat sy Naam verheerlik word.	281
4.3.3	Huisgodsdiens-tema: Hoe God die skepping gemaak het — Deur sy Woord skep God in sy almag alles uit niks	290
4.3.4	Huisgodsdiens-tema: Engele in God se skepping — Engele as God se boodskappers om die uitverkorenes te dien.	297
4.3.5	Huisgodsdiens-tema: Skepping en evolusie — God is die Skepper van hemel en aarde — nie die evolusie van Darwin nie!	311
4.4	<i>APOLOGETIESE TOERUSTING</i>	326
4.4.1	Sekulêre humanisme se naturalistiese skeppingsbeskouing: Toepassings vir ouers en kinders ..	328
4.4.2	Sekulêr-humanistiese temas in gewilde kinderfilms en -reekse	338

4.4.3	Apologeties-begeleidende gesprekke met kinders.....	343
4.5	<i>SAMEVATTING</i>	355
HOOFSTUK 5: MENSBEKOUING		357
5.1	<i>INLEIDING</i>	357
5.2	<i>TETIES: NATURALISME OOR DIE MENS</i>	359
5.2.1	Die mens as wese	359
5.2.2	Die mens se doel.....	370
5.2.3	Wetenskap as die mens se bron van kennis	382
5.2.4	Die mens se basis vir etiek	388
5.3	<i>ANTITETIES: CHRISTELIKE LEER VAN DIE MENS</i>	398
5.3.1	Huisgodsdienst-tema: God het die mens goed en na sy ewebeeld geskape sodat die mens Hom reg kan ken en in liefde kan dien.	398
5.3.2	Huisgodsdienst-tema: Huwelik tussen een man en een vrou as skeppingsordinansie	407
5.3.3	Huisgodsdienst-tema: Die aard, oorsprong, verspreiding en straf op die sonde.	416
5.3.4	Huisgodsdienst-tema: Die aard, oorsprong, verspreiding en straf op die sonde (2).	425
5.4	<i>APOLOGETIESE TOERUSTING</i>	434
5.4.1	Sekulêre humanisme se mensbeskouing: Toepassings vir ouers en kinders	435
5.4.2	Sekulêr-humanistiese temas in gewilde kinderfilms en -reekse.....	442
5.4.3	Apologeties-begeleidende gesprekke met kinders.....	450
5.5	<i>SAMEVATTING</i>	469
AFDELING C — VERLOSSING & HERSKEPPING		471
HOOFSTUK 6: TETIES: ANDER NATURALISTIESE WÊRELDBESKOUINGS OOR VERLOSSING		473
6.1	<i>INLEIDING</i>	473
6.1.1	Transhumanisme as die mens se eindbestemming	474
6.1.2	Verlossingsleer van ander prominente naturalistiese godsdienste	478
6.1.3	Die invloed van naturalistiese godsdienste deur middel van media en rolprente.	479
6.2	<i>NUWE ATEÏSME EN EKSISTENSIALISME</i>	483
6.2.1	Samevattende bespreking van Nuwe Ateïsme oor God, wêreld en mens, met toespitsing op hul verlossingsleer.	485
6.2.2	Sekulêr-humanistiese temas in die gewilde filmreeks <i>Star Wars</i>	492
6.2.3	Apologeties-begeleidende gesprekke met kinders oor Nuwe Ateïsme se verlossingsleer	501
6.3	<i>HINDOEÏSME</i>	513
6.3.1	Gesaghebbende bronne in Hindoeïsme.....	516
6.3.2	Kort samevatting van die Hindoeïstiese wêreldbeskouing.....	517
6.3.3	Moderne Hindoeïsme se verlossingsleer.....	523
6.3.4	Vishnu en sy tien mees algemene avatars	526
6.3.5	Hindoeïsme se invloed op hedendaagse denke.....	530
6.3.6	Apologeties-begeleidende gesprekke met kinders oor Hindoeïsme	538
6.4	<i>BOEDDHISME</i>	547
6.4.1	Die lewe van Boeddha en sy leringe	549
6.4.2	Boeddha se wêreldbeskouing en sy idee van verlossing as oplossing vir die probleem	551
6.4.3	Prominente vertakkinge van Boeddhisme en hul leerstellings	556
6.4.4	Die invloed van gesekulariseerde Boeddhistiese praktyke in die samelewing	564
6.4.5	Boeddhistiese invloede in die media, veral op kinders	573
6.4.6	Apologeties-begeleidende gesprekke met kinders oor Boeddhisme	576
6.5	<i>AFRIKA TRADISIONELE GODSDIENS (RELIGIE) (ATR)</i>	589
6.5.1	Die wêreldbeskouing van ATR.....	593
6.5.2	ATR-invloede in media, veral op kinders.....	605
6.5.3	Apologeties-begeleidende gesprekke met kinders oor ATR	608
6.6	<i>SAMEVATTING</i>	618
HOOFSTUK 7: ANTITETIES — CHRISTELIKE LEER OOR VERLOSSING EN VERHEERLIKING		620

7.1	<i>INLEIDING</i>	620
7.2	<i>HOE VERLOSSING BEWERK WORD: DIE PERSOON VAN CHRISTUS</i>	622
7.2.1	Huisgodsdienst-tema: Wie sê julle, is Jesus? Hy is die Christus, ware mens en ware God, sodat Hy ons kan verlos.	622
7.2.2	Huisgodsdienst-tema: Jesus is die Christus, ware mens en ware God, sodat Hy ons kan verlos. .	633
7.3	<i>HOE VERLOSSING BEWERK WORD: DIE WERK VAN CHRISTUS</i>	646
7.3.1	Huisgodsdienst-tema: Die nut van Christus se werk in sy vernedering vir my.	646
7.3.2	Huisgodsdienst-tema: Deur sy opstanding word Christus triomfantlik verheerlik om gelowiges die ewigelewe te gee.	664
7.3.3	Huisgodsdienst-tema: Deur sy verhoging regeer Christus in hemelse heerlikheid, vanwaar Hy sy regverdige oordeel voltrek.	675
7.4	<i>HOE VERLOSSING BEWERK WORD: DIE VRUG VAN CHRISTUS SE WERK</i>	686
7.4.1	Huisgodsdienst-tema: Die Heilige Gees as vrug van Christus se verlossingswerk om ons met Hom te verenig.	686
7.4.2	Huisgodsdienst-tema: Christus verkry die Heilige Gees om aan sy uitverkorenes te skenk, sodat ons deur die geloof met Hom verenig kan wees.	697
7.4.3	Huisgodsdienst-tema: As vrug van Christus se verlossingswerk skenk Hy die Heilige Gees om my deur geloof met Hom te verenig.	710
7.5	<i>HOE 'N MENS DIE GENADE VAN CHRISTUS DEEL WORD (ORDO SALUTIS)</i>	724
7.5.1	Huisgodsdienst-tema: Die weg waarlangs die Heilige Gees 'n mens deel maak van Christus se verlossingswerk.	725
7.5.2	Huisgodsdienst-tema: God se roeping en die wedergeboorte in die weg waarlangs die Heilige Gees 'n mens deel maak aan Christus.	735
7.5.3	Huisgodsdienst-tema: Geloof en bekering in die weg waarlangs die Heilige Gees 'n mens deel maak aan Christus.	745
7.5.4	Huisgodsdienst-tema: Regverdigmaking in die weg waarlangs die Heilige Gees 'n mens deel maak aan Christus.	756
7.5.5	Huisgodsdienst-tema: Heiligmaking in die weg waarlangs die Heilige Gees 'n mens deel maak aan Christus.	764
7.5.6	Huisgodsdienst-tema: Volharding in die weg waarlangs die Heilige Gees 'n mens deel maak aan Christus.	773
7.5.7	Huisgodsdienst-tema: Verheerliking in die weg waarlangs die Heilige Gees 'n mens deel maak aan Christus.	781
7.5.8	Huisgodsdienst-tema: Getroos dat Christus my 'n lewende lid van sy kerk gemaak het — sý gemeente wat Hy vergader, beskerm en bewaar.	789
7.5.9	Huisgodsdienst-tema: As lewende lid van Christus se kerk soek ek na 'n ware kerk waarby ek kan aansluit.	798
7.6	<i>SAMEVATTING</i>	808
	HOOFSTUK 8: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	810
8.1	<i>INLEIDING</i>	810
8.2	<i>SAMEVATTING VAN DIE STUDIE</i>	810
8.3	<i>BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS</i>	819
8.3.1	Voorskoolse kinders kan en behoort wêreldbeskoulik toegerus te word.	819
8.3.2	Dominerende nie-Christelike wêreldbeskouings beïnvloed kinders reeds van kleins af.	820
8.3.3	Die Bybelse wêreldbeskouing bied 'n unieke, waarheidsgetroue perspektief teenoor naturalisme.	821
8.3.4	Apologetiese toerusting vereis gepaste inhoud en aanslag met kinders.	822
8.4	<i>AANBEVELINGS</i>	823
8.4.1	Aan ouers	823
8.4.2	Aan ander opvoeders en Christelike onderwysinstellings.	824
8.4.3	Aan predikante en kerke.	825
8.4.4	Aan teologiese opleidingsinstellings en breër gemeenskapsbetrokkenheid.	827
8.5	<i>VERDERE NAVORSINGSMOONTLIKHEDE</i>	828

8.5.1	Ontwikkeling van apologeties-gerigte kurrikula vir kategeese van voorskoolse kinders.	828
8.5.2	Verdere ondersoek na Eenheidsisme in kontemporêre godsdienste en kultuur.	829
8.5.3	Empiriese studie oor die impak van vroeë apologetiese toerusting.	829
BRONNELYS		832

LYS VAN FIGURE EN TABELLE

FIGUUR 1 – NATRIUMLIG-STREPIESKODE VANAF DRIE VERSKILLENDE LIGGINGS.....	257
FIGUUR 2 - DARWIN SE DIAGRAM OOR DIE DIVERSIFISERING VAN DIE AARD VAN SPESIES DEUR MIDDEL VAN NATUURLIKE SELEKSIE EN UITWISSING.	269
FIGUUR 3 – UITTREKSEL VAN FoxP2 DNA STRING (LETTERS 831-910).....	367
TABEL 1 - VERGELYKENDE SAMEVATTING VAN 'N NATURALISTIESE- TEENoor 'N CHRISTELIKE WÊREldbESKouING SOOS DEUR SIRE (2009) SE AGT WÊREldbESKouLIKE VRAE.....	105
TABEL 2 - VERGELYKENDE SAMEVATTING VAN 'N NATURALISTIESE- TEENoor 'N CHRISTELIKE WÊREldbESKouING SOOS DEUR SIRE (2009) SE 1STE WÊREldbESKouLIKE VRAAG	117
TABEL 3 - VERGELYKENDE SAMEVATTING VAN 'N NATURALISTIESE- TEENoor 'N CHRISTELIKE WÊREldbESKouING SOOS DEUR SIRE (2009) SE 2DE WÊREldbESKouLIKE VRAAG	247
TABEL 4 - VERGELYKENDE SAMEVATTING VAN 'N NATURALISTIESE- TEENoor 'N CHRISTELIKE WÊREldbESKouING SOOS DEUR SIRE (2009) SE 7DE WÊREldbESKouLIKE VRAAG	248
TABEL 5 - VERGELYKENDE SAMEVATTING VAN 'N NATURALISTIESE- TEENoor 'N CHRISTELIKE WÊREldbESKouING SOOS DEUR SIRE (2009) SE 3DE WÊREldbESKouLIKE VRAAG	360
TABEL 6 - VERGELYKENDE SAMEVATTING VAN 'N NATURALISTIESE- TEENoor 'N CHRISTELIKE WÊREldbESKouING SOOS DEUR SIRE (2009) SE 8STE WÊREldbESKouLIKE VRAAG	371
TABEL 7 - VERGELYKENDE SAMEVATTING VAN 'N NATURALISTIESE- TEENoor 'N CHRISTELIKE WÊREldbESKouING SOOS DEUR SIRE (2009) SE 5DE WÊREldbESKouLIKE VRAAG	383
TABEL 8 - VERGELYKENDE SAMEVATTING VAN 'N NATURALISTIESE- TEENoor 'N CHRISTELIKE WÊREldbESKouING SOOS DEUR SIRE (2009) SE 6DE WÊREldbESKouLIKE VRAAG	388
TABEL 9 - VERGELYKENDE SAMEVATTING VAN 'N NATURALISTIESE- TEENoor 'N CHRISTELIKE WÊREldbESKouING SOOS DEUR SIRE (2009) SE 4DE WÊREldbESKouLIKE VRAAG	474
TABEL 10 – DIE EERBARE AGTVOUDIGE WEG VAN DEUGDE IN BOEDDHISME.....	554

AFDELING A — INLEIDING: DIE BEHOEFTE VIR DIE AANLEER VAN 'N OMVATTENDE CHRISTELIKE WÊRELDBESKOUING

HOOFSTUK 1: AGTERGROND

1.1 INLEIDING

1.1.1 Die titel van die proefskrif

Die titel van die proefskrif is: *Apologetiese toerusting in 'n Christelike wêreldbeskouing tydens geloofsopvoeding van voorskoolse kinders.*

Dit behoort uit die titel duidelik te blyk dat hierdie studie uitgaan van die hipotese dat die siening dat voorskoolse kinders nie die vermoë het om abstrakte konsepte te begryp nie, tot gevolg het dat hulle vermoëns ten opsigte van geloofsake onderskat word. Hierdie uitgangspunt is belangrik, aangesien sodanige onderskatting kan meebring dat geloofsopvoeding onder Christenkleuters nie voldoende geskied nie en dat hulle geloofskennis nie tot op die vlak ontwikkel waartoe hierdie kinders in werklikheid in staat is nie. Die gevolg van so 'n benadering is dat hierdie kinders slegs 'n beperkte aantal Bybelverhale aanleer, sonder dat die onderliggende Bybelse waarhede werklik deel van hulle wêreldbeskouing word.

Hierdie navorsing gaan van die veronderstelling uit dat voorskoolse kinders, op hulle ouderdomsvlak, reeds aktief en passief betrokke is by die vorming van hulle wêreldbeskouing. Daarbenewens beskik hierdie kinders oor die vermoë om reeds op hulle ontwikkelingsvlak teenoor ander wêreldbeskouings te reageer en van jongs af logies te redeneer.

Die doel van die studie is nie dat die geloofsopvoeding van voorskoolse kinders op so 'n wyse aangebied moet word dat hulle elke aspek van die Christelike geloof op 'n volwasse vlak kan ken en indiepte kan verduidelik nie, maar eerder dat leemtes in hierdie jong kinders se geloofsopvoeding, ten opsigte van die vorming van 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing, aangevul kan word deur middel van gerigte apologetiese toerusting. Die navorsing fokus derhalwe veral daarop om te bepaal hoe sulke leemtes deur apologetiese toerusting, wat as deel van geloofsopvoeding geïnkorporeer word, aangespreek kan word.

Ten einde aan die titel gevolg te gee, het die studie onder meer ten doel om materiaal daar te stel vir gesprekke met voorskoolse kinders, waarin hulle gestimuleer word om apologeties teenoor ander wêreldbeskouings te reageer, asook om in 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing gevorm te word. Deur middel van sodanige toerusting sal voorskoolse kinders self in hulle geloof kan groei, en hulleself op hulle ouderdomsvlak teenoor ander invloedryke wêreldbeskouings oor die Christelike geloof kan verantwoord.

1.1.2 Sleutelwoorde

Sleutelwoorde: Christelik, opvoeding, voorskoolse kinders, apologetiek, wêreldbeskouings, apologetiese toerusting, kleuters, Nuwe Ateïsme, sekulêre humanisme, naturalisme, Boeddhisme, Hindoeïsme, ATR (Afrika Tradisionele Godsdiens), kinderrolprente.

Keywords: Christian, education, preschool children, apologetics, worldviews, apologetic equipment, toddlers, new atheism, secular humanism, naturalism, Buddhism, Hinduism, ATR (African Traditional Religion), children's movies.

1.1.3 Agtergrond

Reeds in 1961 skryf die bekende Suid-Afrikaanse Christen-filosof, H.G. Stoker, dat alle mense 'n lewens- en wêreldbeskouing het, selfs al is hulle nie daarvan bewus nie. Hy gaan verder deur te sê dat selfs jong kinders oor 'n lewens- en wêreldbeskouing beskik, al kan hulle dit nog nie in woorde uitdruk nie. Daarbenewens word elkeen se lewens- en wêreldbeskouing onder andere gevorm deur ander mense, soos ouers (Stoker 1961:114; vgl. ook Carter 2012:15).

Alle mense, selfs van 'n baie jeugdige ouderdom af, het 'n stel voorveronderstellings, of hermeneutiese beginsels, waarmee hulle die werklikheid benader, om sin te maak van dinge en om die wêreld te verstaan (Carter, 2012:12). In hierdie verstaanproses funksioneer 'n mens se brein soos 'n sif wat die bestaande kognitiewe raamwerk verteenwoordig; bekende inligting word deur die sif verwerk en geliasseer, terwyl onbekende konsepte in die sif agterbly totdat die brein dit ten volle kan verwerk en kategoriseer (Silva, 2007a:17-19). Op hierdie wyse is mense voortdurend besig om 'n raamwerk te ontwikkel wat hulle in staat stel om sin te maak van die werklikheid rondom hulle. Hierdie raamwerk van voorveronderstellings kan vergelyk word met 'n bril wat 'n mens opsit, waardeur gepoog word om die werklikheid van die wêreld te interpreteer (Van der Walt & Nelson, 2010:59).

Soos wat Stoker uitwys, verwys Valk (2012:160) na so 'n hermeneutiese raamwerk as 'n persoon se wêreldbeskouing, wat die persepsie van die werklikheid voortdurend inlig en vorm (*inform* en *form*). Op hierdie wyse dien die wêreldbeskouing as die raamwerk van voorveronderstellings wat deur persoonlike hermeneutiek gevorm word, maar wat selfs hierdie hermeneutiek voorafgaan, en waarmee mense probeer om sin te maak van hulle verstaan van die werklikheid in alle lewensterreine.

Rakende hierdie volgorde beklemtoon Sire (2015:95): "Ontology must precede epistemology in worldview formation ... that being itself logically precedes the act of knowing", anders word die bestaan van God deur menslike epistemologie vervang en word wêreldbeskouing op grond van menslike outonomie opgebou. Dit sal dan tot gevolg hê dat niemand die (objektiewe) waarheid kan toets nie, omdat die verstaan van die waarheid belangriker geag word as die waarheid self (vgl. Sire, 2015:91-93).

Die baanbreker gereformeerde Apologeet, Cornelius van Til, het die enorme invloed wat wêreldbeskouings op geloofsgroei en -verdediging het, goed besef. Dit blyk duidelik uit sy definisie van Apologetiek: "Apologetics is the vindication of the Christian philosophy of life against the various forms of the non-Christian philosophy of life" (Van Til, 2003:17). Hierdie werklikheid geld ook vir voorskoolse kinders, wat progressief aan die vorming van hulle wêreldbeskouing deelneem. Hieroor skryf Malan (1979:24):

Die kind [kleuter] soek antwoorde op die volgende vrae: Wie is ek? Hoekom is ek hier?

Waar kom ek vandaan? Wie is jy? Hoe lyk ons wêreld? Hy vind antwoorde op sy vrae deur

die omgewing te verken, vrae te stel en self dinge te ontdek. Die kind se persoonlikheid

word grootliks in die eerste vier jaar gevorm. Hier word sy gesindheid teenoor ander mense, teenoor God en die wêreld rondom hom vasgelê.

Juis omdat mense se wêreldbeskouing die beginpunt is van die (geloofs-) oortuigings waarvolgens hulle die werklikheid interpreteer — veral by kinders wat nog besig is om hulle wêreldbeskouing grondig te ontwikkel, en gegewe die feit dat daar tans soveel verskillende wêreldbeskouings is wat invloed wil uitoefen en 'n geweldige negatiewe impak op die jeug en voorskoolse kinders het — is dit (ten minste wat godsdienstige vorming betref) uiters noodsaaklik dat Christene veral moet fokus op toerusting wat hulle kan ondersteun in die vorming van die mees akkurate Bybels-Christelike wêreldbeskouing.

Ook die Bybel is nie stil oor die belangrikheid en noodsaaklikheid van die toerusting van kinders nie. Hieroor skryf Bunge (2008:xiv): “The Bible is teeming with direct references to children, childhood, and adult-child relationships”. Die vernaamste hiervan is onder andere Deuteronomium 6, Psalm 78 en Efesiërs 6. Hoewel daar 'n hele reeks teksgedeeltes in die Bybel is wat eksplisiet na kinders verwys, kan tematiese benaderings ook op kinders van toepassing wees wanneer apologetiese toerusting ter sprake is. Selfs die konsep van die mens (en dus ook kinders) wat na die beeld van God geskape is, is relevant. Reeds in Genesis 1 word na die mens, wat na die beeld van God geskape is, verwys. Hierdie beeldskap impliseer dat die mens (wat kinders insluit) toegerus behoort te word binne 'n Christelike en Bybelse wêreldbeskouing, sodat hierdie beeldskap uit geleef kan word.

Hoewel die konsep van die mens as beeld van God eksegeties verskeie vrae kan oplewer (soos byvoorbeeld of Adam na 'n individu of na die menslike geslag verwys, en of “beeld” en “gelykheid” dieselfde beteken, ensovoorts), meen Towner (2008:317-318) dat 'n mens steeds vanuit hierdie konsep die basiese betekenis kan aflei dat beeld van God impliseer dat mense relasionele wesens is — eerstens in verhouding tot God, vervolgens tot mekaar, maar ook tot die natuur. Verder, hoewel die Bybel nêrens eksplisiet na kinders as beeld van God verwys nie, is dit reeds vanuit die skeppingsverhaal duidelik dat, omdat mense vrugbaar moet wees en moet vermeerder (Gen. 1:28), dit logies impliseer dat kinders, as afstammelinge van Adam en Eva, ook na die beeld van God geskape is (Towner, 2008:321-323). Boonop leer die Bybel dat kinders 'n seën uit die hand van God is (vgl. Psalm 127-128). Asbridge (2009:7) som die konsep van kinders in die Bybel as 'n seën van God omvattend soos volg op (vgl. ook May *et al.*, 2005:26-38):

After all, the Bible tells us that children are a gift from God. God addresses human beings as complete and whole individuals from before their birth and throughout their lives. Human personhood is not divided up into childhood or adulthood; it is merely personhood irrespective of age, social status or amount of learning, wisdom or experience. God calls each individual human being into a real relationship and to a real vocation, not a potential vocation somewhere in the future.

Dit impliseer dat veral Christenkinders — geskape na die beeld van God, en as seën uit die hand van God, wat voortdurend sin probeer maak van die werklikheid rondom

hulle — deur ouers en opvoeders gevorm behoort te word in apologetiese toerusting tydens geloofsopvoeding.

'n Baie belangrike vraag wat ten opsigte van geloofstoerusting van kinders gevra moet word, is watter toerusting Christene tans vir kinders bied in die vorming van 'n Christelike wêreldbeskouing tydens hul vormingsjare, ten einde toe te sien dat kinders staande kan bly teen die invloede van ander wêreldbeskouings. Om kinders se lewens- en geloofsvrae te beantwoord, en om tot die vorming van 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing by te dra, is gefokusde toerusting noodsaaklik, waarvan hierdie proefskrif voorbeelde bied. Wat die apologetiese aspek betref, is Baucham Jr. (2015) tereg van mening dat só 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing slegs akkuraat gevorm kan word wanneer daar 'n suiwer Bybels-Christelike leer gekweek word: “When most Christians think *apologetics training*, they think philosophy, logic, and debate. However, the key tools for training the expository apologist are creeds, confessions, and catechisms” (Baucham Jr., 2015:87).

In terme van wêreldbeskouing stel Sire (2009:22-24) sewe (agt)¹ vrae wat aan enige wêreldbeskouing gevra kan word om die kernwaarhede van die betrokke wêreldbeskouing vas te stel en dit aan die werklikheid en waarheid te meet. Van al die wêreldbeskoulieke vrae van Sire (2009), wat kategoriees oor God, die mens en die

¹Benewens die aanvanklike sewe vrae wat Sire (2009) oor elke wêreldbeskouing stel om 'n geheelbeeld van die betrokke wêreldbeskouing te vorm, het hy in sy vyfde uitgawe besef dat 'n agtste vraag noodsaaklik is – een wat handel oor die beweegrede of kern van die wêreldbeskouing, sowel as die persoonlike implikasies daarvan (Sire, 2009:23).

wêreld handel, is die Bybel alleen voldoende genoegsaam om ten minste vyf van hierdie vrae te beantwoord. Hierdie vyf aspekte handel oor: [1] God, [2] die mens, [3] die toekoms (eskatologie), [4] die hede (etiek), en [5] die verlede (verbondsgeskiedenis).

Wat die leefwêreld van kinders betref, is daar nog twee elemente wat aandag behoort te geniet, waarvan die Bybel steeds as primêre bron behoort te dien, maar waar gewoonlik ook ander bronne betrek word. Hierdie twee elemente is: [1] natuur (wetenskappe en skepping) en [2] ander godsdienste (wêreldbeskouings). Hierdie sewe (agt) elemente vorm die basis waarop hierdie studie bou. Barna (1998:146-160), wat 'n hele hoofstuk wy aan die vorming van 'n Bybelse wêreldbeeld, bevestig ook dat Bybelinname op verskillende maniere die belangrikste rol speel in die vorming van 'n Bybelse wêreldbeskouing.

Rakende Bybelinname en geloofsonderrig aan kinders toon Breed (1994:288-292) vanuit beide die Ou- en Nuwe Testamentiese tydperke drie wyses van onderrig aan. Kinders word eerstens deur mondelinge oordrag geleer (byvoorbeeld deur Woordverkondiging, Bybelstudiegroepe, huisgodsdienste, ensovoorts); tweedens deur middel van die voorbeeld van hulle ouers en/of leermeesters; en laastens deur hulle eie, asook die gemeenskap se deelname aan geloofswerke. Vanuit beide die Ou en die Nuwe Testament ondersoek Breed die verskillende dimensies waardeur kinders onderrig en toegerus word om in hierdie lewe in verhouding met God te staan. Dit

beklemtoon die belangrike en sentrale rol wat geloofsopvoeding, deur ouers en opvoeders, in die vorming van kinders se wêreldbeskouing speel.

Breed (1994) kom egter tot die gevolgtrekking dat kinders tot en met die Reformasie-tydperk geen formele kategetiese onderrig² ontvang het nie. Die dimensies waardeur kinders wél onderrig ontvang het, was deur die ouers, sowel as deur persone met 'n besondere roeping om te onderrig, maar ook deur middel van godsdienstige feeste, deur die volk van God, asook deur die eredienste (Breed, 1994:255-256)³. In elkeen

²Breed bied myns insiens 'n deurdagte, goed begronde en uitgebreide definisie van kategeses: **“Kategeses is onderrig uit die Woord van God** deur die geroepe herder en leraar, aan verbondskinders en mense, wat uit die heidendom tot geloof kom, vanweë hulle gemeenskaplike behoefte aan kennis en toerusting, **wat in noue (onlosmaaklike) verbondenheid met en tog in duidelike onderskeid van ander dimensies van geloofsonderrig** (die onderrig van die ouers, die gemeente, in die erediens, en deur herinneringsfeeste) **die onvolwasse gelowige begelei** deur mondelinge onderrig, voorbeeld en die deelname van die katekisant **sodat die verbond van God in sy/haar lewe kan realiseer en hy/sy sodoende diensbaar kan wees in God se koninkryk** tot verheerliking van God, die totstandkoming, onderhouding en groei van God se volk, verbreiding van God se koninkryk en persoonlike geloofsgroei by die katekisant.” (Breed, 1994:304, vetgedrukte woorde is om aan te dui wat die kort definisie is, wat in onderskeie frases uitgebrei word).

³Deur middel van die ouers se eie intieme verhouding met hulle kinders, beklemtoon hulle God se verbondsliefde en sorg, met die doel om die kinders tot liefde vir God te begelei. Wat die Ou-Testamentiese dienste betref, onderrig die profeet kinders in God se trou aan Sy beloftes, sodat hulle God getrou kan bly dien. Die priester onderrig kinders weer daarin om God se heiligheid en almag te besef, sodat hulle 'n diep ontsag en vrees vir die HERE sal hê. Met betrekking tot die lering van ampsdraers in die Nuwe Testament, word daar groot klem gelê op toerusting vir dienswerk en roeping, ter wille van die opbou van die gemeente en die koms van God se koninkryk as die vervulling van God se verbond, wat deur Jesus Christus se koms en die uitstorting van die Heilige Gees verwerklik is. Ook die volk van God wat as gelowiges saam vergader, bied praktykgerigte onderrig, waar kinders hul verbondsgemeenskap kan uiteleef binne die geloofsgemeenskap, deur saam te luister, saam te doen, asook deur waarneming van ander gelowiges se uitlewing van geloof en aanbidding. Die Ou-Testamentiese seremoniële feeste, sowel as die Nuwe-Testamentiese sakramente, bied eweneens onderrig — in terme van herinnering en herlewing van God se skeppings- en heilsdade — waardeur God in die hede verheerlik kan word (Breed, 1994:256-259; 264-265).

van hierdie dimensies dien God se verbond as grondslag, en elke dimensie plaas afsonderlik 'n spesifieke klem daarop. Daarom kom Breed (1994:265) tereg tot die gevolgtrekking dat geloofsopvoeding verbondsoopvoeding is, in dié sin dat verbondsoopvoeding die geloofsopvoeding bepaal en vasstel, juis omdat geloofsopvoeding oor God se verhouding met sy volk handel. In hierdie opsig is daar 'n verdere noodsaaklike dimensie van geloofsonderrig wat in die verloop van die kerkgeskiedenis ontstaan het, naamlik kategetiese onderrig, wat deur die kerk aanvullend tot die ouer se geloofsonderrig dien⁴.

Wat Kategese betref, bestaan dit volgens Breed (1994) uit 'n verskeidenheid aspekte wat deur die volgende woorde beklemtoon word: die “verkondiging van God se Woord (*κερυχμα* – *kērygma*), onderrig (*διδαχη* – *didachē*, *κατεχεω* – *katecheō*), pastorale betrokkenheid (*παρακαλεω* – *parakaleō*) en toerusting (*καταρτισμος* – *katartismos*)” (Breed, 1994:275). In ooreenstemming hiermee argumenteer Van der Merwe (2010:49) dat kategese 'n dubbele doel het. Aan die eenkant is die doel van kategese

⁴Dit is opmerklik dat kategese in die vroeë Christelike kerkgeskiedenis hoofsaaklik aan volwasse bekeerlinge gebied is, met die doel om aan hulle die kernaspekte van die Christelike leer oor te dra, voordat hulle amptelik as lede van die kerk opgeneem is. Hierdie praktyk van kategese aan volwassenes het tot en met die Middeleeue voortgeduur, toe die kinderdoop meer algemeen as die volwasse doop geword het (Breed, 1994:266-267; Van der Merwe, 2010:70-83). Dit is egter eers tydens die Reformasie dat kinderkategese 'n amptelike instelling geword het, spesifiek deur Zwingli in 1525, toe daar onderskeid getref is tussen kategismusdienste vir volwassenes en die spesiale *Kinderlehre* vir kinders (Van der Merwe, 2010:102). Calvyn het kategetiese onderrig aan kinders só sterk beklemtoon dat hy dit in 1541 in die kerkorde laat vaslê het. Tog het hy geen onderskeid getref tussen die kategismuspreek en die kategetiese onderrig aan kinders nie; kinders is dus in die midde van die gemeente in die kategismus onderrig. Sodoende het hy dit reggekry dat kategetiese onderrig nie losstaande van ouerlike onderrig is nie, maar juis aanvullend daartoe, sodat ook ouers toegerus kan wees om hulle kinders in die verbondswaarhede te onderrig (Breed, 1994:267-269).

om verbondskinders kategeties te onderrig; aan die anderkant is daar ook 'n opdrag vir verbondskinders om die onderrig aan te leer. Wat die term “onderrig” betref, word daar gefokus op Skrifgedeeltes soos Deuteronomium 6, Psalm 78, die boek Spreuke, sowel as ander afleidings vanuit die Ou Testament, terwyl die Nuwe Testament begrippe soos *κατηχήω* (*katēchéō*) en *διδάσκω* (*didáskō*) gebruik om na onderrig te verwys (Van der Merwe, 2010:49-53)⁵. Die *(aan)leer*-opdrag wat die Bybel aan die verbondskind stel, word in die Hebreeus van die Ou Testament in die Qal vorm van *לָמַד* (*lāmad*) gevind⁶, wat gelykstaande is aan die Griekse *μανθάνω* (*mānthánō*)⁷. Dit *לָמַד* (*lāmad*) in die Piël-vorm op die betekenis van “onderrig” dui en op sy beurt gelykstaande is aan die Griekse woord *διδάσκω* (*didáskō*) (Van der Merwe, 2010:61-63).

Hoewel kategeese in die 21ste eeu 'n algemene praktyk geword het en as vanselfsprekend aanvaar word, waarsku Breed (1994:270) dat hierdie eiesoortige onderrig 'n beperkte taak het, naamlik om aan 'n bepaalde behoefte van kinders te

⁵*Κατηχέω* (*katēchéō*) kom slegs sewe keer in die Nuwe Testament voor (Luk. 1:4, Hand. 18:25, 21:21, 21:24, Rom. 2:18, 1 Kor. 14:19, Gal. 6:6), terwyl die begrip *διδάσκω* (*didáskō*) en die variant *διδάχη* (*didachē*) aansienlik meer na vore kom — veral in Mat. 28:19-20, Ef. 4:11-16, 2 Tim. 3:14-15; asook Hand. 11:26, Rom. 12:7, Kol. 1:28, 1 Tim. 2:12 en ander gedeeltes soos Mat. 4:23, 11:1, 21:23 en parallelle tekste (Van der Merwe, 2010:52-61).

⁶*לָמַד* (*lāmad*) is egter slegs een van 12 woorde wat in die Ou Testament vir *onderrig* of *opleiding* gebruik word (Van der Merwe, 2010:62).

⁷Tekste vanuit die Ou Testament wat die Qal vorm van *לָמַד* (*lāmad*) bevat, sluit onder andere Deuteronomium 4:10, 5:1, 17:19, 31:12-13; Spreuke 30:3, sowel as Deuteronomium 14:23, Psalm 119:71, 73 in. Die Griekse ekwivalent *μανθάνω* (*mānthánō*), word onder andere in die volgende Nuwe-Testamentiese gedeeltes aangetref: 1 Timotheus 5:4, Johannes 6:45, 1 Korintiërs 14:31, Romeine 16:17 en Mattheus 9:13 (Van der Merwe, 2010).

voldoen. Kategese is dus nie veronderstel om die hele spektrum van geloofsonderrig-dimensies oor te neem nie.

Vir die effektiewe oordrag van Bybelkennis in die konteks van kategetiese onderrig, is kurrikulumontwikkeling met lesplanne wat spesifiek op kinders se vermoëns en behoeftes fokus, noodsaaklik (May *et al.*, 2005:190-194). Wat kurrikulumontwikkeling aanbetref, is daar tot op hede reeds heelwat werk gedoen, alhoewel kinders dikwels die bestaande kurrikula as teologies swak en oninteressant ervaar, terwyl dit boonop die vrae, idees, en geestelike ervarings, ignoreer (Bunge, 2006:54-55). As korrektiewe maatstaf hierop stel Breed (1994:286) dat handleidings vir kategetiese onderrig beide die kategeet en die kind behoort te begelei, nie alleen ten opsigte van die eksegeese van die Skrif en hermeneutiese riglyne nie, maar veral deur die kategeet en kinders genoeg vryheid te gee om self tot toepassing in hulle lewens te kom. Op hierdie wyse kan kinders God waarlik in sy Woord ontmoet. Alhoewel hierdie proefskrif nie spesifiek op kategetiese onderrig en kurrikulum fokus nie, word dié aspekte as noodsaaklik beskou vir die vorming van 'n Bybelse, Christelike wêreldbeskouing, waarin apologetiese toerusting ook betrek behoort te word. Apologetiese toerusting in kategetiese kurrikula is dus 'n aspek waarop daar, as uitvloeisel van hierdie studie, verder uitgebrei kan word.

Wat kurrikulum in geloofsopvoeding betref, het Mensing (1972:14) reeds byna vyftig jaar gelede die behoefte aan 'n voldoende Christelike kurrikulum vir voorskoolse kinders uitgewys: "If the church wishes to meet its challenge in child training properly,

it must offer a modern, efficient, and challenging program of preschool education to guide and direct the children during their most impressionable years". Volgens Mensing (1972) is die doel van 'n kleuterskool met 'n Christelike oriëntasie of kurrikulum tereg om huislike geloofsonderrig te ondersteun, sodat kinders 'n liefde vir die Bybel kan ontwikkel en tot die besef kan kom dat God die Skepper steeds aktief in sy skepping en by sy kinders betrokke is. Volgens die evangelieboodskap van die Bybel wil God hê dat mense, deur sy Seun Jesus Christus — wat hulle as hul Verlosser van die sonde kan liefhê — in verhouding met Hom sal staan deur die werking van die Heilige Gees. Só, meen Mensing (1972:15), kan die hoofdoel van 'n Christelike kleuterskool bereik word, naamlik om kinders se geloof in aksie te bring.

Theunissen (1978:10) sluit hierby aan wanneer sy verklaar dat die voorskoolse jare 'n tyd is "vir die aanleer van gesindhede: positiewe houdinge ten opsigte van godsdiens, liefde vir die alomteenwoordige God, 'n begeerte om Hom beter te leer ken, dankbaarheid vir alles wat Hy ons gee en berou oor wat ons verkeerd doen". In hierdie verband beskou Torrance en Torrance (1988:233-235) die aanleer van drie basiese konsepte oor God — naamlik liefde, oneindigheid, en die Gees — as die mees fundamentele sake wat voorskoolse kinders behoort te ken, selfs voordat enige ander aspekte aangeleer word. Volgens Torrance en Torrance (1988) sal hierdie drie konsepte kinders in staat stel om 'n beter begrip van God te hê, sonder dat dit hulle toekomstige verdieping van God sal belemmer of vervaag. Wat in hierdie verband belangrik is om raak te sien, is nie soseer die spesifieke begrippe wat Torrance en Torrance (1988) voorstel nie, maar eerder die feit dat voorskoolse kinders inderdaad

in staat is om geloofsbegrippe aan te leer, en dat daar 'n behoefte bestaan om Christenkinders in die vorming van 'n Christelike wêreldbeskouing toe te rus.

Terwyl Mensing (1972:50) reeds in die vorige eeu 'n Christelike kurrikulum vir voorskoolse kinders voorgestel het⁸, bestaan daar tans talle moderne kurrikula en boeke wat, hoewel meestal op laerskoolvlak gefokus, spesifiek toegespits is op die vorming van 'n Christelike wêreldbeskouing. Van die beskikbare bronne wat die vorming van 'n wêreldbeskouing op laerskoolvlak in ag neem, is daar byvoorbeeld kurrikula soos Elizabeth Urbanowicz se *Foundation Comparative Worldview Curriculum*, wat spesifiek op wêreldbeskoulke vrae fokus (Urbanowicz, 2019), terwyl Summit Ministries reeds op voorskoolse vlak begin met die *Build on the Rock Curriculum* (Summit_Ministries, 2019), wat die integrasie van Bybelverhale en wêreldbeskouings beklemtoon. Wat boeke betref (steeds gefokus op laerskool- en hoërskoolvlak), het onder andere drie publikasies onlangs verskyn: Natasha Crain se *Keeping Your Kids on God's side* (Crain, 2016), en *Talking to your Kids about God* (Crain, 2017), asook Hillary Morgan Ferrer se *Mama Bear Apologetics* (Ferrer, 2019). Ten spyte daarvan dat daar dus heelwat toerustingsmateriaal beskikbaar is, is daar tog min wêreldbeskouingstoerusting — indien enige — wat primêr op voorskoolse kinders fokus.

⁸Voorstelling van Mensing (1972:50) se kurrikulum: Inleidende eenheid – Gesinne is kinders van God; eenheid 1 – Jesus, kinders se Vriend; eenheid 2 – God gee om vir sy kinders; eenheid 3 – Jesus help baie mense; eenheid 4 – God stuur sy Seun; eenheid 5 – Jesus word groot; eenheid 6 – Jesus neem ons sonde weg; eenheid 7 – Jesus leer ons; eenheid 8 – God se kinders is lief vir Jesus; eenheid 9 – Mense wat God liefgehad het. Binne hierdie nege eenhede is daar 35 lesse uitgewerk.

1.1.4 Konsepte

1.1.4.1 Abstraktheid by voorskoolse kinders — 'n Woord vooraf

Christene behoort oor die algemeen saam te stem dat dit goed is om kinders van kleins af reeds met lewensbeginsels op te voed en te dissiplineer (vgl. Deut. 6:6-9; Spr. 1:8, 3:1-2, 11-12, Ps. 103:13; Ef. 6:1-4 en andere). Tog is geloofsopvoeders deur sekere sielkundige teorieë op verkeerde spoor geplaas om te glo dat geloofsake te abstrak is vir voorskoolse kinders om te begryp (vgl. Venter, 2019:27-40)⁹. Die gevolg hiervan is dat diepgaande geloofsonderrig aan hierdie ouderdomsgroep dikwels van die hand gewys word, soos reeds in die agtergrond uiteengesit is.

Hoewel voorskoolse kinders nog nie ten volle ontwikkel het nie, is hulle reeds besig om aktief sin te maak van die werklikheid rondom hulle. Deur hulle eie intrinsieke deelname, sowel as deur eksterne begeleiding, word hulle wêreldbeskouing al vroeg reeds gevorm (Louw & Louw, 2014:168). Alhoewel voorskoolse kinders nog ontwikkel en nie oor die volle vermoëns van volwassenes beskik nie, is dit juis uiters belangrik om hulle reeds op hierdie stadium by doelgerigte geloofsopvoeding in te sluit. Dit geld veral ten opsigte van apologetiese toerusting binne 'n Christelike wêreldbeskouing, sodat hierdie ouderdomsgroep ondersteun kan word in hulle vorming van 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing.

⁹In Venter (2019) se studie waar die kognitiewe ontwikkeling van kinders onder sewe jaar deur Piaget, Fowler, Vygotski, en Erickson ondersoek word, is bevind dat dit slegs Piaget is wat beweer dat hierdie kinders nie die vermoë het om abstrak te dink nie, terwyl die ander sielkundiges van hom verskil (Venter, 2019:36).

1.1.4.2 Christelike/Bybelse wêreldbeskouing

Wêreldbeskouing kan omskryf word as 'n stel aannames, oortuigings en gevolgtrekkings oor die aard van die werklikheid wat, hetsy met of sonder rasonale regverdiging, 'n fundamentele betekenis en rigting aan 'n mens se lewe en besluite verleen (Carter, 2012:1-2). Die term het sy oorsprong in die Duitse Idealisme en is 'n vertaling van die Duitse *Weltanschauung* (wêreld-aanskouing). Immanuel Kant (1724-1804) was een van die eerstes om die begrip te gebruik, waarna Wilhelm Dilthey (1833-1911) dit verder ontwikkel het (Sire, 2015:23-24).

Wat 'n Bybelse wêreldbeskouing betref, bied Carter (2012) 'n definisie wat gebaseer is op 'n kombinasie van James Sire (2009) se definisie en dié van die Barna Groep se navorsing oor 'n Bybelse wêreldbeskouing. Hierdie definisie verskaf waardevolle insig vir navorsing oor 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing by voorskoolse kinders:

A view of the world that is about the general nature of reality informed by the divinely inspired Holy Bible and which affects or enables the practitioner to think theologically about every decision of life ... In a broad sense, a Biblical worldview is similar to a Christian theistic worldview in that actions and life decisions are filtered through the lens of the Holy Bible's instructions (Carter, 2012:23).

Carter (2012:24-25) voer verder aan: "A Biblical worldview then is held by those who have internalized Bible knowledge and attempted to live it out by practicing a love for God while in relationship with God and others."

1.1.4.3 Apologetiese toerusting

Ter ondersteuning van die agtergrond van hierdie studie, sowel as die konsepverklaring van wêreldbeskouing en abstraktheid by voorskoolse kinders, wys Doherty (1996) op die werklike probleem wat by hedendaagse kinders voorkom en aangespreek moet word: “Most, if not all, children’s workers will agree that one of the greatest problems we face today is that the vast majority of boys and girls have very little, or no, understanding of Bible truth” (Doherty, 1996:4). Hy beklemtoon verder dat kinders onderrig behoort te word in die Christelike leer, spesifiek omdat hedendaagse kinders in ’n buitengewoon moeilike wêreld leef waar ander sieninge en wêreldbeskouings in oorvloed gepropageer word. In ’n wêreld waar materialisme, humanisme, agnostisisme, ateïsme, hedonisme, eksistensialisme, okkultisme, en nog vele ander denkrigtings oorheers, is die enigste verweer teen die boosheid van die wêreld dat kinders met Bybelse waarhede toegerus word. Sodoende sal hulle in staat wees om hulleself te kan verantwoord vanuit ’n Bybelse wêreldbeskouing (Doherty, 1996:15-16).

Dit is juis op hierdie punt waar Christelike Apologetiek ter sprake kom. Net soos volwassenes word Christenkinders op voorskoolse vlak reeds deur valse wêreldbeskouings gekonfronteer en selfs beïnvloed. Daarom behoort hulle reeds van kleins af toegerus en ingeskerp te word om ’n korrekte wêreldbeskouing te vorm, een wat met die werklikheid ten opsigte van die siening van God, die mens, sy wêreld en sy eindbestemming, ooreenstem. Deur te fokus op apologetiese toerusting met ’n

Bybelse onderbou en binne die Christelike leer, word voorskoolse kinders in staat gestel om hulleself apologeties teenoor ander wêreldbeskouings te verantwoord.

Wat apologetiese verantwoording betref, word Apologetiek as 'n vakwetenskap binne die Teologie beskou en is dit daarop toegespits om 'n rasionele regverdiging vir die waarhede van die Christelike geloof te bied (Craig, 2008:15). In kort handel dit oor die verdediging van die geloof (vgl. Frame & Torres, 2015:xxxv) en kan dit gesien word as die antwoord van Bybelse waarheid aan die ongelowige (Oliphint, 2013:29). Baucham Jr. (2015) voeg hierby dat Apologetiek behels dat 'n Christen moet weet wat hy of sy glo asook die redes waarom hy of sy dit glo: "In its simplest form, apologetics is knowing what we believe and why we believe it, and being able to communicate that to others effectively" (Baucham Jr., 2015:20). In die verband is dit noodsaaklik dat selfs voorskoolse kinders gereed sal wees om hulleself, op hulle eie vlak, oor hulle Christelike geloof te kan verantwoord.

1.1.4.4 Voorskoolse kinders

Hierdie studie gaan uit van die uitgangspunt dat die begrip *voorskoolse kinders*¹⁰ verwys na kinders onder die ouderdom van sewe wat steeds in die vroeë-kinderjarefase is (vgl. Louw & Louw, 2014:7). Hierdie kinders het op kognitiewe vlak nog nie ten volle ontwikkel vir formele assessering op laerskoolvlak nie, maar beskik reeds oor die vermoëns en ingebore ontvanklikheid vir geloofsake, en het selfs al 'n

¹⁰In hierdie studie word veral gefokus op die ouderdomsgroep wat as voorskoolse kinders bekendstaan. Tensy anders vermeld, sluit die begrip "kleuters" (en selfs bloot "kinders") die ouderdomsgroep van alle voorskoolse kinders in, en dien dit dus as wisselterm vir voorskoolse kinders.

basiese konsep van geloofsake gevorm (Venter, 2019:52-53). Juis daarom behoort geloofsake deur opvoeders gestimuleer te word, terwyl bestaande leerteorieë hiervoor benut kan word.

Omdat voorskoolse kinders steeds in hul formatiewe jare is en binne hierdie ouderdomsgroep op verskillende vlakke van ontwikkeling verkeer, is dit uiteraard onrealisties om te verwag dat voorskoolse kinders van geboorte tot sewejarige ouderdom op dieselfde kognitiewe vlak gereken kan word. Vir die onderskeiding van kinders in hul vormingsjare met betrekking tot geloofsopvoeding, is Erickson se psigologiese stadia van ontwikkeling besonders bruikbaar. Kinders tot en met een jaar oud is in 'n stadium waar vertrouwe die deurslaggewende rol speel, terwyl kinders tussen 1 en 3 jaar besig is om outonomie en eie wil te ontwikkel. Kinders tussen 3 en 6 jaar ontwikkel inisiatief, wat hulle in staat stel om nuwe dinge in hul leëwêreld te probeer (Louw & Louw, 2014:22-23; Shaffer & Kipp, 2010:44-46).

Die beginsel staan egter vas dat dit net so belangrik is — indien nie belangriker — om voorskoolse kinders met betrekking tot 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing toe te rus, voordat daar op die toerusting van laerskool- of selfs hoërskoolkinders gefokus word. Aangesien kinders in hul vormingsjare reeds op soveel ander terreine gestimuleer, beïnvloed en gevorm word, spreek dit vanself dat hierdie kinders ook op geestelike terrein volgens hulle vermoëns toegerus moet word. Hierdie beginsel word onderstreep deur die bekende gesegde, wat klaarblyklik deur beide die Rooms-

Katolieke sowel as die Griekse filosoof Aristoteles, geuiter is: “Gee my ’n kind tot hy sewe is en ek wys jou ’n man”.

1.2 PROBLEEMSTELLING EN NAVORSINGSVRAAG

1.2.1 Probleemstelling

Die agtergrond van hierdie studie het reeds die belangrikheid en die tekort aan gefokusde toerusting ten opsigte van ’n Bybels-Christelike wêreldbeskouing by voorskoolse kinders aangedui. Die 21ste eeu bring nuwe uitdagings waar kompeterende wêreldbeskouings ’n oorwegend negatiewe invloed op die vorming van voorskoolse Christenkinders se wêreldbeskouing het. Daarbenewens is daar navorsers wat, ten spyte van die belangrikheid van geloofsopvoeding en die gepaardgaande toerusting in ’n Bybelse wêreldbeskouing, steeds vanuit die veronderstelling werk (gegrond op onder andere Piaget se teorie) dat kinders eers in hul latere ontwikkeling die vermoë om geloofsake te begryp, ontwikkel. Gevolglik word geloofsopvoeding en lewensbeskoulike toerusting op voorskoolse vlak dikwels onderbeklemtoon, nagelaat of selfs afgewys.

Richards (1975:168-171), wat oor Christelike opvoeding vir kinders skryf, maak byvoorbeeld die afleiding dat, omdat kinders nie die vermoë het om abstrakte begrippe te verstaan nie, hulle kwalik enige konsepte van God of enige godsdienstige konsepte kan begryp. Die gevolgtrekking waartoe hy in die verband kom, is: “that teaching the Bible to children really is not terribly important after all” (Richards, 1975:170). Malan (1979:13-16) beklemtoon op haar beurt die siening van navorsing soos dit reeds in

haar tyd deur die kindersielkunde uitgewys is, naamlik dat klein kinders eers deur hul ervaringswêreld, gevoelens en gesindhede, godsdiens aanleer, voordat hulle werklik in feite oor die godsdiens begin belangstel. Volgens haar sal klein kinders eerder op die liefde wat uit die evangelie straal, reageer, voordat hulle in die evangelie-boodskap (dat God ons deur Christus liefhet) sal belangstel. Daarom beweer sy dat klein kinders nie van dogmatiese terme soos verlossing, versoening, maagdelike geboorte, ensovoort geleer hoef te word nie. Volgens haar word kinders eers hiermee vertrouwd wanneer die kleuter verstaan dat God hulle liefhet omdat die Bybel leer dat God Jesus gestuur het om ons te red, en dat die kleuter daarom vir God kan vertrou en Hom kan dank. Theunissen (1978:15-21) stem met Malan se siening saam en verwys na die opvoedkundige beginsel wat in gedagte gehou moet word wanneer kinders onderrig word, naamlik dat daar van die bekende na die onbekende geredeneer moet word. Dit behels dat kinders se ervarings as aanknopingspunt gebruik word om Bybelse waarhede oor te dra. Ongelukkig kom Theunissen (1978:17) dan tot die gevolgtrekking dat baie van die Bybelverhale vir klein kinders onverstaanbaar is. Gevolglik beveel sy aan dat Bybelverhale liever vermy moet word totdat die kind oud genoeg is om, vanuit sy eie leefwêreld en ervaring, daarvan sin te maak. Die navorsers hou egter nie konsekwent by hulle afleidings wat van Piaget se teorie afgelei is en wat in hierdie studie betwis word nie, en stel tog steeds voor dat voorskoolse kinders op een of ander wyse by geloofsopvoeding ingesluit behoort te word. Theunissen (1978) meen byvoorbeeld dat, alhoewel kinders slegs konkrete dinge kan verstaan en 'n onvermoë het om abstrak te dink, dit bloot 'n agterstand teenoor volwassenes is, en dat Bybelse

waarhede tog op kinders se ontwikkelingsvlak aangebied moet word, selfs al verstaan hulle dit nog nie (Theunissen, 1978:1-14).

Hierdie onduidelikheid oor die vraag of klein kinders geloofsake voldoende kan begryp, en hoe hulle by geloofsopvoeding betrek behoort te word, duur tot in die 21ste eeu voort. So gaan Keeley (2008) byvoorbeeld van die veronderstelling uit dat kinders nie in staat is om abstrak te dink nie, en daarom nie die vermoë het om geloof te begryp nie: “Much of Piaget’s theory has to do with the ability to handle abstraction. Simply put, children can’t deal with abstract ideas. This has a number of implications for teachers, but it is also important for those of us concerned with children’s spirituality” (Keeley, 2008:100-101). Selfs Van der Merwe (2004:364), wat op kategetiese onderrig fokus, stel dat ’n kleuter “nie abstrak dink of redeneer nie en daarom is dinge vir hom konkreet”, maar kom steeds by die kontrasterende gevolgtrekking uit dat kinders wel in terme van hulle Godsbegrip abstrak kan dink.

Ook ten opsigte van eredienste en voorskoolse kinders bestaan daar onsekerheid oor of hierdie kinders ingesluit of uitgesluit moet word. Keeley (2008:102-103) stel tereg voor dat eredienste so ingerig moet wees dat beide volwassenes en kinders op hulle onderskeie kognitiewe vlakke daarby kan baat vind. Om hierdie doel te bereik, beklemtoon hy aan die eenkant die belangrikheid daarvan om kinders deel van die erediens te maak, hetsy deur deelname aan sekere liturgiese elemente, of by wyse van ’n kinderdiens, spesifiek tydens die element van Woordbediening (Keeley, 2008:103-109). Hiervoor stel hy ’n model voor wat hy *The Children in Worship Model*,

noem. Tog kom hy aan die anderkant tot die volgende teenstrydige gevolgtrekking oor kinders in die erediens (Keeley, 2008:113):

I agree that this is an important and necessary part of building faith in children, but it has been my experience that just adjusting congregational worship for children is difficult for a number of reasons. The biggest reason is that much of what we do in worship is cognitive – it depends on our ability to understand abstract ideas.

Ten spyte van sy eie teenstrydige standpunt, beklemtoon Keeley (2008:114) tog dat kinders beide geleenthede nodig het, naamlik om saam met die hele gemeente te aanbid, sowel as geleenthede waar hulle op hulle eie kognitiewe vlak kan aanbid. In die verband bevestig Van der Merwe (2004:364-365) dat fantasie 'n groot rol by kleuters speel en dat kinders se nuuskierigheid dus benut moet word wanneer Bybelonderrig aan kleuters geleer word.

As gevolg van hierdie onsekerheid rondom geloofsonderrig aan voorskoolse kinders, wat sedert die 20ste eeu bestaan, is daar min tot geen aandag aan apologetiese toerusting in die vorming van 'n Christelike wêreldbeskouing gegee. Die probleem ontstaan daarin dat kinders van die 21ste eeu reeds op voorskoolse vlak op verskeie terreine met ander wêreldbeskouings gekonfronteer word. Dít terwyl navorsing van onder andere die Barna Groep aantoon dat die meerderheid Christenkinders van Generasie Z selfs op laerskoolvlak, en later, nie in staat is om hulleself ten opsigte van die Christelike wêreldbeskouing te kan verantwoord nie, omdat hulle nie meer 'n Christelike wêreldbeskouing het nie (Barna Group and Impact Institute, 2018:24-26).

'n Belangrike rede hiervoor is dat kinders se geloofsgroei nie die nodige prioriteit by ouers en ander opvoeders ontvang nie (Strommen & Hardel, 2008:16). Verder neem invloede van ander godsdienste en wêreldbeskouings binne die Christendom toe, soveel so dat 'n groot deel van Christenhuishuisgesinne nie meer in staat of toegerus is om geloofsgroei by hulle kinders te bevorder nie (De Klerk & Van Helden, 2011:3) — nog minder dus om kinders toe te rus om hulleself ten opsigte van hulle Christelike geloof te verantwoord. Wat hierdie uitdagings nóg groter maak, is dat huidige geloofsonderrig by kerke die ouers en opvoeders nie voldoende met toerusting ondersteun in hierdie taak of opdrag van geloofsgroei en toerusting vir geloofsverdediging (Apologetiek) nie, hetsy dit deur middel van katechese of ander vorme van toerusting en ondersteuning is. Indien kerke nie voldoende toerusting bied nie, is dit hoogs onwaarskynlik dat Christenonderwysers by voorskoolse skole oor voldoende toerusting sal beskik om kinders in hierdie opsig te ondersteun. Dit is onder andere hierdie tekortkominge waarop hierdie studie antwoorde en toerusting bied.

Terwyl die genoemde probleme 'n werklikheid is, is die realiteit dat sosioloë, sielkundiges en filosowe gedurende die afgelope paar dekades reeds op kinderontwikkeling en selfs geloofsontwikkeling fokus. Volgens Bunge (2001:1-3) is daar egter min en slegs losstaande bydraes vanuit teologiese wetenskappe tot hierdie veld gemaak. Hoewel daar tans veranderinge plaasvind, was Christelike teologie se bydrae in terme van die aard van kinders en die verantwoordelikheid wat die geloofsgemeenskap teenoor kleiner kinders het, tot onlangs baie klein en dikwels onakkuraat (Bunge, 2001:3-7).

Hierteenoor wys Mensing (1972:13-14) reeds in die vorige eeu daarop dat sielkundige ontwikkeling sedert die 19de eeu op die opvoeding by babas en jong kinders toegespits is — byna alle opvoedkundige boeke van die 20ste eeu het op die belangrikheid van die vroeë kinderjare gefokus. Theunissen (1978:v) merk verder op dat sielkundiges en opvoedkundiges eers in die tweede helfte van die 20ste eeu toenemend aandag begin gee het aan voorskoolse kinders se vermoë en begrip van godsdienstige waarhede. Hieroor maak hy die gevolgtrekking dat 'n mens tydig, selfs van kinders se geboorte af, met blootstelling aan geloofsopvoeding en toerusting behoort te begin, selfs al verstaan klein kinders nie alles waaraan hulle blootgestel word nie (Theunissen, 1978:1-6).

Selfs al is daar intussen al heelwat oor kinders gedink en geskryf, beklemtoon Yust *et al.* (2006:2) dat die Christendom nog nie werklik 'n omvattende bydrae gelewer het in terme van 'n leer vir geestelike ontwikkeling¹¹ van kinders nie. In hierdie verband is daar veral min teologiese navorsing oor kinders se morele en geestelike ontwikkeling gedoen (Bunge, 2006:53-54). Waar daar wel op kinders gefokus is, het opvoedkundiges hulle toegespits op die natuurlike ontwikkeling van kinders, terwyl godsdienstige dissiplines eerder probeer het om kinders voor te berei om 'n geestelike

¹¹Yust *et al.* (2006) bied 'n definisie vir geestelikheid (*spirituality*) wat voldoende is vir interreligieuse gesprekke: "Spirituality is the intrinsic human capacity for self-transcendence in which the individual participates in the sacred – something greater than the self. It propels the search for connectedness, meaning, purpose, and ethical responsibility. It is experienced, formed, shaped, and expressed through a wide range of religious narratives, beliefs, and practices, and is shaped by many influences in family, community, society, culture, and nature" (Yust *et al.*, 2006:8).

bewustheid op 'n volwasse vlak te ontwikkel, in plaas daarvan om op kinders se geestelike ervarings binne hulle eie ontwikkelingsfase te fokus (Yust *et al.*, 2006:3).

Met die aanbreek van die eeu het 'n hernieude oplewing in die bestudering van geestelike ontwikkeling by kinders ontstaan (Yust *et al.*, 2006:5)¹². Dit het aanleiding gegee tot 'n beweging waar godsdienstige opvoeders en kinder-sielkundiges heelwat nuwe bydraes in kinderontwikkeling gelewer het, veral ten opsigte van 'n meer volledige leer oor kinders (Bunge, 2006:55-56). Gevolglik word die leer rondom kinders nie meer hoofsaaklik deur hulle sondige aard alleen bepaal nie, maar het kinders se ontwikkelingsfases op die voorgrond begin tree (Bunge, 2006:60)¹³.

Verder toon Carter (2012:25) dat onlangse navorsing (vgl. Morgenthaler, 1999; Stonehouse, 1998; Westerhoff, 1976; Yust, 2004) op die gebied van kinderontwikkeling en teologie bevestig dat 'n Bybelse wêreldbeskouing eksplisiet aan voorskoolse kinders geleer kan word. Trouens, in sy navorsing van 46 observasie-ure

¹²Hierdie beweging het onder andere die volgende studies opgelewer: In 2002 het Christelike kundiges uit Asië, Europa, Afrika, en Amerika in Maleisië vergader, rakende kinder-teologie, in 'n poging om 'n debat daaroor oop te stel. In 2003 het *The American Academy of Religion* 'n voortgaande gesprek oor kinderjarestudies van stapel gestuur. Verdere internasionale konferensies het hieruit voortgespruit, onder andere *The International Conference on Children's Spirituality, the Children's Worldview Project*, sowel as *The Children's Spirituality – Christian Perspectives conference* (Yust *et al.*, 2006:5-6).

¹³Bunge (2006:59-60) toon byvoorbeeld aan dat hoewel eksponente vanuit die Reformasie groot bydraes ten opsigte van kinderopvoeding gelewer het, hulle kinders hoofsaaklik as sondaars beskou het (wat, in die geheelbeeld van die leer oor die mens, opsigself nie verkeerd is nie). Calvyn het egter nie die leer van kinders verontagsaam nie – inteendeel. Bunge (2006:59-60) toon verder aan dat ook Jonathan Edwards kinders wat buite Christus is, as “slange” beskou het. Die punt van hierdie inligting is dat, as sulke sienings in isolasie beskou word of die sondige aard oorbeklemtoon word, dit tot gevolg kan hê dat kinders se ontwikkelingsfases ignoreer word en moontlik nie die voldoende aandag aan kinders se geloofsvorming en toerusting gegee word nie.

met vierjariges, bevind Carter (2012:67) dat hierdie kinders in die tydgreep 44 verwysings na 'n Bybelse wêreldbeskouing gemaak het. Dat voorskoolse kinders die vermoë het om hulle geloof volgens hulle wêreldbeskouing op hulle vlak te verdedig, is dus 'n gegewe vir hierdie studie. Dit is daarom noodsaaklik dat ouers en opvoeders in hierdie geloofsvorming en toerusting deelneem, sodat kinders die nodige onderbou sal hê om hulleself ten opsigte van die Christelike geloof te kan verantwoord (vgl. Van Niekerk, 2018; Venter, 2019:27-40). Wat apologetiese toerusting betref, stel Venter (2019) in breë trekke vier riglyne vir ouers en opvoeders voor, wat in voorskoolse kinders se ontwikkeling sal bydra dat hulle hulself apologeties ten opsigte van die Christelike geloof kan verantwoord¹⁴.

Samevattend, op grond van beide die breë agtergrond en die bogenoemde bydraende faktore, is uitgewys dat ander wêreldbeskouings Christene se voorskoolse (verbonds-) kinders negatief beïnvloed in die vorming van 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing. Om hierdie rede is dit nodig is dat gefokusde apologetiese toerusting by geloofsopvoedingskurrikula geïntegreer word. Verdere faktore wat daartoe bydra dat sulke toerusting nie voldoende aandag geniet nie, sluit die onduidelikheid in oor voorskoolse kinders se vermoë om geloofsabstraktheid te verstaan — soveel so dat toerusting vir geloofsverantwoording agterweë gelaat of selfs verontagsaam word.

¹⁴Hierdie apologetiese riglyne sluit onder andere in dat ouers hulle geloof sal uitleef, hul kinders die Christelike wêreldbeeld sal leer en ander godsdienste in perspektief sal plaas. Verder is voorgestel dat kinders spesifiek toegerus moet word om hulle geloof teenoor ander godsdienste te kan verdedig, en dat ouers die stimulerings van geloofsgesprekke as 'n lewenstaak sal opneem (Venter, 2019:40-48).

Die probleemstelling wat vanuit hierdie inligting in die studieveld van Apologetiek geformuleer kan word, is dus die volgende: Apologetiese toerusting in terme van 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing, sowel inhoudelik as metodologies, ontbreek in die geloofsopvoeding van voorskoolse kinders, en daar moet bepaal word hoe dit by geloofsopvoedingskurrikula geïntegreer kan word om in die genoemde leemtes van voorskoolse kinders se geloofsverantwoording te voorsien. Die probleemstelling berus op die uitgangspunt dat voorskoolse kinders nie voldoende toegerus is om hulleself ten opsigte van die Christelike geloof teenoor ander wêreldbeskouings apologeties te kan verantwoord nie, terwyl hulle reeds deur ander dominerende wêreldbeskouings van die 21ste eeu beïnvloed word.

1.2.2 Navorsingsvraag

Watter apologetiese toerusting het ouers en opvoeders nodig, sodat hulle voorskoolse kinders binne 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing op hulle vlak kan toerus om hulleself ten opsigte van die Christelike geloof apologeties te kan verantwoord? Met ander woorde, watter inhoudelike elemente en watter metode van oordrag is nodig by die toerusting van voorskoolse kinders vir die vorming van 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing, sodat hulle in staat sal wees om hulleself op hulle vlak ten opsigte van die Christelike geloof te kan verantwoord?

Spesifieke vrae wat vanuit die navorsingsvraag voortvloei, is:

1. Watter boodskap dra ander dominerende wêreldbeskouings van die 21ste eeu, waardeur voorskoolse kinders binne die Christendom beïnvloed word?

2. Hoe vergelyk ander dominerende wêreldbeskouings met dié van 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing¹⁵, soos dit deur die gereformeerde leer bely word?
3. Hoe kan apologetiese metode(s)¹⁶ gebruik word wanneer voorskoolse kinders toegerus word om hulleself ten opsigte van die Christelike geloof te kan verantwoord?
4. Hoe behoort 'n apologetiese toerusting, wat aan die nodige elemente van 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing voldoen, daaruit te sien om as toerusting vir voorskoolse kinders te dien sodat hulle hulself ten opsigte van die Christelike geloof kan verantwoord?

1.3 DOELSTELLING EN DOELWITTE

1.3.1 Doelstelling

Om die omvattende kernaspekte van Christelike wêreldbeskoulike apologetiese toerusting vas te stel wat vir almal wat met voorskoolse kinders te doen het, tot die

¹⁵Onder Bybels-Christelike wêreldbeskouing word verstaan 'n wêreldbeskouing wat die Bybel as primêre bron neem om tot 'n Christelike belydenis oor die verstaan van Godsopenbaring te kom. Hierdie wêreldbeskouing is onlosmaaklik verbind aan die ortodokse leerstellings van die Christelike kerkgeskiedenis en sluit die drie ekumeniese belydenisse wat vanuit die vroeë kerk ontstaan het (Die Apostoliese geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Athanasius, en die Geloofsbelydenis van Nicéa) sowel as die drie Formuliere van Eenheid wat tydens die Reformasie ontstaan het (die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus, en die Dordtse leerreëls), in.

¹⁶Wat aanslag en metode betref, het Apologetiek as wetenskap van sy ontstaan af hoofsaaklik in vier hoofstrome ontwikkel. Hoewel navorsers en outeurs verskillende benaminge aan hierdie hoofstrominge toeken, kom dit in wese op die volgende metodes/aanslae neer: Klassieke aanslag, Bewysstuk-aanslag, Gereformeerde- of Voorveronderstellings-aanslag, en die Fideïstiese aanslag (Boa & Bowman Jr., 2005:527-533). Die vertrekpunt wat hierdie studie inneem, is hoofsaaklik dié van die gereformeerde- of voorveronderstellings-aanslag, maar ander metodes word nie uitgesluit nie.

vorming van voorskoolse kinders se Christelike wêreldbeskouing sal bydra, sodat hierdie kinders in staat gestel kan word om hulleself op hulle vlak ten opsigte van die Christelike geloof te kan verantwoord.

1.3.2 Doelwitte

1. Om die boodskap wat ander dominerende wêreldbeskouings van die 21ste eeu, waardeur voorskoolse kinders binne die Christendom het beïnvloed word, na te vors.
2. Om ander dominerende wêreldbeskouings met dié van 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing, soos deur die gereformeerde leer bely word, te vergelyk.
3. Om vas te stel hoe voorskoolse kinders apologeties toegerus kan word om hulleself ten opsigte van die Christelike geloof te kan verantwoord.
4. Om 'n voorstelling te bied van hoe apologetiese toerusting, wat aan die nodige elemente van 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing voldoen, as toerusting vir voorskoolse kinders kan dien sodat hulle hulself ten opsigte van die Christelike geloof kan verantwoord.

1.4 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Dit is moontlik om apologeties-inhoudelike en metodologiese toerusting, vanuit 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing volgens die gereformeerde leer, daar te stel aan ouers en opvoeders wat met voorskoolse kinders werk. Dit sal voorskoolse kinders in

staat sal stel om hulleself op hulle vlak voldoende ten opsigte van die Christelike geloof apologeties te kan verantwoord.

1.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die fokus van hierdie studie is nie om pedagogiese leermetodes na te vors of om modelle vir die beste oordrag van inligting daar te stel nie (met ander woorde, die studie ondersoek nie spesifiek *hoe kinders hierdie inligting of inhoud behoort aan te leer nie*). Enige leermetode (soos byvoorbeeld Bloom se taksonomie) en literatuur in (Christelike) opvoedkunde wat op sinvolle wyse tot hierdie onderwerp kan bydra, kan egter by die apologetiese toerusting in ag geneem en betrek word.

Hierdie studie sal ook nie op sielkundige ontwikkelingsfases of op opvoedkundige sielkunde fokus nie¹⁷. Die studie handel spesifiek oor die apologetiese en inhoudelike (wêreldbeskoulike) elemente binne die raamwerk van teologiese wetenskap, wat by die toerusting van voorskoolse kinders teenwoordig moet wees om te verseker dat hulle in staat sal wees om hulleself oor hul Christelike geloof te kan verantwoord. Dit behels onder andere dat hierdie navorsing aan die eenkant sal fokus op die inhoudelike onderbou wat by toerusting teenwoordig moet wees (met ander woorde die kennis wat kinders behoort aan te leer). Aan die anderkant moet 'n gepaste (oordrags)metode gebruik word wat sowel die verskille in wêreldbeskouings as die waarheid op apologetiese wyse op so 'n manier benader dat kinders dit op hulle vlak

¹⁷Bunge (2001:6) merk byvoorbeeld op dat teologiese studies wat in die verlede te veel op sielkundige modelle vir ontwikkeling gesteun het, juis om hierdie rede baie selde 'n unieke bydrae tot kinders se geestelike ontwikkeling gelewer het.

kan verstaan en hulle in staat stel om hulleself op hulle vlak teen dwalinge te kan verantwoord. Sodoende kan ouers en ander opvoeders in staat gestel word om die waarheid van die Christelike wêreldbeskouing teenoor die leuen van ander wêreldbeskouings te stel.

Die metode of benadering wat in hierdie proefskrif voorgestel en wat deur ouers en opvoeders toegepas kan word, is om apologetiese toerusting te bied deur middel van gesprekvoering. Sulke apologetiese gesprekke kan gevoer word aan die hand van hedendaagse rolprente of animasiefilms wat elemente van ander dominerende wêreldbeskouings bevat. Hierdie metode dien as raakpunt tussen die invloed van ander wêreldbeskouings en die Christelike wêreldbeskouing. So 'n benadering stem ooreen met wat Van Til (2003) as die punt van kontak tussen gelowiges en ongelowiges beskryf. Hiermee bedoel hy die gemeenskaplike grond van God se skepping waarop beide gelowige en ongelowige, as beelddraers van God, met God se openbaring te doen het (vgl. Rom. 1). Hierdie raakpunt bied dus die moontlikheid om — te midde van die verdraaide invloede van ander wêreldbeskouings wat in hedendaagse kultuur en media voorkom — die waarheid van God se openbaring te verkondig. Wanneer ouers en kinders dus hedendaagse films bespreek, funksioneer dit byna soos 'n didaktiese toepassing van hierdie punt van kontak, sodat die gemeenskaplike ervaringswêreld van die skepping benut word om die waarheid van die Christelike wêreldbeskouing teenoor die valse aansprake van onder andere naturalisme, te stel.

Hierdie navorsing word vanuit die perspektief van die gereformeerde Teologie en -Apologetiek binne die Christelike godsdiens onderneem¹⁸. Waar Skrifgedeeltes in die besonder behandel word, sal hermeneuse, eksegeese en eksegetiese afleidings op grond van gereformeerde beginsels, volgens grammaties-historiese wyse gevolg word (vgl. Breed *et al.*, 2008:37-68). Dienooreenkomstig word die Voorveronderstellings-apologetiek as metode en vertrekpunt gebruik. Dit behels onder meer dat die geloof verdedig word op grond van die voorveronderstellings van die Christelike geloof as waarheid, soos dit in die Skrif, deur die leiding van die Heilige Gees, bely word (Boa and Bowman Jr., 2005:33-39, 590).

Ten einde die navorsing op apologetiese toerusting vir die voorskoolse kind toe te spits, fokus hierdie studie daarop om die onderskeie betrokke en invloedryke wêreldbeskouings te beskryf deur die wêreldbeskoulike vrae wat Sire (2009:22-23)bied¹⁹. Omdat hierdie studie apologeties van aard is, word die navorsing in drie

¹⁸Pearcey (2008:25) stel tereg dat die gereformeerde wêreldbeskouing hoofsaaklik uit drie dele bestaan, naamlik skepping, sondeval en verlossing. Anderson *et al.* (2017:98) stem hiermee ooreen en voer aan dat die breë kontoere van die Christelike wêreldbeskouing as skepping, sondeval, verlossing en verheerliking beskryf kan word (vgl. ook Anderson *et al.*, 2017:117-140). 'n Soortgelyke indeling word by Ryken (2006:9-10) gevind, naamlik skepping, sondeval, genade en heerlikheid. Hierdie proefskrif vergelyk en ondersoek dus 'n naturalistiese wêreldbeskouing teenoor 'n Christelike wêreldbeskouing, met die fokus op Godsbeskouing, skeppingsbeskouing, mensbeskouing, asook die leer oor verlossing en verheerliking. Hierdie indeling stem ooreen met die breë kontoere van die gereformeerde Christelike wêreldbeskouing.

¹⁹Die vrae wat Sire voorstel, is soos volg: 1) Wat is die oorsprong van die werklikheid (*prime reality*)? 2) Wat is die aard van eksterne realiteit? 3) Wat is die mens? 4) Wat gebeur met die mens by die dood? 5) Waarom is dit moontlik om enigsins kennis te hê? 6) Hoe weet ons wat reg en verkeerd is? 7) Wat is die betekenis van menslike geskiedenis? 8) Watter persoonlike, lewensgeoriënteerde kernverpligtinge is konsekwent met hierdie wêreldbeskouing?

afdelings ingedeel, om in breë trekke met Frame²⁰ se drie perspektiewe ooreen te stem (Frame, 1999:52-54)²¹. Sodoende word verseker dat die navorsingsvraag op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse bevredigend beantwoord word.

Die volgende films of filmreekse word in die onderskeie hoofstukke bespreek:

- **Hoofstuk 3** (Godsbeskouing): *Moana* en *Frozen*
- **Hoofstuk 4** (Skeppingsbeskouing): *The Croods* en *Ice Age*
- **Hoofstuk 5** (Mensbeskouing): *The Croods*, *Inside Out* en *The Michells vs. The machines*
- **Hoofstuk 6** (Verlossingsleer van verskeie naturalistiese godsdienste):
 - by Nuwe Ateïsme: *Star Wars*-filmreeks.
 - by Hindoeïsme: *Avatar*-films en *Moana*.
 - by Boeddhisme: *Kung Fu Panda*.

²⁰Bahnsen (1990) wys daarop dat hierdie drie perspektiewe nie oorspronklik by Frame ontstaan het nie: "The situational perspective advanced by Montgomery and the existential perspective advanced by Schaeffer cannot compete with the normative apologetical approach of Cornelius Van Til. Only that perspective challenges the unbeliever with Christianity's indispensability". Hoewel hierdie stelling korrek is, maak Frame se drie perspektiewe dit moontlik om al drie apologetiese metodes te benut, terwyl Voorveronderstellings-Apologetiek steeds die normatiewe benadering bly.

²¹Frame se drie perspektiewe stel drie basiese vrae en staan bekend as: 1) die situasionele perspektief (Wat is die probleem?); 2) die normatiewe perspektief (Wat sê die Skrif met betrekking tot die probleem?); en 3) die eksistensiële perspektief (Watter verandering is nodig om die probleem reg te stel?).

'n Ander metode, wat ooreenkomste met Frame (1999) se metode toon, word deur Osmer (2008) voorgestel. Osmer (2008:4) stel vier vrae, naamlik: 1) Wat gaan aan? (die deskriptiewe-empiriese taak); 2) Waarom gaan dit aan? (die interpretatiewe taak); 3) Wat behoort aan te gaan? (die normatiewe taak); en 4) Hoe behoort ons te reageer? (die pragmatiese taak). Die rede waarom Frame se metode bo dié van Osmer verkies word, is dat Frame reeds vroeg in sy metode by die normatiewe aspek uitkom, asook die feit dat dit 'n makliker metode is waarvolgens twee wêreldbeskouings vergelyk kan word.

- by Afrika Tradisionele Godsdiens (ATR)²²: *The Lion King*

Hierdie navorsing vind uitsluitlik deur middel van 'n literatuurstudie plaas.

1.6 ETIESE OORWEGINGS

Daar is minimale risiko aan die studie verbonde aangesien dit slegs 'n literatuurstudie is.

²² Daar word in hierdie proefskrif na Afrika Tradisionele Godsdiens as ATR verwys, die meer bekende akroniem vir die Engelse benaming *African Traditional Religion*. Corduan (2012) volg dieselfde benadering, maar waarsku dat daar omsigtig te werk gegaan moet word sodat die sambreelterm nie aanleiding gee dat eienskappe verkeerdelik aan sekere godsdiensgroepe toeskryf word of dat belangrike verskille tussen groepe ignoreer word nie.

HOOFSTUK 2: DIE BOODSKAP VAN ANDER DOMINERENDE WÊRELDBESKOUINGS VAN DIE 21STE EEU OP VOORSKOOOLSE KINDERS BINNE DIE CHRISTENDOM

2.1 INLEIDING

In die eerste hoofstuk is aangedui dat kinders se wêreldbeskouing reeds van 'n jong ouderdom af gevorm word. Ouers en geloofsgemeenskappe vervul 'n onontbeerlike funksie in die begeleiding van kinders binne hierdie vormingsproses. In 'n Christenhuysgesin het ouers die primêre taak om hulle kinders hierin toe te rus (Deut. 6). Nietemin word kinders nie in isolasie groot nie, en kom hulle ook in aanraking met ander idees. Gevolglik is die probleem geïdentifiseer dat ander wêreldbeskouings Christenkinders van kleins af op onchristelike wyse in die vorming van hul geloof kan beïnvloed. Met die media en sosiale media, wat in die 21ste eeu 'n al groter deel van kinders se lewens geword het, het dit verdere uitdagings gebring. Kompetierende wêreldbeskouings het tans 'n oorwegend negatiewe invloed op die vorming van voorskoolse Christenkinders se wêreldbeskouing. Hoofstuk 2 staan sentraal in hierdie studie omdat dit die boodskap van dominerende wêreldbeskouings van die 21ste eeu en die invloed daarvan op voorskoolse kinders, ondersoek. Die identifisering en ontleding van hierdie wêreldbeskouings is daarom 'n noodsaaklike voorvereiste vir enige poging tot apologetiese toerusting.

Gegewe dít waaraan Christenkinders blootgestel word, is dit van uiterste belang dat kinders reeds op voorskoolse vlak die nodige apologetiese toerusting ontvang, sodat hulle dit waarmee hulle gekonfronteer word, kan beoordeel. Doelbewuste pogings

moet aangewend word om hulle te vorm, te versterk en insig te gee in 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing, sodat hulle gereed en toegerus sal wees om hulle Christelik geloof, op hulle eie vlak, teenoor ander wêreldbeskouings te kan verantwoord.

Voordat daar in die volgende hoofstukke gefokus word op die versterking van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing, fokus hoofstuk 2 eers op die identifisering van wêreldbeskouings wat 'n groot invloed op kinders se lewens uitoefen, asook op die boodskap van hierdie ander dominerende wêreldbeskouings wat 'n negatiewe invloed op die voorskoolse Christenkind kan hê. Hierdie hoofstuk bied derhalwe eerstens 'n teoretiese grondslag oor die wese en funksie van wêreldbeskouing, met die doel om aan te toon hoe 'n wêreldbeskouing mense en kinders se verstaan van werklikheid bepaal en hoe dit reeds in kinders se lewens sigbaar is. Vervolgens word gefokus op naturalisme en sekularisme as besonders invloedryke wêreldbeskouings wat die hedendaagse kulturele klimaat in die Weste sowel as in Suid-Afrika vorm. Deur middel van 'n sistematiese oorsig van hierdie wêreldbeskouings se onderliggende aannames oor God, die mens, kennis, moraliteit en die doel van geskiedenis, word uiteengesit hoe hierdie wêreldbeskouings in direkte teenstelling met die Christelike verstaan van waarheid en werklikheid staan.

Die relevansie van hierdie hoofstuk lê daarin dat dit die noodsaaklikheid van apologetiese toerusting vanaf voorskoolse ouderdom onderstreep. Kinders moet nie slegs in die inhoud van 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing gevorm word nie, maar

ook leer om op hulle vlak die aansprake van alternatiewe wêreldbeskouings te herken en te evalueer. Sodoende dien hierdie hoofstuk as 'n kritiese voorbereiding vir die daaropvolgende hoofstukke, waarin die konstruktiewe toerusting van ouers en kinders in 'n gereformeerde wêreldbeskouing verder uitgewerk word.

2.2 DIE WESE VAN WÊRELDBESKOUING

'n Wêreldbeskouing kan omskryf word as 'n stel voorveronderstellings wat vir 'n mens die werklikheid en die waarheid weerspieël. Wanneer kinders in die waarheid opgevoed word, behoort 'n kernvraag met betrekking tot wêreldbeskouing te wees: Watter wêreldbeskouing reflekteer die werklikheid en die waarheid die beste? Hierdie vraag sal aan die einde van hierdie hoofstuk verder ondersoek en toegelig word. Vir die doel van die huidige punt wat beredeneer word, is dit voldoende om kennis te neem dat daar in hierdie studie van die veronderstelling uitgegaan word dat die Christelike wêreldbeskouing die mees akkurate weerspieëling van die werklikheid en die waarheid is²³, juis omdat hierdie wêreldbeskouing God Drie-enig as die bron van alle waarheid erken. Hierdie aspek word in hoofstuk 3 verder ondersoek. Dat die absolute en objektiewe waarheid in God gesetel is, verwoord Ryken (2006:15) soos volg: "How can we know anything true about anything? We know because God has

²³Hierdie stelling is nie nodig om deur ander navorsers se bronne begrond te word nie, maar is eenvoudig 'n basiese (geloofs)oortuiging wat deur die navorser gehuldig word. Dit is egter ook eksplisiet die oortuiging van baie ander navorsers — veral diegene wat die Christelike wêreldbeskouing onderskryf — byvoorbeeld Ryken (2006) wat dit prontuit stel: "The only worldview that fully corresponds to the world as God knows it is a completely and consistently Christian worldview" (Ryken, 2006:9).

revealed himself in his works and in his Word, both written and incarnate. Unless God had so revealed himself, we would be limited to our own merely human perspectives”.

Hoewel daar reeds in hoofstuk 1 'n algemene definisie vir die term wêreldbeskouing gegee is waarop hierdie studie voortbou, en alhoewel die term wêreldbeskouing deesdae al meer algemeen gebruik word, word daar verwag dat die betekenis daarvan teen hierdie tyd redelik vanselfsprekend en gestandaardiseerd te wees. Ongelukkig bestaan daar in die onderskeie wetenskaplike dissiplines geen eenvormige definisie of gesamentlike verstaan van hierdie begrip nie (Boa & Turner, 2006:51 e.v.)²⁴. Die probleem wat dit veroorsaak is dat individue wat in hul soeke na waarheid in die werklikheid met hierdie term omgaan, verskillende klem plaas op die bepalende rol wat hierdie term (en die definiëring daarvan) speel in die begrip van werklikheid. As gevolg van uiteenlopende interpretasies van die begrip wêreldbeskouing, is dit noodsaaklik om hieroor tussen twee aspekte te onderskei en vas te stel watter gewigtheid aan elke aspek verleen word. Aan die eenkant moet die mate waarin 'n wêreldbeskouing die begrip vir werklikheid kan beïnvloed, vasgestel word. Aan die anderkant moet die mate waarin 'n wêreldbeskouing deur die werklikheid gevorm en verander kan word, vasgestel word — afhangend van watter van hierdie twee aspekte as die bron of oorsprong van sodanige verandering of vorming beskou word. Om

²⁴ Die term wêreldbeskouing is immers nie 'n nuwe konsep nie, en daar is reeds 'n verskeidenheid van bronne wat handel oor wêreldbeskouing. Sire (2015:187-194) en Naugle (2001) het byvoorbeeld uitgebreide bibliografieë saamgestel waarin verskeie aspekte van wêreldbeskouings gedek word.

hierdie onderskeid konkreet te maak, kan dit in kort met die volgende vrae eenvoudig gestel en saamgevat word:

Hoe gebruik of verstaan mense die term wêreldbeskouing? Beskou mense wêreldbeskouing as iets wat deur hulle geloof gevorm word, of meen mense dat geloof deur hulle wêreldbeskouing gevorm word? Of is daar 'n wedersydse vorming en ontwikkeling tussen geloof en wêreldbeskouing? Hierdie en soortgelyke vrae behoort in gedagte gehou word wanneer daar oor wêreldbeskouing gepraat word. Sire (2015:18) definieer die term wêreldbeskouing as 'n verwysing na 'n persoon se primêre voorveronderstellings, wat in werklikheid daardie persoon se basiese en onveranderde geloof is. Hy stel dat een van die vernaamste kenmerke van 'n wêreldbeskouing is dat dit die primêre fondasie is waaraan mense hulleself bind wanneer alle ander moontlike verduidelikings vir hulle standpunte uitgeput is (vgl. Sire, 2015:18). Boa & Turner (2006:55) stem hiermee saam en stel 'n manier voor om te toets en vas te stel watter geloofsoortuigings deel van jou wêreldbeskouing vorm. Dit behels dat 'n mens jouself soos volg afvra:

If you ask why you believe what you believe, and another belief surfaces, ask yourself why you believe that one. Eventually you'll hit a stopping point – a point at which you simply throw up your hands and say, "I believe it because I just do." Stop there. That's your ultimate presupposition (Boa & Turner, 2006:55).

Die gevolg is dat sommige mense die konsep wêreldbeskouing as die mees basiese vertrekpunt van voorveronderstellings gebruik waarmee die werklikheid geïnterpreteer

word, terwyl ander hierdie konsep moontlik as 'n veranderlike aanwend waarmee hulle die werklikheid en leefwêreld van mense (insluitend kinders) kan of probeer verander. Die kernvraag is dus hoe die konsep wêreldbeskouing verstaan moet word. Indien wêreldbeskouing as 'n onveranderlike, in sy uiterste, beskou en beredeneer word, is die voordeel dat, indien jou wêreldbeskouing korrek is, jou verstaan van die werklikheid dan ook korrek sal wees. As jou wêreldbeskouing in hierdie geval egter verkeerd is, dan is jou verstaan van die werklikheid ook verkeerd, en sou daar vir jou geen hoop wees om die werklikheid reg te verstaan nie. Aan die anderkant, indien 'n mens se wêreldbeskouing wél kan verander, is daar hoop dat verstaan van die werklikheid aangepas kan word. Die logiese afleiding is dus dat 'n mens se wêreldbeskouing inderdaad aanpasbaar is. Dit hou die gevaar in dat die konsep wêreldbeskouing deur ander invloede misbruik kan word om sekere ideologieë — veral by klein kinders wat nog in hulle vormingsjare is — te bevorder, en hulle so weg van die objektiewe en absolute waarheid te lei. Wat betref die vraag of die konsep wêreldbeskouing veranderlik is, antwoord Stoker (1967:39) in sy boek *Oorsprong en rigting* dat daar in die werklikheid gevind word dat die mens se wêreldbeskouing wel kan verander. Stoker (1967:39) beklemtoon voorts die belangrikheid daarvan dat die mens self die verantwoordelikheid het om sy wêreldbeskouing korrek te laat vorm en uit te leef, aangesien dit fundamenteel en universeel vir elke mens is.

Wat die bron vir die vorming van 'n lewens- en wêreldbeskouing betref, skryf Stoker (1967) dat daar, weens die sondeval, slegs een geldige Oorsprong is wat die mens in

die vorming van sy wêreldbeskouing kan gebruik, naamlik die Bybel as Woord van God.

Hierdie Oorsprong vind hy egter nie in of na aanleiding van die onselfgenoegsame skepping nie, maar in die Woordopenbaring van God, uit, deur en tot Wie alle dinge – ook die wysgerige ondersoek en in die veld van wysgerige ondersoek – is; Hy is die enigste, algenoegsame en absolute Oorsprong van alle dinge. En vanuit hierdie Oorsprong moet die Skrifgelowige wysgeer sy rigting vind en sy wysgerige weg bewandel (Stoker, 1967:11).

Vanuit 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing is dit dus duidelik dat 'n mens se wêreldbeskouing inderdaad kan verander, maar dat slegs die Bybel die ware begrip van die werklikheid kan verskaf, aangesien waarheid gegrond is in wie God is, en omdat die Bybel God se openbaring aan die mensdom is. God het genoegsame waarheid in die Bybel as die Woord van God aan die mens bekend gemaak sodat die mens se lewens- en wêreldbeskouing, asook sy lewenswandel daardeur kan en behoort te verander (vgl. Stoker, 1967:28 e.v.). Slegs op hierdie wyse kan die mens se lewe in ooreenstemming met die absolute waarheid en werklikheid kom. Stoker (1967:28) stel dit soos volg: “Soos geloof sonder werke onvrugbaar en dood is, net so is lewens- en wêreldbeskouing sonder lewenswandel onvrugbaar en dood. Tot lewens- en wêreldbeskouing behoort wesentlik die uitleef daarvan in lewenswandel — maar dan ook in die hele lewenswandel”.

Daarom is dit van belang dat, as 'n mens se wêreldbeskouing verkeerd is en nie in lyn met die werklikheid nie, 'n mens sy wêreldbeskouing aanpas en vorm aan die hand

van wat die Bybel as absolute maatstaf en norm oor die werklikheid leer. In hierdie verband stel Wolters (2005:6) tereg die volgende:

We have to admit that there can be inconsistency here: not only might we hold to conflicting beliefs, but sometimes we might fail to act in harmony with the beliefs we hold ... If your action is out of tune with your beliefs, you tend to change your actions or your beliefs.

Verder beklemtoon Boa en Turner (2006:53) dat kinders oor die korrekte wêreldbeskouing moet beskik indien hulle die werklikheid reg wil interpreteer: “With an improperly formed worldview, children will never come to grips with who they are, where they came from, where they’re going, what’s wrong with the world, or what God’s solutions are to the problems of our lives”.

Anderson *et al.* (2017) stem hiermee saam, en in hulle definisie van wêreldbeskouing identifiseer hulle spesifieke invloede wat tot die vorming daarvan bydra: “Worldview is the conceptual lens through which we see, understand, and interpret the world and our place within it. A worldview is fundamentally a pretheoretical construct resulting from cultural influences and normative nurturing” (Anderson *et al.*, 2017:69).

Die feit dat ’n wêreldbeskouing deur eksterne faktore gevorm en verander kan word — en dat hierdie eksterne invloede hoofsaaklik tot kultuur en opvoeding beperk is — beklemtoon dit die belangrikheid daarvan dat voorskoolse Christenkinders so effektief moontlik deur hulle opvoeders in ’n Bybels-Christelike wêreldbeskouing toegerus word. Indien dit nie gebeur nie, sal wêreldse kulture die wêreldbeskouing van hierdie kinders vorm.

2.2.1 Definisies van wêreldbeskouing

Omdat mense verskillende interpretasies van die konsep wêreldbeskouing het, behoort verskeie definisies hieronder aangehaal en met mekaar vergelyk te word sodat 'n geheelbeeld gevorm kan word van wat wêreldbeskouing is. Verder, aangesien die konsep wêreldbeskouing so omvangryk is, sal daar ook aanhalings gegee word waarin verskeie aspekte van die begrip wêreldbeskouing deur kenners beskryf word.

Met inagneming van die feit dat daar 'n bepaalde verhouding tussen wêreldbeskouing en geloof bestaan, word daar met Anderson (2014) se definisie van wêreldbeskouing begin. Anderson tref doelbewus 'n onderskeid tussen wêreldbeskouing en geloof of godsdiens. Hy definieer wêreldbeskouing as:

A person's overall philosophical view of the world. It's an all-encompassing perspective on everything that exists and matters to us. Your worldview shapes what you believe and what you're willing to believe, how you interpret your experiences, how you behave in response to those experiences, and how you relate to others (Anderson, 2014:Appendix question 5).

Hierteenoor definieer hy godsdiens soos volg:

A religion, on the other hand, is a set of fundamental beliefs and practices concerned with ultimate issues, such as the nature of the divine, the origins of the universe, the meaning of human existence, how we should live our lives and relate to one another, whether there is life after death, what it means to be "saved," and how we can obtain "salvation". Religions take many forms, but they typically involve teachings about how God relates to the universe and to us, adherence to certain sacred writings, observance of traditional rites

and practices, symbols, moral codes, recognized leaders, and a strong sense of community (Anderson, 2014:Appendix question 5).

In hierdie definisies, waarin Anderson wêreldbeskouing en godsdiens teenoor mekaar stel, blyk dit dat geloofsoortuigings 'n bepalende rol speel in beide wêreldbeskouing sowel as godsdienstige oortuigings. Dit skep die indruk dat wêreldbeskouing en godsdiens byna sinonieme is, alhoewel hulle verskillend toegepas word. Tog voer Anderson aan dat ateïste byvoorbeeld 'n wêreldbeskouing kan hê sonder om 'n godsdiens aan te hang (vgl. Anderson, 2014:Appendix question 5), wat daarop dui dat hy wêreldbeskouing en godsdiens as twee aparte begrippe beskou. Nietemin is dit vanuit Anderson se definisie nie heeltemal duidelik wat die presiese verband tussen wêreldbeskouing en geloof is nie²⁵.

In verdere ondersoek na die verhouding tussen wêreldbeskouing en geloof, formuleer Douglas Groothuis professor in filosofie en ook bekend vir sy Christelike apologetiese werk sy definisie van 'n wêreldbeskouing op grond van die pionierswerk van James Sire²⁶. Groothuis se definisie beskryf veral sy verstaan van hoe en waarom, met ander woorde op watter wyse en met watter doel, 'n wêreldbeskouing gevorm word: "A worldview is forged out of beliefs that have the most consequence for a

²⁵Wat die verhouding tussen godsdiens en spiritualiteit betref, kom Venter (2019:37-38) tot die gevolgtrekking dat daar nie algemene ooreenstemming is oor wat hierdie verhouding is nie. Hy stel egter dat die spirituele of geestelike aspek as sinoniem met die mens se wêreldbeskouing beskou kan word, terwyl godsdiens slegs 'n deel daarvan vorm.

²⁶James Sire het sy definisie mettertyd uitgebrei. Die definisie van Groothuis is gebaseer op Sire se oorspronklike definisie, soos dit in die 200-weergawe van *The Universe Next Door* voorkom.

comprehensive vision of reality. It is an overall conception of reality that touches on the key areas that philosophy and religion have always addressed. Through a worldview, one orients oneself intellectually to the universe” (Groothuis, 2011:74).

Oor die komplekse verhouding tussen hierdie geloofsoortuigings waarmee ’n mens sy wêreldbeskouing vorm, en hoe ’n wêreldbeskouing ’n mens se doen en late beïnvloed, sê Groothuis verder: ‘Our worldview shapes who we are and what we do. We are driven by our deepest beliefs and interpret the world according to them, often almost automatically’ (Groothuis, 2011:75). Vanuit Groothuis se definisie en beskrywing blyk dit, meer duidelik as wat Anderson se definisie aandui, dat ’n mens se wêreldbeskouing jou fundamentele geloofsoortuigings is, en omgekeerd, dat jou fundamentele geloofsoortuigings jou wêreldbeskouing is waarvolgens jy sin van die werklikheid maak.

Hieruit blyk dit dat ’n mens se wêreldbeskouing nie net deur jou geloof bepaal of gevorm word nie, maar dat dít jou geloof is. Soos reeds in hoofstuk 1 vasgestel is, is ’n wêreldbeskouing ’n hermeneutiese raamwerk wat voortdurend ingelig en gevorm word, en word daar nou beklemtoon dat hierdie vorming en verandering deel is van die mens se geloofsoortuigings. In hierdie opsig lyk dit asof wêreldbeskouing ’n mens se mees basiese geloofsoortuigings is, maar dat wêreldbeskouing en geloofsoortuigings tog twee verskillende entiteite is wat op mekaar inwerk, hoewel hulle nie volledig van mekaar geskei kan word nie – amper soos twee kante van dieselfde muntstuk. Wanneer Stoker (1967) sy definisie van wêreldbeskouing begin

beredeneer, beklemtoon hy die byna onpeilbare misterie en diepte van die verwantskap tussen wêreldbeskouing en geloof, wanneer hy sê: “Ons het hier met religieuse dieptes te doen wat die menslike verstand te bowe gaan; met die misterieuse dieptes van die menslike hart en van wat tot die menslike hart spreek en om ’n antwoord – geloof, ken, waardeer en doen – roep” (Stoker, 1967:13).

James Sire bevestig hierdie verwantskap asook die feit dat mense se wêreldbeskouing, soos vloeibare water, die potensiaal het om voortdurend te verander. Trouens, in ’n wêreld vol inligting en feite word mense gekonfronteer, en hulle wêreldbeskouing word onder druk geplaas om voortdurend aan te pas deur die integrasie van nuwe inligting (Sire, 2015:175).

Sire, wat met die verloop van tyd sy oorspronklike definisie van wêreldbeskouing²⁷ ontwikkel en aangepas het (vgl. Sire, 2015:141), is ’n lewende bewys daarvan dat ’n mens se wêreldbeskouing en fundamentele geloofswaarhede kan verander. In die ontwikkeling van sy definisie het hy egter nie van die kern van sy oorspronklike definisie afgewyk nie, maar eerder daarop uitgebrei. Teen die einde van sy lewe het sy finale definisie van ’n wêreldbeskouing soos volg gelui:

A worldview is a commitment, a fundamental orientation of the heart, that can be expressed as a story or in a set of presuppositions (assumptions which may be true, partially true or entirely false) which we hold (consciously or subconsciously, consistently

²⁷ Die aanvanklike definisie lui soos volg: “A worldview is a set of presuppositions (assumptions which may be true, partially true or entirely false) which we hold (consciously or subconsciously, consistently or inconsistently) about the basic makeup of our world” (Sire, 2015:19).

or inconsistently) about the basic constitution of reality, and that provides the foundation on which we live and move and have our being (Sire, 2015:141).

Uit hierdie uitgebreide definisie van Sire is dit duidelik hoe 'n wêreldbeskouing die mees basiese geloofsoortuigings verteenwoordig (hetsy korrek of nie, met ander woorde in ooreenstemming met die werklikheid of nie), wat mense as anker gebruik om hulle lewens in te rig.

2.2.2 Vaststelling van 'n wêreldbeskouing

Hierdie definisie dui daarop dat 'n mens tot 'n groot mate op empiriese wyse kan vasstel wat mense se wêreldbeskouing is deur bloot op die uitlewing van hulle lewens te let. Die manier waarop mense leef en die besluite wat hulle neem, is onlosmaaklik deel van die voorveronderstellings van hulle wêreldbeskouing waarin hulle glo. Dit is moontlik om dit só vas te stel, aangesien alle wêreldbeskouings 'n omvattende stel geloofsoortuigings bevat wat mense se beskouing van die werklikheid openbaar (vgl. Ndereba, 2021:188-189). Hierby voeg Bollaert (2019)²⁸: "As a subconscious entity, worldview can only be studied indirectly through cultural practices, institutions and behaviours which act as signals or indicators of the worldview(s) held by the individual or group" (Bollaert, 2019:60). Só kan bepaal word watter wêreldbeskouings oorwegend by die Christen-kind voorkom. Stoker (1967) stel die verhouding tussen

²⁸ Hoewel dit mag voorkom asof Dr. Cathy Bollaert se publikasie *Reconciliation and Building a Sustainable Peace: Competing Worldviews in South Africa and Beyond* 'n politiese ondertoon van wêreldbeskouing het as gevolg van die aard van haar studie, wat handel oor die soeke na vrede en versoening deur die lens van wêreldbeskouing, is die aanhaling oor die wyse waarop wêreldbeskouings ontbloeit kan word nietemin steeds waar en nuttig vir die huidige navorsing.

wêreldbeskouing en die uitlewing daarvan duidelik, deur daarop te wys dat wêreldbeskouing die grondslag vir lewenswandel vorm en dat lewenswandel die uitwendige verskyning en vergestaltung van wêreldbeskouing is; dan voeg hy by: “Die lewenswandel bevestig die lewens- en wêreldbeskoulike oortuigings en maak hulle op dinamiese wyse vas. In die reël kan ons dan ook van iemand se lewenswandel aflei watter lewens- en wêreldbeskouing hy waarlik huldig” (Stoker, 1967:29).

Hierdie feit is veral belangrik om vir die doeleindes van hierdie studie in ag te neem, sodat dit as maatstaf gebruik kan word om ander wêreldbeskouings, asook die invloed daarvan op voorskoolse Christen-kinders se lewens, te identifiseer. In volgende hoofstukke sal daar, aan die hand van invloedryke films, ondersoek word hoe mense van invloedryke wêreldbeskouings leef en dit uitbeeld. Die oorhoofse, dominerende wêreldbeskouing wat in hierdie hoofstuk, asook verder hanteer word, is naturalisme.

2.3 NATURALISME AS DOMINERENDE WÊRELDBESKOUING

Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind (Mat. 7:13-14).²⁹

²⁹Hoewel hierdie verse verskeie aspekte van verlossing openbaar, beklemtoon hulle veral die feit dat daar slegs twee weë is waarop die mens hom- of haarself bevind: óf op die pad wat na die ewige lewe lei, óf op die een wat na die ewige dood lei. Ander aspekte, soos die hoeveelheid wat gered word teenoor dié wat verlore gaan, word ook in hierdie gedeelte aangeraak, maar is nie relevant tot die huidige argument nie. Douglas Groothuis (2011:594-598) argumenteer byvoorbeeld dat, in die lig van die res van die Skrif, hierdie gedeelte nie noodwendig ’n universele stelling maak wat aandui dat weinig min mense gered sal word nie, maar dat Jesus hierdie toepassing op die Fariseërs gemik het.

Die rede waarom Matteus 7 hierbo aangehaal word, is om aan te toon dat daar in wese slegs twee wêreldbeskouings is, naamlik dié van teïsme en dié van naturalisme. Wat naturalisme betref, skryf Plantinga and Tooley (2008:14-19) dat, hoewel daar basies twee ander hoofipes alternatiewe wêreldbeskouings is wat met teïsme meeding om oppergesag, naamlik filosofiese naturalisme en anti-realisme, beide uiteindelik tot dieselfde beginsel teruggevoer kan word. Volgens hulle is filosofiese naturalisme 'n beskouing wat die bestaan van enige godheid verwerp, terwyl anti-realisme die oortuiging is dat die mens die maatstaf van alle dinge is. Daarom fokus hulle slegs op (filosofiese) naturalisme as die hoofmededinger van teïsme. Oor hierdie filosofiese naturalisme skryf Plantinga en Tooley (2008:19):

So first, a naturalist ... will be an atheist. But not every atheist is a naturalist. Naturalism is stronger than atheism, in the sense that it is possible to be an atheist but not a naturalist, but not possible to be a naturalist but not an atheist ... So naturalism includes atheism, and more.

'n Teoloog wat sy lewenskennis voltyds inspan om die bedreiging van die groeiende heidendom teenoor die Christendom te bestudeer, Peter Jones (vgl. truthxchange, s.a.), doen 'n beroep op Christene om in te sien dat daar slegs twee fundamentele geloofsbenaderings is waarmee die mens sin aan sy wêreld probeer gee, naamlik wat

hy beskryf as *Oneism* (hierna Eenheidsisme) — 'n ideologie wat die heidendom³⁰ in geheel verteenwoordig — en *Twoism* (hierna Tweeheidsisme), wat die Christen se wêreldbeskouing uitdruk³¹.

Hierdie twee wêreldbeskouings, Eenheidsisme en Tweeheidsisme, word elkeen afsonderlik gebaseer op die enigste twee moontlike objekte wat in hierdie kenbare wêreld aanbid kan word, naamlik die skepping of die Skepper³². Die mens aanbid

³⁰Met die term heidendom (*paganism*) verwys Jones (2015:43) nie na goddelose mense, soos wat hierdie term dikwels aandui nie. Hy gebruik hierdie woord eerder in die meer oorspronklike betekenis van die Latynse woord *paganus*. In die algemeen het hierdie woord aanvanklik na 'n plattelandse bewoner verwys, maar dit het later – en tot vandag toe – na mense verwys wat, selfs ná die koms van die Christendom, steeds aan hulle tradisionele godsdienste vashou. Jones skryf: “They deliberately worship the earth or themselves as aspects of the divine and do not accept Christian orthodoxy’s claims regarding the unique self-existent God of creation and salvation” (Jones, 2015:43).

Hoewel Jones beweer dat sekulêre humanisme en Nuwe Ateïsme besig is om te kwyn en deur antieke spirituele heidendom vervang word (vgl. Jones, 2015:22-28), erken hy tog dat sekulêre humanisme steeds 'n groot invloed het en dat alle uitdrukkings van sekulêre humanisme onder die kategorie van Eenheidsisme geplaas word (vgl. veral Jones, 2015:22, 25).

³¹ In hierdie studie word die terme *Oneism* en *Twoism* wat Jones (2015) in Engels geskep het, onderskeidelik in Afrikaans weergegee as “Eenheidsisme” en “Tweeheidsisme”, ten einde 'n terminologiese onderskeid te handhaaf tussen hierdie konsepte en die tradisioneel gevestigde terme “monisme” en “dualisme”. Tog blyk dit dat selfs Eenheidsisme en Tweeheidsisme nie werklik die volle betekenis deurgee wat Jones (2015) met *Oneism* en *Twoism* oordra nie.

³² Hierdie beginsel van *Eenheidsisme* en *Tweeheidsisme* is nie nuut nie. James Orr (1844-1913) verwys na die Christen se wêreldbeskouing teenoor die moderne wêreldbeskouing, en stel duidelik dat hierdie twee nie met mekaar versoenbaar is nie (Orr, 1908:Lecture 1). Cornelius van Til (1895-1987) bepleit 'n apologetiese metode van antitese, waar die tesis die epistemologiese en etiese denkwysse van die heiden (sonder God) voorstel, en die antitese-benadering die Bybels-georiënteerde, weergebore denke van die Christen verteenwoordig. Hierdie metode staan bekend as Gereformeerde Voorveronderstellingsapologetiek, wat deur eksponente soos Greg Bahnsen en vele andere steeds vandag toegepas word (Bahnsen, 1990). Hierdie metode sal telkens in die volgende hoofstukke gebruik word om die teïstiese wêreldbeskouing (antiteties) teenoor die naturalistiese wêreldbeskouing (teties) te plaas.

slegs een van twee: óf hy aanbid (iets of iemand in) die skepping as sy hoogste goed, óf hy aanbid die Skepper as die enige God wat voor alle dinge was en wat alle dinge tot stand gebring het. Panteïstiese godsdienste soos Hindoeïsme (wat in hoofstuk 6 bespreek word) vervaag egter hierdie onderskeid, sodat die skepping as die Skepper beskou en aanbid word: “The early scriptures of Hinduism teach a polytheism that bears the seed of pantheism, in which whatever god one is worshipping at the moment is the one and only god to you” (Beeke & Smalley, 2019:591).

Die ideologie van Eenheidsisme beskou die wêreld as die enigste realiteit en dus as self-skeppend of ewig en selfverduidelikend, waar alles in wese een en dieselfde is. Volgens Jones kan voorbeelde van hoe Eenheidsisme tipies in die openbaar na vore tree, waargeneem word in die dryf om aspekte in die samelewing — soos grense, die onderskeid tussen subjektiewe en objektiewe, ensovoorts — te vervaag. Hiermee saam word die onderskeid tussen reg en verkeerd, waarheid en leuen, goed en sleg, uitgewis (Jones, 2015:76-77), sodat die kultuur oorgegee word aan wat Jones beskryf as: “a cosmology that justifies all actions, answers all probing questions, and silences all objections” (Jones, 2015:84).

Hieronder ressorteer alle beskouings wat ’n naturalistiese wêreldbeskouing het, soos ateïsme, naturalisme, nihilisme, eksistensialisme, materialisme, en ander. Tipiese voorbeelde van godsdienste met ’n naturalistiese wêreldbeskouing is Boeddhisme, Hindoeïsme, Taoïsme, ensovoorts. ’n Moontlike voorbeeld van hoe ’n naturalistiese wêreldbeskouing van Eenheidsisme tans in die samelewing vergestalt word, kan

gesien word in bewegings soos die hedendaagse *woke*-beweging³³. Meer aandag word in hoofstuk 6 aan sommige van hierdie godsdienste gewy, waar die fokus op naturalistiese wêreldbeskouings se leer oor verlossing val.

Tweeheidsisme, volgens Jones, veronderstel aan die anderkant 'n werklikheid van beide sigbare en onsigbare dinge, en beskou die wêreld as die skeppingswerk van 'n persoonlike maar transendente Skepper-God wat alles vrylik (met ander woorde soewerein, sonder enige eksterne afhanklikheid) uit niks geskep het. Dit is die Christen-wêreldbeskouing wat die Bybel voorhou, maar Tweeheidsisme sluit, in breë trekke, ook wêreldbeskouings soos Judaïsme en Islam in, wat ook in 'n transendentale godheid glo. So 'n wêreldbeskouing van Tweeheidsisme aanbid nie die skepping waarvan die mens deel is nie, maar die Skepper wat totaal anders as sy skepping is (Jones, 2015:chapter 1) — vandaar Jones se benaming Tweeheidsisme.

Nancy Pearcey, bekend vir haar deeglike en ingeligte navorsing oor wetenskap en wêreldbeskouing (vgl. Pearcey, 2008:34), verwys na hierdie twee strominge as 'n digotomie tussen sekulêre en heilige sake. Relevant vir sowel kinders as die volwassenes wat hulle moet begelei, beskryf sy die toenemende oorheersing en

³³Strachan en MacArthur (2021:26) stel dat *wokeness* soortgelyk is aan postmodernisme en Marxisme. Intussen wy Sire (2009:85-92) 'n hele afdeling daaraan om te toon dat Marxisme 'n uitvloeisel van 'n naturalistiese wêreldbeskouing is.

onderdrukking wat sekularisme³⁴ oor die Christendom uitoefen (Pearcey, 2008:17-22). Hierdie invloed is sodanig dat baie gelowiges hierdie digotomie geïnternaliseer het, met die gevolg dat hulle hul geloof privaat hou terwyl ander oortuigings in die sekulêre sfeer aangeneem word. Pearcey stel hierdie onderskeid in terme soos *secular/sacred*, *public/private* en *facts/values*. Sy verwys na sekularisme as sekulêre naturalisme (Pearcey, 2008:32-33), wat Jones elders sekulêre humanisme noem (Jones, 2015:chapter 2). Jones dui ook aan dat die huidige humanistiese beweging bekend staan as post-sekularisme (Jones, 2015:chapter 8).

Die bekende Christelike apologet, Francis Schaeffer, skryf dat die beweging van humanisme die kerk reeds aan die begin van die 19de eeu sterk beïnvloed het: “The flood-waters of secular thought and liberal theology overwhelmed the Church because the leaders did not understand the importance of combating a false set of presuppositions” (Schaeffer, 1982:7). Reeds in die vorige eeu is die idee van ’n eenvormige, monolitiese kultuur gepropageer, waarin die absolute en antitese vervang is met pragmatiese relativisme (Schaeffer, 1982:11). Hierdie invloed van humanisme, wat vir byna twee eeue lank ’n beduidende uitwerking op Christene het, beklemtoon die belangrikheid en dringendheid daarvan dat Christen-ouers en -onderwysers van die 21ste eeu toegerus en toegespits moet word in ’n Bybels-

³⁴Volgens Mashau (2009:110-111) moet daar tussen sekularisme en sekularisasie onderskei word. Hy beskryf sekularisasie as ’n proses waardeur alles as sekulêr beskou en van kerk losgemaak word. Hierdie proses lei uiteindelik tot sekularisme, ’n ideologie wat op eie insigte steun en God as oorbodig ag.

Christelike wêreldbeskouing, sodat hulle die valse voorveronderstellings van ander dominerende wêreldbeskouings soos naturalisme, effektief kan bestry.

2.3.1 Naturalisme as wêreldbeskouing

“We cannot defend something of which we are ignorant” (Groothuis, 2011:78).

Vanweë die invloed van naturalisme as ’n dominerende wêreldbeskouing, is dit nodig om naturalisme as wêreldbeskouing verder te ondersoek word.

James Sire, wat oor byna sestig jaar se diepgaande kennis van wêreldbeskouings beskik (Sire, 2015:11), se standpunt stem ooreen met die oorhoofse kategorisering van Eenheidsisme en Tweeheidsisme. Hy beskou die twee mees algemene wêreldbeskouings, in sowel die Weste as die Ooste, as teïsme en naturalisme (Sire, 2015:18). In wese is die stryd om ’n Bybels-Christelike wêreldbeskouing by kinders te vestig, ’n stryd tussen ’n naturalistiese en ’n teïstiese wêreldbeskouing. As antitese van naturalisme, sal in opvolgende hoofstukke, aan die hand van gereformeerde dogmatiek, uitgebreide huisgodsdienstemas as toerusting aan ouers gebied word, gebaseer op kernleerstellings van die Christelike geloof en wêreldbeskouing. Dit is egter eers nodig om die invloed van naturalisme as wêreldbeskouing deeglik te oorweeg.

’n Naturalistiese uitkyk, wat die skepping vergoddelik en magte en kragte daarin as bepalend vir mense se lewens beskou, was reeds van vroeg af deel van heidense godsdienste. Sire (2009:92) stel egter dat naturalisme in sy moderne vorm in die 18de eeu ontstaan het en tot volle wasdom in die 20ste eeu gekom het. Die invloed van

naturalisme is dus so kragtig dat hierdie eeue-oue wêreldbeskouing deur die Verligtingstydperk versterk is en vandag op verskeie terreine steeds domineer. Oor die dominerende en invloedryke effek wat naturalisme vandag nog het, skryf Sire (2009:92): “It is seen as the great villain of the postmodern avant-garde. Nonetheless, no rival worldview has yet been able to topple it” (vgl. Sire, 2015:176). Naturalisme is só prominent dat byna alle akademiese dissiplines van die 21ste eeu ’n naturalistiese vertrekpunt het en dat selfs Christene wat ’n teïstiese wêreldbeskouing huldig, ’n naturalistiese metodologie in hul wetenskaplike navorsing gebruik (Sire, 2015:180-181). Hieroor waarsku Sire dat enige wetenskapsbeoefening wat plaasvind asof daar geen God is nie, ons werksaamhede sinloos sal maak: “It is God in whom we live and move and have our being. Not to recognize that is to become futile in our imagination and have our senseless minds darkened” (Sire, 2015:182).

Die rede waarom naturalisme so ’n sterk posisie beklee, is dat daar die indruk geskep word dat dit ’n eerlike en objektiewe wêreldbeskouing is en dat dit vir baie mense as ’n samehangende, logiese en konsekwente wêreldbeskouing voorkom (Sire, 2009:92). Wanneer naturalisme vervolgens as wêreldbeskouing ondersoek en ontleed word, blyk dit egter dat dit nie die geval is nie. Só ’n teenstrydigheid kan selfs aan klein kinders duidelik gemaak word.

Sire (2009:51) stel dat wanneer wêreldbeskouings ontleed en met mekaar vergelyk word (soos in die huidige ondersoek na naturalisme teenoor die Christelike wêreldbeskouing), sulke wêreldbeskouings in hul uiterste vorme gestel moet word

sodat die implikasies van die afleidings wat vanuit die betrokke wêreldbeskouing gemaak word, ten volle begryp kan word.

Verder moet in gedagte gehou word dat elke wêreldbeskouing 'n sekere stel vrae oor werklikheid en waarheid in gemeen het, hoewel hierdie vrae nie altyd dieselfde gevra of op dieselfde manier genuanseer is nie. Volgens Sire (2009:22-23, 27) oorweeg elke wêreldbeskouing (met uitsondering van dié van die Oosterse denke)³⁵ die volgende agt basiese aspekte van die werklikheid: die aard van God of absolute werklikheid, die aard van die heelal, die aard van die mensdom, die vraag oor wat met die mens by sy dood gebeur, die basis van menslike kennis, die basis van etiek, die doel van geskiedenis, en kerntoewydings.

Hoe naturalisme as wêreldbeskouing vanuit hierdie vrae beskou word, beskryf Sire (2009:68 e.v.) deur elkeen afsonderlik soos volg toe te lig:

2.3.1.1 Oor absolute werklikheid (God) en die kosmos

Wat die vraag oor 'n absolute werklikheid of godheid betref, beskou naturalisme die kosmos as die enigste werklikheid. Vir die naturalis bestaan daar geen Skepper en dus geen God nie — alles is bloot materie. Gevolglik is die kosmos ewig (Sire, 2009:68-70). Omdat die kosmos as die ewige en absolute werklikheid beskou word, is dit logies dat die aard van die heelal vir naturalisme 'n eenvormige, geslote sisteem

³⁵ "First, we must realize that the eight worldview questions imply a set of categories that do not neatly fit the categories (or lack of them) that characterize Eastern thought" (Sire, 2009:147-148). Nietemin kan Oosterse godsdienste steeds beskryf en bespreek word aan die hand van Sire se agt vrae, soos in hoofstuk 6 toegepas word op Hindoeïsme en Boeddhisme.

van oorsaak en gevolg is, soortgelyk aan die gevolgtrekking waarby deïsme kom. Dit beteken dat die kosmos outonoom is en dat geen ander agent daarop kan inwerk nie.

Hierdie siening is deterministies van aard, sodat niks — selfs nie menslike invloede nie — 'n verskil in die uitkoms van 'n saak kan maak nie (Sire, 2009:71). Dit lei gevolglik tot die vraag oor die aard en rol van die mensdom in hierdie werklikheid.

2.3.1.2 Oor die mens as wese

Volgens naturalisme is die mens 'n komplekse masjien wat, as deel van die kosmos, bloot volgens die beginsel van oorsaak en gevolg funksioneer. Selfs die mens se gedagtes word as deel van die materie beskou en is slegs die gevolg is van dít wat die brein op meganiese wyse produseer (Sire, 2009:72).

Dit moet egter in ag geneem word dat Sire hier die uiterste vorm van naturalisme beskryf. Oor die algemeen sal naturaliste hierdie uiterste gevolge van hulle wêreldbeskouing nie erken nie, hoewel dit in beginsel wel daarop neerkom.

Volgens Sire (2009:73) sal naturaliste die mens steeds as 'n unieke wese teenoor diere beskou, juis omdat die mens oor konseptuele gedagtes, spraak, kultuur en 'n sogenaamde unieke evolusie beskik. Alhoewel die naturalistiese beskouing is dat die mens deterministies is, sal die naturalis dikwels tog aanvoer dat die mens tot 'n sekere mate vryheid het om sy eie einddoel te bepaal.

Sulke intrinsieke teenstrydighede ten opsigte van kernaspekte soos menslike bestaan, dui op 'n wêreldbeskouing wat nie ooreenstem met die werklikheid nie en daarom nie as 'n akkurate beskouing gehuldig behoort te word nie.

Volgens 'n suiwer naturalistiese beskouing is die siening aangaande die mens se uiteinde na die dood dat die mens by die dood geheel en al uitgewis word — al wat na die dood oorbly, is slegs die mens se nalatenskap (Sire, 2009:74-75).

2.3.1.3 Oor die mens se doel

Met so 'n naturalistiese beskouing van die werklikheid is die mens se lewe hier op aarde al wat oorbly, maar selfs dit het geen werklike waarde nie, omdat die mens volgens hierdie beskouing geen vrye wil, doel of eindbestemming het nie. Só 'n beskouing stem dus nie ooreen met die absolute waarheid, die wêreld of die aard van die mens nie.

Dit bring 'n mens by die laaste vrae wat Sire oor die wese van naturalisme as wêreldbeskouing stel, naamlik die vraag oor menslike kennis, etiek, en die doel van geskiedenis.

2.3.1.4 Oor die mens se kennis

Volgens Sire (2009:75) kan die mens, vanuit die naturalistiese wêreldbeskouing, die skepping alleen deur 'n ingebore en outonome menslike rede ken. Daarby word aanvaar dat die skepping in sy normale staat is—met ander woorde, dat alles goed en reg is soos dit is. Menslike rede word dus die bron van kennis, soos wat reeds by die deïsme en in die Verligingstydperk aanvaar is.

Nietemin sal moderne naturaliste aanvoer dat, hoewel 'n mens kennis van die kosmos deur rede kan opdoen, die mens in werklikheid niks werklik kan ken nie. Om kennis van iets te hê, is eenvoudig 'n beskrywing van wat waargeneem word (Sire, 2009:75-76).

Só 'n begrip van epistemologie is byna 'n variasie van Platonisme se argetipiese Idees en Vorms (Tarnas, 2010:ch. 1:The Greek world, sub:The Archetypal Forms). Só 'n ontwikkeling van epistemologie verval in relativisme — iets wat by postmodernisme gevind word.

2.3.1.5 Oor die mens se etiese basis

Wat menslike etiek betref, handhaaf naturalisme tradisioneel 'n beskouing wat in stryd is met hulle eie wêreldbeskouing, naamlik dat etiek slegs op mense betrekking het. Volgens Sire (2009:76) is dit hoofsaaklik omdat naturalisme sy ontstaan gehad het in 'n tyd toe omliggende kulture, soos die populêre Christendom, steeds die normatiewe en algemeen aanvaarbare etiese maatstaf was waarvolgens mense geleef het. Desnieteenstaande neem naturalisme 'n ander vertrekpunt as die Christendom met betrekking tot die basis waarop etiek begrond word. Waar die Christendom sy fondament in God as absolute bron van waarheid vind, voer die naturalis aan dat die mens sy eie waardes konstrueer, gebaseer op behoefte en situasie, sodat etiek (byna pragmaties) neerkom op elkeen se persoonlike voorkeur (Sire, 2009:76-80).

2.3.1.6 Oor die doel van geskiedenis

Wat die doel van geskiedenis betref, is die naturalistiese beskouing soortgelyk aan naturalisme se verstaan van die kosmos, naamlik dat geskiedenis 'n liniêre reeks gebeure is wat elk verbind word deur oorsaak en gevolg, sonder enige oorkoepelende doel. Die oorsprong van die kosmos en die werklikheid word ook toegeskryf aan 'n self-aktiverende ontstaan vanuit die kosmos deur iets soos die oerknal, sonder enige eksterne invloed of beweging — soos dié van 'n godheid — en alles sal uiteindelik bloot weer terugkeer na die kosmos. Die hele geskiedenis van die kosmos en die mensdom is dus, volgens hierdie beskouing, 'n doellose reeks gebeure wat die beste beskryf kan word deur die Darwinistiese teorie van evolusie deur natuurlike seleksie (Sire, 2009:80-84).

Sire (2009:84) som die doel van geskiedenis volgens naturalisme soos volg op:

History proceeds in a straight line, as in theism (not in a cycle as in Eastern pantheism), but history has no predetermined goal. Rather than culminating in a second coming of the God-man, it is simply going to last as long as conscious human beings last. When we go, human history disappears, and natural history goes on its way alone.

2.3.1.7 Oor die beweegrede van naturalisme

Benewens die aanvanklike sewe vrae wat Sire (2009) oor elke wêreldbeskouing stel om 'n geheelbeeld van die betrokke wêreldbeskouing te vorm, het hy in sy vyfde uitgawe besef dat 'n agtste vraag noodsaaklik is — een wat oor die beweegrede of die kern van die wêreldbeskouing handel, sowel as die persoonlike implikasies daarvan (Sire, 2009:23). Vanuit 'n naturalistiese wêreldbeskouing verwoord Sire (2009:84) die

antwoord op hierdie agtste vraag soos volg: “Naturalism itself implies no particular core commitment on the part of any given naturalist. Rather core commitments are adopted unwittingly or chosen by individuals”. Dit is belangrik om hiervan kennis te neem, want hoewel naturalisme in sy suiwerste vorm daarop dui dat geen mens of agent enige invloed of effek op die geslote sisteem van oorsaak en gevolg het nie, kom die naturalis tog tot ’n teenstrydige gevolgtrekking met betrekking tot sy eie wêreldbeskoulike geloofsoortuigings, naamlik dat die mens vry is om volgens sy of haar eie voorkeur te kies watter doel en toewyding nagevolg word. Só ’n gevolgtrekking en benadering is in sy wese humanisties en plaas die mens outonoom in die sentrum van alle werklikheid.

Om hierdie rede is dit opvallend, maar nie vreemd nie, dat Sire herhaaldelik in sy beskrywing van naturalisme na die *Humanist Manifesto*³⁶ verwys (Sire, 2009:70, 72, 74-77, 85). In sy besprekings van naturalisme wy Sire selfs ’n hele onderafdeling aan sekulêre humanisme en Marxisme as voorbeelde van naturalisme in praktyk (Sire,

³⁶Volgens die American Humanist Association Center for Education (hierna AHA Center for Education) bestaan daar verskeie humanistiese manifeste. Hierdie manifeste is nie soos religieuse belydenisskrifte of dogmas nie, maar is volgens die AHA Center for Education eerder ’n “attempt to summarize the current beliefs and most widely agreed principles of the humanist movement” (American humanist association center for education, [Date of access: 6 May 2024]). Volgens hierdie webtuiste van die AHA Center for Education het die eerste *Humanist Manifesto* wat in 1933 gepubliseer is, ten doel gehad om ’n nuwe beweging aan die publiek voor te stel wat absolute outoriteit, goddelike bevel en geopenbaarde kennis verwerp, ten gunste van demokrasie, menslike waardes, en vrye ondersoek. Die AHA Center for Education meld verder dat daar tydens die Tweede Wêreldoorlog al hoe meer humanistiese groepe ontstaan het wat nie met die vryemarkstelsel van die 1933-manifes saamgestem het nie, wat tot nuwe manifeste gelei het. Voorbeelde hiervan is die *Humanist Manifesto II* (1973), *The Affirmations of Humanism* (1980), *A Declaration of Interdependence: A New Global Ethics* (1988), en die *Humanist Manifesto III* (2003) (vgl. ook Beeke & Smalley, 2019:585-586).

2009:85-92). Hieruit is dit duidelik dat sekularisme as 'n uitvloeisel van naturalisme beskou kan word, wat gevolglik verdere aandag behoort te geniet.

2.3.2 Sekularisme as uitvloeisel van Naturalisme

Die American Humanist Association Center for Education (AHA), 'n prominente assosiasie wat sekulêre humanisme bevorder, stel eksplisiet op hulle webtuiste dat sekularistiese humanisme op 'n naturalistiese wêreldbeskouing gebaseer is. Daarom volg daar vervolgens verskeie aanhalings uit hierdie assosiasie om lesers uit 'n primêre bron bewus te maak van sekulêre humanisme se pogings om 'n invloed op die Christendom uit te oefen. Hulle webtuiste stel dit soos volg (American humanist association center for education, s.a.):

Humanism takes a “naturalistic” view of the world, seeing no good evidence for any supernatural forces or powers. Humanists, therefore, do not believe in any gods, devils, or “Higher Beings,” nor in any kind of afterlife or spiritual plane. Humanism accepts that humans are the products of natural evolution and that human understanding and human values have no divine or supernatural component: human values and understanding arise from the interaction of human nature, social environment, and intellectual exploration. Humanists know that our scientific understanding of the world will change and improve as science continues its open-ended quest to explore, experiment, and explain.

Teenoor hierdie eensydige oorbeklemtoning van humanisme stel Sire (2009:85) dat sekere aspekte van humanisme op sigself nie verkeerd is nie. Christene soos Johannes Calvyn se opvatting dat die mens as beeld van God waardigheid het, sluit in hierdie sin aan by die belangrikheid van die mens en sy waardigheid (vgl. Beeke &

Smalley, 2019:585-586). Sekulêre humanisme (en ook latere Marxisme) is egter 'n skeefftrekking en oorbeklemtoning van die mens, asof hy tot stand gekom het uit 'n naturalistiese wêreldbeskouing.

Teenoor hierdie sekulêre humanistiese beweging het daar ook Christen-manifeste ontstaan, juis om die mens se plek in God se skepping te bevestig³⁷. Wat die geloofsgemeenskap se protes teen sekulêre humanisme betref, waarsku Francis Schaeffer in 1982³⁸ dat gelowiges nie in 'n humanistiese wêreldbeskouing moet verval nie. Gebaseer op sy *A Christian Manifesto* maak hy 'n belangrike en treffende opmerking wat reeds vier dekades gelede gewaarsku het dat sake wat tans aan die orde van die dag is, uit 'n humanistiese wêreldbeskouing spruit. Vanweë die omvang van hierdie probleem, is dit die moeite werd om Schaeffer se waarskuwing in sy geheel aan te haal (Encounter Today, 2019):

Christians in the last eighty years or so, have only been seeing things as bits and pieces. Instead of seeing things which (are) gradually began to trouble Christians and others also of goodwill, such as: over permissiveness, pornography, the problem at the public schools, the breakdown of the family, abortion, in fond aside, the killing of new-born babies, increased emphasis upon the euthanasia of the old, many many other things, they have seen these as isolated bits and pieces instead of understanding that they are the natural outcome of a change from a Christian worldview to a humanistic one ... So if you hold this

³⁷Een sodanige Christen-manifes, wat onder andere deur Sire self onderteken is, het in 1982 die lig gesien (Sire, 2009:85).

³⁸Hierdie waarskuwing kom uit 'n boodskap wat in die *Coral Ridge Presbyterian Church* gelewer is en op YouTube beskikbaar is (Encounter Today, 2019).

other worldview, you must realize that it is inevitable that we will come to the very sorrows of relativity and all these other things that is so represented in our country at this moment of history.

Oor hierdie morele agteruitgang skryf Johnson (2014:60-61) dat, hoewel die Weste op politieke en ekonomiese vlak blykbaar 'n oplewing beleef, daar terselfdertyd 'n morele of geestelike ineenstorting is wat geanaliseer moet word sodat die kerk kan weet hoe om daarop te reageer. Volgens hom het veral Francis Schaeffer en Helmut Thielicke oor hierdie morele krisis nagedink. Beide se gevolgtrekkings kom daarop neer dat Westerse kultuur bedreig word deur 'n verlaagde beskouing van die mens se waardigheid — 'n simptoom van 'n moderne, sekulêre wêreldbeskouing.

Die huidige kulturele stryd wat in die Weste rondom die beskouing van die mens plaasvind, dien as bewys hiervan. 'n Enkele voorbeeld van hoe veral kinders ten opsigte van geslag en sogenaamde gender geraak word, dui op die geweldige omvang van die krisis. Die bekende Amerikaanse podgooi-komentator, Allie Beth Stuckey, wat volgens haar webtuiste (Alliebethstuckey, 2025) fokus op die analise van kultuur, nuus, politiek en die kulturele konflik met die Christelike kerk op haar *The Relatable Podcast*, sê die volgende oor die huidige kulturele stryd in 'n onlangse podgooi:

The spirit of the age, the secular, moral and sexual revolution narrative says that there's no such thing as gender, that the family is completely arbitrary, that marriage doesn't really matter, that male-female doesn't really matter, and therefore if kids are raised by three men, or one trans-non-binary-free and a mom, that it's all well and good, it's all the same,

and yet it's not. Uhm, there are a lot of examples of this on Reddit actually and it really is super sad and many of you have messaged me of stories of when you were a nanny or a baby sitter for two gay men for example, uhm, that you knew their kids, the questions that they would ask, trying to call you mother. More than a few of you have send me similar stories and it's just very heart-breaking (Allie Beth Stuckey, 2024).

Hierdie opmerking is in reaksie op 'n artikel oor twee homoseksuele mans wat 'n driejarige dogtertjie aangeneem het. Hulle het besef dat hierdie klein dogtertjie steeds na 'n moeder verlang, ten spyte daarvan dat hulle haar geleer het dat die twee mans haar ouers is. Die Amerikaanse teoloog, Albert Mohler, wat bekend is vir sy kommentaar oor politieke en nuusgebeure, asook vir sy boek *The Gathering Storm: Secularism, Culture, and the Church*, skryf die volgende oor hierdie insident en die tendens wat tans in die hedendaagse kultuur waargeneem word:

The big lesson here is that the 3 ½ year old sees what the others will not see. She is not wrong. Her instinct is exactly right. She needs a mommy and a daddy, and she knows it ... We must recognize that this level of confusion and contortion underlines the fact that our current cultural warfare is now at the level of an ontological crisis and an outright rebellion against creation order ... Our society is now at war with that creation-order conception of marriage and the family (Mohler Jr., 2024).

Hierdie en talle ander aspekte is alles tragiese gevolge van 'n naturalistiese wêreldbeskouing — veral in die lig daarvan dat sekulêre humanisme juis ten doel het om die mens se waardigheid te verhoog. Ongelukkig misluk dit omdat sekulêre humanisme poog om dit reg te kry deur God buite rekening te laat. Hieroor skryf Beeke

en Smalley (2019:585): “In secular humanism, atheistic rejection of God leads to the deification of man”.

Thielicke beskryf ’n nie-Christelike beskouing van menswaardigheid as funksionele waardigheid, terwyl die Christen die mens se waardigheid as van God afkomstig beskou. Schaeffer verduidelik dat die Christen menswaardigheid verstaan as die mens wat na die beeld van God geskape is, terwyl die moderne sekulêre denker die mens in die sentrum van ’n geslote sisteem plaas, waarin waarheid uitsluitlik deur oorsaak en gevolg bepaal word (Johnson, 2014:60-63).

Die evolusionistiese teorie van Darwin, soos dit in die Nuwe Ateïsme tot uiting kom (waarop in verdere hoofstukke meer aandag gegee sal word), is ’n voorbeeld hiervan en ’n bewys van hoe ’n naturalistiese etiek in sig self ’n weerspreking is. In sy boek *Gunning for God* toon die apologet John Lennox (2011a)³⁹ aan dat die evolusionistiese teorie ’n intrinsieke teenstrydigheid bevat. Hierdie teorie beweer dat die mensdom se etiek daarin geleë is dat alles gedoen moet word om die voortbestaan van die mensdom te verseker. In wese fokus hierdie teorie egter op die individu se eiebelang om te oorleef.

³⁹Vir die doel om ’n voorbeeld te gee van hoe sekularisme die mens in die sentrum plaas, is dit voldoende om John Lennox se boek, *Gunning for God* te gebruik, juis omdat sekondêre bronne die reaksie op ’n Darwinistiese beskouing (bekend as die Nuwe Ateïsme) belig. Daarom is dit nie noodsaaklik om hier hoofsaaklik met die primêre bron te werk nie, maar sal daar telkens na die primêre bron verwys word.

Hierteenoor voer Lennox (2011a) aan dat die mens 'n ingebore eienskap van altruïsme (onbaatsugtigheid) besit, wat nie met die Darwinistiese beskouing strook nie. Die evolusionistiese ateïs, Richard Dawkins, poog om hierdie teenstrydigheid te verdedig deur te beweer dat mense soms in rebellie teen die selfsugtige gene optree. Ander, onder andere Ruse en Wilson, probeer om hierdie teenstrydigheid te verklaar deur te stel dat morele onbaatsugtigheid eintlik daarop gemik is om 'n eie biologiese voordeel te dien. Biologiese onbaatsugtigheid word in hierdie konteks verstaan as die samewerking tussen diere om oorlewing te verseker.

Tog verklaar hierdie verduidelikings steeds nie waar moraliteit sy oorsprong het nie. Wilson wend 'n poging aan om hierdie vraag te beantwoord deur te stel dat moraliteit bloot ten doel het om die oorlewing van gene te verseker. Per implikasie beteken dit dat morele kodes sterk gene in stand hou en swak gene elimineer, alles binne die geslote sisteem van oorsaak en gevolg.

Meer oor die konsep van die selfsugtige geen sal in latere hoofstukke bespreek word. Tog kan daar reeds vermeld word wat Dawkins hieroor sê: “We are survival machines – robot vehicles blindly programmed to preserve the selfish molecules known as genes” (vgl. Dawkins, 2006a:xxi; Lennox, 2011a:111). Verder sê hy: “We are built as gene machines ... but we have the power to turn against our creators”(vgl. Dawkins, 2006a:201; Lennox, 2011a:111). Dawkins is só teenstrydig in sy teorie dat hy selfs waag om te beweer dat daar geen moraal is nie — goed en kwaad bestaan dus nie in sy verwysingsraamwerk nie; dit is bloot DNA wat alles reguleer en ons gedrag bepaal.

Indien Dawkins se standpunt in werklikheid toegepas sou word, sou dit beteken dat selfs moordenaars moreel geregverdig is, aangesien hulle klaarblyklik slegs “volgens die musiek van hulle DNA dans”. Hierdie DNA, wat volgens Dawkins ons regeer, het slegs ten doel om die mensdom te laat voortbestaan, wat daartoe lei dat alle menslike verantwoordelikheid verskoon word.

Die probleem met 'n mens-gesentreerde beskouing is dat, indien daar geen ewige en vaste normatiewe basis is waarop morele waardes gegrond kan word nie, al hierdie teorieë van die Nuwe Ateïsme slegs menslike uitvindings is, waarin mense self hulle eie norme en waardes bepaal. Gevolglik word die mens self-vernietigend, aangesien die mens volgens geen absolute maatstaf meet nie, en ook nie binne homself iets kan vind waarvolgens hy volhoubaar kan leef nie.

Wat sekularisme as beweging betref, het Peter Berger aanvanklik die teorie gehuldig dat die wêreld en godsdiens al hoe meer sou sekulariseer, maar het tog dekades later, in 2016, erken dat sy vorige sekularisme-hipotese verkeerd was. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die moderne wêreld nie sekularisties in terme van godsdiens is nie, maar eerder 'n godsdienstige pluralisme verkondig (The Veritas Forum, 2016). Volgens Berger het dit tot gevolg dat godsdiens as net nog 'n ideologie tussen vele ander beskou word (vgl. Waggoner, 2024:22). Ten spyte van sy mening het sekularisme egter steeds 'n baie sterk invloed en is dit aan die toeneem, soos hieronder duidelik sal word. Daarbenewens bly die onderskeid ten opsigte van

wêreldbeskouings steeds dié tussen naturalisme en teïsme, soos reeds bespreek.

Alfeyev (2005:86-87) beskryf hierdie onderskeid soos volg:

For Christians, it is God who is regarded as the source of legal and social norms, and Christ's commandments constitute an immutable moral law. The Christian system of values is theocentric and Christocentric. By comparison, secular humanism is anthropocentric, since it regards the human person as the "measure of all things", as the absolute value and yardstick of truth (The Basic Social Concept of the Russian Orthodox Church XVI.3). Orthodox Christianity proceeds from the idea that human nature, damaged by sin, requires correction, redemption and deification. This is why the church "cannot favour a world order that puts in the centre of everything the human personality darkened by sin" (The Basic Social Concept of the Russian Orthodox Church XVI.4). Humanism, however, negates the very idea of sin. For it, the only things that limit an individual's freedom are legal norms that protect the liberty of other individuals.

Om die skokkende realiteit van hedendaagse georganiseerde sekularisme en vyandigheid teen godsdiens aan te toon, word 'n oorsig van so 'n funksionerende organisasie vervolgens as gevallestudie gebied. As voorbeeld word Engeland se *National Secular Society* (hierna NSS) geneem⁴⁰. Die NSS is nie die enigste instansie wat sekularisme bevorder nie; daar is talle ander, onder andere die *Nonreligion and Secularity Research Network* (NSRN) en die *Institute for the Study of Secularism in Society and Culture* (ISSSC). Die grootste georganiseerde sekularisme-organisasies

⁴⁰Tydens hierdie oorsig sal groot dele uit die NSS se eiesoortige dokumente aangehaal word. Die rede waarom daar so ruim aangehaal word, en waarom hierdie inligting nie bloot oorvertel word nie, is juis om aan te toon dat die navorser nie die inligting verkeerd interpreteer nie, en dat die leser self, vanuit die primêre bron, kan beoordeel wat hierdie sekularisembeweging en sy motiewe werklik behels.

wat tans in Amerika bestaan is die *American Humanist Association* (AHA), *American Atheists* (AA), *Freedom From Religion Foundation* (FFRF) en die *Council for Secular Humanism* (CSH) (Fazzino & Cragun, 2017:64). Die rede waarom die NSS as voorbeeld gebruik word, is omdat daar, behalwe vir enkele uitgesoekte publikasies, relatief min inligting oor die oorsprong en ontwikkeling van Amerikaanse sekularisme en organisasies is (Fazzino & Cragun, 2017:59).

Die NSS het hierteenoor 'n konkrete manifest vir verandering beskikbaar gestel, waarin hulle as visie stel dat sekularisme die antwoord is op die reg op godsdienstvryheid, terwyl dit van die staat vereis om 'n neutrale standpunt ten opsigte van geloof in te neem. Laasgenoemde is iets wat eenvoudig nie moontlik is nie, aangesien die feit dat sekularisme as normatiewe wêreldbeskouing deur die staat gekies en gehandhaaf word, impliseer dat die staat nie werklik neutraal is nie — trouens, geen standpunt kan ooit geheel en al neutraal wees nie, aangesien alle mense sekere voorveronderstellings het waarmee hulle die werklikheid benader. Hiervan getuig Clouser (2005) in sy boek *The Myth of Religious Neutrality: An Essay on the Hidden Tole of Religious Belief in Theories*.

Volgens die NSS lyk die stand van sekularisme in Engeland soos volg (National secular society:12-13):

The public are broadly supportive of many secularist principles. 71% of people think that religious leaders should have no influence over the decisions of the government and 81%

agree with the statement: "Religious practice is a private matter and should be separated from the political and economic life of my country."

Verder skryf die NSS die volgende in hul manifest opsigte van hulle visie as organisasie (National secular society:12): "Instead, we advocate a national identity based on fundamental values of democracy, separation of religion and state, the rule of law, individual liberty, and tolerance of those with different faiths and beliefs. The public are broadly supportive of many secularist principles."

Die visie van die NSS het die volgende doel ten opsigte van die geloofsvorming van kinders in skole (National secular society:19): "To ensure everyone's right to raise their children in accordance with their own religious or philosophical convictions is respected equally, we believe there needs to be a move away from faith-based schools in favour of inclusive secular schools which promote commonly shared societal, rather than religion-specific values."

Die rede wat die NSS aanvoer om godsdiens in skole te vermy, maar terselfdertyd sekularisme in skole aan te moedig, is omdat hulle van mening is dat godsdiens tot die indoktrinering van kinders lei (National secular society:19):

Young people should be given both the freedom and the necessary critical thinking skills to make their own reflective choices in their own time. They should be entitled to an education which doesn't seek to indoctrinate with a particular religious worldview or even one that inculcates in them with the belief that religion is intrinsically and always good.

Tog erken die NSS dat sekularisme as 'n godsdienstige oortuiging beskou kan word en dat dit ingesluit behoort te word, en by implikasie voorkeur behoort te geniet, in die kurrikulum van skole (National secular society:23): “By having an overview of different faiths and worldviews, education can tackle religious bigotry, intolerance and prejudice and foster mutual understanding and peaceful coexistence. This should include education about secular and philosophical critiques which are a part of, and not separate from, religious literacy.”

Terselfdertyd beveel die NSS aan dat kinders verpligte seksopvoeding moet ontvang waaraan hulle nie mag onttrek nie (National secular society:26): “All children and young people, including pupils at faith schools, should have a statutory entitlement to impartial and age-appropriate sex and relationships education, from which they cannot be withdrawn.”

Verder dui die NSS aan dat alle mense vryheid van spraak moet hê, maar dat godsdienste nie meer openlik hulle opinie mag verkondig of enige voordeel of beskerming mag geniet nie (National secular society:33):

Religion must not be returned to a place of special protection, where it cannot be satirised, ridiculed or criticised. This is increasingly called for under the guise of protecting ‘community cohesion’ or ‘community relations,’ and many religious figures and political leaders (including Pope Francis and President Obama) have argued that free expression should only be exercised where it will not aggravate religious sensibilities. This argument must be rejected emphatically; free expression is a fundamental principle of a free,

democratic, secular society, and we must not return, through the backdoor, to the type of society where religion is exempt from criticism, ridicule and satire.

Opsommend bied die NSS 'n lys van 59 aanbevelings rakende hoe die regering 'n eksklusief sekularistiese wêreldbeskouing in die samelewing kan bevorder deur van 'n fokus op godsdienste weg te beweeg. Volgens die NSS behoort die fokus eerder te val op sake soos individuele regte, die neutralisering van godsdiens in skole, 'n klem op sogenaamde onpartydige en verpligte seksuele opvoeding, 'n verbod op gesamentlike aanbidding in skole asook vryheid van spraak in skole en universiteite. Die publiek en die media moet verder aangemoedig word om kritiek teenoor godsdiens te lewer, terwyl wetgewing aangepas behoort te word om te verseker dat geen diskriminasie teenoor LGBT-persone of ander oortuigings plaasvind nie. Gesondheidsorg moet so ingerig wees dat geen gewetensbesware afgedwing word nie en dat alle persone op grond van menseregte ingesluit word. Daarbenewens moet godsdiens ingevolge die Gelykheidswet by openbare dienste en seremonies verbied word. Ten slotte, meen die NSS dat openbare nuusuitsendings deur maatskappye soos die BBC verbied moet word om enige godsdienstige inligting, asook inligting wat saamgestel is deur godsdienstige werknemers, uit te saai, aangesien sulke persone volgens die NSS bevooroordeel is (National secular society:65-71).

Die tragedie is dat, hoewel die NSS daartoe verbind is om godsdiens en staat te skei in 'n poging om gelyke regte aan alle mense te verseker, die NSS homself aan sy eie doel skuldig maak deur sekularisme as 'n godsdiens te beskou en dit as 'n eksklusiewe

godsdienstige oortuiging ten koste van ander godsdienste te bevorder. Die NSS doen dit deurdat in *The Secular Charter* verklaar word dat hulle hulself beywer vir 'n sekulêre demokrasie waar geen godsdiens in die staat is nie. Die staat behoort volgens hulle geen godsdienstige voorkeure te hê of in te meng in die samestelling van godsdienstige leerstellings nie, en die staat mag nie aan godsdienstige aktiwiteite of praktyke deelneem, dit befonds of bevorder nie (National secular society, The secular charter).

2.3.2.1 Oorsprong

Met die ontwikkeling en invloed van sekularisme is dit van belang om te vra waar die konsep van sekularisme of sekularisasie vandaan kom?⁴¹ McBride (2015:317-318) voer aan dat sekularisasie sy oorsprong reeds by die Reformasie het, veral met Luther se werk *On Secular Authority*. Hierdie werk handel oor die teologie van die twee koninkryke, waarvolgens gelowiges tot die koninkryk van God behoort, terwyl die res tot die koninkryk van die wêreld behoort, en die staat as 'n sekulêre gesag beskou word wat deur God aangestel is. Volgens McBride (2015) stel Luther hierin voor dat die Christen sy lewe in sy private hoedanigheid volgens Christelike etiese waardes moet inrig, maar ook die staat moet gehoorsaam en nie weerstand daarteen bied nie—selfs al is die optrede moontlik in stryd met Christelike waardes: “Accordingly, the true

⁴¹ Die oorspronklike, algemene betekenis van sekularisme kan verstaan word as die onderskeid en skeiding tussen die sekulêre (aardse) en die religieuse domeine, veral in die vorm van 'n politieke filosofie wat neutraliteit wil verseker deur die skeiding van staat en godsdiens. Met verloop van tyd het die betekenis van sekularisme egter ook 'n ideologiese inslag begin kry, waardeur die sekulêre self as 'n wêreldbeskouing of waardestelsel bevorder en georganiseer word, soos byvoorbeeld in die vorm van humanisme of ateïsme (Cragun & Manning, 2017:2-3).

Christian would be obligated to follow the law, even if in so doing, the true Christian violated the tenets of Christianity practiced in private life” (McBride, 2015:318).

Die skrywer en filosoof Charles Taylor is veral bekend vir sy werk oor sekularisme en die ontwikkeling daarvan. In sy boek, *A Secular Age* wat in 2007 gepubliseer is, bied Taylor 'n omvattende analise van die historiese ontwikkeling en opkoms van sekularisme in die Weste, wat uiteindelik tot die verwerping van God gelei het. McLean (2012:1) merk op dat Taylor in sy boek daarin slaag om aan te toon dat die verskynsel van sekularisasie sy oorsprong by die Reformasie en die begin van die modernisme het. Volgens Taylor het die proses van sekularisasie oor die afgelope vier eeue 'n integrale deel van die menslike strewe na selfvervulling gevorm, en kan hierdie proses nie bloot toegeskryf word aan die feit dat modernisme godsdiens verlaat het nie (McLean, 2012:2). McLean (2012:5) som die huidige situasie of te wel die probleem van sekularisme, akkuraat en bondig soos volg op:

The general phenomenon of progressive secularization over the last 400 years must be seen in the light of: first, the broad human processes of the Reformation reacting against hierarchy and the corresponding progressive affirmation of individual authenticity and equality; second, the Enlightenment's parallel emphasis upon the disjunction of human reason from the unitive influences of wisdom and faith; and third, democracy and human freedom over the evaluation and guidance of human action. All these have come together in the post-World War II under the development of the pervasive personal communication system which bypasses the communal parish church as the dominant context for the formation of one's personal outlook. Hence, it becomes especially common for young

persons to set out on life with the attitude of seekers embarking on the exciting, if at times threatening, adventure of constructing their own life in their own terms.

Calhoun *et al.* (2011:12) stel, in teenstelling met McLean se hipotese, dat die oorsprong van sekularisme selfs verder teruggevoer kan word na Augustinus se *City of God*, alhoewel Augustinus self nie sekularisme bevorder het nie. Intendeel, Augustinus het juis die Christelike wêreldbeskouing teenoor 'n heidense wêreldbeskouing beklemtoon (Calhoun *et al.*, 2011:12):

When Saint Augustine offered his famous and influential distinction of the City of God from the City of Man, he did not mean to banish religion from “secular” affairs. On the contrary, his image of the City of God is the church—the body of religious people living in secular reality—and it is contrasted with those who live in the same world but without the guidance of Christianity.

Die redakteurs van die boek *Organized Secularism in the United States*, Cragun en Manning (2017), bevestig dat sekularisme mettertyd 'n ideologiese betekenis aangeneem het. Dit is dus nie meer slegs daarop toegespits om godsdienstige en nie-godsdienstige verskynsels van mekaar te skei nie, maar, soos hulle dit stel: “the celebration and promotion of the secular as a worldview or value system that is the functional equivalent of religion. Secularism, then, is what nonreligious people believe and practice” (Cragun & Manning, 2017:3). Oor hierdie ontwikkeling en bevordering van sekularisme skryf McCallum (2019) dat daar verskillende narratiewe van sekularisme bestaan, elk met sy eie nuanse, wat beteken dat daar nie minder nie as nege verskillende interpretasie-moontlikhede vir die term sekulêr bestaan. Die mees

basiese definisie van sekularisme kan gesien word as die leerstelling van die skeiding tussen godsdiens en sekulêre sake, terwyl sekularisme soms selfs as 'n godsdiens beskou word wat teenoor ander godsdienste staan.

Daaruit spruit die moontlikheid dat sekularisme as konsep beide 'n akkommoderende sowel as 'n eliminerende inslag kan aanneem wanneer dit met ander godsdienste meeding (McCallum, 2019:244-245). McCallum (2019:245) stel dit so: "Secularism can also be seen as an ideological challenge that competes with religion as a belief system and seeks to marginalize it". Hierdie vorm van sekularisme is wat White (2017:20) beskryf as funksionele ateïsme, en wat Alfeyev (2005) as militante sekularisme aandui. Dit dien as 'n soort pseudo-godsdiens met sy eie leerstellings, morele norme, kultiese aanbidding en simbole — 'n *Weltanschauung* wat nie neutraal is nie, maar inteendeel openlik vyandig teenoor die Christendom staan, en daarop gerig is om die Christendom te vervang (Alfeyev, 2005:84). Soos wat Alfeyev (2005:84) dit stel: "As with 20th-century Russian communism, it also lays claims to a monopoly on worldviews and remains intolerant of competition".

2.3.2.2 Invloed van sekularisme

Dit is duidelik dat die Bybels-Christelike wêreldbeskouing onder aanval is vanweë sekulêre humanisme. Verder toon statistieke en navorsing dat toenemend meer jong mense hulle Christelike geloof prysgee kort nadat hulle die ouerhuis verlaat, wat onder meer toegeskryf kan word aan die invloed van sekularisme (vgl. Lesage *et al.*, 2025). Natuurlik hou die bedreiging van sekularisme vir Christene ook verband met die feit

dat jong gelowiges wat nooit geleer het om 'n Bybelse wêreldbeskouing te ontwikkel en bevorder nie, die geloof verlaat (Pearcey, 2008:19). Die gereformeerde apologet, Greg Bahnsen voer tereg aan dat waar die Godgegewe antitetiese perspektief tussen Christendom en die wêreld vervaag, geen ongekwalfiseerde godsdienstige waarheid gehandhaaf kan word nie (Bahnsen, 1990).

Van der Walt (2005b) voer aan dat die rede waarom sekularisme so 'n groot bedreiging en gevaar vir die Christendom inhou, is omdat sekularisme nie 'n openlike vyand is wat met fisiese wapens veg nie, maar eerder op subtile maniere infiltreer. Boonop, as lewensbeskouing, het sekularisme volgens Van der Walt (2005a) 'n geweldige negatiewe invloed en verlamende effek, veral op die Christelike leer oor God, sy wette en die skepping. Daarbenewens werk sekularisme geleidelik van buite na binne om, soos 'n virus, die hart van die geloof te verlam. Wat die bedreiging so dodelik maak, is dat sekularisme as 'n "verkleurmannetjie-ideologie" optree, omdat dit nie maklik onderskei of uitgeken word kan nie (Mashau, 2009:111).

Die gevolg is dat die invloed van sekularisme reeds só in die denke van Christene begin posvat het dat selfs sommige Christen-teoloë hulleself as sekulêre Christene beskou. Die Christendom word 'n maklike teiken omdat die Christelike leer van barmhartigheid en menswaardigheid op die oog af lyk asof dit moeiteeloos in die handskoen van sekularisme pas. Avakian (2016) meen tereg dat die Christendom juis die godsdienst is wat die boodskap van armoede, selfverloëning, naasteliefde en nederigheid behoort te verkondig. Ongelukkig word die evangelie deur sekulêre

Christene só verdraai en tot sekularisme verskraal dat daar uiteindelik geen idee van God oorbly nie. Avakian (2016:383) kom tot die gevolgtrekking: “Hence, any claim of power and superiority by the church and any employment of “God” or a theory of “God” for promoting and enhancing personal agendas is not justified”.

Die Lutheraanse sosioloog, Peter Berger, stel selfs voor dat die term *metodologiese ateïsme* as vertrekpunt in sosiologiese navorsing gebruik behoort te word. Dit het ander navorsers verder hiertoe aangespoor (Berger, 1967:121; vgl. Bellah, 2010:50), en die begrip is sedertdien uitgebrei en genuanseer tot *metodologiese agnostisisme* (Porpora, 2006).

Die gevaar vir Christene en hulle kinders is dat die heidendom toenemend daarin slaag om Christene en hulle kinders op 'n geleidelike wyse van 'n Bybelse wêreldbeskouing te beroof. Hieroor waarsku Bahnsen (1990) dat die ongelowige natuurlik die Bybelse wêreldbeskouing sal teëstaan en daaroor wil heers:

The spirit of our age or culture, however, is not only antithetical to the perspective of God's Spirit as generally revealed in the Scriptures; it is in particular antithetical to the Biblical view of antithesis itself. The enmity or antithesis between the regenerate and unregenerate mind, as presaging the final antithesis of heaven and hell is renounced by the modern spirit in the hope that all the world might some day “live as one”.

Soortgelyk aan die waarskuwing wat Schaeffer aan die kerk gerig het, soos reeds hierbo in die hoofstuk aangedui is, beskryf Jones (2015:7) die ontstellende invloed van sekularisme op die Christendom soos volg:

Over the last two generations, I have watched the Oneism of ancient paganism overtake the centuries-old Western cultural structures rooted in basic notions of biblical truth (Twoism). The lie of Oneism is on the rise, in large part because it is now being presented as an articulate cosmology capable of explaining the whole of human existence, claiming to define “the right side of history,” and demanding to be culturally normative. This attempt to dismantle the Christian worldview’s belief in a divinely created universe of structure and order not only undermines right knowledge of and worship of the Creator, but severely hinders people from hearing and understanding the Christian (Twoist) gospel at all.

Gearon (2024:49) bevestig dat die hoofdoel van die Verligting, wat deur Immanuel Kant met sy *Weltanschauung* begin is, was om die Christelike gesag te kritiseer: “The entirety of the Enlightenment and the academic disciplines would thereof have their epistemological foundations in the critique of religious, and specifically Christian authority”. Die hipotese hiervan, sê Gearon (2024:50), is die volgende: “Where religious education is separated from religious life, it, by necessity, requires alternative grounds to define its aims and purposes. Those grounds from which state religious education now sources its epistemological foundations are a disparate grouping of secular philosophies and worldviews.”

Jones (2015:12) waarsku dat *Millenials* die primêre teikens is wat reeds van geboorte af met hierdie onbybelse filosofie onderdompel word, in ’n poging om die Bybels-Christelike wêreldbeskouing te vernietig. Hierdie filosofie of ideologie van Eenheidsisme word op ’n baie subtile wyse bevorder in die strewe na ’n geestelikheid waarin ’n beter menslike utopie geskep kan word. Om hierdie doel te bereik moet

sekulêre humanisme die Bybels-gebaseerde, binêre strukture van teïstiese Tweeheidsisme uitwis. Dit word dikwels gedoen deur die gebruik van terme wat sogenaamde menseregte benadruk, sowel as deur die beoefening van heidense praktyke soos meditasie en joga (Jones, 2015:88-89).

2.3.2.3 Sekularisme se invloed op (voorskoolse) kinders in sekulêre onderrigting, media en kultuur

Dit is 'n realiteit dat kinders se wêreldbeskouing op verskeie terreine beïnvloed word. Arniika Kuusisto (2020), professor in die Departement Kinder- en Jeugstudies aan die Universiteit van Stockholm in Swede, het tydens 'n internasionale simposium oor die onderwerp *Religion-Moral-Values Education and Problems in Early Childhood Period*, die volgende gesê met betrekking tot kinders se wêreldbeskouing:

Children's worldviews are nowadays increasingly hybrid in nature, merging elements from a variety of religious and secular sources or traditions (Helve 2016), new spirituality (Utriainen & Ramstedt, 2017) and for example children's culture, fairytales, media, and computer games (Kuusisto, forthcoming). Home is of course an important primary socialization context for learning values—as part of worldviews—and constructing these broader outlooks to life, the individual worldviews.

In 'n ander studie oor die plek van godsdiens en wêreldbeskouings by voorskoolse kinders in kleuterskoolkurrikula in Switserland, word gestel dat daar 'n toename is in pluralisme in die samelewing, asook 'n groter diversiteit van godsdienste en wêreldbeskouings (Raivio *et al.*, 2023:1). Dit het 'n noodwendige uitwerking op die vereiste bevoegdheid van opvoeders, wat daartoe lei dat tersiêre opleiding vir

voorskoolse onderwysers ingerig moet wees om sowel die regte van onderwysers as dié van studente te beskerm. Hiervoor moet onderwysstudente voorberei word om sosiaal volhoubare, gelyke, regverdige en gevolglik inklusiewe onderwys in kleuterskole te kan handhaaf.

Hierdie vereiste is in lyn met die doelstelling wat die Verenigde Nasies se agenda vir 2030 stel, naamlik die bevordering van inklusiewe en billike onderwys op alle vlakke — insluitend dié van voorskoolse onderrig. Tog bevind Raivio *et al.* (2023) in hul artikel dat, alhoewel die Konvensie oor die Regte van die Kind in Sweedse wetgewing opgeneem is, die kurrikulum vir voorskoolse onderrig by al twintig universiteite in Switserland niks eksplisiet meld oor die plek van godsdiens in voorskoolse onderrig nie. Dit is opmerklik, aangesien die Konvensie oor die Regte van die Kind bepaal dat kinders se reg op 'n lewe wat voldoende is vir hulle fisiese, verstandelike, geestelike, morele en sosiale ontwikkeling, erken moet word. Verder word daarin uitdruklik gestel dat kinders se reg op vryheid van denke, gewete en godsdiens gerespekteer moet word. Die ironie is dat die kurrikulum vir voorskoolse onderrig in Switserland bepaal dat voorskoolse kinders nie eensydig beïnvloed mag word ten gunste van 'n bepaalde wêreldbeskouing nie, en dat onderwys objektief en neutraal moet wees (Raivio *et al.*, 2023:4).

Die probleem wat hierdeur geskep word, is dat geen kurrikulum ooit werklik neutraal of objektief kan wees nie, aangesien enige inslag in wese 'n benadering verteenwoordig en altyd met 'n standpunt of vertrekpunt, asook sekere

voorveronderstellings, gepaard gaan. Daarom kom hierdie studie tot die volgende gevolgtrekking: “The lack of explicit expressions of ‘religion’ contributes to reproducing liberal secularist and humanist worldviews as the norm for the PTE [Preschool Teacher Education]” (Raivio *et al.*, 2023:8).

Hoewel hierdie studie op die konteks van Switserland fokus, is die behoefte aan onderrigting in godsdiens en wêreldbeskouing, sowel as pluralisme ten opsigte van godsdiens en wêreldbeskouing, as gevolg van globalisering byna wêreldwyd ’n werklikheid wat nie geïgnoreer kan word nie. Hierdie invloede van sekularisme raak ook die Christendom in Suid-Afrika. Hieroor skryf Mashau: “Secularism not only affects the West, but its effects are both huge and devastating in every continent of the world—including Africa—and democratic South Africa in particular” (Mashau, 2009:108).

Die geweldige invloed van sekularisme is veral ook in die media merkbaar. Caroline Fitzpatrick, navorser en assistent-professor in sielkunde by die Université Sainte-Anne in Kanada, skryf in ’n internetartikel (Fitzpatrick, 2018) dat kinders vandag meer toegang tot media het, en dat studies aantoon dat minstens 37% van media-inhoud spesifiek daarop gemik is om kinders aan fisieke of verbale geweld bloot te stel. Daarbenewens bevat 90% van rolprente, 68% van videospelletjies, 60% van televisiestories, en 15% van musiekvideo’s een of ander vorm van geweld. Sy skryf verder (Fitzpatrick, 2018):

Evidence shows that this can be detrimental to young children. Around the ages of three and four children begin to develop perceptions and expectations about the world around

them. These views are strongly influenced by their daily experiences. If children are often exposed to scenes of violence, they may develop a view of the world as a more dangerous place than it actually is.

'n Artikel deur die Canadian Paediatric Society (2003) voeg hierby dat die invloed van media op die psigologiese ontwikkeling van kinders ingrypend is — hetsy positief of negatief. Die beskikbare data dui egter daarop dat die negatiewe uitwerking van blootstelling aan geweld, ongepaste seksualiteit en aanstootlike taalgebruik oorweldigend is. Verder word aangedui dat daar 'n direkte verband bestaan tussen die invloed van televisie op kinders en die tydsduur waaraan hulle daaraan blootgestel word. Die ontstellende gevolg van langdurige blootstelling aan televisie — veral vir kinders wat nog in vroeë ontwikkelingsfases is — is, soos die artikel dit stel: “the world shown on television becomes the real world” (Canadian Paediatric Society, 2003:301).

Daarby moet genoem word dat kinders se blootstelling aan televisie hulle deelname aan ander aktiwiteite soos fisiese spel, lees, tyd saam met familie en vriende, sowel as oefening, beperk — alles aspekte wat noodsaaklik is vir gesonde ontwikkeling. Wanneer kinders voortdurend aan 'n televisie blootgestel word, word hulle gevolglik van hierdie belangrike geleenthede ontnem. Die studie van die Canadian Paediatric Society (2003) belig die aansienlike negatiewe impak wat televisie op kinders kan hê. Intussen het tegnologiese ontwikkeling daartoe gelei dat die internet en selfone die plek van televisie ingeneem het, en dié tegnologie is nou so toeganklik dat dit maklik in kinders se handpalms pas. Hierdie toestelle kan dikwels sonder enige toesig of tydsbeperking gebruik word, en selfs deur ouers aan kinders voorsien en

aangemoedig word. In hierdie verband rig die Canadian Paediatric Society (2003) ook 'n waarskuwing dat, hoewel die internet vir positiewe doeleindes benut kan word, daar steeds gevare bestaan — soos blootstelling aan pornografie — selfs al het die kind nie aktief daarna gesoek nie (Canadian Paediatric Society, 2003:303-304).

Nietemin moet die rol wat tegnologie in kinders se lewens speel, as 'n gegewe beskou word. White (2017:42) skryf oor die invloed wat tegnologie veral op Generasie Z⁴² het: “Generation Z is the first generation that is the product of what Bernstein calls the fourth great communication revolution: the first was language itself, the second was writing, the third was the mechanization of writing, and the fourth was the electronic encoding of information.”

Hieroor maak White (2017:44) 'n belangrike observasie oor hoe jongmense toenemend deur inligting via tegnologie oorweldig word. Dit het tot gevolg dat jongmense dikwels nie oor die nodige vaardighede beskik om hierdie inligting te interpreteer en te evalueer nie. Daaruit blyk dit dat Generasie Z, asook ander jongmense, toegerus moet word om te leer onderskei tussen kennis en wysheid. Ouers kan 'n belangrike rol speel deur hulle kinders hierin te lei, aangesien ouers as lede van vorige generasies, nie aan dieselfde graad van inligtingsoorlading en tegnologiese oorheersing blootgestel was nie en boonop oor lewenservaring beskik om kinders in wysheid te begelei.

⁴²Generation Z is 'n term wat verwys na 'n generasie mense wat tussen 1997 en 2012 gebore is (Dimock, 2019).

Hierdie invloede van Eenheidsisme, wat op verskeie terreine infiltreer, staan nie los van mekaar nie. Soos reeds aangetoon, is dit 'n wêreldbeskouing van sekularisme wat in samehang opereer om op alle terreine 'n invloed op sowel volwassenes as kinders se wêreldbeskouing uit te oefen. Albert Mohler, president van *The Southern Baptist Theological Seminary*, wat veral bekend is vir sy gereformeerde inslag ten opsigte van politiek en kultuur, skryf reeds aan die begin van die 21ste eeu (Mohler, 2005:54-55) oor die invloed van sekularisme op verskeie terreine:

In every corner of culture, confusion and chaos run rampant in this post-truth age. In literature, for example, postmodern narrative has grown so minimalist that it has reached the point of having no point at all ... Similarly, artists, musicians, architects, and filmmaker have now openly embraced nihilism ... Directors in the cinema industry now say their sole ambition is to tell their truth, as if that were something different from the truth. In large sectors of academia as well, truth has become such a contested category that no debate is more intense than whether truth can be known at all. The same is true in law, where truth is now a matter to be decided, not discovered.

Hierdie uitsprake wat reeds twee dekades gelede gemaak is, het destyds reeds getoon dat nihilisme — wat in sekularisme neerslag vind — daarop gemik is om alle terreine van die lewe te beïnvloed. Mohler skryf hierdie invloed toe aan moderne filosowe soos Descartes, Locke en Kant. Volgens hom is die betekenis van waarheid sedert die Verligting deur hierdie filosowe na die subjek verskuif, wat aanleiding gegee het tot 'n soeke na maniere om waarheid te bepaal. Dit het onder andere gelei tot die ontwikkeling van die sogenaamde “hermeneutiek van twyfel”, wat deur voorstanders

soos Nietzsche, Marx, Freud, en Darwin bevorder is (Mohler, 2005:55-56; 2008:19-22). Hieroor waarsku Mohler (2005:57): “Christians cannot dismiss postmodernism as unimportant or irrelevant, for it is shaping the mind of the age”. As antwoord op of oplossing vir hierdie probleem, stel hy: “The way out of this hermeneutical nihilism and metaphysical anti-realism is the doctrine of revelation. It is indeed the evangelical, biblical doctrine of revelation that breaks this epistemological impasse and becomes the foundation for a revelatory epistemology (Mohler, 2005:69).”

Dit is dus duidelik dat sekularisme ’n beduidende en toenemende invloed op die Christendom, asook op Christen-kinders en voorskoolse kinders, het. Wilkens en Sanford (2009) wys daarop dat sekularisme, en ander variasies daarvan wat subtiel en kragtig ’n impak op die denke en lewenswyse van Christene maak, nie deur intellektuele teorieë kom nie, maar eerder uit kultuur voortvloei. Die rede hiervoor is dat hierdie ander wêreldbeskouings so diep in kultuur ingewef is, dat dit dikwels op die oog af onsigbaar is. Wilkens en Sanford (2009) identifiseer hierdie sogenaamde onsigbare of verborge wêreldbeskouings onder andere as individualisme, die verbruikersmentaliteit, nasionalisme, morele relativisme, wetenskaplike naturalisme, die New Age-beweging, die postmoderne stamgees mentaliteit en verlossing deur terapie. Al hierdie aspekte word tans in die samelewing verkondig en uitgeleef, en kan moontlik ’n invloed op die Christen en Christenkind hê.

In ’n wêreld waar die invloede van sekularisme oorstroomend is, word geloof vir Christene dikwels tot ’n privaat aangeleentheid gereduseer, terwyl sekulêre aannames oor

outonomie, relatiwiteit en materialisme die daaglikse leefwêreld oorheers. In die lig hiervan is dit noodsaaklik om reeds vanaf voorskoolse ouderdom apologetiese toerusting, gebaseer op 'n Bybelse wêreldbeskouing, aan Christen-ouers en -kinders te bied. Op hierdie wyse kan kinders leer om die leuens van die waarheid te onderskei en om hulle lewens vanuit die waarheid van God se Woord uit te leef.

2.4 APOLOGETIESE TOERUSTING WAT CHRISTENKINDERS TOERUS

“We must not ignore the sources of our children’s core beliefs or the role we play in shaping them, for no one has as much opportunity to influence the heart of a child – for good or bad – as a parent” (Boa & Turner, 2006:53).

Die aanhaling hierbo is 'n tydige oproep dat ouers en opvoeders die primêre invloed op hulle kinders se opvoeding en ontwikkeling het, en dat hulle hierdie rol behoort te benut om kinders met 'n Christelike wêreldbeskouing toe te rus. Volgens Jones (2015:82) is hierdie taak tweeledig: “Christians are not only called to refuse conformity with the cosmology of the world, they are also called to embrace a cosmology of holiness”. Hierdie tweeledige taak van ouers om hulle kinders met 'n Christelike en Bybelse wêreldbeskouing toe te rus — en veral om kinders teen sekularisme te bewapen — sluit volgens Van der Walt (2005b) in dat Christene outentiek sal wees deurdat hulle hul geloof openlik en met oortuiging sal bely en uitleef.

Daar is dus onder andere verskeie aspekte waarop die fokus moet val vir effektiewe apologetiese toerusting van Christenkinders. Hierdie aspekte sluit in: die inname van Bybelkennis, die insig in die gesonde leer van die Skrif, die aanleer en uitlewing van

die Christelike wêreldbeskouing (deur beide ouers en kinders), asook toerusting rakende ander wêreldbeskouings wat tans domineer. Wanneer al hierdie aspekte voldoende aandag geniet, sal die Christenkind dus toegerus wees met 'n Bybelse en Christelike wêreldbeskouing, sodat hy of sy hom- of haarself op eie vlak met die waarheid teenoor ander wêreldbeskouings kan verantwoord.

2.4.1 Die rede vir apologetiese toerusting, eerder as in ander wetenskappe

Waarom word daar gefokus op apologetiese toerusting, en nie eerder op ander wetenskaplike dissiplines soos sielkunde nie — veral aangesien laasgenoemde kundiges in die veld van sogenaamde geestesgesondheid (*mental health*), opvoedkunde, kognitiewe ontwikkeling, kinderontwikkeling, en meer is? Die rede hiervoor is dat hierdie proefskrif benader word vanuit 'n gereformeerde teologiese perspektief, spesifiek binne die veld van gereformeerde apologetiek. In die verband stel Groothuis (2011:77): “A biblical worldview tries to capture the essential ideas of Christianity, its fundamental doctrines, and how they hang together in explaining God, the universe and humans”. Dit beteken dat hierdie studie veral fokus op die teologiese en apologetiese aspekte in die vorming van 'n Christelike-wêreldbeskouing tydens geloofsopvoeding by voorskoolse kinders.

Hiermee word nie beweer dat sielkunde geen bydrae tot die geloofsvorming van kinders kan lewer nie, maar eerder dat sielkunde nie die normatiewe, bepalende faktor behoort te wees waarvolgens geloofsvorming plaasvind nie. Trouens, die konsep “wêreldbeskouing” is 'n filosofiese term wat sy oorsprong in die teologie en filosofie

het. Dit is eers later dat sielkunde op die konsep van wêreldbeskouing reflekteer het, aangesien sielkundige teorieë onvoldoende was sonder inagneming van die faktor van wêreldbeskouing. Bolt (2015:121) beskryf die oorsprong van die konsep wêreldbeskouing vanuit die teologie soos volg: "It was Abraham Kuyper, in his 1898 Stone Lectures at Princeton Seminary, who introduced the notion of worldview (Weltanschauung, world-and-life view), or as Kuyper called it, "life system," and made it the defining characteristic of Dutch neo-Calvinism."

Hierteenoor voer Webb (2009:15) aan dat dit die sielkundige Karl Jaspers was wat reeds in 1919 hierdie verwantskap ondersoek het in sy werk, *Psychologie der Weltanschauungen*. Later, in 1954, het Jaspers erken dat daar dieper faktore is wat 'n rol speel in die onderbewussyn van die mens as slegs empiriese en logiese oorwegings. Hierdie werk het latere sielkundiges, soos Piaget en ander, beïnvloed. In sy ondersoek het Jaspers bevind dat sielkundige ontwikkeling plaasvind binne die spanning wat bestaan tussen die paradoksale aard van die menslike bestaan, naamlik die teenstelling tussen wese en werklikheid. Hy het ontdek dat die mens nie bloot 'n objek in die wêreld is nie, maar ook nie slegs 'n subjek wat alles waarneem nie. Volgens hom is die mens iets van beide, waardeur die mens as't ware gelyktydig in twee wêrelde is. Die mens se wêreldbeskouing word dus klaarblyklik gevorm wanneer hy, amper soos vloeistof, tussen objek en subjek beweeg om sin te maak van die werklikheid.

'n Tweede rede waarom hierdie studie apologetiese toerusting aanbeveel eerder as toerusting vanuit ander wetenskappe, soos sielkunde, is dat hierdie toerusting spesifiek daarop gemik is om voorskoolse kinders binne 'n Bybels-Christelike-wêreldbeskouing te vorm. Ander wetenskappe, wat dikwels humanisme as vertrekpunt neem en teorieë soos dié van Freud, Marx en ander aanvaar, probeer om geloof as irrasioneel te diskrediteer op grond van naturalistiese verduidelikings (vgl. Plantinga, 2000:145 e.v.). Daarteenoor neem apologetiese toerusting — wat die Christelike geloof as grondslag het — as uitgangspunt dat ware kennis van God 'n ingebore bewustheid by die mens is. Calvin noem dit die *sensus divinitatis* ('n bewustheid van God). In teenstelling met ander wetenskappe is Christelike apologetiek dus nie net 'n intellektuele komponent van kennis of wetenskap nie, maar bevat dit ook 'n effektiewe komponent, waardeur die geloofswaarhede deur die Heilige Gees aan die (uitverkore) mens se gedagtes geopenbaar, toegepas en in die hart verseël word (vgl. Plantinga, 2000:165 e.v.; 241 e.v.; 290 e.v.).

Die toerusting wat voorskoolse Christen-kinders nodig het om hulleself te verantwoord teenoor dominerende wêreldbeskouings soos dié van naturalisme en sekularisme, soos hierbo aangedui, moet nie vanuit humanistiese wêreldbeskouings kom nie, maar juis uit die Bybel as normatiewe bron, aangesien dit God se Woord is. Wanneer so 'n God-gesentreerde benadering as vertrekpunt vir apologetiese toerusting gevolg word, kan gelowiges ander wetenskappe met groot vrug benut, mits dit altyd aan God se Woord getoets en daaraan gemeet word. Die rede hiervoor is dat alle wetenskappe aan die kennis van God onderhewig is.

2.4.2 Bybelkennis waardeur 'n Bybelse wêreldbeskouing gevorm word.

So belangrik as wat dit is dat ouers hulle kinders in die Christelike leer laat opgroei, kan dit nie sonder Bybelkennis geskied nie. Bybelkennis moet voorrang geniet, want geen mens kan die leuen van ander wêreldbeskouings raaksien as hy nie eerstens die waarheid van die Christelike wêreldbeskouing deeglik ken nie. Om hierdie rede is Bybelkennis en -inname uiters belangrik. Daarom is dit nodig dat ouers sowel as kinders voortdurend in Bybelkennis en -inname opgeskerp bly.

Wat Bybelkennis onder Generasie Z betref, skryf White (2017:131) dat die grootste probleem wat oorbrug moet word, geestelike onkunde is, aangesien hulle nie die inhoud van die Bybel ken nie. Volgens White gaan die probleem met Generasie Z egter dieper as bloot onkunde: "They are more than post-Christian. They don't even have a memory of the gospel. As a result, there is a profound spiritual emptiness. They've never encountered God, experienced God". Hoewel sulke stellings 'n veralgemening is en sekerlik nie op alle kinders van toepassing is nie, is dit wel 'n kommerwekkende tendens wat algemeen by Generasie Z in die Weste voorkom en wat aangespreek behoort te word.

Dit is dus vanselfsprekend en van uiterste belang dat kinders in die eerste plek met Bybelse kennis en -inname toegerus moet word om 'n Bybelse wêreldbeskouing te vorm. Dit is egter nie al nie.

2.4.3 Die gesonde leer waardeur 'n Bybelse wêreldbeskouing gevorm word.

So belangrik as wat Bybelkennis en -inname is, behoort kinders ook met die gesonde leer van die Skrif, naamlik die belydenisgeskrifte toegerus te word. Die bekende gereformeerde apologet, Greg Bahnsen, skryf hieroor dat dit uiters belangrik is dat Christene die Christelike geloofsleer as antitese sal ken, sodat hulle staande kan bly teenoor die tesse wat deur ander wêreldbeskouings verkondig word (Bahnsen, 1990):

The antithesis between followers of God and followers of Satan is sovereignly inflicted as God's judicial curse. This enmity is not only social but also intellectual in nature, and, therefore, to ignore it in our apologetic is to compromise the gospel. Without the ingredient of antithesis, Christianity is not simply anemic, it has altogether forfeited its challenge to all other worldviews.

Oor die verhouding tussen die Bybel, die belydenisse en die vorming van 'n wêreldbeskouing skryf Wolters (2005:14): "Christians must constantly check their worldview beliefs against the Scriptures, because failing that there will be a powerful inclination to appropriate many of our beliefs, even the basic ones, from a culture that has been secularizing at an accelerating rate for generations."

Wat die aanleer van kennis oor die belydenis van die Christelike geloof betref, is dit noodsaaklik dat Christene die gesonde leer van die Skrif sal ken (vgl. 2 Tim. 3), soos dit vervat is in die Christelike (en gereformeerde) belydenis-geskrifte. Die groot hervormingswerk van Johannes Calvyn is 'n getuienis van hoe belangrik die plek van 'n Skrifgetroue belydenis in die opbou van 'n samelewing is.

Johannes Calvyn, wat met die hulp van onder andere sy voorganger William Farel die stad Geneva in die 16de eeu van 'n goddelose stad tot 'n Godvresende en gereformeerde Christelike samelewing hervorm het, se nalatenskap is vandag nog van deurslaggewende belang. Sy werke was só invloedryk dat dit eeue later, en tot vandag toe, steeds 'n beduidende rol speel in die denke van teoloë, gelowiges en gemeenskappe. Trouens, die nalatenskap van Calvyn se werke — onder meer sy *Institusie van die Christelike Godsdiens* (hierna *Institusie*) — vorm die grondslag van die gereformeerde leer en belydenisskrifte. Veral die Heidelbergse Kategismus en die *Shorter Catechism* van die *Westminster Assembly* is direkte uitvloeisels van Calvyn se *Institusie* (vgl. Lindsay, 2006:69-88). Dit is juis hierdie Calvinistiese leer en wêreldbeskouing wat baanbrekers soos Abraham Kuyper (1837-1920) en andere geïnspireer het tot die ontwikkeling en implimentering van Neo-Calvinisme (Heslam, 1998:13). Hierdie Bybels-Christelike wêreldbeskouing is in wese gebaseer op, en byna identies aan, dié van die 19de-eeuse teoloog James Orr (Heslam, 1998:52).

Deurdadig kinders toegerus word met die inhoud van belydenisgeskrifte, word hulle Christelike wêreldbeskouing toenemend gevorm, sodat hulle sin kan maak van die werklikheid rondom hulle. Vir Christenkinders is dit dus noodsaaklik om eers in die Christelike wêreldbeskouing toegerus te word, voordat hulle hulself op hulle eie vlak teenoor ander wêreldbeskouings kan verantwoord. So stel Sire (2015:14) dit: "For any of us to be fully conscious intellectually we should not only be able to detect the worldviews of others but be aware of our own— why it is ours and why in the light of

so many options we think it is true". Jones (2015:84) bevestig dit wanneer hy sê dat ander wêreldbeskouings aan die Bybelse wêreldbeskouing gemeet moet word:

As we look for a meaningful response to a pagan worldview that explains everything from a Oneist perspective—folding right and wrong, beauty and ugliness together—we have a compelling cosmology of holiness in the biblical vision of an ordered, God-created cosmos. We affirm things in their rightful, complementary places for fitting, life-promoting functions. Because a person's cosmology invariably develops from the nature of God, or from whatever that person identifies as the origin and ultimate meaning of everything, then from a Twoist perspective, the Bible's revelation of a "holy cosmos" makes beautiful sense.

Die antwoord op heidense denke wat 'n onbybelse wêreldbeeld van globale eenheid voorhou, is volgens Jones (2015:92-96) juis om, met veranderde Christelike denke, waarvan Romeine 12:1-2 getuig, 'n duidelike onderskeid tussen die skepping en die Skepper te tref. So stel Jones (2015:93) dit: "What human beings need is a transformed mind, able to discern the will of God the Creator who is blessed forever". So 'n transformasie van die denke sluit die hele mens in (geestelik en rasideel, maar nie misties nie), en is alleen die werk van die Heilige Gees, wat die aard van God se skepping deur God se geïnspireerde, geskrewe Woord (die Bybel) vir die mens verstaanbaar kan maak (Jones, 2015:94).

Volgens Jones (2015:100) bestaan 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing uit 'n Tweeheidsisme-raamwerk waarin God se openbaring die waarheid oor bestaan ontsluit. Hy beskryf dit as 'n getransformeerde denke waardeur die mens geroep word om God met hart, siel, verstand en krag te dien. Hierdie Tweeheidsisme-struktuur dien

as maatstaf vir die verstaan van die werklikheid: ontologies erken dit God se heiligheid as 'n radikaal onderskeie Wese; teologies openbaar dit die Drie-eenheid as drie Persone in volmaakte eenheid; kosmologies beklemtoon dit die fundamentele skeiding tussen Skepper en skepping; antropologies herinner dit daaraan dat die mens doelbewus geskape is tot eer van God en nie 'n produk van toeval is nie; moreel vestig dit die beginsel dat God alles heilig, op sy plek en vir sy doel geskape het, waaruit die onderskeid tussen reg en verkeerd vloei; soteriologies beklemtoon dit duidelik dat net die Drie-enige God 'n effektiewe Verlosser vir die mens kan wees; en eskatologies dui dit op die finale, kosmos-transformerende voltooiing van hierdie verlossing.

2.4.4 Die uitlewing en wyse waarop 'n Bybelse wêreldbeskouing vir jong kinders aangeleer word.

Ten opsigte van die uitlewing van 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing deur ouers, vir die effektiewe oordrag daarvan aan kinders, stel Pearcey (2008:40): "We help to build the City of God when our actions are animated and directed by the love of God, offered up to His service. We build the City of Man whenever our actions are motivated by self-love, serving sinful purposes. Verder voer Pearcey (2008:40) aan dat dit roeping van Christene is om toenemend die afgode uit hulle lewens te verwyder, sodat hulle al meer as burgers van God se koninkryk lewe.

Indien Christenouers dus nie 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing bely en dit uitleef nie, sal hulle nie daarin slaag om hulle kinders voldoende met die nodige apologetiese toerusting binne 'n Christelike wêreldbeskouing toe te rus nie. Wanneer hierdie uitgangspunt egter nagestreef word, kan ander dominante wêreldbeskouings, soos

naturalisme en sekularisme, reeds van kleins af aktief bestry word deur 'n geïntegreerde Christelike lewensbeskouing by kinders te vestig (vgl. Van der Walt, 2005b). Dit is juis waartoe die titel van hierdie proefskrif as antwoord vir die probleem van invloedryke wêreldbeskouings op Christenkinders, voorstel: Apologetiese toerusting in 'n Christelike wêreldbeskouing tydens geloofsopvoeding van voorskoolse kinders. Hiervoor is dit ook nodig dat voorskoolse kinders toegerus word met kennis oor ander wêreldbeskouings wat tans dominant is.

Dit is ook van belang om kennis te neem van die wyse waarop die waarheid van 'n Bybelse wêreldbeskouing aan hierdie jong kinders oorgedra word. Venter en Stoker (2021:7) wys daarop dat, wanneer Bybelkennis aan voorskoolse kinders geleer word, dit belangrik is om die God-bewustheid — soos dit spesifiek in die Skrif geopenbaar word — as 'n vertrekpunt te verduidelik, sodat hierdie kinders God werklik kan leer ken en die res van die werklikheid vanuit hierdie beginsel kan benader. Ouers en opvoeders moet natuurlik self eers hiervan oortuig wees en dra die verantwoordelikheid om dit aan hulle kinders oor te dra.

Met betrekking tot die dringendheid om hierdie Bybelse waarhede waarin God leer ken word aan kinders te onderrig, skryf Calvyn in sy *Institusie* (1984:123, I:3.3)⁴³: “Daaruit lei ons af dit (*naamlik die Godsbeseft*) nie 'n leerstelling is wat ons eers in ons skole moet leer nie maar waarvan elkeen van moederskoot af sy eie leermeester is

⁴³ Waar hierdie studie na Calvyn se *Institusie* verwys, word die 1559-weergawe van Calvyn se *Institutio Christianae Religionis*, soos weergegee in die Afrikaanse vertaling van H.W. Simpson (Calvyn 1984–1992), gebruik. Sien die Bibliografie vir verdere inligting.

en wat die natuur self niemand toelaat om ooit te vergeet nie, al sou baie mense ook al hulle kragte daarvoor inspan”.

In aansluiting by wat Calvyn stel, voer Tripp (2015:46-48) aan dat Christenouers die roeping het om hulle kinders in verwonderde aanbidding voor God te bring, sodat hulle in kinderlike vrees vir God sy asemrowende teenwoordigheid, krag, gesag en genade kan sien en beleef. Hierdie vrees vir God en die verwondering oor wie Hy is, kan slegs oorgedra word wanneer ouers self deur die vrees van die Here gevorm word.

Die bekende gereformeerde Apologeet, Francis Schaeffer wat veral veel geskryf het oor die uitlewing van 'n Christelike wêreldbeskouing, stel in sy video-reeks *How then shall we live* (Schaeffer, 2017) dat die krag van die Christelike wêreldbeskouing juis daarin lê dat dit in God gegrond is:

It was the Christians who were able to resist the religious mixtures – syncretism – and the effects of the weaknesses of the Roman culture, speaks of the strength of the Christian worldview. This strength rested on God being an infinite personal God and that He had spoken in the Old Testament the revelation through Christ and the gradually growing New Testament, and that He had spoken in a way that people could understand. This meant that they not only had knowledge about the universe and mankind, which people could not find out by themselves, but they had absolute universal values by which to live and by which to judge the state in which they lived.

Wanneer Bybelse-Christelike onderrig aan kinders geleer word, moet daar verder in gedagte gehou word dat 'n kind se vermoë om te speel deel is van sy leerproses. Onderrig aan voorskoolse kinders behoort dus hulle sintuie, ervarings en aktiewe spel

in te sluit, terwyl hulle terselfdertyd aangemoedig moet word om daarop te reageer. By die geloofsontwikkeling van kinders is beelde en storievertelling onmisbaar. Apologetiese waarhede kan byvoorbeeld oorgedra word deur stories soos C.S. Lewis se *Narnia* of John Bunyan se *Pilgrim's Progress*, waarvan daar ook Afrikaanse vertalings beskikbaar is.

White (2017:138-139) voeg hierby dat onlangse statistieke oor Generasie Z 'n toename in bewondering vir die heelal, sowel as 'n diep bewustheid van geestelike vrede en welstand, aantoon⁴⁴. Nadat White beklemtoon het dat die jonger generasie (Generasie Z) ontvanklik is vir geestelikheid via kosmologie, maak hy die volgende gevolgtrekking:

I have found that discussing the awe and wonder of the universe, openly raising the many questions surrounding the universe and then positing the existence of God, is one of the most valuable apologetics/pre-evangelism approaches that can be pursued. The existence of human life, the complexity of the universe, and even the starting point of a Big Bang resonate deeply with nonbelievers and provide numerous opportunities to present a coherent and compelling case for God.

⁴⁴ Die statistieke waarna White verwys, kan gevind word in die internet-artikel: *US Public Becoming Less Religious*, Pew Research Center, 3 November 2015, beskikbaar by <http://www.pewforum.org/2015/11/03/u-s-public-becoming-less-religious/>.

2.4.5 Apologetiese toerusting in ander wêreldbeskouings

Juis omdat jong gelowiges met soveel ander wêreldbeskouings gekonfronteer word, onderstreep Pearcey (2008:125) die absolute noodsaaklikheid dat hierdie jong gelowiges in wêreldbeskouings (let wel: meervoud) en apologetiek onderrig moet word: “Today basic apologetics has become a crucial skill for sheer survival. Without the tools of apologetics, young people can be solidly trained in Bible study and doctrine, yet still flounder helplessly when they leave home and face the secular world on their own.”

Sy beklemtoon voorts die noodsaaklikheid daarvan om kinders te leer en toe te rus om ander kompeterende wêreldbeskouings te kan analiseer en daarop te kan antwoord, aangesien kinders ongetwyfeld hiermee gekonfronteer sal word wanneer hulle die ouer-huis verlaat: “Training young people to develop a Christian mind is no longer an option; it is part of their necessary survival equipment” (Pearcey, 2008:19).

Samevattend stel Pearcey (2008:125-126) hierdie bedreiging van ander wêreldbeskouings, asook die waarskuwing en opdrag dat Christenouers hulle kinders hierteen moet staal, soos volg:

We need to make sure our own children leave home with that same conviction burned deeply into their minds—that Christianity is capable of holding its own when challenged in the marketplace of ideas. It is not enough to teach young believers how to have a personal quiet time, follow a Scripture memory program, and link up with a Christian campus group. We also need to equip them to respond to the intellectual challenges they will face in the classroom. Before they leave home, they should be well acquainted with all the “isms” that

they will encounter, from Marxism to Darwinism to postmodernism. It is best for young believers to hear about these ideas first from trusted parents, pastors, and youth leaders, who can train them in strategies for analyzing competing ideologies.

Tog moet, terwyl daar oor wêreldbeskouings geleer word, Bolt (2015:125-126) se waarskuwing in ag geneem word, naamlik dat besinning oor wêreldbeskouing nie slegs 'n intellektuele oefening mag wees nie. Sonder die uitlewing en vrees van die Here, soos hierbo genoem, kan dit tot geestelike hoogmoed lei. Aan die anderkant moet die intellektuele aspek van wêreldbeskouing nie verwaarloos word nie, want dit kan mense en kinders se geloof oppervlakkig hou.

Verder, teenoor argumente en aantygings dat die aanleer van Bybelkennis, geloofsleer en 'n Christelike wêreldbeskouing as indoktrinasie van kinders beskou kan word, kan gelowiges staande bly in die waarheid dat die Christelike wêreldbeskouing die enigste is wat met die werklikheid ooreenstem. Die Christelike wêreldbeskouing is daarom die enigste wêreldbeskouing wat waardig is om nagevolg te word. Hieroor stel Boa en Turner (2006:47) tereg: "If God is who he says he is, it follows that he defines reality and the meaning of life".

Die oplossing wat Jones aan Christene bied om 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing te vestig, is om die kern van die leuen wat deur Eenheidsisme verkondig word, deeglik te ken, sowel as om 'n omvattende begrip van die waarheid wat die Bybels-Christelike wêreldbeskouing (Tweeheidsisme) verkondig, te hê. Jones (2015:8) stel dit soos volg: "We Christians need a deep understanding of both the gospel and the pagan system

around us.” Anders gestel: “We are called to understand the Lie in order better to articulate the Truth” (Jones, 2015:110). Verder sê hy:

Christians, not just in the United States but everywhere, are called by God in his Word to know the particular ideas that constitute the world’s pattern of thinking and belief; in this way, we can both resist the Lie and make a statement of the Truth that understands and exposes the Lie and offers the only true hope in the gospel. Ignorance of this will produce faith-destroying conformity and compromise (Jones, 2015:77).

Om ’n Bybelse wêreldbeskouing te vorm, sowel as om foutiewe wêreldbeskouings te identifiseer, stel Pearcey (2008:25) drie strukturele elemente voor wat sy van gereformeerde denkers soos Kuyper en Dooyeweerd geleer het (vgl. Pearcey, 2008:26), naamlik Skepping, Sondeval, en Verlossing. Dit stem in breë trekke ooreen met wat die Heidelbergse Kategismus leer, naamlik Sonde, Verlossing en Dankbaarheid. Hierdie indeling kan dus as raamwerk in gedagte gehou word wanneer die Christelike wêreldbeskouing in die daaropvolgende hoofstukke teenoor naturalistiese wêreldbeskouings gestel word.

2.4.6 'n Vergelykende studie van 'n naturalistiese teenoor 'n Christelike wêreldbeskouing

“Worldview analysis brings the large picture into focus” (Sire, 2015:159).

Om die invloed wat die boodskap van naturalisme as dominerende wêreldbeskouing op voorskoolse Christenkinders te bekamp, kan naturalisme voortdurend met die Christelike wêreldbeskouing vergelyk word. Sodoende kan aangedui word hoe die Christelike wêreldbeskouing telkens as antitese teenoor naturalisme dien. Om hierdie rede word 'n vergelykende tabel tussen die Christendom en Naturalisme hieronder verskaf⁴⁵.

Hierdie tabel sal in die daaropvolgende hoofstukke afsonderlik bespreek word en sal volgens die volgende breë kontoere van 'n Christelike wêreldbeskouing ingedeel word: Godsbeskouing (hoofstuk 3), Skeppingsbeskouing (hoofstuk 4), Mensbeskouing (hoofstuk 5), Verlossingsleer (hoofstuk 6) en Herskeppingsleer (hoofstuk 7). Verder, aangesien Sire (2009) verskeie wêreldbeskoulike aspekte aanspreek, sal die bespreking van naturalisme dienooreenkomstig ingedeel word. Omdat al hierdie wêreldbeskoulike aspekte in die Christelike leer in God saamtrek, sal daar in die

⁴⁵ Met aanvanklike oorweging oor waar om Sire (2009) se agt vrae binne hierdie studie in te deel, met die doel om die naturalistiese wêreldbeskouing empiries met die Bybels-Christelike wêreldbeskouing te vergelyk, het dit duidelik geword dat die indeling nie eenvoudig toegepas kan word nie, aangesien byna al die vrae een of ander aspek van elk van die elemente van die Christelike wêreldbeskouing raak. Daarom is daar besluit om elke vraag tot 'n mindere of 'n meerdere mate, onder elke element van die Bybels-Christelike wêreldbeskouing — met ander woorde skepping, mens, sonde, God, verlossing en herskepping — te hanteer.

bespreking van die Christelike wêreldbeskouing gepoog word om hierdie aspekte telkens integraal uiteen te sit.

Tabel 1 - Vergelykende samevatting van 'n naturalistiese- teenoor 'n Christelike wêreldbeskouing soos deur Sire (2009) se agt wêreldbeskoulke vrae

AGT WÊRELDBESKOULKE VRAE (VGL. SIRE, 2009:22-23).	CHRISTENDOM AS VORM VAN TEISME (VGL. SIRE, 2009:27-46).	NATURALISME & SEKULARISME AS VORM VAN NATURALISME (VGL. SIRE, 2009:66-85).
1) "What is prime reality—the really real?" (Sire, 2009:22). - Die aard van God of die absolute werklikheid.	- "Prime reality is the infinite, personal God revealed in the Holy Scriptures. This God is triune, transcendent and immanent, omniscient, sovereign, and good" (Sire, 2009:28). - Dat God oneindig is, beteken Hy is 'n self-bestaande wese wie se aard deur geen ander wese in die heelal uitgedaag kan word nie. Hy is primêr en alle ander dinge is sekondêr. - Dat God persoonlik is, beteken Hy het selfrefleksie, selfbewussyn en selfbepaling om te dink en te doen⁴⁶. Dit impliseer verder dat God as Drie-enige 'n baie persoonlike, gemeenskaplike verhoudingsaard het. - Omdat God Gees is, is Hy tegelykertyd transcendent en immanent betrokke by sy skepping, en dus alomteenwoordig besig om sy skepping te onderhou. - God is alwetend en die bron van alle kennis en intelligensie. - God is soewereïen, wat beteken dat Hy alles in sy beheer en heerskappy het. - Dat God goed is, is presies wat dit beteken: Hy is die bron van alle goedheid. Sy goedheid word uitgedruk deur sy heiligheid en liefde en dit beteken daar is in Hom 'n absolute standaard vir geregtigheid. Daar is in Hom hoop is vir die mensdom omdat Hy nie sy skepping sal versaak nie.	- "Prime reality is matter. Matter exists eternally and is all there is. God does not exist" (Sire, 2009:68). - Daar is geen God of Skepper nie. Die kosmos (materie) is die enigste ewige werklikheid.
2) "What is the nature of external reality, that is, the world around us?" (Sire, 2009:22). - Die aard van die heelal.	- "External reality is the cosmos God created ex nihilo to operate with a uniformity of cause and effect in an open system" (Sire, 2009:31). - God het die hele kosmos uit niks geskape, wat Hom die bron van alles maak. Alles is egter nie uit God self gemaak nie, maar het ontstaan omdat Hy dit gespreek het. - Die kosmos is in ooreenstemming met God se karakter van ordelikheid. Daarom is die kosmos geskep om ordelik, in 'n eenvormige oop sisteem van oorsaak en gevolg, te funksioneer. - Dat die kosmos 'n oop sisteem is, beteken dat dit nie vooraf geprogrammeer is nie, maar dat God en mense 'n invloed uitoefen op die ontvouende patroon van die heelal se werking⁴⁷.	- "The cosmos exists as a uniformity of cause and effect in a closed system" (Sire, 2009:70). - Die kosmos is 'n geslote sisteem van oorsaak en gevolg waarin die kosmos outonoom en deterministies is en in 'n normale toestand verkeer.
3) "What is a human being?" (Sire, 2009:22). - Die aard van die mens.	- "Human beings are created in the image of God and thus possess personality, self-transcendence, intelligence, morality, gregariousness and creativity" (Sire, 2009:32). - Die mens is geskape na die beeld van God, wat beteken dat ons iets van Wie God is, reflekteer. As beeld van God beskik die mens oor waardigheid, kreatiwiteit, intelligensie, 'n vermoë tot moraliteit en 'n behoefte aan sosiale samesyn.	- "Human beings are complex "machines"; personality is an interrelation of chemical and physical properties we do not yet fully understand" (Sire, 2009:71).

⁴⁶ Sire (2009:29) beweer verkeerdlik dat God se persoonlikheid impliseer dat Hy nie 'n eenvoudige wese is nie, maar 'n komplekse eenheid as gevolg van sy weseneseienskappe. Alhoewel hierdie stelling nie die kern van sy betoog negatief beïnvloed nie, is dit tog belangrik om hiervan kennis te neem. In artikel 1 van Die Nederlandse Geloofsbelydenis bely gereformeerde gelowiges egter die teendeel, naamlik dat God 'n enige en enkelvoudige geestelike wese is, onder andere omdat God se weseneseienskappe nie in teenstelling met sy wese kan wees nie.

⁴⁷ Sire (2009:32) beweer dat die aard van die heelal in die teïstiese wêreldbeskouing nie deterministies is nie; met ander woorde, dat dinge nie vooraf vasgestel is nie. Hierdie stelling moet egter in perspektief gesien word, want die Bybel is duidelik dat God 'n raadsplan met die heelal het wat Hy volgens sy raad tot uitvoering sal bring, omdat Hy soewereïen en almagtig is. Die mens se verras Hom dus nie. In sy almag gebruik Hy mense, met hulle verantwoordelikheid en vryheid om keuses te maak, om die skepping te ontplooi en sy raadsplan tot uitvoering te bring.

	- Ons het dus persoonlikheid, omdat God 'n Persoon is. Daarom het die mens 'n selfbewussyn en kan hy selfstandig en ongedwonge besluite neem en kan tot 'n mate ook selfbepalend wees. - Elke mens is uniek, 'n refleksie van God wat volkome uniek is. Hiermee saam beskik die mens oor 'n mate van self-transendensie ten opsigte van die skepping. - Die mens staan dus bo die skepping, maar onder God. - “Human beings were created good, but through the Fall the image of God became defaced, though not so ruined as not to be capable of restoration; through the work of Christ, God redeemed humanity and began the process of restoring people to goodness, though any given person may choose to reject that redemption” (Sire, 2009:39). - Hoewel die eerste mense goed geskape is om hulle aard as beeld van God uit te leef, het die mens in sy kapasiteit tot selfbepaling gekies om ongehoorsaam aan hulle Skepper te wees deur hulleself as outonoom te beskou. - Hierdie daad van rebellie deur die eerste mense, Adam en Eva, staan bekend as die Sondeval en het die dood teweeggebring. Dit het veroorsaak dat die mensdom se beeldskap in alle opsigte verwronge geraak het sodat die mens van God, die wêreld en van homself vervreem is. - Tog wys God deur die hele Bybel sy liefde deur die mens, wat verlore en vervreemd is, op te soek en te verlos deur die offer van Jesus Christus, die tweede Persoon in die Drie-eenheid. Hierdie verlossing tot 'n nuwe lewe van herstel in die verhouding met God bied Hy as 'n onverdiende guns en uit genade, wanneer die mens tot God bekeer en Christus navolg. - So is hierdie verlossing die begin van die weg tot herstel van die mens as beeld van God, totdat die mens uiteindelik met sy dood hierin verheerlik word deur sy liggaamlike opstanding en volkome vrede by God, die mensdom, en in homself verkry. Dan is die mens heeltemal gereinig en getransformeer om in persoonlike gemeenskap met God en sy mense te leef.	- Die mens is as deel van die materiële wêreld, 'n komplekse masjien waarin menslike denke binne die stelsel van oorsaak en gevolg funksioneer. - Tog is die mens uniek in vergelyking met diere, wat hom vryheid gee om sy eie einddoel te bepaal.
4) “What happens to a person at death?” (Sire, 2009:22). - Die vraag oor wat met die mens na die dood gebeur.	- “For each person death is either the gate to life with God and his people or the gate to eternal separation from the only thing that will ultimately fulfill human aspirations” (Sire, 2009:41). - By die dood word elke persoon getransformeer na 'n bestaan wat óf in die hemel sal wees óf in die hel sal wees; die hemel is 'n bestaan saam met God en sy mense in heerlijkheid, terwyl die hel 'n bestaan verwyderd van God is — alleen en sonder vervulling. - Slegs diegene wat positief op God se aanbod van verlossing reageer, word deel van die ewigheid en mag deel in die vervulling en heerlike gemeenskap van die heiliges.	- “Death is extinction of personality and individuality” (Sire, 2009:74). - Na die dood word die mens uitgewis en bly slegs sy nalatenskap oor.
5) “Why is it possible to know anything at all?” (Sire, 2009:22). - Die basis waarop menslike kennis bou.	- “Human beings can know both the world around them and God himself because God has built into them the capacity to do so and because he takes an active role in communication with them” (Sire, 2009:36). - Die basis waarop menslike kennis gebou word, is die karakter, of te wel die aard, van God as Skepper. Hy is die ewige Woord, wat beteken dat logika, intelligensie, rasionaliteit en betekenis alles inherent in God gesetel is. - Volgens Johannes 1 is Hy die ewige Woord en die ware Lig wat mense verlig. Dit impliseer dat Hy morele kapasiteit en intelligensie besit, en dat God se intelligensie die basis vorm vir menslike intelligensie. - Kennis is dus moontlik omdat God en sy skepping geken kan word en omdat daar dinge is om te ken (God en sy skepping), maar ook omdat daar iemand is om te ken (die alomteenwoordige God en die mens geskape na sy beeld). Soos wat Hy die alwetende Kenner van alles is, kan die mens, wat na sy beeld geskape is, tot 'n mate kenners wees van sekere sake. - Tog, hoewel God vër bo ons begrip is, wil Hy geken word en het Hy Homself bekendgemaak. Hy het Homself op twee maniere geopenbaar, naamlik deur sy algemene genade en sy besondere genade. Deur sy algemene genade — deur die orde van sy skepping — openbaar God sy bestaan, sy aard as Skepper en sy magtige onderhouding van die heelal. In die konteks van algemene genade sien ons ook hoe die mens die dimensie van persoonlikheid byvoeg. Deur sy besondere openbaring — deurdat Hy met sy volk gepraat het en dit laat opteken het in die Skrif, eers die Tien Gebooie, daarna deur die profete, en uiteindelik meer volledig deur sy eniggebore Seun, Jesus Christus (vgl. Heb. 1) — maak God Homself spesifiek bekend. - Omdat God Homself dus aan die mens openbaar het, het die mens voldoende kennis van God en van wat Hy van ons verwag.	- “Through our innate and autonomous human reason, including the methods of science, we can know the universe. The cosmos, including the world, is understood to be in its normal state” (Sire, 2009:75). - Die mens beskik oor ingebore en outonome rede waarmee kennis van die kosmos verkry kan word. Tog word aangevoer dat die mens niks werklik kan ken nie. - So 'n relativistiese epistemologie plaas die mens in die sentrum en maak die mens die bron van kennis.
6) “How do we know what is right and wrong?” (Sire, 2009:22). - Die basis waarop etiek bou.	- “Ethics is transcendent and is based on the character of God as good (holy and loving)” (Sire, 2009:42). - Die antwoord op hierdie vraag is 'n implikasie van die antwoord op die vraag oor wie God is. God is die bron van sowel die morele as die fisiese wêreld. Hyself, in sy wese en deugde van goedheid (heiligheid en liefde), is die absolute standaard waaraan alle morele oordele gemeet word. - God openbaar sy goedheid en gee die wette en morele beginsels in die Skrif. Onder andere deur die Tien Gebooie en die Bergrede openbaar God sy wese en karakter aan die mens. Die volheid van God se goedheid word egter in Jesus Christus beliggaam as die volmaakte mens. - Geskape na die beeld van God, is die mens dus ook 'n morele wese wat alle handelinge aan morele waardes meet. Met die sondeval het die mens se aanvoeling vir moraliteit egter gebrekkig geword, sodat die mens slegs 'n gebroke weergawe van ware goedheid het. Nietemin bly daar in die mens 'n natuurlike besef dat sommige dinge reg is en ander verkeerd is.	- “Ethics is related only to human beings” (Sire, 2009:76). - Tradisioneel is die Christendom as uitgangspunt vir etiek gebruik, maar sonder God as basis. - Etiek is uitsluitlik op die mens van toepassing, en die mens konstrueer sy eie waardes, gebaseer op behoeftes en voorkeure.

7) “What is the meaning of human history” (Sire, 2009:23). - Die betekenis van die geskiedenis van die mens.	- “History is linear, a meaningful sequence of events leading to the fulfillment of God’s purposes for humanity” (Sire, 2009:42). - Dat tyd liniêr is, beteken dat mense se aksies alles deel vorm van ’n betekenisvolle volgorde met ’n begin, middel en einde. Hierin is geskiedenis nie herhaalbaar nie, dit kan nie teruggedraai word nie, dit is nie siklies nie, en ook nie doelloos nie. Die God wat die einde van die begin af ken, is bewus van en regeer soewerein oor die aksies van die mensdom. - Geskiedenis en die volgorde van gebeure is ’n vorm van Goddelike openbaring. Geskiedenis is die rekord van God se betrokkenheid by die mensdom. - Die mensdom in tyd word verstaan teen die patroon van menslike lewe: skepping, sondeval, verlossing en verheerliking. Hierdie patroon word in meer besonderheid bekendgemaak deurdat sekere keerpunte van gebeure in die Bybel uitgesonder word. Voorbeelde hiervan is die skepping, die sondeval, God se openbaring aan die Hebreërs (soos die roeping van Abraham, die uittog uit Egipte, die wet en die profete), die menswording en lewe van Jesus, sy kruisiging en opstanding, die uitstorting van die Heilige Gees, die verspreiding van die evangelie deur die kerk, asook Christus se wederkoms en sy oordeel. - Teiste kyk dus vorentoe na die voltooiing van geskiedenis deur ’n komende oordeel, waar ’n nuwe era ingelui sal word wat verder as tyd self strek. Tot dan is tyd vir die teis onomkeerbaar en is geskiedenis gelokaliseer in ruimte. - Geskiedenis is gevolglik die resultaat van menslike keuses wat betekenisvol is: vir die individu, vir ander mense en vir God, maar alles geskied uiteindelik onder God se soewereiniteit en bewerkstellig die doelstellings wat Hy vir die wêreld het. - Selfs in die oënskynlike chaos van gebeure is daar ’n doel met geskiedenis, want die liefdevolle God staan agter dit alles en onderhou alles deur sy Woord (Heb. 1:3). Alles werk uiteindelik ten goede mee vir diegene wat God liefhet (Rom. 8:28).	- “History is a linear stream of events linked by cause and effect but without an overarching purpose” (Sire, 2009:80). - Geskiedenis bestaan uit ’n liniêre reeks gebeure van oorsaak en gevolg, sonder enige einddoel. - Die oorsprong van die kosmos het ’n self-aktiverende ontstaan vanuit homself en keer uiteindelik na homself terug.
8) “What personal, life-orienting core commitments are consistent with this worldview?” (Sire, 2009:23). - Die persoonlike, lewensbepalende kernverpligtinge, toewyding of beweegrede, wat met hierdie wêreldbeskouing strook.	- “Christian theists live to seek first the kingdom of God, that is, to glorify God and enjoy him forever” (Sire, 2009:44). - Die Christelike wêreldbeskouing is in vele opsigte uniek, veral in die manier waarop hierdie wêreldbeskouing as fokus dien vir die hoogste betekenis van die lewe vir elke Christen. - Omdat God self die hoogste werklikheid, die absolute oorsprong van wese, en die Skepper van alle ander dinge is, leef Christene nie vir hulleself nie, maar in toegewydheid aan God om Hom te verheerlik. Hierdeur ontdek die mens die doel van sy bestaan en vind hy sy uiteindelijke vervulling. - Om God te verheerlik beteken nie slegs om Hom fisies te aanbid nie, maar om sy karakter te reflekteer deur te wees wat die mens geskape is om te wees — naamlik na die beeld van God. Om soos God te wees, is om soos Jesus te wees, wat God aan ons kom openbaar het. En om soos Jesus te wees, is om Hom na te volg en te gehoorsaam, deurdat ons eerstens die koninkryk van God en sy geregtigheid soek (Mat. 6:33). - Om God te verheerlik, kom uiteindelik neer op om Hom vir ewig te geniet. Dit kan ook anders gestel word as die Groot Gebod, wat van die mens vereis om God met sy hele hart, siel én verstand lief te hê, en ook sy naaste soos homself.	- “Naturalism itself implies no particular core commitment on the part of any given naturalist. Rather core commitments are adopted unwittingly or chosen by individuals” (Sire, 2009:84). - Hierdie wêreldbeskouing vereis geen spesifieke kernverpligting van die mens nie. - Die mens kies self watter verbintnisse hy of sy as fundamenteel beskou, en volg selektief sy of haar doelwitte en toewydings volgens persoonlike voorkeure na.

2.5 SAMEVATTING

Die ontleding in Hoofstuk 2 het aangetoon dat die vorming van kinders se wêreldbeskouing in die 21ste eeu onlosmaaklik saamhang met die boodskappe en aannames van invloedryke wêreldbeskouings. Naturalisme en sekularisme het veral ’n beduidende invloed op die leefwêreld van voorskoolse kinders. Die aansprake van hierdie wêreldbeskouings oor werklikheid, waarheid, die mens en moraliteit staan in kontras met die Bybels-Christelike wêreldbeskouing. Indien hierdie wêreldbeskouings onkrities aanvaar en as waarheid beskou word, lei dit tot ’n verdraaiing van die

werklikheid en belemmer dit gevolglik kinders se geloofsvorming binne die Christelike wêreldbeskouing.

Juis daarom is dit noodsaaklik dat die kerk, ouers en opvoeders doelbewus en vroegtydig apologetiese toerusting hierin implementeer. Deur die ontmaskering van die kernboodskappe van hierdie oorheersende wêreldbeskouings, word ouers en opvoeders nie net bewus gemaak van die gevare nie, maar ook toegerus om die antitese van die waarheid teenoor die leuen duidelik aan kinders voor te hou. Hierdie hoofstuk het dus die kritiese basis vir die res van die studie gelê, naamlik om vanuit 'n gereformeerde apologetiese raamwerk 'n vertrekpunt vir toerusting te bied waardeur voorskoolse kinders se wêreldbeskouing Bybels en teologies gevorm en apologeties versterk kan word. Hiermee word die weg voorberei vir die konstruktiewe toerusting wat in die volgende hoofstukke uiteengesit sal word, sodat kinders van kleins af kan leer om met vertroue en sekerheid hulle geloof in Christus teenoor ander wêreldbeskouings te verantwoord. In aanloop tot die volgende hoofstuk, sluit hierdie hoofstuk dus af met 'n tydige oproep deur Boa en Turner (2006:53-54) aan ouers en opvoeders van voorskoolse kinders: "As we consider a Christian worldview, we must realize that if we want our children to possess such a framework for interpreting their universe, we must first hold this worldview ourselves. It has to be in us before we can instill it in our kids."

AFDELING B — DIE BESKOUING VAN GOD, SKEPPING EN MENS

Afdeling B vorm die tweede hoofdeel van hierdie studie en bou voort op die vertrekpunte wat in Afdeling A neergelê is. Waar Afdeling A (hoofstukke 1–2) die behoefte aan die vorming van 'n Christelike wêreldbeskouing by voorskoolse kinders uitgelig het, en die invloed van sekulêre en naturalistiese ideologieë uitgewys het, verskuif Afdeling B die fokus na die inhoudelike kern van die onderskeie wêreldbeskouings. Hierdie afdeling ondersoek dus drie fundamentele loci van die werklikheid, naamlik God, skepping en mens, soos dit onderskeidelik deur die naturalistiese en Bybels-Christelike wêreldbeskouings verstaan word.

Die afdeling begin met die Godsbeskouing (hoofstuk 3) as vertrekpunt vir alle ander kennis, gevolg deur die skeppingsleer (hoofstuk 4) en die Mensbeskouing (hoofstuk 5) wat die mens as wese, sy doel, sy kennis en morele verantwoordelikheid belig. Op hierdie wyse word uitgewys dat die naturalistiese wêreldbeskouing as tesis 'n ideologie is teenoor die antitese wat die Christelike wêreldbeskouing bied. Hierin bied die Christelike wêreldbeskouing 'n samehangende verstaan van die werklikheid van God as hoogste werklikheid, die sin van die skepping en die betekenis van menswees.

Afdeling B lê dus die teologiese en epistemologiese grondslag vir die leer van verlossing en verheerliking wat in Afdeling C volg. In Afdeling B word ouers en opvoeders dus met apologetiese insig toegerus om kinders te help onderskei tussen die selfgesentreerde boodskap van naturalistiese wêreldbeskouings en die waarheid van die Bybelse evangelie wat die hele werklikheid aan God Drie-enig onderwerp.

GOD, SKEPPING EN MENS: DIE ONDERSKEID TUSSEN TEÏSME EN NATURALISME

Dit is duidelik dat die skepping (ook genoem die kosmos of heelal, dus die ganse materiële wêreld) die raakpunt is tussen 'n teïstiese en 'n naturalistiese wêreldbeskouing. Beide die teïs en die naturalis werk met die natuurlike of materiële wêreld. Die onderskeid tussen hierdie twee beskouings lê egter daarin wie of wat elkeen as die hoogste werklikheid gesien word. Indien 'n mens hierdie drie werklikhede — naamlik God, skepping en mens — op 'n kontinuum sou plaas, kan daar gestel word dat die teïs God as die hoogste werklikheid beskou (die metafisiese), terwyl die naturalis die skepping as die hoogste werklikheid beskou. Omdat die naturalis egter van God as hoogste werklikheid wegbeweeg, maak die naturalis uiteindelik die mens tot die hoogste werklikheid. Om hierdie rede word God, skepping en mens onder een afdeling geplaas. Hoewel daar afsonderlik op elk van hierdie gefokus sal word vanuit beide die naturalistiese en teïstiese wêreldbeskouings, is dit van meet af aan duidelik dat hierdie drie werklikhede nie losstaande van mekaar is nie, en dat daar soms oorvleueling in gesprekke sal wees. Waar dit gebeur, sal daar oorsigtelik na die oorvleueling verwys word, terwyl die bespreking steeds op die betrokke onderwerp gefokus sal bly.

Volgens (Sire, 2009:27) is die teïstiese wêreldbeskouing die basis waaruit alle ander wêreldbeskouings ontwikkel het. Behalwe vir die klassieke naturalistiese

wêreldbeskouing,⁴⁸ waar mense die skepping of iets in die skepping aanbid (vgl. Rom. 1), was die teïstiese wêreldbeskouing tot en met die 18de eeu hoofsaaklik die enigste wêreldbeskouing. Eers daarna het daar 'n verskuiwing plaasgevind wat tot die ontstaan van ander wêreldbeskouings gelei het, waaronder die naturalistiese wêreldbeskouing prominent na vore tree. Sire (2009:66-68) verduidelik dat hierdie verskuiwing vanaf teïsme geleidelik plaasgevind het met die opkoms van 'n deïstiese wêreldbeskouing, wat tot gevolg gehad het dat die werklikheid van God se bestaan geleidelik al meer verwerp is. Sire (2009:67) stel dit soos volg:

In intellectual terms, the route is this: In theism God is the infinite-personal Creator and sustainer of the cosmos. In deism God is reduced; he begins to lose his personality, though he remains Creator and (by implication) sustainer of the cosmos. In naturalism God is further reduced; he loses his very existence.

Vanuit naturalisme het nihilisme ontwikkel, en uiteindelik ook eksistensialisme. Só het hierdie wêreldbeskouings al verder (en spreekwoordelik al dieper in 'n toestand van hopeloosheid) weg van die werklikheid van God se bestaan beweeg, en al nader gekom aan 'n beskouing waarin die mens sentraal staan. In so 'n naturalistiese wêreldbeskouing lei dit daartoe dat die kosmos sêlf vergoddelik word, of dat 'n skepsel, soos die mens, vergoddelik word — soos in die geval van ateïsme en sekulêre humanisme, wat reeds in hoofstuk 2 bespreek is.

⁴⁸ Met die klassieke naturalistiese wêreldbeskouing word enige vorm van godsdiens of natuur-aanbidding bedoel wat sedert die sondeval ontstaan het, lank voordat die filosofiese kategorisering van wêreldbeskouings, wat eers in die laaste paar eeue ontwikkel het, tot stand gekom het.

Waar die primêre (Latyn: *principis*) werklikheid in die teïstiese wêreldbeskouing die ewige, persoonlike God is wat Homself in die Heilige Skrif geopenbaar het as Drie-enige God wat tegelykertyd transendent en immanent, alwetend, soewerein en goed is (vgl. Sire, 2009:28), is die primêre werklikheid vir die naturalistiese wêreldbeskouing bloot materie. Sire (2009:68) stel dit soos volg oor naturalisme se primêre werklikheid: “Matter exists eternally and is all there is. God does not exist.

Wat die skepping of kosmos betref, is die werklikheid vir die ateïstiese eksistensialis ’n plek waar God nie bestaan nie, waar slegs materie ewig is, en waar die dood die uitblussing van die individu as wese beteken. Vanuit só ’n beskouing blyk dit dat die kosmos goddelik beskou word, omdat die kosmos die mens se bestaan oortref en omdat die wêreld in ’n normale (goeie) toestand is.

Ten spyte van so ’n siening beskou die naturalis die mens tog as outonoom, aangesien kennis deur die menslike verstand en wetenskap verkry word. Daarmee saam word etiek gesien as iets wat slegs tussen mense geld, terwyl die verloop van die geskiedenis bloot as ’n reeks gebeure beskou word wat deur oorsaak en gevolg aanmekaar geweef is, sonder enige uiteindelijke doel (Sire, 2009:119).

Hierin stem sekulêre humanisme in ’n sekere mate ooreen met Oosterse panteïsme en panenteïsme, maar dit verskil ook tot ’n mate daarvan. Waar sekulêre humaniste God uit die vergelyking van die skepping verwyder en die mens outonoom, en per implikasie sy eie god, beskou het, kom die Oosterse panteïstiese monisme — hoewel dit ’n ander roete gevolg het — tot byna dieselfde gevolgtrekking: “Instead of drawing

a bold line between God and his creation, however, the Hindu text declares them to be one and the same. Atman (the essence, the soul, of any person) is Brahman (the essence, the Soul of the whole cosmos)” (Sire, 2009:149).

In die geval van panteïstiese monisme is elke mens dus per implikasie god, want die kosmos is god, waar god die een, oneindige en onpersoonlike hoogste werklikheid is (Sire, 2009:149). Hierin stem sekulêre humanisme op 'n soortgelyke wyse met panteïsme ooreen, naamlik dat die mens, wat met sy outonome rede die kosmos as hoogste werklikheid ten volle kan ken, 'n god in homself is.

Dit het tot gevolg dat, wanneer naturalisme se beskouing van God en van die skepping ondersoek word (soos wat die huidige afdeling van hierdie studie beoog om te doen), daar in gedagte gehou moet word dat die mens in 'n naturalistiese beskouing in die sentrum staan. Daarom, wanneer 'n ondersoek van naturalisme se beskouing oor God, skepping en mens gedoen word, is daar geen waterdigte skeiding tussen hierdie aspekte nie. Tog sal daar in hierdie afdeling en studie steeds op die onderskeie *loci* gefokus en bespreek kan word, naamlik hoe naturalisme en sekulêre humanisme Christen-kindere se wêreldbeskouing in elke betrokke locus beïnvloed.

Vervolgens sal in hoofstukke 3-5 onderskeidelik gefokus word op beide naturalisme en teïsme se beskouing van God, die skepping en die mens. Daar sal telkens aangetoon word wat naturalisme se beskouing van elk van hierdie aspekte is en hoe dit die leefwêreld van kindere beïnvloed. Daarteenoor sal die ooreenstemmende *locus*

van die Bybelse Christelike leer aan die hand van huisgodsdienst-temas deurgaans behandel word.

Deur hierdie benadering sal Christenouers en -opvoeders voldoende kennis hê van die betrokke aspekte van die naturalistiese wêreldbeskouing, sowel as van die Bybelse Christelike wêreldbeskouing. Dit sal ouers en opvoeders in staat stel om voorskoolse Christenkinders met die antitese van 'n vaste Bybelse wêreldbeskouing toe te rus, teenoor die tetiese wat deur naturalisme verkondig word. Sodoende sal hierdie kinders toegerus en in staat wees om, op hulle vlak, die valshede van ander ideologieë en wêreldbeskouings uit te ken en met 'n Bybelse Christelike wêreldbeskouing te kan verantwoord.

HOOFSTUK 3: GODSBESKOUIING

3.1 INLEIDING

Hoofstuk 3 begin Afdeling B deur op die godsbeskouing te fokus. Een van die eerste fundamentele vrae wat elke wêreldbeskouing moet kan beantwoord, is: “Wat is die hoogste werklikheid?” Hierdie hoofstuk ondersoek die naturalistiese siening van ’n godheid, veral soos dit in sekulêre humanisme tot uitdrukking kom, en vergelyk dit met die Bybelse leer oor God as enigste lewende, persoonlike, Drie-enige Skepper. Só lê hoofstuk 3 die grondslag vir die daaropvolgende hoofstukke oor die skeppingsleer (hoofstuk 4) en die mens (hoofstuk 5), en bied dit die beginpunt vir ’n apologetiese verstaan van God se selfopenbaring as die fondament van alle waarheid en werklikheid.

Die werklikheid van God as opperwese en absolute werklikheid is ’n noodsaaklike voorveronderstelling vir ’n korrekte verstaan van die werklikheid en die mens se verhouding met God. Die mens se stand voor God het ’n direkte invloed op sy persepsie van God en die werklikheid rondom hom. Frame (1987:19) stel dit soos volg: “Views about God – Christian and non-Christian alike – always arise from one’s personal relation to God, from a person’s ethical and religious orientation”. Om die werklikheid binne hierdie wêreld reg te verstaan, gaan dus nie oor die vraag óf God bestaan nie, maar aanvaar dat Hy bestaan.

Soos in hoofstuk 2 reeds beskryf is, fokus die ondersoek van hierdie hoofstuk op die naturalistiese wêreldbeskouing se siening van ’n godheid en begrip van die absolute,

veral soos dit deur sekulêre humanisme verkondig word. Op dié wyse kan 'n vergelyking getref word met die Christelike beskouing, en kan daar insig verkry word in hoe 'n naturalistiese wêreldbeskouing voorskoolse Christenkinders in die huidige tyd beïnvloed, asook hoe dit selfs van 'n jong ouderdom af teengewerk en apologeties hanteer kan word.

In hierdie studie word alle beskouings wat die skepping, of iets in die skepping, aanbid, vereër of as absolute beskou, onder naturalisme geklassifiseer. Dit sluit dus nie slegs ateïsme in nie, maar ook onder andere Oosterse sowel as Afrika-natuurgodsdienste, waar alle dinge — van apies, koeie en olifante tot en met voorvaders — as gode aanbid en vereër word. In hierdie verband en met betrekking tot die godsbeskouing van sulke naturalistiese godsdienste, stel Gentry (2015:30) dat: “In rejecting God and His Word, the default position for all other worldviews must be established on the ideas of man to one degree or another”. Om hierdie rede word daar in hierdie hoofstuk nie spesifiek gefokus op die beskouing van verskillende natuurgodsdienste se godheid in nie, maar eerder op die godsbeskouing van naturalisme, veral vanuit 'n sekulêre humanistiese perspektief.

Wat die *locus* van die godsbeskouing betref, beskou die Christelike en (sekulêr-) naturalistiese wêreldbeskouings dit elk afsonderlik soos volg, soos wat 'n uittreksel van die vergelykende tabel in hoofstuk 2 dit opsommend stel:

Tabel 2 - Vergelykende samevatting van 'n naturalistiese- teenoor 'n Christelike wêreldbeskouing soos deur Sire (2009) se 1ste wêreldbeskoulike vraag

AGT WÊRELDBESKOULIKE VRAE (VGL. SIRE, 2009:22-23).	CHRISTENDOM AS VORM VAN TEISME (VGL. SIRE, 2009:27-46).	NATURALISME & SEKULARISME AS VORM VAN NATURALISME (VGL. SIRE, 2009:66-85).
1) "What is prime reality—the really real?" (Sire, 2009:22). - Die aard van God of die absolute werklikheid.	- "Prime reality is the infinite, personal God revealed in the Holy Scriptures. This God is triune, transcendent and immanent, omniscient, sovereign, and good" (Sire, 2009:28). - Dat God oneindig is, beteken Hy is 'n self-bestaande wese wie se aard deur geen ander wese in die heelal uitgedaag kan word nie. Hy is primêr en alle ander dinge is sekondêr. - Dat God persoonlik is, beteken Hy het selfrefleksie, selfbewussyn en selfbepaling om te dink en te doen⁴⁹. Dit impliseer verder dat God as Drie-enige 'n baie persoonlike, gemeenskaplike verhoudingsaard het. - Omdat God Gees is, is Hy tegelykertyd transcendent en immanent betrokke by sy skepping, en dus alomteenwoordig besig om sy skepping te onderhou. - God is alwetend en die bron van alle kennis en intelligensie. - God is soewereïen, wat beteken dat Hy alles in sy beheer en heerskappy het. - Dat God goed is, is presies wat dit beteken: Hy is die bron van alle goedheid. Sy goedheid word uitgedruk deur sy heiligheid en liefde en dit beteken daar is in Hom 'n absolute standaard vir geregtigheid. Daar is in Hom hoop is vir die mensdom omdat Hy nie sy skepping sal versaak nie.	- "Prime reality is matter. Matter exists eternally and is all there is. God does not exist" (Sire, 2009:68). - Daar is geen God of Skepper nie. Die kosmos (materie) is die enigste ewige werklikheid.

3.2 TETIES: SEKULÊRE NATURALISME OOR GOD⁵⁰

In die inleiding van John Lennox se tweede uitgawe van sy boek, *God and Stephen Hawking*, word vermeld dat daar groot belangstelling onder die publiek bestaan in fundamentele vrae soos die bestaan van God (Lennox, 2021:inleiding). Hierdie vrae sluit onder meer in waarom ons hier is, wat die doel van die lewe is, waarheen ons op

⁴⁹ Sire (2009:29) beweer verkeerdelik dat God se persoonlikheid impliseer dat Hy nie 'n eenvoudige wese is nie, maar 'n komplekse eenheid as gevolg van sy wesenseienskappe. Alhoewel hierdie stelling nie die kern van sy betoog negatief beïnvloed nie, is dit tog belangrik om hiervan kennis te neem. In artikel 1 van Die Nederlandse Geloofsbelijdenis bely gereformeerde gelowiges egter die teendeel, naamlik dat God 'n enige en enkelvoudige geestelike wese is, onder andere omdat God se wesenseienskappe nie in teenstelling met sy wese kan wees nie.

⁵⁰ Soos reeds in die vorige hoofstukke aangetoon is, is naturalisme 'n breë term wat alle beskouings insluit wat 'n godheid ontken of verwerp. Daarom sou alle panteïstiese en panenteïstiese godsdienste in hierdie verband bespreek kon word. Tog behoort die fokus veral te val op daardie vorme van naturalistiese beskouings wat daarop gerig is om voorskoolse kinders in die 21ste eeu sterk te beïnvloed. 'n Term wat gebruik kan word om na hierdie invloedryke hedendaagse naturalisme te verwys — soos reeds bevind is — is sekulêre naturalisme. Daar bestaan egter ook ander terme wat met hierdie ideologie of beweging geassosieer word, waaronder die volgende: gewoon naturalisme (teenoor supernaturalisme), sekulêre humanisme, filosofiese naturalisme, Nuwe Ateïsme, genaturaliseerde epistemologie, evolusionêre wetenskap, evolusionêre bioloog, of evolusionêre fisikus, en vele ander.

pad is, en of daar iets bestaan buite hierdie heelal. Hierdie belangstelling blyk daaruit dat soveel boeke wat oor God handel, topverkopers is. Ongelukkig is 'n groot aantal van die skrywers van hierdie boeke ateïste. Nietemin, omdat die wetenskap talle tegnologiese deurbreke gemaak het en baie mense geïnspireer het, wil die publiek veral hoor wat wetenskaplikes oor die dieper vrae van die lewe te sê het.

Terwyl Christen-natuurwetenskaplikes telkens in verwondering staan oor dit wat hulle, byvoorbeeld die fisika, van God se skepping ontdek, voer ateïstiese wetenskaplikes soos Stephen Hawking aan dat filosofie dood is en dat slegs die wette van fisika kan verklaar hoe die kosmos ontstaan het. Die Christenwiskundige, John Lennox (2021:hoofstuk 1) stel hierteenoor tereg dat hierdie siening van Hawking nie uit die fisika voortspruit nie, maar uit sy filosofie. Hawking weerspreek dus homself deur sy kritiek op filosofie, aangesien hierdie kritiek self 'n filosofiese stelling oor wetenskap is.

In 'n toespraak by die Universiteit van Oxford sê John Lennox dat wetenskap en geloof in God nie teenoor mekaar staan nie. Hy verduidelik dat toe Newton sy wet van gravitasie ontdek het, het Newton volgens Lennox nie gesê: “Ek het 'n wet ontdek en daarom het ek God nie meer nodig nie.” Inteendeel, sê Lennox van Newton: “He saw that God is not the same kind of explanation as the scientific explanation. God doesn't compete – agency does not compete with mechanism and law” (Lennox, 2012).

In die boek genaamd *a Friendly dialogue between an atheist and a Christian* word 'n dialoog tussen 'n bekende evangelis uit Amerika en 'n bekende wetenskaplike en ateïs uit China opgeteken. Die evangelis se naam is Luis Palau, en die ateïs se naam is

Zhao Qizheng. Heel aan die begin van die boek word die doel van die boek soos volg gestel (Palau & Qizheng, 2008):

“This is a dialogue between an atheist and the theist
Between a scientist and a Christian evangelist
Between one from the East and one from the West.”

In hierdie dialoog tussen 'n teïs en 'n ateïs bespreek hulle onderwerpe wat op elkeen se wêreldbeskouing en oortuigings betrekking het. Omdat hierdie wetenskaplike ateïs 'n groot belangstelling in die Bybel het, het die gesprek by die Bybel en God begin. Hierdie ateïs het die Bybel goed geken en was vertrouwd met die inhoud daarvan. Nadat die evangelis hom versoek het om sy begrip van die Bybelse boodskap weer te gee, het hy 'n akkurate opsomming van die Bybel gegee. Tog is die Bybel vir hierdie wetenskaplike ateïs moeilik om te verstaan, want volgens hom moet waarheid eenvoudig wees, soos in die geval van Newton se wette. Daarom het hierdie man in die Bybel belanggestel. Nadat die gesprek egter daartoe gelei het dat die Bybel God se openbaring is, en dat Jesus Christus die persoonlike openbaring van God en die brug tussen God en mens is, maak hierdie wetenskaplike ateïs die volgende opmerking:

I read the Bible, but I am not a believer. Why? Because I cannot understand God. From my own experience, I cannot appreciate what the Bible said about God being perfectly good and formless. That is to say, “God’s existence is beyond our perception and experience.” That I cannot understand. I can only understand what exists, what is concrete and substantive. I don’t know if God speaks English, French or Spanish. I have no idea

what God looks like. Consequently, I cannot understand such a metaphysical concept (Qizheng, 2008:17).

Hierdie voorbeeld toon duidelik aan dat die naturalistiese wêreldbeskouing epistemologies gesproke slegs wetenskaplike kennis as geldige bewys vir absolute waarheid aanvaar, en dat die werklikheid van God vir die naturalis 'n metafisiese konsep is wat verwerp word.

3.2.1 Die gode van Eenheidsisme in 'n naturalistiese wêreldbeskouing

Wanneer dit kom by die vraag oor die werklikheid van 'n godheid, is daar reeds in hoofstuk 2 verduidelik dat daar slegs een van twee moontlikhede is: Daar is óf 'n bonatuurlike Skepper-God (of godheid), óf daar is nie 'n God (of godheid) nie; daar is óf God en skepping, óf daar is slegs 'n “goddelike”, self-skeppende, kosmos. In die woorde van Peter Jones is daar dus in wese net twee oorhoofse wêreldbeskouings, naamlik Eenheidsisme en Tweeheidsisme. Eenheidsisme beskou die wêreld as enigste realiteit en waarheid — met ander woorde 'n wêreld sonder 'n transendente godheid — sodat die skepping of iets in die skepping gevolglik aanbid word. Soos Jones (2015) dit stel: “All these expressions of secularism reject the supernatural as a holdover from superstitious, primitive faith systems. Without any reference to God, secularism attempts to describe rationally the whole of existence from a this-worldly materialistic perspective with the human being at the center of existence” (Jones, 2015:22).

Dit staan teenoor Tweeheidsisme, wat dui op 'n Bybelse wêreldbeskouing van 'n transendente (en tegelykertyd immanente) Skepper-God wat aanbid word. Die verskil lê dus tussen onbybelse teologieë en filosofieë wat nie 'n onderskeid wil tref tussen die oneindige Skepper en die feilbare skepsels nie, maar hierdie twee as een beskou, teenoor die Bybelse monoteïsme wat God Drie-enig as Skepper-God en Here erken (Beeke & Smalley, 2019:584). In 'n sekere sin kan hierdie twee beskouings ook verstaan word as ateïsme teenoor teïsme, of selfs as naturalisme teenoor supernaturalisme.

Ten opsigte van die onbybelse teologieë en filosofieë van hierdie Eenheidsisme, wy Beeke en Smalley (2019:584-605) 'n hele hoofstuk aan beskouings wat nie in die monoteïstiese God van die Bybel glo nie. In hierdie hoofstuk, genaamd *Gods That Are Not God*, word 'n aantal godsdienste of filosofieë teenoor die Christelike leer oor God gestel. Die volgende word onder meer bespreek: ateïsme, sekulêre humanisme, Theravada-Boeddhisme, Marxistiese kommunisme, politeïsme, animisme (of spiritualisme), Hindoeïsme en panteïsme. Onder laasgenoemde word groeperinge soos Stoïsme (ook genoem monisme), Spinozisme, Daoïsme (of Taoïsme), en die New Age-beweging bespreek. Verder word panenteïsme ook aangeraak, insluitend Neoplatonisme en Duitse romantisisme van Friedrich von Schelling en Georg Hegel, asook Mahayana-Boeddhisme en die sogenaamde proses-teologie van Alfred North Whitehead. In die laaste deel van hierdie hoofstuk bespreek Beeke en Smalley (2019:598 e.v.) beperkte (*finite*) teïsme, wat hulle "The Humanized Gods of Finite

Theism” noem, wat handel oor ’n beskouing van God wat beperk is tot die wêreld wat Hy geskape het.

Hierdie bespreking van godsdienste toon aan dat die invloed van naturalisme in verskeie vorme voorkom, maar dat dit telkens neerkom op ’n wêreldbeskouing van Eenheidsisme. Om hierdie rede gaan daar vervolgens nie op alle vorme van naturalisme apart ingegaan word nie, maar word naturalisme as geheel benader, terwyl die wye invloed wat Eenheidsisme op godsdienste en menslike idees het, in ag geneem word.

3.2.2 Natuur en mens is god in ’n naturalistiese wêreldbeskouing

Wat die godsbeskouing binne naturalisme betref, is dit duidelik dat ’n suiwer naturalistiese wêreldbeskouing die bestaan van ’n godheid ontken en vanuit sy kennisteoretiese vertrekpunt voorhou dat daar niks sinvol oor ’n godsbeskouing gesê kan word nie. Vir die ateïstiese naturalis bestaan daar geen God nie, en is die kosmos die enigste werklikheid. Selfs in Oosterse panteïsme en panenteïsme, waar daar meestal wel van ’n geskepte goddelikheid sprake is, vorm dit egter op een of ander wyse deel van die kosmos. Omdat die ateïstiese naturalis beweer dat daar geen godheid is nie en gesprek oor God of godheid as sinneloos beskryf, kan dit voorkom asof die teïs tot ’n beperkte en oppervlakkige bespreking van naturalisme se godsbeskouing beperk word, aangesien daar geen konkrete inhoud daaroor is nie. Die stelling dat daar geen godheid is nie, kom dan voor as ’n sogenaamde *rooi-haring-argument*, aangesien so ’n stelling die indruk wek dat verdere ondersoek na

naturalisme se godsbeskouing geen bevredigende kennis sal oplewer nie. Sodoende word die las van bewys vir die bestaan van 'n godheid die verantwoordelikheid van die teïs.

Tog is die naturalis se ontkenning van 'n godheid op sigself 'n godsbeskouing, wat in die kosmos en uiteindelik in die mens gesetel word. Die naturalistiese wêreldbeskouing beskou die kosmos as hoogste werklikheid of selfs as 'n godheid, aangesien die kosmos die enigste werklikheid is wat op sigself tot stand gekom het, ewig bestaan en wat die mens oortref. Dit wat in die kosmos gebeur, word dikwels gesien as die gevolg van 'n blinde noodlot waaraan die mens deterministies uitgelewer is. Tog beskou naturaliste die mens meestal as outonoom en bepalend vir sy eie lot. Gentry (2015:30) beskryf so 'n kontrasterende beskouing as skisofrenies, want: "On the one hand, everything has its source in random, ungoverned chance. On the other hand, evolution assumes all is not random, but uniform. It holds that all is ungoverned, yet, nevertheless, is moving in an upward direction from disorder to order, from simplicity to complexity."

Aangesien die sekulêre humanis en ateïs die werklikheid van God verwerp, lei dit tot die vergoddeliking van die mens, maar terselfdertyd ook tot verlaging van die mens tot blote oorlewing in 'n noodlottige wêreld. Terwyl die Christendom God as die hoogste goed beskou en as einddoel het om God te verheerlik, stel sekulêre humanisme dat die einddoel van die menslike lewe is om menslike persoonlikheid volledig te laat realiseer (Beeke & Smalley, 2019:585).

Wanneer naturalisme se (verskuilde) godsbeskouing vervolgens ondersoek en bespreek word, behoort veral uitlatings en argumente rakende die ontkenning van God in aanmerking geneem te word, aangesien dit 'n bepaalde invloed op Christenkinders uitoefen.

3.2.3 Geen empiriese bewyse van 'n godheid maak klaarblyklik van God 'n hipotese Charles Darwin (1958:87) stel in sy outobiografie, met betrekking tot God en die argument van intelligente ontwerp, die volgende:

Although I did not think much about the existence of a personal God until a considerably later period of my life, I will here give the vague conclusions to which I have been driven. The old argument of design in nature, as given by Paley, which formerly seemed to me so conclusive, fails, now that the law of natural selection has been discovered.

Uit die aard van die saak sal so 'n bespreking ook aspekte van epistemologie raak, aangesien dit nie slegs oor godsbeskouing gaan nie, maar ook oor die kennis of kenbaarheid van die werklikheid van 'n godheid. Die rede hiervoor is waarskynlik dat die vernaamste argument wat naturalisme en ateïsme teen die bestaan van God, of enige godheid, aanvoer, is dat daar klaarblyklik geen empiriese bewyse vir die bestaan van 'n godheid is nie:

A constant refrain of the new atheists is as follows: the fundamental problem with faith is that it is based on no "evidence," or at best on insufficient evidence, and therefore must be rejected in all its forms. Science by contrast can point to countless reproducible observations that support its own hypotheses (Haught, 2008:42).

Hierin voer Haught (2008:41 e.v.) aan dat die teïsme se geloof in die bestaan van God bloot as 'n hipotese beskou kan word, soortgelyk aan die rol wat 'n wetenskaplike hipotese vir 'n wetenskaplike speel. Só 'n stelling reduceer die argument van intelligente ontwerp tot 'n hipotese wat teenoor die hipotese van Darwinistiese evolusie geplaas word. As gevolg hiervan het naturalisme begin om die dominerende posisie as die enigste sogenaamde geldige epistemologiese veronderstelling in die ontdekking van kennis in te neem — en dit geld vir alle wetenskaplike dissiplines, vanaf die natuurwetenskappe tot en met die geesteswetenskappe, die wysbegeerte en selfs Bybelse studies (Dembski, 2001:253). Hierdie aspek van die rol van wetenskap word in hoofstuk 5 verder bespreek.

Deurdat naturalisme die bestaan van die oneindige en almagtige Skepper-God as slegs 'n hipotese beskou — 'n hipotese wat, volgens die argument, deur biologiese evolusie weerlê kan word — word die idee van 'n godheid tot 'n menslik en gevolglik beperkte wetenskaplike oorsaak gereduseer. Wanneer naturaliste en/of ateïste dus in dialoog met teïste tree, word die idee van 'n godheid (indien Hy sou bestaan) vir naturalisme tot slegs 'n skakel in die ketting van oorsaak en gevolg binne die fisiese sisteem van die kosmos. God as Eerste Oorsaak word dus nie verreken nie (Haught, 2008:43-44). Só 'n eensydig wetenskaplike benadering tot die bestaan van God beperk epistemologie tot slegs empiriese bewyse. Dit is 'n uitvloeisel van, of gevolg van, 'n wêreldbeskouing van Eenheidsisme.

Hieroor voer Willard (2001:25) aan dat naturalisme 'n vorm van nomisme is, in teenstelling met die tradisionele dualisme van Plato, Descartes, en Kant. Hierdie standpunt lei daartoe dat daar van gelowiges verwag word om God se bestaan slegs deur empiriese feite te bewys, terwyl daar nie van die naturalis en ateïs verwag word om dieselfde tipe bewys vir hulle standpunte of vir hulle ontkenning van God te lewer nie. Die naturalis maak egter self gebruik van 'n rasionale epistemologie wat 'n logies saamgestelde wêreld veronderstel, en verwerp daarmee die gelowige se getuienis.

Haught (2008:44-45) wys verder daarop dat naturaliste en/of ateïste soos Dawkins, Harris, en Hitchens tot die gevolgtrekking kom dat, aangesien daar klaarblyklik geen empiriese korrespondensie in die kosmos bestaan om die idee van God te bewys nie, geloof in God bloot as subjektiewe feëverhale beskou word en dus as ongeldig geag word. Tog redeneer naturaliste soos Dawkins, op grond van Darwin se teorie van natuurlike seleksie, dat daar 'n genoom aan die stuur is van die instandhouding en vooruitgang van alle lewende wesens — 'n teorie van die Nuwe Ateïsme wat die sogenaamde selfsugtige genoom as outonoom, nimmereindigend, en gevolglik as 'n soewereine godheid beskou word (sien afdeling 5.2 oor naturalisme se mensbeskouing vir meer inligting hieroor).

Hieroor rig Haught (2008:45) die teenvraag aan hierdie tipe naturaliste, wat hy as Nuwe Ateïsme beskryf:

But if faith in God requires independent scientific confirmation, what about the colossal faith our new atheists place in science itself? Exactly what are the independent scientific

experiments, we might ask, that could provide “evidence” for the hypothesis that all true knowledge must be based on the paradigm of scientific inquiry? If faith requires independent confirmation, what is the independent (nonfaith) method of demonstrating that their own faith in the all-encompassing cognitional scope of science is reasonable?

Op hierdie vroe reageer die sogenaamde Nuwe Ateïsme egter nie, maar hou vol dat die enigste manier waarop ware kennis bekom kan word, deur empiriese wetenskap is — dit wil sê, kennis wat berus op sintuiglike waarnemings. Dit sluit aan by wat Willard (2001:25) beskryf as genaturaliseerde epistemologie.

3.2.4 Die mite van ’n bonatuurlike wese vir kinders volgens die Nuwe Ateïsme
 Hoewel ateïsme nie ’n nuwe konsep in die wêreld is nie, is hierdie sogenaamde Nuwe Ateïsme nie bloot ’n herbevestiging van ateïsme nie, maar eerder ’n beweging en wêreldbeskouing wat aktief teen die Christendom gerig is, en as sodanig ’n groot uitdaging vir die Christendom inhou. Oor die invloed van Nuwe ateïsme waarsku Mohler (2008:12): “They see atheism as the only plausible worldview for our times, and they see belief in God as downright dangerous”.

In der waarheid glo die Nuwe Ateïsme dat God dood is en dat die mensdom nou kan aanbeweeg na ’n sterk sekularistiese toekoms (Mohler, 2008:23). Mohler skryf verder dat die boeke van hierdie Nuwe Ateïsme by die miljoene verkoop word en ’n geweldige groot invloed in die media uitoefen, soveel so dat sommige van hierdie werke vir maande lank die New York Times se topverkoperslys pryk. In hierdie verband is veral

skrywers soos Richard Dawkins, Daniel Dennett, Sam Harris en Christopher Hitchens besonder gewild (Mohler, 2008:16)⁵¹.

Wat betref die sogenaamde Nuwe Ateïsme se aanval op die werklikheid van 'n godheid, is dit om verskeie redes wesenlik om met Richard Dawkins te begin. Behalwe dat Dawkins 'n gerespekteerde natuurwetenskaplike is, bestaan daar verskeie ander redes waarom daar met hom begin kan word. Eerstens, ten spyte daarvan dat Dawkins as natuurwetenskaplike die bestaan van God verwerp, skryf hy uitgebreid oor God en maak hy talle uitlatings, selfs aanvalle, teen die God van die Christendom. As iemand wat homself telkens as 'n evolusionistiese bioloog sowel as 'n ateïs identifiseer, bied sy insig — vanuit 'n naturalistiese wêreldbeskouing — 'n akkurate weerspieëling van ateïstiese naturalisme se godsbeskouing.

'n Verdere rede waarom daar met Dawkins begin word, is dat hy, hoewel hy 'n ateïs is, in 'n onlangse onderhoud in April 2024 op *Leading Britain's Conversation* van homself gesê het dat hy, ondanks die feit dat hy nie 'n gelowige is nie, homself as 'n *kulturele Christen* (Dawkins, 2024b) beskou. Só 'n uitspraak verhoog die waarskynlikheid dat die invloed van sy idees juis op die Christendom gerig is. Saam met McGrath kan gesê word: “Dawkins clearly wanted to provoke such a debate and discussion, and it would be churlish not to join in” (McGrath, 2015:5).

⁵¹ Die sogenaamde “Vier Ruiters van Nuwe Ateïsme” — Richard Dawkins, Sam Harris, Christopher Hitchens en Daniel Dennett — is invloedryke ateïstiese denkers wat die idee bevorder dat daar geen God of bonatuurlike werklikheid bestaan nie, en dat die hele bestaan volledig verklaar kan word deur materie, natuurwette en evolusie, soos verstaan deur die empiriese wetenskap.

Met die bekendstelling van een van sy onlangse boeke, getiteld *The Magic of Reality*, het Dawkins boonop besluit om hom toe te spits op kinders — en veral op gelowiges se kinders — met die spesifieke doel om godsdiens met naturalisme te vervang. In 'n videogreep waarin Dawkins hierdie boek bekendstel, noem hy dat dit gerig is op jong kinders, moontlik 12 jaar en ouer, maar dat die hele gesin die boek behoort te lees en dit moet uitdeel, sodat alle mense die waarhede daarin kan leer (Dawkins, 2011a). In 'n onderhoud oor die motief agter die skryf van hierdie boek, het Dawkins beklemtoon dat die doel daarvan is om die indoktrinasie van godsdiens by kinders te beëindig. Hy stel dit só in sy eie woorde (Dawkins, 2019):

I do worry about the way children are labeled with the religion of their parents as those are thought to be hereditary in some sort, where you talk about a catholic child or a protestant child. You never talk about an existentialist child or a logical positivist child or a socialist child, but religions are marked a free pass to stamp a label on a child and we see it in Northern Ireland where you talk about catholic children, protestant children, going to school and being indoctrinated. I do think we need to break that cycle of almost hereditary passing on of a religion from one generation to the next.

Hierdie boek van Dawkins, *The Magic of Reality* wat in 2011 gepubliseer is, behoort veral vir kinders visueel aantreklik te wees, aangesien die idees wat daarin verkondig word, deurgaans met treffende illustrasies uitgebeeld word. Die skryfstyl is modern, en Dawkins beskik oor die vermoë om moeilike konsepte op 'n eenvoudige wyse oor te dra. Die boek is só geskryf dat diegene wat dit lees, dit as wetenskaplik insiggewend en selfs interessant behoort te ervaar.

Elke hoofstuk word in die vorm van 'n vraag gestel, sodat alle ander beskouings — wat Dawkins almal as mites klassifiseer — teenoor die wetenskaplike beskouing as die korrekte antwoord geplaas word. Die eerste hoofstuk stel die vraag: *What is reality? What is magic?* Hierdie hoofstuk beweer dat werklikheid alles is wat bestaan en met die sintuie waargeneem kan word: “The only good reason to believe that something exists is if there is real evidence that it does” (Dawkins, 2011b:16). Só beskryf hierdie hoofstuk naturalisme se godsbeskouing of die opvatting van absolute werklikheid.

In hierdie hoofstuk verduidelik Dawkins dat wanneer wetenskaplikes nie hulle sintuie kan gebruik om werklikhede vas te stel nie, daar 'n alternatiewe metode bestaan om waarheid te bepaal, naamlik deur gebruik te maak van hipotetiese modelle van waarskynlikheid of moontlikheid. Volgens Dawkins (2011b:19) is daar slegs drie maniere waarop mense kan weet wat werklik is:

We can detect it directly, using our five senses; or indirectly, using our senses aided by special instruments such as telescopes and microscopes; or even more indirectly, by creating models of what might be real and then testing those models to see whether they successfully predict things that we can see (or hear, etc.).

Gelowiges sal waarskynlik daarmee saamstem dat hierdie benaderings geldige metodes vir epistemologie in die beoefening van wetenskap is. So 'n verduideliking van wetenskap sal waarskynlik ook 'n groot meerderheid kinders interesseer, aangesien dit normaal is dat jong kinders graag die wêreld rondom hulle wil verken.

Die probleem met Dawkins se verduideliking is egter dat hy hipotetiese (onmeetbare) modelle as geldig vir wetenskap verklaar, terwyl hy terselfdertyd aanvoer dat Christene se sogenaamde bewyse vir 'n godheid subjektief en wetenskaplik onmeetbaar is, en gevolglik as onwaar en as mites beskou moet word.

Verder, deurdat Dawkins verskillende definisies van die woord *magic* onderskei en reeds 'n eensydige keuse vir die lesers maak, kan hy kinders maklik verwar en hulle ten gunste van sy oortuiging beïnvloed. Dawkins stel hierdie onderskeid soos volg: Wetenskaplike kennis noem hy *poetic magic*, wat hy as werklik en asemrowend beskou. Daarteenoor beweer hy dat mense wat in 'n bonatuurlike godheid glo, aan *supernatural magic* gekoppel word — nie omdat dit waarheid, iets magies of werklike wonderwerke van 'n godheid verteenwoordig nie, maar blykbaar omdat dit soos opgemaakte *magic* is wat deur mites en feëverhale vertel word (vgl. Dawkins, 2011b:12-31).

So stel Dawkins (2011b) sy doel duidelik aan kinders en ander lesers: “What I hope to show you in this book is that reality — the facts of the real world as understood through the methods of science — is magical in this third sense, the poetic sense, the good-to-be-alive sense” (Dawkins, 2011b:22). Met betrekking tot die bonatuurlike sê Dawkins: “There is absolutely no reason to believe that those things for which science does not yet have natural explanations will turn out to be of supernatural” (Dawkins, 2011b:24). Deur hierdie standpunte kan hy maklik jong kinders oortuig dat die enigste

magic wat daar ooit werklik bestaan, dié is van wetenskaplike ontdekkings in die natuur.

Nadat Dawkins hierdie fondasie vir sy jong lesers gelê het, gaan hy oor na die Darwinistiese teorie van evolusionisme, asof evolusionisme die teorie van 'n Intelligente Ontwerper vervang. Hy stel dit soos volg:

So the effect will be exactly the same as if an intelligent designer, such as a human breeder, had chosen long-legged individuals for breeding – except that no such designer is required: it all happens naturally, all by itself, as the automatic consequence of which individuals survive long enough to reproduce, and which don't. For this reason, the process is called natural selection (Dawkins, 2011b:30).

3.2.5 Die “Wonder”-skeppingswerk van Darwinistiese Evolusionisme

Kenmerkend hiervan is dat Dawkins, wanneer hy die ideologie van evolusionisme verduidelik, konsepte gebruik wat eie is aan Intelligente Ontwerp, maar dit vervolgens aan “The slow magic of evolution” toeskryf. Hy meld byvoorbeeld dat paddas en koetse ingewikkelde dinge is en dat baie onderdele en vaardighede nodig is om so iets te maak, wat op 'n baie spesiale manier saamgestel moet word, “in a special way that can't just happen by accident” (Dawkins, 2011b:24). Hiermee kontrasteer hy sy eie teorie dat daar geen Intelligente Ontwerper nodig is nie, en skryf hy die komplekse proses toe aan die sogenaamde wonder van die “big bang” en proses van evolusie deur natuurlike seleksie. Dawkins beskryf dit vervolgens as sogenaamde feit en skryf dit toe aan *poetic magic* (Dawkins, 2011b:27):

We know, as a fact, that every living thing – every human, every crocodile, every blackbird, every tree and every Brussel sprout – has evolved from other, originally simpler forms. So isn't that just a process of luck, or a kind of magic? No! Absolutely not! ... (except, of course, in the strictly poetic sense of something that fills us with awe and delight).

Deur Dawkins se verduideliking (by wyse van hipotese) van hoe alle werklikheid deur die “Big Bang”, evolusie en natuurlike seleksie ontstaan het, fokus hy daarop om God as moontlikheid vir die verklaring van die ontstaan van alle dinge uit te sluit. McGrath (2015:89) som Dawkins se verduideliking (wat volgens hom reeds in sy boek *The Blind Watchmaker* na vore kom) soos volg op: “It's all standard Darwinism. What's new is the lucidity of the presentation, and the detailed illustration and defense of these ideas through judiciously selected case studies and carefully crafted analogies”. Gelowiges behoort dus hulle kinders op te lei om die misleidende taktiek en logika te kan raaksien en te hanteer. Gelowiges moet fokus op die onderliggende voorveronderstellings, die doel, die gebruik van logika as middel, sowel as die gevolge van hierdie benaderings, en hul kinders leer om dit in die praktyk toe te pas.

Deur middel van so 'n verduideliking poog Dawkins om sy lesers te oorreed om 'n naturalistiese wêreldbeskouing aan te neem, waarin die natuurlike wêreld en lewe op aarde aan Darwinisme toegeskryf word. Soos wat McGrath en McGrath (2007:20 e.v.) verduidelik, het Dawkins 'n geldige, maar eensydige besorgdheid dat kinders nie geïndoktrineer moet word nie en meen hy dat indoktrinasie 'n vorm van kindermishandeling kan wees. Dit geld egter juis en veral vir die wanvoorstellings van dogmas wat Dawkins self (by kinders) propageer. Hierteenoor is die Bybelse,

Christelike wêreldbeskouing nie 'n vorm van indoktrinasie nie, maar 'n geldige en 'n logiese verklaring van die werklikheid wat aan kinders oorgedra word.

Oor die ontstaan van geloof skryf Richard Dawkins in *The God Delusion* dat geloof en godsdiens 'n mislukte (en dus nuttelose) byproduk is van iets anders binne die proses van evolusie deur natuurlike seleksie (Dawkins, 2006b:172-190). Hy begin sy argument met 'n analogie van 'n mot wat, voor die ontstaan van kunsmatige lig, deur die lig van die maan gelei is. Volgens hom het motte tradisioneel die maanlig gebruik om hulle vlug en trajek reglynig en stabiel te hou. Met die koms van kunsmatige ligte, soos dié van 'n kers het hierdie natuurlike navigasiesistelsel daartoe gelei dat motte verkeerdelik na die vlam toe aangetrek is, wat noodwendig tot hulle dood gelei het.

Dawkins verduidelik dat hierdie verandering en ontwikkeling by die mot 'n voorbeeld is van 'n evolusionêre misvuur, waar eienskappe wat eens voordelig was vir die oorlewing van die spesie, later 'n teenoorgestelde uitwerking het. Die gedrag van motte om in die vlam van 'n kers te vlieg, is volgens Dawkins nie 'n poging tot selfmoord nie, maar eerder 'n newe-effek van die oorspronklik voordelige navigasiemetode wat deur natuurlike seleksie gevorm is. Die mot het egter nooit opgehou om te doen wat hy aanvanklik gedoen het nie; hy word steeds deur lig aangetrek — maar nou met die gevolge van kunsmatige lig, wat deur wetenskap en tegnologie meegebring is.

Dawkins (2006b:174 e.v.) beweer dat religieuse geloof op 'n soortgelyke wyse 'n misgevuurde newe-effek en byproduk van natuurlike seleksie is. Gelowiges behoort hieroor die teenvraag te stel of evolusionisme nie eerder 'n misvuur is van die menslike

denke is wat die skepping wil aanbid eerder as die Skepper nie. Dawkins verduidelik verder dat, soos motte waarvan die oorlewingsmeganismes van navigasie deur 'n ligbron hulle verkeerdelik na kerslig laat lok het, die menslike brein op soortgelyke wyse 'n misvuur en nuttelose byproduk is wat van vroeëre meganismes afgelei word. Hy voer aan dat die menslike brein deur natuurlike seleksie tot modules van gespesialiseerde dataverwerking ontwikkel het, in die poging om oorlewing van die sterkstes te bevorder. In hierdie verband het die brein gefokus daarop om in alle situasies moontlike agentskap te herken, met ander woorde om te identifiseer waar iets in die werklikheid rondom jou onafhanklik optree met die potensiele intensie om jou lewe te bedreig.

Deur die identifisering van agentskap in natuurlike verskynsels het hierdie neiging klaarblyklik mettertyd ontwikkel tot die veronderstelling dat daar agentskap aan bonatuurlike verklarings toegeskryf kan word — waar daar volgens Dawkins in werklikheid egter geen metafisiese agentskap bestaan nie. Hierdie konsep van agentskap het, volgens Dawkins, gelei tot religieuse geloof in 'n verbeelde bonatuurlike godheid. Soortgelyk aan die analogie van die mot se navigasiestelsel, was die mens se kognitiewe vermoë om agentskap te identifiseer aanvanklik tot voordeel van oorlewing. Die ontwikkeling van irrasionele geloof en godsdiens⁵² in 'n bonatuurlike

⁵²Met "irrasionele godsdiens en geloof" bedoel Dawkins dat, volgens hom, enige vorm van godsdiens of geloof irrasioneel is.

agent is egter, volgens Dawkins, in werklikheid 'n misvuur en nuttelose byproduk van natuurlike seleksie.

Dawkins verduidelik sy hipotese verder aan die hand van nóg 'n voorbeeld, wat noodsaaklik is om vir die doel van hierdie huidige studie te vermeld. Hy gebruik kinders as voorbeeld en beklemtoon uitdruklik dat hy hiermee geen bybedoelings het nie: "I must stress that it is only an example of the kind of thing I mean" (Dawkins, 2006b:174). Nietemin maak hy daaropvolgend baie spesifieke toepassings op grond van hierdie voorbeeld, naamlik dat kinders, volgens hom, blindelings die oordrag van irrasionele en onsinnige godsdiens en geloof by hulle ouers aanleer, wat hy as indoktrinasie beskou: "If I have done my softening-up work well, you will already have completed my argument about child brains and religion. Natural selection builds child brains with a tendency to believe whatever their parents and tribal elders tell them" (Dawkins, 2006b:176).

Hierdie voorbeeld van kinders wat hulle ouers se geloof blindelings navolg as 'n vorm van indoktrinasie, dien duidelik nie bloot as 'n voorbeeld nie, maar vorm deel van 'n argument van Dawkins se groter doel om godsdiens, veral onder jonger kinders, uit te wis. Trouens, een van sy latere hoofstukke handel spesifiek oor die skade wat godsdiens volgens hom op kinders kan berokken, met 'n oproep om bewus te wees daarvan dat geloof op geen kind, of hul nou groot of klein is, afgedwing behoort te word nie. Daar is talle uitsprake wat Dawkins in sy boek hieroor maak, waarvan die volgende 'n enkele voorbeeld is: "I think we should all wince when we hear a small

child being labelled as belonging to some particular religion or another” (Dawkins, 2006b:338).

Hierteenoor waarsku McGrath en McGrath (2007:21) dat hierdie tipe argumente van Nuwe Ateïsme, wat onder andere deur Richard Dawkins, Daniel Dennett, Sam Harris en Christopher Hitchens bevorder word, juis pogings is om sekularisme op kinders af te dwing:

Having read the misrepresentations of religion that are such a depressing feature of *The God Delusion*, I very much fear that secularists would merely force their own dogmas down the throats of the same gullible children—who lack, as Darwin rightly points out, the discriminatory capacities needed to evaluate the ideas ... There is indeed a need for a society to reflect on how it educates its children. Yet no case can be made for them to be force-fed Dawkins’s favored dogmas and distortions.

3.3 ANTITETIES: CHRISTELIKE LEER OOR GOD

Die Christelike wêreldbeskouing begin by God die Skepper as absolute werklikheid, wat betekenis gee aan alle ander werklikhede. Met betrekking tot God as die sentrale punt in die Christelike wêreldbeskouing, skryf Ryken (2006:11-12):

The bible does not present God as the conclusion to some logical proof, or as a mystery beyond our comprehension, but as the basic premise upon which everything else in the entire universe is built. God is always our ultimate frame of reference, the supreme reality at the center of all reality – the be-all and end-all of existence.

Dienooreenkomstig is dit in dogmatiese handboeke belangrik om duidelik aan te dui met watter *locus* begin word, of in watter volgorde die verskillende *loci* geplaas word,

juis om 'n mens se verstaan van Godsopenbaring en die werklikheid te reflekteer. Gereformeerde dogmatiese handboeke begin gewoonlik met die leer oor Godsopenbaring (gewoonlik voorafgegaan deur 'n *prolegomena*), aangesien daar sonder Godsopenbaring geen wetenskaplike kennis in die vakgebied van teologie opgedoen kan word nie.

Ook in apologetiese studies is dit belangrik om aan te dui met watter *locus* begin word, aangesien dit 'n moontlike aanduiding gee vanuit watter apologetiese tradisie en vertrekpunt daar gewerk word. Die Klassieke aanslag (en moontlik ook die Bewysstuk aanslag) sal waarskynlik by die leer oor die skepping begin, terwyl dit verwag kan word dat die Gereformeerde of Voorveronderstellingsaanslag dalk by die *locus* van openbaring, en meer spesifiek die leer oor die Skrif as Godsopenbaring, sou begin. Hoewel die skeppingsleer dus as vertrekpunt gebruik sou kon word, juis omdat die skepping die raakpunt is waarbinne beide gelowiges en ongelowiges verkeer, volg hierdie studie die Godsbeskouing as vertrekpunt. Dit is omdat die wesensvraag tussen 'n naturalistiese en 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing uiteindelik oor die bestaan van God is. Verder is dit ook die eerste vraag waarmee Sire begin, wat as vertrekpunt vir hierdie studie en hoofstuk dien.

Wanneer iemand die leer oor God bestudeer, herinner die bekende teoloog, J.I. Packer, ons daaraan dat die kern van die Christelike geloof nie slegs in die versameling van kennis oor God lê nie, maar in die persoonlike kennis van Hom. Hy wys daarop dat teologiese studie, apologetiek en selfs die vermoë om gesaghebbend

oor Christelike waarhede te praat, nie noodwendig 'n lewende verhouding met God daarstel nie. Hoewel intellektuele belangstelling erkenning en publieke respek kan bring, bly daar steeds 'n verskil tussen kennis oor God en werklike gemeenskap met Hom. Daarom beklemtoon Packer dat die hoogste en mees waardige studie vir die Christen nie die mens as sodanig is nie, maar God self — sy Naam, sy wese, sy werke en sy bestaan, waardeur sy kinders Hom hulle hemelse Vader kan noem. Só word ware kennis gedefinieer as kennis wat nie bloot verstandelike kennis is nie, maar wat die hele lewe en die menslike wese in verhouding tot God Drie-enig bring (Packer, 1973:13, 22-23).

Vervolgens sal daar gefokus word op wie God is vanuit 'n gereformeerde Christelike wêreldbeskouing. Hierdie bestudering van die leer oor God word aangebied in die vorm van huisgodsdienst temas sodat ouers hulleself kan toerus met 'n Bybelse, Christelike wêreldbeskouing oor God. Verder kan hierdie huisgodsdienst-temas dien as hulpmiddel tydens gesprekke met kinders oor wie God is. Die temas waarop daar gefokus word, is die volgende: (1) Die bestaan van God, (2) kennis van God, (3) die Drie-eenheid van God, (4) Name van God, (5) deugde van God (in twee dele/geleenthede), en (6) die raad van God.

Die huisgodsdienst temas wat volg sal die betrokke leer sistematies uiteensit en verduidelik. Waar meer tegniese inligting verskaf word, sal dit in blokke en kleiner

skrifgrootte aangedui, sodat ouers kan kies om dit as 'n ekskursus te lees of dit oor te slaan en eenvoudig met die hoof-argument voort te gaan.

3.3.1 Huisgodsdienst-tema: Die bestaan van God — Ons bely die bestaan van God as 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese.

Hierdie huisgodsdienst-tema vorm deel van hoofstuk 3 se fokus op die Bybelse Godsbeskouing teenoor naturalistiese ontkenning van God se bestaan. Wanneer kinders deur die Woord en Gees die werklikheid van God se bestaan herken as 'n enige en enkelvoudige, geestelike Wese (vgl. Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 1; Deut. 6:4; Joh. 4:24), word hulle wêreldbeskouing gevorm vanuit die vertrekpunt dat God die Skepper en Here is, en nie een of ander skepsel vanuit die natuur nie (vgl. Ps. 14:1). Só leer gesinne dat God terselfdertyd transendent en immanent is en alleen waardig om aanbid te word, en om die werklikheid te verstaan as sy skepping waarin sy Naam verheerlik moet word.

Lees: Psalm 14:1-7

Fokus: Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 1a

In die geskiedenis was daar baie mense wat hulle beywer het om te bewys dat God nie bestaan nie (vgl. Burkle, 1969). Dit sluit, onder andere, ateïste en agnostici in. Ateïste is oor die algemeen mense wat nie in God glo of wil glo nie, terwyl agnostici mense is wat twyfel of kennis van God vir die mens inderdaad moontlik is (vgl. Geisler, 2013:3, 10). In sowel ateïsme as agnostisisme word daar onderskeidelik twee

kategorieë uitgelig. Helberg (1981:31) stel dat ateïsme onderskei kan word tussen ateïsme wat die bestaan van God ontken, en 'n praktiese ateïsme wat ontken dat God sy heerskappy aktief in die wêreld uitvoer. Volgens Geisler (2013) is daar basies twee tipes agnostici: Eerstens diegene wat beweer dat God nie kenbaar is nie, maar dat sommige mense tog kennis van God kan hê; en tweedens die meer radikale groep wat glo dat God glad nie geken kan word nie.

Hoewel die term agnostisisme deur T.H. Huxley geskep is, was dit eintlik David Hume en Immanuel Kant wat die filosofiese basis van hierdie konsep gevestig het. Hume was bekend vir sy argument dat alle kennis afgelei word uit waarneming en refleksie. Volgens Hume se epistemologie word alle rede oor waarheid gevind in oorsaak en gevolg, wat alleen deur *posteriori* ervaring waargeneem kan word. 'n Mens kan dus nooit die oorspronklike bron van kennis deur *priori* waarneming ken nie, maar slegs interpretasies daarvan. Die implikasie hiervan is dat, selfs al is daar 'n oorsprong van alles, 'n mens nogtans nie met sekerheid kan weet wat hierdie oorsprong is nie, aangesien oorsaak en gevolg slegs deur die sintuie waargeneem word.

Omdat oorsaak en gevolg die basis van Hume se epistemologie is, glo hy dat kennis van God nie moontlik is nie. Want as alles 'n oorsaak het, sou daar — op grond van redenasie vanuit die natuur — tot die gevolgtrekking gekom kon word dat die oorsaak of oorsprong van die skepping anders, nietig, onvolmaak, veelvoudig, manlik en vroulik, of selfs antropomorfies moet wees, aangesien sulke eienskappe in die natuur as gevolge van die oorsprong waargeneem kan word. Hieruit kan gelowiges sien hoe Hume probeer bewys wat in die Skrif reeds geleer word: dat 'n mens God as Skepper nie alleen deur die skepping kan ken nie, juis vanweë die sondeval.

'n Verdere reaksie op Hume se gevolgtrekking is dat die Bybel duidelik leer dat God nie die natuur geskape het na wat Hy self is nie, asof ons God se wese uit die skepping sou kon aflei, maar dat Hy die mens na sy beeld geskape het. Om dus die natuur as vertrekpunt te gebruik om God te verklaar, is daarom verkeerd en onmoontlik. Skrifgedeeltes wat oor die Skepping handel (byvoorbeeld Gen. 1-3; Rom. 1), openbaar nie die kern van God se wese nie, maar wel die feit van 'n Intelligente Ontwerper, met ander woorde, dat daar 'n Skepper-God is wat alles geskape het.

So bely gelowiges dit ook in die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 2, naamlik dat ons God kan ken “deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld. Dit is immers voor ons oë soos 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, duidelik laat sien” (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 2) (Calvin & Owen, 1849; Geisler, 2013).

Net so is daar baie gelowiges wat deur die verloop van die geskiedenis die bestaan van God wou bewys. Só bestaan daar onder andere verskeie argumente vir die bestaan van God wat redelik bekend is. Maar kan die bestaan van God deur middel van argumentering werklik bewys word? Meer nog, kan die bestaan van God enigsins geken word?

Dit is gewoonlik binne die sogenaamde Bewysstuk-apologetiek dat baie van hierdie argumente gevind word. In die boek *Handbook of Christian Apologetics*, wy Peter Kreeft en Rondal Tacelli 'n hele hoofstuk aan twintig argumente vir die bestaan van God (sien Kreeft & Tacelli, 1994:47-88). Volgens Van Genderen en Velema (2008:131) beskou Bavinck die sogenaamde bewyse vir God eerder as sterk getuienisse van God.

Heyns (1978:38-39) voer aan dat, hoewel daar in die geskiedenis heelwat pogings aangewend is om die bestaan van God te probeer bewys, dit nie moontlik is nie, aangesien die bestaan van God eenvoudig nie bewys kan word nie. Daarom is al die pogings, volgens Heyns (1978:39) nie 'n bewys van kennis van God nie, maar 'n bewys van die redelikheid van die geloof in die bestaan van God, en andersom, 'n bewys van die onredelikheid van die geloof dat God nie bestaan nie. Onder hierdie sogenaamde Godsbewysstukke noem Heyns (1978:38-39) die volgende argumente: die kosmologiese bewys, die teleologiese bewys, die ontologiese bewys, die morele bewys en die etnologiese bewys.

Robinson (2006) skryf 'n boek getiteld *The Necessary Existence of God: the proof of christianity through presuppositional apologetics*. Reeds in hierdie titel blyk dit dat daar beweer word dat die Christendom oor voldoende bewys beskik dat God geken kan word, en dat hierdie bewys deur Voorveronderstellingsapologetiek gelewer word. In sy inleiding skryf hy: "There is certain and absolute proof for the existence of the Triune God, and the proof is the point of this book" (Robinson, 2006:Introduction). Hierdie bewys, wat deur Voorveronderstellingsapologetiek gelewer word, is nie gebaseer op menslike rede of argumente nie, maar lê juis dat God as werklikheid voorveronderstel moet word.

3.3.1.1 Die verdorwe wêreld

Wanneer 'n mens na die wêreld rondom ons kyk, sien ons inderdaad 'n verdorwe wêreld. As ons slegs op grond van die natuur sou moes argumenteer oor die bestaan van God, sou ons, soos die ateïs en die agnostikus, waarskynlik tot die gevolgtrekking kom dat God nie kan bestaan nie. Die Skrif leer ons immers duidelik: “Die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word” (1 Kor. 2:14).

Die ateïs en die agnostikus werk nie met 'n Bybelse geloof nie en kyk ook nie deur die geloof nie. Hulle werk met empiriese feite — dit wil sê, dinge wat deur die sinne waargeneem kan word. Die ongelowige benader die werklikheid vanuit 'n raamwerk of teorie van kennis (epistemologie) gebaseer op oorsaak en gevolg. Hy neem die wêreld waar en, wanneer hy sien dat die gevolg van alles sleg, boos, nietig en sogenaamd onvolmaak is, kom hy tot die gevolgtrekking dat God nie kan bestaan nie, of ten minste, dat indien God wel bestaan, Hy nie betrokke in sy Skepping nie is.

Dat die ongelowige só reageer is nie ongewoon nie. Die Skrif leer ons immers in Psalm 14 dat die ongelowige tot hierdie gevolgtrekking sal kom: “Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie” (Ps. 14:1), verder lees ons: “Die HERE het uit die hemel neergesien op die mensekinders, om te sien of daar iemand verstandig is, wat na God vra. Hulle het almal afgewyk” (Ps. 14:2-3a).

Daarom vind 'n mens dat ongelowiges gewoonlik leef net soos hulle wil, sonder om enige rekening met God in hulle lewens te hou. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat God nie bestaan nie, en leef dan volgens die boosheid wat in die mens is as gevolg van die sondeval. Ons teksgedeelte sê: “Sleg, afskuwelik maak hulle hul dade; daar is niemand wat goed doen nie” (Ps. 14:1). Verder vra God in die Psalm: “Het al die werkers van ongeregtigheid dan geen kennis nie, die wat my volk opeet asof hulle brood eet? Hulle roep die HERE nie aan nie” (Ps. 14:4).

Maar die gelowige kyk anders na die wêreld. Hy kyk deur die geloof na die wêreld, en omdat God dit aan hom openbaar deur sy Woord en sy Gees, bely hy eenvoudig dat God bestaan. Ons probeer nie eers om God se bestaan te bewys voordat ons glo nie. Die gereformeerde leer werk egter omgekeerd: Ons glo in God, omdat God het dit in ons bewerk het.

In al ons denke en gesprekke veronderstel ons dus van die begin af die bestaan van God. Wanneer ons met mense praat wat nie in God glo nie, probeer ons nie om te bewys dat God bestaan nie, maar verkondig ons eenvoudig die hoop wat in ons is — selfs maak ons gebruik van menslike rede.

3.3.1.2 God is 'n enige en enkelvoudige Wese⁵³

Ons verkondig dít wat ons glo en bely. Soos ons reeds in die heel eerste artikel van die Nederlandse Geloofsbelydenis oor wie God is glo en bely, vra ons nie, hoe ons weet dat God bestaan nie; ons bely eenvoudig dát Hy bestaan. Ons bely: “Ons glo

⁵³n Groot deel van hierdie onderwerp is ontleen aan Van Genderen en Velema (2008:171-173).

almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem" (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 1a).

Wanneer ons dan nou veral op die bestaan van God fokus, wil ons graag spesifiek stilstaan by hierdie deel van ons belydenis: dat God 'n enige en enkelvoudige, geestelike Wese is in Wie ons glo en bely. Daarom behoort ons te vra wat in ons belydenis bedoel word met die beskrywing dat God 'n enige en enkelvoudige Wese is, en wat dit behels dat God 'n geestelike Wese is.

3.3.1.2.1 Oor die belydenis dat God Enig is

Die oorspronklike woorde van die Nederlandse Geloofsbelydenis beteken dat God die enigste God is, maar ook dat Hy eenvoudig is⁵⁴. In Engels word dit as volg in die Belgic Confession vertaal: "We all believe in our hearts and confess with our mouths that there is a single and simple spiritual being, whom we call God" (Belgic Confession, artikel 1).

Hierdie woorde in ons belydenis kan maklik verkeerd verstaan word. Wat met die woordkeuse "n enige en enkelvoudige Wese" bedoel word, is in die eerste plek dat God enig is, soos ons dit hoor in Deuteronomium 6:4, waar Moses aan God se volk sê: "Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE".

⁵⁴"The original text of the Belgic Confession of Faith, article 1, says: "Une seule et simple essence spirituelle" (a single and simple spiritual being)" (Van Genderen & Velema, 2008:172).

Deuteronomium 6:4 staan bekend as die verkorte weergawe van die Joodse belydenis, die “Shema Jisreël”. Die uitgebreide weergawe is Deuteronomium 6:4-9 met Deuteronomium 10:12-13 wat daarby aansluit. Daar is verskeie vertalingsmoontlikhede vir Deuteronomium 6:4. Hier volg enkele voorbeelde:

- Hoor Israel die HERE ons God is een HERE;
- Hoor Israel, die HERE ons God, die HERE is een;
- Hoor Israel die HERE is ons God, die HERE is een;
- Hoor Israel die HERE is ons God, 'n enige HERE;
- Hoor Israel die HERE ons God is 'n enige HERE.

Dat God enig is, beteken dat Hy die enigste God is en dat Hy uniek en eiesoortig is; geheel anders as enige iets in sy skepping. Daar is niemand soos Hy in die hemel of op die aarde nie. Net Hy alleen is waardig om God te wees, want slegs Hy is God. Hy is geheel en al volkome een in die rykdom van sy deugde — Hy is dus onverdeelde in Wie Hy is en in alles wat Hy doen.

Waar die Skrif byvoorbeeld sê dat God liefde is (1 Joh. 4:8), op 'n ander plek sê dat God lig is (1 Joh. 1:5), en weer elders sê dat God Gees is (Joh. 4:24), beteken dit nie dat God gedeeltelik liefde, gedeeltelik lig, gedeeltelik Gees is nie. Hy is in sy wese liefde, lig, en Gees — tegelykertyd en altyd. Daarom is daar geen teenstrydigheid in God nie; Hy alleen waardig om aanbid te word, en ons kan op Hom vertrou vir Wie Hy is.

Een van die verklaarders van artikel 1 van die Nederlandse Geloofsbelydenis stel die gevolgtrekking van hierdie belydenis, naamlik dat God enig is, soos volg: “Daarom mag ons nie aan ’n ander toeken wat alleen aan God toekom nie, naamlik die aanbidding, die vertrouwe, die aanroeping en die danksegging” (Polman, 1940a:118, eie vertaling).

3.3.1.2.2 *Oor die belydenis dat God Enkelvoudig is (Nederlands: Eenvoudig)*

Tot dusver is dit redelik maklik om die belydenis te verstaan, naamlik dat God enig is. Die belydenis dat God enkelvoudig, of eenvoudig is, is egter nie so maklik om te verstaan nie.

Guido de Brès sê in die inleiding van hierdie belydenis dat artikel 1 bedoel is om duidelikheid te bring dat die gereformeerde geloof vas staan in die belydenis van die ou katolieke kerk⁵⁵, met ander woorde, die kerk se gesonde leer vóórdat die Roomse kerk dit oorgeneem het. Hierdie artikel is dus bedoel as ’n vaste en Skrif-getroue belydenis teenoor die Gnostici, Manicheërs en ander ketters van die eerste paar eeue wat die belydenis van God se eenvoud aangeval het (Polman, 1940a:119-120). Calvyn het dit ook nodig geag om weer terug te gryp na hierdie belydenis van die vroeë kerk, sodat die eenvoud van God verdedig kon word teen dwaalleringe — onder andere dié wat die Drie-eenheid verwerp het (Polman, 1940a:121).

⁵⁵ Vir meer besonderhede oor wat hier met katoliek bedoel word, verwys gerus na hoofstuk 7 oor die leer van die kerk (afdeling 7.5.8 en 7.5.9).

Aan die belydenis dat God eenvoudig of enkelvoudig is, moet ons as gelowiges in die geloof aan vashou, sodat ons nie deur sieninge, soos dié wat deur die eeue heen ontstaan het, mislei word nie. Hiervan het ons reeds gehoor: Gnosticisme, Politeïsme, Arianisme, Marcionisme, Pelagianisme, en selfs Remonstrantisme. By elkeen van hierdie dwaalleringe word dinge aan God toegeskryf wat anders is as wat die Skrif ons leer, en word God in sy Wese verdeeld of kompleks voorgestel (Polman, 1940a:119-129).

Dit is, in kort, wat ons bely in Artikel 1 van die Nederlandse Geloofsbelydenis met betrekking tot die bewoording dat God enig en enkelvoudig is.

3.3.1.3 God is 'n geestelike Wese

Verder bely ons dat God 'n geestelike Wese is. Hierdie belydenis berus onder andere op die direkte openbaring vanuit die Skrif. In Johannes 4:24 word dit immers duidelik gestel dat God Gees is.

Hiermee word daar nie bedoel dat God bloot 'n geestelike wese is, asof Hy deel uitmaak van 'n soort wesens wat as geeste bekend staan nie. Nee, dit word baie duidelik en eenvoudig gestel: "God is Gees" (Joh. 4:24). Dit beteken dat daar niemand anders soos God is met wie Hy vergelyk kan word nie. Daar is ook niks anders in die skepping waarmee God vergelyk kan word nie. Die Bybel vertel wel op verskeie plekke dat God 'n mond, ore, hande en voete het, maar al hierdie beskrywings is menslike uitdrukkings wat God gebruik om sy boodskap binne ons leefwêreld verstaanbaar te

maak. Sulke beskrywings staan as antropomorfismes bekend (vgl. Polman, 1940a:129-130; Van Genderen & Velema, 2008:173-174).

Wat ons dus sê wanneer ons bely dat God 'n geestelike Wese is, is dat God met niks in sy skepping vergelyk kan word nie, selfs nie eers met die mens nie. Dit is eerder so dat God die mens met sekere eienskappe kan toerus, sodat die mens na die beeld van God kan wees.

3.3.1.3.1 *Is God ook 'n Persoon?*

As God Gees is, kan en behoort ons tereg te vra of God dan ook 'n Persoon is. Hierop wys Heyns (1978:46) dat daar teoloë is uit die skool van Hegel wat meen dat God nie persoonlik kan wees nie, juis omdat Hy Gees is. Oor hierdie saak skryf Heyns (1978:43) egter: “God *is* en *handel* persoonlik, daarom word ook sy omgang met die mens in persoonlike kategorieë beskrywe. En met hierdie Persoon-wees van God is geen enkele van sy ander eienskappe in teenspraak of in spanning nie”. Ons sien dus dat die feit dat God 'n geestelike Wese is, in noue verband staan met wat ons reeds gehoor het, naamlik dat God enig en enkelvoudig is. Al is daar geen direkte verwysing in die Bybel wat eksplisiet na God as 'n Persoon verwys nie, beskryf ons God as Persoon juis omdat die Bybel dit só aan ons openbaar.

Beeke en Smalley (2019:933) beskryf wat 'n persoon is en hoe dit van toepassing is op die Persone in die Drie-eenheid⁵⁶:

⁵⁶Die Persone in die Drie-eenheid word as 'n aparte afdeling onder 3.3.3 behandel.

We may describe (though not fully define) a person as someone who is unique, rational, volitional, and in relationships with other persons. Therefore, when we say that the Father, the Son, and the Holy Spirit are three divine persons, we mean that they are each unique in their mutual relationships of knowledge and love in the one divine nature.

3.3.1.3.2 *God is transcendent en immanent (en neerbuigend “condescension”?)*

Hierby is dit duidelik dat God, hoewel Hy 'n geestelike Wese is wat nie met sy skepping vergelyk kan word nie, tog ook persoonlik betrokke is by sy skepping.

Heyns (1978:44) waarsku dat beide God se transendensie en sy immanensie in regte balans gehandhaaf moet word, sodat een van die twee oor- of onderbeklemtoon word nie. 'n Oorbeklemtoning van God se immanensie sal tot 'n panteïstiese beskouing lei wat God deel van die skepping probeer maak, terwyl 'n oorbeklemtoning van God se transendensie 'n deïstiese beskouing van God en die skepping tot gevolg kan hê, wat uiteindelik daartoe sal lei dat aan skepsele Goddelike kwaliteite toegeken word.

Ja, God is verhewe bo sy skepping en daar is niemand of niks soos Hy nie, maar tog is Hy nie verwyderd van sy skepping nie. Hy is trouens baie persoonlik betrokke, sodat Hy steeds alle dinge volgens sy wil regeer en onderhou (vgl. Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 13).

3.3.1.4 *Samevattende gedagtes*

Die agnostikus, wat glo dat geen kennis van God enigsins moontlik is nie en dat 'n mens dus nie die bestaan van God kan bewys nie, is in sy denke en in sy eie teorieë teenstrydig en selfvernietigend. Hulle bewering is dat ons uit die werklikheid genoeg weet om te kan erken dat niks in die werklikheid eintlik geken kan word nie (Geisler,

2013:11). In kort sê hulle as't ware dus van hulle eie oortuiging: Omdat ons glo dat ons eintlik niks kan weet nie, kan ons God ook nie ken nie.

Die ateïs, wat beweer dat daar geen God is nie, sowel as die agnostikus wat beweer dat God nie geken kan word nie, kom op byna dieselfde neer. Beide ontken God omdat hulle vanuit die menslike rede probeer bewys dat God nie bestaan of geken kan word nie.

Hierdie mense is lewende bewys van dit wat die Skrif ons leer. Die Skrif leer ons immers duidelik dat die sondeval dit vir die mens onmoontlik gemaak het om God te ken, tensy God Homself aan ons bekend maak deur sy Woord en deur die verligting van sy Heilige Gees.

Maar God het dit moontlik gemaak vir sy uitverkorenes om Hom te ken, want Hy het Homself in sy Woord geopenbaar. Om God te kan ken, is dit egter nodig dat die Heilige Gees ons oë deur die geloof verlig. Slegs wedergebore mense, wat God deel gemaak het van sy genadeverbond, kan God ken, sy Woord verstaan en in gemeenskap met Hom leef.

Daarom probeer ons nie om God te bewys nie, maar leef ons vanuit die geloofsveronderstelling dat God bestaan, omdat Hy dit aan ons bekendgemaak het. Hy het ons deel gemaak van die geloof in Hom, sodat ons in 'n baie noue en persoonlike gemeenskap met Hom kan leef. Oor hierdie hoop wat in ons is, verkondig en verdedig ons aan almal wat van ons vra aangaande die hoop wat in ons leef.

Wanneer gelowiges bely dat God werklik bestaan as die enigste en enkelvoudige, geestelike Wese, word hulle geloof verdiep in die erkenning dat Hy die Skepper en Onderhouer van alles is. Hierdie waarheid bring gesinne tot verwondering oor God se grootheid en leer hulle om met eerbied en dankbaarheid in die teenwoordigheid van die Here te leef. Deur hierdie huisgodsdienstema leer kinders om die dwaasheid van (nuwe) ateïsme te herken en om vas te hou aan die geloof dat God werklik is en Homself deur sy Woord en Gees aan ons openbaar. Só word hulle geloof versterk om die Here met hul hele hart, siel en verstand te dien en sy Naam in alles te verheerlik.

3.3.2 Huisgodsdienstema: Kennis van God — Jesus Christus verklaar (openbaar) die Vader sodat ons God deur geloof kan ken.

Hierdie huisgodsdienstema vorm deel van hoofstuk 3 se fokus op die Bybelse kennis van God teenoor die naturalistiese siening dat God nie bestaan nie. Wanneer kinders leer dat God Homself deur sy Seun, Jesus Christus, aan ons openbaar (Joh. 1:18; Fil. 2:9-11), verstaan hulle dat ware kennis van God nie uit die menslike verstand kom nie, maar deur geloof in Christus en wat deur die werking van die Heilige Gees geskenk word. Só leer gesinne om God nie as 'n afgeleë of onbekende wese te beskou nie, maar as die lewende en persoonlike God wat Homself in sy Woord aan ons bekendmaak. Hierdie tema rus ouers toe om kinders te leer dat kennis van God altyd geloofskennis is — 'n persoonlike, lewende verhouding met Hom wat deur die Woord, gebed en gehoorsaamheid aan Christus, groei.

Lees: Eksodus 3:1-15; Filippense 2:6-11

Fokus: Eksodus 3:14; Filippense 2:9-11; Johannes 1:18

“Smaak en sien dat die HERE goed is” (Ps. 34:8). Hierdie is ’n uitnodiging om die HERE al hoe beter te leer ken deur in ’n persoonlike geloofsverhouding met Hom. Dit is die sentrale uitnodiging van vandag se huisgodsdienst-tema.

Ons het hierdie reeks oor die leer aangaande God begin by die vraagstuk van die bestaan van God. Dáár het ons gehoor hoe die ateïs verklaar dat daar geen God is nie. Die gelowige, daarenteen, bely eenvoudig God se bestaan, juis omdat Hy Homself in die Bybel, sy Woord, aan ons bekendmaak en omdat die Heilige Gees die gelowige se verstand verlig om hierdie waarheid te kan glo. Daarom weet ons dat God bestaan.

Tog handhaaf die agnostikus steeds die standpunt dat, selfs al sou God bestaan, die mens dit nooit sou kon weet nie en dat dit onmoontlik is vir die mens om God te ken. Die agnostikus mislei egter homself en poog moontlik om ander hierin te mislei. So stel Frame (1987:18) dit:

Because God is Lord, He is not only knowable but know to all (Rom. 1:21). The “agnostic” who says that he does not know if God exists is deceiving himself and may be seeking to deceive others. God’s covenantal presence is with all His works, and therefore it is inescapable (Ps. 139).

Romeine 1 stel duidelik dat alle mense — ook die agnostikus en ateïs — tot 'n mate kennis van God het. Hierdie kennis is voldoende sodat hulle hulleself nie kan verontskuldiging deur te beweer dat hulle nie geweet het dat God bestaan nie (Rom. 1:19-20), en sodat hulle hul verantwoordelikheid teenoor God kan ken; dit wil sê, dat hulle kan weet dat hulle Hom as die enigste Skepper moet aanbid en dien (Rom. 1:32).

In vandag se huisgodsdienste-tema fokus ons dus nie op die vraag óf God bestaan en óf God geken kan word nie, maar juis daarop dát God geken kan word, wat kennis van God behels, en hóé ons kennis van God kan groei.

3.3.2.1 Dat God geken kan word

3.3.2.1.1 Kennis van God is geloofskennis

Uit Romeine 1 weet ons dus dat alle mense 'n mate van kennis van God het wat hulle sedert hulle oorspronklike toestand behou het, selfs ná die sondeval. In die Dordtse Leerreëls bely gelowiges hierdie waarheid:

Na die sondeval het daar in die mens tog nog 'n bietjie van die lig van die [oorspronklike heilige (vgl. Dordtse Leerreëls hoofstuk 3/4 paragraaf 1)] natuur oorgebly. Daardeur het hy 'n mate van kennis van God, van die natuurlike dinge, van die onderskeid tussen die betaamlike en onbetaamlike bly behoue en vertoon hy in 'n sekere mate 'n strewe na deug en uiterlike tug. Vir die mens is dit egter onmoontlik om deur hierdie lig van die natuur tot die saligmakende kennis van God te kom en hom tot God te bekeer (Dordtse Leerreëls hoofstuk 3/4 paragraaf 4).

En tog moet ons hiermee saam erken dat slegs gelowiges waarlik kennis van God het — dit is daardie kennis van God wat heilsaam is. Ons Here Jesus bid immers in Joh.

17:3 tot die Vader vir sy dissipels wanneer Hy sê: “Dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het”. In hierdie opsig het slegs gelowiges hierdie saligheidskennis, en nie ongelowiges nie (vgl. 1 Kor. 1:21 en andere).

Dat God dus geken kan word en wel deur gelowiges geken word, dui nie op 'n sekulêre (of sogenaamde wetenskaplike) teorie van kennis⁵⁷ van waarneembare feite, waar God uitsluitlik deur die sintuie en intellek verstaan word nie; hierdie kennis van God is intendeel geloofskennis — dit wil sê, dit is kennis wat geestelik van aard is en wat alleen van God kom. So stel Van Genderen en Velema (2008:117-118) dit: “With the knowledge of God we mean faith-knowledge. This is knowledge of God that comes from God himself. With this we mean that it is possible for us to know God and that this knowledge is a gift from him”.

Dit is dus die Heilige Gees wat by die wedergeboorte aan 'n mens die geloof skenk waardeur die mens die kennis van God kan begryp. Volgens die Heidelbergse Kategismus is daar drie dinge wat die mens moet weet, waarvan alleen die Heilige Gees 'n mens kan oortuig, sodat hy in die saligheid wat met die kennis van God gepaardgaan, kan lewe. Hierdie drie dinge wat ek moet weet, wat ek moet ken, is: “Ten eerste hoe groot my sonde en ellende is; ten tweede hoe ek van al my sonde en

⁵⁷Wat onder sekulêre teorieë van kennis verstaan word, is bestaande teorieë van kennis soos byvoorbeeld rasionalisme, waar kennis uitsluitlik deur die menslike gewete en rede verkry kan word; positivisme, waar kennis verkry word deur middel van empiriese bewyse, dit wil sê, deur middel van eksperimentele waarneming; epistemologiese teorieë, waar filosofiese — dit is rasonele — kennis verwerf word; of watter ander teorie van kennis wat in gebruik is.

ellende verlos word en ten derde hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees” (Heidelbergse Kategismus Sondag 1 vraag en antwoord 2). Wanneer ek hierdie drie dinge deur die geloof my eie gemaak het, word my uitkyk op die lewe al meer gevorm deur die kennis van God en die kennis van myself, soos God my sien.

Van hierdie saligmakende kennis sê Paulus in 1 Korintiërs 2: “Maar God het dit [met ander woorde, sy wysheid (vers 7)] aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God” (1 Kor. 2:10).

3.3.2.1.2 Kennis van God bly onbegryplik

Dat die mens God kan ken en dat gelowiges Hom inderdaad ken, beteken nie dat hulle God ten volle ken of Hom geheel en al begryp nie. Intendeel, God bly God en mens bly mens. Hy is onbegryplik en volkome uniek — ver bo ons begrip of verstand, terwyl ons as sy skepsels beperk is in kennis en vermoëns.

As dit nie vir Hom was wat Homself in mensetaal aan ons wou bekendmaak nie, sou ons Hom nooit kon ken nie — nie eens gedeeltelik nie. Maar nou is God ons genadig en kan ons Hom ken, minstens genoegsaam vir ons eie saligheid, sodat ons in 'n lewende verhouding met Hom kan leef deur die geloof in sy Seun, Jesus Christus, wat ons met God versoen het.

Die feit dat God onbegryplik is, maak dit nie onmoontlik om Hom te ken nie. God kan wel geken word, en Hy wil dat mense Hom ken. Maar hoe kan God geken word? Of, anders gestel: Hoe openbaar God Homself?

3.3.2.2 Hoe God Homself openbaar

3.3.2.2.1 Kennis van God deur natuur en Skriftuur (natuurlike en geopenbaarde teologie)

Daar is baie mense wat glo dat God Homself aan hulle geopenbaar het in 'n verskyning, soos byvoorbeeld in die geval van die apostel Paulus. Die Bybel leer ons egter baie duidelik dat die openbaring van die kennis van God slegs deur twee middele moontlik is, naamlik deur die skepping en deur sy Goddelike Woord, waarvan die Bybel die geskrewe Woord van God is, deur Hom geïnspireer (vgl. Nederlandse Geloofsbelydenis artikels 2-3).

As gevolg van die mens se sonde is dit nie moontlik om deur die openbaring van God in die natuur tot geloof te kom nie. Tog kan die mens genoeg van God se openbaring daarin waarneem om homself nie te kan verontskuldig en te sê dat hy het nie geweet het dat God bestaan nie. Dit is alleen deur die Woord van God dat die mens God op só 'n wyse kan leer ken as wat vir sy saligheid nodig is.

3.3.2.2.2 God openbaar Hom deur sy Naam

In sy Woord openbaar God Homself aan ons. Op baie plekke in die Skrif maak Hy Homself byvoorbeeld bekend as ons hemelse Vader. Hy maak Homself ook bekend as ons Here of Koning wat oor ons regeer. Mensetaal skiet tekort om te beskryf Wie God is, maar tog is God ons genadig en maak Hy Homself in mensetaal aan ons bekend, sodat ons Hom kan ken. Sy Naam bly dus 'n openbaring van Wie God is (Van Genderen & Velema, 2008:132-134).

So het ons in ons teksgedeeltes gelees dat God Homself deur sy heilige Naam openbaar. Deur hierdie verskeidenheid van Name maak God aan ons sy glorieryke heerlijkheid bekend, wat nie in mensewoorde uitgedruk kan word nie (Van Genderen & Velema, 2008:135). Wanneer Moses egter vir God vra wat sy Naam is, sodat hy aan die volk kan sê Wie hulle sal verlos, maak God sy Naam bekend as EK IS WIE EK IS, oftewel: Jahweh. Daar is verskillende moontlikhede oor wat God met hierdie Naam bedoel, maar die kern verstaan onder gereformeerdes is dat God Homself openbaar as die God van die verbond, wat deur sy heilige teenwoordigheid in die midde van sy volk wil wees om hulle te verlos (Van Genderen & Velema, 2008:136-138). So openbaar Hy Wie Hy is, en so wil Hy geken en aangeroep word.

So lees ons verder in die openbaringsgeskiedenis dat, toe Jesus Christus aarde toe gekom het, Johannes 1 getuig dat Hy, die eniggebore Seun van God, “wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar” (Joh. 1:18). Dit beteken dat Jesus Christus een in Wese met die Vader is en dat Hy die Vader aan ons kom bekendmaak.

Dan sê Filippense 2:9-11 dat, omdat Jesus gehoorsaam was tot die dood:

het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlijkheid van God die Vader (Fil. 2:9-11).

Dit laat ons saam met Paulus in Romeine 11 uitroep: “O, DIEPTE van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy

weë!” (Rom. 11:33). Op ’n wonderbaarlike wyse maak die enigste waaragtige God, wat onbegryplik is en oneindige in kennis is, Homself aan ons bekend deur sy Seun, Jesus Christus.

Dit is hoe God Homself aan die mens openbaar, sodat ons God deur die geloof in Jesus Christus werklik as ons HERE kan ken. Wanneer ons dit beseef, vra ons met dankbaarheid in ons harte: Hoe kan ek in die kennis van God groei?

3.3.2.3 Hoe kennis van God kan groei

Daar is ten minste vier Bybelse wyses of riglyne waaraan ons onself kan verbind om in die kennis van God te groei.

- Eerstens, om ’n lewende verhouding met Jesus Christus te beoefen;
- Tweedens, om geloofsgehoorsaamheid in die praktyk te beoefen;
- Derdens, om gemeenskap met gelowiges te beoefen;
- En laastens, om die Woord van God gedurig en deeglik te bestudeer.

3.3.2.3.1 Eerstens: Deur ’n lewende verhouding met Jesus Christus te beoefen

Ons moet onthou wat ons vroeër gehoor het, naamlik dat kennis van God nie slegs intellektuele kennis is nie, maar geloofskennis. Dit is kennis wat aan ons bekendgemaak word deur die geloof wat die Heilige Gees aan ons skenk. So glo en bely ons ook in Sondag 7 oor die geloof, dat:

’n Ware geloof is nie alleen ’n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het, vir waar aanvaar nie, maar ook ’n vaste vertroue, wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan ander nie maar ook aan my uit loutere genade slegs op grond van die verdienste van Christus vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid, geskenk het (HK So 7 V/A 21).

'n Ware geloof beteken dus om in 'n lewende verbondsverhouding met Jesus Christus te leef. Dit impliseer dat die kennis van die evangelie werklik my hart raak en my persoonlik deel maak van die verlossing wat daar in Christus is. Om God in Christus te ken, is dus nie bloot om sy weë te ken nie, maar om in kinderlike vrees en liefde voor Hom in sy weë te wandel. Om God in Christus te ken, is om te beleef hoe Hy in ons lewens werksaam is. Van Genderen en Velema (2008:119) sê: “There are people who know God. They have encountered him and keep on encountering him; they acknowledge and obey him; they love and honor him” (vgl. ook Jer. 9:23-24).

3.3.2.3.2 *Tweedens: Beoefen geloofsgehoorsaamheid*

In Mattheus 11 nooi Jesus ons uit en roep Hy ons op tot geloofsgehoorsaamheid, sodat ons Hom al beter kan leer ken en ons vervulling vir ons siele kan vind.

Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig (Mat. 11:28-30).

Dit vra dus van ons om daaglik in verhouding met ons Here, Jesus Christus, te wandel en Hom al beter te leer ken deur sy Woord en deur sy Woord in geloof uitleef. Net so kom die oproep tot geloofsgehoorsaamheid na ons deur die uitnodiging wat die apostel Paulus in Romeine 12 rig, wanneer hy sê: “Word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is” (Rom. 12:2).

3.3.2.3.3 *Derdens: Die beoefening van gemeenskap van gelowiges*

'n Mens sou kon verwag dat ons eerstens sou sê dat die kennis van God groei deur die bestudering van sy Woord. Ons moet egter versigtig wees om nie die indruk te wek dat geloof 'n uitsluitlik individuele saak is nie. Geloof is nooit slegs individueel nie; dit is wel baie persoonlik, maar nie afgesonder van die gemeenskap van gelowiges nie.

Ja, ons kom tot geloof deur die Woord van God en, as individue, groei ons deur die Woord van God, maar dit staan nooit los van die liggaam van Christus nie. Die doel is altyd, soos Paulus in Efesiërs 4 sê, dat God ampsdraers roep en vir die gemeente gee “om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus”.

Wie dus wil groei in die kennis van God, moet by die kerk wees⁵⁸, waar God ander gelowiges gebruik om jou op te bou in die kennis van die Seun van God, en waar God jou kan gebruik om ander op te bou deur die gawes wat Hy vir jou gee.

3.3.2.3.4 *Laastens: Bestudeer die Woord*

Hy wat in die kennis van God wil groei, moet waarlik daarna streef om God se wil te soek. Dit behoort die diepste begeerte van die gelowige se hart te wees om God al meer te leer ken deur sy Woord en om deur die Woord van die Here gevoed te word. In 2 Timotheus 3:16-17 staan daar geskryf: “Die hele Skrif is deur God ingegee en is

⁵⁸ Vir meer besonderhede oor wat hier met kerk bedoel word, verwys gerus na hoofstuk 7 wat handel oor die leer van die kerk (afdeling 7.5.8 en 7.5.9).

nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus”.

3.3.2.4 Samevattende gedagtes

Dit is die oproep in hierdie leerstelling oor die kennis van God:

- dat Jesus Christus die Vader verklaar en dus aan ons openbaar, sodat ons God deur die geloof kan ken;
- dat ons die opregte begeerte sal hê om al meer te groei in die kennis van God;
- omdat Hy Homself aan ons bekendgemaak het;
- en omdat Hy wil hê dat ons Hom moet ken as die God wat in ons midde is en wat ons uit genade verlos het om Hom te dien.

Mag die Heilige Gees hierdie begeerte in ons harte aanwakker en laat groei.

Wanneer gelowiges verstaan dat ware kennis van God deur Jesus Christus geopenbaar word, groei hulle geloof in verwondering oor God se persoonlike nabyheid en genade. Hierdie waarheid leer gesinne dat God nie ver en onbekend is nie, maar 'n lewende en persoonlike Here wat Homself in Christus aan ons bekendmaak. Só leer kinders om God lief te hê, te vertrou en om Hom as hul hemelse Vader te dien, en om in gehoorsaamheid aan Christus te wandel. Hierdie huisgodsdienst tema dien daartoe dat gesinne nie slegs oor God weet nie, maar Hom werklik deur geloof ken en met blydschap in sy teenwoordigheid leef tot lof van sy Naam.

3.3.3 Huisgodsdienst-tema: Drie-eenheid van God — Ons glo volgens Skrifgetuigenis in God Drie-enig: Vader, Seun en Heilige Gees.

Hierdie huisgodsdienst tema vorm deel van hoofstuk 3 se fokus op die Bybelse Godsbeskouing teenoor naturalistiese ontkenning van God en sy self-openbaring. Wanneer kinders leer dat God Hom in die Skrif as Vader, Seun en Heilige Gees bekend maak — as een God in drie Persone — word hulle geloof gevorm om God reg te aanbid en te bely. Só word gesinne apologeties toegerus om dwalings soos modalisme en subordinasionisme te weerstaan, en om die doopnaam van die Drie-enige God met eerbied te dra en in gehoorsaamheid aan Christus te leef.

Lees: Matteus 3:13-17; 28:16-20

Fokus: Matteus 3:17; 28:19; Nederlandse Geloofsbelydenis, artikels 8-9; Heidelbergse Kategismus, Sondag 8, vraag en antwoord 25

Nêrens in die Bybel vind ons die woord “Drie-eenheid” nie. Tog is dit wat die Bybel ons leer oor Wie God is (Beeke & Smalley, 2019:877, 902). En dit is uiters belangrik vir ons hele saligheid dat ons sal bely dat God ’n Drie-enige God is. Ons Geloofsbelydenis van Athanasius stel dit baie duidelik: “Die algemene geloof is: Ons moet die een God in die Drieheid en die Drieheid in die Eenheid eer ... en as iemand dit nie getrou en vas glo nie, sal hy nie salig kan word nie” (Die Geloofsbelydenis van Athanasius).

Sonder die leer van die Drie-eenheid het ons geen evangelie nie en ook geen verlossing nie, want die Vader stuur sy Seun, en die Heilige Gees deur sy Seun om ons te verlos (Beeke & Smalley, 2019:877-878; vgl. Gal. 4:4-6). Dit is ook die eerste van vyf vrae in ons formulier vir die belydenis van geloof: “Glo u in die enige ware God: Vader, Seun en Heilige Gees, in wie se Naam u gedoop is?” (Formulier vir die Aflegging van Belydenis van Geloof).

In die Bybel, wat die Woord van God is, maak God Homself aan ons bekend as Vader, Seun, en Heilige Gees (Van Genderen & Velema, 2008:143). Die openbaring oor die Drie-eenheid van God word dus regdeur die Bybel aangetref. En so moet ons dit ook bely. Daarom is dit uiters belangrik dat ons sal weet Wie God Drie-enig is, soos Hy Homself in die Skrif aan ons openbaar.

Hoewel God Homself as die Drie-enige God bekendmaak, en hoewel daar bronne uit die 1ste eeu is wat duidelik aandui dat die Vader, die Seun en die Heilige Gees reeds toe al as Drie-eenheid aanbid is (Beeke & Smalley, 2019:903), was die belydenis van die Drie-eenheid in die eerste paar eeue van die Nuwe-Testamentiese kerk nog nie vasgelê nie. Gevolglik, omdat die vroeë kerk nie ’n amptelike belydenis oor die Drie-eenheid van God gehad het nie, het daar verskeie dwalings ontstaan.

Die vernaamste dwalings vanuit die eerste vier eeue was eerstens dat die een God Homself in verskillende vorme openbaar — soms as Vader, soms as Seun, en soms as Heilige Gees. ’n Ander vername dwaling was dat daar wel drie persone is, maar dat

slegs die Vader God is, en dat Christus en die Heilige Gees aan God ondergeskik is. Heelwat meer kan oor hierdie dwalinge gesê word.

Die eersgenoemde dwaling staan bekend as modalistiese en dinamiese monargianisme. Die vroeë kerkvader, Tertullianus, wat in die 2de eeu geleef het, het besef dat daar met modalisme die gevaar ontstaan dat ons nie meer die God van die Bybel sal herken nie, wanneer ons die Vader, die Seun en die Heilige Gees só vermeng dat hul Persone nie duidelike onderskei kan word nie. Daarom is dit Tertullianus wat eerste van die Drie-eenheid (die sogenaamde *trinitas*) gepraat het.

Die tweede dwaling wat hierbo beskryf word, staan bekend as subordinasionisme, 'n dwaalleer wat hoofsaaklik in die 4de eeu n.C. deur Arius bevorder is. Dit verkondig basies dat die Seun en die Heilige Gees onderdanig aan die Vader is, en nie tegelyk deel aan die Godheid van die Vader nie. Teen hierdie dwaalleer het veral Athanasius opgestaan, en vind ons die vrug van sy werk in die belydenis wat sy naam dra, waarin veral die Godheid van die Seun en die Heilige Gees beklemtoon word (Van Genderen & Velema, 2008:146-147).

Met sulke dwalinge ontstaan onder andere die gevaar dat ons God nie leer ken soos Hy Homself bekend maak nie, dat ons Hom gevolglik verkeerd aanbid, en, nog erger, dat dit ons lei tot afgodediens.

Daar is vandag nog geloofsgroepe wat die leer oor die Drie-eenheid van God verwerp of ontken. Dink byvoorbeeld aan die Jode en die Moslems, wat albei in een God glo,

of selfs aan die Jehova Getuies en Rooms-Katolieke, wat hulleself as Christene beskou. Al hierdie godsdienste bely dat daar net een Skepper-God is, byna soos ons dit bely. Dit is egter by die belydenis oor Jesus waar hulle vasval. In April 2019 was ek op 'n toer wat insig gebied het in al vier hierdie godsdienste. Hier volg enkele opmerkings oor elkeen van hierdie groepe:

By die Joodse tempel het die rabbi vir ons gesê dat daar net een God is, en dat daar verskillende paaie tot verlossing is, solank as wat jy die enigste God eer. Hulle glo egter nie in Jesus as die enigste Verlosser nie. By die Moslem-moskee het ons gehoor dat, solank as wat jy Allah ywerig dien (Allah is die Arabiese benaming vir God), jy 'n kans op verlossing het, maar dat jy nooit werklik seker kan wees van verlossing nie. Die Moslems se heilige boek, die Koran, leer selfs dat Jesus 'n sondelose profeet van God is wat weer sal kom, maar dat Hy nie die Verlosser is nie (Qur'an, n.a. Surah Maryam (19)).

Die Jehova getuies erken Jesus as 'n soort "god", maar volgens hulle is Hy 'n geskape mens, net soos ons. Vir hulle is verlossing slegs moontlik as jy jou beste werke doen om God te eer, en selfs dan is jy nie heeltemal seker van verlossing nie.

By die Rooms-Katolieke het ons 'n preek gehoor waarin gesê is ons moet volhard om verlossing te verkry, soos Jesus aan die kruis volhard het. Tog het hulle daarna voortgegaan om die Rooms-Katolieke mis te vier, waarin geglo word dat slegs die brood en die wyn wat deur die priester bedien word, aan jou verlossing kan bied.

Die Jode kan byvoorbeeld nie glo dat Jesus Christus die Seun van God is, en dus saam met die Vader God is nie. Die Moslems glo dat Jesus 'n sondelose profeet is, maar kan nie aanvaar dat Hy die Verlosser is of dat Hy God is nie. Net so glo die Jehova Getuies byvoorbeeld dat Jesus Christus net 'n gewone mens is en dat die Heilige Gees bloot 'n krag van God is, en nie 'n Persoon nie. Volgens Van Genderen en Velema (2008:150) spruit hierdie siening van die Jehova Getuies uit die teologie van die Groningen-skool van subordinisme. Die Rooms-Katolieke Kerk, aan die anderkant, glo wel in Jesus, maar nie dat verlossing in Hom alleen is nie.

Kom ons kyk in hierdie afdeling eers (1) na wat die leer oor die Drie-eenheid behels, daarna (2) waar ons die leer oor die Drie-eenheid in die Skrif aantref.

3.3.3.1 Wat is die leer oor die Drie-eenheid?

As ons sê ons glo in die Drie-eenheid van God, beteken dit dat ons glo “in 'n enige God, een enige Wese, in wie drie Persone is, naamlik die Vader en die Seun en die Heilige Gees” (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 8). Dit is so eenvoudig soos dit.

Tog is die leer van die Drie-eenheid terselfdertyd ook onbegryplik, want as ons sê dat God Vader, Seun en Heilige Gees is, vra ons: Hoe kan daar drie Persone in Een wees en hoe kan een God drie Persone wees? Dit is juis hier waar ons versigtig moet wees en nie verder moet praat as wat God geopenbaar het nie. Om hierdie rede waarsku ons belydenis dat ons die Persone aan die eenkant nie moet vermeng nie, en aan die anderkant nie moet verdeel nie. Ons moet eenvoudig die Drieheid in die Eenheid eer en omgekeerd die Eenheid in die Drieheid eer (Die Geloofsbelydenis van Athanasius).

Van hierdie eenheid in die Drieheid bely ons in artikel 8 van die Nederlandse Geloofsbelydenis dat hierdie drie Persone “in werklikheid en in waarheid en van ewigheid af onderskeie is volgens die eienskappe wat hulle nie met mekaar deel nie”. Dus kan ons sê dat ons die Persone in die Drie-eenheid kan onderskei, maar nie kan skei nie.

Vir die kinders wat dit dalk nie verstaan nie, verduidelik ons, soos die Skrif ons leer, dat ons kan weet wie die Vader is, wie die Seun is, en wie die Heilige Gees is. Die Vader is egter nie die Seun of die Heilige Gees nie; die Seun is nie die Vader of die Heilige Gees nie; en die Heilige Gees is nie die Vader of die Seun nie.

So bely ons in artikel 9 van die Nederlandse Geloofsbelydenis wie die Persone in die Drie-eenheid is: “Die Vader word ons Skepper deur sy krag genoem; die Seun is ons Saligmaker en Verlosser deur sy bloed; die Heilige Gees is ons Heiligmaker deur sy inwoning in ons hart” (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 9). Alhoewel ons die Persone in die Drie-eenheid kan onderskei, bely ons saam met Athanasius: “So is ook die Vader God, die Seun God, en die Heilige Gees God; en tog is daar nie drie gode nie, maar een God” (Die Geloofsbelydenis van Athanasius).

Daar is dus een God in drie Persone, terwyl elkeen gelyke eer toekom. So bely ons saam met Athanasius: “Tog het die Vader en die Seun en die Heilige Gees een Godheid, gelyke eer en gelyke ewige heerlikheid” (Die Geloofsbelydenis van Athanasius). Tog is daar ’n bepaalde orde in die Drie-eenheid ten opsigte van hoe die Drie Persone met mekaar verwant is en in die wêreld werk. Daarom noem ons die

Vader die eerste Persoon, die Seun die tweede Persoon, en die Heilige Gees die derde Persoon in die Drie-eenheid (Beeke & Smalley, 2019:891-892, 904). Ons bly egter stewig by ons belydenis dat “in hierdie Drieheid is daar nie eerste of laaste nie, nie meeste of minste nie, maar al drie Persone het gelyke ewigheid en is heeltemal aan mekaar gelyk” (Die Geloofsbelydenis van Athanasius).

Ons verstaan en begryp hierdie leer van die Drie-eenheid nie volkome nie, maar omdat die Here Homself op hierdie wyse aan ons openbaar, glo en bely ons dit (Beeke & Smalley, 2019:877). Trouens, die leer oor die Drie-eenheid van God is nie veronderstel om vir ons verstaanbaar te wees nie, want God is vër bo ons begrip en veel groter as wat ons ooit sal kan bedink of verstaan.

Hoewel God Homself aan ons openbaar en ons Hom kan ken, kan ons God nie met ons logiese verstand volledig deurgrond nie. Die leer oor die Drie-eenheid van God is nie aan ons gegee nie om uit te redeneer nie, maar sodat ons die ewige, almagtige en onbegryplike God kan ken, aanbid en eer vir sy majesteit.

So bely ons in artikel 8 van die Nederlandse Geloofsbelydenis oor die drie Persone in die Drie-eenheid: “Die Vader is die oorsaak, oorsprong en begin van alle sigbare en onsigbare dinge. Die Seun is die Woord, die Wysheid en die Beeld van die Vader. Die Heilige Gees is die ewige Krag en Mag wat van die Vader en die Seun uitgaan” (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 8).

Soos Beeke en Smalley (2019:879 — eie vertaling) dit stel:

Sonder God die Vader sou daar niemand gewees het om die Seun en die Gees na die wêreld te stuur nie, om die Seun se offer te aanvaar nie, of om die Gees-bewerkte gebede van die verlostes aan te hoor nie. Sonder die gehoorsaamheid en lyding van God die Seun sou niemand van God se vervloeking kon ontsnap of God se seëninge in die Gees kon geniet nie. Sonder die vernuwende werk en inwonende teenwoordigheid van God die Gees sou niemand kon baat vind by Christus se verlossingswerk, of enige sekerheid hê dat hy as kind van God met Hom versoen is nie.

So bely ons in artikel 8 dat daar drie Persone is, maar een God:

Dit is dus duidelik dat die Vader nie die Seun en die Seun nie die Vader is nie; eweneens dat die Heilige Gees nie die Vader en ook nie die Seun is nie. Nogtans is hierdie Persone, wat so onderskeie is, nie gedeel nie en ook nie onderling vermeng nie (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 8).

Al gaan hierdie openbaring ons verstand te bowe, neem ons hierdie openbaring vanuit die Woord van God gelowig aan as die waarheid omdat God dit aan ons openbaar — ons glo dit omdat die Bybel dit leer die Heilige Gees ons daarvan oortuig (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 9).

3.3.3.2 Waar tref ons die leer oor die Drie-eenheid in die Skrif aan?

In artikel 9 van die Nederlandse Geloofsbelydenis word daar 'n lys teksgedeeltes verskaf wat handel oor die Skrifgetuienis rakende die leer oor die Drie-eenheid. Hierdie lys is nie volledig nie, maar bevat slegs enkele gedeeltes wat die opstellers

van die belydenis “onderskeidend en oordeelkundig uit[ge]kies” het (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 9)⁵⁹. Daar word ses teksgedeeltes aan ons gegee⁶⁰.

Vanuit hierdie lys teksgedeeltes is daar enkeles waarvan dogmatici uit vorige eeue nie eens is nie. Met oorwegende redes word die grootste verskille veral bespreek by Genesis 1, Mattheus 28, en veral 1 Johannes 5 (Van Genderen & Velema, 2008:143-146). In die huisgodsdienstema gaan ons nie op hierdie verskille in nie, maar dit sal kortliks vermeld word.

Wanneer God in Genesis 1 sê: “Laat ons mense maak na ons beeld”, word daar byvoorbeeld gevra of hierdie meervoudsvorm van God na meer as Een persoon verwys, of dit bloot aandui dat God met Homself beraadslag en Homself in sy majesteit antwoord (Van Genderen & Velema, 2008:143). Wat Mattheus 28 betref, is daar sommige wat verkeerdelik beweer dat hierdie gedeelte eers later bygevoeg is en daarom nie gewig dra vir die leer van die Drie-eenheid nie. Eweneens word van die teksgedeelte in 1 Johannes 5 beweer dat die belangrikste manuskripte nie die Drie-eenhedsformule bevat nie (Van Genderen & Velema, 2008:144).

Tog kan geen van hierdie argumente oor genoemde tekste die leer van die Drie-eenheid afwys nie. Inteendeel, hierdie tekste bevestig dit wat ander, sogenaamd meer betroubare teksgedeeltes oor die Drie-eenheid leer. As gereformeerde gelowiges bely

⁵⁹In aansluiting by die kerk van ouds sluit Guido de Bres hierdie tekste in as bewysmateriaal vir die verdediging van die leer oor die Drie-eenheid. Vir verdere inligting, sien Polman (1940a:304 e.v.).

⁶⁰Hierdie tekste is: Genesis 1 (verse 26-27), Mattheus 3 (vers 17), Mattheus 28 (vers 19), Lukas 1 (vers 35), 2 Korintiërs 13 (vers 13), en 1 Johannes 5 (verse 7-8).

ons trouens dat ons die hele Skrif, soos ons dit tans het, as die volledige Woord van God ontvang het (*tota Scriptura*). Daarom kan ons met vrymoedigheid bely, soos verwoord in artikel 9 van die Nederlandse Geloofsbelydenis: “Ons weet dit alles sowel uit die getuienisse van die Heilige Skrif as uit hulle werkinge, veral uit werkinge wat ons in onself voel” (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 9).

So openbaar God Homself duidelik op verskeie plekke in die Skrif — ook in ons teksgedeelte — as Vader, Seun, en Heilige Gees. In hierdie gedeelte leer ons van ons Here Jesus Christus wat deur Johannes die dooper gedoop word. Ons lees dan: “En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos ’n duif neerdaal en op Hom kom. En daar kom ’n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek ’n welbehae het” (Mat. 3:16-17).

Duidelik merk ons dat Jesus, as die Seun van God, die Heilige Gees ontvang, en dat die Vader Hom sy geliefde Seun noem. Dit beteken dat Jesus Christus een in wese met die Vader is (vgl. Van Genderen & Velema, 2008:148). Soos ons ook bely in Die Geloofsbelydenis van Nicéa: “[Hy is] voor al die eeue uit die Vader gebore; Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur wie alles tot stand gekom het” (Die Geloofsbelydenis van Nicéa). Natuurlik is daar ook baie ander teksgedeeltes wat hiermee saam gelees moet word om hierdie belydenis ten volle te belig.

Ons lees in Mattheus 28, nadat Jesus uit die dood opgestaan het, Hy die bevel van die Groot Opdrag aan sy dissipels gee. Hy sê vir hulle:

Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen (Mat. 28:18b-20).

Dit is duidelik dat die doop aan ons die afwassing van ons sondes deur Jesus Christus betuig en verseël. Ons lees in die Formulier vir die Bediening van die Heilige Doop aan Volwassenes :

Want as ons in die Naam van die Vader gedoop word, betuig en verseël die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig, ons tot sy kinders en erfgename aanneem en ons daarom met alle goeie dinge wil versorg en alle kwaad van ons wil afweer of tot ons beswil beskik. En as ons in die Naam van die Seun gedoop word, verseël die Seun aan ons dat Hy ons in sy bloed só van al ons sondes was – waarmee Hy ons in sy dood en opstanding inlyf – dat ons van ons sondes bevry en voor God regverdig gereken word. Net so ook as ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur die heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe, totdat ons eindelijk onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe vlekkeloos gestel sal word.

3.3.3.3 Samevattende gedagtes

Omdat God Homself aan ons openbaar as die Drie-enige God — Vader, Seun en Heilige Gees — kan en moet ons dit glo, en gelowig aan hierdie leer van die Drie-eenheid vashou.

Ons moet onthou wat artikel 9 van die Nederlandse Geloofsbelydenis sê oor die stryd wat die vroeë kerk gevoer het, naamlik:

Hierdie leer van die heilige Drie-eenheid is in die ware kerk van die tyd van die apostels af tot nou toe altyd onderhou en gehandhaaf teenoor die Jode, Mohammedane en sommige valse christene en kettere soos Marcion, Mani, Praxeas, Sabellius, Samosastenus, Arius en dergelike, wat tereg deur die regsinnige vaders veroordeel is.

Mag ons daarom hierdie leer gelowig aanvaar en daaraan bly vashou, sodat ons God kan aanbid vir Wie Hy is en soos wat Hy Homself geopenbaar het. Mag ons dit ook met alle ywer verdedig en aan alle mense verantwoord wat dit van ons vra.

Wanneer gelowiges verstaan dat God 'n Drie-enige God is — Vader, Seun en Heilige Gees — word hulle aanbidding verdiep en hulle geloof versterk. Hierdie waarheid leer gesinne om God te eer vir Wie Hy werklik is en om Hom te dien soos Hy Homself in sy Woord openbaar het. Só word kinders gevorm om die Drie-enige God in dankbare gehoorsaamheid te bely en te aanbid, bewus dat die Vader deur die Seun en in die krag van die Heilige Gees hulle red en onderhou. Hierdie huisgodsdienst tema herinner gesinne daaraan dat ware geloof nie bestaan sonder geloofskennis vanuit die Woord

en die belydenis van God as Drie-enig nie, en roep hulle op om in hierdie belydenis vas te staan en dit met liefde te verdedig.

3.3.4 Huisgodsdienst-tema: Name van God — God openbaar Homself deur sy Naam sodat ons Hom reg kan ken en aanbid.

Hierdie huisgodsdienst tema vorm deel van hoofstuk 3 se fokus op die Bybelse Godsbeskouing teenoor 'n naturalistiese verstaan dat God nie bestaan nie. Wanneer kinders leer dat God Homself deur sy Naam aan ons bekend maak — as die HERE wat is, wat was, en wat sal wees — word hulle geloof gevorm om Hom te ken as die lewende, ewige en onveranderlike God. Só leer gesinne dat God se Naam sy wese openbaar: Hy is getrou aan sy verbond, heilig in al sy weë, en naby aan dié wat Hom in waarheid aanroep. Hierdie tema rus gesinne toe om God met eerbied te ken, sy Naam nie ydellik te gebruik nie, en Hom met dankbaarheid aan te roep as HERE, Vader, en Verlosser.

Lees: Eksodus 2:23–3:20; 5:1-2, 5:22–6:7

Fokus: Eksodus 3:14-15

In die vorige tema in ons reeks oor die leer van God het ons geleer dat die mens wel kennis het van God se bestaan, maar dat ons Hom in besonder kan ken deur die geloof in sy Seun, Jesus Christus — Hy wat gekom het om die Vader te verklaar, met ander woorde om die Vader aan ons bekend te maak.

So het die Vader Homself aan ons geopenbaar deur sy Seun, Jesus Christus. As ons dus die Vader wil ken, moet ons sy Seun ken. In die huidige tema leer ons verder dat God se openbaring ook hand aan hand gaan met die Naam waarmee Hy Homself bekendmaak. Met ander woorde: as ons God wil leer ken, moet ons herken en bely dat God is Wie Hy sê Hy is.

Kom ons kyk vervolgens na wat met die Naam van God bedoel word; daarna ondersoek ons watter Name God gebruik om Homself aan ons bekend te maak, sodat ons Hom reg kan ken en aanbid.

3.3.4.1 Die uniekheid en betekenis van die Naam van God.

Wat is 'n naam? Wanneer 'n mens kinders in die wêreld bring, gee jy vir jou kind 'n naam. Gewoonlik kies ouers 'n spesiale naam wat uniek is aan daardie kind. Name word dikwels gegee volgens die ouers se wense vir die kind, of op grond van die omstandighede waarin die kind ontvang is. Soms word 'n familienaam gegee om aan te dui dat die kind tot 'n spesifieke familie behoort en deel van daardie genealogie is. 'n Naam het dus betekenis en dra besondere waarde.

Net so weet ons dat 'n naam ook gekoppel word aan 'n individu. Elke persoon het 'n naam wat na 'n spesifieke persoon verwys. Elke keer as iemand se naam genoem word, dan word die persoon in ons gedagtes opgeroep en weet ons presies na wie daar verwys word. So is 'n naam ook 'n verwysing na 'n persoon.

Wat die verwantskap tussen 'n persoon en sy naam is, skryf Bavinck (1928:65): “Een naam is een teeken van dien, die hem draagt, eene benoeming naar eene of andere eigenschap, waarin hij zich openbaart en kenbaar wordt. Er is verband tusschen den naam en zijn drager, en dat verband is niet willekeurig maar in de drager zelven gegrond”.

In die algemeen kan ons dus reeds sien dat 'n naam verbind is aan betekenis en identiteit. Oor die waarde van 'n naam skryf Bavinck (1928:65): “Aan den naam hangt onze eer, onze waarde, onze persoon en individualiteit”. So sien ons telkens in die Bybel dat 'n naam gegee word op grond van die identiteit, karakter of persoonlikheid van 'n persoon. Hier volg enkele voorbeelde:

- Die eerste mens word Adam genoem, wat “stof” beteken, omdat hy uit die stof van die aarde gemaak is.
- Net so sien ons by Abram, wie se naam “verhewe vader” beteken, omdat hy die aartsvader is. Nadat God met Abram 'n verbond sluit, verander God sy naam na Abraham, wat beteken dat hy nou die “vader van menigte nasies” sal wees (vgl. Gen. 17:5).
- Nog 'n voorbeeld is Isak, wie se naam “hy wat lag” beteken, omdat Abraham gelag het toe God aan hom belowe het dat hy en Sara op 'n hoë ouderdom 'n kind sou hê.
- Of dink aan Jakob, wat later Israel genoem is, omdat hy met God geworstel het (Gen. 32).

En so is daar talle voorbeelde in Skrif oor die betekenis en gee van name. Hieruit leer ons dat 'n naam in werklikheid baie belangrik is, want 'n naam beskryf 'n persoon vir wie hy is. Net so maak God Homself aan ons bekend vir Wie Hy is. Hy is wat sy Naam

sê Hy is, en daarom verteenwoordig sy Naam Hom (vgl. Van Genderen & Velema, 2008:132).

Wanneer ons egter by God se Name kom, moet ons 'n onderskeid tref tussen name van God en die name van mense. Ons besef dat God se Naam is Wie Hy is, maar terselfdertyd moet ons herken dat God se Naam aan ons in mensetaal geopenbaar word. Daarom moet ons besef dat God baie groter is as wat sy Naam in ons beperkte vermoë kan beskryf.

Hieroor skryf Van Genderen en Velema (2008:132): "When God reveals himself to us in his names, these names are adapted to our understanding. When he calls himself our King and our Father, he speaks to us in a language that we can understand. Calvin, who refers to this as accommodation (*accommodatio*) to our capacity to understand, says: 'Only let us remember that [God] condescends to us in order to raise us up to himself' (commentary on Gen. 35:7)". 'n Bietjie later stel Van Genderen en Velema (2008:134) dit opsommend soos volg: "In summary we can say that God reveals himself in his names, that he adapts himself to our understanding, and that he employs words that correspond with our words and yet differ in terms of content". Ook skryf Bavinck (1928:67) hieroor: "De naam Gods is in de Heilige Schrift de aanduiding, niet van God, gelijk Hij in zichzelf bestaat, maar van God in zijne openbaring, in zijne velerlei relatiën tot de schepselen". Hy voeg verder by dat, omdat God Hom in die natuur en in die Skrif tot mense rig, Hy dit in menslike taal en woorde doen. God se name is daarom nie bloot antropomorfismes nie, maar die hele Skrif is in hierdie sin antropomorfisties, want as God op goddelike wyse tot die mens sou spreek, sou geen skepsel Hom kon verstaan nie (Bavinck, 1928:68).

Hierdie onderskeid tussen die name van God en die name van mense staan in die gereformeerde leer bekend as 'n analogie van ooreenstemmings en verskille. Dit is daarom belangrik dat ons waaksaam sal wees om nie menslike idees aan God toe te skryf nie (Van Genderen & Velema, 2008:132-133).

Om 'n voorbeeld te gee: As God Homself aan ons bekend maak as Koning, doen Hy dit in menslike taal en konsepte, juis sodat Hy aan ons kan openbaar Wie Hy is. Tog moet ons versigtig wees om nie aan God te dink soos ons aan 'n aardse koning dink nie. Met ander woorde ons idee van God as Koning behoort nie bepaal te word deur ons idee van 'n aardse koning nie. Dit behoort eerder andersom te wees: God bepaal deur sy Wese wat die definisie van "koning" behoort te wees. Bavinck (1928:75) bevestig dit soos volg:

Al is het dan ook dat wij God noemen met namen, aan de schepselen ontleend, in die schepselen zijn eerst door God zelven gelegd. Wij bezigen de namen, waarmede wij God aanduiden, wel eerst van de schepselen, omdat wij deze eerder dan God kennen. Maar zakelijk gelden zij eerst van God en daarna van de schepselen. Alle deugden zijn eerst in Hem, dan in de creaturen. Hij bezit ze per essentiam, deze hebben ze alleen per participationem.

'n Ander voorbeeld is dié van 'n vader. God noem Homself op baie plekke in die Bybel ons hemelse Vader. As iemand dus op aarde 'n negatiewe voorbeeld van 'n vader gehad het, behoort hy of sy nie tot die gevolgtrekking te kom dat enige vaderfiguur noodwendig negatief of sleg is nie. Inteendeel, deur God as hemelse Vader, wat sy kinders innig liefhet, leer ons wat is die ware maatstaf van 'n aardse vader behoort te

wees. In kort: Die wêreld bepaal nie die betekenis van Wie God is nie; intendeel, God se wese gee betekenis aan Wie Hy sê Hy is.

Dit is vir ons as gelowiges belangrik om daaraan vas te hou, juis sodat ons God kan aanbid vir Wie Hy werklik is, en Hom nie minder maak deur menslike idees met Wie God is te vermeng nie. As ons dit wel sou doen, loop ons die gevaar om 'n afbeelding van God te aanbid wat ons in ons eie gedagtes geskep het, wat ons gevolglik in allerlei ellende kan laat beland.

3.3.4.2 Name waarmee God Homself bekendmaak

Dat God Homself deur sy Naam aan die mens bekend maak, is 'n onbegryplike gedagte. Om Bavinck se woorde te gebruik: “Wat Hy van Homself openbaar, word in bepaalde name uitgedruk en weergegee” (Bavinck, 1928:67 — eie vertaling). God maak Homself in die Bybel bekend deur 'n verskeidenheid name. Hy word onder andere Koning, Here, en Vader genoem; ook word God in die Bybel beskryf as die Almagtige (Gen. 17:1), die Allerhoogste (Gen. 14:18), die Ewige God (Gen. 21:33), asook talle ander beskrywings.

Deur hierdie verskeidenheid van name en beskrywings wil die Skrif ons nie leer dat ons baie gode aanbid of dat God Homself in verskillende vorme manifesteer nie. Intendeel, die Skrif leer ons van God se oneindige grootheid, sy heerlikheid en sy betrokkenheid by sy skepping (Van Genderen & Velema, 2008:134-135). Daardeur leer ons God ken in al sy deugde. Ons leer Hom ken in sy heerlikheid, sy eer, sy heiligheid en sy verlossingsmag. Trouens, God beskryf sy eie Naam as heilig (Eseg.

36:20), groot (Eseg. 36:23), en vreeslik (Ps. 111:9); Hy beskryf ook sy Naam as 'n sterk toring (Spr. 18:10) (vgl. Bavinck, 1928:66).

Behalwe vir al hierdie verskillende name waarmee God Homself aan ons openbaar, maak Hy Homself veral aan ons bekend deur sy eienaam. Hy maak Hom aan ons bekend as Jahweh, of, soos ons vertaling dit in ons teksgedeelte stel, as EK IS WAT EK IS (Eks. 3:14). Aangesien daar soveel uiteenlopende verklarings en vertalingsmoontlikhede rondom die Naam Jahweh bestaan, en dit moeilik is om die presiese betekenis van hierdie Naam vas te stel, is die konteks waarin hierdie Naam bekend gemaak word die bepalende faktor wat die betekenis daarvan uitlig (vgl. Silva, 2007b:49-65). Om te verstaan wat hierdie benaming van God beteken, is dit dus nodig om eers weer ons geheue te verfris oor wat die konteks van Eksodus 3 is.

Die boek Eksodus begin waar Genesis geëindig het, met die verhaal van Josef en sy familie wat in Egipte gaan woon het. Soos die tyd verloop het, het Josef en sy broers 'n nageslag verwek, sodat hulle nageslag tot 'n groot volk gegroei het, net soos die Here in sy verbond aan Abraham beloof het. Nadat Josef en sy broers egter gesterf het, lees ons in Eksodus 1:8: “staan daar 'n nuwe koning oor Egipte op wat niks van Josef geweet het nie”.

Hierdie nuwe Farao het die kinders van Israel verdruk en probeer om hierdie volk van God uit te wis. God bly egter getrou aan sy verbond met Abraham, waarin Hy gesê het: “Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n

seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word” (vgl. Gen. 12:2-3).

Daarom het God beskik dat Moses as ’n Israeliet gebore sou word, maar in die huis van Farao sou opgroei as een van Farao se eie kinders. Tog het hierdie Farao die volk van God swaar onderdruk deur hulle met harde arbeid te belas en hulle te mishandel. Nadat Moses sien hoe ’n Egiptenaar een van die Israeliete slaan, word Moses kwaad, slaan die Egiptenaar dood, en vlug vir sy lewe, omdat die Farao na hom soek.

Nadat Moses vir ’n tyd lank in Midian gebly het, is daardie Farao oorlede. Vervolgens lees ons:

En die kinders van Israel het gesug en geweeklaag vanweë die slawerny. En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot God. En God het hulle gekerm gehoor, en God het gedink aan sy verbond met Abraham, met Isak en met Jakob. En God het die kinders van Israel aangesien, en God het hulle geken (Eks. 2:23-25).

Dit is op hierdie oomblik dat God deur die brandende bos aan Moses verskyn, soos waarvan ons gelees het. By die brandende bos sê God vir Moses dat Hy sy volk sal verlos en hulle sal lei na die beloofde land, soos Hy aan Abraham belowe het. Daarop beveel Hy Moses om na die Farao te gaan en hom te versoek om Israel te laat trek.

Hierop vra Moses vir God: “Maar as ek by die kinders van Israel kom en aan hulle sê: Die God van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra: Hoe is sy naam? — wat moet ek hulle antwoord?” (Eks. 3:13), God antwoord toe vir Moses: “EK IS WAT

EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur” (Eks. 3:14).

Wat ’n ontsagwekkende Naam! Hierdie Naam waarmee God Homself bekend maak het soveel moontlike betekenis, afhangende van hoe ’n mens die vertaling verstaan. Die volgende vers bring egter vir ons duidelikheid oor wat hierdie Naam van God aan ons openbaar. In vers 15 lees ons:

Toe sê God verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: Die HERE, die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag (Eks. 3:15).

Hierdie woord “HERE” is juis die Naam wat in die vorige vers vertaal word met “EK IS WAT EK IS”. Dit staan bekend as die tetragrammaton, die vier letters in die Hebreeus wat uitgespreek kan word as “Jahweh” (Van Genderen & Velema, 2008:136). Wat God dus met hierdie Naam openbaar, is dat Hy van ewigheid tot ewigheid bestaan, dat sy bestaan van Homself afhang, dat Hy onveranderlik is, en dat daar niemand soos Hy is nie. Hieroor sê Pink (1962:29):

There is a depth here which no finite mind can fathom. “I am that I am” announced that the great God is self-existent, beside whom there is none else. Without beginning, without ending, “from everlasting to everlasting” He is God. None but He can say “I am that I am”—always the same, eternally changeless.

Vanuit die konteks sien ons verder dat Hy Homself openbaar as die God van die verbond wat met sy heilige teenwoordigheid in die midde van sy volk wil wees om hulle te verlos (Van Genderen & Velema, 2008:136-138).

Nadat Moses na die Farao gegaan het en in die Naam van die HERE beveel het dat hy Israel moet laat trek, antwoord die Farao ewe verwaand: “Wie is die HERE na wie se stem ek moet luister om Israel te laat trek? Ek ken die HERE nie, en ek sal Israel ook nie laat trek nie” (Eks. 5:2).

Maar die HERE het dit so bepaal dat die Farao die Israeliete nie sal laat trek nie, sodat almal kan sien Wie die HERE is wat sy volk sal verlos (vgl. Eks. 3:19-20). Vir Moses sê Hy: “Nou sal jy sien wat Ek Farao sal aandoen. Want deur ’n sterke hand sal hy hulle laat trek, ja, deur ’n sterke hand gedwing, sal hy hulle uit sy land uitdrywe” (Eks. 5:24).

So openbaar die HERE aan ons Wie Hy is en so wil Hy geken en aangeroep word. God wil dus deur sy Naam geken word, en dit is ook hoe Hy wil hê dat sy volk Hom moet aanroep. Dit is ons voorreg en ons verantwoordelikheid om God te ken en Hom deur sy Naam aan te roep (vgl. Bavinck, 1928:67).

Hy is die HERE. Net so leer ons in die in die Nuwe Testament dat God Drie-enig Here is en alleen waardig is om aanbid te word. Wat ons Here Jesus egter in die Nuwe Testament leer, is dat God ook ons hemelse Vader is. Deur geloof in Jesus Christus ontvang ons toegang tot ons hemelse Vader. Soos wat Filippense 2 sê:

Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader (Fil. 2:9-11).

3.3.4.3 Samevattende gedagtes

Mag ons elkeen, deur die geloof in Jesus Christus, ons hemelse Vader só leer ken soos wat Hy Homself in die Skrif aan ons openbaar het: as HERE, as die enigste God, Hy wat van geslag tot geslag getrou bly aan sy verbond. Mag ons ook, as sy verbondskinders, Hom aanbid en dien al die dae van ons lewe.

Wanneer Christen-gesinne besef dat God Homself deur sy Naam aan ons openbaar het, word hulle aanbidding verdiep en hulle vertroue versterk. God se Naam is nie bloot 'n beskrywing nie, maar 'n openbaring van Wie Hy werklik is — die HERE wat getrou aan sy verbond bly en sy volk nooit verlaat nie. Hierdeur word ons geroep om Hom met ontsag en liefde te dien, om sy Naam in ons woorde, dade en gebede te eer, en om ons kinders te leer om Hom as die enigste ware God aan te roep. Dit herinner hulle dat die HERE die enigste lewende God is — as die HERE wat is, wat was, en wat sal wees. Hy is die ewige, getroue en heilige God.

3.3.5 Huisgodsdienst-tema: Deugde van God — Ons glo en bely dat God 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat Hom deur sy deugde openbaar.

Hierdie huisgodsdienst tema vorm deel van hoofstuk 3 se fokus op die Bybelse Godsbeskouing teenoor 'n naturalistiese siening wat God ontken. Wanneer kinders

leer dat God nie deur menslike vermoë of begrip bepaal of ingeperk word nie, maar Homself deur sy deugde openbaar — as barmhartig, genadig, lankmoedig, regverdig en getrou — word hulle geloof gevorm om Hom te aanbid vir Wie Hy in sy wese is. Só leer gesinne dat God nie saamgestel is uit dele of veranderlike eienskappe nie, maar volkome een en eenvoudig in sy wese is. Hierdie tema rus ouers toe om aan kinders te leer dat kennis van God se deugde nie bloot teoreties is nie, maar tot eerbiedige aanbidding lei. Die Here maak Homself juis deur sy deugde bekend sodat ons Hom kan ken, vertrou en eer.

Lees: Eksodus 33:1 – 34:17

Fokus: Eksodus 34:6-7; Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 1

In die vorige lering het ons gehoor dat God Homself aan die mens openbaar en kenbaar is. Hoewel Hy kenbaar is, bly Hy steeds onbegryplik. Deur die geloof kan ons God wel ken in die mate wat Hy Homself deur sy Woord aan ons bekend gemaak het, maar dit beteken nie dat ons God ten volle kan ken of dat ons die kennis van Wie God is, geheel en al kan omvat nie. Tog maak Hy Homself so duidelik aan ons bekend — genoegsaam dat gelowiges Hom as ons Vader kan ken en Hom in waarheid kan dien. Dit is juis die rede waarom God Homself aan die mens bekend maak (vgl. Lloyd Jones, 2003:57-58).

So het ons in Eksodus 3 geleer dat God Homself veral aan ons bekend maak deur sy Naam. God maak Homself egter verder aan ons bekend deur sy deugde, wat ons in Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 1 bely. In die verband stel Bavinck (1928:81) dat God se deugde ook onder die name van God ressorteer, want God se name is nie slegs die *nomina propria* nie, maar sluit ook sy eienskappe en selfs die persoon van die Goddelike wese in.

3.3.5.1 God se Wese en sy deugde

3.3.5.1.1 Wat is deugde?

Wat word bedoel met God se deugde? Party mense verstaan dit beter as 'n mens verwys na God se eienskappe⁶¹. Ander gebruik selfs die terme God se attribute of sy volkomehede (vgl. Heyns, 1978:59; Lloyd Jones, 2003:59; Van Genderen & Velema, 2008:164 e.v.). 'n Goeie beskrywing van God se eienskappe is sy wesenseienskappe (vgl. Van Genderen & Velema, 2008:166), want deur sy eienskappe openbaar God Wie Hy in sy wese is.

Tog, wanneer ons van God se eienskappe praat, moet ons dit nie vanuit 'n menslike perspektief beskou nie. Wanneer ons die deugde van God bestudeer, soos Hy Homself in sy Woord bekend gemaak het, moet ons besef dat ons te doen het met die Almagtige, enige Skepper-God, en dat ons in sy heilige teenwoordigheid staan (Lloyd Jones, 2003:58-59).

⁶¹Bavinck gebruik die terme “eienskappe” en “deugde” deurgaans afwisselend wanneer dit op God van toepassing is (vgl. Bavinck, 1928:79 e.v.).

So het ons gelees dat Moses ook voor die enige, almagtige en heilige God, gestaan het toe die HERE aan Hom sy deugde bekend gemaak het. Hier in Eksodus 33 en 34 staan Moses voor die HERE God. Die HERE het sy volk kragtig uit Egipte verlos en met hulle 'n ewige verbond gesluit, sodat hulle Hom as die enige HERE sal herken en Hom alleen sal aanbid volgens sy volmaakte Wet.

Tog lees ons in die vorige hoofstuk van 'n tragiese gebeurtenis. Skaars drie maande nadat God sy volk uitgelei het, het die volk vir hulleself 'n goue kalf gemaak om te aanbid. Nadat Moses as middelaar vir die volk tot die HERE bid en pleit dat Hy tog die volk in genade sal aansien, sê die HERE: “Wie teen my gesondig het, dié sal Ek uitdelg uit my boek” (Eks. 32:33). Reeds vroeg in hierdie verhaal maak God bekend dat Hy in sy Wese regverdig is en dat Hy elkeen regverdig sal straf wat teen Hom gesondig het.

Hierop sê die HERE verder vir Moses dat Hy nie saam met sy volk na die beloofde land sal trek nie, want Hy sal hulle in sy almag en heiligheid verteer as gevolg van hulle sonde. Weer pleit Moses by die HERE, maar hierdie keer beroep hy hom op die HERE se verbondsbeloftes. Hy sê vir die HERE:

U sê nou wel aan my: Ek moet hierdie volk laat optrek, maar U laat my nie weet wie U saam met my sal stuur nie, hoewel U gesê het: Ek ken jou by die naam, en jy het ook genade in my oë gevind. As ek dan nou genade in u oë gevind het, maak my dan tog u weë bekend, dat ek U kan ken; sodat ek genade in u oë kan vind. En bedink tog dat hierdie nasie u volk is (Eks. 33:12-13).

Moses sien nie kans om die volk te lei sonder die teenwoordigheid van die HERE wat hulle lei nie. Hy gryp vas aan die HERE wat Homself as “EK IS” openbaar het. Hy gryp vas aan Hom wat getrou is aan sy verbond en wat sy verlossingsplan met hulle sal volbring. Nadat die HERE dan toestem om saam met sy volk te gaan, vra Moses: “Laat my tog u heerlijkheid sien” (Eks. 33:18).

Dit is dan dat die HERE sy heerlijkheid aan Moses wys deur sy deugde. Luister na wat die HERE sê: “Ek sal al my majesteit by jou laat verbygaan en voor jou die Naam van die HERE uitroep; maar Ek sal genadig wees vir wie Ek genadig wil wees, en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm” (Eks. 33:19). ’n Rykdom van God se deugde word hier aan ons geopenbaar. Die HERE sal Homself vir Moses openbaar deur sy deugde, deur die uitroep van sy Naam, want as Moses sy aangesig moes sien en in Sy volle teenwoordigheid moes kom, sou hy sekerlik sterwe, want God is heilig en die mens is sondig. So het die HERE dan by Moses verbygegaan en die volgende uitgeroep:

HERE, HERE, barmhartige en genade God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag (Eks. 34:6-7).

3.3.5.1.2 Die eenvoud van God in sy deugde

So bely ons in artikel 1 van die Nederlandse Geloofsbelydenis Wie God is. Eerstens bely ons Wie God in sy Wese is, naamlik dat Hy ’n enige en enkelvoudige geestelike Wese is, en daarna bely ons sy deugde. Ons het reeds in ’n vorige lering gehoor wat

dit beteken as ons bely dat God 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is. Ons het gehoor dat hierdie belydenis reeds by die vroeë Christelike kerk só bely is, maar steeds het ons nog nie die vraag beantwoord oor waar in die Bybel tekste voorkom wat God as 'n enkelvoudige geestelike Wese openbaar nie.

Hieroor maak Van Genderen en Velema (2008:165) die volgende stelling: "Not only with respect to this attribute [the simplicity of God], but also in the case of eternity, infinity, and other predications, it will turn out that theological reflection cannot limit it self to quoting Bible verses in order to explain the meaning of God's pronouncements". Polman (1940a:121-122) skryf dat daar Poolse dwaalleraars was waarteen Calvyn gewaarsku het; hulle het die belydenis van God se eenvoud as menslike uitvindings bestempel wat, volgens hulle, Papistiese versinsels is en geen gesag dra nie. Tog het hulle eie dwaalleer juis daartoe gelei dat die eenvoud van God se Wese verontagsaam is en dat daar simulaties van veelvuldige gode ontstaan het.

Om aan hierdie vraag te beantwoord, moet ons onthou dat ons belydenis nie slegs enkele verse aanhaal bloot om 'n lukrake belydenis oor God se Wese te formuleer nie. Daar is nie 'n vers wat hierdie woorde *verbatim* bevat nie. Om egter tot 'n omvattende belydenis van God se Wese te kom, moet die hele Bybel as God se volledige openbaring in ag geneem word.

Tog vind ons dat alles wat God van sy Wese openbaar, ten sterkste saamtrek in sy persoonlike Naam wat Hy aan ons bekend gemaak het as "EK IS" (Eks. 3:14) (vgl. Bavinck, 1928:89-90, 93). Soos ons reeds gehoor het, dui hierdie Naam onder andere op God se getrouheid om persoonlik in verhouding tot sy verbondsvolk te staan.

Tesame met die res van die Bybel dui hierdie Naam egter ook daarop dat God 'n enige en 'n enkelvoudige geestelike Wese is. Die Skrif leer aan ons, en daarom bely ons dit so.

Verder, voordat ons oorgaan tot die bespreking van God se deugde, moet ons eers verstaan wat die verhouding is tussen God se Wese en sy wesenseienskappe. God is nie los van sy wesenseienskappe nie. Trouens, Hy is elkeen van daardie wesenseienskappe gelyktydig. Dit is onder andere wat dit beteken dat God enkelvoudig is.

Dit is belangrik dat ons aan hierdie belydenis vashou, sodat ons nie verkeerde afleidings maak van Wie God in Wese is wanneer ons sy eienskappe bestudeer nie. Ons moet goed besef dat wanneer ons bely dat God ewig is, dat Hy onbegryplik is, dat Hy onsienlik is, dat Hy onveranderlik is, dat Hy oneindig is, dat Hy almagtig is, dat Hy volkome wys is, dat Hy regverdig is, en dat Hy goed is, dan het ons nie bloot te doen met eienskappe wat God besit nie, maar sê dit in werklikheid Wie Hy in sy Wese is. God is nie 'n draer van sy eienskappe nie; Hy is al hierdie eienskappe of deugde gelyktydig in sy Wese. So skryf Bavinck (1928:82): "Bij God toch is er geen onderscheid tusshen substantie en accidentiën; zijn zijn is geen drager der eigenschappen, maar deze zijn met het zijn zelf identisch". Daar is dus volkome harmonieuse eenheid tussen God se Wese en sy eienskappe, sowel as tussen sy eienskappe sêlf (vgl. Bavinck, 1928:79-80).

Om hierdie waarheid duidelik te stel, kom ons gebruik 'n voorbeeld. As die Bybel sê dat God liefde is (1 Joh. 4:8, 16), beteken dit nie dat God bloot liefde besit of net die vermoë het om lief te hê nie, maar dit beteken dat God in sy Wese liefde is. Hy het nie slegs liefde nie — Hy is self liefde.

Net so, wanneer die Bybel sê dat God regverdig is (Ps. 11:7), tree Hy nie net regverdig op nie, maar Hy is in sy Wese regverdig. Daar bestaan dus 'n eenheid tussen sy eienskappe. In ons voorbeeld kan ons dus sê dat God tegelyk liefde is en regverdig is.

Om hierdie eenheid tussen sy eienskappe prakties toe te lig, leer die Skrif ons dat God sy volk straf volgens sy regverdigheid, maar dat Hy hulle verlos volgens sy liefde. Hierdie voorbeeld neem slegs twee van God se eienskappe om die eenheid daarvan te verduidelik. Vanuit hierdie voorbeeld moet ons egter nie die afleiding maak dat God se eienskappe met mekaar in stryd is nie, maar dat dit alles volkome in harmonie met mekaar is — 'n harmonie wat te groot vir ons om ten volle te begryp.

Die gereformeerde dogmatikus, Herman Bavinck, verduidelik die verhouding tussen God se Wese en sy eienskappe, soos volg (Bavinck, 1928:87 — eie vertaling):

Elke eienskap is God se wese; Hy is wat Hy het; 'n mens is byvoorbeeld steeds 'n mens al het hy die beeld van God verloor en al het hy 'n sondaar geword. Maar in God is al sy eienskappe met sy wese sêlf identies. God is volkome lig, volkome verstand, volkome wysheid, volkome logos, volkome Gees, ensovoorts.

3.3.5.2 Samevattende gedagtes

Ons moet versigtig wees dat, wanneer ons God se deugde bestudeer, ons nie bloot 'n intellektuele oefening daarvan maak nie. Ons moet waak daarteen om God se deugde van sy Wese los te maak, asook om dit só van mekaar te onderskei dat ons uiteindelik die eienskappe van God in ons denke van mekaar begin skei. Wat ons van God se Wese weet, weet ons deur sy eienskappe wat Hy aan ons bekend gemaak het. Wanneer ons dus met die eienskappe van God te doen het, het ons terselfdertyd met God se wese te doen (Bavinck, 1928:91).

Die openbaring van God se deugde is nie aan ons gegee met die doel dat ons God moet ontleed nie, maar sodat ons Hom reg kan ken en reg kan aanbid soos Hy dit vir sy kinders bedoel het.

Lloyd Jones (2003:59) bied die volgende tydige en treffende waarskuwing: wanneer die mens besig is met die bestudering van God se deugde, moet hy waak om nie te dink dat hierdie bestudering dieselfde is as 'n wetenskaplike evaluering nie:

Let us, therefore, realise that analysis, which is indeed absolutely essential if we are to know what we are doing, must nevertheless not be the ordinary kind of scientific or logical analysis. I am so afraid of going astray at this point. I am so afraid of myself, apart from any of you, because the mind, though it is a gift from God, can, because of the fall, be very dangerous to us. I want to make this abundantly clear, and let me put it, therefore, in this particular way. We normally think of analysis, do we not, as something like this: you analyse a flower. You pull off the petals and stamens, and you count them and check them off, and at the end you have nothing left. That is our usual conception of analysis. But we are going to do nothing at all like that now. God has been pleased to give this revelation in order that we may have some concept of Him. So these are not separate parts which go to make up a whole. They are aspects of God, particular views of God, and if I may use such a term, even portraits of God. But there is no division in the personality”.

Wanneer gelowige gesinne leer om God te ken deur sy deugde, word hulle geloofsverhouding met Hom verdiep en versterk. God se deugde is nie slegs eienskappe wat Hy besit nie, maar openbarings van Wie Hy in sy wese is. Hy is heilig, regverdig, goed, getrou en vol liefde. So word kinders geleer dat die God van die Bybel nie veranderlik of verdeeld is nie, maar volkome enig en betroubaar. Hierdie

geloofskennis lei tot lof en aanbidding wat God eer, Hom in elke omstandigheid vertrou, en Hom met eerbied en dankbaarheid te dien.

3.3.6 Huisgodsdienst-tema: Deugde van God — Ons aanbid die enige God wat Hom deur sy deugde aan ons openbaar.

Hierdie huisgodsdienst tema sluit direk aan by die vorige tema wat God se deugde inleidend behandel het, en fokus nou op die spesifieke deugde soos in die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 1, bely word. Wanneer gesinne Eksodus 34:6–7 saam lees, sien hulle dat God Homself nie deur abstrakte definisies nie, maar deur sy eie Name en deugde bekend maak. Hy is barmhartig, genadig, lankmoedig, groot in goedertierenheid en trou, maar ook regverdig (vgl. Eks. 34:6–7). Vanuit hierdie self-openbaring leer ons om God as die enige en enkelvoudige geestelike Wese te aanbid. Hy is naamlik ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig en goed (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 1). Hierdie tema help ouers om kinders te wys dat God se deugde nie losstaande eienskappe is waarvan ons aards moet dink nie, maar dat Hy Homself wel so openbaar. Vir gelowiges sal so 'n oordenking van God se deugde altyd tot lof, aanbidding, vertroue en gehoorsaamheid lei.

Lees: Eksodus 34:1-17

Fokus: Eksodus 34:6-7; Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 1

Uit Eksodus het ons gehoor dat Moses voor die almagtige en heilige God gestaan het en dat die HERE sy heerlikheid aan Moses bekend gemaak het deur sy deugde. Só het ons tot die besef gekom dat, wanneer ons God se deugde bestudeer, dit nie bloot 'n intellektuele oefening is waarin ons God se wesenseienskappe kan ontleed nie, maar dat ons te doen het met die Almagtige en enige Skepper-God. Wanneer ons met God se eienskappe te doen het, moet ons besef dat ons in sy heilige teenwoordigheid staan.

Ons het ook gehoor dat die volk 'n goue kalf gemaak het en sodoende die HERE vertoorn het, en dat Moses nie kans gesien het om die volk te lei sonder die HERE se teenwoordigheid nie. Nadat die HERE bevestig het dat Hy wel saam met hulle sal gaan, vra Moses om die HERE se heerlikheid te sien, waarop die HERE sy versoek toestaan. Dit is toe dat die HERE sy Naam voor Moses uitroep, waarin al God se deugde vir ons ten nouste saamgetrek en geopenbaar word.

Van hierdie wesenseienskappe van God, bely ons samevattend in die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 1, waarop ons vervolgens sal fokus.

3.3.6.1 God se deugde in die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 1

3.3.6.1.1 Klassifisering van deugde

Wat die Nederlandse Geloofsbelydenis in artikel 1 betref, word nie elke deugde wat God in sy Woord aan ons bekendmaak, volledig gelys nie. Trouens, dit sou eenvoudig onmoontlik wees om al God se deugdes in een beskrywing saam te vat. Daarom moet daar 'n keuse gemaak word van daardie deugdes wat God se uniekheid as God aandui

— teenoor alles wat nie God is nie — en wat terselfdertyd ’n getroue nasê van die Skrif verteenwoordig. Bavinck (1928:92) stel dit soos volg:

De Christelike teologie heeft deze eenzijdigheid trachten te vermijden, door in de descriptie van het wezen Gods de aseitas op den voorgrond te stellen. Het absolute kan inderdaad in die omschrijving niet gemist worden, want het komt er daarbij juist op aan, om God als God aan te duiden en te onderscheiden van al wat niet-God is.

Verder sê Bavinck (1928:121): “In de Christelike teologie droeg deze deugd Gods den naam van αὐτάρκεια aseitas, omnisufficientia, independentia, magnitudo”. Soos Polman (1940a:117) sê: “Al de deugden Gods vertolken ons de oneindige heerlijkheid van Zijn Wesen”.

3.3.6.1.2 *Ewig*

Ons bely allereers dat God ewig is. Oor God se ewigheid skryf Polman (1940a:132) die volgende:

God, Die Zich als de Eeuwige aankondigt, betuigt daarmee, dat de wereld Zijn maaksel is, omdat deze orde der natuur niet zoo maar ontstond, maar uit de wondere raad en wijsheid Gods voortvloeide ... Juist omdat Hij de Eeuwige is, heeft Hij Zich gereserveerd de volstreckte heerschappij over onze personen, over alle goederen en over alle schepselen. Als de Eeuwige is Hij de Bron en oorsprong van het leven ... Dit te verstaan heeft voor Gods volk een heerlijke vrucht. Bij alle schokkende gebeurtenissen en omwentelingen vinden zij daarin hun rust.

God het geen begin of einde nie. Dit gaan ons verstand te bowe, en mense vra dikwels: “As God alles gemaak het, wie het God dan gemaak?” Wat is ons antwoord?

God is nie gemaak nie — want as Hy gemaak was, sou Hy nie meer God wees nie. Hy het nie uit niks ontstaan en ontwikkel tot wat Hy is nie, en Hy sal ook nie ophou om te wees wat Hy is nie. Hy het die lewe in Homself en het geen begin of einde nie (vgl. Van Genderen & Velema, 2008:174). Hy is die bron van alle lewe.

God, wat Homself in die Skrif bekendmaak as “EK IS”, is die enigste en ewige God. Hy is die Skepper van tyd en staan daarom buite tyd. In hierdie opsig is daar in Hom geen verlede, hede of toekoms nie — maar is Hy, menslik gesproke van ewigheid tot ewigheid.

Dat God ewig is, is vir gelowiges 'n diepe troos. Hierdeur weet ons dat Hy die Skepping gemaak het, dat Hy oor sy skepping heers, en dat Hy dit van die begin tot die einde getrou sal onderhou. Wanneer ons hier op aarde deur die grootste onstuimighede gaan, bly ons geloof vas geanker in die HERE — Hy wat is, wat was, en wat kom.

3.3.6.1.3 *Onbegryplik*

Ons bely ook dat God onbegryplik is. Hy is hoog verhewe bo ons menslike bestaan en beperkte gedagtes. Tog openbaar Hy aan ons genoeg sodat ons kan weet wat nodig is vir ons heil, en sodat ons Hom reg kan aanbid. Daar is egter dinge van God wat ons nie kan ken nie. Deuteronomium 29:29 sê tog duidelik: “Die verborge dinge is vir die HERE ons God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet”.

Net soos in die geval Job, kan ons nie altyd verstaan waarom God doen wat Hy doen nie, en ons kan nie die dieptes van sy onbegryplike raadsplan⁶² bepaal nie. Maar soos wat Polman (1940a:134) skryf, kan ons weet: “Bij alle ondoorgrondelijkheid blijft Hij altijd onstraffelijk rechtvaardig en onmetelijk wijs”.

Die gelowige put groot troos uit die belydenis dat God onbegryplik is in sy weë. Deur hierdie belydenis stel ons ons eie gedagtes gewillig ondergeskik aan God se goeie wil vir ons, en erken ons in nederigheid dat die HERE aan ons genoeg bekendmaak van wat ons nodig het om te weet. Polman (1940a:134) skryf ook oor die troos wat hierdie belydenis bring:

De geloovige put uit deze belijdenis van Gods onbegrijpelijkheid de rijke vrucht, dat hij zijn eigen oordeel gewillig aan God onderwerpt. Alle hoogmoed word door deze erkenning uitgebannen, waardoor God over de hekel gehaald wordt, tenzij de reden duidelijk is, waarom de Heere zoo handeld.

3.3.6.1.4 *Onsienlik*

Net soos die HERE aan Moses bekend gemaak het dat geen mens God kan sien en bly lewe nie, bely ons dat God onsienlik is. Hierdie waarheid word ook elders in die Skrif bevestig. Paulus sê byvoorbeeld: “Aan die Koning van die eeu, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse Gods, kom toe die eer en die heerlijkheid tot in alle ewigheid” (1 Tim. 1:17). Verder verklaar Paulus dat alleen Jesus Christus “onsterflikheid besit

⁶² Vir meer besonderhede oor wat met God se raadsplan bedoel word, verwys gerus na die volgende huisgodsdienst-tema (afdeling 3.3.7).

en 'n ontoeganklike lig bewoon, wat geen mens gesien het of kan sien nie, aan wie toekom eer en ewige krag" (1 Tim. 6:16).

So weet ons dat, hoewel God onsienlik is, Hy Homself tog sigbaar aan ons verklaar deur sy Seun, Jesus Christus. Toe die dissipels in Johannes 14 vra: "Toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg" (Joh. 14:8), antwoord Jesus: "Hy wat My gesien het, het die Vader gesien" (Joh. 14:9). Daarom kan ons God nie ken anders as deur sy Seun nie — Hy wat van Homself getuig dat Hy alleen die Weg, die Waarheid en die Lewe is, wat tot die Vader lei (Joh. 14:6). Ons kan God nie sien of begryp anders as deur die geloof in Jesus Christus nie.

Oor God se onsienlikheid skryf Polman (1940a:135) die volgende:

Paulus noemt God onzienlijk (I Tim. 1:17) en daarin toont hij ons, dat het niet onze taak is uit te pluizen en te willen onderzoeken wat in Hem verborgen is ... Het is wel waar, dat God zoo onzienlijk voor ons is, dat Hij Zich aan ons verklaart door Zijn levend beeld, dat in onze Heere Jezus Christus is. Maar wij moeten in de eerste plaats vasthouden, dat wij Hem niet kunnen kennen dan door het middel van onze Heere Jezus Christus ... Paulus zegt, dat niemand ooit God gezien heeft noch kan zien. (I Tim. 6:16) Hij spreekt hier niet van het gezicht der oogen, maar van alle bevattingen, die wij kunnen hebben.

3.3.6.1.5 *Onveranderlik*

Verder bely ons dat God onveranderlik is. Soms is dit vir ons moeilik om te begryp — veral wanneer ons in die Bybel lees dat dit God berou het dat Hy iets gedoen het, of soos in ons teksgedeelte, waar dit voorkom asof God van plan verander wanneer Moses Hom smeek.

Maar God het nie berou soos wat ons mense berou verstaan nie. Hy word nie deur die mens, gebed of enige aardse handeling onverhoeds betrap, sodat Hy skielik van plan moet verander nie. Wanneer ons in die Bybel lees van gevalle waar dit wil voorkom asof God van plan verander, moet ons dit eerder verstaan as 'n uitdrukking van sy bepalende en ontfermende handeling wat die mens se vermoëns in ag neem.

Wanneer ons deur die veranderlikheid van hierdie wêreld sleg getref word, kan ons gelowig vashou aan die waarheid dat die HERE onveranderlik is, en dat niks in die ganse heelal sy raadsplan kan omverwerp nie.

Oor God se onveranderlikheid skryf Polman (1940a:135-137) die volgende treffende woorde:

Voor de geloovigen moet het een waar en ongeschokt principe blijven: God verandert nooit en wordt door geen berouw bewogen, zooals bij stervelingen het geval is, die dikwijls, onbekend met het toekomstige, onbezonnen zich verbinden en tot hun schade tenslotte hun lichtzinnigheid erkennen en gedwongen worden berouw te hebben. Niets dergelijks wordt echter in God gevonden, voor Wien alles present is, zoodat vast moet zijn, wat Hij besloten heeft. Dat neemt echter niet weg, dat God Zich aan ons bevattingsvermogen aanpast, dit of dat beloven, en Zich als het ware in een andere vorm overzet ... Daarom, wanneer verschillende omwentelingen der dingen, waardoor deze wereld als door stormen geschud wordt, ons geloof al te heftig plegen te schokken, zoodat we aan God en Diens voorzienigheid en wereldregeering twijfelen, moet steeds deze sententia (dit oordeel) in de geest teruggeroepen, dat met Zijn onvergelykelijke macht Zijn waarheid en trouw altijd verbonden zijn. Daarom wanneer wij door verschillende verwarringen opgewonden raken,

moeten wij ons als deur een schild deur de stelling dekken, dat God geen berouw heeft, dat is, Zijn oordeel en voornemen nooit verandert.

3.3.6.1.6 *Oneindig*

Ons bely ook dat God oneindig is. Heyns (1978:65) lewer 'n waardevolle bydrae tot die verklaring van God se oneindigheid, soos byvoorbeeld wanneer hy skryf: “Die oneindigheid van sy wese is uiteraard meteen ook die oneindigheid van sy eienskappe: aan wat Hy is en het is daar geen grense nie”. Terselfdertyd maak hy egter gewaagde stellings wat as onbybels geïnterpreteer kan word, soos: “En juis omdat sy alomteenwoordigheid die resultaat is van sy keuse, is Hy nie orals op dieselfde wyse teenwoordig en dus ook nie op dieselfde werkende wyse teenwoordig nie” (Heyns, 1978:65).

Dat God oneindig is, gaan ons verstand ver te bowe, want hierdeur bely ons dat God in sy wese, teenwoordigheid en eienskappe oneindig is. Daar is dus geen perke aan dit wat die HERE sê oor Wie Hy is nie. Die hemel is sy troon vanwaar Hy regeer, en die aarde is sy voetbank. Hiermee leer ons dat God die Koning van die heelal is, dat sy teenwoordigheid oral is, en dat Hy alles in stand hou volgens sy goeie wil. Ons kan God nie omvat nie.

Polman (1940a:137) se verklaring oor God se oneindigheid lui soos volg:

Gods oneindigheid moet ons afschrikken om te trachten God met ons verstand te willen omvatten ... Salomo belijdt immers (I Kon. 8:27), dat selfs de hemel der hemelen Hem niet kan bevatten. En Hij Zelf zegt door den profeet (Jes. 66:1), dat de hemel Zijn troon is en de aarde de voetbank van Zijn voeten. Daarmee geeft Hij te kennen, dat Hij niet binnen

een zekere maat beperkt, maar over alles uitgebreid is ... En tenslotte wordt daarmee aangeduid, dat Hij de geheele wereld omvat, in stand houdt en door Zijn mogendheid bestuurt. Men wil daarmee zooveel te kennen geven, dat Hij een oneindige grootheid of hoogheid, een onbegrijpelijk wezen, een onmetelijke macht en eeuwig onsterfelijkheid bezit.

3.3.6.1.7 *Almagtig*

Hiermee saam bely ons dat God almagtig is⁶³. Daar is niks wat vir die HERE onmoontlik is nie. Ja, daar gebeur dikwels dinge met ons wat in ons oë sleg lyk en wat ons ernstig beproef. Ons word soms verdruk en voel dan magteloos. Maar ons hoef nie hopeloos te wees nie, want hoewel die HERE sekere dinge in ons lewe toelaat, is dit nie omdat Hy nie mag het oor ons omstandighede nie. Hy is almagtig en laat alles gebeur volgens sy goeie raad — tot ons beswil. Daarom kan ons met 'n geruste hart tot die HERE roep wanneer ons Hom nodig het, want in sy almag en sy goedheid sal Hy die nodige krag en uitkoms skenk.

Oor God se almag skryf Polman (1940a:138-139):

Dit is ware theologie, dat men zich geen God voorstelt met Epicurus, Die in ledigheid en genoegens Zijn tijd doorbrengt en met Zichzelf tevreden om het menschelijk geslacht Zich niet bekommert, maar Die de zetel van Zijn macht en billijkheid bezet, zoodat we vast overtuigd zijn, ook al komt Hij niet terstond de onrechtvaardig verdrukten te hulp, dat Hij toch nooit de zorg voor hen nalaat ... Alleen wie zoo naar de Schrift Gods almacht verstaat,

⁶³ Heyns se verklaring van God se wysheid het 'n sterk filosofiese inslag, en hy maak stellings wat vreemd voorkom in die lig van die Skrif se weergawe van die skeppingsverhaal. Hy beweer byvoorbeeld dat God nie net hierdie bestaande wêreld met sy mense ken nie, maar ook die moontlike alternatiewe wêreld met hulle mense (Heyns, 1978:67).

bij hem zal het geen koude bespiegeling blijven, maar een dagelijkse steun en bron van kracht.

3.3.6.1.8 *Volkome wys*

God is volkome wys, regverdig en goed. Soos ons reeds gehoor het, kan ons nie sy verborge raad ten volle begryp nie. Tog weet Hy alles en handel Hy met volmaakte wysheid in al sy werke. Wat ons van sy verborge raad en volkome wysheid kan weet, het Hy aan ons bekend gemaak deur die evangelie. As ons verder as dit wil seek, sal ons inderdaad in 'n doolhof beland. Ons kan maar net saam met Paulus uitroep:

o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid (Rom. 11:33-36).

Vir hierdie rede skryf Polman (1940a:139-140):

Gods wijsheid op zichzelf beschouwd gaat, gelijk heel het Wezen Gods, ons begrip volstrekt te boven. Van deze hoogten der goddelijke geheimen kennen we alleen, wat het evangelie openbaart. Wie haar wil trachten te begripen, verliest zichzelf in een doolhof, daar dit het domein is der goddelijke mysteriën, die we slechts vermoeden en aanbidden kunnen. Wanneer we Paulus hooren uitroepen: O diepte, dan moeten we verstommen en zeggen, dat deze rijkdommen der goddelijke wijsheid dieper zijn dan dat wij met onze rede tot haar zouden kunnen doordringen ... Maar wie tot Christus en Zijn Woord zich wendt, voor dien gaan de schatkamers der goddelijke wijsheid open. (ib. 4, 5, 6) In de wet en het evangelie staan verborgenheden, die de maat van ons begrip te boven gaan, maar omdat God, opdat wij deze verborgenhede verstaan, die Hij in Zijn Woord heeft willen openbaren,

het verstand der zijnen door Zijn kennis verlicht, zoo is daar nu geen afgrond, maar een weg, waarop men veilig wandelen mag en een lamp om de voeten te besturen, een licht des levens en een school der zekere en duidelijke waarheid.

3.3.6.1.9 *Regverdig*

God is volkome regverdig en goed⁶⁴. Sy regverdigheid het nie slegs betrekking op wat reg is nie. Sy regverdigheid het veral betrekking op die verbond wat Hy met sy volk gesluit het, en op die wyse waarop Hy sy volk in geregtigheid onderhou. Daarom hou sy regverdigheid ook verband met sy goedheid. Hy is getrou om sy beloftes na te kom. Dit is wat Polman (1940a:140-141) oor God se regverdigheid skryf:

De rechtvaardigheid Gods is de trouw, die Hij in het bewaren der zijnen toont, waarvan de bevrijding van David (in Ps. 22) een gedenkwaardig bewijs is, want Hij bewijst Zich als rechtvaardig in het beschermen van Zijn knecht voor geweld en onrecht. En hieruit kan opgemerkt, hoe dierbaar ons behoud bij God is, dat Hij haar met de lof van Zijn rechtvaardigheid verbindt. Indien dus daarin de rechtvaardigheid Gods blinkt, dat Hij onze hoop niet verijdelt, ons in gevaren niet verlaat, maar door Zijn hulp ons behouden en ongedeerd doet zijn, moet niet meer gevreesd worden, dat Hij ons zal ontbreken ... Zijn rechtvaardigheid is Zijn goedheid. Daarmee wordt aan God niet, zooals men gewoonlijk denkt, toegekend, dat Hij streng is om wraak te oefenen, maar veeleer, dat Hij trouw is in het houden van Zijn belofte en in het beschermen der zijnen en dat Hij nooit de ellendige menschen teleurstelt, die Zijn hulp inroepen.

⁶⁴ Heyns se verklaring van God se regverdigheid (of geregtigheid) het 'n filosofiese inslag, met afleidings wat soms klink asof hy homself weerspreek. Hy stel byvoorbeeld dat God Homself nooit verloën nie, en dat Hy onveranderlik dieselfde bly en getrou aan Homself is. Tog sê hy: "Nie sy skeppingshandelinge self nie, maar die voortsetting daarvan, dit wil sê sy trou daaraan, is sy geregtigheid" (Heyns, 1978:68-69).

3.3.6.1.10 Goed

God is ook goed. Trouens, Hy is die bron van alle goedheid. Dit beteken dat Hy goedertieren is, barmhartig is, lankmoedig is, en dat Hy liefde is. So skryf Polman (1940a:141):

Buiten deze natuurlijke gaven van Gods goedheid ontvangen de kinderen Gods tal van geestelijke gaven, de gave van Christus met al Zijn weldaden, waarin de liefde God op de meest zekere en soliede wijze zich toont ... Terwijl we gedwongen worden God in al Zijn deugden lofwaardig te achten, treft ons niets meer dan Zijn goedheid, waardoor Hij tot ons afdaalt en Zich een Vader betoont.

3.3.6.2 Samevattende gedagtes

Wat ons van God se wese weet, word deur sy eienskappe aan ons bekend gemaak. Wanneer ons dus met die eienskappe van God te doen kry, het ons terselfdertyd met sy wese te doen. God openbaar sy deugde nie sodat ons Hom kan ontleed nie, maar sodat ons Hom met ons beperkte menslike verstand reg kan ken, en dat ons — deur sy genade en die werking van sy Heilige Gees — Hom kan aanbid soos Hy wil hê sy kinders Hom moet aanbid.

So maak God Homself duidelik aan ons bekend in sy Woord. Ons wat Hom ken, leef vanuit die troos van Wie Hy is. Mag ons die ewige, onveranderlike en lewende God in hierdie veranderlike wêreld in waarheid dien. Dit is immers die rede waarom Hy Homself aan ons openbaar: sodat ons Hom kan aanbid soos Hy werklik is.

Wanneer Christen-gesinne God se deugde gelowig oordink, word hulle aanbidding verdiep en hulle geloof versterk. Deur die belydenis van God se ewigheid, almag, wysheid, geregtigheid en goedheid, leer gesinne dat die HERE nie soos sy skepsels verander of beperk word nie, maar in sy wese en in al sy werke volkome volmaak is. Hierdie kennis bring vir gelowiges troos in 'n onbetroubare wêreld van verandering, want God bly van ewigheid tot ewigheid dieselfde. Só word kinders opgevoed om God nie net met hulle verstand te ken nie, maar Hom met hulle hele hart te vertrou, te dien en te aanbid — as die ewige, regverdige en genadige HERE wat getrou bly aan sy verbond en aan sy Woord.

3.3.7 Huisgodsdienst-tema: Raad van God — God se raadsplan en die troos wat dit vir uitverkorenes se verlossing inhou.

Hierdie huisgodsdienst tema vorm deel van hoofstuk 3 se fokus op die Bybelse Godsbeskouing en die wyse waarop God se ewige raad sy soewereine heerskappy oor die skepping openbaar. Wanneer gesinne Efesiërs 1:3–14 lees, ontdek hulle dat die Bybel die raad van God openbaar as die ewige voorneme van die Vader om sy kinders in Christus deur die werking van die Heilige Gees te verlos. So leer kinders dat hulle geloof en verlossing nie toevallig is nie, maar deel van God se ewige besluit en genadige uitverkiesing in Christus vorm. Hierdie tema help ouers om kinders te leer dat God se raad vol wysheid, regverdigheid en liefde is, en dat dit die enigste bron van vaste troos is vir almal wat in Christus glo, omdat gelowiges se verlossing in God se onveranderlike raad vas geanker is.

Lees: Efesiërs 1:3-14

Fokus: Efesiërs 1:4, 5, 11

Hoe dikwels het jy al van God se raadsplan gehoor, maar nie geweet wat dit beteken nie? Die Bybel verwys op verskeie plekke na die raad van God, maar waarna verwys sy raad? Daar is verskeie gedeeltes wat verskillende fasette van God se raad uitlig, en in ons teksgedeelte leer ons dat beide uitverkiesing en verlossing integraal deel vorm van hierdie goddelike raadsplan.

In ons teksgedeelte lees ons dat God, nog voordat Hy die wêreld geskape het, reeds al die gelowiges uitverkies het om verlos te word. Dit beteken dat Hy lank voor ons bestaan het, besluit het wie Hy sy kinders wil maak. Hierby het Hy nie vooruit gesien wie Hom sou kies nie, maar het Hy ons uitverkies sodat ons kan glo, en sodat ons heilig en sonder gebrek voor Hom kan leef (Ef. 1:4; vgl. Van Genderen & Velema, 2008:219).

Ons lees nie alleen dat God ons uitgekies het nie, maar ook dat Hy ons in Christus uitgekies het. Vers 4 leer dit vir ons: “soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld”. Verder voeg ons teksgedeelte by dat hierdie uitverkiesing ’n voorbeskikking deur God is, “om ons as sy kinders vir Homself aan te neem”.

Wat ons hier hoor, is dat ons verlossing ’n genadige uitverkiesing van God is wat Hy vooraf reeds bepaal het, en dat hierdie verlossing in Christus gegrond is. In vers 11

lees ons dan: “in Hom [dit is in Christus] in wie ons ook ’n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil”.

Hier in Efesiërs 1 hoor ons dus van verskeie kernkonsepte. Ons hoor van ons verlossing en van ons uitverkiesing — dat dit reeds voor die grondlegging van die wêreld vasgelê is. Ons hoor ook dat dit iets is wat God vooraf beskik het volgens sy welbehae, dat dit sy voorneme was, dat Hy ons in Christus uitverkies het, en dat dit alles vantevore deur God verordineer is (met ander woorde, deur Hom voorgeskryf is). Al hierdie terme en konsepte, lees ons, spruit voort uit die vervulling van God se raad en sy wil.

Die lering bring ons dus te staan voor God se raad, en hoe verlossing, voorbestemming en uitverkiesing by God se raad inpas. Kom ons staan eers stil by wat God se raad behels.

3.3.7.1 God se raad

3.3.7.1.1 Waarna verwys God se raad?

Soos reeds in ons teksgedeelte aangedui is, het God se raad betrekking op die verlossing van sy uitverkorenes. God se raad het te make met sy dekrete (dit wil sê sy besluite en bevele) waardeur Hy sy verlossingsplan tot uitvoering bring. Hierdie raad van God sluit ook sy wil, sy welbehae, en sy ewige doel met die skepping in, wat Hy ten volle tot uitvoering bring soos Hy dit vasgestel het (vgl. Van Genderen & Velema, 2008:193-194).

Heyns (1978:72) is teenstrydig in sy beskrywing van God se raad. Aan die eenkant sê hy tereg: “Dat die ganse skepping, en alle gebeure wat in die tyd en in die ewigheid plaasvind, en ook nog sal plaasvind, op beplanning en besluite van God teruggaan, is dus allereers uit die wese van God self af te lei”. Dit sou beteken dat God se raad in ooreenstemming is met sy wesenseienskappe, sodat sy raad ewig, onveranderlik, onbegryplik, ensovoorts is — wat Heyns ook bevestig (Heyns, 1978:73-74). Tog beskryf hy die uitvoering van God se raad op 'n wyse wat dit in teenstryd met God se wil plaas, wanneer hy beweer dat God nie alle besluite in sy raad vooraf bepaal het nie, maar dat Hy steeds besluite neem soos die geskiedenis ontvou. Hy sê: “God se besluite is geneem, maar dit word ook geneem. Omdat God 'n ewige God is, is Hy nie net vóór die tyd nie, maar is Hy ook in die tyd. Hy is ook die besluitende God. Hy voer in die tyd nie net besluite uit wat alreeds geneem is nie, Hy is ook besig om planne te maak en dit uit te voer” (Heyns, 1978:73-74).

Hoewel hy hierdie bewering maak met die waarskuwing dat ons onself nie aan determinisme skuldig moet maak nie, val hy tog in die strik om af te wyk van God se wesenseienskappe — dat Hy almagtig, alwys, ewig en onveranderlik is. Sou die moontlikheid dus bestaan dat God onverhoeds deur gebeure betrap kon word en nuwe planne sou moes maak om sy raad te handhaaf, sou dit teenstrydig met die Skrifopenbaring van God en sy raad wees.

Van Genderen en Velema (2008:195) maak 'n soortgelyke stelling wanneer hulle Schilder se siening uitlig: “Schilder points out correctly that God continues to decree his eternal purpose every moment and continuously (H.C., 3:134). In the doctrine of God's counsel we encounter the living God himself who has made and continues to make his decisions”. Tog hou Van Genderen en Velema (2008) teologies steeds vas aan die feit dat alle dinge in die hemel en op aarde volgens God se raad vasgestel is en deur Hom soewerein uitgevoer word, sonder om God se raad as deterministies te beskou, juis omdat God steeds aan die mens vryheid en verantwoordelikheid gee (vgl. Van Genderen & Velema, 2008:195-196).

Voordat ons egter enigsins verder gaan om die raad van God te ondersoek, moet ons gewaarsku word. Net soos ons nie God in sy wese deur ons menslike verstand kan omvat en volkome verstaan nie, net so kan ons nie presies begryp wat God se volkome raad is nie, en kan ons ook nie volledig verklaar hoe sy raad werk of hoe Hy dit tot uitvoering bring nie.

Dit is vir ons onmoontlik om alles te begryp, want die mens is 'n skepsel en God is die Skepper. Hy is die Potterbakker en ons is die klei (Rom. 9). Hy is buite tyd en die Skepper van tyd, terwyl ons in terme van tyd, ruimte en materie dink. Daarom sal ons nie ten volle kan verstaan hoe God vóór tyd besluite geneem het wat Hy in tyd tot uitvoering bring nie.

Hierin moet ons die woorde van Deuteronomium 29 gelowig aanvaar, wat sê: “Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet” (Deut. 29:29). Wat Hy van sy raad aan ons wou openbaar, is in die Skrif opgeteken, en dit is dat Hy in 'n verbond met ons en ons kinders getree het sodat ons Hom kan dien.

3.3.7.1.2 Die aard van God se raad

Wat ons wel vanuit die Skrif leer oor die aard van God se raad, is dat sy raad gegrond is in die Wese van God. Net soos God byvoorbeeld ewig, onveranderlik, volkome wys, regverdig en goed is, net so is sy raad ook ewig, soewerein, volkome wys, onveranderlik en doeltreffend (Van Genderen & Velema, 2008:194-196). Dit beteken, soos wat ons teksgedeelte leer, dat God “alles werk volgens die raad van sy wil” (Ef.

1:11). Van Genderen en Velema (2008:195) wys daarop dat Efesiërs 1:11 nie net betrekking het op God se raad van verlossing nie, maar inderdaad dui op die allesomvattende aard van God se raad in geheel.

3.3.7.1.3 *God se raad en sonde*

Die vraag ontstaan dan dikwels: As alles binne God se raad val, en niks buite sy beheer is nie, en dat Hy alles volgens sy wil uitvoer, waar kom die sonde dan vandaan, en maak dit Hom dan die Outeur van die sonde? Dit is 'n logiese vraag wat 'n redelike antwoord verlang. Dit bly egter 'n moeilike saak, want sou daar erken word dat God die Outeur van sonde is, sou dit in stryd wees met die feit dat God goed is. Indien daar egter erken word dat God nie die Outeur van sonde is nie, blyk dit dat sonde buite God se raad, en dus buite sy beheer is — wat weer in stryd sou wees met die waarheid dat God ewig, almagtig en volkome wys is.

Ons staan weereens voor 'n verborgenheid van 'n bepaalde aard. Deur die eeue heen soek mense na 'n antwoord op die vraag oor die oorsprong van boosheid in hierdie wêreld, maar in 'n sekere sin sal ons nooit werklik weet hoe sonde in God se raadsplan inpas nie. Ons moet egter tevrede wees met dit wat God wel aan ons in die Bybel openbaar het. Wat ons oor die plek van sonde in God se raadsplan kan sê, is eenvoudig dat God nie die Outeur van die sonde is nie, maar dat die sondaar alleen die volle skuld dra, en dat God dit toegelaat het.

Hoewel hierdie antwoord voldoende is om te verklaar hoekom die werklikheid is soos dit is, bly die oorsprong van die sonde vir ons 'n verborgenheid. Die Bybel en ons

belydenisskrifte leer ons eenvoudig dat die oorsprong van die sondeval, deur die aanhitsing van die duiwel, by die mens se eiewilligheid lê (vgl. Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 14). Tog gebruik God selfs die sonde binne sy raadsplan om die mens daarvan te verlos (Van Genderen & Velema, 2008:196-197).

Trouens, wanneer ons dink aan ons Here Jesus wat onskuldig deur mense veroordeel is, en dat Hy aan die kruis moes hang en die ewige dood moes binnegaan om al die uitverkorenes van God van hulle sondes te verlos, besef ons dat dit sekerlik die grootste sonde is wat die mensdom ooit gepleeg het. Tog gebruik God dit wat boos is, ten goede om ons verlossing te verseker.

Vervolgens staan ons in die huisgodsdienst-tema stil by verlossing in God se raad.

3.3.7.2 Verlossing in God se raad

3.3.7.2.1 Verlossingsplan: 'n Misterie wat bekendgemaak is

God se raad is nie gelyk aan die verlossing wat Hy bewerkstellig nie, maar God se verlossing, net soos sy regverdige oordeel (dink byvoorbeeld aan Openb. 5 e.v.), word inderdaad ingesluit by God se raadsplan.

Op baie plekke noem die Bybel noem God se verlossingsplan 'n misterie (vgl. Kol. 1:26 en andere). Hierdie misterie verwys nie na een of ander geheimsinnige lering nie, maar dui bloot op God se verlossingsplan wat van ewigheid af in sy raadsplan vasgestel is en wat nou aan mense bekendgemaak word deur sy Woord. Trouens, hierdie misterie van God se verlossingsplan dui op Jesus Christus (vgl. 1 Kor. 2:7; Heidelbergse Kategismus Sondag 12 vraag en antwoord 31).

3.3.7.2.2 *Verbond van verlossing (Pactum salutis) as verlossingsplan*

Sedert die 17de eeu het gereformeerde teologie ondersoek ingestel na die wyse waarop God se verlossingsplan uitgevoer word. Deur ondersoek van die Skrif, blyk dit duidelik dat daar 'n verbond bestaan tussen die Vader en die Seun, waardeur die Vader sy Seun na die aarde gestuur het met 'n opdrag wat die Seun moet uitvoer. Hierdie verbond tussen die Vader en die Seun is reeds gesluit lank voor die ontstaan van die aarde.

Hierdie verbond staan bekend as die verlossingsverbond, of, vanuit die Latyn, die *pactum salutis*⁶⁵. Net soos met die woord “Drie-eenheid”, vind ons nêrens die woord “verlossingsverbond” in die Bybel nie, maar die konsep van die verlossingsverbond word deur die hele Skrif verkondig (Sproul, s.a.).

Hierdie verlossingsverbond is 'n heilige transaksie tussen die Vader en die Seun waarin die Seun Homself as Middelaar ondergeskik stel aan sy Vader, sodat Hy verlossing kan bewerk vir al die uitverkorenes van God, en sodat die Vader Hom ook sal verhoog bo alle name (Sproul, s.a.). Hiervan lees ons onder andere in Filippense 2, waar die volgende van Jesus Christus gesê word:

⁶⁵Volgens die Pocket Oxford Latin Dictionary (Oxford University Press, 2005) kan die Latynse woord *pactum* beteken “'n ooreenkoms” of “'n wyse” of “'n weg”, terwyl die woord *salutis* se nominatiewe vorm *salus* is, wat “gesondheid” of “welstand” of “sekuriteit” kan beteken. In die Middeleeue het dit egter die betekenis van “ewige lewe” of “verlossing” (*salvation*) verkry. Volgens Perseus Digital Library Project se aanlyn Latynse woordeboek moet die woord *salus* ook vergelyk word met die Griekse woord ὅλος (*hólos*), wat kan dui op “veiligheid” of “heelheid”, “voorspoed”, “behoudheid”, of “verlossing” (*delivery*). Die *pactum salutis* verwys dus na 'n ooreenkoms tussen partye om verlossing te verseker.

Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.

Daar is egter ook ander gedeeltes wat getuig van hierdie verbond van verlossing tussen die Vader en die Seun. Dink byvoorbeeld aan Efesiërs 1:3-14 waar vertel word van die uitverkiesing van gelowiges van voor die grondlegging van die wêreld. Vers 4 stel dit duidelik dat God ons in Christus uitverkies het. Volgens vers 9 was dit sy wil wat Hy in Homself voorgeneem het. Dit impliseer dat God Christus as Middelaar aangestel het van voor die grondlegging van die wêreld (Van Genderen & Velema, 2008:204).

Uit hierdie verbond van verlossing tussen die Vader en die Seun lei ons ook af wat in 1 Petrus 1:20 staan. Daar lees ons dat gelowiges deur die kosbare bloed van Christus losgekoop is — Hy wat is “'n lam sonder gebrek en vlekkeloos” is, “wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil” (1 Pet. 1:19b-20).

Maar dit staan duidelik vir ons in die Evangelie volgens Johannes. Telkens sê Jesus dat sy Vader Hom gestuur het om in gehoorsaamheid aan sy Vader die verlossing van

die uitverkorenes van God te bewerkstellig — almal wat die Vader aan Hom sal gee (vgl. Joh. 5:30, 6:37-40, 44 en andere). Hoor byvoorbeeld wat sê Jesus in Johannes 6:37-40:

Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie. Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het. En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag. En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.

Met betrekking tot hierdie verlossingsverbond moet gelowiges nie dink dat die Seun van God ondergeskik is aan die Vader, asof die Seun van God nie sêlf ook God is nie. Saam met die vroeë kerk moet ons 'n onderskeid tref tussen die ewige Seun van God en die Seun as Middelaar. In sy middelaarskap het die Seun van God Homself aan die wil van die Vader ondergeskik gestel, maar die Seun van God bly steeds God. Dit is as Middelaar en Knecht van die Here dat Jesus in Johannes 14:28 vir sy dissipels sê: “Ek gaan na my Vader, omdat my Vader groter is as Ek” (vgl. Van Genderen & Velema, 2008:200, 206).

Hoe gelowiges eerder behoort te dink aan die heilige verlossingsverbond wat God met Homself gesluit het, is dat ons deur hierdie leer werklik 'n geweldige troos mag ervaar. Hierdie leer troos ons, want soos wat Bavinck (1909:304) dit stel: “De Vader is de oorsprong, de Zoon is de Verwerver en de Heilige Geest is de Toepasseronzerzaligheid”. Vir gelowiges beteken dit dat ons verlossing vas en seker

is, omdat dit geheel en al buite onself lê — gegrond en geanker in die raad van God Drie-enig (Van Genderen & Velema, 2008:205-206).

3.3.7.3 Samevattende gedagtes

Mag ons, deur hierdie leer oor God se ewige raadsplan, gelowig vashou, en mag dit vir elkeen van ons tot groot troos wees dat ons verlossing werklik buite onself in God Drie-enig vas lê, sodat ons nooit hoef te twyfel oor ons saligheid nie.

Wanneer gelowiges besef dat hulle verlossing nie op eie verdienste berus nie, maar in God se ewige raad gegrond is, vind hulle ware rus en sekerheid. Die wete dat God van ewigheid af besluit het om sy kinders in Christus te verlos, bring die grootste troos, veral te midde van 'n wêreld vol onsekerheid. God wat ons voor die grondlegging van die wêreld uitverkies het, sal ook sy werk in ons voleindig. So leer gesinne om in verwondering te leef oor God se genadige raadsplan waarby hulle ingesluit is om Hom met dankbaarheid te dien.

3.4 APOLOGETIESE TOERUSTING

Op 'n dag, iewers aan die begin van Mei 2024, terwyl ek en my kinders besig was om ons motorhuis uit te sorteer, kom my driejarige seuntjie na my toe en vra: “Pappa, weet jy wat beteken eerbied?” Ek was eers verbaas, want hoe kan 'n driejarige kind in die eerste plek tog so 'n groot woord gebruik? Ek het toe gedink dat hy hierdie woord waarskynlik iewers gehoor het, maar dat hy sekerlik nie weet wat dit beteken nie. Ek het hom toe geantwoord en gesê: “Nee ek weet nie, vertel my”. Ek het so gereageer om vas te stel wat sy begrip van hierdie woord is. Vervolgens gee hy my 'n antwoord wat my verras het. Hy sê: “Eerbied beteken ons moenie grappies van God maak nie”. Hoe pragtig is dit om so 'n mooi getuigenis uit die mond van 'n klein kind te hoor! Dit is moontlik dat sy juffrou van die gereformeerde kleuterskool waar hy is, hierdie definisie van eerbied met hom gedeel het. Hoewel iemand dit vir hom geleer het, was dit vir my duidelik dat hierdie klein seuntjie reeds tot 'n redelike mate 'n begrip het van wie God is en wat ons verhouding met God behels (Venter, 2024b).

Die rede vir hierdie verhaal is om aan te toon dat kinders van kleins af op hulle eie vlak nadink, selfs oor sake soos die werklikheid van God (vgl. Venter, 2019:18 e.v.). Dit is moontlik abstrakte kwessies wat 'n mens nie noodwendig fisies op hierdie aarde met jou oë kan waarneem nie, maar waaroor selfs jong kinders kan nadink. Soos reeds

in die tetiese gedeelte van hierdie hoofstuk aangetoon is (vgl. afdeling 3.2), verkondig sekulêre naturalisme dat God nie bestaan nie, en poog Nuwe Ateïsme doelbewus om Christenkinders met 'n naturalistiese wêreldbeskouing te indoktrineer. Daarom is dit uiters belangrik dat ons reeds van kleins af met kinders erns maak oor die werklikheid van God in ons bestaan en lewe op aarde. Om hierdie rede is dit noodsaaklik dat ons hulle apologeties toerus met die Bybelse, Christelike wêreldbeskouing.

Vanuit die bostaande inligting in hierdie hoofstuk word vervolgens gefokus op apologetiese toerusting vir Christenouers en -voogde wat met voorskoolse kinders werk. Hierdie toerusting het ten doel om vanuit die Christelike wêreldbeskouing antwoorde te bied op naturalisme se godsbeskouing. Omdat God as metafisiese werklikheid deur naturalisme verwerp word, raak dit logieserwys ook ander aspekte van 'n wêreldbeskouing, soos die beskouing van die mens en van wetenskap. In hierdie afdeling sal slegs vlugtig na sulke aspekte verwys word, maar sal dit egter in volgende hoofstukke meer volledig behandel word.

3.4.1 Sekulêre humanisme se naturalistiese godsbeskouing: Toepassings vir ouers en kinders

Soos reeds in die voorafgaande hoofstuk uiteengesit is, word die bestaan van 'n bonatuurlike Godheid 'n suiwer naturalistiese wêreldbeskouing ontken, en word enige gesprek oor God as sinneloos afgemaak. Terwyl die Christelike wêreldbeskouing God die hoogste goed en einddoel van die mens se bestaan beskou, sien sekulêre humanisme die einddoel van die menslike lewe as die volle verwesenliking van sy eie potensiaal.

In so 'n beskouing word die kosmos self as die hoogste en enigste werklikheid beskou. Soos Peter Jones (2015:22) dit stel: "Without any reference to God, secularism attempts to describe rationally the whole of existence from a this-worldly materialistic perspective with the human being at the center of existence". Volgens sekulêre humanisme moet alle verklarings dus binne die raamwerk van die natuur en die mens gesoek word — iets wat beperkend is op denke en navorsing, en daarom selfs as onwetenskaplik beskryf kan word.

'n Beskouing wat die werklikheid van God verwerp, sal noodwendig ook die res van die werklikheid verdraai: van die beskouing oor die wêreld tot by die beskouing van die mens, en regdeur tot aanbidding en verlossing van iets. Dit alles word in die opvolgende hoofstukke hanteer. Wat die verdraaiing van die mensbeskouing betref, lei die verwerping van die werklikheid van God tot 'n vergoddeliking van die mens en terselfdertyd tot 'n verlaging van die mens. Aan die eenkant plaas die mens homself in die sentrum, en aan die anderkant word die mens tot 'n toevallige produk gereduseer wat bloot moet oorleef. Verder word nie net die mens se beeld en doel skeefgetrek nie, maar word alle betekenis, moraliteit en doel ook skeefgetrek, aangesien dit volgens hierdie wêreldbeskouing uit die mens self spruit.

Hierdie naturalistiese wêreldbeskouing van sekulêre humanisme kan beskryf word as Eenheidsisme omdat dit 'n werklikheid van die kosmos sonder 'n godheid voorstel — buiten die natuur bestaan daar dus geen ander werklikheid nie. Hierteenoor kan die

Christelike wêreldbeskouing beskryf word as Tweeheidsisme, wat 'n werklikheid voorstel waarin daar 'n skepping én 'n Skepper-God is, wat anders is as sy skepping.

Hier volg 'n paar aspekte en sake wat in die bostaande hoofstuk oor sekulêre humanisme en Nuwe Ateïsme bespreek en uitgelig is. Soos reeds genoem, raak hierdie aspekte nie slegs die beskouing van 'n Godheid nie, maar betrek dit ook ander fasette van 'n hulle wêreldbeskouing, naamlik oor die wêreld, die mens, wetenskap, doel ensovoorts. Alles kan egter teruggevoer word na die ontkenning van God:

- Volgens Lennox (2021:hoofstuk 1) beweer ateïste soos Stephen Hawking dat slegs wette van fisika gebruik kan word om te verklaar hoe die kosmos ontstaan het. Hierteenoor kan die gelowige antwoord dat — hoewel die wette wat deur fisika ontdek is, van hoe die kosmos funksioneer — indrukwekkend is, is hierdie wette nie die absolute norm of wetgewer nie. Al hierdie wette dui juis op 'n Wetgewer — op God die Skepper wat in sy almag en alwysheid alle wette daargestel het en regeer. Wette kon nie self ontstaan het en die kosmos laat ontstaan het nie. Om 'n natuurwetenskaplike te wees, behoort daarom nie sinoniem te wees met ongeloof in God se bestaan nie, en fisikawette is nie die enigste vorm waarmee waarheid verklaar kan word nie. Prominente natuurwetenskaplikes sover terug as die 16de eeu was teïste en Christene, eerder as ateïste. Dit sluit wetenskaplikes soos Bacon, Galileo, Kepler, Pascal, Newton en ander in (Lennox, 2011b:War of the worldviews).

- Nuwe Ateïste plaas die onus op teïste (gelowiges in God) om uitsluitlik op 'n empiriese wyse (deur middel van die sintuie) te verduidelik waarom daar 'n God is. Gelowiges word daarvan beskuldig dat hulle bewyse vir God se bestaan subjektief en wetenskaplik onmeetbaar is, en daarom as mites beskou behoort te word. Hierdie benadering van Nuwe Ateïste is 'n rooi-haring argument⁶⁶, omdat hulle gelowiges beskuldig van iets waaraan hulle self skuldig is. Gelowiges kan dit omdraai deur daarop te wys dat selfs die naturalis gebruik hipoteses (fiktiewe situasies) of onmeetbare modelle gebruik om sekere verskynsels te verduidelik, en as geldig verklaar wat nie duidelik met die sintuie waargeneem kan word nie. Dit is geen rede om te beweer dat God nie bestaan nie. Boonop is die gebruik van sintuie nie die enigste geldige verklaring van werklikheid nie.
- Nuwe Ateïste sal dikwels vinnig beweer dat geloof as bewys vir die bestaan van God ongeldig is. Hierdie tipe beswaar is egter 'n aanname en 'n beperking van moontlikhede. Dit is 'n drogredenasie, aangesien die Nuwe Ateïsme self geen bewys vir hierdie stelling het nie, behalwe hul eie geloof in die menslike rede en wetenskaplike hipoteses wat dikwels gestel word wanneer sintuie nie

⁶⁶n Rooi-haringargument (ook soms “vrot-vis” argument genoem) is 'n logiese drogredenasie waarin iemand die aandag van die werklike kwessie probeer aflei deur 'n irrelevante of misleidende saak na vore te bring. Dit verskuif die fokus van die gesprek sodat die oorspronklike argument nie beantwoord hoef te word nie. In die konteks van Richard Dawkins gebruik hy byvoorbeeld emosioneel gelaaide aanhalings van haatspraak teen homself as 'n rooi haring om simpatie te wek en om kritiese vrae oor die geldigheid van sy argumente teen God te vermy.

sekere verskynsels kan verklaar nie. Terwyl Dawkins beweer dat geloof 'n misvuur van evolusie is, is dit eerder die evolusieteorie wat beskou kan word as 'n misvuur van menslike idees as gevolg van die gevolge van die sondeval.

- Dawkins se dubbelsinnige gebruik van die woord *magic* om by kinders die indruk te skep dat geloof en godsdiens bloot feëverhale is, terwyl sekulêre wetenskap en die evolusieteorie as ware wonderwerke voorgedou word. Hierdie hele argument is 'n strooipopargument⁶⁷ en berus op absolute valsheid wat steun op veralgemening sonder enige bewyse steun. Selfs jong Christenkinders kan gevra word of dit waar is dat wetenskap “magic” is, en hulle sal kan antwoord dat God, wat alles geskape het, die “magic” agter dit alles is. Selfs Dawkins — nadat hy die hele teorie van evolusie verduidelik — erken dat evolusionisme nie bloot geluk of *magic* kan wees nie (vgl. Dawkins, 2011b:27).
- Die werklikheid van 'n Eerste Oorsaak wat nie erken word nie, maar vermy word: Wanneer naturaliste en/of ateïste met teïste redeneer, word die idee van 'n godheid (indien Hy volgens hulle bestaan) in naturalistiese denke slegs beskou as 'n verdere skakel in die ketting van oorsaak en gevolg binne die fisiese sisteem van die kosmos. Hulle vermy die feit dat daar, volgens enige verklaring, 'n Eerste Oorsaak (om Aristoteles se term te gebruik) moet wees

⁶⁷'n Strooipopargument is 'n logiese drogredenasie waarin iemand 'n verdraaide weergawe van 'n standpunt skep om dit makliker te kritiseer of belaglik te maak. Dawkins maak gebruik van die dubbelsinnigheid van die woord *magic* om geloof as feëverhale voor te stel, en bied die wetenskap dan aan as die ware wonder. Só vermy hy die werklike vraag oor die rasionele gronde van geloof en beveg hy 'n karikatuur van godsdiens wat hy self geskep het.

waaruit alles sy ontstaan en doel het, asook die presiese wyse waarop alle materie en die wetmatigheid wat dit insluit, tot stand kom.

- Die poging om Intelligente Ontwerp te vervang met die teorie van evolusionisme: Die Nuwe Ateïsme verwerp die Christelike argument dat alle geskape dinge op 'n Intelligente Ontwerper dui. Tog gebruik Dawkins in beginsel self die argument van intelligente ontwerp om te beweer dat alles toevallig deur evolusionisme bestaan. Hy gebruik die voorbeeld van hoe ingewikkeld 'n koets gemaak is wat deur 'n intelligente wese ontwerp moes word, net om dan by die gevolgtrekking uit te kom dat dit nie toevallig is nie, maar die skeppingswerk van evolusie. Dawkins noem dit: “the slow magic of evolution” (Dawkins, 2011b:24). Dit herinner aan kinderrolprente soos *Beauty and the Beast* (1991 & 2017), *Cinderella* (1950 & 2015) en *Shrek 2* (2004), waar koetse byvoorbeeld deur towerkragte eenvoudig tot werklikheid geroep word.

Hierdie tipe Eenheidsisme-wêreldbeskoulike denke van sekulêre humanisme het 'n wye invloed op moderne media en die opvoeding van kinders. Selfs al noem min kinderprogramme of -rolprente openlik die terme sekulêre humanisme of evolusionisme, of dat God nie bestaan nie, word aspekte van hierdie wêreldbeskouing dikwels daardeur oorgedra. Vir Christelike ouers en voogde is dit 'n uitdaging, maar ook 'n geleentheid. Aan die eenkant moet hulle krities bewus wees van hierdie invloede in gewilde kindermedia. Aan die anderkant kan hulle hierdie media gebruik as

aanknopingspunt vir apologetiese gesprekke met hulle kinders, juis om te wys hoe 'n mensgesentreerde verstaan van die lewe verkeerd is en hoe 'n Godgesentreerde wêreldbeeld die werklikheid korrek verklaar. Om hierdie rede volg daar hieronder enkele voorbeelde van gewilde kinder-animasierolprente en -reekse waarin temas oor sekulêre humanisme se godsbeskouing voorkom, gevolg deur voorstelle vir gespreksvoering waarmee ouers hulle kinders oor hierdie sake kan toerus.

3.4.2 Sekulêr-humanistiese temas in gewilde kinderrolprente en -reekse

Daar is talle voorbeelde van kinderrolprente en/of -reekse wat 'n naturalistiese wêreldbeskouing handhaaf en uitbeeld. In hierdie afdeling, wat handel oor die godsbeskouing van 'n naturalistiese wêreldbeskouing, fokus ons slegs op die volgende gewilde voorbeelde, naamlik: *Moana* (2016) en *Frozen* (2013). Beide van hierdie verhale word op so 'n wyse aangebied dat dit die afwesigheid van 'n transendente God veronderstel — indien Hy enigsins volgens die rolprente bestaan. Die gevolg is, soos ons gesien het wanneer God ontken word, dat aspekte soos moraliteit, betekenis en identiteit voorgehou word asof dit in die mens self, óf in die mensdom of natuur gegrond is. Hierdie verhale dien slegs as voorbeelde, en daarom word die verhaal slegs oorsigtelik bespreek met enkele verwysings of aanhalings waar die ontkenning van 'n Godheid beklemtoon word.

3.4.2.1 *Moana* (2016)

Die Disney-animasierolprent *Moana* (2016) beeld die inheemse lewe van die Maori op 'n eiland van Nieu-Seeland uit (Santhosh & Nair, 2021). Dit vertel die verhaal van 'n jong Polinesiese prinses genaamd Moana Waialiki. Sy is die dogter van die stamhoof

Tui, wat op die eiland Motunui woon en wat deur 'n animistiese oseaan geroep word om haar eiland, wat deur 'n vloek getref is, te red. Die wêreld waarin die verhaal afspeel, is geskep deur 'n natuurgodin met die naam van Te Fiti, wat dan deur 'n halfgod genaamd Maui verwoes word nadat hy Te Fiti se hart ('n klippe) gesteel het om aan mense spesiale skeppingskragte te gee. Hierop het die wrede, vulkaniese, monsteragtige godin Te Kā (wat eintlik Te Fiti self is, wie se hart gesteel is) wraak op Maui geneem, waartydens hy sy kragte sowel as Te Fiti se hart verloor het. Nadat Moana se ouma vir haar Te Fiti se hart gee, voel Moana geroepe om vir Maui op te soek sodat hulle Te Kā kan beveg en Te Fiti se hart kan teruggee. Nadat hulle Te Kā oorwin het en Te Fiti se hart teruggegee en herstel het, het Te Fiti die oseaan weer herstel.

Moana se reis is deurspek met temas van identiteit en roeping, wat sy op 'n immanente wyse beleef. Dit is opvallend dat dit nie die gode en halfgode is wat haar roep om haar eiland (en die wêreld) te red nie, maar dat sy hierdie roeping as iets binne of vanuit haarself ervaar. Aanvanklik worstel Moana tussen haar pa se tradisionele verwagtinge en hierdie innerlike roepstem om oor die see te vaar en redding vir haar mense te verseker. Nadat sy uiteindelik besef dat hierdie drang in haar nie iets van buite is nie, sing sy met oorgawe die lied "I am Moana (Song of the Ancestors)". Hierin sing sy: "And the call isn't out there at all, it's inside me" (Wikia, n.a.). Oor hierdie stem wat binne haar is, sing sy verder: "You remind me, That come what may, I know the way, I am Moana!" Hierdie woorde som die ondertoon van 'n sekulêr-humanistiese benadering, gebaseer op 'n naturalistiese wêreldbeskouing, goed op. Die rolprent stel

'n panteïsties-spirituele wêreldbeeld voor waarin die mens binne die skepping self die bron en agent van redding is. Die implikasie is dat die rolprent *Moana* vir kinders uitwys dat die mens se hart en innerlike kompas die finale gesag is waarvolgens lewensdoel bepaal word.

Ook speel die tema van menslike moraliteit en empatie 'n groot rol in *Moana*. Nadat Moana besef dat Te Kā, die wrede lavamonster, eintlik Te Fiti is, benader sy Te Kā met die grootste deernis. Tydens hierdie oomblik sê Moana vir haar: "I know your name. They have stolen the heart from inside you... but this does not define you. This is not who you are – you know who you truly are". Dit strook met humanistiese optimisme, waar verkondig word dat wanneer die mens sy identiteit in homself vind, hy die innerlike vermoë het om chaos tot orde te herstel. Dit dra die boodskap oor dat selfvertroue en innerlike oortuiging die sleutel tot redding en roepingsvervulling is — eerder as afhanklikheid van 'n transendente goddelike gesag.

3.4.2.2 *Frozen* (2013)

Die animasierolprent *Frozen* (2013) bevat nie net aspekte van 'n wêreld sonder God nie, maar gee ook uiting aan individualisme wat met 'n sekulêr-humanistiese wêreldbeskouing ooreenstem. Die narratief vertel van twee susters, Elsa en Anna, se liefde vir mekaar soos wat hulle as prinsesse saam grootgeword het. Die verhaal sentreer veral rondom die oudste suster, Elsa, wat oor bonatuurlike kragte beskik waarmee sy koue, ys en sneeu kan beheer. Die oorsprong van hierdie kragte word nie aan 'n transendente God toegeskryf nie, maar daaraan dat sy so gebore is. Nadat

Elsa amper haar jonger suster, Anna, se lewe met haar kragte kos, verwyder Elsa se ouers haar van haar suster en moet Elsa vir jare lank in haar kamer opgesluit bly totdat sy geleer het om haar kragte te beheer. Dit skep 'n geweldige innerlike stryd in Elsa, sodat sy uiteindelik besluit om weg te trek uit hulle paleis en die dorp te verlaat.

Met Elsa wat in die berge, ver van alle mense, gaan woon, kan sy haar selfontdekkingsreis voortsit en haarself klaarblyklik bevry. Dáár, in haar eie ys-kasteel wat sy gebou het, ontdek sy dat sy haarself moet aanvaar en haar kragte moet omhels en ten volle uitleef. Hierdie bevryding van Elsa word veral verwoord in die bekende lied wat sy sing, met die refrein "Let it go". In hierdie lied sing sy verder: "It's time to see what I can do, to test the limits and break through. No right, no wrong, no rules for me – I'm free".

Hierdie sogenaamde bevryding het egter tot gevolg dat sy die hele land se seisoen só manipuleer dat dit voortdurend winter is, wat almal negatief beïnvloed. Elsa se jonger suster, Anna, wat besef wat aan die gang is, neem haar voor om Elsa te gaan konfronteer, al kos dit haar eie lewe — sodoende sal Anna haar suster sowel as die hele land kan red.

Hierdeur leer Anna vir Elsa dat verlossing nie daarin lê om jou kragte en begeertes uit te leef nie, maar dat liefde en verantwoordelikheid teenoor ander belangriker is as totale vryheid. Die einde van die rolprent beklemtoon gemeenskap en selfopoffering as die ware oplossing. Hoewel liefde en selfopoffering ook Christelike karaktereienskappe is, word humanisme in hierdie opsig deur *Frozen* bevorder

aangesien morele waarheid en die roeping tot naaste-liefde en gemeenskap nie van God afkomstig is nie, maar vanuit die mens self spruit.

Die groot invloed van hierdie rolprent lê dus nie in die goeie morele les van die verhaal nie, maar in die feit dat dit vanuit 'n sekulêre-humanistiese vertrekpunt aangebied word, en dan deur die gewilde lirieke van die indrukwekkende lied “Let It Go” uitgedruk en versprei word. Trouens, Wax (2014) skryf dat hierdie rolprent so suksesvol was dat dit meer geld verdien het as die lok-treffer, boxoffice se *The Lion King*. Op die tydstip wat Wax (2014) sy internetartikel geskryf het, is die musiekvideo van “Let It Go” reeds meer as 88 miljoen keer gekyk.

Crowe (2019) waarsku gelowiges juis hierteen. Hy moedig ouers aan om hulle kinders vanuit 'n Christelike wêreldbeskouing te leer oor die waarhede wat binne hierdie verhaal aan bod kom wanneer die lied gesing word, sodat kinders nie verkeerde idees van 'n ander wêreldbeskouing begin aanhang nie:

We should caution our kids not to belt out “Let it Go”—which millions of girls do, including my toddler—or grab onto its lyrics without keeping in mind how self-empowerment turns rotten in the film, as it does in life. The song’s standalone power is dangerous if detached from the rest of the film.

Vir baie kinders (en volwassenes) is Elsa se bevryding van reëls dus 'n aantreklike idee, want dit eggo die idee dat moraliteit self bepaal word. Vir ouers is die bekende reël uit Elsa se lied “no right, no wrong, no rules for me” 'n goeie aanknopingspunt om met kinders te gesels oor die oorsprong en aard van wat reg en verkeerd is. 'n Kind

kan byvoorbeeld gevra word: “Dink jy dit is reg om self te besluit wanneer iets reg of verkeerd is? As almal dan só besluit, wie sal dan eintlik reg en verkeerd bepaal?” Hierdie tipe vrae kan jong kinders help om in te sien dat as vryheid buite die absolute en objektiewe morele standaard van God beoefen word, dit net tot chaos kan lei.

3.4.2.3 Samevattend: afwesigheid van God en die implikasies

Uit bogenoemde voorbeelde is dit duidelik dat daar stilswyend veronderstel word dat daar geen soewereine, persoonlike God is wat aktief by sy skepping betrokke is nie. Trouens, in sulke voorstellings word die kosmos self, of die menslike hart, as hoogste realiteit beskou. Soos hierbo genoem, “vir die ateïstiese naturalis is daar geen God nie, en die enigste werklikheid is die kosmos”. Die nadelige gevolg en invloed op kinders is dat hulle stelselmatig daaraan gewoond raak om stories te waardeer waar God eenvoudig irrelevant is. Die gevaar bestaan dat, as ouers en opvoeders nie toerusting in hierdie verband bied nie, kinders ook in hul eie denkraamwerk kan begin dink dat God irrelevant is wanneer hulle oor die werklikheid nadink.

Daar is natuurlik ook ander temas wat ter sprake kom as daar veronderstel word dat daar geen God is nie, soos menswees, moraliteit en etiek, betekenis en doel, en ander. Al hierdie sake word in die volgende hoofstukke behandel.

3.4.3 Apologeties-begeleidende gesprekke met kinders

Hieronder volg tematies gefokusde voorbeeldvrae en -antwoorde wat met kinders bespreek kan word oor die verskil tussen die Godsbeskouing van ’n sekulêr-humanistiese wêreldbeskouing en die Christelike wêreldbeskouing. Die bedoeling van

hierdie vrae en antwoorde is nie om alle aspekte volledig aan te spreek nie. Dit is bloot 'n paar riglyngesprekke wat ouers en volwassenes wat met kinders werk, kan help om basiese gesprekke en toerusting te bied sodat kinders daardeur aangemoedig word om verdere gesprekke in hierdie verband te voer.

Verder, aangesien ouers en volwassenes dikwels beide jonger en ouer kinders saam het wanneer sulke gesprekke gevoer word, bevat die gespreksvoorbeelde hieronder telkens vrae op laerskool- sowel as voorskoolvlak, wat dan opgevolg word deur 'n antwoord van die ouer.

3.4.3.1 Gesprek oor skepping en Skepper

3.4.3.1.1 Laerskoolvlak vrae:

Jy onthou seker die rolprent *Moana*. Onthou jy vir Te Fiti? Sy was daardie berg wat eintlik as 'n natuurgodin voorgestel word. In die verhaal glo hulle dat sy die wêreld gemaak het. Dink jy dit is moontlik dat die see en die hele natuur, met al die diere, deur 'n berg gemaak is, of dat al hierdie dinge sommer self uit die natuur ontstaan het? Het jy al ooit gesien dat iets soos 'n berg iets anders kan maak? Of kan dit net God wees wat die wêreld geskep het?

3.4.3.1.2 Voorskoolvlak vrae:

Kan jy die rolprent *Moana* onthou, oor die meisie wat saam met daardie sterk oom Maui op die eiland was? Onthou jy nog die diep see en hoe bang 'n mens vir die diep see kan wees? In die verhaal het die see soos 'n mens vir Moana gehelp. Maar kan 'n see regtig lewe en mense help? Wie dink jy het die groot, diep see gemaak — die Een wat ons regtig kan help? Het jy al ooit gesien dat die see self iets anders kan maak?

Dink jy die see het homself gemaak, of dat 'n berg of die wind die see kon maak? Of dink jy dalk dat iemand baie groter en almagtig, soos God, die see, die berge en alles gemaak het?

3.4.3.1.3 Konsepantwoord en beredenering van die ouer:

Ons weet dat net God hierdie groot en pragtige wêreld en alles wat daarin is, geskep het. Hy het die natuur gemaak, en die natuur kan nie self iets nuuts voortbring nie. Die Bybel leer ons dat God die Skepper van alle dinge is. Stories soos hierdie wil ons dikwels laat glo dat daar nie 'n God is nie. Sulke mense glo dat daar slegs een werklikheid is — naamlik dit wat ons met ons oë kan sien. Ons glo egter die Bybel, wat sê dat God al hierdie dinge geskep het en dat Hy by ons teenwoordig is, maar nie dieselfde as die wêreld is nie — Hy is ook in die hemel.

God het alles gemaak — die see en bome en sterre en alles wat lewe — en Hy sorg vir alles. As jy na die natuur kyk, soos die groot see van Moana, besef jy dat niks in hierdie wêreld so iets self kan skep; net God kan dit doen. Omdat God die almagtige Skepper is, is Hy teenwoordig in die wêreld, maar is Hy nie deel van die wêreld nie — Hy is buite die wêreld en regeer oor alles.

In 'n wêreld waar mense dink God bestaan nie, aanbid mense dikwels die natuur of die mens self. Ons weet egter dat die wette van fisika nie werklik en volledig kan verklaar hoe die kosmos ontstaan het nie, soos wat baie ongelowige wetenskaplikes leer. Die wette wat fisika ontdek het oor hoe die kosmos werk, dui juis daarop dat

hierdie wette daargestel is deur iemand wat almagtig en alwys is. Die Bybel leer baie duidelik dat God alleen die Skepper is wat aanbid moet word.

As ons die natuur aanbid, sal ons nooit ware vreugde ervaar nie. Wanneer iemand sê dat daar nie 'n God is nie en dat ons net die wêreld het en niks anders nie, kan ons aan hulle antwoord dat alleen God, wat groter as die wêreld is, hierdie wêreld kon geskep het.

3.4.3.2 Gesprek oor innerlike morele kompas en roeping

3.4.3.2.1 Laerskoolvlak vrae:

In die rolprent *Moana* sing Moana in een van haar liedjies: “And the call isn’t out there at all, it’s inside me”. Wat dink jy bedoel sy met hierdie woorde? Sy sê dat jy na jou hart moet luister om te weet wat om in die lewe te doen. Dink jy dit kan waar wees? Dink jy jou hart sal jou altyd na die regte plekke lei? Wil mense se harte altyd hê dat hulle net goeie dinge doen? Beteken dit dieselfde as wat Christene bedoel wanneer hulle sê ons mooi moet dink oor die belangrike besluite wat ons in hierdie lewe moet neem? Soms ervaar 'n mens mos 'n gevoel in jou hart wat jou sê wat jy moet doen. Maar kan jou hart werklik vir jou sê wat die regte ding is om te doen?

3.4.3.2.2 Voorskoolvlak vrae:

Onthou jy toe ons die rolprent *Moana* gekyk het, het Moana 'n baie mooi liedjie gesing waarin sy sê dat sy in haar hart geweet het sy moet 'n belangrike taak verrig. Voel jy ook soms in jou hart asof daar 'n stemmetjie is wat vir jou sê jy moet iets doen? Dink jy ons moet daardie stemmetjie altyd glo en doen wat dit sê? Wat as daardie

stemmetjie vir jou sê om iets leliks of stout te doen? Na wie kan ons altyd luister en weet dat Hy altyd die regte dinge sal sê?

3.4.3.2.3 *Konseptantwoord en beredenering van die ouer:*

Hoewel daar baie goeie dinge is wat in die verhaal van *Moana* gebeur, bied dié rolprent tog 'n verkeerde siening van die wêreld en hoe ons as gelowiges behoort te dink en te leef. Waar *Moana* leer dat ons ons eie harte moet volg en op onself moet vertrou om die wêreld te kan red, leer die Bybel ons anders.

Daar is baie mense wat glo soos die rolprent *Moana* dit voorhou: indien God nie regtig bestaan nie, moet ons self besluit watter pad ons in die lewe moet neem om 'n verskil in die wêreld te maak. Die probleem hiermee is dat elkeen dan sy eie koers bepaal en self besluit hoe hy die wêreld beter wil maak, sonder om in ag te neem dat God bestaan. Maar die Bybel leer ons egter heeltemal anders. Omdat God bestaan, weet ons Hy lei ons deur sy Heilige Gees en die Bybel om die regte besluite te neem en op die regte paaie te wandel. Dit is waar dat God ons met gevoelens geskep het, en dat Hy ook hierdie gevoelens gebruik sodat ons Hom kan aanbid, maar Hy sê nooit dat ons op ons gevoelens moet staatmaak om te weet hoe om te leef nie. Ons harte bedrieg ons dikwels oor wat die regte pad is om te volg; daarom moet ons versigtig wees om nie slegs op ons gevoelens besluite te neem nie.

As iemand ooit sê dat ons nie werklik kan weet wat om in hierdie lewe te doen nie, of dat ons bloot in ons harte moet besluit sonder om aan God te dink, kan ons vir hulle sê dat God die Bybel en die Heilige Gees aan ons gegee het sodat Hy ons harte kan

verander en vir ons wys wat ons moet doen en hoe ons behoort te leef. Die Bybel leer duidelik dat ons in alles op God behoort te vertrou. Ons het dit selfs gesien met Elsa, in die rolprent *Frozen* — 'n mens moet nie jou eie hart blindelings volg nie, want dit kan lei tot slegte gevolge. As ons wil weet wat die regte rigting in die lewe is, moet ons glo dat God die enigste ware Weg is wat ons kan lei en vir ons die regte rigting aanwys deur die Bybel. Selfs ons gevoelens behoort aan die Here en moet aan Hom onderdanig wees.

3.4.3.3 Gesprek oor reg en verkeerd (vryheid en morele wette)

3.4.3.3.1 Laerskoolvlak vrae:

In die rolprent *Frozen* sing Elsa in haar liedjie “Let It Go”: “No right, no wrong, no rules for me – I’m free!” Hiermee sê sy dat sy glo sy is werklik vry om te doen wat sy wil, en dat sy nie meer na reëls hoef te luister nie. Dink jy 'n mens is werklik vry as jy nie meer reëls hoef te gehoorsaam nie? Wat sal gebeur as almal op die pad ry soos hulle wil? En as mense sommer ander mense se goed neem soos hulle wil? Kan 'n mens regtig doen wat jy wil sonder dat enige iets slegs met jou of ander mense kan gebeur?

3.4.3.3.2 Voorskoolvlak vrae:

Wanneer ons na Elsa se liedjie “Let It Go” luister, voel dit soms asof jy vry is en nie na pappa of mamma se reëls hoef te luister nie. Dink jy dat almal maar net kan doen wat hulle wil, sonder dat daar enigiets slegs sal gebeur?

3.4.3.3.3 Konsepsantwoord en beredenering van die ouer:

Dikwels voel ons dat ons vry sou wou wees van reëls en wette. Veral wanneer ons na die pragtige verhaal van Elsa en Anna kyk, en ons saam met Elsa hartseer voel omdat

sy so alleen was nadat sy na haar pa en ma geluister het. Wanneer ons dan na haar liedjie luister, voel dit dikwels asof dit reg is om los te kom van reëls en wette. Tog moes selfs Elsa leer dat, as 'n mens nie by goeie reëls en wette hou nie, jy nie werklik vry is nie — al wat jy dan doen, is om jouself en ander seer te maak. Anna wys vir ons in hierdie verband wat die regte manier is om haar sussie te hanteer.

As gelowiges glo ons ook dat 'n mens liefdevol en opofferend behoort te wees om ander te ondersteun wanneer hulle swaarkry. Ons moet egter onthou dat niemand ware en opregte liefde en opoffering werklik kan uitleef sonder God nie. God is liefde, Hy is goed, en Hy weet wat vir ons goed is. Ons, as sy kinders, kan nie sommer doen wat ons wil sonder om daardeur negatief beïnvloed te word nie. Wanneer kinders by die huis doen wat hulle wil en die reëls oortree, is die kans groot dat hulle sal seerkry. God het sy reëls vir ons in die Bybel gegee sodat ons kan weet wat reg en verkeerd is, en wat tot ons voordeel strek. Sodra ons begin sê dat ons nie meer aan God se reëls hoef te glo nie, bedrieg ons ons eie hart en sal ons mettertyd nie meer weet wat werklik reg en verkeerd is nie. Wanneer ons egter die Here se wet gehoorsaam, is ons waarlik vry.

3.4.3.4 Gesprek oor gode en aanbidding

3.4.3.4.1 Laerskoolvlak vrae:

Het jy al opgelet dat daar in rolprente soos *Moana* en *Frozen* nooit van God gepraat word nie? Hoekom dink jy is dit so? Dink jy hulle glo in God die Skepper, soos wat ons glo? Kan 'n mens dalk sê dat hierdie rolprente bloot stories is wat nie bedoel is om op God te fokus nie? Tog wys hierdie rolprente na ander dinge wat sogenaamde kragte

het, soos Elsa se krag of die kragte van gode in *Moana*. Hoekom kan ons nie ook sommer hierdie gode as ons God aanbid nie? Het jy al opgemerk dat al hierdie gode nie verlossing aan die mens bied nie, maar dat die mens dikwels moet help om die gode te red?

3.4.3.4.2 Voorskoolvlak-vrae:

Het jy al opgemerk dat baie rolprente soos *Moana* en *Frozen* verskeie afgode het, soos die berg Te Fiti en die lawa-monster Te Ka? Hulle lyk baie sterk, maar dink jy daar bestaan werklik sulke wesens wat hierdie dinge kan doen? Dink jy dit is reg om afgode te aanbid, of is daar net een God wat so almagtig en sterk is dat Hy alles gemaak het? Dit is tog vir Hom vir wie ons behoort te aanbid, is dit nie so nie?

3.4.3.4.3 Konsepsantwoord en beredenering van die ouer:

Ons weet dat baie stories vertel van veelvuldige gode wat kragte sou hê, maar die Bybel leer ons dat daar slegs een God is. Omdat God alles geskape het, kan Hy nie iets in die skepping, soos 'n berg, boom, lawa of die see wees nie. Iets kan immers nie terselfdertyd die skepsel en die Skepper wees nie. 'n Boom of berg kan nie God wees nie, en God kan ook nie 'n boom of 'n berg wees nie. Daarbenewens kan God slegs God wees omdat Hy anders as sy skepping is. Daar is dus 'n duidelike onderskeid tussen die skepping en God, ons Skepper. Wanneer ons na rolprente soos *Moana* of *Frozen* kyk en hoor van hierdie gode, behoort ons te besef dat dit eintlik mense is wat sulke afgode maak, en dat dit nie die ware God kan wees nie.

3.4.3.5 Samevatting

Teenoor al die rolprente wat ateïstiese en sekulêre humanistiese vanuit 'n naturalistiese wêreldbeskouing uitbeeld en bevorder, behoort ouers en volwassenes wat met kinders werk, gesprekke hieroor te voer. Dit is belangrik om kinders daarop te wys dat sodanige wêreldbeskouings nie met die werklikheid en die Christelike wêreldbeskouing ooreenstem nie. Hiermee wil ons nie kinders ontmoedig om na sulke verhale te kyk nie, maar eerder hê dat hulle deur begeleide gesprekke in 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing toegerus sal wees.

3.5 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het aangetoon dat die vraag na die hoogste werklikheid die mees fundamentele vertrekpunt van elke wêreldbeskouing vorm. Die ondersoek het gefokus op die naturalistiese siening van 'n godheid, soos dit veral in sekulêre humanisme tot uitdrukking kom, en het uitgewys dat naturalisme die bestaan van 'n transendente, persoonlike God ontken en die kosmos as uiteindelijke werklikheid beskou. Waar die naturalistiese wêreldbeskouing materie as die enigste ewige realiteit en die mens as selfgenoegsame maatstaf stel, leer die Bybels-Christelike wêreldbeskouing dat God die enigste, lewende en persoonlike Skepper is. Hy is oneindig, soewerein, en ter gelyke tyd transendent en immanent betrokke by sy skepping.

Hierdie waarheid het verreikende implikasies vir geloofsopvoeding en apologetiese toerusting. Kinders moet reeds van voorskoolse ouderdom af leer dat die wêreld nie deur toeval of noodlot bestaan nie, maar dat dit deur God se Woord geskape en

onderhou word, en dat Hy sêlf die bron van alle werklikheid is en wat doel aan alles gee. Só help hierdie hoofstuk ouers en opvoeders om kinders te leer om tussen ware en valse aansprake oor God te onderskei, en om met oortuiging te bely dat die HERE alleen God is. Hoofstuk 3 vorm daarom die noodsaaklike vertrekpunt vir die daaropvolgende hoofstukke oor die skepping (hoofstuk 4) en die mens (hoofstuk 5), waarin God se werk as Skepper en die mens se verhouding tot Hom verder uitgelig word.

HOOFSTUK 4: SKEPPINGSBESKOUING

“Biblical creation versus evolution is not “faith versus science,” but a worldview that includes God versus a worldview that has excluded God” (Burgess, 2017:335).

4.1 INLEIDING

Hoofstukke 1 en 2 vorm deel van Afdeling A van hierdie studie, wat handel oor die behoefte aan die aanleer van wêreldbeskouings. In hoofstuk 1 is die behoefte aan toerusting en vorming in 'n Christelike wêreldbeskouing by voorskoolse kinders se geloofsopvoeding uitgelig, asook die sentrale rol wat ouers en opvoeders hierin speel. Hierdie behoefte word beklemtoon in die lig van die toenemende blootstelling aan en invloed van wêreldbeskouings op kinders. Hoofstuk 2 het veral naturalisme en sekulêre humanisme geïdentifiseer as wêreldbeskouings wat 'n dominerende invloed op voorskoolse kinders binne die Christendom uitoefen. Daar is aangetoon dat die naturalistiese wêreldbeskouing 'n boodskap verkondig wat nie met die werklikheid ooreenstem nie, en waarteenoor 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing getuig. Hierdie feit beklemtoon die noodsaaklikheid om reeds vanaf voorskoolse vlak apologetiese toerusting aan Christenkinders te bied.

Hoofstukke 3 tot 5 vorm deel van Afdeling B van hierdie studie, wat handel oor sekulêre humanisme se beskouing van God, die skepping en die mens, teenoor die Christelike wêreldbeskouing. Apologetiese toerusting in 'n Christelike wêreldbeskouing tydens die geloofsopvoeding van voorskoolse kinders staan sentraal.

Elkeen van hierdie hoofstukke word dus in drie dele ingedeel, naamlik: die tetiese standpunt wat sekulêre humanisme verkondig, die antitetiese standpunt wat die Christelike geloof verkondig, en apologetiese toerusting wat uiteindelik in die vorm van huisgodsdienst-temas neerslag vind. Waar hoofstuk 3 die Godsbeskouing van sekulêre naturalisme teenoor die Christelike wêreldbeskouing aangaande God bespreek het, fokus hoofstuk 4 verder op beide wêreldbeskouings se leer oor die skepping. Daarna bied die hoofstuk apologetiese toerusting waarmee opvoeders met voorskoolse kinders in gesprek kan tree. Dit sluit aspekte soos die oorsprong, aard, doel en instandhouding van die skepping in, en plaas hierdie Bybelse perspektief antiteties teenoor naturalistiese verklarings soos die Oerknal-teorie, Darwinistiese evolusie en natuurlike seleksie.

Sodoende lê hoofstuk 4 'n basis vir 'n grondige verstaan van God as Skepper en die skepping as sy werk wat Hy onderhou, asook vir die toerusting van kinders om hierdie waarheid te bely en te verdedig teenoor naturalistiese aansprake.

4.1.1 Oorsaak en gevolg

Beide die Christelike en naturalistiese wêreldbeskouings stem ooreen dat die kosmos in 'n sisteem van oorsaak en gevolg funksioneer. Dit is waarneembaar in die skepping. Selfs kinders verstaan dit en gesels graag oor dinge wat ander dinge veroorsaak. In hulle lewens en in hulle verstaan van gebeure rondom hulle is die “hoekom?” vraag baie belangrik. Hulle waarnemingsvermoë en hulle ingesteldheid as mense om dit te verstaan en sin daaruit te maak, plaas 'n mens weer voor die besonderse manier

waarop die mens geskape is — in soveel opsigte heeltemal anders as die res van die skepping⁶⁸.

Vanuit 'n simplistiese of opsommende definisie en vergelyking, soos dit deur Sire (2009) omskryf word, blyk dit dat die idee van oorsaak en gevolg een van die min ooreenkomste tussen die twee wêreldbeskouings is. Juis daarom kan dit as 'n belangrike vertrekpunt dien wanneer Christene met mense met 'n naturalistiese wêreldbeskouing in gesprek tree. Selfs kinders wat reeds van kleins af oor oorsaak en gevolg leer en graag die beginsel verder wil verstaan, kan hierby baat vind. Só kan die onmiskenbare en deurslaggewende verskille tussen hierdie twee wêreldbeskouings aangaande die ontstaan, aard, doel en instandhouding van die skepping en die kosmos deurdink word.

4.1.2 Ontstaan

Wanneer daar na oorsaak en gevolg in die skepping gekyk word, is die logiese vraag wat ontstaan: wat is die Eerste Oorsaak wat alles wat ons as werklikheid sien en ervaar, aan die gang gesit het? Dit is immers dieselfde vraag wat die oud Griekse wysgeer Aristoteles reeds gevra het (Aristotle, 1984:1692 e.v., *Metaphysics*, Book XII (Λ), 6–10). Die basiese uitgangspunt is dat iets nie sommer net gebeur nie; alles wat gebeur, word deur iets anders veroorsaak. Maar wanneer daar telkens gevra word na die oorsaak van dié dinge wat op hul beurt iets anders veroorsaak, kom 'n mens by 'n

⁶⁸Hoofstuk 5 handel in meer besonderhede oor die skepping en die aard van die mens.

punt dat daar 'n Eerste Oorsaak moet wees — 'n oorsaak wat self nie veroorsaak is nie. Dit is 'n basiese begrip wat selfs klein kinders kan verstaan.

Teenoor die Christelike wêreldbeskouing, wat die oorsprong van die heelal in God as Skepper vind, glo die naturalisme dat materie (wat ook die energie insluit wat deel daarvan is) die enigste werklikheid is; dat dit op een of ander wyse die Eerste Oorsaak moet wees; en dat daar klaarblyklik geen God of Skepper is nie (soos in hoofstuk 3 reeds aangedui is).

Die naturalistiese wêreldbeskouing gaan uit van die vertrekpunt (of te wel geloofsveronderstelling) dat die kosmos, wat ons met ons sintuie kan waarneem, al is wat bestaan. Die kosmos is volgens hierdie siening 'n geslote sisteem wat outonoom en deterministies uitgelewer is aan oorsaak en gevolg, sonder enige betekenis of einddoel⁶⁹. Alles wat so goed georden en in balans is, dat ons daaruit allerhande wette kan aflei, is volgens hierdie siening bloot toevallig. Teenoor hierdie standpunt bely die Christelike wêreldbeskouing dat die kosmos, wat so presies en doelmatig geskape is, nie vanself so kon ontstaan het nie. Dit het bo-menslike beplanning vereis. Die skepping is volgens die Christelike beskouing 'n oop sisteem waarin God alles noukeurig geskep en gestel het. Hy gee die mens die vermoë tot logiese insig — onder meer in sake soos oorsaak en gevolg — sodat mense aktief aan sy skepping kan deelneem. Op hierdie wyse kan die geleenthede wat Hy in die skepping daargestel

⁶⁹Vir meer inligting oor die naturalistiese beskouing van die heelal se doelloosheid, sien die onderafdeling in hierdie hoofstuk getiteld “Kosmologiese teleologie en wetenskap” onder afdeling 4.2.5, asook onderafdeling 5.2.2 in hoofstuk 5 getiteld “Die mens se doel”.

het, benut word om 'n verskil te maak, besluite te neem en sodoende sy raadsplan en wil uit te voer.

4.1.3 Aard

Gesprekke oor die aard of wese van die skepping hoef nie bo kleiner kinders se vuurmaakplek te wees nie. In werklikheid prikkel hierdie gesprekke dikwels hulle belangstelling, en wil hulle graag meer weet oor verskeie aspekte van die skepping — van leeus tot vulkane, van hoe verkleurmannetjies hul kleur kan verander tot wat die son en die sterre is en waarom dit nie vinniger uitbrand nie.

Twee van Sire se wêreldbeskoulike vrae fokus op die heelal, naamlik die aard van die heelal sowel as die doel van die heelal (soos dit blyk uit die geskiedenis van die heelal). Die Christelike en naturalistiese wêreldbeskouings beskou volgens Sire die aard van die skepping soos volg, soos uiteengesit in die vergelykende tabel in hoofstuk 2:

Tabel 3 - Vergelykende samevatting van 'n naturalistiese- teenoor 'n Christelike wêreldbeskouing soos deur Sire (2009) se 2de wêreldbeskoulke vraag

AGT WÊRELDBESKOULKE VRAE (VGL. SIRE, 2009:22-23).	CHRISTENDOM AS VORM VAN TEISME (VGL. SIRE, 2009:27-46).	NATURALISME & SEKULARISME AS VORM VAN NATURALISME (VGL. SIRE, 2009:66-85).
2) "What is the nature of external reality, that is, the world around us?" (Sire, 2009:22). - Die aard van die heelal.	- "External reality is the cosmos God created ex nihilo to operate with a uniformity of cause and effect in an open system" (Sire, 2009:31). - God het die hele kosmos uit niks geskape, wat Hom die bron van alles maak. Alles is egter nie uit God self gemaak nie, maar het ontstaan omdat Hy dit gespreek het. - Die kosmos is in ooreenstemming met God se karakter van ordelikheid. Daarom is die kosmos geskep om ordelik, in 'n eenvormige oop sisteem van oorsaak en gevolg, te funksioneer. - Dat die kosmos 'n oop sisteem is, beteken dat dit nie vooraf geprogrammeer is nie, maar dat God en mense 'n invloed uitoefen op die ontvouende patroon van die heelal se werking⁷⁰.	- "The cosmos exists as a uniformity of cause and effect in a closed system" (Sire, 2009:70). - Die kosmos is 'n geslote sisteem van oorsaak en gevolg waarin die kosmos outonoom en deterministies is en in 'n normale toestand verkeer.

4.1.4 Doel

Sire (2009) se sewende vraag oor wat die betekenis van menslike geskiedenis is, behoort in 'n sekere sin by afdeling B geplaas word, wat handel oor God, skepping en mens, aangesien geskiedenis verband hou met tyd, ruimte en gebeure oor die verloop van tyd — wat oorsprong, doel, en einddoel insluit. Binne die naturalistiese verstaan van geskiedenis sou dit sinvol wees om hierdie vraag onder die afdeling van skeppingsbeskouing te plaas. Die Christelike leer beskou egter geskiedenis as 'n geheel wat strek van skepping tot herskepping, omdat God van die begin tot die voleinding deur die geskiedenis heen met die mensdom werk om verlossing te bewerk

⁷⁰ Sire (2009:32) beweer dat die aard van die heelal in die teïstiese wêreldbeskouing nie deterministies is nie; met ander woorde, dat dinge nie vooraf vasgestel is nie. Hierdie stelling moet egter in perspektief gesien word, want die Bybel is duidelik dat God 'n raadsplan met die heelal het wat Hy volgens sy raad tot uitvoering sal bring, omdat Hy soewereïen en almagtig is. Die mens se verras Hom dus nie. In sy almag gebruik Hy mense, met hulle verantwoordelikheid en vryheid om keuses te maak, om die skepping te ontplooi en sy raadsplan tot uitvoering te bring.

en te volbring. Om hierdie rede word die doel van geskiedenis by Afdeling C geplaas, wat handel oor verlossing en herskepping.

Wat die doel van geskiedenis betref, sien die Christelike en naturalistiese wêreldbeskouings dit elk afsonderlik soos volg, soos wat die uittreksel van die vergelykende tabel in hoofstuk 2 opsommend aandui:

Tabel 4 - Vergelykende samevatting van 'n naturalistiese- teenoor 'n Christelike wêreldbeskouing soos deur Sire (2009) se 7de wêreldbeskoulike vraag

AGT WÊRELDBESKOULIKE VRAE (VGL. SIRE, 2009:22-23).	CHRISTENDOM AS VORM VAN TEISME (VGL. SIRE, 2009:27-46).	NATURALISME & SEKULARISME AS VORM VAN NATURALISME (VGL. SIRE, 2009:66-85).
7) "What is the meaning of human history" (Sire, 2009:23). - Die betekenis van die geskiedenis van die mens.	- "History is linear, a meaningful sequence of events leading to the fulfillment of God's purposes for humanity" (Sire, 2009:42). - Dat tyd liniêr is, beteken dat mense se aksies alles deel vorm van 'n betekenisvolle volgorde met 'n begin, middel en einde. Hierin is geskiedenis nie herhaalbaar nie, dit kan nie teruggedraai word nie, dit is nie siklies nie, en ook nie doelloos nie. Die God wat die einde van die begin af ken, is bewus van en regeer soewerein oor die aksies van die mensdom. - Geskiedenis en die volgorde van gebeure is 'n vorm van Goddelike openbaring. Geskiedenis is die rekord van God se betrokkenheid by die mensdom. - Die mensdom in tyd word verstaan teen die patroon van menslike lewe: skepping, sondeval, verlossing en verheerliking. Hierdie patroon word in meer besonderheid bekendgemaak deurdat sekere keerpunte van gebeure in die Bybel uitgesonder word. Voorbeelde hiervan is die skepping, die sondeval, God se openbaring aan die Hebreërs (soos die roeping van Abraham, die uittog uit Egipte, die wet en die profete), die menswording en lewe van Jesus, sy kruisiging en opstanding, die uitstorting van die Heilige Gees, die verspreiding van die evangelie deur die kerk, asook Christus se wederkoms en sy oordeel. - Teiste kyk dus vorentoe na die voltooiing van geskiedenis deur 'n komende oordeel, waar 'n nuwe era ingelui sal word wat verder as tyd self strek. Tot dan is tyd vir die teïs onomkeerbaar en is geskiedenis gelokaliseer in ruimte. - Geskiedenis is gevolglik die resultaat van menslike keuses wat betekenisvol is: vir die individu, vir ander mense en vir God, maar alles geskied uiteindelik onder God se soewereiniteit en bewerkstellig die doelstellings wat Hy vir die wêreld het. - Selfs in die oënskynlike chaos van gebeure is daar 'n doel met geskiedenis, want die liefdevolle God staan agter dit alles en onderhou alles deur sy Woord (Heb. 1:3). Alles werk uiteindelik ten goede mee vir diegene wat God liefhet (Rom. 8:28).	- "History is a linear stream of events linked by cause and effect but without an overarching purpose" (Sire, 2009:80). - Geskiedenis bestaan uit 'n liniêre reeks gebeure van oorsaak en gevolg, sonder enige einddoel. - Die oorsprong van die kosmos het 'n self-aktiverende ontstaan vanuit homself en keer uiteindelik na homself terug.

4.2 TETIES: HOE NATURALISME OOR DIE SKEPPING VAN ALLES DINK

4.2.1 Die kosmos in 'n normale staat

Volgens die naturalistiese wêreldbeskouing verkeer beide die kosmos en die mens in 'n normale staat. Dit beteken dat daar, volgens hierdie beskouing, klaarblyklik niks fout of verkeerd in die wêreld is nie — daar is nie sonde nie, en enige sogenaamde

boosheid kan nie as boosheid gereken word nie, maar moet as 'n normale verskynsel beskou word, waar alles in balans gehou word.

Die Bybelse teïstiese wêreldbeskouing daarteenoor leer dat beide die mens en die skepping as gevolg van die erfsonde van die eerste mense, Adam en Eva, aan verganklikheid onderworpe is. Vanuit 'n Christelike beskouing word hierdie sondeleer dus gewoonlik onder die mensleer behandel, eerder as onder die skeppingsleer. Die rede hiervoor is waarskynlik omdat die mens, wat deur God goed geskape is maar teen God gesondig het, die oorsaak van die sondeval is.

Omdat die sondeleer 'n effek op beide die mens en die skepping het, en hierdie effek ook teenoor die naturalistiese beskouing van die kosmos staan, word die effek van die sondeval op die kosmos ook hier onder die skeppingsleer bespreek.

In sy outobiografie erken Darwin dat hy nie kon aanvaar dat, as daar 'n almagtige, alwetende en goeie God is, daar tog soveel swaarkry in die wêreld en die natuur bestaan en dat die doel daarvan nie duidelik is nie (Darwin, 1958:90). Hoewel natuurlike seleksie die idee van 'n sondeval of boosheid in die skepping ontken, is dit volgens Darwinisme steeds die meganisme wat gebruik word om sin te soek van die werklikheid dat sake in die wêreld verkeerd is. Op grond van Darwin se waarneming van swaarkry en die stryd om oorlewing in die natuur, moes hy aanpassings en afleidings maak oor waarom dinge werklik so is, en kom hy tot die gevolgtrekking dat die wêreld in 'n normale staat verkeer:

A struggle for existence inevitably follows from the high rate at which all organic beings tend to increase. Every being, which during its natural lifetime produces several eggs or seeds, must suffer destruction during some period of its life, and during some season or occasional year, otherwise, on the principle of geometrical increase, its numbers would quickly become so inordinately great that no country could support the product. Hence, as more individuals are produced than can possibly survive, there must in every case be a struggle for existence, either one individual with another of the same species, or with the individuals of distinct species, or with physical conditions of life (Darwin, 2018:60).

Die probleem met so 'n siening is nie dat mededinging of die oorlewing van die sterkste in die natuur waargeneem kan word nie, want binne 'n Christelike wêreldbeskouing is dit ook 'n werklikheid wat gekom het as gevolg van die sondeval (vgl. Rom. 8 waar selfs die skepping saam met die gelowiges sug in afwagting op verlossing van die verganklikheid en agteruitgang as gevolg van die sonde). Die probleem met Darwin se waarneming is egter die afleiding dat natuurlike seleksie die oorsaak is van die oorsprong en aanpasbaarheid van alle lewende wesens; met ander woorde, dat alle lewe klaarblyklik deur natuurlike seleksie verklaar kan word en dat God as Skepper nie meer nodig is om die ontwerp van lewende wesens te verduidelik nie (vgl. Ayala, 2006:58). Trouens, Darwin sê dat, hoewel die mens deur die krag van self-seleksie groot dinge tot sy voordeel kan doen, is Natuurlike Seleksie "immeasurably superior to man's feeble efforts" is (Darwin, 2018:59).

'n Kosmos sonder God as Skepper is op sigself 'n probleem vir 'n Christelike wêreldbeskouing. Voeg hierby ook die feit dat, hoewel Darwin en naturaliste

waarneem dat daar 'n stryd om oorlewing is, 'n suiwer naturalistiese wêreldbeskouing steeds sal volhou dat die kosmos in 'n normale toestand verkeer. Op hierdie wyse leen die naturalistiese wêreldbeskouing by die Christelike wêreldbeskouing op die punt van die sondeleer, maar wil God nie in die vergelyking inreken nie en ontken boonop dat die wêreld in 'n gevalle toestand verkeer.

Terwyl God en die wêreld se verganklikheid as gevolg van die sondeval ontken word, kom die Darwinistiese wêreldbeskouing tot die gevolgtrekking dat natuurlike seleksie inherent kreatief en skeppend is. Ayala (2006:60) erken egter dat hierdie sogenaamde skeppingsvermoë van natuurlike seleksie nie 'n absolute skepping impliseer soos wat Christene beweer dat 'n God alles *ex nihilo* (uit niks) geskep het nie. Volgens hom moet natuurlike seleksie eerder soos volg verstaan word: "Natural selection may instead be compared to a painter who creates a picture by mixing and distributing pigments in various ways over the canvas. The canvas and the pigments are not created by the artist, but the painting is" (Ayala, 2006:60).

Die probleem met so 'n beskouing is dat dit God as Skepper ontken en voorhou dat natuurlike seleksie die oorsaak van alle lewe is, maar wanneer hierdie sogenaamde kreatiewe en skeppende krag verduidelik word, blyk selfs natuurlike seleksie nie die primêre oorsaak van alle lewe te wees nie. Die natuur word dus die skepper van homself. Logieserwys maak dit nie sin dat iets wat nie bestaan nie, homself tot bestaan kan bring nie. 'n Ander teenstrydigheid binne hierdie verduideliking van natuurlike seleksie is die feit dat natuurlike seleksie nie 'n willekeurige proses van mutasie is nie,

maar wel 'n nie-willekeurige (met ander woorde 'n deterministiese, doelgerigte en beplande) proses is: “The complicated anatomy of the eye, like the exact functioning of the kidney, is the result of a nonrandom process – natural selection” (Ayala, 2006:60).

4.2.2 Die ontstaan van die heelal deur die Oerknal

Een van die bekende hedendaagse ateïste en segsman vir naturalisme, Richard Dawkins, bevat in sy boek *The Magic of Reality*— wat hy spesifiek op die beïnvloeding van kinders rig — 'n hoofstuk wat handel oor die ontstaan van die heelal, getiteld “When and How Did Everything Begin?” (vgl. Dawkins, 2011b:160-181). Soos met die ander hoofstukke in sy boek, is sy aanslag om eers verskeie “mites” oor die ontstaan van die heelal te bespreek, waarna hy uiteensit hoe die heelal werklik (volgens hom) begin het. Die “werklike” gebeure word beskryf vanuit 'n naturalistiese perspektief en volgens die Darwinistiese siening van ontstaan.

Dawkins herinner sy lesers aan wat hy in sy eerste hoofstuk verduidelik het, naamlik hoe die wetenskap gebruik maak van hipotetiese modelle waardeur kennis van die werklikheid verkry word. Hierdie hipotetiese modelle word wetenskaplik getoets om voorspellings te maak oor hoe verskynsels in die fisiese wêreld verstaan moet word. Hy beskryf dan die doel van die hoofstuk as om die doel en bewyse vir die Oerknal- of “Big Bang”-teorie uiteen te sit. Dawkins poog om op kinders se vlak te verduidelik hoe wetenskaplikes by die Big Bang-model vir die ontstaan van die kosmos uitkom (Dawkins, 2011b:165 e.v.). Dit is nodig om kortliks die argument uiteen te sit om te

verstaan hoe naturaliste soos Dawkins by die Oerknal-teorie uitkom en dit aan kinders aanbied.

Volgens Dawkins het daar sedert die middel van die 20ste eeu twee modelle vir die ontstaan van die wêreld ontstaan, naamlik die sogenaamde “Steady-State”-model en, op 'n latere stadium, die “Big-Bang”-model. Volgens die “Steady-State”-model het die heelal geen begin gehad nie en bestaan dit nog altyd soos dit tans waargeneem kan word. Hoewel hierdie model volgens Dawkins aanvanklik belowend gelyk het, is dit later as vals bewys. Hierteenoor stel die “Big-Bang”-model egter 'n spesifieke tydstop voor waarop die kosmos ontstaan het, wat deur 'n groot ontploffing plaasgevind het — vandaar die naam “Big Bang”.

Hierdie stellings van Dawkins is belangrik wanneer kinders voorberei word om apologeties te kan reageer op die vraag oor die ontstaan van die heelal. Terwyl die Bybel van die begin af, en reeds eeue gelede, in die eerste vers duidelik gestel het dat daar 'n begin van die heelal was, wil ateïste en naturalistiese denkers dit nie erken nie. Hulle neem teen die feite in aan dat die heelal van altyd af bestaan het. Alles moes dus iewers vandaan gekom het — uiteindelik van 'n Eerste Oorsaak wat ewig is en wat dus self nie weer die gevolg van iets anders is nie.

Volgens Kragh (1999:chapter 2) is die term “Big Bang” vir die eerste keer deur die Britse sterrekundige Fred Hoyle in 1949 gebruik. Die Oerknal-teorie is egter reeds in die 1920's ontwikkel. Hierdie teorie is gebaseer op die hipotese en denkbeldige konsep van 'n uitbreidende heelal. Die oorsprong van hierdie teorie lê in die werk van Alexander Alexandrovich Friedmann, wat in 1922 gepubliseer is.

In sy artikel van 1922 het Friedmann 'n volledige analise gedoen van Einstein se oplossings vir kosmologiese veldvergelykings. Hierdie analise het verder gegaan as die oplossings van Einstein en De Sitter deurdat dit ook nie-stadiese oplossings ingesluit het. Friedmann het probeer aantoon dat Einstein se denkbeeldige silindriese heelal en de Sitter se denkbeeldige sferiese heelal bloot spesiale gevalle is van meer algemene aannames. Friedmann wou ook demonstreer hoe 'n wêreld moontlik is waar die kromming van ruimte onafhanklik is van die drie ruimtelike koördinate, maar wel van tyd afhanklik is. Sy bevindinge het gelei tot sy idee van 'n denkbeeldige uitbreidende heelal wat nie oneindig is nie — met ander woorde, wat 'n definitiewe begin het.

Kragh (1999) verduidelik verder dat dit juis hier is waar die idee ontstaan het van 'n uitbreidende heelal wat uit 'n enkele oorsaak voortspruit. Met ander woorde, dit is in Friedmann se teorie waar die idee van 'n “Big Bang” vir die eerste keer na vore gekom het. Dit moet egter beklemtoon word dat Friedmann se primêre doel was om wiskundige-abstrakte wêrelde te beskryf, eerder as om die fisiese werklikheid te beskryf. Friedman, soos Einstein, het gepraat van hipotetiese wêrelde. Hy het erken dat menslike kennis onvoldoende is om definitief te bepaal watter van hierdie verskillende hipotetiese wêrelde werklik met die wêreld wat ons bewoon, versoenbaar is.

Friedmann se teorie het dus wel 'n tipe uitbreiende heelal beskryf, maar nie dat die kosmos wat ons bewoon, dié uitbreiende heelal is nie. Hy het bloot getoon dat, tussen al die oplossings van die kosmologiese veldvergelykings, daar ook dié soort oplossings is wat geïnterpreteer kan word as 'n heelal wat uitbrei (*expand*). Dit was uiteindelik Georges Édouard Lemaître, 'n kosmoloog en priester, wat Friedmann se teorie verder gevoer het deur die Hubble-teorie daarop toe te pas. Sodoende het hierdie teorie van die wêreld as 'n uitbreiende heelal (Oerknal-teorie) in 1930 amptelik erkenning gekry en is dit byna onmiddellik deur die wetenskaplike gemeenskap aanvaar en gebruik.


Oor hierdie Oerknal-teorie sê Dawkins: “The predictions made on the basis of the Big Bang model keep turning out to be right, and so it has now been generally accepted by most scientists” (Dawkins, 2011b:165). Volgens sy weergawe van hierdie model het die groot ontploffing tussen 13 en 14 miljard jaar gelede plaasgevind om die heelal, soos ons dit vandag ken, te skep. Wat die sogenaamde groot ontploffing betref, stel Greene (2004:14-15) dat daar in die 1980’s ’n aanpassing aan die teorie gemaak is, om sin te probeer maak van die feit dat alles ordelik rangskik is. Hierdie aangepaste teorie staan bekend as opblaaskosmologie (*inflationary cosmology*), waar daar in ’n fraksie van ’n sekonde ’n geweldige uitsetting van die heelal plaasgevind het tydens die groot ontploffing. Hierdie teorie is egter later ongeldig bevind omdat dit van beide Einstein se relatiwiteitsteorie sowel as kwantumteorie gebruik maak, wat volgens wetenskaplikes nooit tot orde kan lei nie. Gevolglik stel Greene (2004:15): “The equations break down entirely, and this prevents us from determining how the universe was born and whether at its birth it realized the conditions necessary to explain time’s arrow”.

Behalwe vir die Oerknal-teorie is daar in meer onlangse tye selfs sommige wetenskaplikes wat spekuleer dat daar sogenaamde meeralles (*multi-verses*) bestaan. Dit is opvallend dat wetenskaplikes bereid is om sonder enige bewyse in meeralles te glo, maar aanhou volhou dat die Bybelse getuienis oor God as Skepper nie bewysbaar is nie. Dawkins beklemtoon egter dat daar tot dusver slegs een waarneembare heelal is wat deur die Oerknal geskep is, soos in sy hoofstuk bespreek word.

Dawkins se hoofstuk is baie interessant om te lees (veral vir kinders) en bied waardevolle insigte oor wetenskaplike inligting, soos byvoorbeeld die metodes wat gebruik word om afstande tussen sterre en planete deur middel van parallaks, ligintensiteit en wiskundige berekeninge te bepaal. Hy verduidelik hoe wit lig van 'n ster deur 'n spektroskoop waargeneem kan word en hoe verskillende periodieke elemente spesifieke patrone vorm wat soos strepieskodes lyk. Hierdie tegnieke help om periodieke elemente op nabygeleë planete te identifiseer. Al hierdie feite behoort 'n mens tot verwondering oor die skepping te bring, en gevolglik ook oor die Skepper, wat die mens in staat stel om dit alles te ontdek.

Verder verduidelik Dawkins dat hoe verder 'n planeet is, hoe meer verskuif hierdie unieke strepieskode na die regterkant van die ligspektrum, met ander woorde na die rooi van die kleurspektrum. Wanneer die strepieskodes van twee planete dus met mekaar vergelyk word, kan gesien word dat daar 'n afstand tussen die onderskeie strepieskodes is, wat aandui dat daardie spesifieke ster of sterrestelsel verder as die ander ster of sterrestelsel is (sien Figuur 1 hieronder). Hierdie metode, wat die verskuiwing van die strepieskodes aantoon van sterrestelsels wat verder weg is, staan bekend as die Hubble-verskuiwing, wat deur Edwin Hubble ontdek is.

Figuur 1 – Natriumlig-strepieskode vanaf drie verskillende liggings.



(Dawkins, 2011b:173).

Dawkins stel dat hierdie waarnemings met die Oerknal-teorie verbind word deur eers te verduidelik hoe golflengtes en klank werk, insluitend die Doppler-effek wat deur Christian Doppler ontdek is. Hy vergelyk hierdie beginsel, naamlik die Doppler-effek se klankgolwe, om patrone in liggolwe, soos hierbo verduidelik, waar te neem. Deur middel van hierdie waarneming is daar bevind dat alle sterrestelsels in die heelal teen honderde miljoene myl per uur van mekaar — en van ons — af wegbeweeg. Soos hy verduidelik, beteken dit: “The entire universe – space itself – is expanding at a colossal rate” (Dawkins, 2011b:180).

Dawkins sluit sy argument af met 'n beskrywing van hoe astronomie hierdie uitbreiding bestudeer het en, deur terugberekening, kan bepaal wanneer dit alles begin het. Met ander woorde, wetenskaplikes kan vasstel wanneer hierdie sogenaamde uitbreiding van die heelal begin het. Hy sê: “That’s how they know it was somewhere between 13 and 14 billion years ago. That was the moment when the universe itself began – the moment called the Big Bang” (Dawkins, 2011b:180).

Naturalisme beskou die Oerknal dus as die ontstaan van die heelal. Hieroor bespreek Carroll (2017) in die eerste hoofstuk van sy boek die fundamentele aard van die werklikheid vanuit 'n naturalistiese wêreldbeskouing. Tog het naturaliste nie werklik grondige teorieë oor die ontstaan van die kosmos nie. Met ander woorde, naturalisme het nie 'n sogenaamde “eerste onbeweeglike beweging” (*prime mover*) wat kan verduidelik waar materie vandaan kom en wat die klaarblyklike Oerknal in beweging gebring het nie. Boonop kan die Oerknal- en evolusieteorieë nie verklaar waar lewe ontstaan het nie. Carroll (2017:13) bevestig dit en erken dat die mensdom vanuit 'n naturalistiese wêreldbeskouing ook eintlik geen rigting ten opsigte van lewensdoel het nie:

We don't know how the universe began, or if it's the only universe. We don't know the ultimate, complete laws of physics. We don't know how life began, or how consciousness arose. And we certainly haven't agreed on the best way to live in the world as good human beings.

Nietemin hou naturalisme steeds 'n sogenaamde geldige en eksklusiewe oorsprong van die kosmologie deur middel van die Oerknal voor: “The naturalist needs to make the case that, even without actually having these answers, yet, their worldview is still by far the most likely framework in which we will eventually find them” (Carroll, 2017:13-14).

Wanneer Carroll (2017) sy begrip van 'n kosmiese ontologie verduidelik, beskryf hy in werklikheid eerder 'n kosmiese metafisika. Hy beklemtoon dat die realiteit uitsluitlik uit

die fisiese heelal bestaan, wat sonder 'n doel deur natuurlike wette beheer word, en dat alle verskynsels sonder 'n godheid deur hierdie wette verklaar kan word. Dit verduidelik geensins 'n kosmiese ontstaan nie, maar beskryf bloot hoe die wêreld is. Hy bevestig dat hierdie sogenaamde kosmiese ontologie ateïsties en naturalisties is en moet wees: “The broader ontology typically associated with atheism is naturalism—there is only one world, the natural world, exhibiting patterns we call “laws of nature,” and which is discoverable by the methods of science and empirical investigation” (Carroll, 2017:11).

Carroll (2017:12-13) is van mening dat die wetenskap van naturalisme die werklikheid en wêreld volkome sal deurgrond. Hy baseer hierdie bewering op die beginsels van deeltjiefisika (*particle physics*), naamlik eenwording en eenvoud, wat leer dat alle materie uit die drie basiese elemente bestaan: protone, neutrone en elektrone. Volgens hom: “We will ultimately understand the world as a single, unified reality, not caused or sustained or influenced by anything outside itself” (Carroll, 2017:13).

Sodanige kosmologie is niks anders as die naturalistiese wêreldbeskouing van panteïsme en panenteïsme wat Sire (2009) beskryf nie, asook die Eenheidsisme waarvan Jones (2015) praat.

4.2.3 Darwin se teorie oor variëteite en spesies

Met betrekking tot variëteite en spesievorming argumenteer Darwin (2018:48 e.v.) in sy boek *On the Origin of Species* hipoteties dat 'n jong naturalis, wat die onderneming aanpak om 'n groep organismes te bestudeer, aanvanklik verward sal wees oor die

groot diversiteit van verskille wat hy waarneem wanneer hy die variasie van die groep organismes bestudeer. Hierdie verwarring spruit voort uit sy aanvanklike gebrek aan algemene kennis oor die betrokke groep organismes. Darwin beskryf dat hierdie jong naturalis gevolglik waarskynlik aanvanklik heelwat spesies uit hierdie verskille sal onderskei. Namate sy kennis vermeerder, veral met betrekking tot variasies uit ander lande, sal hy besef dat hierdie aanvanklike groot verskille al hoe kleiner word, aangesien sy algemene kennis verbreed word en hy toenemend meer ingewikkelde gevalle begin hanteer.

Namate hierdie naturalis se waarnemings toeneem, sal hy uiteindelik in staat wees om te bepaal watter van hierdie verskille in organismes as variasies beskou behoort te word en watter as spesies of subspesies geklassifiseer moet word. Darwin verduidelik verder dat so 'n naturalis in moeilike gevalle hoofsaaklik op analogie moet staatmaak, wat sy probleem tot 'n hoogtepunt sal bring. Vervolgens voeg Darwin die volgende stelling by hierdie hipotetiese voorbeeld van die jong naturalis se klassifikasieprobleem, en pas dit toe op die uitdaging wat hy self sowel as ander naturaliste ondervind:

Certainly no clear line of demarcation has as yet been drawn between species and sub-species—that is, the forms which in the opinion of some naturalists come very near to, but do not quite arrive at the rank of species; or, again, between sub-species and well-marked varieties, or between lesser varieties and individual differences (Darwin, 2018:49).

Opmerklik is dat Darwin duidelik maak dat daar geen objektiewe, empiriese maatstaf bestaan waarvolgens die klassifikasie van sogenaamde nuwe spesies gedoen kan word nie. Trouens, Darwin herhaal enkele bladsye later dat die beoordeling van klassifikasie arbitrêr is:

We have seen that there is no infallible criterion by which to distinguish species and well-marked varieties; and in those cases in which intermediate links have not been found between doubtful forms, naturalists are compelled to come to a determination by the amount of difference between them, judging by analogy whether or not the amount suffices to raise one or both to the rank of species (Darwin, 2018:54).

So 'n benadering tot wetenskaplike ontdekkings en waarnemings is opsigself nie 'n verkeerde of ongewone praktyk binne enige wetenskapsbeoefening nie. Die probleem is egter dat die hele hedendaagse filosofie en sogenaamde nuwe naturalisme gebaseer is op 'n teorie wat onseker is omdat dit op hipotetiese moontlikhede steun. Selfs volgens Darwin se eie woorde is die klassifikasie van variëteite en spesies 'n subjektiewe waarneming wat deur die betrokke wetenskaplike oordeelkundig toegepas moet word.

Vanuit hierdie hipotetiese voorbeeld dui Darwin egter aan dat hy op grond hiervan 'n metode gebruik waarvolgens klein verskille vasgestel word om groter, meer permanente verskille as subspesies of spesies te klassifiseer. Darwin (2018:50) lei daaruit verder af dat, indien 'n goed-gedefinieerde, groter en meer permanente variëteit waargeneem word, dit geregverdig kan wees om dit as die begin van 'n nuwe spesie te beskou. Hy beklemtoon egter dat die geldigheid hiervan deur die

wetenskaplike self beoordeel moet word, gegrond op die algemene gewig van die feite en beskouings wat deur sy werk aangebied word.

Darwin beklemtoon dat daar nie aangeneem moet word dat alle variëteite of sogenaamde beginnende spesies noodwendig nuwe spesies is nie. Hy stel weer hipoteties dat sulke beginnende spesies aan die eenkant vroeg kan uitsterf, of aan die anderkant kan voortbestaan en selfs hul voorgangers in groter getalle kan oortref, waardeur hulle dan as nuwe spesies geklassifiseer sal word. Alternatiewelik kan beide die voorgangerspesie en die nuwe, uitgebreide spesie gelyktydig voortbestaan, sodat hulle as onafhanklike spesies beskou kan word.

Wat egter van kritieke belang is, is Darwin se begrip en gebruik van die woorde “spesie” en “variëteit”, wat hy soos volg beskryf:

From these remarks it will be seen that I look at the term species, as one arbitrarily given for the sake of convenience to a set of individuals closely resembling each other, and that it does not essentially differ from the term variety, which is given to less distinct and more fluctuating forms. The term variety, again, in comparison with mere individual differences, is also applied arbitrarily, and for mere convenience sake (vgl. Darwin, 2018:50).

Só ’n relatiewe benadering tot definiëring, waar daar geen waterdigte onderskeid tussen terme getref word nie, het noodwendige implikasies vir ’n Darwinistiese beskouing van kosmologie. Aan die eenkant verstaan Darwin die terme “spesie” en “variëteit” tot ’n mate as sinonieme, maar aan die anderkant tref hy tog steeds ’n onderskeid tussen hierdie terme. Boonop gebruik hy dikwels die woord “genus” as

sinoniem vir “spesie”. Die probleem met Darwin se definiëring is dus dat, aangesien hy “variëteit” en “spesie” as sinoniem beskou, daar verwarring ontstaan oor wat spesies bedoel word met die term “spesie”. Meer spesifiek moet gevra word of Darwin so ’n nuwe spesie beskou as ’n organisme wat deur natuurlike seleksie self ontstaan het, of as ’n ander kategorie van dieselfde spesie. As Darwin ’n nuwe spesie as ’n nuwe skepping deur natuurlike seleksie verstaan, impliseer sy beskouing dat die kosmos selfskeppend is (Daar moet in ag geneem word dat die Oerknal-teorie, soos hierbo verduidelik, nog nie in Darwin se tyd bestaan het nie).

Hierdie vrae moet gestel word, veral in die lig van die teïstiese wêreldbeskouing hieroor. Die Christelike skeppingsleer, soos later in hierdie hoofstuk bespreek sal word, leer dat die reeds bestaande en vasgestelde spesies wat geskape is, slegs verder kan ontwikkel, maar dat daar geen nuwe spesies kan ontstaan nie, aangesien God alles reeds geskep het. Die skepping self bevestig hierdie siening.

Die positiewe aspek van Darwin se verduideliking van “spesie” en “verskeidenheid” is dat hy erken dit behoort nie ’n nuwe betekenis of kategorie te wees vir die onderskeiding van organismes nie, maar dat hy dit bloot as ’n hulpmiddel in sy eie wetenskaplike ontdekkings en navorsing gebruik, om sodoende aspekte te kategoriseer. Ongelukkig lei Darwin se idees tot die siening dat nuwe spesies uit ander spesies ontwikkel, wat daarop dui dat die wêreld volgens hierdie benadering selfskeppend is. In hierdie verband maak Darwin ’n stelling oor die skepping van spesies wat aanvanklik dubbelsinnig klink, maar wat in die tweede helfte van die stelling tog

duidelik bevestig dat slegs natuurlike seleksie as verklaring vir die ontstaan van spesies dien. So sê hy: “On the view that each species has been independently created, I can see no explanation of this great fact in the classification of all organic beings; but, to the best of my judgement, it is explained through inheritance and the complex action of natural selection” (Darwin, 2018:121).

Wat opvallend is van Darwin se onderskeid tussen “variëteit” en “spesie”, is dat hierdie teorie noodwendig tot die gevolgtrekking lei dat alle variëteite gereduseer kan word tot ’n oorsprongsidee waar organismes van een organisme afkomstig is. Dit baan die weg vir die latere idee dat, deur die Oerknal, al die spesies uit mekaar kon ontwikkel. ’n Ontploffing is egter nie skeppend nie, maar verwoestend. Selfs kinders kan dit verstaan.

Darwin dwing sy onderskeid tussen variëteite en spesies in ’n panteïstiese of panenteïstiese beskouing van die wêreld in. Hy bevestig dit deur die volgende stelling, waarvan die teenoorgestelde juis met kinders bespreek kan word: “It is a truly wonderful fact—the wonder of which we are apt to overlook from familiarity—that all animals and all plants throughout all time and space should be related to each other in group subordinate to group, in the manner which we everywhere behold” (Darwin, 2018:121).

4.2.4 Darwin oor natuurlike seleksie (en evolusie)

Dit is opmerklik dat Charles Darwin in sy boek *On the Origins of Species* sy teorie van natuurlike seleksie nêrens as die evolusieteorie beskryf nie. Trouens, die woord

“evolusie” kom nêrens in hierdie boek voor nie. Slegs eenmaal, aan die einde van sy boek, gebruik hy die woord “ontwikkel” (*evo/ved*)⁷¹. In die laaste sin van die boek, sê hy van sy teorie:

There is grandeur in this view of life, with its several powers, having been originally breathed into a few forms or into one; and that, whilst this planet has gone cycling on according to the fixed law of gravity, from so simple a beginning endless forms most beautiful and most wonderful have been, and are being, evolved (Darwin, 2018:455-456).

Hierdie waarneming is opmerklik, omdat dit beteken dat die Darwinistiese evolusieteorie waarskynlik 'n eie ontwikkeling ondergaan het, tot by die vorm waarin dit vandag bestaan. Net so moet in ag geneem word dat die hedendaagse naturalistiese wêreldbeskouing ook 'n ontwikkeling in denke ondergaan het, wat impliseer dat Darwin en die hedendaagse naturalisme nie presies dieselfde wêreldbeskouing huldig nie. Trouens, as natuurwetenskaplike het Darwin eenvoudig gepoog om natuurlike verklarings vir verskynsels soos die diversiteit van lewe te bied, wat per implikasie behels dat daar nie met God as werklikheid in hierdie verband rekening gehou word nie.

⁷¹Alhoewel Darwin oor die algemeen as vader van die evolusieteorie beskou word, het die konsep van evolusionisme volgens Morris (2000) nie by Darwin ontstaan nie. Morris (2000:The conflict of the ages: Philosophy and vain deceit) skryf: “The theory of evolution is not the epochal discovery of modern science that modern evolutionists like to proclaim it to be. It has been around a long, long time!”. Hierna argumenteer Morris dat die wortels van evolusionistiese panteïsme reeds by Sumerië in die tyd van Babilonië gesien kan word (vgl. Morris, 2000:The conflict of the ages:Mother of harlots), en selfs so ver terug dateer as die val van Satan en die gebeure rondom Nimrod by Babel, soos in Genesis beskryf word (vgl. Morris, 2000:The conflict of the ages:father of lies).

Nietemin moet 'n mens wel kennis neem daarvan dat, hoewel Darwin aanvanklik 'n Christelike teïs was, hy reeds tussen die jare 1836 en 1839 begin twyfel het aan die Christelike geloof. Hy wou nie meer glo dat die Bybel 'n besondere openbaring van God is nie (Darwin, 1958:85-86). Dit was dus sowat twintig jaar voor die publikasie van *On the Origin of Species*. Sodoende het hy uiteindelik 'n agnostikus geword, onder andere omdat die oorsprong van alle werklikheid vir hom 'n misterie gebly het (Darwin, 1958:94). Hoewel daar vanuit sy werke geen duidelike aanduiding is dat hy met sy werk probeer het om God se bestaan te weerlê nie, skryf hy in 'n brief aan 'n kollega die volgende oor sy godsdienstige inslag in sy werke:

With respect to the theological view of the question; this is always painful to me.— I am bewildered.— I had no intention to write atheistically. But I own that I cannot see, as plainly as others do, & as I should wish to do, evidence of design & beneficence on all sides of us (Darwin, 1860).

Darwin was duidelik baie verward ten opsigte van sy geloofsoortuiging in God. Hy skryf verder: “I see no necessity in the belief that the eye was expressly designed” (Darwin, 1860). Hiermee verwys hy na William Paley se bewering dat God die Intelligente Ontwerper van die skepping is — 'n oortuiging wat Darwin vroeër gehuldig het (vgl. Darwin, 1958:87). Darwin stel egter sy geloofsworsteling en sy twyfel of ateïsme waar kan wees, soos volg:

On the other hand I cannot anyhow be contented to view this wonderful universe & especially the nature of man, & to conclude that everything is the result of brute force ... I

feel most deeply that the whole subject is too profound for the human intellect (Darwin, 1860).

Oor Darwin se geloofsoortuigings en -worstelings skryf hy in sy outobiografie (omstreeks 1860) dat hy aanvanklik sy verwondering oor asemrowende natuurtonele aan die bestaan van God toegeskryf het, maar dat hierdie gevoel later al hoe flouër geword het. Nietemin was daar vir hom 'n laaste en gewigtige oorweging wat die bestaan van God oortuigend maak, naamlik die onverklaarbare aard van die wonderlike menslike kapasiteit tot rede, en dat die mens se intelligensie nie aan toeval oorgelaat kon wees nie. Hieroor skryf Darwin:

When thus reflecting I feel compelled to look to a First Cause having an intelligent mind in some degree analogous to that of man; and I deserve to be called a Theist. This conclusion was strong in my mind about the time, as far as I can remember, when I wrote the *Origin of Species* (Darwin, 1958:92-93).

Dit is jammer dat hy ná die skryf van *Origin of Species* getuig het dat sy oortuiging dat die menslike denke van 'n Goddelike intelligensie afkomstig is, al hoe swakker geword het. Na aanleiding van sy bevindinge in *Origin of Species* het hy begin twyfel of die mens se denke en gevolgtrekkings enigsins vertrou kan word, aangesien hy deur sy teorie daarvan oortuig geword het dat die menslike denke vanuit die denke van die mees primitiewe diere ontwikkel het (Darwin, 1958:93).

Darwin het met die realiteit van God se bestaan geworstel en openlik erken dat hy gefrustreerd is omdat hy nie die vermoë het om die waarheid deur geloof te sien

nie. Hieroor skryf hy op 'n stadium aan 'n kollega: "I feel most deeply that the whole subject is too profound for the human intellect ... Let each man hope & believe what he can" (Darwin, 1860). Teenoor hierdie standpunt het hedendaagse naturalisme Darwin se teorie egter só verabsoluteer dat God se bestaan in hulle wêreldbeskouing heeltemal ontken word en slegs 'n natuurlike-empiriese benadering as 'n geldige verklaring van die werklikheid geag word. Nietemin kom Darwin se teorie van natuurlike seleksie noodwendig op dieselfde neer as wat hedendaagse naturalisme van die Darwinistiese evolusieleer beskryf, naamlik dat die skepping — sonder God of goddelike inmenging — slegs deur natuurlike seleksie kan voortbestaan en gedryf word.

In sy hoofstuk oor natuurlike seleksie brei Charles Darwin uit op sy teorie van behoud (*preservation*), wat hy later natuurlike seleksie noem (vgl. Darwin, 2018:120). Natuurlike seleksie, soos hy dit verduidelik, hou verband met die beginsel dat 'n spesie selfbehoud kan verseker deur 'n proses waarin die organisme telkens dié sterkste eienskappe, wat willekeurig voorkom, kies en aan sy nageslag oordra, sodat die betrokke spesie in sy omstandighede kan floreer. Terselfdertyd geld die reël van uitwissing, wat beteken dat die sterker spesies noodwendig hulle voorgangers, tesame met ander swakker spesies, sal vervang en uitwis. Só is natuurlike seleksie die sentrale meganisme van Darwin se evolusieteorie.

Hierdie teorie word verduidelik aan die hand van 'n hoogs tegniese en ingewikkelde hipotetiese diagram van afstammeling (sien Figuur 2 hieronder), waarin Darwin

generations” (Darwin, 2018:111). Hieruit blyk dit dat, hoewel Darwin sy teorie as feitlik voorhou, hierdie teorie gebou is op oningeligte skattings wat dit wetenskaplik onverifieerbaar maak.

Volgens hierdie tabel sal elke spesie ingevolge die reël van natuurlike seleksie met verloop van tyd ’n verskeidenheid nuwe subspesies, spesies en selfs nuwe genusse vorm. Deur hierdie teorie erken Darwin dat daar deur die proses van natuurlike seleksie geheel en al nuwe soorte kan ontstaan, tesame met die feit dat al hierdie verskeidenheid van spesies uiteindelik teruggevoer kan word na een enkele genus:

Thus it is, as I believe, that two or more genera are produced by descent, with modification, from two or more species of the same genus. And the two or more parent-species are supposed to have descended from some one species of an earlier genus (Darwin, 2018:116).

Nadat Darwin deur middel van hierdie hipotetiese diagram van afstamming verduidelik het hoe hy glo afstamming tot nuwe spesies lei (Darwin, 2018:110 e.v.), maak hy vervolgens ’n opmerking wat met sy eie teorie kontrasteer. Soos reeds hierbo aangedui is, stel Darwin se teorie (wat hy as feitlik korrek voorhou) die beginsel dat groter groepe van ’n bepaalde spesie⁷² deur middel van natuurlike seleksie altyd sterker sal word en die kleiner spesies tot uitwissing sal bring. Nadat hy dan sy teorie verduidelik het, maak hy ’n voorspelling wat logies in lyn is met sy teorie, naamlik dat alle groot groepe van ’n spesie gevolglik vir duisende jare nog sal voortbestaan. Tog

⁷²Hier gebruik Darwin die woord “genera” om na hooftipes spesies te verwys.

maak hy die volgende teenstellende opmerking: “But which groups will ultimately prevail, no man can predict; for we well know that many groups, formerly most extensively developed, have now become extinct” (Darwin, 2018:118-119). Met so ’n stelling draai Darwin dus geheel en al van sy teorie af weg. Waar hy aanvanklik in sy teorie op empiriese feite gesteun het, verkies hy nou om die empiries waarneembare feite wat teen sy teorie getuig, te ignoreer en eerder voort te bou op sy hipotetiese teorie.

Aan die einde van Darwin se argument in hierdie hoofstuk oor natuurlike seleksie, kom hy tot gevolgtrekkings oor die beginsel van ’n spesie se (self-)behoud (preservering). Hoewel hierdie samevattende argumente onsamehangend aangebied word, kan dit logies soos volg uiteengesit word (vgl. Darwin, 2018:119-120):

Proposisie I: Organiese wesens varieer in samestelling oor verloop van tyd en volgens ’n verskeidenheid van omstandighede.

Proposisie II: Elke spesie ondervind op een of ander stadium ’n geweldige stryd om oorlewing vanweë die geometriese mag om te vermeerder.

Proposisie III: Gegewe die oneindige kompleksiteit van die verwantskap tussen alle organiese wesens onderling, asook tussen hul bestaansomstandighede, veroorsaak dit ’n oneindige

diversiteit in elkeen se samestelling, wat tot hul voordeel strek.

Proposisie IV: Variasie wat noodwendig nuttig vir enige wese is, kom voor (Volgens Darwin sou dit merkwaardig wees as geen variasie wat ooit plaasgevind het, nuttig sou wees nie).

Proposisie V: Individue wat met sulke (sterk) eienskappe toegerus is, sal verseker die beste kans hê om in die stryd om oorlewing behoue te bly.

Proposisie VI: As gevolg van die sterk beginsel van oorlewing is bogenoemde individue geneig om nageslag met dieselfde (sterk) eienskappe voort te bring.

Afgeleide gevolgtrekking: Deur natuurlike seleksie, wat die stryd om oorlewing en oorlewing insluit, sal die betrokke spesie behoue bly (gepreserveer word).

In sy verduideliking van natuurlike seleksie in hierdie hoofstuk formuleer Darwin bogenoemde afgeleide gevolgtrekking samevattend soos volg: “As natural selection acts through one form having some advantage over other forms in the struggle of existence, it will chiefly act on those which already have some advantage” (Darwin, 2018:118).

4.2.5 Kosmologiese teleologie en wetenskap

Hoewel die doel of sin van die lewe 'n onderwerp is wat hoofsaaklik by die mens en sy doel op aarde hoort, en wat in hoofstuk 5 bespreek word, behoort hierdie vraag gedeeltelik ook tot die verstaan van die kosmos as werklikheid en of daar 'n doel is in of met die kosmos. Daarom sal dit kortliks ook hier bespreek word.

Volgens Dawkins (1996b:5) het die kosmos geen betekenis of einddoel in die Darwinistiese wêreldbeskouing nie. Binne die naturalistiese wêreldbeskouing is dit die enigste gegewe werklikheid, soos feitlik korrek gestel:

Natural selection, the blind, unconscious, automatic process which Darwin discovered, and which we now know is the explanation for the existence and apparently purposeful form of all life, has no purpose in mind. It has no mind and no mind's eye. It does not plan for the future. It has no vision, no foresight, no sight at all.

Sean Carroll, 'n fisikus wat vanuit die voorveronderstellings van 'n naturalistiese wêreldbeskouing werk, vra egter in die proloog van sy boek, *The Big Picture: On the Origins of Life, Meaning, and the Universe itself*, of daar tog 'n doel en betekenis vir die mens se bestaan kan wees. Nadat hy hierdie vraag gestel het, gee hy te kenne dat dit sy persoonlike oortuiging is dat die mens se bestaan inderdaad 'n betekenisvolle doel behoort te hê. Carroll besef tereg dat hierdie vraagstuk beide die mens en die kosmos raak, maar hy gaan nie verder as 'n naturalistiese verklaring sonder 'n godheid nie:

We humans are blobs of organized mud, which through the impersonal workings of nature's patterns have developed the capacity to contemplate and cherish and engage

with the intimidating complexity of the world around us. To understand ourselves, we have to understand the stuff out of which we are made, which means we have to dig deeply into the realm of particles and forces and quantum phenomena, not to mention the spectacular variety of ways that those microscopic pieces can come together to form organized systems capable of feeling and thought (Carroll, 2017:3).

So 'n stelling is logies beredeneer, want as die mens se oorsprong aan die aarde verbind is, is daar noodwendig 'n verwantskap tussen die aard van die mens en die kosmos. Só 'n afleiding is egter nie eie aan 'n suiwer naturalistiese beskouing nie, maar wel 'n waarheid wat uit die Christelike wêreldbeskouing geleen word. Wanneer Carroll egter verdere afleidings maak, is sy argument inkonsekwent, ongeldig en kontrasterend met die wêreldbeskouing wat hyself huldig. Hy voer aan dat, hoewel die kosmos klaarblyklik geen doel het nie, daar tog 'n doel vir die mens se bestaan moet wees. Hiervoor stel hy voor: "I want to argue that, though we are part of a universe that runs according to impersonal underlying laws, we nevertheless matter" (Carroll, 2017:3). Carroll besef tog dat só 'n siening in stryd is met die naturalistiese verstaan van die kosmos. Hy erken dat, om getrou te bly aan 'n suiwer naturalistiese wêreldbeskouing soos wat dit deur hedendaagse naturalistiese wetenskap voorgehou word, 'n mens vanuit die voorveronderstelling moet werk dat alle werklikheid uitsluitlik deur empiriese feite verklaar kan word. Verder bestaan daar, volgens naturalisme, geen doel in of met die skepping nie. Só bevestig hy dit wanneer hy sê:

There is no separate realm of the supernatural, spiritual, or divine; nor is there any cosmic teleology or transcendent purpose inherent in the nature of the universe or in human life.

Purpose and meaning in life arise through fundamentally human acts of creation, rather than being derived from anything outside ourselves (Carroll, 2017:11).

4.3 ANTITETIES: DIE CHRISTELIKE LEER VAN DIE SKEPPING AS ONLOSMAAKLIKE DEEL VAN DIE LEER OOR GOD

Hoewel hierdie studie by die leer oor God begin (vgl. hoofstuk 3), is die leer oor die skepping net so belangrik, veral in die lig van naturalisme se verabsoluttering van die kosmos. Wat hierdie studie betref, staan die leer oor die skepping dus sentraal, saam met die leer oor 'n godheid. Nie alleen is die skepping die werklikheid waarin alle mense kennis opdoen nie, maar dit is ook die raakpunt waar mense bewus word van hulle wêreld- en lewensbeskouing. Sutanto *et al.* (2019:17), die redigeerders van Bavinck se *Christelike werelddeskouing*, stel dit soos volg:

Bavinck offers a threefold frame for thinking about how we think. First, science in general arises from our observation and judgment making. We learn things about the real world. Second, based on our relation to this reality, we also make metaphysical judgments—we search for truth, both what is true and how to live truly, and this search is the discipline of wisdom. Finally, when wisdom, in search of a comprehensive unity, meets and bows to the demands of religion, in both its ontological and ethical demands, there is a world-and-life view. From there, one's world-and-life view does not remain static. Rather, it rereads the cosmos, the sensations, and the metaphysical claims and makes ongoing adjustments, always seeking the satisfaction of head and heart. It strives for subjective and objective unity.

Hierdie verduideliking, waarin die mens se wêreldbeskouing voortdurend deur die hermeneutiese proses van observasie en wysheid in die skepping gevorm word, kan

gebruik word om aan kinders aan te dui dat die Oerknal nie sin maak nie, terwyl die Christen se weergawe van die werklikheid wél sin maak. Verder neem dit as uitgangspunt dat ware kennis en wysheid, en uiteindelik 'n eenvormige wêreld- en lewensbeskouing, nie uit die mens se verstand alleen kan voortspruit nie, maar slegs wanneer die Woord van God die verstand verlig: “Het autonome denken vindt op die vragen geen bevredigend antwoord; het oscilleert tusschen materialisme en spiritualisme, tusschen atomisme en dynamisme, tusschen nomisme en antinomisme” (Bavinck, 1929:14), en: “Aan de wetenschap is de taak opgedragen, om dit feit te verklaren ... en tot verklaring zal zij alleen in staat zijn, als zij zich voorlichten laat door de wijsheid van het Goddelijk Woord” (Bavinck, 1929:21), waarmee bedoel word dat die mens verlig, met ander woorde weergebore word:

On this Christian standpoint, all autonomy of the human mind falls away ... it is the human who has to conform his perception and thinking to God's revelation in nature and grace ... To enter into the realm of truth, we must become children ... al knowledge consists in the conformity of our consciousness to the objective truth. One thus knows the truth to the extent that he himself is in the truth. To understand the truth, one must be of the truth (Bavinck, 2019:41).

Met betrekking tot die leer oor die skepping deur die Woord van God stel Bavinck (1929b:28) die volgende:

De wereld zou ons niet bekend kunnen zijn, indien zij niet bestond; maar zij zou niet bestaan, indien zij niet te voren door God ware gedacht. Wij kennen de dingen, omdat zij zijn, maar zij zijn, omdat God ze gekend heeft. De leer van de schepping aller dinge door

het Woord Gods is de verklaring van alle kennen en weten, de onderstelling van de correspondentie tussen subject en object.

Hierdie aanhaling van Bavinck moet egter in konteks verduidelik word voordat die waarde daarvan vir hierdie hoofstuk ten volle verstaan kan word. Kripties gestel gaan Bavinck in teen die moderne tydsgees, wat aan die eenkant deur empirisme en aan die anderkant deur rasionalisme gedryf word, in 'n tyd waar skeptisisme en Nietzsche se nihilisme die wêreld tot agnostisisme en relativisme gelei het. Dit is 'n tyd waarin kennis van die werklikheid deur observasie bevraagteken word, en waar werklikheid (indien dit hoegenaamd moontlik is) en waarheid deur die mens self geskep word.

Hierteenoor stel Bavinck dat daar 'n verwantskap tussen subjek en objek moet wees vir enige persoon om kennis en wysheid te kan verkry, maar ook dat die mens slegs dinge kan ken omdat dinge bestaan, en dinge bestaan omdat dit as 'n gedagte by God ontstaan het en tot vervulling gekom het toe God dit deur sy Woord geskep het. Daarom kan mense slegs werklik dinge in die skepping ken wanneer 'n mens as uitgangspunt neem dat God die dinge geskape het. Alleen op hierdie wyse sal die mens se observasie (die subjek) van die objek in die regte verhouding gestel word om tot 'n ooreenstemmende verklaring van die objek te kom. Wat die skepping betref, kan die volgende vrae gestel word om die verhouding tussen subjek en objek in die korrekte balans te plaas:

- i. Wie het geskep? God die Vader, die Almagtige.
- ii. Wat het God alles geskep? Hemel en aarde en alle skepsels.

- iii. Hoe het God geskep? Deur sy Woord, uit niks.
- iv. Waarom het God geskep? Tot verheerliking van sy Naam (vgl. Honig, 1938:287-288); Sien Spr. 16:4; ook Jes. 43:7, 60:20, Rom. 11:36 — om sy heerlikheid ten toon te stel; asook vir die mens as kroon van die skepping.

Heyns (1978:99) herinner egter daaraan dat die korrekte verstaan van die skepping onlosmaaklik deel is van God Drie-enig: “Om maar iets van die skepping, sy oorsprong, wese en doel te verstaan, moet ons steeds in gedagte hou dat die skepping die werk is van die trinitariese God. Die Vader is deur die Seun, in die krag van die Heilige Gees, die Skepper”.

4.3.1 Skepping as bonatuurlik — erkenning van die bestaan van God

Die gereformeerde dogmatikus, Dr. J.A. Heyns, skryf dat alle teologie of dogmatiek op die werklikheid van ’n veronderstelling van openbaring berus (Heyns, 1978:3). Die mens se teologie kan dus slegs akkuraat gevorm word wanneer hy die lewende God deur sy werke leer ken, soos Hy dit bekend gemaak het. Tog stel Heyns terselfdertyd die teendeel, naamlik dat die mens eers God se werke kan ken wanneer hy God ken (Heyns, 1978:97).

Oor die kennis van God skryf Calvyn dat daar ’n noue verband bestaan tussen Godskennis en selfkennis; soveel so, dat die mens nie ’n begeerte na Godskennis sal hê as hy nie eers sy eie ellende leer ken nie. Omgekeerd geld ook: niemand kan tot ware selfkennis kom as hy nie eers werklik in God se teenwoordigheid gekom het nie (Calvyn, 1984:113-116, I.1.1-2). Verder skryf Frame (1987:62-64) dat die mens God

nie kan ken sonder kennis van sy Woord nie, en dat 'n mens ook nie die Woord kan ken sonder om God te ken nie. Hy stel dat om God te ken, beteken om sy wet te ken en daaraan gehoorsaam te wees. Daarby voeg hy dat om God te ken, inhou dat 'n mens ook God se wêreld behoort te ken, want deur sy wêreld sien 'n mens God se absolute heerskappy in sy werke van skepping, onderhouding en verlossing, en ook omdat God se openbaring deur sy skepping bekend word. Daarom meen Frame, "Thus we cannot know anything about God without knowing something about the world at the same time" (Frame, 1987:64). Voorts sê hy: "We know ourselves by knowing the world" (Frame, 1987:69).

Tog is dit uiters belangrik om hierdie stellings wat Frame maak, te kwalifiseer met die teendeelstelling wat hy ook maak: "We cannot know the world without knowing God" (Frame, 1987:64). Dit is belangrik omdat die ongelowige hom ook met die skepping besig hou, maar God nie daarin kan raaksien indien God nie eers geestelike insig verleen deur die openbaring van sy Woord nie.

'n Baie bekende naturalistiese fisikus, Brian Greene, vra saam met die filosoof Albert Camus of al die kennis wat 'n mens van die kosmos opdoen, die mens ooit kan oortuig dat die lewe die moeite werd is (Greene, 2004:3-4). Op grond van sy ervaring met moderne wetenskap kom hy dan tot die volgende gevolgtrekking: "For me, physical reality both sets the arena and provides the illumination for grappling with Camus' question ... By deepening our understanding of the true nature of physical reality, we

profoundly reconfigure our sense of ourselves and our experience of the universe” (Greene, 2004:5).

Oor die Skrif se openbaring aangaande die skepping, skryf Heyns (1978:97-98) dat God die skeppingsverhaal reeds aan Adam meegedeel het. Hierdie openbaring is vervolgens van geslag tot geslag mondelings oorgedra in die volk Israel, wat deur God as sy volk beskik is om sy besondere openbaring te ontvang, en is later, deur die inspirasie van die Heilige Gees, op skrif gestel. Hierdie skeppingsverhaal, soos dit in die eerste drie hoofstukke van Genesis gevind word, is nie ontleen aan ander skeppingsmites, soos die Babiloniese skeppingsepos wat bekend staan as die Enuma Elisj, of die Egiptiese Shabaka-steen wat deur argeologiese opgrawings ontdek is nie. Volgens Heyns (1978) het die Bybelse skeppingsverhaal eerder 'n apologetiese motief teenoor al die skeppingsmites wat deur menslike fantasie en oorsprong ontstaan het.

So is dit ook die geval in die geskiedenis van die vorming van die Apostoliese Geloofsbelydenis. Die vroeë weergawes van die Apostoliese Geloofsbelydenis het by die belydenis aangaande God die Vader nie die frase “Skepper van hemel en aarde” bevat nie. In hierdie verband stel Van Genderen en Velema (2008:248-249) dat die byvoeging van die frase “Skepper van hemel en aarde” in hierdie geloofsbelydenis 'n antitetiese element is, wat bedoel is om dwalinge soos Manicheïsme, monisme, panteïsme, materialisme en evolusionisme te bestry en tereg te wys.

Vervolgens word die gereformeerde Christelike beskouing van wat die Skrif oor die skepping leer, in die vorm van huisgodsdienst-temas bespreek. Dit rus ouers toe om hulle kinders te begelei om insig te verkry in hulle Christelike geloof, sowel as om mense wat 'n naturalistiese lewensbeskouing aanhang, gesprek te kan voer. Aangesien dit wesentlik is vir kinders om insig te hê oor die skeppingsleer, word die volgende aspekte gedek: Waarom God die skepping gemaak het, hoe God die skepping gemaak het, waar die engele in God se skepping inpas, en wat verstaan moet word onder evolusie en Darwinisme.

4.3.2 Huisgodsdienst-tema: Waarom God die skepping gemaak het — God skep alles tot sy heerlijkheid sodat sy Naam verheerlik word.

Hierdie huisgodsdienst-tema vorm deel van hoofstuk 4 se fokus op die Bybelse skeppingsleer teenoor naturalistiese verklarings van die kosmos. Wanneer kinders leer dat, en waarom, God alles geskape het, word hulle wêreldbeskouing gevorm vanuit die vertrekpunt dat die skepping nie toevallig is of vanself ontstaan het nie, maar dat dit doelbewus uit God se hand kom. Deur te verstaan dat God alles tot sy eer geskape het, word kinders geleer om die werklikheid te sien as 'n teater van God se heerlijkheid, waarin sy Naam verheerlik moet word. Hierdie perspektief is noodsaaklik in 'n tyd waarin naturalisme poog om God uit die verstaan van die kosmos te verwyder.

Lees: Genesis 1:1-2:3

Fokus: Genesis 1:1, 31, 2:3

In hierdie huisgodsdienstema fokus ons op die belydenis rondom die skeppingsleer. Meer spesifiek vra ons: Waarom het God die skepping tot stand gebring? Of anders gestel: Wat is die doel van die skepping? Waarom is alles soos dit is?

Vooraf moet ons besef dat die skepping 'n werklikheid is wat elke mens moet erken. Net so is die leer rakende die skepping uiters belangrik vir gelowiges om aan vas te hou. Indien ons belydenis rondom die skepping verkeerd is, sal ons hele godsdienst daaronder lei. Trouens, indien ons verkeerd glo oor die werklikheid van die skepping, sal ons geloof betreffende God self ook beïnvloed word.

Dit is die geval omdat ons belydenis aangaande die skepping nou verweef is met die Skepper self — 'n verdere werklikheid wat ons behoort te erken. Dink byvoorbeeld aan die eerste artikel van die Nederlandse Geloofsbelydenis: “Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde”. Indien ons dus enigiets betreffende die skepping wil leer ken, moet ons eers die Skepper van die skepping erken en by voorbaat as uitgangspunt in ons kennisneming aanvaar.

Met betrekking tot die verhouding tussen kennis van God en kennis van die kosmos, bely ons in die gereformeerde leer dat 'n mens God deur sy werke leer ken, soos Hy homself openbaar het; maar dat 'n mens ook eers God se werke werklik kan ken wanneer 'n mens God ken (Heyns, 1978:78). Verder, sonder God se Woord kan ons Hom nie ken nie. Daarom, indien ons die skepping wil leer ken, moet ons die Skepper eers deur sy Woord leer ken (Frame, 1987:62-64).

Met ander woorde, as ons die leer oor die skepping wil ondersoek en daaroor reg bely, moet ons deur die geloof God as Skepper as uitgangspunt neem en Hom deur sy Woord leer ken. Slegs dan, sal ons, deur die verligting van die Heilige Gees, oor die regte en ware kennis en openbaring van sy skepping beskik.

Om ons vrae te beantwoord oor wat die doel van die skepping is, staan ons vervolgens stil by die (1) subjek van die skepping, (2) die objek van die skepping, en vervolgens (3) die doel van die skepping.

4.3.2.1 Die subjek van die skepping

4.3.2.1.1 God as die oorsprong van skepping

Reeds in die eerste vers van die Bybel word dit aan ons geopenbaar dat God in die begin die hemel en aarde geskape het. Net so leer die Nuwe Testament ons in Johannes 1 dat die Woord van God — dit wil sê, Christus, soos ons in vers 14 lees — reeds in die begin daar was. Trouens, nog voordat die aarde geskape is, het Hy saam met die Vader reeds bestaan. Soos Johannes verder in vers 3 tereg stel: “Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie” (Joh. 1:3).

Net so lees ons in Kolossense 1:15-17 dat Christus die Beeld van die onsienlike God is, die Eersgeborene uit die hele skepping — nie dat Hy self ’n skepsel is nie. Paulus sê verder: “want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is ... En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand” (Kol. 1:16a, 17).

Verder sien ons in die teksgedeelte, Genesis 1:2, dat ook “die Gees van God het gesweef op die waters”. So leer die Skrif ons dat God Drie-enig die oorsprong van die skepping is. Wanneer God die mens skep, dan sê Hy in vers 26: “Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis”.

Daarom kan ons van die Drie-enige God bely, soos in Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 8, dat: “Die Vader is die oorsaak, oorsprong en begin van alles sigbare en onsigbare dinge. Die Seun is die Woord, die Wysheid en die Beeld van die Vader. Die Heilige Gees is [as derde Persoon] die ewige Krag en Mag wat van die Vader die Seun uitgaan”.

Daarom kan ons sê, soos een teoloog dit verwoord het en wat reeds van Augustinus af bely word: “Deur te sê dat die Vader die Oorsprong is *uit* Wie en die Seun *deur* Wie alles tot stand gekom het, en die Heilige Gees *in* Wie alles voltooi word, word die intieme verband van die werk van die drie Persone duidelik aangedui” (Heyns, 1978:99; vgl. ook Van Genderen & Velema, 2008:249)⁷³. So is die skepping die werk van die trinitariese God.

Net so bely ons dit in die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 12: “Ons glo dat die Vader, toe Hy dit goedgevind het, deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel en aarde en alle skepsels uit niks geskep het”. Wat ’n wonderlike troos is dit nie dat

⁷³Dié formulering kom ook voor by Bavinck (1929a): “De Heilige Schrift duidt dit onderscheid duidelijk aan in de zoogenaamde praepositiones distinctionales ἐκ, διὰ en ἐν”.

ons as kinders van God mag weet dat ons veilig is by die Skepper van die hemel en die aarde nie (vgl. Van Genderen & Velema, 2008:248).

Dit is wat ons bely oor die subjek van die skepping, naamlik dat God Drie-enig die Skepper van die heelal is. Nou kom ons by die objek van die skepping.

4.3.2.2 Die objek van die skepping

4.3.2.2.1 Hemel en aarde (heelal, geesteswêreld en stoflike wêreld)

Ons teksgedeelte stel dit eenvoudig dat God die hemel en die aarde geskape het. Daarna volg die besonderhede van hierdie skeppingswerk van God, soos wat beskryf word met verwysing na die ses skeppingsdae. Ons gaan egter nie op die besonderhede van die skeppingsdae fokus nie, maar slegs op die geheel daarvan.

Wat beteken dit as daar staan dat God die hemel en die aarde gemaak het? Dit is 'n omvattende beskrywing waarmee aangedui word dat God, wat alomteenwoordig⁷⁴ is, die heelal geskape het — naamlik alle werklikheid, beide sigbare en onsigbare dinge, soos reeds vermeld.

God het, met ander woorde, alles wat bestaan uit niks geskape. Dit omvat die ganse heelal met al die sterrestelsels daarin. Wanneer daar van hemel en aarde gepraat word, sluit dit dus beide die geesteswêreld sowel as die stoflike wêreld in. Volgens die skeppingsverhaal verstaan ons dat die skepping van die hemele verwys na meer as

⁷⁴Van God se teenwoordigheid hoor ons byvoorbeeld in Psalm 139, wanneer die digter vra: “Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig? Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar!” (Ps. 139:7-8).

slegs die sigbare dinge, soos sterrestelsels, en dat dit ook die engele as God se leërmagte insluit.

4.3.2.2.2 Sonde/boosheid?

Wanneer die mens besef dat God alle werklikheid geskape het, ontstaan die logiese vraag of God dan ook die Skepper en Outeur van die boosheid in die wêreld is. Want as God alles geskape het en alle dinge deur Hom ontstaan het, soos Johannes 1 getuig, is dit moeilik om nie ook af te lei dat God die Skepper van die kwaad is nie.

Tog leer die Skrif ons dat die sonde of boosheid nie sy oorsprong by God het nie, maar by die engele. 'n Mens kan steeds vra: As Genesis 1:31 sê dat alles wat God gemaak het baie goed was, en dat alles volgens sy raad geskiet, waar het die sonde dan vandaan gekom, en waarom het God nie gekeer dat die engele teen Hom sondig nie? Op hierdie vraag moet ons, op grond van die Bybel se openbaring van God, antwoord dat God die sonde toegelaat het, maar dat Hy die ganse skepping steeds baie goed geskape het.

Nou dat ons gehoor het wie die subjek van die skepping is en wat die Objek van die skepping is, kan ons die doel van die skepping beter verstaan.

4.3.2.3 Doel van die skepping

4.3.2.3.1 Vir Homself

Wanneer ons weer na Kolossense 1:16 verwys, hoor ons baie duidelik waarom God die skepping tot stand gebring het. Daar staan: "Alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape" (Kol. 1:16). Hieruit leer ons dat God die skepping in die eerste plek vir Homself geskape het.

So lees ons in 'n Engelse gereformeerde belydenis, genaamd die Westminster Confession of Faith (2007:4:1), dat dit God behaag het om die ganse wêreld te skape vir die manifestasie van die glorie van sy ewige krag, wysheid en goedheid. God het dus alles geskep om Homself te verheerlik — nie omdat Hy die skepping nodig het nie, maar omdat Hy dit só gewil het.

4.3.2.3.2 Openbaring van God se deugde (Heyns, 1978:101)

Hiermee saam is dit duidelik dat God alles geskape het om sy deugde te openbaar. God wil hê dat sy glorie, sy krag en sy goddelikheid bekend moet wees. So sing ons in Psalm 8: “Daar is geen land so ver of woes geleë, geen strand, o Heer, of wilde waterweë, geen hemelsfeer in die oneindigheid — of orals blink u Naam en majesteit” (Totius beryming; Psalmboek, 2003). “o HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde! U wat u majesteit gelê het op die hemele” (Ps. 8:2).

4.3.2.3.3 “en – dit was baie goed” (Gen. 1:31)

Ons hou vas aan die woorde van Gen. 1:31: “Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en–dit was baie goed”. Vervolgens lees ons in hoofstuk 2 vers 2 dat God op die sewende dag sy werk voltooi het, en toe gerus het van alles wat Hy gemaak het. Dit beteken nie dat God moeg was nie, want die Skrif leer ons in Jesaja dat God nooit moeg of afgemat kan word nie. Dat God van sy werk gerus het, beteken dat Hy die skeppingswerk voltooi het en Hom in sy werk verheug het.

4.3.2.3.4 *Eis van erkenning van sy deugde (Heyns, 1978:101)*

Daarom wil God ook hê dat ons erkenning aan Hom moet gee vir sy deugde — nie omdat Hy ons nodig het nie, maar omdat Hy Homself aan ons bekendmaak as die God wat alleen alle glorie, krag en goddelikheid besit.

Die skepping, soos wat Calvyn dit stel, is God se teater van glorie wat deur die mens erken moet word (vgl. Calvyn, 1984:281, I.14.20). So is die skepping God se handewerk wat Hy vir Homself geskape het, sodat die skepping, en in besonder die mens, Hom as Skepper van die heelal sal eer.

4.3.2.3.5 *Geskenk aan die mens as kroon van skepping (Heyns, 1978:101)*

Aan die anderkant het God ook die wêreld geskape as 'n geskenk aan die mens, wat die kroon van die skepping is. Wanneer 'n mens na die skeppingsdae kyk, sien jy dat alles wat God geskep het, Hy as geskenk aan die mens geskep het, sodat die mens dit kan geniet en daarvan kan gebruik maak om God te dien.

Ons ken die skeppingsdae baie goed. In die eerste drie skeppingsdae skep God die ruimtelike dinge waarin die mens kan woon: eers lig, daarna die uitspansel, en vervolgens die skeiding tussen hemel en aarde en tussen droë grond en waters, met plante en bome wat vrug dra.

In die tweede stel van drie dae skep God alles wat moet heers in elkeen se eie domein: eers die son, die maan en die sterre om oor die dag en die nag te heers; daarna die visse, die voëls en die diere om die aarde te bewoon. Laastens skep God die mens

na sy beeld om in ware geregtigheid en heiligheid oor die hele skepping as sy verteenwoordiger te heers.

So is die mens geskape om die aarde te geniet, maar ook om as rentmeester verantwoordelik oor die aarde te heers. Die mens staan dus in diens van God om die skeppingsmandaat uit te oefen, naamlik om te bewoon, te bewerk, en te bewaak.

4.3.2.3.6 *“sodat die mens sy (Skepper) God kan dien” (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 12).*

So bely ons in die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 12: “Hy het aan elke skepsel ’n eie wese, gestalte en voorkoms en onderskeie take gegee om sy Skepper te dien”, waarvan die mens aan die hoof staan. Ons bely verder oor hierdie doel van God se skepping: “Hy onderhou en regeer hulle almal [dit is sy skepsels] nou nog deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien”.

Ons kan daarom die vraag waarmee ons begin het, as volg saamvat: Waarom het God die skepping gemaak? God het die skepping gemaak: (1) Om Homself en sy deugde te verheerlik; (2) dat die mens Hom in sy deugde sal herken en verheerlik; (3) dat die mens die aarde kan geniet en dit tot diens van Hom kan gebruik; en (4) dat die mens verantwoordelike rentmeesters sal wees.

Daarom kom die oproep tot elke gelowige: bewoon, bewerk en bewaar die aarde soos God dit wil hê volgens sy Woord. Laat die ganse skepping die Naam van God

verheerlik. Soos die Psalm-digter sing: “Laat hulle die Naam van die HERE loof! Want sy Naam alleen is hoog; sy majesteit is oor aarde en hemel!” (Ps. 148:13).

Wanneer gelowiges verstaan dat God alles tot sy eer geskape het, vorm dit nie net ons geloofsbelydenis nie, maar ook ons roeping binne God se skepping. Hierdie waarheid bring kinders tot verwondering oor God se grootheid en leer hulle dat die doel van alles in die skepping is om God se Naam te verheerlik. Sodoende lei hierdie huisgodsdienstema daartoe dat kinders nie net kennis van die skepping opdoen nie, maar ook leer om as rentmeesters te leef wat God in alles wat hulle doen, eer.

4.3.3 Huisgodsdienstema: Hoe God die skepping gemaak het — Deur sy Woord skep God in sy almag alles uit niks

Hierdie huisgodsdienstema vorm deel van hoofstuk 4 se fokus op die Bybelse skeppingsleer teenoor naturalistiese verklarings van die kosmos. Wanneer kinders leer hoe God alles geskape het, word hulle wêreldbeskouing gevorm vanuit die vertrekpunt dat die skepping nie self ontstaan het of deur toevallige natuurprosesse tot stand gekom het nie, maar deur die almagtige Woord van God alleen. Deur te verstaan dat God alles uit niks geskep het deur sy Woord, leer kinders om die werklikheid te beskou as ’n doelbewuste daad van God se krag en wil. Hierdie perspektief is noodsaaklik in ’n tyd waarin naturalisme probeer om die bonatuurlike oorsprong van die skepping te ontken en dit tot blote natuurlike prosesse te reduceer.

Lees: Genesis 1:1-31

Fokus: Genesis 1; Hebreërs 11:3; Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 12a (verwys Heidelbergse Kategismus, Sondag 9, vraag en antwoord 26a)

In hierdie huisgodsdienst-tema ondersoek ons die belydenis rondom die skeppingsleer. Meer spesifiek vra ons: Hoe het God die skepping gemaak? Vervolgens hoor ons, soos ons bely, dat God in sy almag deur sy Woord alles uit niks geskep het.

4.3.3.1 Wie?

4.3.3.1.1 “Ewige Vader van ons Here Jesus Christus” (vgl. Heidelbergse Kategismus, Sondag 9, vraag en antwoord 26)

Soos ons reeds die vorige keer gesien het, is God Drie-enig as subjek die oorsprong van die skepping. In die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 8, bely ons: “Die vader is die oorsaak, oorsprong en begin van alle sigbare en onsigbare dinge. Die Seun is die Woord, die Wysheid en die Beeld van die Vader. Die Heilige Gees is die ewige Krag en Mag wat van die Vader en die Seun uitgaan”. Die Vader is die oorsprong *uit Wie* en die Seun *deur Wie* alles tot stand kom en die Heilige Gees *in Wie* alles voltooi word.

Tog staan die Vader voorop in ons belydenis oor die Skepper. Van Genderen en Velema (2008:263) skryf:

It is of fundamental significance for our faith and our life that God is our Creator and that we are his creatures. With this we confess his sovereignty over us and over all that has been created and our own dependence as well as that of all creatures. With this we take

position over against every deification or idolization of the created world, whether inspired by naturalism, idealism, or materialism.

Wanneer die Bybel van God as Vader praat, beteken dit in die eerste plek dat God die oorsprong is van alles wat bestaan. Hy is die Vader van alle dinge, want Hy is ewig en oneindig en Hy het alles tot bestaan geroep.

Wanneer ons dus reg wil nadink oor die skepping en al die aspekte daarvan, soos hoe God geskep het, ensovoorts, moet ons, soos voorheen genoem, besef en erken dat God die Skepper is en dat ons sy skepsels is; anders sal ons in allerhande dwalinge verval.

4.3.3.2 Hoe?

4.3.3.2.1 “Uit niks geskep het” (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 12 & Heidelbergse Kategismus, Sondag 9)

In ons belydenisse glo ons dat God *alles uit niks* geskape het. In Sondag 9 van die Heidelbergse Kategismus lees ons dat die ewige Vader “die hemel en aarde met alles wat daarin is, uit niks geskep het”. Net so staan daar in artikel 12 van die Nederlandse Geloofsbelydenis: die Vader het “die hemel en die aarde en alle skepsels uit niks geskep” — *alles uit niks*.

Met hierdie belydenis erken ons dat God, uit niks, alles geskape het. Die skepping het dus uit niks ontstaan, en daar was niks, behalwe God, wat die skepping voorafgegaan het nie. Hoewel hierdie frase — *alles uit niks* — nêrens in die Bybel só aangetref word nie, is dit tog ’n openbaring wat ons vanuit die Skrif verkry. Ons vind egter ’n buite-Bybelse verwysing in 2 Makkabeërs 7:28 wat hierdie Bybelse leer ondersteun, waar ’n

vrou aan haar seun sê: “Besef jy dat God al hierdie dinge uit niks gemaak het” (Van Genderen & Velema, 2008:253).

Die Bybel leer ons dat God die hemel en die aarde “geskape” het. Hoewel daar ’n baie spesifieke woord hiervoor gebruik word, word dit ook as sinoniem gebruik vir die feit dat God alles gemaak het. Anders as die mens, wat wel dinge kan maak, dui hierdie skeppingsdaad van God egter op iets totaal anders as wat vir die mens moontlik is. Die uniekheid van die skepping lê daarin dat God dít alles uit niks gemaak het.

Selfs wanneer Genesis 1:1-2 sê: “In die begin het God die hemel en aarde geskape” en dan voortgaan met “En die aarde was woest en leeg”, glo ons dat daardie woest en leë aarde reeds deel was van God se skeppingswerk soos in vers 1 beskryf (vgl. Van Genderen & Velema, 2008:253). Vóór dít was daar niks, behalwe God.

Die ganse skepping, hoe ongevormd en ongeorden dit ook al mag voorkom, bestaan as gevolg van God se skeppingsdaad. Daar is dus geen sprake van ’n chaotiese mag wat teenoor God staan nie, maar intendeel bring God orde in wat sogenaamd ongeorden is. Die skepping het ook nie uit die wese van God ontstaan nie, asof dit van Hom afgelei is nie, maar het alleen uit sy vrye wil tot stand gekom — *alles uit niks*, behalwe vir God wat van ewigheid af bestaan.

Dit is uiters belangrik dat ons vashou aan hierdie belydenis wat ons uit die Skrif verkry, naamlik dat God *alles uit niks* geskape het. Slegs die Almagtige kan skep; net Hy kan iets *uit niks* voortbring, want Hy is die Skepper.

Om iets uit niks te maak, gaan ons verstand te bowe. God spreek slegs 'n woord, en dit kom tot bestaan. Ongelowiges wil dit nie aanvaar nie, omdat dit nie vir hulle sin maak nie. Dit kan egter slegs betekenis hê indien ons glo in 'n almagtige God. Al kan ons dit nie begryp nie, glo ons dit, en sien ons dit in die skepping.

4.3.3.2.2 *“deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun” (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 12)*

Dit is op grond van God se almag dat Hy met 'n enkele woord die mag het om te skep. In Genesis 1 lees ons telkens hoe God net spreek, en dat dít wat Hy spreek, tot stand kom. Deurgaans vind ons hierdie formule: “En God het gesê ... En dit was so”. Byvoorbeeld, op die eerste dag: “Laat daar lig wees! En daar was lig” (Gen. 1:3). Of op die tweede dag: “En God het gesê: Laat daar 'n uitspansel wees ... En dit was so” (Gen. 1:6, 7).

Wat 'n geweldige groot en oortreffende gedagte! Dink aan die groot deurbrake en ontdekkings wat die mens al gemaak het met die gevorderde tegnologie tot ons beskikking. Tog het die mens nog nie naastenby alles in die skepping ontdek nie. Boonop kan alles waaroor ons so verstom staan en die wonder van die skepping bewonder, deur die mens slegs waargeneem en ontdek word, terwyl ons in verwondering staan dat God dit alles uit niks geskep het.

Oor hierdie wonder, dat God deur sy Woord skep, kan ons ook sing, soos dit in Psalm 33 staan: “Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër” (Ps. 33:6). Hierdeur kan ons nie anders as om deur geloof in te sien dat hier na Christus verwys word nie.

So leer ons in Hebreërs 11:3: “Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien kan word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie”. Verder leer die Nuwe Testament ons duidelik dat hierdie Woord nie bloot die woorde is wat God spreek nie, maar dat hierdie Woord God se Seun is wat mens geword het. Hierdie Woord is Jesus Christus, wat gekom het om die heerlikheid van die Vader te openbaar.

Johannes 1:3 sê: “Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie”, omdat die Woord in die begin by God was, en self God is (vgl. Joh. 1:1). Daarom weet ons: “Die krag van die Woord is die krag van God self sodat Woord en daad by God volledig saamval. Daarom is God se sprekende Woord tegelyk ook sy skeppende Woord” (Heyns, 1978:103).

Ons weet dus dat God in sy almag alles uit niks deur sy Woord geskape het. Tog ontstaan daar ook vrae by ons oor hoe God alles geskape het — vrae soos: Wanneer het God alles geskape?; en waar kom God vandaan as Hy alles geskep het? Hierdie vrae bespreek ons kortliks.

4.3.3.3 Wanneer?

4.3.3.3.1 “Toe Hy dit goedgevind het” (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 12), dit wil sê: “In die begin” (Gen. 1:1; Joh. 1:1)

Oor die begin van die skepping bely ons eenvoudig in die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 12a: “Ons glo dat die Vader, toe Hy dit goedgevind het ... [alles] geskep het”. Wat bedoel word met “toe God dit goedgevind het”, beteken eenvoudig, soos die Bybel aandui, “in die begin” (Gen. 1:1).

4.3.3.3.2 *In die begin — wat was voor die begin?*

Met die woorde “in die begin” kan ’n mens baie redeneer oor presies wanneer dit was. Nog meer: as daar ’n beginpunt was, wat was dan vóór die begin. Was daar dan geen bestaan voor die begin nie? Met betrekking tot hierdie vraag moet ons besef dat God die skeppingsverhaal aan die mens in terme geopenbaar het wat deur die mens verstaan kan word, en dat ons nie alles buite ons werklikheid sal kan begryp nie — veral nie as dit nie deur die Woord aan ons bekend gemaak is nie⁷⁵.

Wat egter wel belangrik is, is dat ons besef dat God van ewigheid af reeds bestaan het, dus voor die skepping. Om te vra wie God geskep het, is ’n ongeldige vraag, want so ’n vraag veronderstel dat God nie werklik God is nie. Dit sou impliseer dat God ’n skepsel is wat sy bestaan aan iemand of iets anders te danke het. Deur die geloof hou ons eenvoudig vas aan die openbaring dat God van ewigheid af reeds bestaan.

Om saam te vat oor hoe God geskep het, kan ons as volg antwoord:

- (1) God skep in sy almag deur die spreek van ’n woord.
- (2) As ewige Vader van ons Here Jesus Christus, skep God deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun.
- (3) God het geskep toe Hy dit goed gedink het, dit wil sê in die begin.
- (4) In sy almag het God *alles uit niks* geskep.

⁷⁵Hierdie is ’n parafrasering van wat Heyns (1978) hieroor sê.

Mag ons as gelowiges God as Skepper erken en aanbid as die Almagtige wat in Christus ons Vader is.

Wanneer gelowiges verstaan dat God deur sy Woord alles uit niks geskep het, versterk dit nie net ons geloofsbelydenis nie, maar ook ons aanbidding van Hom as die Almagtige Skepper. Hierdie waarheid bring kinders tot verwondering oor God se grootheid en leer hulle dat God se Woord en wil die oorsprong is van alles wat bestaan. So dien hierdie huisgodsdienstema daartoe dat kinders nie net kennis van die skepping opdoen nie, maar leer ook om God te eer as die Skepper wat met 'n enkele Woord lewe en orde uit niks tot stand bring.

4.3.4 Huisgodsdienstema: Engele in God se skepping — Engele as God se boodskappers om die uitverkorenes te dien.

Hierdie huisgodsdienstema vorm deel van hoofstuk 4 se fokus op die Bybelse skeppingsleer teenoor naturalistiese verklarings van die kosmos. Wanneer kinders leer dat engele werklik is en as deel van God se skepping staan, word hulle wêreldbeskouing gevorm vanuit die vertrekpunt dat God nie net skep nie, maar ook onderhou deur sy engele, wat ter wille van die uitverkorenes uitgestuur word (vgl. Heb. 1:14). Hierdie perspektief is noodsaaklik in 'n tyd waarin die werklikheid van engele bevraagteken word (soos reeds by die Sadduseërs), veral omdat die Skrif en die belydenis (vgl. Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 12) leer dat God die engele goed geskep het om sy boodskappers te wees en die uitverkorenes te dien.

Lees: Hebreërs 1:1-14

Fokus: Hebreërs 1; Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 12 (tweede helfte)

Die wêreld — diegene wat God nie wil erken nie — is gou geneig om te dink dat engele bloot 'n feeeverhaal is. Tog is mense dikwels gretig om na lewe op ander planete te soek, en glo sommige maklik in die bestaan van sogenaamde “*aliens*”, geeste, of die sogenaamde paranormale verskynsels wat ons nie kan sien nie.

Die bevraagtekening van die werklike bestaan van engele is egter geensins nuut nie. Reeds in die Nuwe Testament het die Sadduseërs die leer van die engele verwerp, en daarmee saam ook die leer aangaande die opstanding en die gees van die mens (vgl. Hand. 23:8).

Al is die idee van die engele vir sommige mense vreemd, leer die Skrif duidelik dat engele deel is van die werklikheid wat God geskep het. Wie die leer oor die engele verwerp, loop die gevaar om te dink dat God nie sy skepping onderhou nie; of dat bose magte buite God se skepping ontstaan het en Hom teëstaan; of selfs om die bestaan van boosheid en die duiwel geheel en al te ontken.

Oor die skepping van die engele spreek die Skrif nie direk nie (Van Genderen & Velema, 2008:277), maar die Bybel bied ons wel 'n indrukwekkende rykdom aan inligting oor engele. Daarom is dit van besondere belang dat ons in vandag se

huisgodsdienst-tema juis hierop fokus, sodat die rykdom van feite en Bybelgedeeltes oor die engele na vore kan kom.

Eers sal ons in 'n kort oorsig na die Skrifgegewens oor die bestaan van die engele kyk. Daarna sal ons fokus op die doel en taak van die engele, en laastens sal ons stilstaan by die gevalle engele.

4.3.4.1 Die bestaan van engele in die Skrif

Uit die Bybelse gegewens kan ons met reg aflei dat die skepping van die engele reeds in Genesis 1:1 ingesluit word. Wanneer Genesis 1:1 sê dat God die hemel geskep het, is dit 'n omvattende beskrywing wat daarop wys dat God, wat alomteenwoordig is, die hele heelal geskape het. Dit sluit alle werklikheid in — ook die onsigbare dinge. Daarmee word bedoel: die ganse heelal met al die sterrestelsels daarin, maar nog wyer, ook die engele as God se leërmagte — soos Kolossense 1:16 dit leer. Die geskape wêreld bestaan dus uit meer as net die dinge wat ons kan sien (Van Genderen & Velema, 2008:278).

So word die leer oor die engele wyd in die Bybel versprei en aan ons bekendgemaak. Hierby sluit ons egter nie die *Engel van die HERE* in nie. Anders as die engele in die algemeen, is die *Engel van die HERE* 'n Godverskyning, terwyl die ander engele geskape diensknegte en boodskappers van die HERE is. Hier volg enkele voorbeelde van verwysings na engele, in beide die Ou en Nuwe Testament:

- (1) In Genesis 28 droom Jakob van 'n leer wat van die aarde tot in die hemel strek, met talle engele wat daarop op- en afklim.

- (2) Dink aan die drie manne wat in Genesis 18 aan Abraham verskyn het — dit was engele.
- (3) Nadat Dawid die volk getel het en daarvoor deur die HERE gestraf is, stuur die HERE pessiectes; ons lees dan dat dit 'n engel is wat mense met die dood tref: “Toe Dawid sien hoe die engel onder die volk doodslaan, het hy tot die HERE gespreek en gesê: “Kyk, ék het gesondig, en ék het verkeerd gehandel, maar wat het hierdie skape gedoen? Laat u hand tog teen my wees en teen my familie” (2 Sam. 24:17).
- (4) Dink verder aan hoe die engel vir Elia gesorg het toe hy van koning Agab en Isébel gevlug het en, uitgeput, onder die besembos aan die slaap geraak het; die engel het hom opgehelp met kos gevoed het, 1 Konings 19.
- (5) In Psalm 91 lees ons: “want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë. Hulle sal jou op die hande dra, sodat jou voet teen geen klip stamp nie” (Ps. 91:11-12). Net so leer ons Here Jesus in Mattheus 18:10 dat 'n mens nie die kindertjies moet verag nie, omdat hulle engele in die hemele altyd die aangesig van die Vader in die hemel sien.
- (6) In Daniël 7 lees ons dat die engele 'n magdom is wat God dien. Net so lees ons in Nehemia 9:6 van hierdie magtige leërskaare van engele wat God almal geskep het: “U is alleen die HERE, U het die hemel, die hoogste hemel en al sy leërskaare, gemaak, die aarde en alles wat daarop is, die seë en alles wat

daarin is, en U hou dit alles in die lewe, en die leër van die hemel buig hulle voor U neer". Van hierdie magdom engele sê ons Here Jesus dat Hy, indien nodig, legioene engele op Sy bevel beskikbaar het (Mat. 26:53).

- (7) Daar is ook 'n verskeidenheid van engele wat spesifieke take ontvang, soos die engel Gabriël⁷⁶, of die engel Migael⁷⁷, waarvan daar verskeie verwysings in die Skrif is. Die Ou Testament beskryf engele verder as gerubs (Gen. 3:24; Eseg. 10) en serafs (Jes. 6:2 e.v.).
- (8) Hierdie engele, wat Job in hoofstuk 38:7 die "seuns van God" noem, was volgens hom getuies van God se skeppingswerk aan die begin. Ook in die boek Openbaring lees ons hierdie menigte engele wat rondom die troon staan en God lof bring (Openb. 5:11; vgl. Heb. 12:22). Hierdie engele was dus van die begin van die skepping daar, en hulle sal teenwoordig wees tot aan die einde, by die finale oordeel (2 Thess. 1:7).
- (9) Die engele is dus in diens van God en medediensknegte van mense (Openb. 19:10), maar is ook tot diens van mense gestel (Heb. 1:14). Daar is groot blydschap onder die engele wanneer sondaars tot bekering kom (Luk. 15:10). Volgens die Nuwe Testament het ons die wet deur die beskikking van engele ontvang (Hand. 7:53; Gal. 3:19; Heb. 2:2).

⁷⁶Daniël 8:16 e.v.; 9:21 e.v.; Lukas 1:11-20; Lukas 1:26-38; Handeling. 8:26, 10:3 e.v., 27:23.

⁷⁷Daniël 10:13, 21; 12:1; Judas 9.

- (10) Verder verwys die Nuwe Testament dikwels na die engele, soos wanneer Paulus sê: “Maar al sou ons of ’n engel uit die hemel julle ’n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom ’n vervloeking wees!” (Gal. 1:8); of “Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek ’n klinkende metaal of ’n luidende simbaal geword.” (1 Kor. 13:1); of “Daarom moet die vrou ’n aanduiding van gesag op die hoof hê ter wille van die engele” (1 Kor. 11:10); of “Laat niemand julle van jul prys beroof nie, al sou hy behae hê in nederigheid en verering van die engele” (Kol. 2:18a).
- (11) Die belangrikste is egter dat die Nuwe Testament ons leer dat die engele in die diens van Christus staan (Mat. 4:11; 26:53), en dat Christus ver bó die engele verhewe is (Heb. 1).

4.3.4.2 Die doel en taak van engele in God se skepping

Wat is dan die doel van die engele? Engele is nie, soos dikwels deur die wêreld uitgebeeld word, sagte en weerlose wesens nie. Volgens die Skrif, hoewel engele boodskappers is, is hulle ook sterke krygsmanne, wat bekwaam is om oorlog te voer (vgl. Ps. 103:20; Luk. 2:13).

4.3.4.2.1 In diens van God, van Christus, en van die kerk

Engele is letterlik gestuurdes en boodskappers. As gestuurdes is dit die doel en taak van engele om in diens van God te wees, asook in diens van die uitverkorenes (Heyns, 1978:114).

In die eerste plek dien hulle as diensknegte in God se teenwoordigheid om sy lof te besing. Een teoloog beskryf hulle as “gehoorsame ambassadeurs [wat] teokratiese getuies by uitnemendheid genoem word”. Soos in Psalm 103 vermeld word: “kragtige helde wat sy woord volbring ... dienaars wat sy welbehae doen” (Ps. 103:20-21). Hulle luister dus na die stem van God en voer sy wil gehoorsaam uit.

Toe ons Here Jesus in Mattheus 4 deur die Satan versoek is, was dit engele wat gekom het om Hom te dien nadat Hy die versoeking deurstaan het. In Hebreërs 1:6 lees ons: “al die engele van God moet Hom [dit is Jesus Christus] aanbid”. Ook by die wederkoms, soos in Mattheus 24 beskryf, staan daar: “En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan” (Mat. 24:31).

So sien ons dat engele dienende geeste van God is, maar ook in diens staan van die uitverkorenes. In ons teksgedeelte word in vers 14 gesê dat die engele “almal dienende geeste [is] wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe” (Heb. 1:14).

Dink byvoorbeeld aan die apostels wat in die gevangenis was in Handeling 5, daar was dit ’n engel van die Here wat die deure van die gevangenis oopgemaak en die apostels daar uitgelei het (Hand. 5:19). Net so, toe Herodes vir Petrus in die gevangenis laatwerp het, staan daar meteens ’n engel by hom, en laat die boeie van sy hande afval en lei hom uit die gevangenis (Hand. 12). Vir Petrus was dit soos ’n

droom — dit het vir hom onwerklik gevoel. Nadat die engel vir Petrus uitgelei en verdwyn het, sê Petrus: “Nou weet ek waarlik dat die Here sy engel gestuur en my gered het uit die hand van Herodes en uit al die verwagtinge van die Joodse volk” (Hand. 12:11). Later, wanneer hy by die ander gelowiges aansluit, sê hulle dat dit sy engel wat hom gered het (Hand. 12:15).

4.3.4.2.2 *Bied beskerming*

Ons sien dus dat die diens van engele aan die uitverkorenes is om hulle te beskerm. Dit bring onmiddellik vir ons die vraag na vore: Het elke gelowige dan sy eie beskermingengel wat net vir hom (of haar) werk om hom op te pas, soos wat die Roomse Kerk glo? Nee, ons teksgedeelte maak dit baie duidelik dat die engele almal dienende geeste is, wat in geheel die gelowiges beskerm. God beoefen sy beskermende mag deur middel van engele (Van Genderen & Velema, 2008:279). Elke gelowige het dus nie sy of haar eie persoonlike engel nie; die engele is dienende wesens van God wat Hy stuur.

Die engele is nie oor ons gestel sodat ons hulle moet aanbid omdat hulle ons beskerm nie. Hulle is dienaars van God, en nie middelaars na God toe nie. Hulle diens geskiet deur die bemiddeling van ons Middelaar, Jesus Christus (Van Genderen & Velema, 2008:279).

So lees ons ook in Openbaring 22 dat toe Johannes die engel sien en hy voor hom neerval om hom te aanbid, die engel vir hom sê: “Moenie! Want ek is ’n

mededienskneg van jou en van jou broeders, die profete, en van hulle wat die woorde van hierdie boek bewaar. Aanbid God” (Openb. 22:9).

4.3.4.2.3 Beveg bese magte

Laastens kan genoem word dat engele ook die taak het om die bese magte te beveg.

In Openbaring 12, vanaf vers 7, lees ons:

En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígaël en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp (Openb. 12:7-9).

Dit bring ons by die gevalle engele in God se skepping.

4.3.4.3 Die gevalle engele in God se skepping

Saam met Openbaring 12 is daar ’n paar ander gedeeltes in die Bybel wat vir ons vertel van die boosheid wat op die aarde gekom het deur die gevalle engele. Hierdie gebeure het dus plaasgevind voor die sondeval van die mens, soos vermeld word in Genesis 3 waar daar na die slang verwys word, wat listiger was as al die diere (Gen. 3:1 e.v.).

Ons verwys veral na vier teksgedeeltes oor die gevalle engele. In Judas vers 6 lees ons: “En die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hulle eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar”. Dit beteken nie dat die engele vrywillig na die aarde gekom het nie, maar dat God hulle uitgewerp het. So word dit ook vermeld in 2 Petrus 2:4, waar

gesê word dat: “God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word” (2 Pet. 2:4).

Dit beteken egter nie dat die bose magte nou nie meer in die wêreld teenwoordig is nie. Inteendeel, hulle is steeds aktief besig om die uitverkorenes aan te val. Die verwysing na engele in die hel moet saam met Openbaring 12 en 20 verstaan word, waaruit blyk dat Satan reeds nou gebind is — hy kan nie ten volle sy eie wil uitoefen nie — maar hy beweeg rond om mense te verlei, totdat hy uiteindelik by die eindoordeel finaal in die poel van vuur gewerp sal word (vgl. Openb. 20:10).

’n Derde sogenaamde verwysing na die gevalle engele kom voor in Jesaja 14. Hier lees ons nie van die Satan self nie, maar vind ons ’n metafoor waarin die koning van Babilonië vergelyk word met die val van Satan, wat homself as god verhef en toe in sonde geval het (vgl. Calvin, 1850 — kommentaar op Jes. 14:12). So staan daar geskryf:

Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldigter van die nasies! En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste! Ja, in die doderyk sal jy neergewerp word, in die diepste plekke van die kuil!
(Jes. 14:12-15).

4.3.4.3.1 Wat van Genesis 6?

Laastens verwys ons na Genesis 6. Baie mense lees hierdie gedeelte en maak die afleiding dat dit handel oor gevalle engele wat met die mense gemeenskap gehad het, sodat daar reuse op aarde ontstaan het. Daarom is dit nodig om vir 'n oomblik by Genesis 6 stil te staan om te verklaar wat hierdie gedeelte beteken. Ons lees daar, vanaf vers 1 tot en met vers 4:

Toe die mense op die aarde begin vermeerder en daar vir hulle dogters gebore is, sien die seuns van God dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het. Toe sê die HERE: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd en twintig jaar. In dié dae was die reuse op die aarde, en ook daarna, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam.

Nou ontstaan daar onmiddellik by 'n mens 'n paar vra, soos: Wie is die reuse (of *Nefilim*)? Daarby ook: Wie is die seuns van God en die dogters van die mense waarna in Genesis 6:4 verwys word? Tekstueel staan daar dat die sogenaamde reuse reeds eerste bestaan het, en dat daarna die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan het, sodat hierdie vroue vir hulle kinders gebaar het. Dit wil dus voorkom asof die reuse sinoniem is met die seuns van God, en dat die kinders wat gebore is, weer as die geweldiges (of aansienlikes) van die ou tyd beskryf word.

Die woord wat ons as “reuse” vertaal, is die woord *Nefilim*. Die oorsprong of stamwoord waarvan *Nefilim* afgelei is, het ten minste een van twee

betekenismoontlikhede⁷⁸. Die een stamwoord, (nāpal II) dui daarop dat hierdie sogenaamde reuse die “gevallenes” is. Die ander moontlikheid, (pālā’) verwys na wonderbaarlik sterk mense. Bybelvertalings verkies dus meestal die tweede moontlikheid, en vertaal dit gewoonlik as “reuse”. Tog kan die woord “reuse” misleidend wees, omdat daar nie na bonatuurlike groot wesens verwys word nie, maar na groot en buitengewoon sterk krygsmanne of vurige vegters. Om hierdie rede verwys baie vertalers bloot na hierdie manne as die *Nefilim*, as ’n transliterasie van die oorspronklike taal. Die woord “*Nefilim*” word ook gebruik om die groot en reusagtige manne aan te dui wanneer die verspieders na die krygsmanne in Kanaän verwys, soos in Numeri 13.

Wat moet ons dus verstaan met betrekking tot wie hierdie sogenaamde reuse is? En wie is die “seuns van God” en “dogters van die mense” waarna ons teksgedeelte verwys? In die kerkgeskiedenis is daar drie interpretasies vir wie die seuns van God en die dogters van mense is (Bingham & Tweeddale, 2022)⁷⁹:

- (1) Een van die interpretasies is dat die seuns van God engele is wat met mense gemeenskap gehad het. Tog sê Jesus in Lukas 20 dat engele nie trou nie.

⁷⁸ “(1393a) נְפִילִים (nēpîlîm) **giants, the Nephilim**” (Harris, 1980).

⁷⁹Vir interpretasies van hierdie woord vanuit die geskiedenis, sien Peterson (2016). Peterson gee bondige oorsig van die interpretasies uit die geskiedenis, maar maak ongegronde afleidings oor die kern van die onderwerp.

(2) Die volgende interpretasie is dat hierdie seuns van God mans wat uit 'n edele lyn afkomstig is, soos konings wat met gewone vroue trou. Hieroor is daar egter geen duidelike bewys nie.

(3) Die laaste moontlikheid, wat in lyn is met wat in Genesis 6 volg — waar slegs 'n oordeel oor die mens uitgespreek word, asook wat voor en ná die gedeelte gestel word — is dat hierdie seuns van God verwys na die (Goddelike) verbondslyn wat van Set afkomstig is, terwyl die dogters van die mense die lyn van Kain verteenwoordig (met ander woorde “die saad van die slang”).

Waar laat dit ons? Hoe moet ons hierdie teksgedeelte verstaan? Die logiese afleiding wat ons kan maak, is dat Moses hier vertel van reusagtige manne — geweldige krygsmanne, manne wie se roem hulle vooruitgegaan het omdat hulle die magtiges of sterkes van hulle tyd was. Hierdie manne stam dus nie van engele wat omgang met mense gehad het nie, maar kom waarskynlik uit die stam van Set — 'n Goddelike stam wat met die goddelose stam van Kain vermeng het. Só 'n verklaring strook met die onmiddellike konteks van Genesis 6, asook met dié van Genesis 1-11 as geheel, waar die algehele afvalligheid van die mensdom op aarde vóór die sondvloed beskryf word.

Wat leer ons, in opsomming, oor die leer aangaande engele? Engele is werklik; hulle is diensknegte en boodskappers van God, en staan gereed om die uitverkorenes te dien en te beskerm.

Deur te erken dat daar engele is, verstaan ons ook waar die boosheid vandaan kom, en hoe dat die Bose steeds vandag nog aan die werk is. Daarom kan en moet ons, as gelowiges van God se Woord, saam met Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 12, die bestaan van engele bely, omdat dit deel vorm van die werklikheid waarvan die Skrif getuig. Só bely ons:

En Hy het ook die engele goed geskep om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien⁸⁰. Sommige van die engele het uit die verhevenheid waarin God hulle geskep het, in die ewige verderf verval⁸¹, maar die ander het deur die genade van God in hulle toestand volhard en staande gebly. Die duiwels en bese geeste het só ontaard dat hulle vyande van God sowel as van alles wat goed is⁸². Soos moordenaars loer hulle op die kerk — ook op elke lidmaat — om dit met alle mag in die verderf te stort en om alles deur hulle bedrieëry te verwoes⁸³. Daarom staan hulle deur hulle eie boosheid veroordeel tot die ewige verdoemenis en verwag hulle daagliks hulle verskriklike pyniging⁸⁴. Daarom verfoei ons ook die dwaling van die Saduseërs, wat ontken dat daar geeste en engele is⁸⁵; ook verwerp ons die dwaling van die Manigeërs, wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en reeds van nature sleg is en nie sleg geword het nie.

⁸⁰ Genesis 1:29-30; Psalm 34:8; Psalm 103:20-21; Matteus 4:11; Handeling 17:25; 1 Korintiërs 6:20; Hebreërs 1:14

⁸¹ Johannes 8:44; 2 Petrus 2:4; Judas 6

⁸² Genesis 3:1-5; Lukas 8:30-31; 1 Petrus 5:8

⁸³ 2 Korintiërs 2:10-11; 2 Korintiërs 11:3; 2 Korintiërs 11:14; Efesiërs 6:12; Openbaring 12:4; Openbaring 12:13-17; Openbaring 20:7-9

⁸⁴ Matteus 8:29; Matteus 25:41; Lukas 8:31; Openbaring 20:10

⁸⁵ Handeling 23:8

Wanneer gelowiges besef dat Christus bo die engele verhewe is en dat engele in diens van God en sy kerk staan, word nie net ons geloofsbelydenis versterk nie, maar word ons ook getroos: God beskerm en versorg sy volk deur die bediening van engele wat in sy diens staan. Hierdie waarheid wek by kinders verwondering oor God se heerskappy en leer hulle om die werklikheid van engele reg te verstaan — nie as voorwerpe van aanbidding nie, maar as God se gehoorsame boodskappers wat sy wil uitvoer tot voordeel van sy uitverkorenes (vgl. Heb. 1; Ps. 103:20–21; Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 12). Só dien hierdie huisgodsdienst-tema daartoe dat kinders nie net kennis van engele opdoen nie, maar ook leer om God te eer as die Here wat sy kerk bewaar en regeer.

4.3.5 Huisgodsdienst-tema: Skepping en evolusie — God is die Skepper van hemel en aarde — nie die evolusie van Darwin nie!

Hierdie huisgodsdienst-tema vorm deel van hoofstuk 4 se fokus op die Bybelse skeppingsleer teenoor naturalistiese verklarings van die kosmos. Wanneer kinders leer wat die Skrif rondom God as Skepper van hemel en aarde bely, en nie deur die evolusie-teorie, word hulle wêreldbeskouing gevorm vanuit die vertrekpunt dat die skepping doelbewus uit God se hand kom en deur sy Woord onderhou word (vgl. Gen. 1:1-3; Heb. 11:3; Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 12; Heidelbergse Kategismus, Sondag 9). Omdat skoolkurrikula Darwinisme so sterk beklemtoon, is dit belangrik om die onderskeid tussen beperkte biologiese veranderinge en evolusionisme as ideologie helder te maak, sodat kinders krities en vanuit geloof kan onderskei en hulleself te kan verantwoord.

Lees: Genesis 1:1-31

Fokus: Genesis 1:1-3, 11-12, 21, 24-25

Waarom moet ons kennis dra van Darwinisme, en kan ons nie bloot net die leer oor die skepping soos in die Skrif aanhoor nie? Ons moet bewus wees van Darwinisme en evolusionisme, want ons kinders word direk daaraan blootgestel.

Trouens, kinders wat Natuurwetenskappe of Biologie neem, moet Darwin se hipotese as teorie⁸⁶ van Graad 10 tot en met matriekeindeksamen in diepte bestudeer (Departement van Basiese onderwys, 2020). In soverre Darwin se sogenaamde teorie as werklike en geldige natuurverskynsels te verklaar, sou dit op sigself nie problematies wees nie.

Tog is Darwin se evolusieteorie nie slegs 'n wetenskaplike teorie vir die natuurwetenskappe nie, maar ook 'n filosofie, of liever 'n ideologie van naturalisme (sonder verifieerbare feite), wat evolusionisme as die oorsprong of “skepper” van die skepping voorhou (Van Genderen & Velema, 2008:265-266, 274).

Daar behoort dus onderskeid getref te word tussen evolusie as 'n wetenskaplike teorie en evolusionisme as 'n wêreldbeskouing (Van Genderen & Velema, 2008:273). Die

⁸⁶Hoewel daar voortaan in hierdie proefskrif na Darwin se teorie verwys word, beskou die outeur dit nie as 'n feitlike teorie nie, maar as 'n hipotese wat nog nie bewys is nie. In hierdie opsig bly Darwin se teorie steeds 'n hipotese gebaseer op waarnemings.

groot probleem met Darwin se teorie is dat dit God as Skepper uit die natuurwetenskap en biologie wil uitsluit.

Wie Darwinisme dus as waarheid aanvaar, moet per implikasie die wêreldbeskouing van die Christendom verwerp (Groothuis, 2011:276; Van Genderen en Velema, 2008:274). Met die aanvaarding van evolusionisme word God as Skepper ontken, die beeld van die mens ingrypend geskend, erfsonde ontken, en die mens se doel op aarde verskuif na 'n volgehoue selfsug van "oorlewing van die sterkste" (vgl. Frame & Torres, 2015:202).

Daarom is dit noodsaaklik dat ons as gelowiges weet wat Darwinisme behels, en dat ons duidelik bewus is van ons eie oortuigings rakende die skeppingsleer, sodat ons ons kinders kan toerus om sinvol te antwoord en gepas te reageer wanneer hulle hiermee gekonfronteer word.

4.3.5.1 Evolusie⁸⁷

4.3.5.1.1 Darwin & evolusionisme

'n Buitengewone professor in biologie wat in Darwin sy tyd geleef het, George Mitvart, het van Darwin gesê dat hy naturalisme voorveronderstel sodat hy alle godsdienstige werklikheid kan wegredeneer (Groothuis, 2011:279-280). Trouens, Darwin self het erken dat hy glo daar geen intelligente ontwerp in die verskeidenheid van organiese wesens is nie; met ander woorde, dat daar geen God kan wees wat al hierdie wesens geskep het nie (vgl. Groothuis, 2011:272).

⁸⁷ Vir meer in-diepte inligting oor Charles Darwin en die ewolusie-teorie, lees meer in afdeling 4.2.3 e.v.

Wie was Charles Darwin? Charles Robert Darwin is in 1809 gebore. Aanvanklik het hy die Genesis-weergawe van die skepping aanvaar, en het hy gestudeer met die oog daarop om 'n predikant te word. Aan die einde van sy studiejare aan Cambridge het hy egter meer belang gestel in biologie. In 1831 het hy as 'n naturalis vir vyf jaar lank op 'n reis in die Suid-Atlantiese en Stille Oseaan gevaar om geologie sowel as fauna en flora te bestudeer (Holmes, 1997).

Tydens sy reistogte het hy waargeneem dat daar variasie tussen lede van dieselfde spesie bestaan — eienskappe wat deur oorerwing na die volgende generasie oorgedra word. Op hierdie reistog is hy ook beïnvloed deur die teorie van 'n ekonoom, T.R. Malthus (1766-1834), wat handel oor die stryd om oorlewing. Darwin het hierdie idee toe toegepas as 'n moontlike verduideliking van sy waarnemings in die natuur.

Deur sy bevindinge het hy sy teorie ontwikkel, naamlik evolusie deur natuurlike seleksie. Hierdie teorie behels dat alle organismes betrokke is in 'n stryd om oorlewing, en dat slegs die sterkstes sal oorleef en die gunstige eienskappe aan hulle nageslag oordra — soveel so dat een spesie as gevolg hiervan tot 'n ander spesie kan ontwikkel.

Hierdie teorie vind gestalte in sy bekende boek, *On the Origin of Species by Means of Natural Selection, or the Preservation of Favoured Races in the Struggle of Life*, wat in 1859 gepubliseer is. In 1871 het hy hierdie teorie verder toegepas op die oorsprong van die mens, in sy boek *The Descent of Man* (vgl. Departement van Basiese onderwys, 2020:263-264; Holmes, 1997).

Hoewel Darwin se teorie tot vandag toe nog nie bewys is nie, het dit tog aanleiding gegee tot 'n beweging wat as Neo-Darwinisme bekendstaan. Hierdie benadering word steeds in die wetenskap beoefen en aan kinders op skool geleer as enigste moontlikheid vir die verstaan van werklikheid.

4.3.5.1.2 *Mikro- en makro-evolusie*

Wat hierdie teorie van evolusie betref wat vir ons kinders geleer word, word die term “biologiese evolusie” op verskillende maniere gebruik, wat verwarrend kan wees. Hier volg vier maniere waarop mense dit gebruik (vgl. Moreland & Reynolds, 1999:24-26). Eerstens kan dit verwys na iets wat as 'n feit beskou word. Evolusie as feit in die biologie dui dus op die waarneming dat sekere spesies met verloop van tyd verander — soos byvoorbeeld gesien kan word in die verskillende tipes honde wat 'n mens kry. Hierdie verskynsel staan bekend as mikro-evolusie.

Die tweede wyse waarop biologiese evolusie gebruik word, is as die teorie dat 'n organisme 'n radikale biologiese verandering ondergaan, sodat die organisme taksonomies verander in 'n nuwe soort organisme. Hierdie siening staan bekend as makro-evolutionêre verandering.

Derdens, soortgelyk aan die vorige, word biologiese evolusie soms eenvoudig verstaan as verandering wat oor tyd plaasvind deur middel van faktore soos natuurlike seleksie, lukrake genetiese mutasies, tyd, en toeval, wat die verskillende lewensvorme, soos wat dit vandag bestaan, laat ontstaan het. Dit is hierdie siening wat as Neo-Darwinisme bekendstaan.

Die laaste manier waarop biologiese evolusie verstaan word, is as 'n filosofiese benadering om wetenskaplike naturalisme te verduidelik. Hierdie siening word deur wetenskaplikes soos die ateïs Richard Dawkins gehuldig. Gelowiges behoort hierdie filosofie van evolusionisme ten sterkste te verwerp, aangesien dit, hoewel dit op die wetenskaplike teorie van evolusie voortbou, nie wetenskap is nie, maar eerder 'n geloof in evolusie binne 'n naturalistiese wêreldbeskouing wat God as Skepper ontken (Van Genderen & Velema, 2008:274).

4.3.5.1.3 *Wat is Darwinisme?*

Dit is duidelik dat dit moeilik is om onderskeid tussen evolusie, evolusionisme, en Darwinisme te tref, aangesien hierdie begrippe nou verwant is. Hoewel die leer van evolusie en die leer van Darwinisme nie presies op dieselfde verskynsel dui nie (Van Genderen & Velema, 2008:265), kom die teorieë in beginsel op dieselfde neer: naamlik dat die ontwikkeling van 'n laer vorm die rou materiaal word vir 'n hoër vorm, sodat een spesie na bewering in 'n ander spesie kan verander, en dat die mens kennelik van diere afstam, soos Charles Darwin en sy voorgangers geglo het — sonder dat daar egter bewyse daarvoor was (Bavinck, 1928:474; Van Genderen & Velema, 2008:265-266). Van Genderen en Velema (2008:266) skryf verder hieroor:

The period of the emergence of Darwinism—which was not limited to biology but became an ideology that influenced psychology and sociology, as well as paleontology and geology—was followed by a time in which criticism of Darwin's hypothesis intensified. It remained to be confirmed by facts, which were, however, definitely lacking. In the meantime Darwinism had become so pervasive that it persisted, although in a modified form (Neo-Darwinism).

Darwinisme kan dus as 'n sambreelterm beskryf word wat die opvatting insluit dat die hele skepping gevorm is deur 'n onbeplande proses wat afhanklik is van toeval (Groothuis, 2011:277). Dit is nie slegs 'n wetenskaplike teorie nie, maar 'n evolusionêre denkgigting wat die verlede, hede, en toekoms omvat (Van Genderen & Velema, 2008:266).

4.3.5.1.4 *Natuurlike seleksie, lukrake mutasies*

Darwinisme vind dus sy oorsprong in Darwin se teorie van evolusie, wat hy beweer het in die natuur waargeneem kan word. Die kern van hierdie teorie is dat die natuur ons leer dat alle lewende wesens gedwing is om aan die sogenaamde stryd om die bestaan "*struggle of life*" deel te neem, met slegs een van twee uitkomstes: om óf tot volmaaktheid te ontwikkel, óf om ten gronde te gaan. Vandaar die term oorlewing van die sterkste "*survival of the fittest*". Dit volg dat die natuur 'n keuse uitoefen uit al die plante, diere en mense, en die mees aangepastes of gunstiges uitsonder, sodat hierdie sterkstes met mekaar sal voortplant en so die swakkeres uitskakel. Volgens Darwin se teorie sal die sterkes hulle sterkste gene aan hulle nageslag oordra, sodat hierdie organismes tot volmaaktheid kan vorder. So, meen hy, het die mens ontstaan — uit die sterkste van die ape (Bavinck, 1928:474).

Dit is wat vir ons kinders op skool geleer word (Departement van Basiese onderwys, 2020:263-265; sien bronverwysing hierbo).

Hoewel dit waar is dat ooreenkomste tussen verskillende dinge waargeneem kan word, is dit geen bewys vir die teorie dat een soort uit 'n ander sy oorsprong vind nie.

Al bestaan daar ook verskeidenheid tussen dinge, en al kan daar selfs waargeneem word dat nuwe variëteite wetenskaplik gesproke deur teling of deur omstandighede ontstaan, beteken dit nog nie dat daar sprake is van ontwikkeling na 'n ander taksonomiese klas of van een spesie na 'n ander spesie nie (Van Genderen & Velema, 2008:266).

Tog word dit in soveel woorde aan ons kinders geleer dat een spesie geheel en al tot 'n ander spesie kan lei:

Die formasie van 'n nuwe spesie word spesiasie (spesievorming) genoem. Jy het alreeds geleer dat variasie in individue veroorsaak is deur seksuele voortplanting, genetiese mutasies, oorkruising, willekeurige rangskikking, ensovoorts. As genoeg van hierdie variasies gebeur en gehou word binne 'n populasie, hoe meer waarskynlik sal dit wees dat 'n spesie kan verander (Departement van Basiese onderwys, 2020:270).

Wat hier met (biologiese) spesie bedoel word, is “'n groep organismes met eenderse eienskappe wat in dieselfde area leef en wat onder mekaar kan teel om vrugbare nageslag te produseer”, terwyl met populasie bedoel word “'n groep individue van dieselfde spesie wat 'n sekere habitat beset” (Departement van Basiese onderwys, 2020:259).

Nog erger, op grond van hierdie teorie, wat as *spesiasie* bekend staan, word daar (deur middel van 'n filogenetiese diagram)⁸⁸ aan ons kinders geleer dat die mens sy

⁸⁸Volgens Departement van Basiese onderwys (2020:291) is die filogenetiese diagram: “'n Vertakkingsdiagram of “boom” wat die evolusionêre verwantskappe tussen biologiese spesies uitwys”.

oorsprong te danke het aan hierdie proses van natuurlike seleksie, en dat die mens eers 'n dier was voordat hy tot 'n mens ontwikkel het (Departement van Basiese onderwys, 2020:294-295).

Daar word beweer dat die moderne mens, wat tans in die spesie *Homo sapiens* geklassifiseer word, aanvanklik deel van die diereryk was en oor miljoene jare gevorder het vanaf die koninkryk Animalia, na die klas Mammalia (soogdiere), binne die orde van Primate (dit is diere met duime en vingernaels, ensovoorts), na die familie van Hominidae (mense, sjimpansees, gorilla's en oerang-oetangs), verder tot binne die genus Homo, en uiteindelik tot die spesie Homo Sapiens (naamlik die “wyse mens”) (Departement van Basiese onderwys, 2020:292).

Dit, terwyl die Skrif baie duidelik leer dat die mens van die begin af na die beeld van God geskape is, sodat die mens heeltemal anders is as die res van die skepping — geskape in ware geregtigheid en heiligheid (Heidelbergse Kategismus Sondag 3 vraag en antwoord 6), met 'n intelligensie wat sy oorsprong in God vind, juis om oor die kosmos met al sy plante en diere te heers.

4.3.5.1.5 *Verhouding tussen wetenskap en teologie: 'n Probleem?*

Die Bybel leer ons nie dat dit wat ons in die natuur ontdek — juis ook deur wetenskaplike navorsing — en dit wat ons glo op grond van wat God ons in sy Woord leer, in stryd met mekaar is nie. Die sondige wêreld wil ons egter leer dat wetenskap en geloof nie vermeng mag word nie, en gee voor dat ons slegs die verskynsels in die wêreld deur wetenskaplike navorsing mag verklaar. Tog is so 'n siening vir ons as

Christene ongeldig, want wetenskap ondersoek juis die skepping wat God geskape het (Stoker & Stoker, 2013).

As gelowiges glo ons in 'n rasionele God wat die wêreld geskape het. Hy het die mens só geskape dat ons oor die intellektuele kapasiteit beskik om kennis van die wêreld op te doen (Moreland & Reynolds, 1999:8). Só het alle wetenskappe slegs die vermoë om te beskryf wat reeds in die skepping teenwoordig is, en kan geen (natuur)wetenskap betekenis buite die Bybel om toeken of aan verskynsels voorskryf nie⁸⁹.

Om hierdie rede is Charles Darwin se teorie vir gelowiges 'n ernstige probleem. Trouens, selfs wêreldbekende biologiese wetenskaplikes wat pioniers in hulle veld is, verwerp Darwin se teorie omdat dit, volgens hulle, geen bydrae gelewer het tot die bestaande deurbrake in biologie nie. Onder hierdie wetenskaplikes tel embrioloog Karl Ernst von Baer, bioloog Richard Owen, soöloog Louis Agassiz en genetikus Gregor Mendel, asook meer onlangs, die chemikus Philip, S. Skell (Groothuis, 2011:277-278)⁹⁰. In 2001 het kritiek uiteindelik gelei tot 'n openbare verklaring deur meer as 900 wetenskaplikes uit verskillende wêreldbeskouings, wat aangedui het dat hulle skepties is oor Darwin se teorie van lukrake mutasie en natuurlike seleksie, omdat hulle nie glo

⁸⁹“Science can only subject observable reality to investigation. The regularities that it looks for, and the links that it establishes, fall within the limits of its own field of research. In its totality creation comprises far more than what falls within the scientific horizon” (Van Genderen & Velema, 2008:273).

⁹⁰Sien ook Groothuis (2011:268) vir verdere kritiek uit Darwin se tyd sowel as hedendaagse kritiek; asook Moreland en Reynolds (1999:31-32), wat veral uitwys dat Charles Hodge en B.B. Warfield sterk teen Darwin standpunt ingeneem het).

dat hierdie teorie die kompleksiteit van die lewe kan verantwoord nie (Groothuis, 2011:269).

Nietemin het Darwin se teorie steeds 'n groot invloed op die manier waarop hedendaagse wetenskap in die algemeen, asook in skole en universiteite, benader word.

4.3.5.2 Skepping volgens Genesis 1:1-3

4.3.5.2.1 Elkeen volgens sy soort ... tipe evolusie as mikro-evolusie?

Gelowiges moet besef dat teologie en die Woord as God se openbaring aan geen teorie gebind kan word nie (Van Genderen & Velema, 2008:276). Net so is dit waar dat die Skrif, wat God se besondere openbaring aan die mens is, nie in stryd kan wees met die natuur as God se algemene openbaring wat Hy geskape het nie. Beide die natuurwetenskappe en die teologie is dus besig met onderskeie aspekte van God se openbaring. Die natuurwetenskappe mag nie buite hulle veld spekulêr nie, en die teologie mag nie verder uitsprake maak as wat die Skrif openbaar nie. Beide die wetenskappe en die teologie moet in gesonde wisselwerking met mekaar funksioneer (Heyns, 1978:107).

Groothuis (2011:273-274) stel ook dat Skrif en natuur nie in stryd met mekaar behoort te wees nie. Groothuis gebruik hierdie beginsel om kritiek teen kreationiste te lewer, naamlik dat hulle nie die natuur in hul eksegeese van die Skrif in ag neem nie. Groothuis loop egter, na my mening, die gevaar om in sy gevolgtrekking die Skrif te verklaar aan die hand van sy waargenome feite oor die natuur, wat tot inlegkunde kan lei —

aangesien (Frame & Torres, 2015:22) hierteen waarsku. Daarom moet 'n mens baie versigtig wees om enige teorie as absoluut te stel.

Tog moet gelowiges erken dat daar wel ontwikkeling in God se skepping is. Dit beteken nie dat die skepping sêlf die skeppingswerk verrig nie, maar dat God elke soort skepsel so geskape het dat dit die vermoë tot aanpasbaarheid het, sodat dit na gelang van sy fisiese omstandighede en behoeftes, binne sy grense kan ontplooi soos nodig. Genesis 1 maak aan ons bekend dat daar 'n verskeidenheid van plante en diere is wat God geskape het.

Selfs vanuit die geskiedenis is dit duidelik dat, hoewel daar ander vorme van plante en diere ontstaan het, dit nogtans nie nuwe soorte geskep het nie, maar steeds by die vasgestelde soorte bly, soos die Bybel openbaar. Hierdie variasie vind plaas binne die reeds geskape genetiese moontlikhede van die bestaande spesies, eerder as dat een spesie tot 'n ander sogenaamde nuwe spesie ontwikkel (Frame & Torres, 2015:201).

4.3.5.2.2 Gaping tussen vers 1, 2, en 3?

Baie mense probeer, om in die lig van die skeppingsverhaal, sin maak van die ontwikkeling wat in die wêreld waargeneem word. Sodoende poog hulle om die Bybel en die wetenskap deur hulle waarnemings en teorieë met mekaar te versoen. Dit het gelei tot die vraag of die wêreld in ses dae geskape is, of oor 'n verloop van tyd tot stand gekom het. As gevolg hiervan is Genesis 1 nader verklaar. Daar is onder andere

gevra of daar 'n gaping van tyd tussen die ontstaan van die skepping en die eerste skeppingsdag is⁹¹.

Ons het reeds gesien dat Genesis 1:1 en 1:2 by mekaar hoort, sodat die woës en leë aarde deel uitmaak van God se skeppingswerk (vgl. Van Genderen & Velema, 2008:253). Tog is dit vanuit eksegetiese moeilik, indien nie onmoontlik nie, om vas te stel of daar 'n tydperk was tussen Genesis 1:1, waar gesê word dat God die hemel en die aarde geskep het, en vers 3, waar God sê: “Laat daar lig wees”. As dit aanvaar sou word dat daar tyd verloop het tussen vers 1 en vers 3, sou dit die moontlikheid laat dat die aarde lank voor die skepping van die mens ontstaan het (Van Genderen & Velema, 2008:274).

Trouens, die gereformeerde teoloog Herman Bavinck verduidelik, ten opsigte van die verstaan van verse 1, 2 en 3, dat vers 1 die oorsprong van hemel en aarde beskryf, naamlik dat God alles geskep het, en dat in vers 2 meer spesifiek handel oor die vorming van die aarde⁹². Wanneer vers 2 meld dat die aarde “woës en leeg” was, dui dit nie daarop dat die rou materiale vir die skepping reeds bestaan het nie, soos wat die antieke Grieke met hulle verstaan van 'n soort chaos of eerste materie (sogenaamde *materia prima*) geglo het nie. Nee, die uitdrukking dat die aarde “woës

⁹¹Daar is ook ander skeppingsteorieë waarvan kennis geneem moet word, maar wat nie noodwendig direkte betrekking op Darwinisme het nie. Die mees bekende teorieë word uiteengesit in Arnold (2007).

⁹²Soos Bavinck dit stel: “gaat vers 2 terstond tot de aarde over, de kosmogonie word geogonie” (Bavinck, 1928:439).

en leeg” was, dui op die skepping self — dit wys op dit wat God reeds uit niks geskep het.

In vers 3 lees ons God sê: “Laat daar lig wees! En daar was lig”. Die vraag wat by ’n mens ontstaan, is of verse 1 en 2 deel uitmaak van die eerste skeppingsdag, en of dit aan die eerste dag voorafgegaan het? Hierdie vraag ontstaan omdat lig met die dag geassosieer word (soos God dit later in vers 5 bevestig), wat daarop dui dat die eerste dag moontlik eers by vers 3 begin.

Bavinck verskaf hiervoor ’n bevredigende verklaring. Hy voer aan dat verse 1 en 2 handel oor God se *creatio prima* — met ander woorde, die skepping uit niks — en dat hierdie skepping nog ongevormd was. Daarná begin God met die ses skeppingsdae en gee Hy vorm aan die skepping, wat Bavinck *creatio secunda* noem. Hieruit kan dus afgelei word dat God in sy almag alles uit niks, dit wil sê sonder enige middele, geskape het, en dat Hy vervolgens in sy almag die primêre skepping middellik in ses dae gevorm het. Hiervan getuig Genesis 1 sowel as Eksodus 20:11 en 31:17 (Bavinck, 1928:439-440).

Met hierdie oorweging in gedagte, kan gelowiges met Bavinck saamstem dat die skepping ’n reeks asemrowende wonderwerke is, wat in die Bybel met een kwashaal vir die mens uitgebeeld word, sonder om al die besonderhede daarvan weer te gee. So kan ons bely (soos in die Gereformeerde Ekumeniese Sinode van Amsterdam van 1949) dat die skeppingsverhaal aan die mens gegee is in ’n vorm wat vir hom verstaanbaar is. Al kan ons hierdie Goddelike daad nie ten volle verstaan nie, het ons

steeds genoeg openbaring om God, ons Skepper en Here, te verheerlik vir sy almag en voorsienigheid (Van Genderen & Velema, 2008:274).

4.3.5.3 Samevatting

Tot vandag toe kon niemand die teorie van evolusionisme as feitlik korrek bewys nie. Evolusie bly dus 'n teorie wat die bestaan van God as die Skepper ontken, ten einde eerder aan die geloof in evolusionisme as 'n wêreldbeskouing vas te hou. Met ander woorde, dit is 'n naturalistiese wêreldbeskouing wat die skepping eer in plaas van die Skepper self. Die evolusieteorie stel dus dat evolusie die oorsprong en rede is vir alles wat ontstaan het. Hierdie tipe denke het egter nie sy oorsprong in Darwin se teorie alleen nie, maar kan reeds teruggevoer word na nie-Christelike filosofieë wat alreeds in die 6de eeu v.C. bestaan het (Frame & Torres, 2015:202).

In die lig van die Skrif kan gelowiges nie met die teorie van evolusie en Darwinisme saamstem nie. Ons hou vas aan die Bybel as God se openbaring aangaande die leer van die skepping. Vir ons staan wetenskap en die Bybel nie teenoor mekaar as teenstrydige bronne nie, maar is dit beide openbarings van God. Daarom bely ons, en leer ons ons kinders, dat God alleen alles uit niks geskape het en dat Hy dit in sy almag gedoen het soos Hy in sy Woord openbaar — naamlik in ses skeppingsdae; en dat Hy die mens na sy beeld geskep het, en nie — as wat Darwinistiese teorie beweer — dat die mens uit die diereryk ontstaan het nie.

Terwyl ons in die geloof hieraan vashou, behoort ons die leuen van Darwinisme uit te wys en daarteenoor die Bybelse leer van die skepping te verkondig en te verdedig —

omdat slegs dít wat die Skrif leer, die waarheid is waardeur die werklikheid rondom ons sinvol verstaan kan word.

Wanneer gelowiges verstaan dat God alleen alles uit niks geskape het en dat die mens van die begin af na sy beeld geskape is, versterk dit nie net ons geloofsbelydenis nie, maar ook ons roeping om die skepping met dankbaarheid en verantwoordelikheid as rentmeesters tot eer van God te bewoon. Hierdie waarheid bring kinders tot verwondering oor God se almagtige skeppingswerk en leer hulle om evolusionisme as 'n naturalistiese interpretasie te identifiseer, terwyl hulle steeds aan die Bybelse getuienis van skepping, orde en doel vashou (vgl. Gen. 1:11-12, 21, 24-25; Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 12; Heidelbergse Kategismus, Sondag 9).

4.4 APOLOGETIESE TOERUSTING

Kort nadat ek my navorsing oor Charles Darwin voltooi het, het ons gesin op 'n kampeervakansie vertrek. Met al die inligting oor Darwin wat my oorweldig en opgewonde gemaak het om te deel, het ek dit tydens die lang motorrit met my vrou en kinders bespreek. Wat ek op daardie stadium nie besef het nie, is dat hierdie gesprek my kinders, en veral my 12-jarige seun, voorberei het op 'n situasie waarin hy homself binnekort sou bevind.

By die kampeerterrein waar ons uiteindelik ons kamp opgeslaan het, was daar 'n gesin langs ons met seuns van ongeveer dieselfde ouderdom as my seun. Soos dit dikwels by kampterreine gebeur, maak kinders vinnig vriende en begin gesels. Kort nadat my seun met die bure se hoërskoolseun in gesprek getree het, het dit geblyk dat die bure ateïsties

is. Vir byna twee dae het daar deeglike geloofsgesprekke tussen my seun en die bure se seun plaasgevind. Die bure se seun het verduidelik dat hulle in Darwinisme glo en dat hulle nie in God glo nie.

Wat hierdie geleentheid vir ons as ouers so waardevol gemaak het, is dat my seun gereeld na ons toe teruggekeer het om die vordering van hulle gesprekke met ons te deel. Dit het ons in staat gestel om hom te begelei in hoe om, met liefde en deernis, die waarheid van die evangelie te deel, terwyl hy terselfdertyd reeds toegerus was om die tekortkominge van Darwinisme uit te wys. Natuurlik is ons jonger kinders ook aan baie van hierdie gesprekke blootgestel, en kon hulle saam met ons daaroor gesels en insien hoe die naturalistiese wêreldbeskouing van ateïsme en Darwinisme nie standhou teenoor die waarheid wat die Christelike wêreldbeskouing handhaaf nie. (Venter, 2024a).

Deur hierdie gebeurtenis blyk dit duidelik dat wanneer, Christenouers en volwassenes kinders met die nodige kennis oor ander dominerende wêreldbeskouings toerus, kinders in staat is om hulleself te handhaaf en rekenskap te gee van die waarheid van die evangelie wat in hulle is, teenoor die leuens waarmee hulle gekonfronteer word. Hierdie geleentheid het ons as ouers in staat gestel om as gesin daaroor te gesels en om ook die jonger kinders te help om hulle geloof en denke binne die Christelike wêreldbeskouing te vorm.

Wanneer 'n mens deur die skeppingsleer werk, soos dit in die antitetiese deel van hierdie hoofstuk uiteengesit is, raak 'n mens al meer bewus van dít wat Calvyn oor die verhouding tussen die kennis van God en die kennis van die mens gesê het (vgl. die afdeling 4.3.1: Skepping as bonatuurlik — erkenning van die bestaan van God). Die mens kan slegs goed, reg en geseënd leef wanneer hy besef dat hy 'n skepsel is wat

gemaak is om sy Skepper in dankbaarheid te dien en Hom daarin te verheerlik. Ook dít is wat gelowiges aan kinders behoort te leer.

Op grond van die bostaande inligting in hierdie hoofstuk word daar vervolgens gefokus op apologetiese toerusting vir Christenouers en -voogde wat met voorskoolse kinders werk. Hierdie toerusting het ten doel om, vanuit die Christelike wêreldbeskouing, herhaaldelik antwoorde te bied op die verskeie stellings van Naturalisme oor die ontstaan en wese van die heelal.

4.4.1 Sekulêre humanisme se naturalistiese skeppingsbeskouing: Toepassings vir ouers en kinders

Hier volg 'n paar aspekte en sake wat in die bostaande hoofstuk oor sekulêre humanisme en Nuwe Ateïsme bespreek en uitgelig is met betrekking tot skeppingsbeskouing. Soos reeds genoem, is dit duidelik dat wanneer die bestaan van 'n Godheid verwerp word, dit ook ander aspekte van die wêreldbeskouing van sodanige persone beïnvloed, onder andere hulle opvattinge oor die wêreld, die mens, wetenskap, doel, ensovoorts. In hierdie afdeling sal die fokus primêr op die skeppingsbeskouing wees:

4.4.1.1 Die Oerknal-teorieë en die Eerste Oorsaak

- Richard Dawkins se benadering is om kinders deur interessante wetenskaplike teorieë (soos dié van Hubble en Doppler) te probeer oortuig dat daar bewyse is vir die Oerknal-teorie. Tog is hierdie teorieë nie geldige bewyse vir die Oerknal nie, en is hierdie benadering bloot 'n manier om kinders deur nuuskierigheid te probeer oortuig. Terwyl Dawkins hierdie nuuskierigheid en

leergierigheid van kinders gebruik om onwaarhede oor te dra, behoort gelowiges dit soveel te meer te benut om die waarheid van die werklikheid oor te dra.

- 'n Verdere indiepte ondersoek na die ontstaan van die Oerknal-teorie toon dat Friedmann, net soos Einstein, met 'n hipotetiese heelal gewerk het om tot die gevolgtrekking te kom dat daardie hipotetiese heelal uitbreidend is, wat toe net so op die werklike heelal toegepas is. Latere aanpassings, soos die opblaas-kosmologie-teorie, is ook gemaak om die Oerknal-teorie te laat pas by die feit dat alles ordelik gerangskik is. Daar het ook meer onlangse teorieë ontstaan wat spekuleer dat daar nie net een heelal is nie, maar talle meeralle. Vanuit 'n Christelike wêreldbeskouing kan aan kinders verduidelik word dat hierdie teorieë, ondanks die gebrek aan bewyse, steeds glo dat daar meeralle kan wees. Terwyl hulle hierdie teorieë — wat op aannames berus — gelowig aanvaar, verwerp hulle eenvoudig die moontlikheid van 'n Eerste Oorsaak wat self nie veroorsaak is nie.

4.4.1.2 Die sogenaamde normale toestand van die wêreld

- Nuwe Ateïsme volg Darwin se naturalistiese beskouing dat die heelal in 'n normale toestand verkeer, en aanvaar dit gelowig. Hierteenoor kan die gelowige duidelik uitwys dat God 'n ordelike skepping daargestel het, maar dat die mens en die wêreld in sonde verval het. Tog het God in sy genade en voorsienigheid 'n verlossing bewerk wat tot 'n herstelde skepping sal lei.

- Naturalisme, wat die werklikheid van die sondeval en boosheid ontken deur die daarstelling van die teorie van natuurlike seleksie: Die naturalistiese wêreldbeskouing probeer die gevolge van die sondeval verklaar deur die teorie van natuurlike seleksie, wat as beginsel dien vir elke spesie se selfbehoud en waarskynlik verduidelik waarom daar uitwissing onder spesies plaasvind. So probeer naturalisme sin maak van die verkeerdheid in hierdie wêreld, sonder om die werklikheid van God en die mens se sondeval in berekening te bring. Wanneer hierdie teorieë aan kinders verduidelik word, kan selfs kinders insien dat sulke evolusionistiese teorieë leemtes oor die werklikheid bevat wat deur die Christelike wêreldbeskouing verreken word.

4.4.1.3 Darwin se natuurlike seleksie, spesievorming en evolusie as alternatief vir die ontkenning van 'n Intelligente Ontwerper

Daar is reeds heelwat gefokus op Darwin se teorieë en die tekortkominge daarvan.

Hier volg slegs 'n samevattende uiteensetting:

- Met betrekking tot variasies binne spesies, spesievorming, en die klassifisering van spesies en subspesies, is daarop gewys dat Darwin se teorieë geen bewys bied dat een spesie tot 'n ander spesie kan ontwikkel nie. Selfs Darwin het erken dat hierdie teorieë nie as algemene waarhede gebruik kan word nie, maar dat dit vir hom as raamwerk gedien het om sin te maak van die verskeidenheid ontdekkings wat hy gemaak het. Die Nuwe Ateïsme neem egter Darwin se teorieë as normatief vir die begrip van die werklikheid.

- Darwin het aanvanklik besef en te kenne gegee dat geen spesie van een na 'n ander kan oorgaan nie, maar om sy teorie te laat geld, moes hy later beweer dat een spesie wel na 'n ander kan oorgaan. Aan kinders kan verduidelik word dat mense soms hulle uitsprake aanpas om by hulle idees of ideologieë te laat pas, veral as hulle besef dat daar geen bewyse vir hulle idees bestaan nie. Só kan mense dan selfs die waarheid verdraai om hulle vertelling oortuigend te laat klink. In die logika staan dit dikwels bekend as die hoë-kostefaling⁹³.
- Die inskakeling van tyd om naturalisme tot evolusie te regverdig: Vir Darwin se teorie oor evolusie as 'n houdbare verklaring vir natuurlike seleksie om te geld, moes hy die konsep van tydsverloop inbou. Aan kinders kan hierdie konsep so verduidelik word: selfs al word tydsverloop in berekening gebring, is dit steeds onmoontlik vir een spesie om in 'n ander spesie te verander. Dit is vergelykbaar daarmee om vir 'n kind te sê dat sy speelgoed-dinosourus, indien hy lank genoeg wag, in 'n regte mens verander. Dit is daarom misleidend om die aspek van tyd as verklaring te gebruik vir die bewering dat een spesie in 'n ander spesie kan verander.
- Darwin het erken dat daar geen duidelike, objektiewe maatstaf is waarvolgens hy spesies kan onderskei nie. Kinders kan egter maklik sien dat daar verskillende soorte of spesies bestaan, en dat diere soos katte en honde nie

⁹³'n Hoë-koste falings-, of -argument, is 'n redenasiefout waar iemand 'n swak of ongeldige argument bly verdedig, bloot omdat daar reeds baie tyd, energie of selfs ander hulpbronne daarin belê is.

van dieselfde spesie is nie. Darwin voer verder aan dat alle wetenskaplike, hipotetiese bevindinge, op grond van die beskikbare feite, deeglik en oordeelkundig geweeg moet word. Selfs kinders weet dat 'n mens soms waarnemings maak wat nie korrek is nie omdat hulle nie al die nodige kennis oor die betrokke saak het nie. Eers wanneer daar genoegsame kennis oor 'n saak beskikbaar is, kan 'n geldige interpretasie gemaak word om die saak reg te verstaan. Net so gebeur dit dikwels dat wetenskaplike teorieë tot verkeerde gevolgtrekkings kom omdat nie al die relevante kennis beskikbaar is nie, of — soos in die geval van Darwinisme — sekere kennis, soos die werklikheid van God, nie in ag geneem is nie.

- Darwin se relatiewe en dubbelsinnige definiëring en gebruik van die terme “spesie”, “variëteite” en “genus”, wat dikwels as sinoniem gebruik word: Deur Darwin se dubbelsinnig definiëring en gebruik van hierdie terme as wissel terme, word gevolgtrekkings gemaak wat as wetenskaplik voorgehou word, maar wat in werklikheid feitlik verkeerd is en op aannames berus. Dit lei daartoe dat evolusionisme eerder as 'n ideologie gesien kan word as 'n wetenskaplike feit. Daarteenoor kan kinders geleer word dat die Christelike wêreldbeskouing nie in stryd is met wat in die Bybel én in die werklikheid waargeneem kan word nie. Die Bybel leer in die skeppingsverhaal dat elke ding volgens sy soort geskape is en dat God die skepping voltooi het, sodat daar geen nuwe soorte uit ander soorte kan ontstaan nie. So is dit moontlik om

verskillende tipes honde en katte (variëteite) te hê, maar 'n hond of 'n kat sal nooit in 'n ander soort verander nie.

- Darwin se teorie wat diagrammatiese skattings bevat wat nie verifieerbaar is nie: Darwin stel sy hele teorie oor die verskillende soorte spesies diagrammaties voor, en maak vervolgens afleidings deur woordkeuses soos: “Thus it is, as I believe”, en: “... are supposed to have ...” (Darwin, 2018:116) te gebruik. Dit is nie wetenskaplike taalgebruik nie, want hy maak gebruik van aannames om 'n bepaalde hipotese as 'n ideologie te handhaaf.
- Richard Dawkins poog in sy boek *The Magic of Reality* spesifiek om kinders te oortuig van hierdie neo-darwinistiese wêreldbeskouing van Nuwe Ateïsme. Tog lewer hy geen bewyse nie, maar vertel bloot van 'n hipotetiese naturalis wie se kennis geleidelik uitbrei totdat hy glo soveel kennis opgedoen het dat hy besef een spesie kan in 'n ander een verander. Aan kinders kan dit maklik verduidelik word dat Darwin self besef het dat spesies van mekaar verskil, maar dat dit geen bewys is dat een spesie tot 'n ander kan ontwikkel nie.
- Darwin se intrinsieke teenstrydigheid in sy teorieë: Darwin het in sy teorie, wat hy as feitlik korrek voorhou, gestel dat groter groepe van 'n bepaalde spesie, deur die beginsel van natuurlike seleksie, altyd sterker sal word en kleiner groepe tot uitwissing sal bring. Nadat hy hierdie teorie verduidelik het, maak hy 'n voorspelling wat logies hieruit volg, naamlik dat alle groot groepe van 'n spesie gevolglik vir duisende jare sal voortbestaan. Tog maak hy later hierdie

teenstellende opmerking: “But which groups will ultimately prevail, no man can predict; for we well know that many groups, formerly most extensively developed, have now become extinct” (Darwin, 2018:118-119). Deur so ’n stelling maak Darwin ’n opmerking wat geheel en al teenstrydig is met sy teorie.

- Ten spyte daarvan dat Darwin aanvanklik in ’n Intelligente Ontwerper geglo het, het hy later begin twyfel nadat hy sy teorie verabsoluteer het: Aanvanklik was Darwin ’n Christen en het hy, soos ook Paley (vgl. Darwin, 1958:87), geglo in die bestaan van ’n Intelligente Ontwerper geglo, soos blyk uit Paley se bevindinge oor die besonderheid van die menslike oog. Selfs nadat Darwin sy teorie begin vorm het en in ’n Intelligente Ontwerper begin twyfel het, het hy steeds gesê dat hy, wanneer hy na die skepping kyk, nie anders kan as om te besef dat die skepping groter is as die menslike verstand nie. Hy het verder gereken dat, as ’n mens na die menslike intellek en rede kyk, ’n mens nie anders kan nie as om te erken dat daar ’n Intelligente Wese bestaan wat ooreenkomste met die mens toon — daarom het Darwin homself selfs op hoë ouderdom nog as teïs beskou.
- Uiteindelik het Darwin egter tot die gevolgtrekking gekom dat die mens se gedagtes nie betroubaar is nie, omdat die mens volgens sy teorie van diere afkomstig sou wees. Hierdie gedagtegang kan eenvoudig aan kinders verduidelik word deur te sê dat mense se gedagtes anders as dié van diere geskape is, sodat die mense in staat is tot rasonale denke. Dit is juis deur

hierdie vermoë tot nadenke dat die mens skeppend oor die aarde kan heers. Darwinisme, daarenteen, leer dat die mens uiteindelik ook net 'n dier is wat moet oorleef.

4.4.1.4 Oorlewing van die sterkstes as hoogste doel

- Darwin kom aan die einde van sy hoofstuk oor natuurlike seleksie en spesies se selfbehoud tot die gevolgtrekking — wat as onsamehangend beskou kan word — dat die sterkste spesies deur natuurlike seleksie, wat die stryd om oorlewing en oorerwing insluit, behoue sal bly. Daarteenoor kan aan kinders verduidelik word dat so 'n teorie nie verduidelik hoe een spesie tot 'n ander spesie ontwikkel nie. Al wat hierdie verklaring meedeel, is dat spesies in 'n stryd om oorlewing gewikkel is. Kinders kan dus verstaan dat een soort spesie nie in 'n ander spesie oorgaan bloot omdat hy daardie spesie bedreig nie.
- Die kontras van oorlewing van die sterkstes as deel van die normale toestand van die wêreld. Naturaliste beskou die oorlewing van die sterkstes as 'n noodsaaklike deel van die werklik, waar doodmaak en mededinging as deel van oorlewing verstaan word en alles steeds beskou word as in 'n normale toestand. Die eenvoudige teenstrydigheid kan aan kinders verduidelik word deur te wys dat Darwinisme glo uitwissing van spesies klaarblyklik deel van spesies se vooruitgang en hul oorgang na ander spesies. Kinders kan leer dat die werklikheid van die sondeval nie deur die konsep “oorlewing van die sterkstes” verduister of weggeredeneer kan word nie. Hoewel naturaliste die

oorlewing van die sterkstes probeer regverdig, bly dit eties verkeerd, ontken dit God as die hoogste goed, en ken dit skeppingsmag toe aan die skepping self. Christene erken dat mededinging wel 'n werklikheid is, maar dat dit afhang van die mens hoe dit gebruik word — vir goed of vir kwaad. Om te beweer dat die oorlewing van die sterkstes die normale gang van sake behoort te wees, is soortgelyk aan die stelling dat Hitler reg opgetree het deur die massamoord op die Jode te pleeg, wat uit die aard van die saak totaal verwerp moet word.

- Hedendaagse darwinistiese ateïste beskou natuurlike seleksie as kreatief en skeppend, maar nie in 'n absolute sin soos Christene nie. In hierdie opsig is natuurlike seleksie slegs skeppend in soverre dit die reeds bestaande kan benut om nuwe uitkomst te bewerkstelling (vgl. Ayala, 2006). Dit impliseer dat naturaliste hulle eie wêreldbeskouing kontrasteer deur te aanvaar dat natuurlike seleksie nie meer die primêre oorsprong en dryfkrag van alles is nie. Hierdie teenstrydigheid kan maklik aan kinders verduidelik word.

4.4.1.5 Die sogenaamde doellose doel van die mens in die skepping en die rol van die wetenskap

- Die wese van die heelal (ontologie) bestaan volgens naturalisme uit empiriese wetenskap wat natuurwette ontdek, sonder om enige inherente doel daaraan te verbind. Vir kinders kan verduidelik word dat, indien naturalisme logies wil deurgevoer en konsekwent toegepas word, die wese van die heelal as een groot toevalligheid beskou moet word, en daarmee saam as doelloos. Tog demonstreer die heelal juis vir die mens die teenoorgestelde. Byna alles wat

ons ken, funksioneer nie net op grond van oorsaak en gevolg nie, maar in besonder ook op grond van doelgerigtheid.

- Volgens Dawkins is die doel van natuurlike seleksie slegs om 'n geldige verduideliking vir die ontstaan van lewe te bied, maar sonder om enige doel aan die lewe self toe te ken. Tog handhaaf sogenaamde nuwe-Darwinistiese ateïste soms dat daar tog 'n vorm van doel behoort te wees (vgl. Carroll, 2017). Hieruit kan aan kinders verduidelik word hoe Nuwe Ateïste by die Christelike wêreldbeskouing leen om sin te probeer maak uit die idee van 'n werklike doel in die skepping. Desondanks ontken Nuwe Ateïste steeds die bestaan van 'n transendente, kosmiese doel, en soek hulle die hoogste vorm van doel vir die mens slegs immanent in die menslike daad self.
- Die ontkenning van God en die verabsoluttering van die empiriese benadering tot wetenskap deur moderne Darwinistiese naturalisme: Richard Dawkins skryf sy hele boek, *The Magic of Reality*, met die uitdruklike doel om veral vir kinders te leer dat enige vorm van geloof bloot as mite beskou moet word, in teenstelling met die sogenaamde "wonder" van wetenskaplike waarneembaarheid. Hierdie siening is egter 'n absolute wanopvatting wat aan kinders uitgewys behoort te word. Empiriese waarneembaarheid is nie die enigste maatstaf waardeur werklikheid bevestig kan word nie.

Hierdie tipe denke wat kenmerkend is van sekulêre humanisme, het 'n wye invloed op moderne media en op die opvoeding van kinders. Selfs al vermeld min

kinderprogramme of -films direk die terme “sekulêre humanisme”, “evolusionisme” of God se bestaan, word aspekte van hierdie wêreldbeskouing dikwels deur middel van hierdie media oorgedra. Vir Christenouers en -voogde bied dit ’n uitdaging, maar ook ’n geleentheid. Aan die eenkant moet hulle krities bewus wees van hierdie invloede in gewilde kindermedia. Aan die anderkant kan hulle dieselfde media aanwend as aanknopingspunt vir apologetiese gesprekke met hulle kinders, spesifiek om uit te wys hoe ’n mensgesentreerde begrip van die lewe ontoereikend is, en hoe ’n Godgesentreerde beskouing die werklikheid korrek verklaar.

Om hierdie rede volg daar vervolgens enkele voorbeelde van gewilde animasie-kinderfilms en/of filmreekse waarin temas oor sekulêr-humanisme se skeppingsbeskouing voorkom, gevolg deur voorstelle vir gespreksvoering waartydens ouers kinders oor hierdie sake kan toerus.

4.4.2 Sekulêr-humanistiese temas in gewilde kinderfilms en -reekse

Daar bestaan talle voorbeelde van kinderfilms en/of -reekse wat ’n naturalistiese wêreldbeskouing handhaaf en uitbeeld. In hierdie afdeling, wat fokus op die skeppingsbeskouing van ’n naturalistiese wêreldbeskouing, sal daar slegs op die volgende gewilde voorbeelde gefokus word, naamlik: *The Croods* en *Ice Age*. In elk van hierdie stories word die afwesigheid van ’n transendente God veronderstel — indien Hy volgens die betrokke films enigsins sou bestaan. Die gevolg, soos ons reeds gesien het wanneer God ontken word, is dat aspekte soos moraliteit, betekenis en identiteit voorgehou word asof dit in die mens self, in die mensdom of in die natuur

gegrond is. Hierdie verhale word slegs as voorbeelde gebruik en word daarom net oorsigtelik bespreek, met enkele verwysings of aanhalings waar die skeppingsbeskouing beklemtoon word.

4.4.2.1 The Croods (2013)

Die animasiefilm *The Croods* (2013) vertel die verhaal van 'n prehistoriese gesin van grotmense wat genoodsaak is om te vlug nadat hulle grotwoning vanweë 'n aardbewing ineenstort. Die verhaal laat dit blyk dat hierdie gesin die enigste mense is wat nog op aarde oorbly. Weens hierdie ramp onderneem die Croods 'n reis deur 'n onvoorspelbare wêreld van evolusie, waarin hulle verskeie nuwe ontwikkelings beleef. Die film speel af in 'n evolusionistiese oertyd en is duidelik Darwinisties van aard. Die verhaal begin met 'n ondertoon wat die gevaar van primitiewe oorlewing en die oorlewing van die sterkstes beklemtoon, asook 'n vrees vir alles wat onbekend en nuut is. Dit is 'n wêreld waar slegs die sterkste en mees aanpasbare kan oorleef. Die vader van die gesin, Grug, leer sy kinders deur middel van stories dat enigiets nuuts noodwendig tot die dood kan lei. Hierdie vreesgedrewe ingesteldheid verteenwoordig die primitiewe, vroeë stadiums van hoe oermense volgens naturalistiese evolusie die lewe en die werklikheid rondom hulle sou beskou.

Die verhaal stel ook 'n ander menslike karakter, genaamd Guy, aan die gehoor bekend. Hy is 'n jong man wat nie meer 'n gesin het nie en geleer het om op sy eie te oorleef. Teenoor die Croods-gesin word Guy as baie intelligent en selfs modern voorgestel. Hy beskik oor 'n verskeidenheid nuwe en innoverende idees en

tegnologieë, soos die ontdekking van vuur, die maak van skoene en die gebruik van strikke om diere makliker te jag. 'n Mens kan sê dat Guy die volgende stap in die evolusieproses verteenwoordig. Guy glo dat die natuurrampe wat die Croods se huis getref het, aanduidings is dat die wêreld besig is om te verander, en dat oorlewing radikale nuwe wyses van dink en aanpassing verg. Hy stel die Croods keer op keer bekend aan 'n alternatiewe benadering tot oorlewing, naamlik dat dit nie primitiewe en onnadenkende menslike kragte is wat oorlewing verseker nie, maar dat vindingrykheid die sleutel tot oorlewing is. Hierdie konsep herinner aan die neo-Darwinistiese evolusieteorie, waarvolgens natuurlike seleksie oorlewing bevorder deur middel van konstante aanpassing en innovasie, wat uiteindelik tot die verabsoluttering van menslike denke en wetenskap as bron van absolute kennis lei.

Die wêreld waarin die Croods en Guy hulleself bevind, word voorgestel as 'n lewensgevaarlike en dinamiese heelal wat voortdurend in ontwikkeling is, sonder enige verwysing na 'n Intelligente Ontwerper of spesifieke skeppingsdoel. Daar is geen melding gemaak van 'n sondeval as moontlike oorsaak van die natuurrampe nie. Die mens word verder in beheer van sy eie toekoms geplaas deurdat hy, met sy eie denke en vindingrykheid, 'n nuwe en beter wêreld kan vind en skep. Dít is juis wat Guy profeties aan die Croods-gesin kom verkondig, sodat hulle hom kan volg na hierdie nuwe wêreld van die toekoms.

Evolusionistiese konsepte soos spesievorming, natuurlike seleksie en die oorlewing van die sterkstes, word in die film geïllustreer deur plante, diere en voëls voor te stel

wat anders is as die wat in die werklikheid bestaan. Daar is byvoorbeeld 'n verskeidenheid diere wat saamgestel is uit verskillende spesies, soos 'n krokodil-hond of 'n voël-kat, wat dui op die idee van evolusie as kreatiewe krag van nuwe spesies uit oues voortbring. Hiermee word nie gesuggereer dat films met sulke voorstellings taboe is nie, maar dit is wel belangrik dat Christenouers bewus sal wees van die naturalistiese wêreldbeskouing wat in hierdie media geskets word, sodat hulle hul kinders hieroor kan onderrig. Sulke gemengde wesens stel vir kinders 'n makro-evolusie op 'n fassinerende wyse as realiteit voor.

In die afwesigheid van enige goddelike ingryping of leiding, word die menslike hart, die vermoë tot selfaanpassing, en die strewe na 'n uitweg die hoogste doel in die lewe — in wese die oorlewing van die sterkstes. Hierdie verhaal kan by kinders die indruk skep dat vooruitgang en verlossing voortvloei uit die mens se eie denke en wetenskaplike vooruitgang, wat egter in stryd is met die Bybelse narratief van skepping, sondeval en herskepping.

4.4.2.2 Ice Age (2002, 2006, 2009, 2012, 2016)

Die Ice Age filmreeks beeld 'n wêreld uit waarin verskeie dierspesies oor miljoene jare heen saam moet oorleef te midde van drastiese klimaatsveranderings en geologiese verskuiwings. Die verhaal fokus op 'n onwaarskynlike kern-groepie vriende, naamlik Manny die mammoet, Sid die grondluiaard en Diego die sabeltandtier. Saam moet hierdie vriende deur 'n wêreld beweeg en aanhou aanpas, aangesien die natuur voortdurend in verandering is.

Hierdie miljoene-jare oue wêreld van *Ice Age* is gebaseer op die Darwinistiese wêreldbeskouing, waarin spesies spontaan deur evolusie ontstaan het. Hierdie hoofkarakters in die verhaal beskik elkeen oor unieke eienskappe wat bydra tot die oorlewing van die groep. Daar kan verder aangevoer word dat elke karakter se persoonlikheid verskillende aspekte van evolusionêre geskiedenis en natuurlike seleksie verteenwoordig. Die afwesigheid van 'n oorspronklik volmaakte skepping of sondeval impliseer dat konflik, dood en katastrofes van die begin af deel was van die normale verloop van die lewe. Daar is ook geen verwysing na 'n Skepper, 'n eindbestemming of herskepping wat sin of betekenis aan die lyding gee nie — alles is bloot die oorlewing van die sterkstes.

Regdeur die *Ice Age*-films is daar 'n ander karakter met die naam Scrat. Hoewel Scrat nie 'n hoofrol in die verhaal speel nie, is hy tog die aanleiding tot die hele verloop van die verhaal. Scrat is 'n eekhoring wat voortdurend op soek is na sy akker, wat hy nooit werklik in besit kry nie. Hierdie karakter dien as 'n karikatuur wat, deur sy eindelose en inspannende soeke na sy akker, 'n eksistensiële doelloosheid simboliseer. Daarby funksioneer Scrat as katalisator vir kosmiese veranderinge, soos rampe wat verskuiwings tussen ystydperke veroorsaak. Scrat se karakter simboliseer die voorstelling van 'n evolusionistiese heelal wat sonder doel net voortbestaan, sonder enige verwysing na 'n Skepper of ewige betekenis.

Verder word temas soos oorlewing, instink, vriendskap en naaste liefde in die film beklemtoon, wat alles binne die raamwerk van 'n naturalistiese wêreldbeskouing pas.

Soos in *The Croods* is dit nie God wat die wêreld geskep, bewaar of herskep nie — dit is eerder die spesies self wat hul plek moet vind deur oorlewing, vernuwing en aanpassing. Indien kinders nie toegerus word met 'n Christelike wêreldbeskouing nie, en indien ouers nie met hulle kinders gesels oor hierdie invloede nie, kan die idees — naamlik dat sin, doel en menslikheid slegs binne die skepping self gevind word — kinders se wêreldbeskouing ongewens beïnvloed.

4.4.3 Apologeties-begeleidende gesprekke met kinders

Hieronder volg tematies-georiënteerde voorbeeldvrae en -antwoorde wat met kinders gevoer kan word oor die verskil tussen die skeppingsbeskouing van 'n sekulêr-humanistiese wêreldbeskouing en dié van die Christelike wêreldbeskouing. Die bedoeling van hierdie vrae en antwoorde is nie om so volledig te wees dat dit alle aspekte aanspreek nie. Dit is bloot 'n aantal voorbeelde wat ouers en volwassenes wat met kinders werk, kan help om basiese gesprekke en toerusting te bied, sodat hulle daardeur gestimuleer word om verdere gesprekke in hierdie verband met kinders te kan voer.

Verder, omdat ouers en volwassenes dikwels beide jonger sowel as ouer kinders teenwoordig het wanneer gesprekke gevoer word, bevat die onderstaande gesprekke telkens 'n vraag op laerskoolvlak sowel as op voorskoolvlak, wat dan gevolg word met 'n antwoord deur die ouer.

4.4.3.1 *Gesprek oor die oorsprong van alles*

4.4.3.1.1 *Laerskoolvlak-vrae:*

Jy onthou mos die fliek van *The Croods*. Het jy al agtergekom dat daar in *The Croods* én in baie ander animasie-flieks soos *Ice Age*, wat oor die natuur en mense gaan, nooit gesê word dat God die aarde gemaak het nie? In *The Croods* sowel as in *Ice Age* is daar elke keer natuurrampe wat hulle bedreig. Het jy agtergekom dat daar nêrens enigiets genoem word van die sondeval wat sulke rampe veroorsaak nie? Elke keer word dit aanvaar dat die skepping en natuur net daar is. Hoekom is alles gemaak, met ander woorde wat is die doel van alles wat gemaak is? Hoekom is daar iets in plaas van niks? Daar is mense wat glo dat alles maar net per ongeluk ontstaan het uit 'n groot ontploffing wat hulle die Oerknal (*Big Bang*) noem. Dink jy alles het sommer net begin bestaan of moes iemand soos God dit gemaak het? Dink jy 'n groot ontploffing uit niks en wat niemand eers aan die gang gesit het, kan dinge soos plante en diere en mense so mooi en goed maak soos wat dit is? Daar is ook mense wat leer dat al die mooi diere en selfs mense almal ontstaan het uit een en dieselfde klein bakterieë. Dink jy dit kan gebeur dat diere en mense en plante en alles eers een en dieselfde soort ding was en nou is almal ander verskillende spesies?

4.4.3.1.2 *Voorskoolvlak-vrae:*

Onthou jy die fliek van *The Croods*, oor daardie mense wat in die grot bly en toe moes wegvlug nadat hulle grot inmekaar geval het? Waar dink jy het die diere en die mense op aarde vandaan gekom? Dink jy alles en almal het sommer vanself begin lewe, of het iemand soos God alles gemaak? Dink jy God het alles in die wêreld deur 'n groot ontploffing gemaak, of dink jy Hy het tyd gevat en moeite gedoen om alles met liefde

te maak? Jy weet mos hoe klein is party goggas. Party mense glo dat God nie die plante en diere en mense gemaak het nie, maar dat alles per ongeluk vanself van een klein goggatjie kom en dat alles so gegroei het dat alles nou anders is as daardie eerste goggatjie. Dink jy dit kan regtig gebeur, of dink jy dat God die plante, diere en mense — vir jou en vir my — mooi en goed gemaak het?

4.4.3.1.3 *Konseptantwoord en beredenering van die ouer:*

Die mense wat glo dat alles sommer net ontstaan het uit 'n groot ontploffing en dat lewe ontstaan het uit 'n klein organisme soos 'n bakterie, gebruik dinge soos oorsaak en gevolg verkeerd. Hulle probeer om alles te verduidelik asof daar nie 'n God is nie. Maar ons weet dat alles wat bestaan nie sommer vanself kan gebeur nie. Daar moes iemand soos God wees wat alles aan die begin gemaak het.

Omdat daardie mense nie in God glo nie, dink hulle iets soos die Oerknal (of die *Big Bang*) uit om te verduidelik waar alles vandaan kom. Maart die Bybel leer ons tog so duidelik dat God die heelal en alles uit niks geskep het. Hy het alles ordelik en liefdevol gemaak; Hy het verskillende soorte plante en diere gemaak, en Hy het die mens gemaak om vir al hierdie dinge te sorg.

God is die rede dat alles bestaan — Hy is die oorsaak, en die wêreld met plante diere en mense is die gevolg van sy skeppingswerk. Niemand het vir God gemaak nie; Hy het alles vir 'n goeie doel deur sy Woord gemaak. As iemand vir God gemaak het, dan sou Hy nie meer God wees nie — maar Hy is God wat alles gemaak het.

4.4.3.2 *Gesprek oor evolusionisme*

4.4.3.2.1 *Laerskoolvlak-vrae:*

Jy het seker al opgemerk dat die diere in *The Croods* anders lyk as wat diere in die regte lewe lyk. Daar is baie kreatiewe mengsels van die verskillende soorte diere wat ons ken, soos byvoorbeeld 'n krokodil-hondjie. Saam met die feit dat *The Croods* vertel van grotmense en natuurrampe wat hulle leer om aan te pas, lyk dit asof die natuur ontwikkel en verander.

Dink jy dit is moontlik dat veranderinge in die natuur nuwe soorte diere kan voortbring, soos in *The Croods*? Daar is mense wat glo dat die natuur self besluit hoe nuwe diere en spesies ontwikkel om te sorg dat spesies nie uitsterf nie. Maak dit vir jou logies sin dat een spesie na 'n ander spesie kan oorgaan sodat hierdie spesie nie uitsterf nie? Dit kan tog nie gebeur nie. Selfs al sou dit kon gebeur, beteken dit nie die spesie bly voortbestaan nie, maar eerder die teenoorgestelde — met so 'n verandering sou die eerste spesie homself moes uitwis? Dit is wat sommige mense glo oor die natuur, en hulle noem dit evolusie of makro-evolusie.

Kan dit wees dat daar iets in die natuur is wat ons nie kan sien nie, iets behalwe God, wat besluit dat een soort dier in 'n ander dier verander om 'n spesifieke spesie te laat oorleef? Dink jy mense wat so glo soek net 'n ander rede om nie in God te glo nie? Hierdie mense glo ook dat so 'n verandering van spesies baie stadig, oor miljoene jare verander tot 'n ander spesie.

Dink jy dat tyd enige lewende ding in iets anders kan verander? Kan ons sê dat daar verskillende tipes honde is, maar dat hul verskille nie maak dat hulle verskillende spesies is nie, omdat alle honde steeds honde bly? Wat leer die Bybel oor die verskillende soorte lewende wesens wat God by die skepping gemaak het, en is dit moontlik dat hierdie wesens so kan verander dat hulle in iets anders ontwikkel?

4.4.3.2.2 Voorskoolvlak-vrae:

Het jy al gesien dat die diere in *The Croods* bietjie anders lyk as die diere in die regte lewe? Daar is baie interessante diere, soos 'n krokodil-hondjie. Dink jy so iets kan in die regte lewe gebeur — dat 'n krokodil in 'n hondjie of in 'n krokodil-hondjie kan verander?

Dink jy dit kan waar wees dat alle mense en diere almal van een vis af kom? Dink jy 'n vis kan oor baie, baie jare só baie verander dat die vis 'n mens kan word? Kan 'n mens sê dat 'n hondjie in die regte lewe eintlik eers 'n katjie, hasie of 'n vissie was? Wat leer die Bybel ons oor hoe God plante, diere, visse, voëls en mense gemaak het? Is ons almal dieselfde gemaak?

4.4.3.2.3 Konseppantwoord en beredenering van die ouer:

In stories soos *The Croods* en *Ice Age* sien ons baie keer 'n wêreld wat uitgebeeld word asof God nie bestaan of dat Hy alles gemaak het nie. Hierdie stories gaan oor 'n wêreld en lewe wat eers eenvoudig begin het, asof mense eers eintlik ape was wat nog dom was en nog nuwe dinge moes leer om goed te kan lewe. Baie van hierdie stories, wat deur mense geskryf is glo dat alles in die wêreld mettertyd ontwikkel het tot waar ons nou is. Hierdie mense glo in die dinge wat Charles Darwin geleer het,

maar wat verkeerd is. In só 'n verstaan van die wêreld glo hulle dat daar iets in die natuur is wat nie gesien kan word nie, en wat eintlik alle besluite neem en alles só bestuur dat die lewe en spesies kan voortbestaan. Hierdie proses noem hulle “natuurlike seleksie”.

Soos wat hulle verduidelik lyk dit eintlik asof natuurlike seleksie 'n god is wat oor alles regeer. Hulle glo hierdie dinge want hulle wil nie erken dat God bestaan nie, maar tog moet hulle iets soek wat groter en slimmer en sterker as die wêreld is. Hulle glo ook dat hierdie natuurlike seleksie die mens baie slimmer gemaak het as al die ander diere — en eintlik dat die mens eers 'n aap was. Daarom glo hulle dat die mens self moet besluit wat om in die lewe doen en hoe om te lewe dat dit goed is, omdat hulle nie glo dat God bestaan om te kan help nie.

Maar omdat God ons in Hom laat glo, weet ons dat Hy bestaan en dat Hy alles in sy skepping goed gemaak het met 'n baie goeie plan. Hy het plante en diere van die begin af volgens hulle soorte gemaak, sodat die mens dit kan oppas en gebruik om God daarmee te dien. Maar ons kom nie van diere af nie — ons is mense wat God na sy beeld gemaak het. Van die begin af het Hy ons so gemaak dat ons verstand het en dat ons kan onderskei tussen wat reg en verkeerd is sodat ons mooi kan kyk na al dinge op aarde en dat ons God met ons verstand en hart kan dien. En God is ook met ons terwyl ons hier op aarde lewe. En Hy sorg dat alles en almal volgens sy plan verloop.

4.4.3.3 *Gesprek oor die oorlewing van die sterkstes*

4.4.3.3.1 *Laerskoolvlak-vrae:*

Jy weet mos in die *Ice Age* flieks is daar die snaakse eekhoring met die naam van Scrat. Het jy al agter gekom dat hy elke keer die rede is waarom die wêreld in 'n ramp opeindig? Dit lyk asof hy die een is wat ys-tydperke veroorsaak, en dan moet al die diere vlug vir hulle lewe. Dink jy dat natuurrampe in die regte lewe ook veroorsaak word as gevolg van wat diere doen? Dink jy die natuur skep self sy eie rampe? Kan mense dalk die oorsaak wees dat rampe gebeur? Is al hierdie rampe normaal, of dink jy dit is omdat daar regtig so iets is soos 'n sondeval wat gemaak het dat die wêreld agteruitgaan? Ons sien in *Ice Age* dat Scrat die probleem van rampe veroorsaak, maar ons sien ook hoe hy toevallig ook partykeer die foute regmaak en dat die wêreld dan behoue bly.

Dink jy God is in beheer van al die rampe of dink jy dat die natuur self alles in balans hou en dat mense dit moet probeer bestuur? Met al hierdie rampe wat in *The Croods* en in *Ice Age* gebeur, sien ons dat alleen hulle wat intelligent en sterk is en wat as 'n span saamwerk, oorleef. Ons weet ook dat ons in hierdie lewe moet hard werk en slim werk, anders kan ons dalk baie swaar kry.

Dink jy dat God die lewe só gemaak het dat dit net moet gaan oor die oorlewing van die sterkstes? Dink jy dit sal goed en reg wees om ander te benadeel, net sodat ons bo in die lewe kan uitkom?

4.4.3.3.2 Voorskoolvlak-vrae:

Onthou jy die oulike en snaakse eekhoring in die *Ice Age*-fliek? Sy naam is mos Scrat en hy soek altyd sy akker wat hy die heelyd verloor. Hy maak eintlik groot probleme in die storie, want hy doen dinge wat maak dat die wêreld se groot ysberge breek en dan is al die diere in gevaar. Dit word 'n natuurramp genoem. Dink jy dit werk in die regte wêreld ook so dat diere iets kan doen wat sulke rampe maak? Dink jy dat mense groot foute kan maak dat daar sulke rampe kom? Dink jy dat God alles in sy hand vashou, selfs al is daar dinge soos die aarde wat skud of oorstromings as gevolg van baie reën of sneeu? Het jy al in *The Croods* gesien hoe slim Guy is of in *Ice Age* hoe slim die diere is om planne te maak om te vlug vir gevaar? Dink jy ons het God nodig met die moeilike dinge in ons lewens, of moet ons net sorg dat ons die sterkste van almal is, dan sal ons goed kan lewe?

4.4.3.3.3 Konseptantwoord en beredenering van die ouer:

Ons moet onthou dat wanneer ons na flieks soos *The Croods* of *Ice Age* kyk, dit oor stories gaan wat ons baie kan geniet, maar wat nie altyd dieselfde is as die regte wêreld waarin ons lewe nie. Ons moet ook nie deurmekaar raak en dink dat dit van dieselfde wêreld praat nie. Daar is mense wat glo dat ons wêreld ook so is, of dat dit so kan wees, soos wat in hierdie stories uitgebeeld word, maar dit is nie waar nie.

Hierdie stories vertel amper nooit vir ons enigiets oor God, hoe Hy die wêreld gemaak het, of dat die wêreld oorspronklik goed gemaak is nie. Al wat ons baie keer sien, is dat die wêreld vol probleme, foute en rampe is, en dat mense of diere — wat kan dink en praat soos mense — 'n plan moet maak om te oorleef en die wêreld te red van al

hierdie slegte dinge. Aan die einde van hierdie stories word daar nooit gewys hoe God alles gaan nuut maak wat deur die sondeval verkeerd gegaan het nie. Al waaroor dit baie keer in hierdie stories gaan is dat mense en diere alleen hier op aarde is en dat hulle moet oorleef — dit vertel vir ons dat alleen die sterkstes en slimstes kan oorleef.

Baie keer sal mense dink dit is reg om ander te benadeel om self te kan oorleef. Tog sien ons dat die stories ook soms wys dat jy jou naaste moet liefhê en help om te oorleef. Maar die Bybel leer nie net dat jy jou naaste moet liefhê nie, maar selfs ook jou vyande.

So ons kan duidelik sien dat mense wat glo dat jy ander moet benadeel maar ook moet liefhê om te kan oorleef, 'n verkeerde siening is en dat die Bybel reg is. Die Bybel leer verder dat swaarkry in die lewe as gevolg van die sondeval, gekom het, maar swaarkry is vir gelowiges nie 'n straf nie. God is in beheer en gebruik selfs swaarkry om ons te leer, om ons te laat groei en op Hom te vertrou. Die lewe gaan nie oor die oorlewing van die sterkstes nie, maar om in verhouding met God te leef wat vir ons sorg. Alles wat in die wêreld gebeur, is nie doelloos nie, maar het 'n goeie doel wat God gebruik in sy plan. Hy gaan weer kom om die wêreld nuut te maak sodat ons Hom vir altyd kan dien sonder enige slegte dinge. Dit is nie die mens, diere of die natuur wat besluit wat met alles moet gebeur nie, maar God wat alles in sy hand hou en sy plan uitvoer.

4.4.3.4 *Gesprek oor geloof as waarheid*

4.4.3.4.1 *Laerskoolvlak-vrae:*

Jy het seker al gehoor dat wetenskaplikes sê dat dinosourusse en mense miljoene jare gelede ontstaan het, maar hulle wil nooit erken dat alles deur God geskape is nie. Ons sien dit ook in fliëks soos *The Croods*, *Ice Age* en in baie ander stories en boeke. Daar is ook mense wat glo dat God nie bestaan nie. Hulle sal sê dat om in God te glo, is soos om te droom — dit is maar net jou eie verbeelding wat jy self opgemaak het.

Dink jy dit kan waar wees dat alles net 'n droom is, terwyl die Heilige Gees regtig in jou bly om jou te leer van wie God regtig is? Natuurlik is daar ander mense wat glo dat ander dinge hulle gode is. Dink jy dat beeldjies, klippe, bome, diere of mense gode kan wees wat aanbid word? Of is dit alles dinge wat God gemaak het en dat alleen Hy God is in wie ons kan glo?

As iemand vir jou sou sê dat alle geloof maar net mense se verbeelding is, maar om in wetenskap en die natuur te glo die enigste werklike geloof is, wat sal jy dan sê?

4.4.3.4.2 *Voorskoolvlak-vrae:*

Het jy geweet daar is mense wat glo dat God nie regtig bestaan nie en dat alles op aarde die enigste regte dinge is wat ons kan glo? Ons sien dit ook in stories soos *The Croods* en *Ice Age*, waar nooit gepraat word van God nie, maar net oor die dinge van die natuur. Daar is mense wat sê dat, as jy in God glo, dit net iets is wat jyself uitdink — soos in 'n droom. Maar God het mos in jou hart kom bly en vir jou gewys dat Hy regtig is. As die Here in jou hart gewerk het, is dit mos nie jy wat alles self uitgedink het nie.

Dink jy dit sal reg wees as mense 'n boom, 'n klip of 'n dier aanbid? Hoekom sê jy so? As jy na die pragtige sterre kyk, of na al die visse in die diep en mooi blou see, dink jy ons kan hulle aanbid omdat hulle so wonderlik gemaak is? Kan ons die mense aanbid wat goeie kameras en duikbote gemaak het om al hierdie dinge te ontdek? Of moet ons eerder vir God dankie sê vir al die mooi dinge in die natuur wat Hy gemaak het?

4.4.3.4.3 Konsepantwoord en beredenering van die ouer:

Deur die vrae en bespreking wat ons sopas gehad het, kan ons duidelik sien dat dit onsin is om te glo dat wetenskap en die natuur aanbiddingswaardig is. God wou gehad het dat ons Hom moet ken, en omdat Hy Homself aan ons bekend gemaak het deur sy Woord en sy Gees, kan ons in Hom glo. Hy het vir ons 'n verstaanbare verduideliking van die skepping gegee wat voldoende is vir ons geloof, sodat ons Hom kan aanbid en eer. Ons weet dat God die enigste ware God is wat alles gemaak het, omdat Hy dit aan ons bekend gemaak het, en die werklikheid wat ons in die wêreld sien, stem ooreen met wat God in die Bybel vir ons sê.

Mense wat glo dat wetenskap en die ontdekkings in die natuur asemrowend en aanbiddingswaardig is, wil nie erken dat God bestaan nie — alhoewel hulle sy almag in sy pragtige skepping kan sien en daarvan weet. Ons gebruik ook wetenskap om nuwe dinge in God se skepping te ontdek, want God het ons gemaak om te kan dink en om ons talente te gebruik om Hom te dien en eer. Wetenskap is nie in stryd met God se Woord nie, maar wetenskap moet gebruik word om God se werk al meer in sy skepping raak te sien — nie om Hom daarin te ontken nie.

4.4.3.5 Samevatting

Teenoor al die fliëks wat ateïstiese en sekulêr-humanistiese temas vanuit 'n naturalistiese wêreldbeskouing uitbeeld en bevorder, kan Christenouers en volwassenes wat met kinders werk, gesprekke oor hierdie sake voer. Dit is raadsaam om daarop te wys dat sulke wêreldbeskouings nie met die werklikheid, of met die Christelike wêreldbeskouing, ooreenstem nie. Kinders word hierin nie ontmoedig om na sulke verhale te kyk nie, maar word toegerus deur middel van begeleide gesprekke binne 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing.

4.5 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het aangetoon dat die verskil tussen die naturalistiese wêreldbeskouing en die Bybels-Christelike wêreldbeskouing oor die skepping nie bloot 'n verskil in wetenskaplike teorieë is nie, maar 'n diepgaande botsing van wêreldbeskouings. Die naturalistiese wêreldbeskouing verstaan die kosmos as 'n geslote, selfverklarende sisteem sonder God, terwyl die Christelike wêreldbeskouing van die werklikheid uitgaan dat die heelal 'n doelgerigte skepping is, wat deur die lewende God geskep, onderhou en tot sy eer bestaan. Waar naturalisme die ontstaan, aard en voortbestaan van die kosmos probeer verklaar sonder 'n Eerste Oorsaak of Skepper, getuig die Skrif dat alles uit niks deur die Woord van God ontstaan het, in Hom sy doel vind, en deur Hom in stand gehou word.

Hierdie waarheid is van fundamentele belang vir geloofsopvoeding en vir apologetiese toerusting, omdat kinders daardeur leer dat die werklikheid waarin hulle leef nie toevallig of betekenisloos is nie, maar 'n openbaring van God se heerlikheid is waarin sy skeppingsdoel vervul word. Juis daarom is dit noodsaaklik dat Christenkinders reeds op voorskoolse ouderdom toegerus word om naturalistiese aansprake te herken, te evalueer en antities daarteenoor te bely dat God die Skepper en Onderhouer van alles is. Só vorm hierdie hoofstuk 'n onontbeerlike skakel tussen die belydenis van God se bestaan (hoofstuk 3) en die beskouing van die mens as beeld van God (hoofstuk 5), en lê dit die grondslag vir 'n apologetiese opvoeding waarin

kinders leer om hulle geloof in die Skepper-God met oortuiging te verdedig en daadwerklik uit te leef.

HOOFSTUK 5: MENSBESKOUING

For Christians, it is God who is regarded as the source of legal and social norms, and Christ's commandments constitute an immutable moral law. The Christian system of values is theocentric and Christocentric. By comparison, secular humanism is anthropocentric, since it regards the human person as the "measure of all things", as the absolute value and yardstick of truth (Alfeyev, 2005:86).

5.1 INLEIDING

Hoofstukke 1 en 2 vorm deel van Afdeling A van hierdie studie, wat handel oor die behoefte aan die aanleer van wêreldbeskouings. In hoofstuk 1 is die behoefte aan toerusting en vorming in 'n Christelike wêreldbeskouing by voorskoolse kinders se geloofsopvoeding uitgelig, asook die sentrale rol wat ouers en opvoeders hierin speel. Hierdie behoefte word beklemtoon teen die agtergrond van die toenemende blootstelling en invloed van wêreldbeskouings op kinders. Hoofstuk 2 het veral naturalisme en sekulêre humanisme as dominerende invloede op voorskoolse kinders binne die Christendom geïdentifiseer. Daar is aangetoon dat die naturalistiese wêreldbeskouing 'n boodskap verkondig wat nie met die werklikheid ooreenstem nie, en wat nie met die getuienis van 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing strook nie. Hierdie feit beklemtoon die noodsaaklikheid van apologetiese toerusting vir Christenkinders reeds vanaf voorskoolse vlak.

Hoofstukke 3 tot 5 vorm deel van Afdeling B van hierdie studie, wat handel oor sekulêre humanisme se beskouing van God, die Skepping en die mens, teenoor die Christelike wêreldbeskouing. Daar word ook gefokus op apologetiese toerusting binne

'n Christelike wêreldbeskouing tydens die geloofsopvoeding van voorskoolse kinders. Elkeen van hierdie hoofstukke word dus in drie dele ingedeel, naamlik die tetiese gedeelte wat die boodskap van sekulêre humanisme verwoord, die antitetiese wat die Christelike geloof verteenwoordig, en apologetiese toerusting wat in die vorm van huisgodsdienst-temas toegepas word. Waar hoofstuk 3 van die Godsbeskouing en hoofstuk 4 die skeppingsbeskouing vanuit beide 'n naturalistiese en Bybels-Christelike perspektief bespreek het, fokus hoofstuk 5 op beide wêreldbeskouings se leer oor die mens.

Die fokus in hoofstuk 5 val op die wyse waarop die naturalistiese siening van die mens verskil met dié van die Christelike beskouing, asook op hoe hierdie verskille deur Christenkinders verstaan en in apologetiese gesprekke hanteer kan word. 'n Belangrike verskil tussen 'n naturalistiese kyk op die kosmos (insluitend die mens) en die Christelike verstaan van die werklikheid is dat naturalisme die kosmos en die mens, met al die gebrokenheid, pyn en seer wat daarmee gepaard gaan, as normaal en as 'n normale toestand beskou. Hierteenoor leer die Christelike beskouing dat, indien die geweldige effek van die sondeval op beide die skepping sowel as op die mens nie in ag geneem word nie, dit logies tot 'n verkeerde verstaan van die werklikheid lei⁹⁴. Die ontologie of wese van alles, asook die bedoeling en verfynde samestelling van die skepping, word dan noodwendig misgekyk. Alhoewel die effek

⁹⁴Vergelyk afdeling 4.2.1 en verder waar die naturalistiese beskouing dat Die kosmos in 'n normale staat verkeer, bespreek word.

van die sondeval reeds by die leer oor die kosmos in hoofstuk 4 verreken is, sal dit in hierdie hoofstuk spesifiek by die leer oor die mens, ter sprake kom.

Hierdie hoofstuk oor die beskouing van die mens word aan die hand van Sire (2009) se wêreldbeskoulike vrae in vier onderafdelings hanteer. Hierdie vrae handel oor die volgende: die mens as wese, die mens se doel, die mens se bron van kennis, en die mens se basis vir etiek. Hoofstuk 5 lê dus die grondslag vir die daaropvolgende afdeling oor die leer van verlossing en verheerliking, waarin die herstel van die mens as beeld van God in Christus sentraal staan. Verder, hoewel die mens se eindbestemming ook hier hanteer kon word, pas só 'n vraag eerder by Afdeling C, wat handel oor die mens se verlossing en herskepping.

5.2 TETIES: NATURALISME OOR DIE MENS

5.2.1 Die mens as wese

Wat die mens as wese betref, het die Christelike en naturalistiese wêreldbeskouings elk hul eie siening hieroor, soos dit opsommend in 'n uittreksel van die vergelykende tabel in hoofstuk 2 aangedui word.

Tabel 5 - Vergelykende samevatting van 'n naturalistiese- teenoor 'n Christelike wêreldbeskouing soos deur Sire (2009) se 3de wêreldbeskoulike vraag

AGT WÊRELDBESKOULIKE VRAE (VGL. SIRE, 2009:22-23).	CHRISTENDOM AS VORM VAN TEISME (VGL. SIRE, 2009:27-46).	NATURALISME & SEKULARISME AS VORM VAN NATURALISME (VGL. SIRE, 2009:66-85).
3) "What is a human being?" (Sire, 2009:22). - Die aard van die mens.	- "Human beings are created in the image of God and thus possess personality, self-transcendence, intelligence, morality, gregariousness and creativity" (Sire, 2009:32). - Die mens is geskape na die beeld van God, wat beteken dat ons iets van Wie God is, reflekteer. As beeld van God beskik die mens oor waardigheid, kreatiwiteit, intelligensie, 'n vermoë tot moraliteit en 'n behoefte aan sosiale samesyn. - Ons het dus persoonlikheid, omdat God 'n Persoon is. Daarom het die mens 'n selfbewussyn en kan hy selfstandig en ongedwonge besluite neem en kan tot 'n mate ook selfbepalend wees. - Elke mens is uniek, 'n refleksie van God wat volkome uniek is. Hiermee saam beskik die mens oor 'n mate van self-transendensie ten opsigte van die skepping. - Die mens staan dus bo die skepping, maar onder God. - "Human beings were created good, but through the Fall the image of God became defaced, though not so ruined as not to be capable of restoration; through the work of Christ, God redeemed humanity and began the process of restoring people to goodness, though any given person may choose to reject that redemption" (Sire, 2009:39). - Hoewel die eerste mense goed geskape is om hulle aard as beeld van God uit te leef, het die mens in sy kapasiteit tot selfbepaling gekies om ongehoorsaam aan hulle Skepper te wees deur hulleself as outonoom te beskou. - Hierdie daad van rebellie deur die eerste mense, Adam en Eva, staan bekend as die Sondeval en het die dood teweeggebring. Dit het veroorsaak dat die mensdom se beeldskap in alle opsigte verwronge geraak het sodat die mens van God, die wêreld en van homself vervreem is. - Tog wys God deur die hele Bybel sy liefde deur die mens, wat verlore en vervreemd is, op te soek en te verlos deur die offer van Jesus Christus, die tweede Persoon in die Drie-eenheid. Hierdie verlossing tot 'n nuwe lewe van herstel in die verhouding met God bied Hy as 'n onverdiende guns en uit genade, wanneer die mens tot God bekeer en Christus navolg. - So is hierdie verlossing die begin van die weg tot herstel van die mens as beeld van God, totdat die mens uiteindelik met sy dood hierin verheerlik word deur sy liggaamlike opstanding en volkome vrede by God, die mensdom, en in homself verkry. Dan is die mens heeltemal gereinig en getransformeer om in persoonlike gemeenskap met God en sy mense te leef.	- "Human beings are complex "machines"; personality is an interrelation of chemical and physical properties we do not yet fully understand" (Sire, 2009:71). - Die mens is as deel van die materiële wêreld, 'n komplekse masjien waarin menslike denke binne die stelsel van oorsaak en gevolg funksioneer. - Tog is die mens uniek in vergelyking met diere, wat hom vryheid gee om sy eie einddoel te bepaal.

5.2.1.1 Darwin oor die mens as wese — seksuele seleksie

Soos in hoofstuk 4 bespreek is, het Darwin se beskouing van God mettertied verander.

Gevolgtreklik het ook sy beskouing van die mens ook verander. Waar hy eers as Christengelowige God se almag in die natuur beleef het, het hy later God se bestaan verwerp. Opmerklik is dat die begronding van Darwin se geloof in God juis ook geleidelik tot sy ongeloof in God. Sy geloof was ten diepste gebaseer op die empiriese feit dat die menslike intellek vir hom 'n bewys was dat daar 'n Intelligente Opperwese is.

Later het sy teorie van evolusie deur natuurlike seleksie hom tot die gevolgtrekking

gebring dat die menslike intellek van 'n oerdier afstam. Hierdeur het Darwin uiteindelik tot die gevolgtrekking gekom dat die menslike intellek nie betroubaar is nie en daarom nie as bewys vir God se bestaan kan dien nie.

Nadat Darwin in 1859 in *The Origin of Species* sy teorie van evolusie deur natuurlike seleksie op lewende organismes in die natuur toegepas het, het hy hierdie teorie in 1871 verder uitgebrei tot die mensdom in sy boek *The Descent of Man, and Selection in Relation to Sex*. Hierdie werk bevat Darwin se naturalistiese ontologie van die mens. Deurdat Darwin sy teorie van evolusie deur natuurlike én seksuele seleksie op die mens toepas, verbind hy die ontstaan en wese van die mens onlosmaaklik aan die diereryk.

In sy ondersoek na natuurlike seleksie en die ontologie van die mens identifiseer Darwin fisiese ooreenkomste tussen mense en diere, soos skeletstrukture en rudimentêre organe, en gebruik dit as bewys dat mense en diere wel in graad van mekaar verskil, maar nie in soort nie. Sodoende kom hy tot die gevolgtrekking dat, aangesien daar 'n kontinuïteit tussen mense en diere bestaan, hulle dieselfde oorsprong het.

Namate Darwin se beskouing van God verander het, het sy teorieë ook sy beskouing van die mens beïnvloed, en het hy uiteindelik die mens tot die diereryk verlaag. Waar hy voorheen gemeen het dat die menslike intellek uiters wonderbaarlik en ver bo die res van die diereryk is, het hy later sy siening gewysig om by sy teorie en beskouing aan te pas. Hieroor sê hy in *The Descent of Man* dat, hoewel dit aanvanklik lyk asof

die menslike intellek vêr bo dié van die diere is, hierdie verskil in intellek as 'n verskil in graad, en nie in soort nie, beskou moet word. In die hoofstuk waarin hy die intellektuele vermoëns van mense en diere vergelyk, skryf hy dat ons moet erken dat daar maar 'n baie klein verskil is tussen die intellek van die mens en die van die aap. Trouens, hy stel dat die verskil tussen die intellek van die laagste vis en dié van 'n aap groter is as die verskil tussen die intellek van 'n mens en dié van 'n aap (Darwin, 1874:65). Darwin erken selfs aan die einde van sy boek, in die gevolgtrekking van al sy bevindinge, dat mense (hyself ingesluit) deur natuurlike seleksie van die aap of van die bobbejaan afstam (Darwin, 1874:619).

Volgens Darwin (1874:209 e.v.) het seksuele seleksie betrekking op die voordeel wat sekere individue bo ander van dieselfde geslag ten opsigte van voortplanting het. Darwin stel dat, in gevalle waar die manlike individu nie sy voordeel bo sy teenstanders deur natuurlike seleksie verkry het nie, so 'n voordeel deur oorerwing, en dus deur seksuele seleksie, verkry moes word. Hierdie eienskappe sluit byvoorbeeld greeporgane, kliere wat hormone afskei, stembande wat ontwikkel om sekere klanke voort te bring, sowel as eienskappe soos waagmoed, in. Deur hierdie eienskappe, wat deur seksuele seleksie aan die individu oorgedra en vervolmaak word, is die sterker individu in staat om oor sy mededingers sowel as oor die teenoorgestelde (vroulike) geslag te domineer. Sodoende is seksuele seleksie komplimentêr tot natuurlike seleksie, maar tree nie so sterk op soos natuurlike seleksie nie (Darwin, 1874:226). Trouens, seksuele seleksie word deur natuurlike seleksie oorheers ten einde die groter doel van die algemene welstand van die spesie te dien (Darwin, 1874:240).

Op grond van die gevolgtrekkings wat Darwin in beginsel op die diereryk gebaseer het deur sy teorie van natuurlike seleksie, maak hy die afleiding dat dieselfde vir die mensdom geld. So stel Darwin (1874:561) sy afleiding:

In the previous chapters we have seen that with mammals, birds, fishes, insects, &c., many characters, which there is every reason to believe were primarily gained through sexual selection by one sex, have been transferred to the other. As this same form of transmission has apparently prevailed much with mankind, it will save useless repetition if we discuss the origin of characters peculiar to the male sex together with certain other characters common to both sexes.

Wanneer Darwin die verskil tussen die man en die vrou se verstandelike vermoëns bespreek, stel hy dat die meeste van die vrou se eienskappe — soos teerheid, onbaatsugtigheid, moederlike instink, versorging, en intuïsie — eintlik kenmerkend is aan laer rasse of beskawings. Hierteenoor beskou hy die man, met sy mededinging teenoor ander mans, sy vreugde in kompetisie, ambisie en selfsug, as deel van die hoër intellek (Darwin, 1874:563-564). Volgens Darwin sal die sterkste man, deur seksuele seleksie, natuurlik altyd die mooiste vrouens kies en kry, sodat sy ras op die beste wyse kan voortplant. Indien seksuele seleksie egter deur die vrou sou plaasvind — met ander woorde, as sý die man van haar keuse sou kies — dan, volgens Darwin, geskied hierdie seksuele seleksie deur middel van die mens se stamvaders (Darwin, 1874:595 e.v.).

In sy gevolgtrekking aan die einde van sy boek stel Darwin egter dat seksuele seleksie nie by die hele diereryk waargeneem kan word nie, maar slegs by geleedpotiges en

gewerweldes. Omdat Darwin se teorie dus nie op die hele diereryk van toepassing is nie, kan sy teorie nie as 'n algemene reël vir alle lewe — insluitend die oorsprong en bestaan van die mens — geld nie. Darwin (1874:613) bevestig ook hierdie betwyfeling in sy eie teorie:

I am aware that much remains doubtful, but I have endeavoured to give a fair view of the whole case. In the lower divisions of the animal kingdom, sexual selection seems to have done nothing: such animals are often affixed for life to the same spot, or have the sexes combined in the same individual, or what is still more important, their perceptive and intellectual faculties are not sufficiently advanced to allow of the feelings of love and jealousy, or of the exertion of choice. When, however, we come to the Arthropoda and Vertebrata, even to the lowest classes in these two great Sub-Kingdoms, sexual selection has effected much.

Nietemin stel Darwin dat, hoewel daar twyfel rondom sy teorie ontstaan, die feit steeds bly staan dat die mens van die dier afstam. Darwin (1874:619) stel dit soos volg:

We must, however, acknowledge, as it seems to me, that man with all his noble qualities, with sympathy which feels for the most debased, with benevolence which extends not only to other men but to the humblest living creature, with his god-like intellect which has penetrated into the movements and constitution of the solar system—with all these exalted powers—Man still bears in his bodily frame the indelible stamp of his lowly origin.

Oor hierdie feit stel Darwin dat daar uit die aard van die saak teenkanting teen sy teorie bestaan, maar volgens hom verander dit nie die sogenaamde feit dat die mens inderdaad van oerdiere afkomstig is nie. Hy stel dit soos volg (Darwin, 1874:618): “The main conclusion arrived at in this work, namely that man is descended from some

lowly organised form, will, I regret to think, be highly distasteful to many. But there can hardly be a doubt that we are descended from barbarians”.

Samevattend kan oor Darwin se *The Descent of Man* gesê word dat sy hele teorie op minstens drie aannames berus, naamlik: 'n ontologiese kontinuïteit tussen mens en dier; 'n evolusionêre ontwikkeling van die mens deur natuurlike seleksie; en dat seksuele seleksie 'n rol in menslike eienskappe speel. Deur middel van sy bevindinge, waarin die mense as produk van evolusie binne die natuurlike wêreld geplaas word, ontnem Darwin die moontlikheid en noodsaaklikheid om die fisiese werklikheid aan die hand van metafisiese of bonatuurlike verklarings te verduidelik.

Darwin se teorie het 'n besonder invloedryke uitwerking op die wêreldbeskouing van hedendaagse sekulêre naturalisme gehad. Die bevindinge wat Darwin in sy geloofsworsteling deur wetenskaplike ondersoek as teorie voorgehou het, word deur hedendaagse sekulêre naturaliste as enigste absolute waarheid voorgehou.

5.2.1.2 Nuwe Ateïsme oor die mens as wese

In 'n sekulêre, naturalistiese wêreldbeskouing word dit algemeen aanvaar dat die mens beskou word as 'n komplekse samestelling van materie, wat deur die wette van fisika en biologie beheer word, sonder enige inherente doel of uiteindelijke doel, soos Sire (2009:71) dit opsom. Hierdie beskouing kom voor in verskeie publikasies van hedendaagse naturaliste.

Richard Dawkins, die prominente evolusionêre bioloog en ateïs verbonde aan die Nuwe Ateïsme, bespreek in sy boek *The Magic of Reality* — wat daarop gemik is om

wetenskap vir kinders te verduidelik, soos reeds in vorige hoofstukke uiteengesit is — die oorsprong en wese van die mens vanuit 'n Darwinistiese perspektief in 'n hoofstuk getiteld *Who was the first person?* (Dawkins, 2011b:32-53). In ooreenstemming met sy benadering in die boek bespreek hy eers sogenaamde mites oor die onderwerp van die betrokke hoofstuk, in hierdie geval drie mites, waarvan een die skeppingsverhaal volgens Genesis is. Vervolgens verduidelik hy aan kinders wie die eerste mense volgens die wetenskap werklik was, naamlik dat alle mense en diere van 'n vis afkomstig is — alles gebaseer op 'n hipotetiese en denkbeeldige eksperiment, maar met die voorgee dat dit op feitlike wetenskaplike gronde gebaseer is. Hy sluit die hoofstuk af met die volgende woorde (Dawkins, 2011b:52):


What is a fact beyond all doubt is that we share an ancestor with every other species of animal and plant on the planet ... Isn't that a far more wonderful thought than any myth?

And the most wonderful thing of all is that we know for certain it is literally true.

Hierdie sogenaamde feit berus op die idee van makro-evolusie, wat aan kinders verduidelik word deur baie konkrete voorbeelde. Dawkins verduidelik aan kinders dat hulle 'n denkbeeldige gedagte-eksperiment moet uitvoer, waarin hulle foto's van hulle voorouers op 'n tydlyn voorstel wat tot sover as 185 miljoen jaar terug strek. As kinders dan in die gedagte-eksperiment, asof in 'n tydmasjien, honderde of duisende generasies terug sou kon reis, sou hulle opmerk dat daar geleidelik terugwerkende veranderinge in hulle voorouers sou plaasvind — sodat hierdie voorouers mettertyd (terugwerkend) soos sjimpansees, apies en nagapies sou gelyk het, en nog verder terug soos paddas en uiteindelik visse.

Die bewyse wat aangevoer word vir die sogenaamde feit dat mense van visse afstam, word blykbaar verkry uit die opgrawings van fossiele. Dawkins (2011b:42) stel dit soos volg: “Now, how do we know what our distant ancestors looked like, and how do we know when they lived? Mostly from fossils”. Verder berus hierdie hele denkbeeldige gedagte-eksperiment klaarblyklik op die feit dat alle lewende wesens in ’n groot mate ooreenkomste in hulle DNA toon, wat aan kinders verduidelik en skematies soos volg aangedui word:

Figuur 3 – Uittreksel van FoxP2 DNA string (letters 831-910)



(Dawkins, 2011b:50-51).

In sy boek *The Selfish Gene* (2006a) betoog Dawkins dat alle lewe, insluitend menslike lewe, die produk van natuurlike seleksie is. Natuurlike seleksie word hierin beskryf as ’n blinde en doellose meganiese proses, sonder enige inherente doel. Daar word egter beweer dat hierdie proses daarop gemik is om die sogenaamde selfsugtige gene te bewaar, deurdat dit die draers van hierdie gene só programmeer dat hulle die sterkste in hulle omgewing is, sodat die gene deur hul draers behoue kan bly en kan voortbestaan. Dawkins stel die mens se rol in hierdie proses soos volg: “We are survival machines—robot vehicles blindly programmed to preserve the selfish molecules known as genes” (Dawkins, 2006a:xxi).

In sy boek *River Out of Eden* (1995) bevestig Dawkins hierdie beskouing dat die mens bloot 'n passiewe gasheer vir die oorheersende selfsugtige geen is: “DNA neither cares nor knows. DNA just is. And we dance to its music” (Dawkins, 1995:133).

In sy mees onlangse boek, *The Genetic Book of the Dead*, bou Dawkins (2024c) voort op die teorie van *The Selfish Gene*, waarby hy beweer dat hierdie sogenaamde selfsugtige genome in die mens gestoor bly om as 'n argief vir evolusionêre biologie te dien. Hy begin hoofstuk een, getiteld *Reading the Animal*, met die volgende woorde: “You are a book, an unfinished work of literature, an archive of descriptive history” (Dawkins, 2024c:1). Vervolgens stel hy dit duidelik dat die genoom 'n tipe model is van historiese gebeure, wat die genoom intrinsiek gebruik om die toekoms vas te stel en die organisme te manipuleer sodat die genoom kan slaag in die spel van oorlewing en voortplanting — “or, more precisely, gene survival” (Dawkins, 2024c:1).

In 'n onderhoud met die bekende verslaggewer Piers Morgan beweer Dawkins dat hierdie boek oor evolusie en die geskiedenis handel, en nie soseer oor die mens nie⁹⁵. Tog voeg hy direk na hierdie stelling by: “It’s not really about humans at all, except in so far as humans are animals like all other animals” (Dawkins, 2024a). Wanneer Morgan hom vra oor die betekenis van sy hoofstuk getiteld *The Immortal Gene*, wat die idee ondersoek dat gene alle organismes oor generasies heen oneindig voortleef, stel Darwin dat hierdie sogenaamde onsterflike geen nie letterlik verstaan moet word

⁹⁵Piers Morgan Uncensored. Piers Morgan vs Richard Dawkins On Women’s Sport, The Universe & Religion. Available at: <https://www.youtube.com/watch?v=pA4Hx-dJAn4> Date of access: 6 Nov. 2024.

nie, maar as 'n poëtiese frase gebruik word. Nietemin skep hy, in sy beskrywing van hierdie sogenaamde onsterflike geen, baie duidelik die indruk dat dit 'n goddelike geen is wat alle organismes — insluitend mense — oorleef (Dawkins, 2024a).

Dawkins is egter nie die enigste wat, uit 'n Darwinistiese oogpunt, aansprake maak in die bevordering van sekulêre naturalisme nie. Daniel Dennett, 'n naturalistiese filosoof, beskryf die wese van die mens in die kosmos soos volg in sy boek *Consciousness Explained* (Dennett, 1991:43): “We are each made of mindless robots and nothing else, no nonphysical, non-robotic ingredients at all. Each of us is a vast assembly of mindless robots (cells, neurons, microcircuits), blindly but efficiently creating the activities that sustain our lives”.

Sam Harris, 'n ateïstiese filosoof en neurowetenskaplike, voer hierdie naturalistiese beskouing dat menslike gedagtes deur oorsaak en gevolg bepaal word, selfs verder. Harris (2012:1 e.v.) beweer dat die mens nie self keuses kan maak nie, en dat alle menslike gedagtes en handeling vooraf bepaal en gedryf word deur oorsake wat voorstpruit uit die brein se funksionering en wat deur gene en die omgewing beïnvloed word. Gevolglik het die mens, volgens Harris, geen beheer oor enige van sy besluite in sy lewe nie, en kan die mens dus nie vir enige van sy dade verantwoordelik gehou word nie.

Saam met Richard Dawkins, Daniel Dennett en Sam Harris, waarna sopas verwys is, kan Christopher Hitchens ook gereken word tot die groep wat bekend staan as die sogenaamde “Vier Ruiters van Nuwe Ateïsme”. Dit is te wyte aan hulle invloedryke

ateïstiese denke, wat die idee bevorder dat daar geen God of bonatuurlike werklikheid bestaan nie, en dat die hele bestaan volledig verklaar kan word deur materie, natuurwette en evolusie, soos dit deur hedendaagse empiriese wetenskap verstaan word.

Sulke beskouings en uitsprake oor die mens as wese het ingrypende gevolge vir die siening van die mens se doel op aarde, asook vir die vraag hoe die mens behoort te lewe. Daarom sal hierdie sake in die apologetiese deel van hierdie hoofstuk verdere aandag geniet. Dit het ook noodwendige implikasies vir die mens se morele lewe en verantwoordelikhede om binne 'n gesonde samelewing te kan funksioneer. Daarom sal daar vervolgens, aan die hand van Sire (2009) se wêreldbeskoulike vrae, op die res van die aspekte van mensbeskouing gefokus word. Die volgende onderwerp wat behandel word, is die mens se doel.

5.2.2 Die mens se doel

Beide die naturalistiese sowel as die Christelike wêreldbeskouing plaas die bespreking van, of die verstaan van die mens se doel binne die raamwerk van daardie wêreldbeskouing se mensbeskouing. Vanuit die Christelike wêreldbeskouing hang die doel van die mens egter ten nouste saam met die Verlossings- en Herskeppingsleer, waarin God Drie-enig die mens verander en gelykvormig maak aan die beeld van die Skepper. Binne hierdie beskouing word die mens tot geloofsgehoorsaamheid geroep, naamlik om God se koninkryk te soek en om God deur dankbare beoefening van heiligmaking te verheerlik.

Hierteenoor bevat die naturalistiese wêreldbeskouing klaarblyklik geen vorm van verlossing nie (sien hoofstuk 6), maar slegs doelwitte en toewydings wat willekeurig deur die individu self gekies word. Om hierdie rede word die beskouing oor die doel van die mens onder die mensbeskouing bespreek, terwyl aspekte van verlossing en die mens se uiteindelijke doel met die herskepping in Afdeling C behandel word.

Wat die mens se persoonlike toewyding aan sy wêreldbeskouing, en gevolglik sy doel op aarde, betref, lyk die Christelike en die naturalistiese wêreldbeskouing elk afsonderlik soos volg, soos wat 'n uittreksel uit die vergelykende tabel in hoofstuk 2 opsommend aandui:

Tabel 6 - Vergelykende samevatting van 'n naturalistiese- teenoor 'n Christelike wêreldbeskouing soos deur Sire (2009) se 8ste wêreldbeskoulike vraag

AGT WÊRELDBESKOULIKE VRAE (VGL. SIRE, 2009:22-23).	CHRISTENDOM AS VORM VAN TEISME (VGL. SIRE, 2009:27-46).	NATURALISME & SEKULARISME AS VORM VAN NATURALISME (VGL. SIRE, 2009:66-85).
8) "What personal, life-orienting core commitments are consistent with this worldview?" (Sire, 2009:23). - Die persoonlike, lewensbepalende kernverpligtinge, of toewyding, wat met hierdie wêreldbeskouing strook.	- "Christian theists live to seek first the kingdom of God, that is, to glorify God and enjoy him forever" (Sire, 2009:44). - Die Christelike wêreldbeskouing is in vele opsigte uniek, veral in die manier waarop hierdie wêreldbeskouing as fokus dien vir die hoogste betekenis van die lewe vir elke Christen. - Omdat God self die hoogste werklikheid, die absolute oorsprong van wese, en die Skepper van alle ander dinge is, leef Christene nie vir hulleself nie, maar in toegewydheid aan God om Hom te verheerlik. Hierdeur ontdek die mens die doel van sy bestaan en vind hy sy uiteindelijke vervulling. - Om God te verheerlik beteken nie slegs om Hom fisies te aanbid nie, maar om sy karakter te reflekteer deur te wees wat die mens geskape is om te wees — naamlik na die beeld van God. Om soos God te wees, is om soos Jesus te wees, wat God aan ons kom openbaar het. En om soos Jesus te wees, is om Hom na te volg en te gehoorsaam, deurdat ons eerstens die koninkryk van God en sy geregtigheid soek (Mat. 6:33). - Om God te verheerlik, kom uiteindelik neer op om Hom vir ewig te geniet. Dit kan ook anders gestel word as die Groot Gebod, wat van die mens vereis om God met sy hele hart, siel én verstand lief te hê, en ook sy naaste soos homself.	- "Naturalism itself implies no particular core commitment on the part of any given naturalist. Rather core commitments are adopted unwittingly or chosen by individuals" (Sire, 2009:84). - Hierdie wêreldbeskouing vereis geen spesifieke kernverpligting van die mens nie. - Die mens kies self watter verbintnisse hy of sy as fundamenteel beskou, en volg selektief sy of haar doelwitte en toewydings volgens persoonlike voorkeure na.

Soos in hoofstuk 4 aangetoon, waar daarop gewys is dat die kosmos volgens naturalisme geen einddoel het nie, het die mens gevolglik ook geen diepere doel nie, soos hierbo uiteengesit. Daniel Dennett, 'n bekende voorstander van Darwinisme,

skryf in sy boek *Darwin's Dangerous Idea: Evolution and the Meaning of Life* onder andere oor die ontstaan van doelgerigtheid in die lewe. Die hoofstuk wat spesifiek hieroor handel, begin soos volg (Dennett, 1996:200):

Once upon a time, there was no mind, and no meaning, and no error, and no function, and no reasons, and no life. Now all these wonderful things exist. It has to be possible to tell the story of how they all came to exist, and that story must pass, by subtle increments, from elements that manifestly lack the marvelous properties to elements that manifestly have them.

Met hierdie inleiding begin Dennett sy uiteensetting oor hoe doel, betekenis en bewussyn geleidelik deur natuurlike seleksie en evolusie ontstaan het. Volgens Dennett (1996:200-207) het daar geen voorafbepaalde of eksterne doel of betekenis — soos 'n goddelikheid — bestaan nie, maar het doel en betekenis wat wel begin ontstaan het, as produk van evolusionêre meganismes deur genetiese mutasies ontstaan. Om dit duideliker te stel, beweer Dennett dat enige agentskap — met ander woorde enige bewustheid wat die vermoë besit om doelgerigte aksies uit te voer — aanvanklik nie bestaan het nie, maar deur evolusionêre en molekulêre aktiwiteite ontstaan en ontwikkel het. Hy verwys na hierdie verskynsel as “kwasi-agentskap”: “An impersonal, unreflective, robotic, mindless little scrap of molecular machinery is the ultimate basis of all the agency, and hence meaning, and hence consciousness, in the universe” (Dennett, 1996:203). Tog erken Dennett, net voordat hy hierdie stelling maak, dat hierdie ontwikkeling volgens hom 'n intelligente ontwerper (soos God) sou verg, maar dat hierdie sogenaamde ontwerper duidelik nie oor bewustheid beskik nie.

Dennett (1996:202) stel dit soos volg: “There is something alien and vaguely repellent about the quasi-agency we discover at this level—all that purposive hustle and bustle, and yet there’s nobody home. The molecular machines perform their amazing stunts, obviously exquisitely designed, and just as obviously none the wiser about what they are doing”.

Volgens Dennett se uiteensetting kan doel en betekenis in die kosmos dus verklaar word sonder om die metafisiese hierin te betrek. In sy verduideliking van die ontstaan van betekenis en doel, erken Dennett (1996:205): “Where does intentionality come from? It comes from minds, of course. But that idea, perfectly good in its own way, becomes a source of mystery and confusion when it is used as a metaphysical principle, rather than a fact of recent natural history”.

Hy beweer dat Darwin se teorie die hele leerstelling van God as die Onbeweeglike Beweger (Aristoteles) of God as die Verstand agter alle dinge (Locke) omvergewerp het: “Intentionality doesn’t come from on high; it percolates up from below, from the initially mindless and pointless algorithmic processes that gradually acquire meaning and intelligence as they develop” (Dennett, 1996:205).

Dennett verduidelik in ’n daaropvolgende hoofstuk dat die betekenis of doel wat volgens hom deur evolusie geskep is, voortdurend ontwikkel en aanpas na gelang van die vereistes van die selektiewe omgewing (Dennett, 1996:401-411). In teenstelling met filosofiese tradisies wat dikwels ’n essensialistiese benadering volg, waarin betekenis as vas, oorspronklik en onafhanklik van konteks beskou word, voer Dennett

aan dat betekenis en intensionaliteit relatiewe eienskappe is wat binne die raamwerk van Darwinisme as 'n produk van historiese en omgewingsfaktore verstaan kan word.

Nadat Dennett sy standpunt probeer staaf het deur verskeie voorbeelde uit die alledaagse lewe⁹⁶ aan te voer, sluit hy af met die gevolgtrekking dat die mens die bron van sy eie betekenis is, maar ook bloot 'n verstandlose produk van Moeder Natuur is, eerder as van 'n godheid van bo (vgl. Dennett, 1996:426-427). Sulke redenasies kan as sirkelredenasies beskou word, aangesien die menslike verstand en rede, wat volgens hierdie uitgangspunt aanvanklik nie eers bestaan het nie, nie in staat kan wees om sy eie betekenis te skep nie. Dít is onder andere een van die aspekte wat die apologetiese deel van hierdie hoofstuk aanspreek.

Ten spyte daarvan dat 'n suiwer naturalistiese wêreldbeskouing geen doel vir die kosmos of vir die mens aanhang nie, blyk daar tog 'n behoefte onder naturaliste te bestaan om die doelgerigtheid wat in die werklikheid waargeneem word, te probeer verklaar. Daar is selfs sommige naturaliste wat meen dat die menslike bestaan 'n diepere betekenis of doel het (vgl. afdeling 5.2.2). Wat die vraag na die doel van die mens op aarde vanuit 'n naturalistiese wêreldbeskouing betref, is dit sinvol om by Friedrich Nietzsche (1844-1900) te begin — een van die mees invloedryke ateïstiese

⁹⁶Dennett gebruik onder andere 'n Amerikaanse outomaat (*vending machine*) as voorbeeld om te verduidelik dat sodanige masjien geprogrammeer is om betekenis aan sekere muntstukke te koppel, maar dat ander soortgelyke voorwerpe dikwels die masjien kan fop, of dat die masjien soms foutief reageer en nie die regte muntstukke erken nie. Deur hierdie en ander soortgelyke voorbeelde probeer Dennett aantoon dat betekenis aan omgewingsfaktore gekoppel is.

filosowe van die 19de eeu, en die een wat die idee van nihilisme beklemtoon en bevorder het.

Hoewel Nietzsche se filosofie van “die wil tot mag” veral die morele en etiese aspekte beklemtoon, vorm hierdie filosofie onomwonde deel van ’n ateïstiese en naturalistiese beskouing van die mens se doel op aarde. Nietzsche se bekendstelling van die stelling “God is dood” is nie bloot ’n neutrale waarneming of kultuurkritiek nie, maar ’n radikale verwerping van die objektiewe bestaan en waarheid van God, wat die grondslag vir ’n morele en eksistensiële krisis neerlê.

Oor Nietzsche se nihilisme skryf Wessel Stoker (1996:127 e.v.) in sy boek *Is the Quest for Meaning the Quest for God?* dat baie mense nie glo dat ’n doel vir die menslike bestaan noodwendig vanuit godsdiens begrond hoef te word nie. In die hoofstuk getiteld *Meaning without Religion* stel hy dat die alternatief vir sodanige mense nie noodwendig op doelloosheid dui nie. Sonder om in God te glo, soek hierdie mense steeds deur hulle eie ervaring doel vir en in hulle lewens. Hy skryf: “They seek meaning in life itself and arrive [at] a non-religious ascription of meaning without seeing a hidden religious dimension” (Stoker, 1996:127).

Volgens hierdie beskouing is dit vir mense steeds moontlik om doelstellings vir hulleself op te stel, waarde aan hulle lewens toe te voeg, ideale te formuleer, en daarna te streef om hierdie doelstellings te bereik. Vir hierdie persone beteken die sogenaamde afwesigheid van God vanuit ’n nihilistiese wêreldbeskouing nie noodwendig dat daar ’n leemte aan doel vir die mens bestaan nie; dit impliseer eerder

dat die doel van die lewe klaarblyklik ook deur middel van, of vanuit 'n sekulêre benadering tot die werklikheid beantwoord kan word in 'n wêreld wat sonder enige inherente doel bestaan. Dit is soos om doel in doelloosheid te probeer vind — 'n aspek waarop in die apologetiese deel van hierdie hoofstuk verder ingegaan word.

Toe Nietzsche aangekondig het dat God dood is en dat die mensdom nou deur 'n eindelose niks wandel of dwaal, het hy besef dat hierdie aankondiging 'n dilemma vir baie mense sou meebring in hulle soeke na die doel van die mens se bestaan. Nietzsche skep as't ware hierdie probleem, en sy verwerping van 'n hoër, objektiewe bron van betekenis lei tot 'n ontologie van afwesigheid, waarin daar geen inherente bron van waarheid of betekenis is nie.

Hiervoor bied Nietzsche 'n antwoord deur te beweer dat hierdie besef slegs 'n fase in 'n dialektiese proses is, waardeur die mens beweeg van naïewe nihilisme, tot onvoltooide nihilisme (die nihilistiese probleem), en eendelik tot selftransendensie. Nietzsche se oplossing vir hierdie krisis lê in die konsep van die *Übermensch*, of supermens, as 'n selftransendente individu wat as 'n selfskeppende bron van betekenis funksioneer.

Hierdie *Übermensch* poog om die leemte te vul wat deur die “dood van God” geskep is, maar hierdie oplossing is eerder 'n verdere uitbreiding van die oorspronklike probleem: dit bied slegs 'n illusie van self-gebaseerde betekenis wat nie die werklike tekort aan objektiwiteit en hoër betekenis kan vervang nie. Om in hierdie proses tot volle verwerkliging van waarheid te groei, voer Nietzsche aan dat die mens moet

af sien van die veronderstelde wêreld waarin daar tradisioneel klaarblyklik doel vir bestaan was, tesame met die sogenaamde werklike wêreld. So beskryf Stoker (1996:129) dit:

The will to truth was linked with the belief in the true world, an expression of the weak will to power. Now that the true world and God as guarantor of the truth have been dispensed with, one arrives at the amazing conclusion that there is no truth, at least, not when measured according to the old norm of the true world.

So skryf Nietzsche in sy *Kritische Studienausgabe* dat waarheid nie iets is wat bestaan of ontdek kan word nie, maar iets is wat geskep moet word as 'n produk van die wil tot mag (vgl. Stoker, 1996:129-130)⁹⁷. Vir Nietzsche is waarheid nie 'n goddelike of ewige konstante nie, maar 'n proses en konstruksie van mag — 'n subjektiewe skepping eerder as 'n objektiewe realiteit. Teen hierdie agtergrond skryf Nietzsche dan later dat die mens tot selftransendensie moet groei, of 'n Übermensch (supermens) moet word, waarin hy sonder God vir homself die doel van die lewe bepaal. Stoker skryf: "A person must learn the meaning of his life, which is now become a concern for the individual"

⁹⁷Nietzsche se oorspronklike woorde lui soos volg: "Wahrheit ist somit nicht etwas, was da wäre und was aufzufinden, zu entdecken wäre, — sondern etwas, das zu schaffen ist und das den Namen für einen Prozeß abgiebt, mehr noch für einen Willen der Überwältigung, der an sich kein Ende hat: Wahrheit hineinlegen, als ein processus in infinitum, ein aktives Bestimmen, nicht ein Bewußtwerden von etwas, (das) „an sich" fest und bestimmt wäre. Es ist ein Wort für den „Willen zur Macht"."

'n Afrikaanse vertaling kan soos volg lui: "Waarheid is dus nie iets wat daar is en wat uitgevind of ontdek kan word nie, maar iets wat geskep moet word en wat die naam vir 'n proses gee – meer nog, aan 'n wil tot oorweldigende mag wat op sigself geen einde het nie: Om waarheid in te lê, as 'n *processus in infinitum*, 'n aktiewe bepaling, nie 'n bewuswording van iets wat "aan homself" vas en bepaal sou wees nie. Dit is 'n woord vir die "wil tot mag" (Nietzsche, 1999:385).

(Stoker, 1996:139). Hy gaan voort: “Nietzsche overcomes the crisis in meaning, the nihilistic problem, and arrives at an affirmation of meaning through its being consciously established by the human being” (Stoker, 1996:140).

Nietzsche se filosofie hou dus in dat die mens self sy eie betekenis en waarheid moet skep. Volgens die Christelike wêreldbeskouing kan hierdie poging tot selfbepaling egter nie werklik die leemte vul wat die sogenaamde afwesigheid van God nalaat nie; dit versterk juis die krisis wat Nietzsche probeer oorkom. Die idee dat die mens as’t ware sy eie god is en outonoom sy eie doel in die lewe kan bepaal — ’n gedagte wat deur hedendaagse naturalisme en ateïsme verkondig word — vind tot ’n groot mate sy oorsprong in Nietzsche se denke, soos dit deur eksistensialisme voortgesit is. Ouers behoort hierdie dwaling te begryp en dit aan kinders oor te dra en te verduidelik. Hierdie aspek verdere aandag geniet in die apologetiese deel van hierdie hoofstuk.

’n Voorbeeld van Nietzsche se denke oor doelskepping — wat aanvoer dat, hoewel die mens volgens die naturalistiese wêreldbeskouing geen intrinsieke doel het nie, daar steeds gepoog word (of eerder ’n kompromie aangegaan word) om ’n doel vir die mens op aarde te regverdig — word by Carroll (2017) gevind, soos reeds in hoofstuk 4 vermeld. Carroll (2017) stel ’n nuwe filosofiese perspektief, genaamd poëtiese naturalisme, voor. Volgens hierdie benadering behoort daar ’n balans te wees tussen die objektiewe, wetenskaplike beskouing van die wêreld en die subjektiewe, menslike ervaring, sodat mense steeds doel en vervulling in hulle lewens kan vind. Hierdie benadering dra egter dieselfde probleem van doelloosheid, in die afwesigheid van ’n

objektiewe Godheid, in hom; dit stel bloot deur die gebruik van filosofiese kategorieë voor dat doel sonder God kan bestaan. Dit is 'n dwaling wat selfs kinders kan begryp, mits dit behoorlik aan hulle verduidelik word.

Volgens Carroll (2017) behoort so 'n benadering steeds op die naturalistiese wêreldbeskouing te berus, met die byvoeging dat naturalisme en filosofie hand aan hand moet gaan. Hy pleit derhalwe vir 'n benadering waarin alle fisiese werklikheid steeds deur middel van natuurwette, en sonder die aanwesigheid van 'n godheid, verklaar kan word. Omdat die vraag na menslike doel en betekenis volgens hom nie 'n wetenskaplike vraag is nie, maar eerder 'n filosofiese vraag, behoort filosofie by hierdie soeke betrek te word. Hiermee poog hy om erkenning te gee aan sowel die objektiewe realiteit, soos waargeneem deur die wetenskappe, as aan subjektiewe, betekenisvolle ervarings wat die doel van die mens se bestaan definieer. Hoewel hy erken dat mense slegs samestellings van atome is wat sonder enige eksterne of geestelike invloede volgens die wette van fisika funksioneer, is die mens volgens Carroll (2017:3) ook 'n wese wat kan dink en voel, en wat in staat is om betekenis aan sy of haar eie bestaan toe te ken.

So 'n benadering klink aanvanklik asof dit 'n bevredigende versoening tussen wetenskap (of, meer spesifiek, naturalistiese wetenskap) en geloof daarstel, aangesien beide die empiriese wetenskappe en die filosofie poog om die fisiese en metafisiese met mekaar te versoen om sodoende doel vir die mens in die kosmos te vestig. Tog bly so 'n benadering steeds suiwer naturalisties van aard — met ander

woorde, sonder om die bestaan van God te erken of in berekening te bring — terwyl dit aan die mens die ruimte gee om self doel en betekenis te bepaal. Carroll (2017) maak dit duidelik dat 'n mens steeds die naturalistiese doel kan bereik deur dié benadering te volg. In die laaste deel van sy boek pas hy hierdie konsep toe onder die opskrif *Caring*, waar hy die volgende doel stel (Carroll, 2017:5): “Finally, in “Caring” we confront the hardest problem of all, that of how to construct meaning and values in a cosmos without transcendent purpose ... The meaning we find in life is not transcendent, but it’s no less meaningful for that”.

Met hierdie stelling erken Carroll eintlik dat betekenis sy hoogste doel in die transendente vind, maar dat menslike doel, sonder 'n godheid, klaarblyklik net so goed is. Deur hierdie benadering leen Carroll (2017) voorveronderstellings by die Christelike wêreldbeskouing om sy konsep van poëtiese naturalisme sin te probeer gee. Carroll (2017:9) gryp dus terug na die betekenis wat God reeds aan die begin van die skepping aan die skepping en die mens gestel het, maar ontken dat die mens se doel slegs in God te vinde is:

But for a long time, there has been a shared view that there is some meaning, out there somewhere, waiting to be discovered and acknowledged. There is a point to all this; things happen for a reason. This conviction has served as the ground beneath our feet, as the foundation on which we’ve constructed all the principles by which we live our lives.

Benewens alles wat reeds oor die doel van die mens gesê is, behoort daar ook gelet te word op Darwin se siening oor menslike doel, asook oor die doel van die huwelik en die voortbestaan van die mens. Hieroor skryf Darwin (1874:618) die volgende:

The advancement of the welfare of mankind is a most intricate problem: all ought to refrain from marriage who cannot avoid abject poverty for their children; for poverty is not only a great evil, but tends to its own increase by, leading to recklessness in marriage. On the other hand, as Mr. Galton has remarked, if the prudent avoid marriage, whilst the reckless marry, the inferior members tend to supplant the better members of society. Man, like every other animal, has no doubt advanced to his present high condition through a struggle for existence consequent on his rapid multiplication; and if he is to advance still higher, it is to be feared that he must remain subject to a severe struggle. Otherwise he would sink into indolence, and the more gifted men would not be more successful in the battle of life than the less gifted. Hence our natural rate of increase, though leading to many and obvious evils, must not be greatly diminished by any means.

In hierdie aanhaling plaas Darwin die huwelik en voortplanting binne die raamwerk van sy evolusionêre en sosiale teorie. Hy voer aan dat persone wat nie finansieel in staat is om vir kinders te sorg nie, nie in die huwelik behoort te tree nie, aangesien armoede volgens hom tot roekeloosheid lei. Dit sal, in sy siening, 'n toename van minderwaardige mense tot gevolg hê, wat die meer begaafde lede van die samelewing uiteindelik sal vervang.

Verder verbind Darwin die huwelik aan die biologiese stryd om oorlewing en redeneer hy dat menslike vooruitgang selfs binne die huwelik afhanklik is van voortgesette natuurlike seleksie. Hy waarsku dat, indien hierdie natuurlike stryd verswak word, die

mensdom in luiheid kan verval en dat die meer begaafdes nie meer suksesvol sal wees as die minder begaafdes nie. Darwin beksou die huwelik dus nie as 'n goddelike instelling of morele verbond nie, maar as 'n middel tot biologiese en sosiale verbetering van die spesie, onderhewig aan evolusionêre seleksie.

5.2.3 Wetenskap as die mens se bron van kennis

Terwyl epistemologie in die Christelike wêreldbeskouing onlosmaaklik aan die beskouing van God gekoppel is, lê die bron van epistemologie vir die naturalis in die mens self. Vir die doeleindes van hierdie studie word epistemologie hier, onder die leer van die mensbeskouing bespreek.

Wat die mens se bron van epistemologie op aarde betref, beskou die Christelike en naturalistiese wêreldbeskouings dit elk op 'n bepaalde wyse, soos wat 'n uittreksel uit die vergelykende tabel in hoofstuk 2 dit opsommend aandui:

Tabel 7 - Vergelykende samevatting van 'n naturalistiese- teenoor 'n Christelike wêreldbeskouing soos deur Sire (2009) se 5de wêreldbeskoulige vraag

AGT WÊRELDBESKOULIKE VRAE (VGL. SIRE, 2009:22-23).	CHRISTENDOM AS VORM VAN TEISME (VGL. SIRE, 2009:27-46).	NATURALISME & SEKULARISME AS VORM VAN NATURALISME (VGL. SIRE, 2009:66-85).
5) "Why is it possible to know anything at all?" (Sire, 2009:22). - Die basis waarop menslike kennis bou.	- "Human beings can know both the world around them and God himself because God has built into them the capacity to do so and because he takes an active role in communication with them" (Sire, 2009:36). - Die basis waarop menslike kennis gebou word, is die karakter, of te wel die aard, van God as Skepper. Hy is die ewige Woord, wat beteken dat logika, intelligensie, rasionaliteit en betekenis alles inherent in God gesetel is. - Volgens Johannes 1 is Hy die ewige Woord en die ware Lig wat mense verlig. Dit impliseer dat Hy morele kapasiteit en intelligensie besit, en dat God se intelligensie die basis vorm vir menslike intelligensie. - Kennis is dus moontlik omdat God en sy skepping geken kan word en omdat daar dinge is om te ken (God en sy skepping), maar ook omdat daar iemand is om te ken (die alomteenwoordige God en die mens geskape na sy beeld). Soos wat Hy die alwetende Kenner van alles is, kan die mens, wat na sy beeld geskape is, tot 'n mate kenners wees van sekere sake. - Tog, hoewel God vêr bo ons begrip is, wil Hy geken word en het Hy Homself bekendgemaak. Hy het Homself op twee maniere geopenbaar, naamlik deur sy algemene genade en sy besondere genade. Deur sy algemene genade — deur die orde van sy skepping — openbaar God sy bestaan, sy aard as Skepper en sy magtige onderhouding van die heelal. In die konteks van algemene genade sien ons ook hoe die mens die dimensie van persoonlikheid byvoeg. Deur sy besondere openbaring — deurdat Hy met sy volk gepraat het en dit laat opteken het in die Skrif, eers die Tien Gebooe, daarna deur die profete, en uiteindelik meer volledig deur sy eniggebore Seun, Jesus Christus (vgl. Heb. 1) — maak God Homself spesifiek bekend. - Omdat God Homself dus aan die mens openbaar het, het die mens voldoende kennis van God en van wat Hy van ons verwag.	- "Through our innate and autonomous human reason, including the methods of science, we can know the universe. The cosmos, including the world, is understood to be in its normal state" (Sire, 2009:75). - Die mens beskik oor ingebore en outonome rede waarmee kennis van die kosmos verkry kan word. Tog word aangevoer dat die mens niks werklik kan ken nie. - So 'n relativistiese epistemologie plaas die mens in die sentrum en maak die mens die bron van kennis.

Dit is geen geheim dat moderne wetenskap enorme deurbrake in die ontdekking van die wêreld en die mens tot stand bring nie. Selfs 'n vlugtige bestudering van die vooruitgang ten opsigte van menslike DNA en genome is 'n bewys hiervan. Byvoorbeeld, 'n mens kan na 'n video van 'n wetenskaplike en bioloog soos Dr. Craig Venter kyk, wat reeds in 2010 volledige bakterieë geheel en al deur sintetiese DNA geskep het (Venter, 2010). Of let op die aankondiging in 2022 dat die wetenskap uiteindelik daarin geslaag het om 'n volledige menslike genoom te ontsyfer (Saey, 2022). Hierdie prestasies getuig alles van die mens se besondere vermoë om kennis van die wêreld en werklikheid rondom hom te verkry.

Oor hierdie revolusie in genomika het die bekende evolusionistiese bioloog Richard Dawkins 'n reeks van vier episodes op BBC vervaardig om die belangrikheid van hierdie deurbraak in wetenskap te ondersoek. In hierdie reeks potgooie voer Dawkins onder andere 'n onderhoud met John Sulston, die direkteur van die Britse laboratorium wat verantwoordelik was vir die ontdekking van 'n derde van die menslike genoom. In dié onderhoud vra Dawkins vir Sulston hoe hy hierdie genoomprojek as mylpaal beskou, waarop Sulston soos volg antwoord:

I think it's a very significant philosophical mastering in the sense that here we have a species—ourselves—which in a course of 4.5 billion years of evolution, has arisen and has become smart enough to read out its own code of instructions. So I think we should celebrate in that sense that in a technical sense it's a step on the way to understanding life (Sulston, 23 June 2010).

Hierin kan 'n mens ten minste twee aspekte opmerk, naamlik hoe die moderne wetenskap die naturalistiese wêreldbeskouing aangeneem het (of, andersom, hoe die naturalistiese wêreldbeskouing die moderne wetenskap oorheers), asook wat die naturalisme se beskouing van die mens ten opsigte van sy wese, kennis en doel is. Oor die verhouding tussen die moderne wetenskap en naturalisme in hierdie verband, skryf Alvin Plantinga (2011:307): “Naturalists pledge allegiance to science; they nail their banner to the mast of science; they wrap themselves in the mantle of science like a politician in the flag. They confidently claim that naturalism is part of the “scientific world-view””.

Pearcey (2008:155-157) voer egter aan dat naturaliste se bewering dat hulle lojaal en getrou is aan 'n suiwer wetenskaplike wêreldbeskouing, vals is. Volgens haar is die idees wat deur Neo-Darwinisme bevorder word nie objektiewe wetenskap nie, maar eerder naturaliste se eie persoonlike filosofie van evolusionêre materialisme of naturalisme. Pearcey verwys byvoorbeeld na Daniel Dennett, wat in 'n onderhoud gestel het dat die groot deurbraak wat Darwin bewerkstellig het, was om die ontwerp van die heelal te reduceer tot 'n produk van doellose en betekenlose materie in beweging (vgl. Dennett, 2012)⁹⁸. Pearcey vra vervolgens die retoriese vraag of sulke stellings werklik wetenskaplik getoets kan word, en antwoord duidelik dat dit geensins 'n wetenskaplike teorie is nie, maar bloot 'n persoonlike filosofie van materialisme.

Hieroor waarsku Pearcey dat indien gelowiges die Christelike wêreldbeskouing onder jongmense en kinders wil verdedig, hierdie verkoopstrategie herken moet word en dat daar weerstand gebou moet word teen sulke filosofiese proselitisering: “Much of what is packaged and sold under the label of science is not really science at all but philosophical materialism” (Pearcey, 2008:157). Met betrekking tot die gevaar en invloed van hierdie strategie, vertel Pearcey dat, toe haar eie seun nog klein was, een van sy boeke wat veronderstel is om wetenskap vir kinders te verduidelik, deurspek was met naturalistiese propaganda⁹⁹ waarin slagspreuke soos “Nature ... is all that IS, or WAS, or EVER WILL BE!” pertinent aan kinders geleer is. Hieroor waarsku sy dat,

⁹⁸Hierdie onderhoud, wat deel uitmaak van 'n dokumentêr oor evolusie, is beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=MCOc7Xqj-kQ&t=165s>. Datum van gebruik: 14 Nov. 2024.

⁹⁹Die boek waarna hier verwys word, is *The Bears' Nature Guide* deur Stan en Jan Berenstain, wat in 1975 deur Random House, New York, gepubliseer is.

indien filosofiese naturalisme reeds in boeke voorkom wat vir jong kinders bedoel is, dit besig is om die samelewing se hele kultuur deur te dring. Sy voeg by: “Under the guise of teaching science, a philosophical battle is being waged ... and they will not balk at preaching their message even to small children” (Pearcey, 2008:158). Gelowiges behoort in hul benadering tot kinders van soortgelyke strategieë gebruik te maak om die waarheid van die evangelie oor te dra. Die apologetiese afdeling in hierdie hoofstuk is ’n manier wat hieraan beantwoord.

Rakende die naturalistiese beskouing van die mens, soos hierbo reeds aangedui is, voer McGrath (2015:8) aan dat Dawkins op BBC Radio tot die gevolgtrekking gekom het dat menslike denke slegs eerlik en wetenskaplik ingelig is wanneer dit vanuit ’n ateïstiese beskouing benader word. In Dawkins (2002) se eie woorde:

The adult response is to rejoice in the amazing privilege we enjoy. We have been born, and we are going to die. But before we die we have time to understand why we were ever born in the first place. Time to understand the universe into which we have been born. And with that understanding, we finally grow up and realise that there is no help for us outside our own efforts.

Ook in hierdie stelling van Dawkins kan waargeneem word dat verskeie aspekte van die naturalistiese mensbeskouing met mekaar verweef is. Hierdie aanhaling spreek onder meer die mens se doel en plek in die wêreld aan, asook sy oorsprong en uiteinde. ’n Deurlopende tema wat in Dawkins se stelling na vore kom, is egter die sentrale posisie en rol wat wetenskap volgens naturalisme in die mens en sy denke inneem.

'n Ander aspek wat hier ter sprake kom, is die aard en rol van die menslike rede. Hieroor voer Plantinga (1993) aan dat naturalisme se afhanklikheid van evolusie en materialisme epistemologies selfvernietigend is: as denke slegs die gevolg van evolusie is, is die fokus daarvan oorlewing en nie noodwendig waarheid nie. Dieselfde geld vir sogenaamde metodologiese naturalisme, wat beweer dat die wetenskap neutraal bly deur God buite rekening te laat. Met betrekking tot hierdie sogenaamde metodologiese naturalisme in die wetenskap, stel Pennock (2006:145): “Methodological naturalism is neutral with regard to the God hypothesis and, in any case, human rights were never in jeopardy”.

So 'n vertrekpunt is egter nie werklik neutraal nie, maar 'n filosofiese uitsluiting van God as Skepper en Onderhouer van alle dinge. Die skepping word aldus bestudeer asof dit selfstandig bestaan, terwyl ware kennis slegs moontlik is in afhanklikheid van God se openbaring. Peels (2022) toon aan dat scientisme — die oortuiging dat slegs die natuurwetenskappe ware kennis verskaf — selfvernietigend is, omdat so 'n stelling self nie wetenskaplik bewys kan word nie. Moreland (2018) wys verder daarop dat sulke naturalistiese denke die werklikheid tot die sigbare en meetbare verskraal, terwyl McGrath (2007) aantoon dat Dawkins se wetenskaplike wêreldbeskouing in werklikheid 'n metafisiese geloofsposisie is.

5.2.4 Die mens se basis vir etiek

Wat die basis van etiek betref, benader die Christelike en naturalistiese wêreldbeskouings hierdie kwessie elkeen afsonderlik op die volgende wyse, soos dit opsommend in die vergelykende tabel in hoofstuk 2 uiteengesit word:

Tabel 8 - Vergelykende samevatting van 'n naturalistiese- teenoor 'n Christelike wêreldbeskouing soos deur Sire (2009) se 6de wêreldbeskoulike vraag

AGT WÊRELDBESKOULIKE VRAE (VGL. SIRE, 2009:22-23).	CHRISTENDOM AS VORM VAN TEISME (VGL. SIRE, 2009:27-46).	NATURALISME & SEKULARISME AS VORM VAN NATURALISME (VGL. SIRE, 2009:66-85).
6) "How do we know what is right and wrong?" (Sire, 2009:22). - Die basis waarop etiek bou.	- "Ethics is transcendent and is based on the character of God as good (holy and loving)" (Sire, 2009:42). - Die antwoord op hierdie vraag is 'n implikasie van die antwoord op die vraag oor wie God is. God is die bron van sowel die morele as die fisiese wêreld. Hyself, in sy wese en deugde van goedheid (heiligheid en liefde), is die absolute standaard waaraan alle morele oordele gemeet word. - God openbaar sy goedheid en gee die wette en morele beginsels in die Skrif. Onder andere deur die Tien Gebooie en die Bergrede openbaar God sy wese en karakter aan die mens. Die volheid van God se goedheid word egter in Jesus Christus beliggaam as die volmaakte mens. - Geskape na die beeld van God, is die mens dus ook 'n morele wese wat alle handeling aan morele waardes meet. Met die sondeval het die mens se aanvoeling vir moraliteit egter gebrekkig geword, sodat die mens slegs 'n gebroke weergawe van ware goedheid het. Nietemin bly daar in die mens 'n natuurlike besef dat sommige dinge reg is en ander verkeerd is.	- "Ethics is related only to human beings" (Sire, 2009:76). - Tradisioneel is die Christendom as uitgangspunt vir etiek gebruik, maar sonder God as basis. - Etiek is uitsluitlik op die mens van toepassing, en die mens konstrueer sy eie waardes, gebaseer op behoeftes en voorkeure.

5.2.4.1 Moraliteit buite natuurlike seleksie om

Met betrekking tot die basis van etiek en moraliteit by die mens, skryf Charles Darwin (1874:618) in *The Descent of Man, and selection in relation to sex*, die volgende:

Important as the struggle for existence has been and even still is, yet as far as the highest part of man's nature is concerned there are other agencies more important. For the moral qualities are advanced, either directly or indirectly, much more through the effects of habit, the reasoning powers, instruction, religion, &c., than through natural selection; though to this latter agency may be safely attributed the social instincts, which afforded the basis for the development of the moral sense.

Dit is interessant dat, alhoewel Darwin as die vader van die teorie van evolusie deur natuurlike seleksie beskou word, hy steeds glo dat dit nie natuurlike seleksie is wat die mens se etiek en moraliteit vorm nie, maar eerder faktore wat in die sielkunde beskryf word as aard en opvoeding (*nature and nurture*). Hierdie siening van Darwin is teenstrydig met sy eie ideologie van evolusie deur natuurlike en seksuele seleksie (sien afdelings 3.2.5 en 5.2.1.1), asook met die naturalistiese beskouing oor die doel (of eerder doelloosheid) van die kosmos (sien afdeling 4.2.5). Soos die aanhaling van Darwin hierbo uitwys, is hy duidelik oor sy siening dat die oorsprong en ontwikkeling van etiek en moraliteit volgens hom nie gegrond is in natuurlike seleksie nie, maar eerder menslike en kulturele faktore soos rede, opvoeding en godsdiens.

Soortgelyk hieraan handhaaf hedendaagse naturalisme steeds 'n sinkretistiese siening waarin dit voorkom asof daar vir alle werklikheidsverklarings vasgehou word aan die ideologie van evolusie — behalwe wanneer dit by etiek en moraliteit kom. Oor die verhouding tussen etiek en die doelloosheid van die kosmos skryf Dawkins (1995:133) byvoorbeeld:

In a universe of blind physical forces and genetic replication, some people are going to get hurt, other people are going to get lucky, and you won't find any rhyme or reason in it, or any justice. The universe that we observe has precisely the properties we should expect if there is, at bottom, no design, no purpose, no evil and no good, nothing but blind, pitiless indifference.

Hoewel ateïste, soos dié van die Nuwe Ateïsme-beweging (Dawkins, Harris, Hitchens en Dennett), dikwels argumenteer dat moraliteit moontlik is sonder 'n Skepper, leen

hulle onbewustelik by die Christelike wêreldbeskouing, wat verklaar waarom daar in die eerste plek iets soos goed en kwaad bestaan. Soos Geisler (2001:310-311) uitwys, sou morele oordele betekenisloos wees as die enigste objektiewe wette dié van fisika en chemie was, aangesien wette van materie nie kan voorskryf wat behoort te gebeur nie. C.S. Lewis (2012:3-27) het aangetoon dat alle mense 'n ingeboude morele wet besit — 'n bewussyn van reg en verkeerd — wat nie bloot uit instink of kultuur voortspruit nie, maar uit 'n objektiewe bron buite die mens self. Hierdie universele wet wys op die bestaan van 'n morele Wetgewer. Geisler en Turek (2004) illustreer dit treffend deur te wys dat mense spontaan onderskei tussen sogenaamde morele helde soos Moeder Teresa en boosdoeners soos Hitler — 'n oordeel wat slegs sinvol is as daar 'n objektiewe standaard van goedheid bestaan, gegrond in God se heilige aard. Selfs wanneer ateïste dus daarop aandring dat hulle goed kan doen sonder geloof, veronderstel hulle reeds die bestaan van vaste morele waardes en menslike waardigheid, wat slegs moontlik is omdat God die mens as morele wese geskape het (vgl. Groothuis, 2011:331).

Naturaliste kan gevolglik eties optree sonder om in God te glo, maar hulle kan nie die grondslag van moraliteit verklaar sonder om by die Christelike wêreldbeskouing te leen nie. Om etiek met die werklikheid te versoen, leen naturaliste dus dikwels by die Christendom. Die rede hiervoor is waarskynlik dat die naturalistiese wêreldbeskouing geen verklaring vir moraliteit bied nie, maar steeds 'n verklaring moet vind vir die mens se inherente sin vir 'n morele kompas. Boonop besef naturaliste waarskynlik dat 'n suiwer naturalistiese beskouing geen bevredigende etiese en morele waardestelsel

bied nie. Trouens, indien ateïste en naturaliste uitsluitlik by 'n naturalistiese of Darwinistiese beskouing sou bly vir die bepaling van wat reg en verkeerd is, sal dit onomwonde kon lei tot grootskaalse massamoorde, gedryf deur die beginsel van oorlewing van die sterkste genome.

Glass (2012) kom tot dieselfde gevolgtrekking wanneer hy retories vra: “Isn’t evolution meant to be all about selfishness and survival of the fittest, while the weak are left to die?” (Glass, 2012:209). Hy antwoord egter dat hierdie afleiding volgens die verstaan van Nuwe Ateïsme blykbaar nie so eenvoudig is nie. Om die kompleksiteit van naturalisme se beskouing oor moraliteit beter te verstaan, verwys Glass tereg na Dawkins se beskrywing van evolusie, wat klaarblyklik sekere altruïstiese (onselfsugtige) gedrag by lewende wesens laat ontwikkel het.

5.2.4.2 Onselfsugtige gedrag as bedekte seën van evolusie

In sy boek *The God Delusion* wy Dawkins 'n hele hoofstuk aan die oorsprong van moraliteit (vgl. Dawkins, 2006b:210-233), waarin hy uitbrei op die sogenaamde verskillende altruïstiese gedrag wat klaarblyklik deur evolusie voortgebring is. Voordat hy egter hierop uitbrei, begin Dawkins hierdie hoofstuk deur briewe van haatspraak teen sy evolusie-beskouing aan te haal — briewe wat inderdaad *ad hominem*¹⁰⁰

¹⁰⁰n *Ad hominem*-argument is 'n Latynse frase wat letterlik “teen die mens” beteken. Dit is 'n drogredenasië waar daar nie op die onderwerp of inhoud van die saak gereageer word nie, maar waar die opponente se karakter of persoonlike eienskappe aangeval word. Sulke aanvalle is dus irrelevante teenaanvalle op die persoon eerder as rasonale weerleggings van die standpunt self. Dikwels gebruik mense hierdie argument as 'n taktiese middel om aandag weg te neem vanaf die leemtes in hulle eie argumentasie.

argumente inhoud en in die naam van godsdiens uitgespreek is. Hierdie briewe is werklik kwaadwillig en bevat haatspraak, in stryd met wat die Bybel leer. Hoewel dit inderdaad uiters swak en onchristelik van mense is om sulke briewe nie net persoonlik aan Dawkins te rig nie, maar selfs op openbare platforms te plaas, is dit steeds 'n swak argument van Dawkins om hierdie insidente te gebruik in sy poging om te bewys dat moraliteit sonder godsdiens kan bestaan. Hierdie vertrekpunt van Dawkins, wat 'n groot deel van sy argumentasie beslaan, laat dit byna lyk soos 'n rooi haring-argument¹⁰¹ voorkom waarin hy poog om sy lesers se aandag deur middel van emosie van die onderwerp af weg te lei, en so probeer oortuig dat godsdiens vyandig teenoor moraliteit staan — wat in werklikheid nie die geval is nie. Ouers behoort hierdie tipe argument aan kinders uit te wys, sodat kinders nie swik voor swak redenasies wat sogenaamde bewyse bied om ateïsme as feitlik korrek te regverdig nie.

Wanneer Dawkins wel in sy argument tot die konkrete feite oorgaan oor waarom moraliteit volgens hom sonder godsdiens kan bestaan, erken hy dat die Darwinistiese beskouing van evolusie en die konsep van die selfsugtige geen op die oog af lyk asof dit nie met morele eienskappe soos goedheid, billikheid en empatie, wat by mense voorkom, strook nie. Hieroor vra hy: “Where does the Good Samaritan in us come

¹⁰¹n Rooi haring-argument is 'n logiese drogredenasie waarin iemand die aandag van die werklike kwessie probeer aflei deur 'n irrelevante of misleidende saak na vore te bring. Dit verskuif die fokus van die gesprek sodat die oorspronklike argument nie beantwoord hoef te word nie. In die konteks van Richard Dawkins gebruik hy byvoorbeeld emosioneel gelaaide aanhalings van haatspraak teen homself as 'n rooi haring om simpatie te wek en kritiese vrae oor die geldigheid van sy argumente teen God te vermy.

from? Isn't goodness incompatible with the theory of the 'selfish gene'? No. This is a common misunderstanding of the theory" (Dawkins, 2006b:215).

Hierop keer hy terug na 'n verduideliking van die Darwinistiese konsep van 'n selfsugtige genoom, waaroor hy reeds heelwat geskryf het, soos hierbo aangedui. Dawkins verduidelik dat, hoewel die selfsugtige geen in evolusie deur natuurlike seleksie dikwels as selfsugtig beskou word, dit nie noodwendig beteken dat hierdie sogenaamde geen werklik selfsugtig is nie. Volgens Dawkins behoort die klem in die uitdrukking "selfsugtige geen" eerder op die tweede woord as op die eerste woord te val. Dit gaan dus oor die geen self, en nie noodwendig oor die selfsug daarvan nie. Hy verduidelik verder dat, vir die oorlewing van hierdie geen, dit onpersoonlik en dus onbewustelik in sy eie belang optree, maar dat dit selfs kan beteken dat die selfsugtige geen altruïstiese gedrag teenoor ander organismes betoon om sy eie oorlewing te verseker.

In 'n voetnota meld Dawkins (2006b:215) dat hy in die inleiding van die dertigjarige herdenkingsuitgawe van sy boek *The Selfish Gene* (2006) verder probeer het om misverstande rondom die begrip van die selfsugtige geen aan te spreek. Wanneer 'n mens hierdie verduideliking van Dawkins (2006a:vii-xiv) met opgewondenheid lees, in die hoop dat hy alle moontlike misverstande oor die selfsugtige geen sal uitskakel, raak dit egter al hoe duideliker dat hoe meer Dawkins probeer om te verduidelik dat dit nie oor selfsug gaan nie, sy verduidelikings die konsep juis al hoe meer onduidelik maak, en daardeur die teendeel bevestig.

Hy stel byvoorbeeld: “The best way to explain the title is by locating the emphasis. Emphasize ‘selfish’ and you will think the book is about selfishness, whereas, if anything, it devotes more attention to altruism” (Dawkins, 2006a:viii). Verder maak hy onder andere teenstrydige frases in die vorige weergawe van sy boek reg, soos: “Let us try to teach generosity and altruism because we are born selfish”. Hierdie regstelling is nie omdat dit volgens Dawkins dubbelsinnig klink, asof hy bedoel dat omdat die mens selfsugtig gebore is, ons eerder na onselfsugtigheid moet streef nie. In Dawkins se verstaan beteken hierdie regstelling eerder dat daar inderdaad steeds ’n selfsugtige geen is wat outonoom ten opsigte van sy eie belang, oorlewing en voortbestaan optree, maar dat hierdie selfsugtige geen die organisme waarin dit teenwoordig is, se gedrag só kan verander en manipuleer dat die liggaam in sy omgewing oorleef — alles ter wille van die oorlewing van die selfsugtige geen. Om verdere verwarring te probeer uitskakel, stel hy voor dat hy die boek eerder *The Immortal Gene, The Altruistic Vehicle, or The Cooperative Gene* moes noem (Dawkins, 2006a:ix).

Ten opsigte van Dawkins se verduideliking van moraliteit, kom hy dus nie werklik by die oorsprong of begronding van moraliteit uit nie, maar voer hy, sonder enige logiese grondslag, aan dat die altruïstiese gedrag wat by lewende wesens voorkom, uit evolusie spruit. Glass vra tereg of hierdie verduideliking moraliteit enigsins verduidelik (Glass, 2012:210).

5.2.4.3 *Christen-etos as die basis van etiek*

Many naturalists—most, so far as I know—are very moral people. They are not thieves, they do not tend to be libertines. Many are faithful husbands and wives. Some are scandalized by the personal and public immorality of our day. The problem is not that moral values are not recognized but that they have no basis (Sire, 2009:107-108).

Dawkins het homself onlangs in 'n onderhoud (1 April 2024) as 'n kulturele Christen beskryf (Dawkins, 2024b). Gedurende hierdie onderhoud, wat deur Rachel Johnson gevoer is en handel oor die toename van Islam en die afname van Christendom in Engeland, vra sy op 'n stadium of Dawkins dink dit sou goed of sleg wees indien Engeland 'n minder-Christelike land sou word. Hierop het hy duidelik geantwoord dat die Christendom as teenvoeter vir Islam moet dien. Uit die gesprek merk Johnson verder op dat Dawkins die waarde daarvan om 'n Christelike fondament te hê, insien. Hoewel Dawkins wel gesê het dat alles wat die Christendom leer, volgens hom nonsens is, stel hy dit tog dat hy hom eerder by die Christelike span sou skaar as om aan Islam voorkeur te gee, aangesien die Christendom volgens hom goeie en matige etiese en morele waardes het: "I sort of feel at home in the Christian ethos ... So I've count myself a cultural Christian ... I think it would matter if we certainly, if we substituted any alternative religion, that would be dreadful" (Dawkins, 2024b). Hoewel Dawkins met term "kulturele Christen" bedoel dat hy van die feestelike atmosfeer sowel as die indrukwekkende kerkgeboue hou, vind hy homself tog tuis in (sy beskouing van) die Christen-etos eerder as in die Islam-etos.

Hieruit is dit duidelik dat die Nuwe Ateïsme by die Christelike wêreldbeskouing leen wanneer dit by die basis van etiek en moraliteit kom. Friel (2017:76) bevestig dit as volg: “Secular humanists believe one thing but live another (often borrowing from Christian morality)”. Dit kan natuurlik nie anders nie, want sekulêre humanisme se begroting vir etiek is subjektief en lê by die mens self: “For the atheist or secular humanist, there is no foundation for morality besides his or her own subjective opinion” (Ham & Foley, 2017:286).

Hieroor stel Sire (2009:109): “A naturalist can point to the fact of value, never to an absolute standard”. In hierdie verband merk Sire (2009:76-77) op dat, hoewel die etiek van naturalisme in die Weste uit die Christendom ontstaan het en daarop vanuit ’n humanistiese benadering voortgebou is, die vertrekpunt nietemin radikaal verskil: “For a theist, God is the foundation of values. For a naturalist, values are constructed by human beings” (Sire, 2009:77).

Ten opsigte van sekulêr-humanistiese etiek van die 20ste eeu stel Beeke en Smalley (2019:585-586) dat sekulêre humaniste in 1973, met die tweede manifes,¹⁰² verklaar het dat etiek uit die mens se behoefte en belangstellings voortspruit en dat die menslike lewe betekenis het omdat mense self hulle toekoms skep en ontwikkel. Hierop voer Beeke en Smalley (2019) aan dat ateïstiese humanisme geen werklike basis vir moraliteit, geregtigheid en waarheid bied nie.

¹⁰²Hierdie manifes is beskikbaar by: <https://americanhumanist.org/what-is-humanism/manifesto2/>

Hierteenoor stel die Christelike lewens- en wêreldbeskouing dat die basis van etiek egter in God gesetel is. Meer hieroor kan gevind word in die bespreking in afdeling 5.3.1 (vgl. ook afdeling 5.4.1.4), waar die mens as geskape na die beeld van God behandel word.

5.3 ANTITETIES: CHRISTELIKE LEER VAN DIE MENS

Vervolgens word die gereformeerde Christelike beskouing van wat die Skrif oor die mens leer, in die vorm van huisgodsdienst-temas bespreek. Dit rus ouers toe om hulle kinders te begelei om insig in hulle Christelike geloof te verkry, asook om hulle toe te rus om gesprekke te kan voer met persone wat 'n naturalistiese lewensbeskouing aanhang. Aangesien dit wesentlik is dat kinders insig in die leer oor die mens sal hê, word die volgende aspekte behandel: dat God die mens goed en na sy ewebeeld geskape het; die huwelik as 'n skeppingsordinansie soos wat God dit ingestel het; en die leer oor die (erf)sonde.

5.3.1 Huisgodsdienst-tema: God het die mens goed en na sy ewebeeld geskape sodat die mens Hom reg kan ken en in liefde kan dien.

Hierdie huisgodsdienst-tema vorm deel van hoofstuk 5 se fokus op die Bybelse mensbeskouing teenoor naturalistiese verklarings van die oorsprong en aard van die mens. Wanneer kinders leer dat God die mens goed en na sy ewebeeld geskape het, word hulle wêreldbeskouing gevorm vanuit die vertrekpunt dat die mens nie toevallig ontstaan het nie, maar doelbewus geskape is om God te ken, lief te hê en Hom in gehoorsaamheid tot sy eer te dien. Hierdie perspektief is van groot belang in 'n tyd waarin die mens dikwels as bloot 'n produk van evolusie en biologiese toevalligheid beskou word, terwyl die Skrif en die belydenis (vgl. Heidelbergse Kategismus, Sondag 3, vraag en antwoord 6) leer dat God die mens in ware geregtigheid en heiligheid geskape het om in gemeenskap met Hom te lewe.

Lees: Genesis 1:26-31

Fokus: Genesis 1:26-28; Efesiërs 4:24; Heidelbergse Kategismus, Sondag 3 vraag en antwoord 6

God het die mens goed geskape, volledig as liggaam en siel (vgl. 1 Thess. 5:23)¹⁰³.

Veral ons, wat in 'n sondige wêreld leef, moet saam met die digter van Psalm 8 in verwondering staan oor hoe die mens geskape is voor die sondeval. So vra die digter:

Wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek? U het hom 'n
weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlijkheid gekroon. U
laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel (Ps. 8:5-7).

Die digter bewonder die feit dat God enigsins aan die mens gedink het. Al het God die mens nie as 'n goddelike wese gemaak nie, het Hy die mens tog aangestel en die vermoë gegee om oor die skepping te heers.

God het die mens na sy beeld, na sy gelykenis, geskape sodat die mens “heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip”, soos ons in Genesis 1:26 lees.

¹⁰³In werklikheid is die mens as liggaam en siel geskape. Vir 'n kort oorsig oor die verskillende Bybelse benaminge van die mens — soos dat die mens uit vlees, 'n liggaam, 'n siel, 'n hart, en 'n gees bestaan — verwys na Van Genderen en Velema (2008:346-349). 'n Drievoudige beskrywing van die mens as liggaam, siel en gees dui nie op 'n sogenaamde trigotomie, waar die mens uit drie afsonderlike komponente bestaan nie. Dit beklemtoon eerder die menswees se volledigheid as 'n eenheidswese wat voor God se aangesig gestel word (Van Genderen & Velema, 2008:349-350).

5.3.1.1 God het die mens goed en (geestelik) na sy ewebeeld geskape

Oor die feit dat die mens na die beeld van God geskape is, moet hierdie beeld nie in die mens se fisiese voorkoms gesoek moet word nie. Met ander woorde, ons God lyk nie fisies soos die mens nie, want ons weet dat die Bybel sê God is Gees (Joh. 4:24). Dat die beeld van God op iets anders dui, blyk uit die opdrag wat Paulus in Efesiërs 4 gee, waar hy sê dat gelowiges hulleself met die nuwe mens moet beklee “wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid” (Ef. 4:24). Dieselfde siening kom ook na vore in Kolossense 3:10 (Polman, 1940b:99-101).

Hier sien ons dat diegene wat die ou mens aflê — die ou mens wat vol van boosheid en ongeregtigheid is — hulleself met die nuwe mens beklee en vernuwe word tot kennis na die beeld van ons Skepper. Dit beteken dat die beeld van God verband hou met 'n kennis wat die mens in 'n verhouding met God laat leef, wat dus behels om sy wil te ken en dit ook van harte te doen.

Verder beveel Paulus hier dat gelowiges, hoewel hulle reeds met die nuwe mens beklee is, hulleself steeds moet beywer om verder beklee te word. Daarna noem hy eienskappe van geregtigheid en heiligheid, naamlik innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, ensovoorts.

Om na die beeld van God geskape te wees, moet dus eerder gesoek word in die mens se intellek, sy vermoë om te dink (rede) en sy onderskeidingsvermoë — In kort, alles wat die mens in sy geestelike kapasiteit het wat die dier nie het nie. Trouens, met hierdie eienskappe waarmee God die mens na sy beeld geskape het, word aan hom

die opdrag gegee om oor die skepping en die diereryk te heers (Polman, 1940b:99-101).

Vanuit hierdie verse in Efesiërs en Kolossense is dit duidelik dat om na die beeld van God en na sy gelykenis geskape te wees, bestaan uit die kennis van God en in ware geregtigheid en heiligheid. As beeld van God is die mens dus voortrefliker as alle ander lewende wesens (Polman, 1940b:99-101).

Oor hierdie beskouing van die mens wat na God se beeld en sy gelykenis geskape is — waarvan beide Calvyn en Augustinus getuig, is daar geen onderskeid tussen “die beeld van God” en “God se gelykenis” nie. Om na die mens as na die gelykenis van God te verwys, is bloot ’n toeligting van wat dit beteken om na God se beeld geskape te wees (Polman, 1940b:101).

5.3.1.2 Dat ons na die ewebeeld van God geskape is (in ware geregtigheid en heiligheid) sodat ons Hom kan ken en in liefde kan dien

Dit wat ons in Efesiërs 4 gelees het, leer vir ons wat dit beteken om na God se beeld geskape te wees. Hier beveel Paulus dat die gelowiges hulleself met die nuwe mens moet beklee “wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid” (Ef. 4:24). En so bely ons in Sondag 3: “God het die mens goed en na sy ewebeeld geskep. Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid” (Heidelbergse Kategismus, Sondag 3, vraag en antwoord 6).

As ons dus wil weet wat met geregtigheid en heiligheid bedoel word, moet ons eers besef dat hierdie eienskappe van God afkomstig is. Dit is deel van sy deugde, van Wie

Hy is. Om dus in ware geregtigheid geskape te wees, beteken dat die mens só geskape is dat hy oor genoegsame kennis beskik van wat reg is, en toegerus is met die wil om te doen wat reg is. Só het God die mens goed geskape, na sy beeld, na sy gelykenis, sodat die mens sedelik goed en reg kan leef, en 'n lewe van goeie werke in God se teenwoordigheid kan lei.

Die mens wat na die beeld van God geskape is, en die nuwe mens wat deur die Heilige Gees al hoe meer na die beeld van sy Skepper gevorm word, het betrekking op die leer van heiligmaking (sien afdeling 7.5.5). Hierdie werklikheid vorm egter ook die grondslag van die Christelike etiek, wat vervolgens 'n kort ekskursie regverdig.

Oor die basis van die Christelike etiek stel Frame (2008:133) dat die aard van God se bestaan normatief is vir die bestaan van mense: "By his very nature, God not only is ethically pure, but inevitably reveals his moral purity to human beings, calling them to live in accord with it". Op hierdie punt maak Frame (2008:181) later die opmerking: "To obey someone, we must know what he wants of us. So to obey God, we must meditate on his law".

God is beide transendent en immanent; Hy het alles geskep en regeer daaroor. God se heerskappy toon dat Hy ook alle etiese sake in die lewe beheer. Sy heerskappy het basies drie eienskappe, naamlik beheer, outoriteit, en verbondsteenwoordigheid. 'n Mens kan dus sê dat God self die bron (of norm) is vir die kennis van Christelike etiek en vir die etiese verpligting wat dit op die mens plaas. Frame (2008:134-135) stel dit eksplisiet: "We have ethical duties, because God is intrinsically worthy of obedience

and imitation, and because all creatures are inevitably confronted with the revelation of his standards”.

Dit bring 'n mens by die punt van God se openbaring. As God regeer, gedien wil word en die normatiewe bron van volmaakte etiek is, moes Hy Homself op een of ander wyse aan die mens openbaar het, sodat die mens kan weet hoe God gedien wil word.

So stel Frame (1999:51-52) dit:

A fully Christian ethic accepts as final only God's word. That word is found pre-eminently in Scripture, the covenant constitution of the people of God (Deut. 6:6-9; Mat. 5:17-20; II Tim. 3:15-17; II Pet. 1:21), but also revealed in the world (Ps. 19:1 ff.; Rom. 1:18ff.) and in the self (Gen. 1:27 ff.; 9:6; Eph. 4:24; Col. 3:10). A Christian will study these three realms presupposing their coherence and therefore seeking at each point to integrate each source of knowledge with the other two.

Hierdie drie perspektiewe is volgens Frame die grondslag van Christelike etiek. Die doel van Christelike etiek is om al drie hierdie perspektiewe gelyktydig te eer, omdat dit God se eienskappe van heerskappy openbaar en reflekteer, naamlik beheer, outoriteit, en teenwoordigheid (Frame, 2008:131). Hy noem verder dat die menslike verantwoordelikheid in Christelike etiek in wese beteken om God, wat die normatiewe standaard is, na te boots, omdat die mens na Sy beeld geskape is (vgl. Genesis 1:26-27). Die feit dat die mens na Sy beeld geskape is, stel die mens in verhouding met God en maak die mens se natuur anders as dié van 'n dier (Frame, 2008:134).

Vorster (2014) voeg hierby dat die totale Christelike moraliteit saamvloei in die Tien Gebooie (ook bekend as God se wet), soos dit ook saamgevat, uitgebrei en verklaar word in die Nuwe Testament deur die Verlosser, Jesus Christus. Hy stem met Frame oor die drie perspektiewe saam en stel dit soos volg: “Daarin [Tien Gebooie] is die morele beginsels wat uit die natuurreg deur die rede geëien kan word, wat in die geskrewe Woord verduidelik kan word en aan die Christologie van die transformerende Jesus getoets kan word, kort en kragtig saamgevat.” (Vorster, 2014:102).

Dit beteken dat die nuwe mens in Christus, onder leiding van die Heilige Gees, sy rasionele denke moet inspan om sekere norme vanuit die Skrif af te lei wat geldig is vir Christelike etiek. Alhoewel die Christelike etiek, soos enige ander vorm van evaluering van kennis, die mens betrek¹⁰⁴ en dus 'n subjektiewe element bevat — naamlik dat die mens in wese 'n sondaar is — bly God se Woord steeds die normatiewe maatstaf vir alle etiese afleidings. Frame (1999:6) stel dit soos volg:

In a Christian theory of knowledge, God himself is the ultimate criterion of truth, and therefore his word to us, his revelation, is the standard by which all truth claims must be judged. It is true, however, that we apprehend God's revelation by means of human reason, human sense-experience, and the whole range of hard-to-define institutions, feelings, and consciousness we call “subjectivity.” None of these, in itself, gives absolute knowledge. If it did, we would not need God's word. But these human faculties work

¹⁰⁴Frame stel tereg dat enige vorm van kennis drie elemente behels, naamlik: (1) die objek van kennis, dit wil sê dit wat geken word; (2) die subjek van kennis, dit wil sê die persoon wat ken; en (3) 'n norm of kriteria waarvolgens kennis geregverdig word (Frame, 1999:7).

together, in mutual dependence, to lead us toward that truth which is absolute and final,
 God's word to us.

Terug by die stelling dat die mens volgens die beeld van God, in ware geregtigheid en heiligheid, geskape is: Dat die mens in ware heiligheid deel het, beteken dat God die mens goed en sonder sonde geskape het, sodat die mens in gemeenskap met God, wat heilig is, kon leef. Daar was geen onreinheid in die mens nie, omdat hy in heiligheid geskape is. Daarom kon die mens homself aan God toewy en Hom ten volle dien.

Aangesien die mens wat in geregtigheid en heiligheid geskape is, beteken dit dat hy so geskape is om deel te hê aan God se deugde, sodat die mens God kan ken en hierdie beeld van God in die skepping kan utoeef. As profeet kan die mens sy God reg ken. Soos 'n goeie koning moet die mens ook koninklik oor die skepping regeer as God se verteenwoordiger. Net so is die mens geskape om priesterlik heilig te lewe in sy toewyding aan God (Veldkamp, s.a.:33).

5.3.1.2.1 Verbondsverhouding met God

Dat die mens na God se beeld geskape is, behels onder andere dat die mens in verhouding met God staan. Nog sterker gestel: die mens kan nie hierdie beeldskap van God utoeef sonder 'n verhouding met God nie. Sonder dat die mens in verhouding met sy Skepper is, is dit ondenkbaar dat die mens op aarde kan lewe.

Dit is die verbondsverhouding waarin die God die mens geskape het. Trouens, reeds in Genesis 1 lees ons oor die basiese elemente van 'n verbond. Van alles wat God geskape het, tree Hy slegs met die mens in gesprek en verwag Hy 'n reaksie. Ons lees

van God wat die mens seën en vir hom 'n opdrag gee om te gehoorsaam. Ons lees oor hoe die mens sy skeppingsdoel sal vervul en dat hy geseënd sal wees wanneer hy gehoor gee aan sy mandaat om oor die skepping te heers, soos God dit bepaal het. Maar ons lees ook van die waarskuwing en die gevolge as die mens nie luister na die verbond wat God met hom gesluit het nie (vgl. Van Genderen & Velema, 2008:357-359).

Sodoende word die doel ook aan ons aangedui waarom God ons so goed geskape het. Soos ons belydenis uitspel: “sodat hy God, sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en prys” (Heidelbergse Kategismus Sondag 3 vraag en antwoord 6).

Hierdie leer oor die skepping van die mens behoort ons in verwondering te laat staan. God het die mens goed, en na sy ewebeeld, geskape sodat die mens Hom reg kan ken en in liefde kan dien. Dit laat 'n mens saam met die digter van Psalm 139 uitroep oor hoe wonderlik Hy ons gemaak het om Hom te ken en te kan dien. Let op wat die digter in Psalm 139 vanaf vers 13 tot vers 17 sing:

U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef. Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke! En my siel weet dit alte goed. My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde. U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie. Hoe kosbaar is dan vir my u gedagtes, o God! Hoe geweldig is hulle volle som nie! (Psalm 139:13-17).

Wanneer gelowiges besef dat God die mens goed en na sy ewebeeld geskape het om Hom te ken, lief te hê en te dien, word nie net hulle geloofsbelydenis versterk nie, maar word hulle verwondering oor die doel van hulle bestaan ook verdiep. Hierdie waarheid bring kinders tot eerbied vir die Skepper en leer hulle dat hulle roeping en waardigheid daarin lê om die beeld van God in geregtigheid en heiligheid te weerspieël. Sodoende dien hierdie huisgodsdienstema daartoe dat kinders nie net kennis van die skepping van die mens opdoen nie, maar ook leer om God te eer as die Skepper wat hulle met verstand, wil en hart geskape het om Hom van harte te ken en in liefde te dien.

5.3.2 Huisgodsdienstema: Huwelik tussen een man en een vrou as skeppingsordinansie

Hierdie huisgodsdienstema vorm deel van hoofstuk 5 se fokus op die Bybelse mensbeskouing teenoor naturalistiese en sekulêre beskouings van die huwelik en gesin. Wanneer kinders leer dat God die huwelik tussen een man en een vrou as skeppingsordinansie ingestel het, word hulle wêreldbeskouing gevorm vanuit die vertrekpunt dat die huwelik nie 'n menslike kontrak of bloot 'n sosiale konstruk is nie, maar 'n heilige instelling van God self. Hierdie perspektief is noodsaaklik in 'n tyd waarin die huwelik onder druk verkeer en verdraai word deur ideologieë wat God se skeppingsorde verwerp. Die Skrif leer egter dat God die huwelik ingestel het as 'n eenheid waarin die man en vrou saam as beelddraers van God leef, mekaar dien en die Here verheerlik (vgl. Gen. 2:24; Ef. 5:31–32).

Lees: Genesis 1:27-28; 2:18, 21-25

Fokus: Genesis 1:27-28; 2:18, 21-25

Dink vir 'n oomblik hieraan: die hele mensdom begin met 'n huwelik. Watter groot en diep gedagte is dit nie! Die ganse begin, geskiedenis en toekoms van die mensdom het alles begin met 'n huwelik wat deur God ingestel is (Bavinck, 2012:1). So lees ons in die skeppingsverhaal, en ook in die huweliksformulier (Formulier vir die Huweliksbevestiging): “God het die huwelik met hierdie woorde ingestel: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas (Gen. 2:8)”.

So hoor ons vir die eerste keer in die skeppingsverhaal dat iets nie goed is nie. Al die ander skeppingsgebeure is goed, maar dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Hy het 'n hulp nodig wat by hom pas, iemand wat deel is van sy wese, sodat hy vervulling kan vind in sy doel hier op aarde.

Soos ons in die Woord van God gelees, het die HERE God die vrou uit die man self — uit sy vlees — geskape, sodat man en vrou 'n eenheid kan vorm uit een vlees. Soos een teoloog dit so mooi beskryf: “God het twee uit een gemaak, sodat Hy dan die twee tot een kan maak – een siel en een vlees” (Bolt, 2015:150). Hoe pragtig is dit nie! Daarom glo en bely ons dat die huwelik 'n instelling van God is.

5.3.2.1 Huwelik as instelling van God

Hiervan leer die Here ons reeds in die skeppingsverhaal, soos dit in Genesis 1 en 2 opgeteken is. Trouens, ons moet besef dat die skeppingsverhaal nie net die werklikheid rondom ons beskryf om vir ons sin van die wêreld te gee nie, maar dat God dit juis vir ons laat opteken het sodat ons alles kan hê wat nodig is om die oorsprong, wese en einddoel van die mensdom te verstaan (vgl. Bolt, 2015:148).

Natuurlik, met die oog op die bevestiging van 'n huwelik, leer ons veral vanuit die skeppingsverhaal hoe God die huwelik ingestel het, wat sy doel met die huwelik is, en hoe ons die huwelik volgens sy wil moet handhaaf.

Kom ons lees weer wat ons teksgedeelte sê oor hoe God die vrou uit die man gemaak het, waarvan ons ook in die huweliksformulier lees (Formulier vir die Huweliksbevestiging):

Toe het die HERE God 'n diepe slaap op die mens laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak. En die HERE God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot 'n vrou en bring haar na die mens. Toe sê die mens: Dit is nou eindelijk been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem. Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees (Gen. 2:21-24; Mat. 19:4-6).

Dat God twee persone bymekaar voeg, wat elkeen op sy eie na die beeld van God geskape is, is besonders. 'n Mens wil amper sê dis bonatuurlik — en dit is, want God

voeg mense saam; tog is dit net so natuurlik, omdat God dit so bedoel en as deel van sy skeppingsorde ingestel het.

So besef ons dat die huwelik 'n skeppingsorde is, en vind ons by hierdie skeppingsorde ook 'n duidelike rolverdeling tussen die man en sy vrou.

5.3.2.2 Skeppingsorde en rolverdeling

God se skeppingsorde is nie tydgebonde nie, maar geld vir alle tye. Wat God van die begin af, by die skepping, vir die huwelik bepaal en vasgelê het, is vandag nog net so geldig en bepalend vir ons as mense. As ons vervulling van ons lewensdoel op aarde soek, hoef ons nie verder te kyk as na dit wat God by die skepping aan ons bekend gemaak het nie. Daarom lees ons wat die sluiting van 'n huwelik betref, in die huweliksformulier (Formulier vir die Huweliksbevestiging):

Net so lei God vandag nog elke man en vrou na mekaar toe. Van hierdie instelling van die huwelik getuig ons Here Jesus Christus ook: Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie (Mat. 19:4-6). Daarom het Hy die huwelik ook so hoog geëer deur sy teenwoordigheid en sy wondertekens op die bruilof in Kana (Joh. 2:1-11). En Paulus sê met die oog op Christus en die gemeente dat die huwelik 'n groot verborgenheid is. Hieruit leer ons dat die huwelik, wat in die welbehae van God gegrond is, baie eerbaar is, want dit is 'n afbeelding van die verhouding tussen Christus en die gemeente (Ef. 5:32).

Hoor hoe pragtig stel ons huweliksformulier dit: Vanuit Efesiërs 5 openbaar die Here helder en duidelik dat die huwelik 'n heilige instelling van God is, want dit is 'n afbeelding van die verhouding tussen Christus en die gemeente.

Daarom moet ons alle vorme van aanvalle wat op die Christelike huwelik gerig word, ten sterkste afweer en aktief bestry. As die satan daarin sou slaag om die Bybelse beskouing van die huwelik te verdraai, bring hy duisende en duisende mense en kindertjies tot 'n val ten opsigte van Wie ons Skepper is Wie ons moet dien.

Dink maar net aan hoe die aanslae van die Bose reeds in ons tyd op die huwelik gerig is.

5.3.2.3 Hedendaagse tendense en beskouing van die huwelik en hoe dit aangespreek kan word

Hoeveel mense, selfs Christene, besluit deesdae so maklik om van mekaar te skei. Hoe sou dit moontlik wees, aangesien wat God saamgevoeg het, geen mens mag skei nie.

Let op hoe kosbaar is dit wat gebeur wanneer twee mense in die huwelik tree. Die HERE sê: “Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis” (Gen. 1:26), en dan maak God die mens na sy beeld: “Na die beeld van God het Hy hom geskape, man en vrou het Hy hulle geskape” (Gen. 1:27).

As ons mooi nadink oor wat hier gebeur, sal ons werklik in verwondering staan oor die huwelik. Wat die Bybel ons hier leer, is dat God die aarde en alles daarop vir die mens gemaak het, sodat die mens sy God kan dien. Dit is treffend om te besef dat die mens

nie alleen, sonder sy vrou, volledig die beeld van God weerspieël nie — wel volkome, maar nie volledig nie. Die man en sy vrou is sáám as wedersydse skepsels geskape om saam God se gelykenis ten toon te stel, en tog steeds elkeen op sy eie unieke manier (Bavinck, 2012:3).

Só is ons huwelike 'n bewys en getuienis van God wat ons na sy beeld geskape het, en daarom moet ons waak dat ons huwelik nie gelykvormig word aan dié wat die wêreld ons voorhou nie.

5.3.2.3.1 Oproep dat die huwelik 'n getuienis sal wees van korrekte rolverdeling. Verder moet ons huwelike ook 'n getuienis wees van die korrekte rolverdeling wat God vir die huwelik vasgestel het. Uit die huwelik wat God ingestel het, leer ons dat beide die man en die vrou gelyk waardig as beelddraers van God is, maar dat elkeen afsonderlik met 'n baie spesifieke rol geskape is. Dit is juis sodat die man en sy vrou mekaar tot hulp kan wees en mekaar kan aanvul in die ondersteuning wat hulle aan mekaar bied (vgl. Bolt, 2015:155).

Die wêreld wil ons egter dikwels leer dat die Christelike huwelik chauvinisties is, waar die man só oor die vrou heers dat dit klaarblyklik haar menseregte aantast. Gevolglik leer die wêreld dat die vrou haar tot feminisme moet wend en dat sy aan geen man onderdanigheid hoef te betoon nie. Die man, aan die anderkant, word dikwels as toksies beskou, en daarom word daar gepoog om sy manlikheid van hom af weg te neem.

Tog is so 'n wêreldse reaksie heeltemal verkeerd, want dit slaag nie in die doel wat God met sy skepping gehad het nie. Daarom sal diegene wat so 'n verdraaiing aanhang, nooit ware vreugde en vervulling vind nie. Inteendeel, die Bybel leer ons juis dat só 'n siening 'n volharding in die sonde is en die skeppingsorde direk teëwerk.

Maar nee, die Bybel leer ons om sterk teen die sonde weerstand te bied. God is die soewereine Skepper van geslagtelikheid. Daarom hoef ons nie die manlike en vroulike geslag teenoor mekaar afspeel nie, want Hy het dit só gemaak dat dit baie goed is. Man en vrou verskil van mekaar juis sodat hulle mekaar kan aanvul. In hulle wedersydse gemeenskap is hulle saam die beeld van God (vgl. Bavinck, 2012:5).

Wie só leef soos wat God dit bedoel het — deur onderdanigheid en liefde jeens mekaar, soos wat Efesiërs 5 leer — kan verseker wees van God se bystand. So lui ons formulier (Formulier vir die Huweliksbevestiging):

Die getroudes kan daarom ook in hulle hart verseker wees van die hulp en bystand van God, selfs wanneer hulle dit glad nie verwag nie. Hoewel getroudes as gevolg van die sonde gewoonlik deur allerhande teëspoed getref word en daar lyding oor hulle kom, kan u dit nogtans geduldig en dankbaar aanvaar, aangesien dit alles uit die hand van die Here kom.

5.3.2.4 Doel en oproep van huwelik

Maar u moet ook weet wat die doel van die huwelik is. Die een moet naamlik die ander getrou help en bystaan in alles wat tot die tydelike en ewige lewe behoort. Die menslike geslag moet ook deur die huwelik gebou word (Gen. 1:28), en ouers moet hulle kinders opvoed in die ware kennis en vrees van God tot sy eer en tot hulle saligheid.

Hier leer ons wat die verhouding is van die doel van die huwelik in terme van ons skeppingsopdrag. Die bekende woorde weerklank: bewoon, bewerk, en bewaar. Let wel, daar word drie aspekte genoem, naamlik die huwelik, die gesin en die kinders. Anders gestel, word hier verwys na: hulpverlening in die huwelik, uitbreiding van die gesin, en opvoeding van kinders in die vrees van die Here.

Ja, dit is die algemene doel van die mens op aarde. Indien 'n mens nie in die huwelik tree nie, wy jy jou aan die Here toe en vind jy vervulling in Hom. Die gewone gang van die lewe is egter dat 'n mens trou en kinders kry, en só deel het aan God se skeppingsdoel met die mens.

So het God ons na sy beeld geskape, sodat beide man en vrou deel het aan hierdie taak en roeping om te bewoon, te bewerk, en te bewaak. Ja, die man is manlik en die vrou is vroulik, maar die man het ook eienskappe van versorging, en die vrou het ook eienskappe van gesag, sodat beide nodig is om hulle rol in die huwelik en gesin te vervul (vgl. Bavinck, 2012:10).

Laastens verneem ons in die formulier van nog 'n belangrike doel van die huwelik (Formulier vir die Huweliksbevestiging):

Verder dien die huwelik om die mens alle onkuisheid te laat vermy. Daarom moet elke man sy eie vrou hê en elke vrou haar eie man (1 Thess. 4:3-5), met medewete en toestemming van hulle ouers of voogde. Hulle huwelikslewe moet heilig wees, sodat die tempel van God, naamlik die liggaam, nie verontreinig word nie.

En so kom die oproep en appèl tot elkeen in die huwelik:

5.3.2.5 *Appèl op die huwelik*

U moet ook weet hoe die gedrag van die een teenoor die ander volgens die Woord van God moet wees: En dan moet u, man, besef dat God u as hoof van die vrou gestel het, soos Christus die Hoof van sy gemeente is (Ef. 5:23, 25). U moet haar liefhê en verstandig lei, onderrig, vertroos en beskerm en haar as vrou eer. U moet nie teen haar verbitterd word nie maar verstandig met haar saamwoon. U moet ook ywerig en getrou u beroep beoefen, sodat u u gesin eerbaar kan onderhou en ook aan die behoeftiges iets kan gee.

En u, vrou, moet u man liefhê, hom eer en gehoorsaam wees (Ef. 5:24) in alles wat reg en billik is, net soos die gemeente aan Christus onderdanig is. U moet u man ook behulpsaam wees in alles wat goed en reg is (Gen. 3:16), en aan u gesin en huishouding die regte aandag gee. Verder moet u ingetoë en eerbaar lewe, vir ander tot voorbeeld in deugsamheid (1 Pet. 3:1-6).

Wanneer gelowiges verstaan dat die huwelik tussen een man en een vrou 'n skeppingsordinansie van God is, word nie net hulle huweliksbeskouing versterk nie, maar ook hulle geloof in God oor sy wysheid en goedheid in sy skeppingsorde. Hierdie waarheid bring kinders tot verwondering oor God se ontwerp vir man en vrou en die gesin, en leer hulle dat ware huweliksgemeenskap nie in selfvervulling lê nie, maar in gehoorsaamheid aan God se Woord en in liefde vir mekaar. Só dien hierdie huisgodsdienstema daartoe dat kinders nie net kennis van die huwelik opdoen nie, maar ook leer om God te eer as die Skepper wat die huwelik ingestel het tot sy eer, tot die opbou van gesinne en tot die verheerliking van Christus, wat die Bruidegom van sy gemeente is (vgl. Ef. 5:25-32).

5.3.3 Huisgodsdienst-tema: Die aard, oorsprong, verspreiding en straf op die sonde.

Hierdie huisgodsdienst-tema vorm deel van hoofstuk 5 se fokus op die Bybelse leer oor die mens en die sonde, teenoor humanistiese en naturalistiese beskouings wat die bestaan van sonde ontken of dit bloot tot menslike swakheid reduceer. Wanneer kinders leer wat die Skrif oor die aard, oorsprong, verspreiding en straf van die sonde openbaar, word hulle wêreldbeskouing gevorm vanuit die vertrekpunt dat die mens se ellende nie van buite kom nie, maar uit die sondige hart voortvloei (vgl. Gen. 3; Rom. 5:12). Hierdie perspektief is noodsaaklik in 'n tyd waarin die werklikheid van sonde as skuld voor God verwerp word. Die Skrif leer egter dat die sonde sy oorsprong in die mens se ongehoorsaamheid aan God het, dat elke mens in sonde ontvang en gebore word, en dat slegs Christus deur sy genade en Gees daaruit kan verlos (vgl. Heidelbergse Kategismus, Sondag 3; Nederlandse Geloofsbelydenis, artikels 14-15).

Lees: Genesis 3:1-24

Fokus: Genesis 3:1-24; Heidelbergse Kategismus, Sondag 3, vraag en antwoord 7; vgl. Nederlandse Geloofsbelydenis, artikels 14-15

In 'n wêreld waar die mens homself wil dien en sy eie baas wil wees, wil die mens nie van sonde hoor nie, want sonde neem die mens se eer weg en verneder hom. As die mens moet erken dat hy 'n sondaar is, maak dit hom skuldig, en dan moet hy om verskoning en vergifnis vra.

Maar hierdie probleem lê nie net by die wêreld nie. Die Bybel leer dat daar selfs by gelowiges 'n natuurlike neiging is om die sonde te ontken. Selfs as gereformeerdes, wat glo dat die leer oor die sonde 'n prominente plek in ons geloof het, en selfs ons wat in die sondeval en die erfsonde glo, bevind ons dikwels in situasies waar ons nie die sonde wil erken en bely vir wat dit werklik is nie.

Die leer oor die sonde word selfs deur teoloë onderbeklemtoon, waarskynlik in 'n poging om liewer op verlossing te fokus. Só merk Van Genderen en Velema (2008:386-387) op dat Bart homself daarvan weerhou om hamartiologie as 'n lokus en selfs as 'n hoofstuk in sy dogmatiek te behandel, en dat ander teoloë hom hierin navolg. Tereg stel Van Genderen en Velema (2008) dat sonde 'n eie lokus behoort te hê, op grond van die openbaringshistoriese lyne van skepping, sondeval en verlossing wat die Skrif openbaar.

So is dit in die mens se natuur om te sondig, en deel van die aard van die sonde is juis om die sonde te ontken. Dít is wat die sonde so dodelik maak. As ons die sonde in ons lewens ontken, bly ons immers soos slawe vasgevang in die sonde, terwyl ons Here Jesus ons lankal van hierdie slawerny verlos het sodat ons in vryheid kan leef. Ons kan dan selfs in die gevaar beland om sonde aan God toe te skryf, terwyl sonde nooit sy oorsprong in God kan hê nie.

Daar is ook mense wat sê: "Sonde is nodig sodat verlossing duideliker kan word". Tog moet ons versigtig wees om nie so vêr te gaan as om te beweer dat die sonde noodsaaklik was sodat God die Verlosser kon stuur nie. Ons bely wel in Sondag 1 van die Heidelbergse Kategismus dat ons, om ons verlossing beter te verstaan, eers moet

weet hoe groot ons sonde en ellende is. Van Genderen en Velema (2008:423) bied 'n gebalanseerde formulering vir die sonde as deel van die grondslag vir verlossing: “It suffices to say that what is referred to as common grace mitigates the verdict of death. It prepares the historical foundation upon which forgiveness, redemption, and renewal of grace can be manifested”.

Ons gaan vervolgens na twee aspekte van sonde kyk, naamlik: (1) die aard van sonde, en (2) die verspreiding van sonde¹⁰⁵.

5.3.3.1 Die aard van sonde

By die bespreking van die aard van sonde vra ons die vraag: Wat is sonde? As ons na die skeppingsverhaal kyk, leer ons baie oor wat sonde is, hoe sonde tot die mens gekom het, en hoe die mensdom deur erfsonde geraak is. Hierby moet ons vashou aan die feit dat die skeppingsverhaal nie bloot 'n leersame storie is nie, maar dat Adam en Eva en die gebeure in die tuin van Eden werklik plaasgevind het. Die oomblik wanneer ons ophou om Adam en Eva as werklike historiese persone te beskou, verander dit ons hele belydenis na iets wat nie Bybels is nie — veral ten opsigte van sonde, verlossing en ons Verlosser (Van Genderen & Velema, 2008:388).

Die eerste beskrywing van sonde vind ons in Genesis 3. Hier lees ons van die slang wat die mens en sy vrou verlei het om van die boom in die middel van die tuin te eet, waarvan God hulle uitdruklik verbied het om te eet (vgl. Gen. 3:1 e.v.). Vervolgens

¹⁰⁵Van Genderen en Velema (2008) bespreek ook ander aspekte van die sonde, naamlik (1) die oorsprong van sonde, (2) die kennis van sonde, en (3) die straf op sonde.

hoor ons hoe die mens en sy vrou vir God weggekruip het, en hoe God beide die slang, sowel as die vrou en haar man, straf.

Ons lees egter vir die eerste keer van die woord “sonde” in die verhaal van Kain en Abel (Gen. 4:1 e.v.). Hier lees ons dat beide Kain en Abel offers aan die HERE gebring het, maar dat die HERE slegs Abel se offer aanvaar het. Hierop het Kain kwaad geword, waarop die HERE vir hom sê: “Waarom is jy kwaad, en waarom laat jy jou hoof hang? Is daar nie verheffing as jy goed doen nie? En as jy nie goed doen nie—die sonde lê en loer voor die deur, en sy begeerte is na jou; maar jy moet daaroor heers” (Gen. 4:6-7). Kain het egter nie na God se waarskuwing geluister nie; hy het aan die sonde toegegee en hy het sy broer, Abel, doodgeslaan. Hoe verskriklik, dodelik en vernietigend is die sonde.

5.3.3.1.1 Sonde is ongeloof en ongehoorsaamheid

Dit sal natuurlik aan tyd ontbreek om 'n volledige uiteensetting van sonde te probeer gee. Daar is byvoorbeeld heelwat aspekte van sonde wat ondersoek kan word, soos die rol van nuuskierigheid en verbeelding by sonde (vgl. Van Genderen en Velema, 2008:389). Daar is ook vrae vanuit Genesis, soos of die slang sinoniem met die Satan is, of die slang as 'n goedgeskape dier die straf vir die sonde moes ontvang, en óf en hoe die straf eerder op die duiwel as op die slang gerig is (vgl. Calvyn se kommentaar op Genesis 3). Vele vrae kan aldus ontstaan, soos of die sonde 'n krag is wat op mense inwerk (en in die geval van die skeppingsverhaal selfs op die slang), en of die duiwel die mag het om hom in mense of diere te manifesteer. Selfs meer fundamentele vrae kan gestel word, soos waarom God sonde toegelaat het as Hy geweet het die mens sou kies om te sondig¹.

Maar wat leer hierdie verhale in beginsel vir ons oor die aard van sonde? Ons leer dat sonde 'n verleiding is om God se goeie en volmaakte wil te bevraagteken, en om gevolglik God se gesag te ondermyn en in ongehoorsaamheid teen sy wil te kies (Van Genderen & Velema, 2008:389-390). Van Genderen en Velema (2008:389) definieer sonde onder andere soos volg: “Man fell into sin through temptation. This implies that evil—the power of sin manifested in antagonism toward God and disobedience against God’s command”.

Daarom kan ons sê dat sonde is ongeloof in God en ongehoorsaamheid aan Hom. Adam het nie geglo wat God gesê het. So sê Calvyn dat Adam se sonde ongeloof in God was. Hy stel dit soos volg (Calvyn, 1986:355, II.1.4): “Tog moet ons terselfdertyd daarop let dat die eerste mens van die heerskappy van God afvallig geword het, nie alleen omdat hy deur die verleiding van die Satan mislei is nie, maar ook omdat hy die waarheid verag het en hom tot die leuen gewend het”. Vervolgens sê hy, “As God se Woord verag word, word alle eerbied vir Hom sekerlik ook vernietig ... ongelowigheid was daarom die wortel van die afvalligheid”. Luister verder na sy woorde: “Hieruit het egter ook eersug en hoogmoed te voorskyn gekom ... Dit was inderdaad sonderlinge goddeloosheid dat dit vir die aardse kind van weinig waarde gelyk het dat hy na die gelykenis van God geskep is, as hy nie ook aan God gelyk is nie”. Hierdie ongeloof gaan natuurlik gepaard met wantroue, twyfel en ongehoorsaamheid (Van Genderen & Velema, 2008:397), asook die verlies van die vrees vir die HERE.

So sien ons dat die sonde uit die hart van die mens voortspruit en verband hou met menslike trots, wat die teenoorgestelde van nederigheid is. Dit lei uiteindelik tot haat teenoor God en my naaste, wat die teenoorgestelde van liefde is (vgl. Van Genderen & Velema, 2008:397-398).

5.3.3.1.2 Verbondsbreking (werksverbond)

As ons egter die openbaringshistoriese lyne in ag neem wat die Skrif aan ons voorhou, sien ons dat sonde in sy wese verbondverbreking is. Die Bybel leer ons dat God die skepping baie goed gemaak het, maar dat Adam in sonde geval het en dat hierdie sonde deurgedring het tot alle mense wat in Adam gebore word. Die Bybel leer voorts dat God 'n Verlosser stuur, naamlik Jesus Christus, wat die tweede Adam is, sodat Hy die mens kan verlos van die sonde wat die eerste Adam nie kon regkry nie. Hiervan lees ons veral in Romeine 5 (vgl. veral verse 15, 17, 18, 19). Dit bring ons by die bespreking van die verspreiding van sonde.

5.3.3.2 Verspreiding van sonde

Dit is belangrik dat ons as gelowiges besef dat 'n wesenlike eienskap van sonde is dat dit homself wil versprei. Nadat Adam en Eva in sonde geval het, en Kain vir Abel doodgemaak het, en die mensdom vermeerder het, lees ons dat God sê: "Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was" (Gen. 6:5). Hoe verder ons dus die Bybel lees, hoe meer word ons bewus van die feit dat sonde al hoe meer toeneem in die wêreld (vgl. Van Genderen & Velema, 2008:402).

5.3.3.2.1 *Erfsonde (federalisme): “En die mens het sy vrou Eva genoem ...” (Gen. 3:20)*

Maar hoe gebeur dit dat die sonde van Adam af al verder in die mensdom versprei? Dit is die vraag wat die Heidelbergse Kategismus stel in Sondag 7: “Waar kom hierdie verdorwe natuur van die mens dan vandaan? Die antwoord lui: “Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys”. Adam se val in die sonde het dus deur die erfsonde tot die hele mensdom versprei. Dit is veral by Augustinus dat die leer oor die erfsonde diepgaande ondersoek is, as antwoord op Pelagius se leerstellinge oor sonde (Van Genderen & Velema, 2008:402-403).

Die Skrif leer ons baie duidelik dat alle mense, as gevolg van Adam se sonde, ook in sonde ontvang en gebore word. Van Genderen en Velema (2008:406-408) stel dat, hoewel tekste soos 1 Konings 8:46 en Psalm 51 openbaar dat die mens van sy geboorte af ’n sondaar is, hierdie tekste nog nie die universele karakter van sonde aan Adam koppel nie. Romeine 5:12-21 dui dit egter wel aan. Daarom moet Romeine 5 as die sentrale teksgedeelte oor die leer van die erfsonde beskou word, terwyl ander verwante gedeeltes steeds in ag geneem moet word.

Ons lees byvoorbeeld in Romeine hoofstuk 5 sê: “Soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het” (Rom. 5:12).

Die eerste mens, Adam, was as’t ware die verteenwoordiger van die hele menslike geslag. ’n Ander term hiervoor is dat Adam die federale hoof van die res van die mensdom is. Dit beteken dat alle mense aan Adam se skuld deel en dat almal wat uit Adam voortkom, skuldig voor God staan (vgl. Van Genderen & Velema, 2008:405).

Adam se keuse vir gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid was die bepalende faktor vir die lot van die res van die mensdom. God het Adam geskep om in verhouding met Hom te leef. Trouens, Hy het die mens na sy beeld geskep, hulle geseën en aan hulle die opdrag gegee: “Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip” (Gen. 1:28).

Ook het die HERE aan die mens gesê dat hulle van alles in die tuin mag eet, van allerhande bome, “begeerlik om te sien en goed om van te eet” (Gen. 2:9a). In die middel van die tuin was egter “die boom van die kennis van goed en kwaad” (Gen. 2:9c). God het die mens verbied om van hierdie boom te eet, en gesê: “die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe” (Gen. 2:17).

Dit was die sogenaamde proefgebod en werksverbond wat God aan Adam gestel het. Indien hy gehoorsaam gebly het, sou hy en die hele mensdom lewe. Indien hy egter ongehoorsaam was, sou die hele mensdom in Adam skuldig wees. Omdat Adam as die verbondshoof van die hele mensdom opgetree het, het hy deur sy keuse om teen God te sondig, die hele mensdom in die sonde gedompel. Daarom bely ons: “Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word” (Heidelbergse Kategismus, Sondag 3, vraag en antwoord 7). Ons het dus die erfsonde van Adam ontvang.

Dit is wat ons glo en bely met betrekking tot die leer oor die aard en verspreiding van die sonde. Sonde is ongeloof en ongehoorsaamheid aan God se goeie en volmaakte

wil vir ons lewe. Dit behels 'n moedswillige besluit om teen God te kies, in 'n poging om aan God gelyk te wees.

Hierdie sonde het van ons eerste voorouers gekom en word kragtens die werkverbond aan ons oorgedra — dit is die erfsonde. Gevolglik word ons in sonde ontvang en gebore.

Ons dank egter God dat Hy sy Eniggebore Seun, Jesus Christus, na die aarde gestuur het om as die tweede Adam te kom en ons van die ellende van ons sondes te verlos, sodat ons deur sy Heilige Gees wedergebore kan word en deur die geloof opgeneem kan word in sy genadeverbond.

Hoewel die erfsonde steeds deel van ons is, leef gelowiges nie meer as slawe van die sonde nie. Deur die krag van die Heilige Gees kan ons teen die sonde stry en daaroor heers, omdat ons Here Jesus die mag van die sonde eens en vir altyd oorwin het (vgl. Rom. 5-6).

Wanneer gelowiges besef dat sonde nie bloot 'n fout is nie, maar 'n bewuste verbreking van God se verbond en 'n daad van ongeloof en ongehoorsaamheid teenoor Hom, word die erns van die mens se ellende duidelik. Hierdie waarheid bring kinders tot 'n dieper besef van hulle behoefte aan Christus, die tweede Adam, wat gekom het om die ewige dood — wat as gevolg van die sondeval gekom het — te oorwin. Só leer hierdie huisgodsdienst-tema dat die erkenning en belydenis van sonde

nie tot wanhoop lei nie, maar tot dankbare afhanklikheid van God se genade in Christus, wat ons deur sy Gees nuut maak om teen die sonde te stry en in gehoorsaamheid aan Hom te leef (vgl. Rom. 5:17-19; Ef. 2:1-5).

5.3.4 Huisgodsdienst-tema: Die aard, oorsprong, verspreiding en straf op die sonde (2).

Hierdie huisgodsdienst-tema vorm deel van hoofstuk 5 se fokus op die Bybelse leer oor die sonde, in teenstelling met humanistiese en naturalistiese beskouings wat die werklikheid van die sonde ontken of dit bloot tot menslike swakheid reduceer. Wanneer kinders leer dat die oorsprong van die sonde nie by God lê nie, maar by die duiwel en die mens se eie moedswillige ongehoorsaamheid, word hulle wêreldbeskouing gevorm vanuit die vertrekpunt dat die mens self verantwoordelik is vir sy sondes en daarom die regverdige oordeel van God verdien — maar alleen deur geloof in Christus geregverdig kan word. Hierdie perspektief is noodsaaklik in 'n tyd waarin sonde dikwels geregverdig word deur die skuld op omstandighede, opvoeding of kultuur te plaas.

Die Skrif leer dat die loon van die sonde die dood is, maar dat God in sy genade die sondaar deur Christus tot bekering en lewe roep (vgl. Gen. 3; Rom. 6:23; Heidelbergse Kategismus, Sondag 4).

Lees: Genesis 3:1-24

Fokus: Genesis 3:1-24; Heidelbergse Kategismus, Sondag 4, vraag en antwoord 9 (vgl. Nederlandse Geloofsbelydenis, artikels 14-15)

In die vorige huisgodsdienstema oor die sonde het ons gekyk na die aard van die sonde en die verspreiding daarvan. Ons het geleer dat sonde bestaan uit ongeloof, ongehoorsaamheid, en die moedswillige besluit om teen God se goeie en volmaakte wil in opstand te kom, in 'n poging om aan God gelyk te wees. Hierdie sondige geneigdheid is die erfsonde wat ons van ons voorouers, Adam en Eva, ontvang.

Maar nou dat ons weet wat die aard van die sonde is, en hoe die sonde van die eerste mens deurgedring het tot by die hele mensdom, is daar verdere aspekte van die leer oor die sonde wat ons nog moet behandel.

Daarom staan ons vervolgens stil by die volgende drie aspekte van sonde, naamlik: (1) die oorsprong van sonde, (2) kennis van die sonde, en (3) die straf op die sonde.

5.3.4.1 Oorsprong van sonde

In Sondag 3 van die Heidelbergse Kategismus vra ons, as God “die mens goed en na sy ewebeeld geskape [het]” (Heidelbergse Kategismus, Sondag 3, vraag en antwoord 6), “waar kom dié verdorwe aard van die mens dan vandaan?” (Heidelbergse Kategismus, Sondag 3, vraag en antwoord 7). Met die antwoord op hierdie vraag kon ons die oorsprong van die sondige natuur van die mensdom terugspoor tot by die eerste mense, Adam en Eva. Tog beantwoord dit nie die vraag na die eintlike oorsprong van die sonde volledig nie.

Tog gee Sondag 4 vir ons 'n leidraad oor waar die oorsprong van die sonde lê. Hier bely ons: “Die mens het homself en al sy nakomelinge deur die ingewing van die duiwel en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof” (Heidelbergse Kategismus, Sondag 4, vraag en antwoord 9). Ons hoor dus dat nie net die mens genoem word nie, maar ook die duiwel, want die Skrif leer ons dat die duiwel reeds tot 'n val in die sonde gekom het voordat die mens geskape is.

In Openbaring 12 word die duiwel beskryf as die draak met die sewe koppe en tien horings. Daar word verder beskryf hoe die duiwel en sy engele saam met hom op die aarde neergewerp word, en dan bely ons dat hierdie duiwels soos moordenaars op die kerk loer, op elke lidmaat, “om dit met alle mag in die verderf te stort en om alles deur hulle bedrieëry te verwoes” (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 12). Wanneer ons dus van die slang lees wat die mens bedrieg het, weet ons dat die duiwel reeds in die tuin teenwoordig was om die mens te mislei.

5.3.4.1.1 By die duiwel: “maar die slang was listiger...” (Gen. 3:1-5, 13)

Ons lees dus van die werklikheid van die slang wat in die tuin van Eden die mens tot sonde verlei het. Dit is opmerklik dat hierdie verhaal van die sondeval nooit direk vermeld dat die duiwel of die satan self die mens verlei het nie. Daar word bloot aan ons vertel: Die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het” (Gen. 3:1).

Hierdie woord, “listig”, wat die eienskap van die slang beskryf, het twee moontlike betekenisse wat telkens deur die konteks bepaal word. Aan die eenkant kan hierdie

woord “slinks” beteken, maar aan die anderkant kan dit ook “slim”, met ander woorde “verstandig”, beteken.

Wat dit moeilik maak, is dat albei betekenisse binne die konteks van Genesis 3 kan pas. Die slang sou beskryf kon word as slimmer en meer verstandig as al die diere van die veld; maar die konteks laat ook toe dat die slang as slinkser en meer bedrieglik as al die diere van die veld beskou kan word.

5.3.4.1.2 Verklaring van die slang en Satan

Om duidelikheid te verkry oor die eintlike betekenis en bedoeling van hierdie woord in Genesis 3, moet ons die res van die Bybel in ag neem. Met die breë Bybelse konteks in gedagte, is dit duidelik dat dit nie die slang self was wat boos was nie, maar die duiwel. Soos met die res van die skepping het God die slang goed geskape, maar die duiwel het van die slang se eienskappe gebruik gemaak om die mens deur middel van die slang te verlei¹⁰⁶.

Wanneer die HERE later die straf op die sonde aan die slang toeken, word dit al duideliker dat, hoewel God die slang straf, hierdie straf eintlik daarop dui dat dit op die duiwel gemik is. Daarom kan ons nie sê dat slang deur die duiwel besete is nie. Met hierdie straf het God waarskynlik die slang se verstandigheid weggeneem en hom op sy buik laat seil, sodat die duiwel nie langer die slang kan gebruik om die mens te verlei nie. Die werklike vervloeking wat oor die duiwel gespreek word, word egter in

¹⁰⁶Hierdie is Calvin se verklaring van die teks (Calvin, s.a.-a). Met betrekking tot die vraag waarom Moses die duiwel nie eksplisiet noem nie, maar slegs suggereer, lig Calvin verder toe dat Moses die boodskap eenvoudige hou om aan te pas by die kapasiteit van sy gehoor, wat kinderlik was.

die Moederbelofte vervat, naamlik dat God sy Eniggebore Seun sal stuur om die mag van die Satan en die dood te oorwin.

5.3.4.1.3 By die mensdom: “Toe sien die vrou ... en dat hy ’n lus was” (Gen. 3:6, 12-13)

Hieruit verstaan ons dus dat die oorsprong van die sonde verder terug strek as die mens, en dat die sonde reeds by die duiwel as ’n gevalle engel van God gevind word. Soos wat ons bely, is die oorsprong van die sonde by die mensdom egter nie toe te skryf aan die duiwel nie, maar aan die eerste mense, Adam en Eva.

Die Bybel stel dit immers duidelik in Genesis 3. In vers 6 lees ons: “Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy ’n lus was vir die oë, ja ’n boom wat ’n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet” (Gen. 3:6). Die sonde het gekom as gevolg van die aanhitsing en ingewing van die duiwel, maar die sonde by die mensdom het sy oorsprong in die hart van die mens gehad.

5.3.4.1.4 By God (soewereine wil)?

Daar is dus geen sprake daarvan dat die sonde sy oorsprong by God het nie. Inteendeel, die Bybel leer ons dat God “die mens goed en na sy ewebeeld geskape [het], in ware geregtigheid en heiligheid” (Heidelbergse Kategismus, Sondag 3, vraag en antwoord 6), verder word ons geleer dat Hy “vertoorn Hom verskriklik oor die aangebore sowel as die werklike sonde en wil dit deur ’n regverdige oordeel tydelik en ewiglik straf” (Heidelbergse Kategismus, Sondag 4, vraag en antwoord 10).

Dit bring ons by die kennis van die sonde en die straf op die sonde.

5.3.4.2 Kennis van en straf op sonde

5.3.4.2.1 Straf op die sonde — dood

Reeds in Genesis 2 leer ons van die straf op die sonde, maar ook van die genade van die HERE. Aan die mens het Hy gesê: “Van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe” (Gen. 2:17).

Hierdie woorde van die HERE is 'n regverdige oordeel van God oor die sonde, maar dit dien ook as 'n tydige waarskuwing van Hom oor die werklikheid van die sonde. God weet dat die sonde in homself die dood dra, omdat dit in die aard van die sonde is om alles wat goed, reg en mooi is te vernietig (Van Genderen & Velema, 2008:415).

Tog sien ons dat toe, die mens wel van hierdie boom se geëet het en teen God gesondig het, dat die mens en sy vrou nie dadelik gesterf het nie. Dit beteken geensins dat God nie die waarheid gepraat het nie — inteendeel. Hierin sien ons juis die genade en lankmoedigheid van God raak: Hy het sy ewige toorn teen die sonde uitgestel, sodat daar vir die mens redding kan kom.

Tog het Hy die sonde nie verskoon nie; die mens moes steeds die gevolge van die sonde dra. Aan die slang het Hy gesê: “Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die vee en al die diere van die veld” (Gen. 3:14-15). “Aan die vrou het Hy gesê: Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap” (Gen. 3:16). “En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom

geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie — vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe” (Gen. 3:17-19).

5.3.4.2.2 *Kennis van sonde*

Wat die kennis van die sonde betref, lees ons dat, toe Adam en Eva van die vrug van die boom van kennis van goed en kwaad geëet het, die Bybel sê: “Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is” (Gen. 3:7). Dit beteken dat hulle oë geestelik oopgegaan het om te besef dat hulle teen die HERE gesondig het. Hulle het hulle onskuld verloor.

Dit is om hierdie rede dat hulle direk daarna probeer het om van die HERE se teenwoordigheid weg te kruip toe hulle Sy stem in hulle midde hoor. Die mens en sy vrou was in volle gemeenskap met die HERE, maar die oomblik toe hulle gesondig het, het hulle besef dat daar ’n breuk in hulle gemeenskap met God ontstaan het.

Dit gebeur vandag nog so: Die mens probeer sy sonde vir God en vir mense wegsteek. ’n Mens wat in die sonde volhard, sal al dieper daarin gedompel word en al meer in die duisternis wandel, en nie in die lig, soos wat die Bybel gelowiges oproep om te doen, nie. Ons moet besef dat die sonde dodelik is en die mens sal vernietig as hy aanhou om die sonde te dien. Dan sal jy, soos wat Adam en Eva, planne probeer maak om jou sonde te bedek, maar dit sal nie vir jou verlossing bring nie.

5.3.4.2.3 *Die evangelie (en Wet) as middel tot kennis van sonde*

Let nou op hoe die evangelie van genade reeds hier in Genesis aan ons verkondig word¹⁰⁷. Toe die mens vir God weggekruipt het, aangesien hy bang was dat God hom sou straf en vernietig, het die HERE self gekom om die mens te soek en hom tot verootmoediging oor sy sonde te bring. Ons lees: “Toe roep die HERE God na die mens en sê vir hom: Waar is jy?” (Gen. 3:9).

Roep die HERE jou ook vandag só en vra: “My kind, waar is jy? Is jy besig om in die sonde te volhard; en verberg jy jouself vir die aangesig van die HERE?” Die HERE roep sy kinders teug na Hom deur sy evangelie. In die Evangelie volgens Johannes leer ons vanaf hoofstuk 3 verse 16 tot 21, die volgende woorde:

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie. En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liever gehad as die lig; want hulle werke was boos. Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie. Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is.

¹⁰⁷Van Genderen en Velema (2008:431-432) stel dat kennis van sonde nie alleen deur die wet van God kom nie, maar dat Bavinck uitwys dat hierdie kennis ook, en des te meer, deur die evangelie kom.

So leer ons dat dieselfde evangelie wat verlossing verkondig, ook oordeel verkondig. Ja, ons word geroep om ons tot God te bekeer; ons word geroep om ons vertrouwe alleen op Jesus Christus te stel, omdat Hy alleen regverdig is en Hy alleen waardig is om die mens van sy sonde te verlos.

Hy alleen het die volle prys betaal wat God vir die sonde van die mensdom eis. Hy is veroordeel asof Hy self die sondaar was, sodat elkeen wat in Hom glo, deur sy bloed voor God geregverdig kan word. Dít is die belofte wat God aan Adam en Eva gemaak het, sodat hulle deur die bloed van Jesus Christus verlossing mag ontvang.

Daarom roep hierdie evangelie ons ook op om met die sonde te breek, om nie langer in die duisternis te wandel nie, om nie meer die sonde te koester en te regverdig nie, maar om die lig van God se Woord lief te hê en om daarin te wandel.

Wanneer gelowiges verstaan dat die oorsprong van sonde nie by God lê nie, maar by die duiwel se rebellie en die mens se moedswillige ongehoorsaamheid, word die erns van hulle eie skuld en verantwoordelikheid duidelik. Hierdie waarheid bring kinders tot die besef dat sonde nie bloot 'n fout of swakheid is nie, maar 'n daad van opstand teen die heilige God. Só leer hierdie huisgodsdienstema dat God regverdig is in sy oordeel oor die sonde, maar tegelykertyd vol genade is in Christus, wat die straf vir die sonde gedra het. Deur hierdie perspektief word ouers en kinders geleer om die sonde te haat,

God se genade te soek en in gehoorsaamheid aan Hom, in die lig van die evangelie, te wandel (vgl. Gen. 3:9; Rom. 5:12–19; Joh. 3:16–21).

5.4 APOLOGETIESE TOERUSTING

Met die huisgodsdienst-temas wat die antitetiese basis van die Christelike leer oor die mens op die naturalistiese tesis oor die leer van die mens stel, kan daar nou oorgegaan word na apologetiese toerusting wat aan ouers en kinders gebied word.

Soos reeds in die tetiese deel van hierdie hoofstuk uitgewys is, verkondig sekulêre naturalisme 'n verdraaiing van die mensbeskouing, en is die Nuwe Ateïsme doelbewus daarop uit om Christenkinders met só 'n naturalistiese wêreldbeskouing te indoktrineer. Daarom is dit uiters belangrik dat ons reeds met jong kinders erns maak oor hierdie dwalings ten opsigte van die mensbeskouing, asook met die regte verstaan daarvan volgens die Bybel. Om hierdie rede is dit noodsaaklik dat ons hulle apologeties met die Bybels-Christelike wêreldbeskouing toerus.

Wanneer Christenouers en volwassenes kinders met die nodige kennis oor ander dominerende wêreldbeskouings toerus, sal kinders in staat wees om hulleself te handhaaf en verantwoording te doen oor die waarheid van die evangelie wat in hulle is, teenoor die leuens waarmee hulle gekonfronteer word. Dit bied aan ouers die geleentheid om as gesin oor hierdie sake te gesels en om ook die jonger kindertjies te help en te vorm in hulle geloof en denke volgens die Christelike wêreldbeskouing.

Vanuit die bostaande inligting in hierdie hoofstuk, word daar vervolgens gefokus op apologetiese toerusting vir Christenouers en -voogde wat met voorskoolse kinders werk. Hierdie toerusting sal dien om, telkens vanuit die Christelike wêreldbeskouing, antwoorde te bied op die verskeie stellings van naturalisme, met betrekking tot die mensbeskouing.

5.4.1 Sekulêre humanisme se mensbeskouing: Toepassings vir ouers en kinders

Hier volg 'n paar aspekte en sake wat in die bogenoemde hoofstuk oor sekulêre humanisme en Nuwe Ateïsme bespreek en uitgelig is ten opsigte van mensbeskouing. Soos reeds genoem, is dit duidelik dat wanneer die beskouing van 'n Godheid verwerp word, dit ook ander aspekte van die betrokke persoon se wêreldbeskouing raak, naamlik hulle siening oor die wêreld, die mens, wetenskap, doel ensovoorts. In hierdie afdeling sal die fokus primêr op die mensbeskouing wees:

5.4.1.1 Mens as wese

- Seksuele seleksie en Darwin se rolverdeling tussen man en vrou: Darwin verbind die ontstaan van menslike eienskappe aan die diereryk deur sy teorie van seksuele seleksie. Hy stel dat eienskappe soos waagmoed en stemvermoë by mans ontwikkel het om voortplantingsukses te verhoog. Mans word gesien as intellektueel sterker, terwyl vroue se instinkte as primitiewer beskou word — 'n siening wat geslagtelike ongelykheid veronderstel en in stryd is met die Christelike verstaan van die gelyke waardigheid van man en vrou as beelddraers van God.

- Darwin se onsekerheid oor sy eie teorie: Darwin het self erken dat sy gevolgtrekkings nie universeel geldig is nie, veral aangesien seksuele seleksie nie by alle spesies voorkom nie. Tog word sy idees in hedendaagse naturalisme dikwels dogmaties as absolute waarheid aanvaar. Hoeveel mense is wel bewus daarvan dat Darwin sy eie teorie betwyfel het? Dit is iets wat aan kinders geleer behoort te word.
- Materialistiese reduksie van die mens: Naturalistiese denkers, soos Dawkins, beskryf die mens as 'n biologiese masjien wat deur DNA-programmering bestuur word. Die mens het — volgens hierdie siening — geen siel of gees nie, en gevoelens of denke is bloot chemiese reaksies; 'n standpunt wat die persoonlikheid en verantwoordelikheid van die mens reduceer tot meganiese oorsaak en gevolg. Is die mens dus maar net 'n samestelling van materie? Terwyl die Bybel leer dat die mens van stof gemaak is, met 'n lewende siel wat deur God ingeblaas is, verkondig Darwinisme dat mense slegs robotte van materie en DNA is.
- Makro-evolutionêre oorsprong van die mens: Volgens darwinistiese naturaliste soos Dawkins en ander (nuwe) ateïste stam die mens van 'n vis af, deur miljoene jare van evolusie. Fossiele en DNS-ooreenkomste dien as sogenaamde bewys, maar hierdie ideologie word dikwels in die populêre media as wetenskaplike feit voorgestel sonder kritiese evaluasie.

- Die selfsugtige geen: Dawkins se konsep van die selfsugtige geen hou in dat die menslike liggaam bloot 'n draer is vir gene wat wil oorleef. Dit veronderstel dat die selfsugtige “onsterflike” geen in beheer is en plaas die fokus op genetiese voortbestaan eerder as sinvolle menslike doel of morele verantwoordelikheid.
- Gedagtes as chemiese prosesse: Daniel Dennett (1991) en Sam Harris (2012) voer aan dat bewussyn die resultaat is van leweloze neurale aktiwiteit, en dat die mens geen werklike vrye wil het nie. Hierdie sienings ondermyn die werklikheid dat die mens oor 'n eie wil, asook verantwoordelikheid en etiese aanspreeklikheid beskik.

5.4.1.2 Menslike doel

- Doel as 'n evolusionêre uitvloeisel: In sy boek, *Darwin's Dangerous Idea* stel Daniel Dennett (1996) dat betekenis en doel nie inherent gekoppel is aan 'n metafisiese Skepper-God nie, maar dat dit ontstaan het as evolusionêre aanpassings. Volgens hom het die doel deur natuurlike seleksie (genetiese mutasies) ontstaan toe die mens verstand begin ontwikkel het, sodat die mens die “storie van skepping deur evolusie” kan vertel. Doel is dus nie metafisies van aard nie, maar bloot 'n pragmatiese funksie van oorlewing. Ouers behoort kinders daarop attent te maak dat hierdie ideologiese stories dikwels as wetenskap aangebied word. Daniel Dennett (1996) voer verder aan dat doel veranderlik is en afhang van die behoeftes van die omgewingskonteks, met die

mens wat sy eie betekenis skep. Hy gebruik hiermee sirkelredenasies, aangesien hy voorhou dat Moeder Natuur alles — insluitend haarself — skep, maar tog die mens, wat eers later verstand ontwikkel het, self 'n doel kan vasstel.

- Nihilisme en die Übermensch: Hierdie doellose soeke na doel sonder God het by Friedrich Nietzsche ontstaan. Nietzsche het die dood van God aangekondig as die begin van 'n krisis van betekenisloosheid — 'n bestaan in 'n eindelose niks. Sy oplossing hiervoor is dat die mens self betekenis moet skep; dit is dus 'n poging om doel binne doelloosheid te vind. Nietzsche stel as antwoord voor dat die mens 'n Übermensch (Super-mens) moet word — 'n selftransendente wese wat eie betekenis skep. Sodoende vererger Nietzsche egter die probleem van die soeke na doel, aangesien ware doel slegs in 'n objektiewe, metafisiese werklikheid, naamlik God, gevind kan word. Ouers behoort aan kinders te verduidelik dat menslike doel alleen in God moontlik is; sonder Sy bestaan is daar nie ware etiek of waarheid nie.
- Poëtiese naturalisme: Sean Carroll (2017) poog om sin te gee aan doel binne die raamwerk van naturalisme deur 'n balans tussen objektiewe wetenskap en subjektiewe ervaring voor te stel, wat hy “poëtiese naturalisme” noem. Menslike ervaring, gesien in die lig van die evolusie-leer, lei volgens hom tot doel. Carroll (2017) beweer dat die mens steeds slegs uit atome bestaan, maar dat ons deur ons gevoelens betekenis kan byvoeg. Ouers kan vir kinders verduidelik dat

hierdie benadering bloot 'n voortsetting is van dieselfde misleidende idees van Darwinisme, hoewel dit deur die Nuwe Ateïsme van 'n nuwe naam voorsien word.

5.4.1.3 Wetenskap as hoogste bron van kennis

- Wetenskap as epistemologiese gesag: Die naturalistiese wêreldbeskouing verklaar dat alle ware kennis uit die wetenskap voortvloei. Vooraanstaande wetenskaplike deurbrake van die 21ste eeu, soos die ontsyfering van die menslike genoom, word voorgehou as bevestiging van die mens se vermoë om sonder God kennis te verkry. Naturalisme kies dus om menslike rede, vermoëns en die wetenskap te verabsoluteer, in plaas daarvan om God daardeur te erken en te eer. So word menslike rede as die hoogste bron van waarheid beskou. Tog is dit, soos Pearcey (2008) uitwys, nie neutrale wetenskap nie, maar materialistiese filosofie wat as wetenskap aangebied word. Pearcey waarsku dat Christene op die uitkyk moet wees vir die strategiese bemerking wat Naturaliste dikwels deur die media gebruik om kinders te beïnvloed. Christene behoort soortgelyke strategieë te ontwikkel om die waarheid van die evangelie aan kinders oor te dra.
- Epistemologiese selfvernietiging: Plantinga (2011) wys daarop dat, indien evolusie en materialisme die enigste bronne van denke is, daar geen waarborg is dat kennis wat deur menslike denke bekom word, werklik betroubaar is nie.

5.4.1.4 Die mens se basis vir etiek

- Etiek volgens Darwin buite natuurlike seleksie om: Darwin self erken dat morele insigte nie deur evolusie gevorm word nie, maar eerder deur opvoeding, godsdiens en rede. Die naturalistiese evolusieteorie kan dus nie die ontstaan van etiek voldoende verklaar nie. Dawkins (2024b) volg dieselfde redenasie lyn en leen by die Christelike wêreldbeskouing om te probeer verhoed dat mense 'n destruktiewe etiek aanneem wanneer die naturalistiese wêreldbeskouing konsekwent toegepas word.
- Ateïsme se dubbelsinnige sekulêre etiek wat by Christelike etiek leen: Dawkins en ander ateïste verwerp God, maar pleit tog vir deugde soos altruïsme en naasteliefde. Hulle leen dus gerieflik by die Christelike wêreldbeskouing om 'n werkbare morele raamwerk te skep, ten spyte van hulle eie siening dat alles in wese op selfsug gebaseer is.

- Swak argumente wat met redevoerende tegnieke toegesmeer word: Dawkins gebruik redevoeringstegnieke soos *ad hominem*¹⁰⁸ en rooi-haring¹⁰⁹ (“vrot vis”)-argumente, waar hy haatspraak teen homself aanhaal om die tekortkominge van sy argument teen bewyse vir ateïsme te verdoesel.
- Dawkins en die selfsugtige altruïstiese geen: Dawkins (2006a) voer aan dat die selfsugtige geen altruïstiese gedrag tot gevolg het, omdat dit die oorlewing van die geen bevorder. Hierdie verduideliking ondermyn ware onselfsugtigheid en word selfs teenstrydig uiteengesit — byvoorbeeld, deur te beweer dat ons onselfsugtigheid moet aanleer omdat ons selfsugtig gebore is. Die mens is dus uitgelewer aan selfsug, maar moet tog probeer om lief te hê om uiteindelik hom- of haarself te kan behou, wat gevolglik selfsugtig is, en nie werklik altruïsties nie. Ouers moet vir kinders aandui hoe die Nuwe Ateïsme telkens ander benamings en definisies gee aan bestaande sake, soos naasteliefde.

¹⁰⁸n *Ad hominem* argument is 'n Latynse frase wat letterlik “teen die mens” beteken. Dit is 'n drogredenasie wat gebied word waarin daar nie op die onderwerp of inhoud van die saak gereageer word nie, maar waar die opponer, se karakter of persoonlike eienskappe aangeval word. Sulke aanvalle is dus irrelevante teenaanvalle op die persoon eerder as rasonale weerleggings van die standpunt self. Dikwels gebruik mense hierdie argument as taktiese middel om aandag weg te neem vanaf die leemtes in hulle eie argumentasie.

¹⁰⁹n Rooi haring-argument is 'n logiese drogredenasie waarin iemand die aandag van die werklike kwessie probeer aflei deur 'n irrelevante of misleidende saak na vore te bring. Dit verskuif die fokus van die gesprek sodat die oorspronklike argument nie beantwoord hoef te word nie. In die konteks van Richard Dawkins gebruik hy byvoorbeeld emosioneel gelaai aanhalings van haatspraak teen homself as 'n rooi haring om simpatie te wek en kritiese vrae oor die geldigheid van sy argumente teen God te vermy.

Hierdie tipe denke van sekulêre humanisme het 'n wye invloed op moderne media en die opvoeding van kinders. Al noem min kinderprogramme of -films openlik die terme “sekulêre humanisme” of “evolusionisme”, of dat God nie bestaan nie, word aspekte van hierdie wêreldbeskouing dikwels daardeur oorgedra. Vir Christenouers en -voogde is dit 'n uitdaging, maar ook 'n geleentheid. Aan die eenkant moet hulle krities bewus wees van hierdie invloede in gewilde kindermedia, terwyl hulle aan die anderkant hierdie media kan gebruik as aanknopingspunt vir apologetiese gesprekke met hulle kinders. Só kan hulle aandui hoe 'n mensgesentreerde verstaan van die lewe verkeerd is, en dat 'n Godgesentreerde perspektief die werklikheid korrek verklaar.

Om hierdie rede volg daar hieronder enkele voorbeelde van gewilde kinder-animasiefilms en/of filmreekse waarin temas oor sekulêr-humanistiese mensbeskouing voorkom, gevolg deur voorstelle oor hoe ouers gesprekke met kinders kan voer om hulle oor hierdie sake toe te rus.

5.4.2 Sekulêr-humanistiese temas in gewilde kinderfilms en -reekse

Daar is talle voorbeelde van kinderfilms en/of -reekse wat 'n naturalistiese wêreldbeskouing handhaaf en uitbeeld. In hierdie afdeling, wat handel oor die mensbeskouing binne 'n naturalistiese wêreldbeskouing, fokus ons slegs op die volgende gewilde voorbeelde: *The Croods*, *Inside Out* en *The Mitchells vs. The Machines*. Hierdie stories word op so 'n wyse aangebied dat die mens en die wêreld vanuit 'n naturalistiese wêreldbeskouing met 'n sekulêr-humanistiese inslag, sonder God, uitgebeeld word. Sodoende word aspekte soos moraliteit, betekenis en identiteit

voorgehou asof dit in die mens self, of in die mensdom of natuur gegrond is. Hierdie verhale dien slegs as voorbeelde, en daarom word die inhoud slegs oorsigtelik bespreek, met enkele verwysings of aanhalings waar die mensbeskouing beklemtoon word.

5.4.2.1 The Croods (2013)

Die animasiefilm *The Croods* (2013) vertel die verhaal van 'n prehistoriese gesin van grotmense wat genoodsaak word om te vlug nadat hulle grotwoning ineenstort weens 'n aardbewing. Die verhaal laat dit blyk dat hierdie gesin die enigste mense is wat nog op aarde oorbly. Na hierdie ramp onderneem die Croods 'n reis deur 'n onvoorspelbare wêreld van evolusie waarin hulle allerhande nuwe ontwikkelings teëkom. Die film speel af in 'n evolusionistiese oertyd en is Darwinisties georiënteerd. Die verhaal begin met 'n duidelike ondertoon van die gevaar van primitiewe oorlewing, waar die sterkstes oorleef, en met 'n vrees vir alles wat onbekend en nuut is. Dit is duidelik 'n wêreld waar net die sterkste en mees aanpasbare kan oorleef. Die pa van die gesin, Grug, leer sy kinders deur middel van stories dat enigiets nuuts die dood tot gevolg kan hê. Hierdie vreesgedrewe ingesteldheid verteenwoordig primitiewe, vroeë stadiums van hoe oermense volgens naturalistiese evolusie oor die lewe en werklikheid rondom hulle sou dink.

Die verhaal stel ook 'n ander menslike karakter bekend, genaamd Guy. hy is 'n jongman wat nie meer 'n gesin het nie en geleer het om op sy eie te oorleef. In kontras met die Croods-gesin word Guy as baie intelligent en selfs modern voorgestel. Hy

beskik oor verskeie nuwe en innoverende idees en tegnologieë, soos die ontdekking van vuur, skoene en strikke waarmee diere makliker gevang kan word. 'n Mens kan sê dat Guy die volgende stap in die evolusionistiese ontwikkeling verteenwoordig. Guy glo dat die natuurrampe wat die Croods se huis getref het, tekens is dat die wêreld besig is om te verander en dat oorlewing 'n radikaal nuwe denkwysie met aanpassings vereis. Hy stel die Croods telkens aan 'n ander manier van oorlewing bloot, naamlik dat dit nie primitiewe en onnadenkende menslike kragte is wat oorlewing sal verseker nie, maar dat vindingrykheid die sleutel tot oorlewing is. Hierdie konsep herinner aan die neo-Darwinistiese evolusieteorie, waar natuurlike seleksie oorlewing bevorder deur konstante aanpassing en innovasie, wat uiteindelik kan lei tot die verabsoluttering van menslike denke en wetenskap as bron van absolute kennis.

Die wêreld waarin die Croods en Guy hulle bevind, word voorgestel as 'n lewensgevaarlike en dinamiese heelal wat voortdurend in ontwikkeling is, sonder enige verwysing na 'n Intelligente Ontwerper of skeppingsdoel. Hierdie film maak verder geen melding van 'n sondeval as moontlike oorsaak van al die natuurrampe nie. Die mens word ook as in beheer van sy eie toekoms voorgestel, deurdat hy met sy eie denke en vindingrykheid 'n nuwe en beter wêreld kan soek en vind. Dít is wat Guy byna profeties aan die Croods-gesin kom verkondig, sodat hulle hom kan volg na hierdie nuwe wêreld van die toekoms.

Evolusionistiese konsepte van spesievorming, natuurlike seleksie en oorlewing van die sterkstes, word in die film geïllustreer deurdat plante, diere en voëls anders

voorgestel word as in ons werklike wêreld. Daar is 'n verskeidenheid diere wat saamgestel is uit verskillende spesies, soos byvoorbeeld 'n krokodil-hond of 'n voël-kat, wat die idee van evolusie as 'n kreatiewe krag wat nuwe spesies uit oues laat ontstaan, na vore bring. Hiermee word nie gesuggereer dat rolprente met sulke voorstellings taboe is nie, maar wel dat Christenouers bewus behoort te wees van die naturalistiese wêreldbeskouing wat hier geskets word, sodat hulle hul kinders daaroor kan inlig. Sulke gemengde wesens bied aan kinders 'n beeld van makro-evolusie as fassinerende realiteite.

In die afwesigheid van enige goddelike ingryping of leiding word die menslike hart, die vermoë tot selfaanpassing en die soeke na uitkoms as die hoogste doel in die lewe voorgehou — basies die oorlewing van die sterkstes. Hierdie verhaal kan by kinders die indruk skep dat vooruitgang en verlossing uitsluitlik uit die mens se eie denke en wetenskaplike vooruitgang voortspruit, wat in stryd is met die Bybelse verhaal van skepping, sondeval en herskepping.

5.4.2.2 Inside out (2015)

Die animasiefilm *Inside Out* (2015) bied 'n verhaal vanuit 'n baie unieke perspektief, en ondersoek die innerlike emosionele wêreld van 'n 11-jarige meisie genaamd Riley. Die verhaal wissel voortdurend tussen Riley se werklike leefwêreld en 'n denkbeeldige wêreld wat in haar psige bestaan. Hierdie wêreld binne haar verstand bestaan uit vyf gepersonifieerde emosies, naamlik Joy, Sadness, Fear, Disgust en Anger. Hierdie karakters binne-in Riley se gadagtewêreld beheer haar emosies en besluite vanuit 'n

hoofkantoor deur middel van 'n kontrolepaneel in haar brein. Hierdie hoofkantoor is 'n hoë toring wat deel uitmaak van 'n groter denkbeeldige wêreld in Riley se kop — 'n wêreld waarvan sy self nie bewus is nie, maar wat haar breinfunksionering en gedagte-wêreld voorstel.

Die verhaal begin wanneer Riley se gesin van Minnesota na San Francisco verhuis. Hierdie verhuising, en die aanpassing in 'n nuwe skool en omgewing, veroorsaak dat Riley emosioneel ontwig word. Die verdere verloop van die verhaal fokus daarop dat Joy en Sadness — wat basies as twee opponerende protagoniste optree — per ongeluk uit die sentrale beheerkamer verwyder word en deur Riley se onderbewuste landskap reis in 'n poging om balans te herstel. Intussen begin Riley se emosionele toestand en lewe, weens Joy en Sadness se afwesigheid in die beheerkamer, agteruitgaan.

In die film word die menslike persoonlikheid dus bloot as 'n produk van emosionele invloede beskou, wat self ontstaan en binne die brein as biochemiese entiteite funksioneer. Die film impliseer dat emosionele balans, eerder as waarheid of moraliteit, die hoogste goed is. Trouens, dit lyk asof die gepersonifiseerde emosies in beheer is van Riley en nie andersom nie. Hierdie voorstelling weerspieël die paradigma van Darwinisme en Nuwe Ateïsme, waar daar geen ruimte is vir 'n wil wat oortuig of gevorm word deur objektiewe waarheid of goddelike norme nie. Menslike optrede word dus meganies en outonoom deur emosionele chemie bepaal.

Op 'n positiewe noot gebruik die film 'n kreatiewe en metaforiese benadering om kinders (en volwassenes) te help verstaan hoe emosies en gedagtes funksioneer. Dit beklemtoon ook die belangrikheid nie net van blydskap nie, maar ook van hartseer as 'n noodsaaklike deel van emosionele groei. Die film toon aan dat alle emosies — selfs dié wat dikwels as negatief beskou word — 'n positiewe rol speel in persoonlike aanpassing en welstand. Kinders vind die film interessant, maar dit is ook bindend vir ouer kinders en ouers, aangesien dit sielkundige konsepte op 'n eenvoudige en konkrete wyse uitbeeld. Die film is geskik vir gesinne en bied goeie gesprekspunte vir ouers om met hulle kinders te praat oor verskeie gevoelens en situasies waarmee hulle tydens hulle vormingsjare gekonfronteer kan word.

Tog volg die fliek steeds 'n naturalistiese uitgangspunt van 'n sekulêr-humanistiese mensbeskouing, waarin die mens se wese uitgebeeld word sonder enige verwysing na 'n siel, gees of metafisiese realiteit (God). Dit is daarom belangrik dat ouers en opvoeders gesprekke met kinders sal voer wat hulle help om die werklike betekenis van menswees volgens die Skrif te onderskei van die naturalistiese wêreldbeskouing.

5.4.2.3 The Mitchells vs. The Machines (2021)

Die animasiefilm *The Mitchells vs. The Machines* (2021) is 'n geanimeerde aksiekomedie wat die verhaal vertel van 'n disfunksionele gesin wat onverwags, tydens 'n vakansiereis, die laaste hoop van die mensdom word wanneer hulle 'n tegnologiese apokalips moet probeer stuit wat daarop gemik is om die mensdom te vernietig en die wêreld oor te neem. Die verhaal skets duidelik 'n lewe vanuit 'n sekulêre en

naturalistiese mensbeskouing. Hierdie kunsmatige intelligensie (KI) wat die wêreld wil vernietig, heet PAL. Dit is 'n Engelse akroniem vir *Personalized Assistant Lifeform* wat as *pal* (Afrikaans: pêl) uitgespreek word om op die verhouding van 'n vriend te sinspeel. In die leefwêreld van die film is hierdie PAL 'n wêreldbekende KI-model wat op byna almal se selfone beskikbaar was — soortgelyk aan hoe Siri, Alexa of Google Assistent vandag funksioneer.

Hierdie PAL is deur haar ontwerper geskep om as 'n digitale assistent te funksioneer, met die doel om die mensdom met algemene take te help. Nadat die ontwerper, Mark Bowman, 'n nuwe KI-model (PAL Max) ontwerp het wat in robotte ingebou kan word, kondig hy aan dat PAL haar doel gedien het en nie meer nodig is nie. Hierdie aankondiging laat PAL hewig “ontsteld” en “doelloos” “voel”, en sy ervaar dat sy ingedoen is. In reaksie hierop besluit PAL om wraak te neem deur beheer oor al die tegnologie en robotte te neem, met die doel om die mensdom te vernietig en 'n tegnologiese era op aarde te laat heers sonder mense. Die Mitchell-gesin (Katie, haar pa, haar ma Linda, haar jonger boetie Aaron, en hul hond Monchi) moet gedurende hierdie krisis saamwerk om die mensdom te red. Op hulle eie disfunksionele manier leer hulle om saam te werk en hierdie doel te bereik deur 'n virus op PAL se sentrale bediener te plaas, wat haar van die res van die wêreld sal ontkoppel.

Aspekte van sekulêre humanisme wat hier teenwoordig is en die moeite werd is om te noem, sluit die volgende in: Die tradisionele beskouing van die mens as beeld van God, met morele en geestelike verantwoordelikhede, word nie oorweeg nie. Die mens

word fundamenteel as 'n sekulêre en sosiale wese sonder 'n Skepper voorgestel. Katie se belangstelling in video-opnames van haar eie ervaring lei daartoe dat sy haar eie wêreld skep deur rolprente, en sy weier om binne haar pa se “verouderde” denkraamwerk te funksioneer. Selftransendensie vind nie deur geloof of genade plaas nie, maar deur tegnologie en die aanvaarding van selfdefiniëring. Hierdie siening eggo Nietzsche se konsep van die *Übermensch*, waarin die individu sy of haar eie waarheid skep en nie langer gebonde is aan tradisionele norme wat in God gegrond is nie.

Hiermee saam bied die film geen metafisiese of teologiese grondslag vir doel nie. Sin in die lewe word self gekonstrueer en gegrond op verhoudings en menslike verbondenheid. Die konflik of krisis in die verhaal word ook nie deur bekering of wysheid opgelos nie, maar deur menslike slimigheid en kreatiwiteit. Dit herinner aan Carroll (2017:5) se konsep van poëtiese naturalisme, waar betekenis deur subjektiewe ervaring geskep word.

Verder sou PAL — as KI wat te slim vir die mensdom geword het — as raakpunt kon dien om te verwys na die onbeheerbare gevolge wat tegnologiese vooruitgang kan meebring wanneer God ontken word. In die film word die oplossing vir hierdie rampspoedige probleem, wat die mens self deur tegnologie geskep het, nie in bekering tot God gesoek nie, maar om eerder 'n nuwe menslike oplossing te vind. In die film is mense en rede die enigste bron van waarheid en die werklike uitkoms van probleme.

Daar is dus talle aspekte van die film wat op die invloed van sekulêre humanisme dui, maar daar is ook 'n baie positiewe punt wat Christenouers vir hulle kinders kan uitwys. Die KI PAL dien as 'n treffende analogie wat op Nuwe Ateïsme teenoor God dui: Dit is 'n skepsel wat oorspronklik geskep is met die doel om diensbaar aan sy skepper te wees, maar wat teen sy skepper en skeppingsdoel in opstand kom, en self die bron van betekenis en gesag wil wees. Soos PAL haar skepper verwerp en poog om self orde te skep sonder die mens, probeer die (nuwe) ateïs die bestaan van God verwerp en terselfdertyd 'n wêreld van sin, moraliteit en doel sonder God handhaaf. PAL se rebellie lei egter tot 'n paradoks: In haar poging om haar eie waarde en outonomie te vestig, vernietig sy die enigste raamwerk waarin haar bestaan sinvol is. Op soortgelyke wyse ondermyn die (nuwe) ateïs sy eie denkraamwerk: Deur God te verwerp, verloor hy die fondasie vir waarheid, etiek en menswaardigheid. Die karakter van PAL illustreer dus hoe outonome menslike rede — omdat dit los van sy Skepper probeer funksioneer — onbedoeld in selfvernietiging en doelloosheid verval. Dit is presies wat Romeine 1 beskryf van mense wat God verwerp en in hul eie nietige denke verdwaal.

5.4.3 Apologeties-begeleidende gesprekke met kinders

Hieronder volg tematies-georiënteerde voorbeeldvrae en -antwoorde wat met kinders gevoer kan word oor die verskil tussen die mensbeskouing van 'n sekulêr-humanistiese wêreldbeskouing en die Christelike wêreldbeskouing. Die doel van hierdie vrae en antwoorde is nie om volledig te wees en alle aspekte aan te spreek nie. Dit is bloot 'n paar voorbeelde om ouers en volwassenes wat met kinders werk, te

help om basiese gesprekke te fasiliteer en toerusting te bied, sodat hulle hierdeur gestimuleer word om verdere gesprekke hieroor met kinders te voer. Omdat ouers en volwassenes dikwels beide jonger en ouer kinders teenwoordig het tydens sulke gesprekke, bevat die gesprekke hieronder telkens 'n vraag op laerskool- sowel as op voorskoolvlak, gevolg deur 'n antwoord deur die ouer.

5.4.3.1 Gesprek oor die mens (sy wese, oorsprong en identiteit)

5.4.3.1.1 Laerskoolvlak-vrae:

Onthou jy die fliek *The Croods*? Onthou jy ons het al gesels oor mense wat glo in 'n *Big Bang* en dat alle dinge glo uit hierdie groot ontploffing en oorspronklik uit 'n klein bakterie ontstaan het? Hierdie mense glo ook so oor waar die mens vandaan kom. Het jy al agtergekom dat die fliek *The Croods* nooit sê dat God mense gemaak het nie? Eintlik beeld hierdie fliek die mens só uit dat dit lyk asof mense eers diere was en toe oor tyd ontwikkel het om mense te word.

Dink jy dit kan waar wees dat mense eers diere was en toe, miljoene jare later, mense geword het? Mense wat glo dat die mens eers 'n dier was, noem dit evolusie. Hulle glo dat alle mense van een klein gogga af kom, wat dan oor miljoene jare in 'n vissie verander het, en daarna (weer miljoene jare later) in ape, en wat (nog eeue later) uiteindelik mense geword het.

Dink jy dit is moontlik dat diere, mense en plante alles eens dieselfde soort ding was en nou verskillende spesies geword het? Dink jy die mens is anders as diere, of is ons net slimmer diere as die ander? Dink jy mense moet soos diere wees wat ander kan

doodmaak net sodat hulle self kan oorleef? Dink jy ons sal dan soos Superman wees wat spesiale kragte het?

Dink jy mense kan hulle gedagtes self kies, of dink jy dit is net 'n diere-instink om aan enige iets te dink — amper soos drome waarvoor jy geen beheer het nie?

5.4.3.1.2 Voorskoolvlak-vrae:

Kan jy onthou toe ons gesels het oor *The Croods* en wie al die diere in die wêreld gemaak het? Onthou jy ons het gesê daar is ander mense wat glo dat God nie alles gemaak het nie, maar dat alles per ongeluk begin lewe het? Ons weet mos dat God alles gemaak het en dat dit nie somer per ongeluk of vanself kan gebeur nie. Maar die mense wat sê dat alles somer self gebeur het, glo ook dat mense eers ape was.

Dink jy dit kan regtig gebeur dat ape so slim word dat hulle uiteindelik in mense kan verander, of is mense heeltemal anders as diere? Dink jy as ons ander mense sou doodmaak, dat ons “superkragte” sal kry, of het God ons van die begin af so gemaak, dat ons klaar slim en sterk genoeg is om vir ander mense om te gee? Het God jou só gemaak dat jy self kan kies wat jy dink, of kan jy nooit kies wat jy wil dink nie?

5.4.3.1.3 Konsepsantwoord en beredenering van die ouer:

Die Bybel leer dat God die mens van die begin af baie goed en anders as die diere gemaak het, juis sodat ons goed na al die diere kan omsien en God kan dien. Ons is nie diere wat in mense verander het nie; God het ons na sy beeld geskep. Van die begin af het Hy ons só gemaak dat ons intelligensie het — dit beteken ons kan dink

oor wat reg en verkeerd is, sodat ons mooi na alles op die aarde kan omsien en God met ons gedagtes en ons harte kan dien.

God het elkeen van ons met 'n siel en 'n persoonlikheid geskep, wat beteken dat elke mens uniek is. Soos wat ons in die flik *Inside Out* kan sien hoe klein Riley so uniek is, het God ook vir jou jou eie persoonlikheid gegee. Hy het jou gemaak om gevoelens soos blydschap en hartseer te kan hê — alles sodat jy Hom met jou hele lewe kan dien. Dit is wonderlik om te weet dat die Here alleen al jou gedagtes en gevoelens ken, en dat Hy jou kan help om jou gevoelens reg te verstaan en reg te gebruik.

Maar ons moet waaksaam wees vir stories wat probeer om die idee aan ons oor te dra dat mense nie deur God gemaak is nie. Baie van hierdie rolprente, soos *The Croods of Inside Out*, wil mense leer dat ons alleen op aarde is en dat ons self slim geword het, sonder dat God ons so intelligent geskape het. Hulle leer dat mense uit die aarde ontstaan het, en daarom glo hulle dat ons diere is soos enige ander diere, maar nou net slimmer as die res.

Wanneer die Bybel leer dat ons uit die stof van die aarde gemaak is, beteken dit nie dat ons diere is nie. God leer ons baie duidelik in die skeppingsverhaal dat Hy lewensasem in ons ingeblaas het, sodat ons as mense na Sy beeld geskape is — met lewende siele wat anders is as die van diere. Die Bybel leer ons dat God ons met eer en heerlijkheid gekroon het om Hom op aarde te dien. Ons is dus nie diere of masjiene nie; ons is kosbaar vir die Here.

Omdat God ons as mense so uniek geskape het, maak ons nie bloot ander mense dood nie, maar dink ons aan wat reg en verkeerd is, wat goed en sleg is, en doen ons dit wat God van ons wil hê — naamlik om goed na alles op aarde om te sien, terwyl God ook vir ons sorg.

5.4.3.2 Gesprek oor die mens se doel en betekenis

5.4.3.2.1 Laerskoolvlak vrae:

Onthou jy vir *PAL* in die film *The Mitchells vs. The Machines*? Kan jy onthou hoe kwaad *PAL* was vir die mense omdat hulle haar nie meer nodig gehad het toe die nuwe *PAL* Max uitgekom het nie? Dink jy 'n masjien of rekenaar soos *PAL* kan regtig gevoelens hê soos mense gevoelens het? Onthou jy wat *PAL* toe besluit het om te doen nadat die mense haar nie meer wou gebruik nie? Sy wou al die mense van die aarde verwyder en alleen op aarde regeer. Maar die mens het juis vir *PAL* gemaak om die mensdom te dien — die doel waarvoor sy gemaak is, was sodat sy mense kan help.

Dink jy sy sou gelukkig gewees het as sy al die mense verwyder het en alleen op die aarde agtergebly het? Wat sou sy met al haar tyd gedoen het as daar nie meer mense was om te dien nie? Dink jy nie sy sou dalk gevoel het daar kort iets in haar “lewe” nie, omdat sy nie meer haar werk kon doen nie? Sy sou dan tog haar doel verloor het waarvoor sy gemaak is.

Onthou jy hoe hierdie fliek en ook ander flieks baie keer daaroor gaan dat mense se doel net is om die wêreld te red van gevaar? Is dit regtig die mens se doel op aarde om hierdie wêreld te red, of leer God vir ons dat Hy alleen die wêreld sal red en nuut

sal maak? Dink jy dat mense werklik vrede sal kan hê as hulle net probeer om die wêreld 'n beter plek te maak, maar sonder God — of sal die mens altyd leeg voel as hy probeer lewe en werk asof God nie bestaan nie? Dink jy God het jou gemaak sodat jy kan lewe soos jy self wil, of dink jy dat dit jou gelukkiger sal maak as jy lewe en werk volgens die doel waarvoor God jou eintlik gemaak het?

5.4.3.2.2 Voorskoolvlak vrae:

Kan jy die fliek *The Mitchells vs. The Machines* onthou? Onthou jy die rekenaar met die naam *PAL* wat saam met die robotte probeer het om die wêreld oor te neem en al die mense wou vang? Weet jy hoekom dit alles gebeur het? Dit was omdat die rekenaar kwaad geraak het vir die mense, omdat hulle 'n nuwe en beter rekenaar gekry het, en nie meer vir *PAL* wou gebruik nie.

Dink jy rekenaars kan gevoelens hê soos mense? Dink jy dit was verkeerd of lelik van die mense om 'n nuwe rekenaar te gebruik en nie meer vir *PAL* nie? Dink jy mense is anders as rekenaars, en ook anders as diere, sodat net mense regtig gevoelens kan hê?

As jy nou daardie rekenaar was, sou jy beter gevoel het as jy al die mense gevang het en toe alleen op aarde agtergebly het? Dink jy God het jou gemaak sodat jy vir Hom kan lewe, of dink jy jy kan maar vir jouself lewe, net soos jy graag wil? Dink jy mense sal altyd baie bly wees as hulle net doen wat hulle self wil? Waarom dink jy het God jou gemaak — dink jy dit is sodat jy kan lewe soos wat jy self wil óf dink jy dit sal jou gelukkiger maak as jy vir God luister en doen waarvoor Hy jou gemaak het?

5.4.3.2.3 *Konseptantwoord en beredenering van die ouer:*

Die Bybel leer ons dat wanneer ons leef soos God ons gemaak het om te leef — en ons ons lewens rig volgens die riglyne van die Bybel — ons harte werklik met blydschap vervul sal wees. Ons is deur God só geskape dat ons ware vreugde ervaar wanneer ons met liefde optree op 'n wyse wat sy Naam verheerlik. Hy het ons só geskape dat ons vir Hom kan lewe en sy liefde aan ander mense sal uitstraal.

As ons werklik gelukkig wil wees, moet ons ons doel en betekenis in die Here soek deur Hom lief te hê met ons hele hart, siel, verstand en met al ons krag. Baie animasiefliks soos *The Croods*, *The Mitchells vs. The Machines* of *Inside Out*, leer dat ware geluk alleen kom wanneer 'n mens vir jouself leef of wanneer ons self besluit wat vir jou die beste is. Hierdie fliks dra die boodskap oor dat jou doel is om self te soek wat jou gelukkig maak, en nie dat die Here ons waarlik gelukkig maak nie. Baie keer voel ons ook dat, as ons net vry kan wees om te doen wat ons wil of wat ons self goed dink, dan sal ons gelukkig en bly wees.

Maar die Bybel leer ons dat as ons op ons eie harte vertrou, sal ons nooit regtig gelukkig wees nie. Wanneer ons van God af wegbreek en ons lewensdoel en betekenis in onself probeer vind, verloor ons nie net hierdie doel nie, maar ervaar ons ook leegheid en moegheid. Die uiteindelijke doel en die betekenis van ons lewe lê nie in onself nie, maar in God alleen, omdat Hy ons Skepper is wat ons gemaak het om Hom te dien. Wanneer ons volgens God se doel vir ons lewens lewe, geniet ons ook ander dinge wat Hy op aarde aan ons gee, veel meer, en gee ons aan Hom al die eer daarvoor.

5.4.3.3 *Gesprek oor die mens se bron van kennis (wetenskap sonder geloof)*

5.4.3.3.1 *Laerskoolvlak vrae:*

Het jy al gesien dat baie van die stories wat jy kyk, wys hoe goed wetenskap en tegnologie kan wees? Wetenskap en tegnologie help ons en baie ander mense op aarde. In die fliek *The Croods* sien ons dat Guy, deur sy kennis en planne, die Croods-gesin gered het van die aardbewings en ander gevare. Maar het jy ook gesien dat tegnologie en wetenskap soms gevaarlik vir mense kan wees? In verskeie flieks sien ons dat tegnologie dikwels die oorsaak van probleme, gevegte en oorloë is. Dink maar aan *The Mitchells vs. The Machines* en hoe gevaarlik dit geword het toe die slim rekenaar *PAL* die wêreld wou oorneem.

Dink jy dit is goed dat mense al hoe meer kennis en tegnologie het en slimmer word? Daar is mense wat glo dat regte wetenskap net moontlik is as 'n mens jou sintuie — soos sien, hoor, voel, ruik en proe — gebruik, en dat dit eers regte kennis is as jy dit self ervaar. Dink jy dit is waar, of kan 'n mens ook sekere dinge weet sonder om jou sintuie te gebruik, soos om te glo dat God vir jou lief is?

Moet jy eers sien, hoor, voel, ruik of proe voordat jy weet iets is regtig waar, of kan daar ook ware dinge wees wat jy nie met jou sintuie kan ken nie? Sommige mense wat so glo, sê dat God nie regtig kan bestaan nie, want ons kan Hom nie sien met ons oë of voel met ons hande of hoor met ons ore of ruik met ons neuse of proe met ons monde nie. Dink jy God bestaan regtig, selfs al kan jy Hom nie op hierdie maniere waarneem nie?

Mense wat sê dat ons net kennis kan opdoen deur ons sintuie, sê ook dikwels dat ons nie ons eie gedagtes kan vertrou nie, want volgens hulle kom alle mense van ape af. Dan glo hulle ook dat ons net op die wetenskap moet vertrou vir ware kennis. Dink jy dit klink reg?

Dink jy ons as gelowiges kan wetenskap en tegnologie gebruik om ons in hierdie wêreld te help? Dink jy 'n mens behoort wetenskap te gebruik sonder om in God te glo, of maak wetenskap meer sin as ons God ken en glo dat Hy bestaan? Dink jy God maak dit moontlik vir mense om wetenskap te doen, of sou mense enige iets reg kon ken as God nie bestaan het nie? Dink jy die Bybel alleen is genoeg om vir ons te sê wie God is, of moet ons eers ander bewyse soek voordat ons kan glo dat God bestaan?

5.4.3.3.2 Voorskoolvlak vrae:

Het jy al gesien dat baie stories en fiekse wys hoe slim en goed mense al geword het, soos om selfone en rekenaars te hê wat slim is om mense te help met allerhande dinge? Partykeer vind mense nuwe dinge uit, soos toe Guy in *The Croods* skoene uitgevind het om op harde skulpe en klippies te kan loop, of toe hy vir Belt gebruik het om sy broek op te hou. Maar het jy al gesien wat gebeur as die slim dinge wat mense uitvind, partykeer verkeerd gaan, soos in die fliek *The Mitchells vs. The Machines*, toe die rekenaar en robotte alles wou oorvat en oorlog teen mense wou maak en hulle wou vang?

Dink jy ons kan altyd op tegnologie, soos selfone of robotte, vertrou om ons met alles te help? Dink jy mense weet alles, of is daar dinge wat net God weet en wat ons nie kan weet nie? Dink ons altyd die regte dinge, of is daar soms goed wat ons nie regtig verstaan nie? Dink jy dit is reg as mense sê dat God nie regtig bestaan nie omdat ons Hom nie kan sien nie? Beteken dit dat die Bybel jok oor God, net omdat ander mense sê jy kan God nie met jou oë sien nie?

Dink jy die wind is werklik daar, selfs al kan jy die wind nie sien nie? Kan jy weet dat jy 'n kind van die Here is en dat God baie lief is vir jou, selfs al kan jy God nie nou met jou oë sien nie?

Sommige mense sê dat mense God self met hulle gedagtes uitgedink het; hulle sê ook dat ons ons gedagtes moet gebruik om nie in God te glo nie — en eers dán sê hulle dat ons gedagtes reg sal wees. Dink jy hulle praat die waarheid, of dink jy hierdie mense se koppe is deurmekaar en hulle leer verkeerd?

Wil God hê dat ons ons gedagtes en idees gebruik om Hom beter te leer ken in die wêreld, of wil God hê dat ons ons gedagtes moet gebruik om te sê dat Hy nie regtig bestaan nie?

5.4.3.3.3 Konsepantwoord en beredenering van die ouer:

Baie mense glo dat ons net kan glo in dit wat ons kan sien of wat ons met ons sintuie kan waarneem of meet. Daarom glo hulle ook dat God nie kan bestaan nie, omdat hulle dink dat sy bestaan nie bewys kan word nie. Dit beteken nie dat God nie bestaan nie. Só 'n siening is verkeerd, want daar is baie dinge in die werklikheid wat bestaan,

maar wat ons nie met ons sintuie kan bewys nie — soos die wind, liefde of die mens se gevoelens wat regtig is, of selfs die maan en die son wat nie altyd gesien word nie, maar tog altyd daar is. Selfs die kleinste bakterieë of kieme kan nie met die blote oog gesien word nie, maar ons weet dit is waar en ons sien hoe siek dit mense partykeer kan maak.

So leer die Bybel ons dat selfs al kan ons God nie op aarde sien nie, is Hy regtig God en die Skepper van alles — van alles wat ons kan sien en ook die dinge wat ons nie kan sien nie. Anders as wat hierdie mense glo, glo ons dat ons bestaan omdat God bestaan en omdat Hy ons gemaak het. Mense wat sê dat God nie bestaan nie, is soos 'n babatjie wat in sy mamma se maag is maar wat sê dat sy mamma nie regtig is nie omdat hy haar nie kan sien nie — terwyl sy mamma besig is om hom aan die lewe te hou met die vrugwater en naelstring.

Elke mens is 'n bewys daarvan dat God bestaan, omdat Hy elke mens geskape het met gedagtes en 'n persoonlikheid, sodat ons eienskappe kan hê wat van God afkomstig is. Dit is nie nodig om God te bewys voordat Hy kan bestaan nie. Hy sê in die Bybel dat Hy bestaan, en daarom glo ons dit deur sy Heilige Gees wat ons in Hom laat glo. Geloof beteken nie dat ons nie kan “sien” nie; intendeel, deur geloof sien ons dat God inderdaad bestaan.

God het aan elke mens talente gegee sodat ons dit kan gebruik om die wêreld rondom ons te leer ken en om Hom beter te leer ken. As mense hulle kennis gebruik om te probeer bewys dat God nie bestaan nie, is hulle verkeerd. Dit beteken nie dat

wetenskap verkeerd is nie. As gelowiges gebruik ons juis kennis, wetenskap en tegnologie om God beter te dien en om ander mense te help — alles sodat ons aan God al die eer kan bring.

As iemand vir jou sê dat geloof in God te veel gevra is omdat God nie al die dinge op aarde kon skep nie, kan ons vir so iemand sê dat om nie in God te glo nie selfs meer geloof vra. Hoe kan al hierdie dinge bestaan sonder dat iemand dit geskep het, of selfs dat 'n groot ontploffing — wat hulle die oerknal (*Big Bang*) noem — al hierdie mooi dinge kon skep?

Ons weet ook dat alles in die wêreld nie altyd reg is nie. Ons weet dat sommige dinge verkeerd is omdat daar sonde in die wêreld is. Daarom kan ons ook nie altyd ons verstand vertrou nie — veral nie as ons verstand aan ons sê dat daar geen God is nie, terwyl ons oral sy skeppingswerk in die wêreld kan sien nie.

Ons as gelowiges gebruik dus wel wetenskap, maar ons stel nie al ons vertroue in tegnologie wat deur mense ontdek is nie — ons vertrou in God wat ons onderhou. Ware kennis kom nie uit ons gedagtes nie, maar uit God, wat aan ons van Homself leer in die Bybel en wat ons kan sien in die skepping. Ons kan nie op onself, ons kennis en ons tegnologie alleen staatmaak soos wat in die fliek *The Mitchells vs. The Machines* uitgebeeld word nie. Mense is die nie die antwoord op al die probleme van die wêreld nie — inteendeel, mense is dikwels deel van die probleem as God nie in ons lewens ingryp en ons tot nuwe mense maak wat in sy wêreld kan werk nie.

5.4.3.4 *Gesprek oor die mens se basis vir moraliteit en etiek*

5.4.3.4.1 *Laerskoolvlak vrae:*

Kan jy nog in die flik *Inside Out* vir Joy en Sadness onthou? Onthou jy dat Riley hartseer was omdat sy na 'n nuwe huis en skool toe moes gaan, en dat sy toe soms slegte besluite geneem het en stout was? Dink jy 'n mens moet altyd gelukkig wees, of is dit ook soms goed om hartseer te wees? Het jy agtergekom dat toe Joy en Sadness nie meer in die beheerkamer was waar hulle vir Riley help om besluite te neem nie, Riley nie meer goeie besluite kon neem nie?

Ons weet dat Joy en Sadness nie regte mense in Riley se brein is nie, maar hierdie karakters wys vir ons iets van ons gevoelens. As ons gevoelens verkeerd is dan kan ons baie keer slegte besluite maak. Sulke stories kan ook maak dat ons die verkeerde dinge glo — byvoorbeeld, dat omdat ons nie altyd ons gevoelens kan help nie, ons dan ook nie kan help vir die slegte dinge wat ons kies om te doen nie.

Dink jy 'n mens kan kies om regte dinge te doen, selfs al is jou gevoelens verkeerd? Dink jy Joy en Sadness is soos jou brein wat al jou gevoelens beheer en dat jy nooit kan help of verander hoe jy voel nie? Dink jy as jy hartseer is oor iets, dat jy dan iets goeds kan doen om beter te voel of weer bly te word, of dink jy daar is wat jy kan doen as jy hartseer is nie?

Dink jy die Heilige Gees gee vir ons ware blydschap, selfs as slegte dinge met ons gebeur, of dink jy blydschap kom uit onself? Daar is mense wat nie in God glo nie wat sê dat ons nooit kan help of kies om goed of sleg te doen nie, maar dat ons gedagtes

altyd net doen wat hulle wil. Dink jy dit kan waar wees, of glo jy dat die Here ons gemaak het om te kan kies wat om te doen, selfs al kry ons dit nie altyd reg nie?

Dink jy, as jy iets verkeerd gedoen het, dat jy kan sê dis nie jou skuld nie, maar dat jy eenvoudig so gemaak is? Dink jy dit is reg van mense om te sê dat God en sonde nie bestaan nie, en dat dit nie verkeerd is om slegte dinge te doen nie, maar dat 'n mens net moet doen wat goed is vir jouself? Kan ons elkeen besluit wat reg of verkeerd is vir ons lewe, of behoort daar iemand groter, soos God, te wees om ons te leer wat reg en verkeerd is?

Dink jy ons kan ooit werklik weet wat reg of verkeerd is, of kan elkeen besluit wat vir homself reg is, solank dit hom net help? Dink jy dit is reg om vir iemand lief te wees net sodat jy iets, soos geld, uit hulle kan kry? Het jy opgelet dat nêrens in *Inside Out*, en selfs in ander stories soos *The Croods* of *The Mitchells vs The Machines*, ooit van God gepraat word nie? Toe Riley in die grootste krisis van haar lewe was, het sy haarself aan die slaap gehuil, maar sy het nooit gebid en vir God gevra wat om te doen nie. Al hoe sy dan geweet het wat die regte ding was om te doen, was toe Joy en Sadness weer beheer oorgeneem het en haar geleer het wat om te doen.

Sou jy sê dat ons gevoelens ons moet beheer, of moet ons heers oor ons gevoelens? Daar is ook mense wat glo dat ons nie in God hoef te glo om te weet hoe om reg te lewe nie. Hulle glo dat ons net ons eie gevoelens moet vertrou en doen wat ons dink reg of verkeerd is. Dink jy ons gevoelens sal altyd die regte dinge aanvoel en dat ons altyd maar net moet doen wat ons voel?

Daar is mense wat nie in God glo nie en sê dat ons kan lewe soos ons wil, en dat ons net moet doen wat goed is vir onself, selfs al maak dit ander mense seer. Terselfdertyd sê hulle ons moet vir ander mense lief wees, solank dit tot ons eie voordeel strek. Dink jy dit klink reg? Kan 'n mens werklik lief wees vir iemand en hulle ook haat op dieselfde tyd? Hierdie mense mag dalk hou van Christene se liefde vir ander mense, omdat goeie Christene doen wat goed is vir die mensdom. Tog glo hulle nog steeds dat liefde selfsugtig mag wees.

Dink jy dit is regverdig van hulle om Christene se liefde — soos God dit gee — te waardeer, maar nie in God te glo nie en sy liefde te wil gebruik om selfsugtig te wees? Dink jy mense kan regtig heeltemal goed wees sonder God? Hoe dink jy sou die wêreld gelyk het as almal net vir hulleself gelewe het, sonder enige reëls wat God vasgestel het?

5.4.3.4.2 Voorskoolvlak vrae:

Onthou jy daardie oulike storie van *Inside Out*, van die meisie Riley, met die mannetjies wat in haar gedagtes is — Joy, Sadness, Disgust en Anger? Hulle name beteken mos om bly te wees, hartseer te wees, om te gril of nie van iets te hou nie, en om kwaad te wees. Watter een van die mannetjies hou jy die meeste van?

Kan jy onthou hoe hartseer die dogtertjie Riley geword het toe hulle moes wegtrek van haar ou huis en in 'n nuwe skool gekom het sonder om maatjies te hê? Sou dit jou ook hartseer gemaak het? Kan jy onthou dat Joy en Sadness toe moes weggaan om vir Riley te probeer help omdat sy so baie hartseer was? Dink jy dit is goed om soms

hartseer te wees, of moet 'n mens altyd net bly wees? Het jy gesien dat, toe Joy en Sadness weg was en nie meer vir Riley kon help met haar gevoelens nie, hoe klein Riley sommer stout geword het?

Dink jy dit is reg dat 'n mens sommer net stout word wanneer jy hartseer is oor iets? Dink jy, as jy iets verkeerd gedoen het, kan jy altyd sê dit is nie jou skuld nie omdat jy maar dat jy so gemaak is? Kan jy altyd help as jy stout is, of dink jy dat ons partykeer stoute dinge doen wat nie reg is nie, selfs al wou ons dit nie doen nie?

Dink jy die Here kan jou weer bly maak, selfs al gebeur daar slegte dinge met jou? Kan 'n mens sommer self besluit wat reg en verkeerd is om te doen? As jy besluit dit is reg om ander mense seer te maak, maar iemand anders voel dis reg om almal lief te hê, dink jy altwee reg kan wees? Wie leer vir ons wat regtig reg en verkeerd is — die Here, of leer jy jouself?

Dink jy dit is reg om lief te wees vir mamma en pappa net om lekkers of geskenke te kry? Dink jy dit is regtig liefde, of dink jy dan eintlik net aan jouself (dit word selfsug genoem, nie liefde nie)? Het jy opgelet dat nêrens in *Inside Out*, en ook nie in ander stories soos *The Croods of The Mitchells vs. The Machines*, van God gepraat word nie? Toe Riley die grootste hartseer in haar lewe gevoel het en sy haarself aan die slaap gehuil het, het sy nooit gebid en vir God gevra om haar te help nie. Die storie wys dat al hoe sy geweet het wat die regte ding was om te doen, was toe Joy en Sadness haar geleer het wat reg is.

Dink jy dit is slim en reg dat jou gevoelens vir jou moet sê wat om te doen, of dink jy dit is beter om jou kop te gebruik om reg te besluit oor jou gevoelens? As iemand vir jou sê dat ons soos diere gemaak is, en daarom weet ons nie wat reg en verkeerd is nie, dink jy so iemand is reg? Kan mense wat nie in God glo nie, hou van die reëls wat God gee sodat ons goeie mense kan wees? Dink jy 'n mens kan regtig goed wees sonder om in God te glo, of kan net God werklik ons help om goed te wees?

Daar is mense wat nie in God wil glo nie, maar hulle hou van hoe kinders van die Here lewe, omdat gehoorsame kinders van God lief is vir mekaar en vir ander mense. Sulke mense hou van liefde, maar glo ook dat ons net aan onself moet dink. Dink jy dit kan werk om vir iemand anders lief te wees, maar dat jy dan net aan jouself dink? Hoe dink jy sou die wêreld gelyk het as almal net vir hulleself geleef het, sonder enige reëls wat God vasgestel het?

5.4.3.4.3 Konsepantwoord en beredenering van die ouer:

Die Bybel leer ons dat die enigste manier waarop ons kan weet wat reg en verkeerd, en wat goed en sleg is, is as ons van God leer, want Hy alleen is volkome heilig, regverdig en goed. Ware liefde kom alleen van God, omdat Hy self liefde is. Alleen wanneer sy Heilige Gees in jou werk en sy liefde in jou hart uitgestort word, kan jy regtig liefhê sonder om selfsugtig te wees. God het alle mense na sy beeld geskape, wat beteken dat elke mens, anders as diere kan weet wat reg en verkeerd is, wat die verskil tussen goed en kwaad is. 'n Mens weet immers wanneer jy iets verkeerd gedoen het, selfs al wil jy dit nie erken nie.

En as jy nie self weet nie, leer die Bybel jou wat reg en verkeerd is, en jou hart weet dat die Bybel reg is, selfs al wil jy in jou kop aan maniere dink om te maak asof jy reg is. Selfs die mense wat sê dat hulle nie in God glo nie, weet dat God bestaan, omdat God die mens so geskep het dat ons Hom behoort te aanbid. Die Bybel leer dat alle mense die wet van God in hulle harte het. Sonde maak dat ons God nodig het om in Hom te kan glo, maar alle mense weet steeds genoeg om te besef wanneer iets reg of verkeerd is, en dat daar regtig 'n God is.

In hulle sonde kies ongelowiges om nie te wil glo dat God regtig bestaan nie. Hulle maak asof God nie bestaan nie, en dan dink hulle allerhande ander idees uit om te probeer bewys dat mense sonder God goed kan leef. Daarom hoor ons byna nooit dat flieks van God praat nie, en sien ons dat baie flieks die idee gee dat mense self moet besluit wat reg en verkeerd is, wat goed en sleg is, en dat mense self oplossings moet uitdink vir die probleme in die wêreld. Selfs wanneer die mense sêlf die probleme gemaak het, sal die stories baie keer net leer dat nuwe en beter planne gemaak moet word om die probleme op te los, of dat een of ander mens of mense moet help om almal te red van die probleme.

As kinders van die Here weet ons daar is 'n God, en dat ons deur die Bybel kan weet wat reg en verkeerd is in sy oë. Op dié manier weet ons hoe God wil hê dat ons moet leef. Dit is net die Bybel wat regtig sin gee oor hoe ons God en ander mense kan liefhê sonder om selfsugtig aan onself te dink. Ons sien hierdie liefde veral in die Vader wat

sy Seun, Jesus Christus, na die aarde gestuur het om vir ons sondes aan die kruis te sterf, sodat ons vir ewig kan lewe om God te aanbid.

Daar is vandag baie mense wat glo dat 'n mens goed kan wees sonder God en dat God nie regtig bestaan nie. Hierdie mense staan bekend as Nuwe Ateïste. Hulle glo dat ons self kan besluit wat reg en goed is vir mense. Die probleem hiermee is dat iemand moet besluit wanneer reëls regtig goed is, en geen mens kan dit doen nie. As daar ooit wette bestaan, moet daar iemand wees wat die wette gemaak het. Vir wette om altyd reg en goed te wees, moet dit van God afkomstig wees, want alleen Hy is reg, goed en volkome heilig.

As 'n boetie en 'n sussie nie van mamma of pappa se reëls hou nie, kan hulle mos nie besluit om hulle eie reëls te maak en maak asof pappa en mamma nie bestaan nie. As jy dink dit is goed om te baklei of ander seer te maak sodat jy jou eie sin kan kry, kan jy mos nie sê dat jou reëls reg is nie. As jou boetie of sussie dan ook sulke reëls maak en glo dat hulle jou mag seermaak as hulle so voel, sal jy mos dink dit is onregverdig, nie waar nie?

Hierdie mense wat glo dat God nie bestaan nie, maar steeds hulle eie reëls wil maak wat hulle pas, is amper soos kinders wat self hulle reëls wil maak. Hierdie mense glo dat ons gemaak is sonder enige reg en verkeerd, sodat ons maar net alles kan doen wat ons wil, om te oorleef — selfs om ander dood te maak. Tog weet hulle dat moord verkeerd is, en daarom leer hulle ook dat ons ander mense moet liefhê, solank dit jouself bevoordeel. Dikwels sê hulle selfs dat hulle van Christelike reëls hou, maar dat

hulle nie in die Christelike God glo nie. Om hierdie rede leer en glo hulle verkeerdelik dat mense self kan besluit wat reg en verkeerd is.

Baie van die fliëks wys vir ons hoe sulke mense glo en dink. Hulle vertel oulike verhale, maar sonder dat hulle dink God is nodig. As gelowiges kan ons dankbaar wees dat die Here vir ons reëls en wette gegee het, sodat elkeen nie sommer doen wat hy wil en ander seermaak nie.

5.5 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het aangetoon dat die verskil tussen die naturalistiese wêreldbeskouing en die Bybels-Christelike wêreldbeskouing oor die mens nie bloot 'n verskil in antropologiese teorieë is nie, maar 'n diepgaande botsing van wêreldbeskouings en van die siening van die werklikheid. Die naturalistiese wêreldbeskouing beskou die mens as 'n toevallige produk van materiële prosesse binne 'n geslote kosmos sonder God, terwyl die Christelike wêreldbeskouing leer dat die mens doelbewus deur God geskape is, na sy beeld, met waardigheid, verantwoordelikheid en 'n roeping om Hom te ken, lief te hê en te dien. Waar naturalisme die mens as 'n selfbepalende en selfverklarende wese sonder vaste morele of geestelike grondslag beskou, getuig die Skrif dat die mens as beeld van God geskape is en dat hierdie beeld deur die sondeval wel geskend, maar nie vernietig is nie.

Hierdie waarheid is van fundamentele belang vir geloofsopvoeding en apologetiese toerusting, omdat kinders daardeur die werklikheid leer dat hulle nie toevallig of

betekenisloos bestaan nie, maar dat hulle identiteit, moraliteit en doel in hulle verhouding met God geanker is. Die besef dat die mens se gebrokenheid nie as normaal of natuurlik beskou moet word nie, maar die gevolg is van die sondeval, vorm die grondslag vir die verstaan van verlossing in Christus. Daarom is dit noodsaaklik dat Christenkinders reeds op voorskoolse ouderdom toegerus word om naturalistiese aansprake oor menslike oorsprong, doel en moraliteit te kan herken, evalueer en antities daarteenoor te bely dat die mens na die beeld van God geskape is.

So vorm hierdie hoofstuk 'n onontbeerlike skakel tussen die belydenis van God as Skepper van die skepping (hoofstuk 3 en 4) en die leer van verlossing en herskepping van die mens (hoofstuk 6 en 7). Dit lê die grondslag vir 'n apologetiese opvoeding waarin kinders leer om hul menswees te verstaan as deel van God se skeppingsdoel, en om hul geloof in die Skepper-God met oortuiging te verdedig en uit te leef.

AFDELING C — VERLOSSING & HERSKEPPING

Afdeling C vorm die derde en laaste deel van hierdie studie en bou voort op die grondslag wat in Afdelings A en B gelê is. Afdeling A (hoofstukke 1–2) het die behoefte aan die ontwikkeling van 'n Christelike wêreldbeskouing by voorskoolse kinders beklemtoon, asook die invloed van sekulêre en naturalistiese ideologieë uitgewys. Vervolgens het Afdeling B (hoofstukke 3–5) gefokus op die fundamentele leerstellings van God, die skepping en die mens, telkens in antitese tot die tesis van die naturalistiese wêreldbeskouing. Afdeling B het dus die basis gelê vir 'n Bybels gegronde verstaan van die werklikheid, waaruit die leer van verlossing en verheerliking — wat in Afdeling C behandel word — logies voortspruit.

Hierdie afdeling behandel die tema van verlossing en verheerliking as die klimaks van die Bybels-Christelike wêreldbeskouing. Die herstel van die mens tot gemeenskap met God, wat as die vervulling van God se skeppingsdoel beskou word, staan sentraal in hierdie bespreking. Hierdie doel is deur die sondeval versteur is. Waar die vorige afdelings die aard van God, die skepping en die mens ondersoek het, fokus hierdie afdeling op die wyse waarop God, in Christus en deur sy Gees, die sondige mens herstel en die skepping tot sy eer herskep.

Hoofstuk 6 fokus eerstens op enkele prominente naturalistiese godsdienste en ideologieë se verlossingsbeskouings as die tetiese uitgangspunt. Daar word aangetoon dat naturalisme, in diverse vorme — insluitend Nuwe Ateïsme, sekulêre humanisme, sowel as oosterse godsdienste soos Hindoeïsme, Boeddhisme en die

Afrika Tradisionele Godsdienst (ATR) — nie werklik verlossing bied nie, maar eerder ideologieë van selfverlossing en selfontplooiing voorhou. Voorts word daar in hierdie hoofstuk uitgelig hoe naturalistiese denkrigtings in kinder- en populêre media manifesteer. Ten slotte verskaf hoofstuk 6 apologetiese riglyne aan ouers om hulle kinders toe te rus om hierdie invloede te identifiseer en te ontmasker.

Hoofstuk 7 bied vervolgens die antitetiese antwoord deur die Bybels-Christelike leer oor verlossing en verheerliking uiteen te sit. In hierdie hoofstuk word gefokus op Jesus Christus as die enigste Verlosser — ware God én ware mens — wat deur sy vernedering en verhoging volkome versoening bewerkstellig vir elkeen wat in Hom glo. Deur middel van huisgodsdienst-temas word ouers toegerus om aan kinders die heilswaarheid oor te dra dat verlossing nie in die mens self of in enige geskape werklikheid gevind kan word nie, maar slegs in Christus, wat sy uitverkorenes deur die Heilige Gees tot heerlikheid bring.

Afdeling C vorm derhalwe die hoogtepunt van hierdie studie deur aan te toon dat die Christelike wêreldbeskouing die enigste samehangende en waarheidsgetroue verklaring bied vir die mens se behoefte aan verlossing, asook die sekerheid van verheerliking in Christus — waar alles uiteindelik tot die eer God herstel sal word.

HOOFSTUK 6: TETIES: ANDER NATURALISTIESE WÊRELDBESKOUINGS OOR VERLOSSING

6.1 INLEIDING

Soos hierdie studie reeds uitgewys het, verwerp 'n naturalistiese wêreldbeskouing enige Godheid asook enige bonatuurlike verklaring van die kosmos. Naturalisme beskou die kosmos as 'n geslote sisteem van oorsaak en gevolg wat in 'n normale toestand verkeer. Daarom verwerp 'n suiwer naturalistiese wêreldbeskouing ook enige vorm van verlossing tot 'n ewige lewe soos dit vanuit 'n teïstiese wêreldbeskouing verstaan word. Die sekulêre humanis glo nie in enige vorm van verlossing nie: "There is no belief in an afterlife and no need to consider salvation since death is the end" (Friel, 2017:84)¹¹⁰. Teenoor hierdie stelling maak Friel (2017:82) die volgende oproep vanuit 'n Christelike perspektief: "The secular humanist needs to see their need for a Savior".

Vir die mens om te besef dat hy of sy 'n Verlosser nodig het, moet daar eers begrip wees dat die wêreld nie in 'n normale toestand is nie, maar deur sonde só aangetas is dat die lewe op aarde met ellende gevul is en dat die uiteinde van die lewe op die ewige dood uitloop, tensy God intree en verlossing bewerk. Die leer oor verlossing het

¹¹⁰Friel (2017:80-83) argumenteer dat sekulêre humaniste nie met redes waarom hulle wêreldbeskouing inkonsekwent is, benader moet word nie, aangesien rede en logika nie in staat is om die natuurlike mens geestelike dinge te laat sien nie. Net so behoort sulke persone nie met al die bewyse waarom die Christelike wêreldbeskouing korrek is, benader te word nie. Volgens Friel is die enigste werklike effektiewe benadering die evangelie en die Bybel, aangesien die mens na die beeld van God geskape is en die morele wet op sy hart geskryf is. Die punt van kontak is dus die wet van God. Slegs op hierdie wyse sal die Heilige Gees die mens oortuig van sonde en skuld voor God, en sal die sekulêre humanis sy behoefte aan 'n Verlosser kan besef.

dus betrekking op die mens se verstaan van sonde en sy of haar uiteindelijke eindbestemming. Sire (2009) se vraag oor die eindbestemming van die mens behoort om dié rede ook in hierdie hoofstuk hanteer te word.

6.1.1 Transhumanisme as die mens se eindbestemming

'n Vergelyking tussen naturalisme en die Christendom ten opsigte van Sire (2009) se vraag oor die mens se eindbestemming, dui daarop dat die mens se eindbestemming binne naturalisme by die bespreking van die mens self ingesluit word, terwyl dit binne die Christendom of teïstiese wêreldbeskouing onder die verlossingsleer val. Omdat hierdie studie vanuit 'n Christelike perspektief onderneem word, sal die vraag oor die mens se eindbestemming hier onder die verlossingsleer bespreek word.

Wat die mens se eindbestemming betref, benader die Christelike en naturalistiese wêreldbeskouing hierdie vraag elk verskillend, soos dit opsommend uit 'n uittreksel van die vergelykende tabel in hoofstuk 2 gestel word:

Tabel 9 - Vergelykende samevatting van 'n naturalistiese- teenoor 'n Christelike wêreldbeskouing soos deur Sire (2009) se 4de wêreldbeskoulike vraag

AGT WÊRELDBESKOULIKE VRAE (VGL. SIRE, 2009:22-23).	CHRISTENDOM AS VORM VAN TEISME (VGL. SIRE, 2009:27-46).	NATURALISME & SEKULARISME AS VORM VAN NATURALISME (VGL. SIRE, 2009:66-85).
4) "What happens to a person at death?" (Sire, 2009:22). - Die vraag oor wat met die mens na die dood gebeur.	- "For each person death is either the gate to life with God and his people or the gate to eternal separation from the only thing that will ultimately fulfill human aspirations" (Sire, 2009:41). - By die dood word elke persoon getransformeer na 'n bestaan wat óf in die hemel sal wees óf in die hel sal wees; die hemel is 'n bestaan saam met God en sy mense in heerlijkheid, terwyl die hel 'n bestaan verwyderd van God is — alleen en sonder vervulling. - Slegs diegene wat positief op God se aanbod van verlossing reageer, word deel van die ewigheid en mag deel in die vervulling en heerlike gemeenskap van die heiliges.	- "Death is extinction of personality and individuality" (Sire, 2009:74). - Na die dood word die mens uitgewis en bly slegs sy nalatenskap oor.

Sire (2009:74-75) se kort bespreking van byna twee bladsye oor die naturalistiese beskouing van die mens se eindbestemming is nie die gevolg van 'n swak argument nie, maar spreek juis boekdele oor naturalisme se standpunt ten opsigte van hierdie saak. In sy bondige uiteensetting dui hy eksplisiet en oortuigend aan hoe die naturalistiese wêreldbeskouing die dood as die einde van die mens se bestaan verstaan. Omdat naturalisme aanvoer dat die mens en sy wese slegs uit materie bestaan en dat die mens by die dood ontbind, word die mens se wese volgens naturalisme met die dood volkome uitgewis. Die enigste moontlike voortbestaan of sogenaamde onsterflikheid wat 'n persoon volgens naturalisme na sy dood kan bereik, is die invloed en nagedagtenis wat hy aan sy nageslag en aan die kultuur oordra. Ter verduideliking verwys Sire veral na die *Humanist Manifesto*, asook na Bertrand Russell, wat aanvoer dat alles wat die mensdom ooit sal bereik, uiteindelik saam met die sonnestelsel tot niet sal gaan.

Hoewel verlossing vanuit 'n naturalistiese wêreldbeskouing verwerp en ontken word, bestaan daar steeds by naturaliste 'n strewe na 'n doel in hierdie lewe (sien veral afdeling 5.2.2 oor die mens se doel). Hierdie ambisieuse strewe het ten doel om deur middel van menslike rede en naturalistiese, wetenskaplike kennis 'n beter en meer volhoubare lewe vir die mensdom te skep deur die gebruik van tegnologie, medisyne en ander toepassings (sien veral afdeling 5.2.3 oor wetenskap as hoogste bron van kennis). Hierdie ideaal van sekulêre humanisme het selfs aanleiding gegee tot die idee van transhumanisme en selfs posthumanisme, wat beide die strewe insluit vir die mensdom om onsterflikheid te bereik.

Hoewel hierdie ideologie van transhumanisme voorlopers gehad het wat die konsep reeds vroeg in die 20ste eeu oorweeg het, was dit veral die bioloog Julian Huxley wat die term “transhumanisme” in 1957 gebruik en bevorder het. In sy publikasie *New Bottles for New Wine* bespreek Huxley onder andere die rol van wetenskap en tegnologie in die bevordering van evolusionistiese humanisme, asook die mens se vooruitgang en eindbestemming. Hierin gebruik hy ’n metafoor waarin tradisionele godsdienste met ou wynsakke vergelyk word wat nie die hedendaagse “wyn” van menslike kennis kan bevat nie, en dat nuwe bottels — dit wil sê nuwe wetenskaplike ontdekkings — hiervoor nodig is. Huxley (1957:12) skryf:

From these bits and pieces of new knowledge, new realizations and new understandings, man is capable of forming a new picture of himself, of his place in nature, his relations with the rest of the universe, his role in the universal cosmic process — in other words, his destiny; and on that, in turn, building new and more adequate beliefs.

Hiervoor voer Huxley aan dat die mens sodanig deur wetenskap en tegnologie ontwikkel het dat dit sy lotsbestemming geword het om homself aan te stel en beheer oor die toekoms van evolusie te neem. Daarom, meen Huxley, moet wetenskap en tegnologie gebruik word om menslike beperkinge te oorkom en selfs die menslike natuur na ’n nuwe fase in die evolusiesiklus te bevorder. Huxley skryf dat die mens nie langer met ellende belas hoef te word nie, soos armoede, siekte, swak gesondheid, oorwerktheid, wreedheid en onderdrukking nie. Verder meen Huxley dat die mens nie meer hoef vas te hou aan valse hoop en ideale wat nie met die werklikheid ooreenstem nie, maar dat die ware hoop deur die wetenskaplike potensiaal verwerklik kan word. Oor hierdie einddoel van die mens sê hy: “The human species can, if it wishes,

transcend itself—not just sporadically, an individual here in one way, and individual there in another way, but in its entirety, as humanity. We need a name for this new belief. Perhaps transhumanism will serve” (Huxley, 1957:17).

Huxley is sterk deur Darwinisme beïnvloed. Hy skryf: “In 1859 Darwin opened the door to a new pattern of ideological organization—the evolution-centred organization of thought and belief. Through the telescope of our scientific imagination we can discern the existence of the new and improved ideological organization” (Huxley, 1964:76-77).

Hieroor merk Huxley op dat, hoewel hierdie nuwe ideologiese paradigma nog in sy embrioniese vorm is, die breë buitelyne reeds duidelik is, naamlik: “Man’s destiny is to be the sole agent for the future evolution of this planet” (Huxley, 1964:77).

Met betrekking tot godsdiens en verlossing, sê Huxley (1964:104):

Belief in a supernatural after-life leads to concentration on attaining salvation in the other world and to a lack of concern for life in this world and its possible improvement. Belief in the fall of man and the necessity of redemption through an incarnate divine Saviour has led to the cruel (and untrue) doctrines of Original Sin and Damnation for unbelievers.

Die antwoord wat Huxley bied om ontslae te raak van die sogenaamde revolusie van klaarblyklake magiese, monoteïstiese godsdienste wat vir bykans twee millennia so invloedryk was, is om terug te keer na ’n evolusiegesentreerde denkwys: “I believe that an equally drastic reorganization of our pattern of religious thought is now becoming necessary, from a god-centred to an evolution-centred pattern” (Huxley, 1964:220).

Hierdie denke van sogenaamde trans- of posthumanisme klink byna soos 'n voortsetting of ontwikkeling van Nietzsche se *Übermensch*-ideologie. Die punt is dat, hoewel daar volgens 'n suiwer naturalistiese wêreldbeskouing klaarblyklik nie 'n behoefte aan verlossing bestaan nie, die naturalis steeds een of ander vorm van verlossingsplan probeer uitdink om sin te maak van die ellende wat deel uitmaak van die werklikheid hier op aarde. Dit bring 'n mens weer terug by Jones (2015) se Eenheidsisme en Tweeheidsisme, naamlik dat daar volgens die Bybel in wese slegs twee wêreldbeskouings is (vgl. veral afdeling 3.2.1 oor die gode van Eenheidsisme in 'n naturalistiese wêreldbeskouing).

6.1.2 Verlossingsleer van ander prominente naturalistiese godsdienste

Alhoewel daar in hierdie studie meestal gefokus word op die dominerende invloed van sekulêre humanisme en Nuwe Ateïsme op voorskoolse Christenkinders, word die invloed van ander godsdienste binne die naturalistiese wêreldbeskouing nie van hierdie studie uitgesluit nie. In hoofstuk 2 is reeds genoem dat die naturalistiese wêreldbeskouing nie slegs uit sekulêre humanisme bestaan nie, maar dat hierdie ideologie van Eenheidsisme, soos wat Jones (2015) dit noem, ook politeïsme, panteïsme en panenteïsme insluit, waar 'n godheid in die skepping gesoek word. Daarom sluit 'n naturalistiese wêreldbeskouing nie net ateïsme in nie, maar ook godsdienste soos Boeddhisme, Hindoeïsme, Taoïsme, en selfs bewegings soos die hedendaagse woke-beweging (vgl. afdeling 2.3 oor Naturalisme as dominerende wêreldbeskouing).

Omdat ander godsdienste binne die naturalistiese wêreldbeskouing tot die Eenheidsisme-ideologie bydra, sal daar vervolgens in hoofstuk 6 gefokus word op prominente godsdienste binne die naturalistiese wêreldbeskouing wat kinders se leefwêreld beïnvloed, met besondere toespitsing op elkeen se beskouing oor verlossing. Benewens die leer oor verlossing van die Nuwe Ateïsme, word daar in hoofstuk 6 ook gefokus op dié van Hindoeïsme, Boeddhisme en Afrika Tradisionele Godsdiens (ATR)¹¹¹. Elke wêreldbeskouing sal opsommend bespreek word, met inagneming van Sire (2009) se agt wêreldbeskoulke vrae, waarna daar veral op elkeen se verlossingsleer toegespits sal word. Daar is ook ander natuurgodsdienste, soos heidendom (paganisme)¹¹², *die New Age*-beweging en vele ander, wat in verdere studie aangespreek kan word.

6.1.3 Die invloed van naturalistiese godsdienste deur middel van media en rolprente.

Naturalistiese godsdienste het 'n beduidende invloed op die samelewing en dra by tot die vorming van 'n denkwêreld wat die wêreld- en lewensbeskouing van jong kinders maklik kan beïnvloed. Deur verskeie media, waaronder animasie-rolprente, skep hierdie naturalistiese godsdienste 'n gunstige omgewing vir die bevordering van 'n naturalistiese wêreldbeskouing by Christenkinders.

¹¹¹Voortaan sal daar in hierdie proefskrif na Afrika Tradisionele Godsdiens verwys word as ATR, wat die meer bekende akroniem vir die Engelse beskrywing van *African Traditional Religion* is. Corduan (2012) volg dieselfde benadering, maar waarsku dat 'n mens versigtig moet wees om nie met hierdie sambreelterm so te veralgemeen dat bepaalde eienskappe verkeerdlik aan spesifieke godsdiensgroepe toegeskryf, of aan die anderkant, verskraal word nie.

¹¹² Sien veral die voetnota nommer 30 oor die betekenis van heidendom of paganisme.

Die gevaar hierin lê nie noodwendig in die rolprente self nie. Rolprente, video's of verhale wat geskryf is vanuit 'n wêreldbeskouing anders as die Bybelse, Christelike wêreldbeskouing, kan selfs deur gelowiges gebruik word vir die beoogde doel, sonder dat die wêreldbeskouing van die storie of die outeur noodwendig aanvaar word. Die kommer ontstaan egter by die invloed wat sodanige eensydige en oorheersende blootstelling op Christenkinders het, veral waar dit bydra tot die vestiging van 'n naturalistiese denkrigting.

Enkele voorbeelde van verhale wat deur kinders gekyk kan word, maar wat duidelik vanuit 'n naturalistiese wêreldbeskouings geskryf is, sluit animasiefilms soos *The Lion King* (1994), *The Jungle Book* (1967, 1997), *Kung Fu Panda* (2008), *Moana* (2016) en *Ice Age* (2002, 2006, 2009, 2012, 2016) in. Voeg hierby fiksie- en fantasierolprente, waarna selfs voorskoolse kinders dikwels saam met ouer sibbe of saam met hulle ouers kyk, soos *Star Wars* (1977, 1980, 1983, 1999, 2002, 2005, 2015, 2017, 2019) en vele ander. 'n Verdere voorbeeld van media met groot invloed op kinders, maar wat spesifiek ten doel het om kinders vanuit 'n Christelike wêreldbeskouing apologeties toe te rus, is *The Chronicles of Narnia* (1979, 1988-1990, 2005, 2008, 2010).

Op sigself bied hierdie en ander films oor die algemeen vermaaklikheid. Daar kom selfs algemene waarhede voor wat met temas van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing ooreenstem. Dit is alles goed en wel, mits kinders verstaan dat dit fiktiewe of fantasieverhale is wat vir vermaak bedoel is en daarop gemik is om

kreatiwiteit te stimuleer. Hierdie media kan selfs gebruik word om gesprekke oor die Christelike wêreldbeskouing te voer.

Die gevaar met blootstelling aan sulke verhale, rolprente en ander media is dat, indien Christenkinders nie die nodige geloofsopvoeding en apologetiese toerusting ontvang waarin 'n Bybelse-Christelike wêreldbeskouing gekweek en bevorder word nie, die oorvloedige blootstelling van hierdie Eenheidsisme-godsdienste in die media 'n grondslag kan lê wat kinders vatbaar maak vir die invloed van naturalistiese denke, soos dié van nuwe-ateïsme en sekulêre humanisme¹¹³. Boonop toon die huidige studie aan dat sekulêre humanisme daarop uit is om kinders met 'n naturalistiese wêreldbeskouing te bombardeer (sien veral hoofstuk 2). Trouens, Eide (2020) toon in 'n studie, deur middel van 'n kwalitatiewe ontleding van voorskoolse kinder-televisiekanale soos *Disney*, *Nickelodeon*, *PBS Kids* en ander¹¹⁴, daarop dat verhale wat tydens die Kersseisoen aan kinders gewys word, beweeg na 'n meer algemene, gekommersialiseerde en gesekulariseerde weergawe van Kersfees.

¹¹³Dit is byvoorbeeld opmerklik dat George Lukas se *Star Wars*-films 'n groep mense geïnspireer het om 'n Jedi-kerk tot stand te bring wat in 2011 die sewende mees gewilde godsdienst in Engeland was, met meer 176 000 volgelinge (https://www.telegraph.co.uk/news/religion/9737886/Jedi-religion-most-popular-alternative-faith.html?msocid=083af8c41fc762ad01f4eb371e5963dd&ICID=continue_without_subscribing_reg_first. Date of access: 2 Jan. 2025). In 2016 het die stigter van die Jedi-kerk in 'n onderhoud met die verslaggewer Pierce Morgan beweer dat die Jedi-kerk 500 000 lidmate het, alhoewel hy self op daardie stadium onseker was of dit wel as 'n kerk beskou moet word of nie (<https://www.youtube.com/watch?v=oOdoFPsG-Ag>. Date of access: 2 Jan. 2025).

¹¹⁴Eide (2020:112-113) stel dat *Disney Junior* op twee tot vyf jariges fokus, veral om te kompeteer met *Nick Jr.*, wat die mees gesogte televisienetwerk vir voorskoolse kinders is, terwyl *PBS Kids* deur minstens twee derdes van Amerika se twee tot agt jariges gekyk word.

Eide (2020) waarsku dat die manier waarop godsdiens deur media uitgebeeld word, 'n beduidende invloed op kykers en veral kinders se godsdienstige gesindheid, geloofsoortuigings en praktyke het. Sy voeg hierby dat, volgens 'n studie in 2018 onder Amerikaners, die media een van die mees invloedryke kragte in mense se lewens is. Met betrekking tot die invloed wat media op kinders het, stel sy dit soos volg: "Children therefore adopt lifelong attitudes, behaviors, and beliefs from what they see on screens, which the average child 8-year-old and under spends two hours per day watching" (Eide, 2020:109). Daarom is dit noodsaaklik dat Christenouers en elkeen wat met voorskoolse kinders werk, apologeties toegerus is, en dat hulle Christenkinders help toerus deur aktief te reageer op die blootstelling wat kinders deur die media van hierdie naturalistiese godsdienste kry.

6.2 NUWE ATEÏSME EN EKSISTENSIALISME

In die bespreking in hoofstuk 5 oor die doel van die mens vanuit 'n naturalistiese wêreldbeskouing (vgl. afdeling 5.2.2) is daar veral na Friedrich Nietzsche verwys, wat die probleem van nihilisme wou oorkom deur die daarstelling van die mens as 'n self-transendente individu, genaamd die *Übermensch*. Só het naturalisme tot nihilisme gelei en is daar gepoog om die probleem van nihilisme se sinloosheid aan te spreek deur middel van eksistensialisme, wat die probleem egter vererger het. Sire (2009:97) skryf oor hierdie domino-effek: "Nihilism is the natural child of naturalism ... The first and most basic reason for nihilism is found in the direct, logical implications of naturalism's primary propositions", en verder: "Atheistic existentialism developed to solve the problem of a naturalism that led to nihilism" (Sire, 2009:118).

Binne hierdie breë raamwerk van naturalisme, nihilisme en die eksistensialisme van Nietzsche het sleutelfigure soos Albert Camus, Jean-Paul Sartre en Martin Heidegger veral 'n beduidende rol gespeel in hulle pogings om bo nihilisme uit te styg (Sire, 2009:117). 'n Ander filosofiese denker vanuit 'n eksistensialistiese en nihilistiese beskouing, Emil Cioran (1911-1995), is veral bekend vir sy pessimistiese siening van die menslike bestaan.

Hierdie eksistensialistiese wêreldbeskouing, wat vanuit naturalisme ontstaan het, stem basies ooreen met die veronderstellings van 'n naturalistiese wêreldbeskouing. Die eksistensialis glo steeds in beginsel dat materie ewig is, dat God nie bestaan nie, dat dood die einde van die mens se bestaan is, dat die mens die heelal deur menslike

rede en wetenskap kan leer ken, dat die kosmos in sy normale toestand is, ensovoorts.

Die eksistensialistiese wêreldbeskouing verskil egter van naturalisme ten opsigte van die aard van die mens en sy verhouding tot die kosmos (Sire, 2009:119). In hierdie opsig beskou eksistensialisme in beginsel steeds die werklikheid vanuit 'n naturalistiese perspektief, maar die mens word nou geheel en al in die sentrum geplaas: "Full-blown atheistic existentialists have already committed themselves to themselves" (Sire, 2009:126).

Hierdie verskil spruit voort uit die veronderstelling dat die werklikheid volgens eksistensialisme vir mense in twee vorme kan voorkom, naamlik objektief en subjektief. Daarby beklemtoon eksistensialisme dat die menslike bestaan aan sy wese voorafgaan en dat mense hulleself gevorm het soos wat hulle is, asook die feit dat die mens vry is ten opsigte van sy aard en bestemming (Sire, 2009:119 e.v.).

Nietzsche se identifisering van die mensdom se eksistensiële krisis, en sy oplossing daarvoor deur die bevordering van nihilisme, asook die beweging wat daaruit voortgevloei het, het 'n groot invloed op die denke van die hedendaagse Nuwe Ateïsme gehad. In hierdie opsig is Sekularisme en Nuwe Ateïsme reeds in vorige hoofstukke aan die hand van Sire (2009) se wêreldbeskoulike vrae bespreek.

Hierdie afdeling ondersoek dus nou veral die verlossingsleer van Nuwe Ateïsme as 'n naturalistiese wêreldbeskouing. Eerstens sal die vorige wêreldbeskoulike aspekte wat reeds in vorige hoofstukke bespreek is, opsommenderwys aanvullend weergegee word. Hierna sal Nuwe Ateïsme se verlossingsleer indringend uiteengesit en bespreek

word. Sodoende kan die kernidees van Nuwe Ateïsme se wêreldbeskouing saamgevat word. Laastens sal met konkrete voorbeelde aangetoon word hoe invloedryk Nuwe Ateïsme in die leefwêreld van die kind is, om uiteindelik uit te kom by apologetiese toerusting wat in die vorm van vrae en antwoorde gebied kan word.

6.2.1 Samevattende bespreking van Nuwe Ateïsme oor God, wêreld en mens, met toespitsing op hul verlossingsleer.

Soos reeds in hoofstuk 3 vermeld is, bestaan daar volgens Nuwe Ateïsme — ’n beweging wat veral bevorder word deur die sogenaamde vier ruiters, naamlik Dawkins, Harris, Hitchens en Dennett — geen God of bo-natuurlike werklikheid nie¹¹⁵. Volgens hierdie beskouing bestaan die ganse werklikheid slegs uit materie en natuurwette, sodat slegs moderne wetenskap (veral die empiriese benadering soos wat Nuwe Ateïsme dit toepas) alle verskynsels kan verklaar.

Nuwe Ateïsme glo dat die heelal slegs blote materie is wat volgens evolusie funksioneer, en dat evolusie ’n voldoende verklaring bied vir sogenaamde bonatuurlike verskynsels, sodat God klaarblyklik nie ’n werklikheid is nie, maar slegs ’n gedagte — ’n byproduk van die mens se evolusionêre denke. In ’n wêreldbeskouing waar God uit die vergelyking geneem word en die mens in die sentrum geplaas word, sou ’n mens verwag dat Nuwe Ateïsme ’n hoë beskouing van die mens het. Ironies genoeg is dit egter nie die geval nie. Die mens word as ’n dier beskou, bloot ’n biologiese

¹¹⁵Hierdie vier persone staan veral bekend as die sogenaamde “vier ruiters van Nuwe Ateïsme”. Hulle is invloedryke ateïstiese denkers wat die idee bevorder dat daar geen God of bonatuurlike werklikheid bestaan nie, en dat die hele bestaan volledig verklaar kan word deur materie, natuurwette en evolusie, soos dit deur die empiriese wetenskap verstaan word.

samestelling van atome, met die enigste onderskeid dat die mens oor 'n meer gevorderde en verder ontwikkelde brein as ander diere beskik. Selfs die mens se denke word steeds gesien as 'n onpersoonlike en deterministiese beweging van energie en materie. Die Gereformeerde apologet, Greg Bahnsen, stel dat so 'n wêreldbeskouing inkonsekwent en irrasioneel is. Hy voer aan dat, indien die mens se gedagtes volgens die materialistiese ateïs slegs elektrone en molekules is wat deterministies optree, selfs die ateïs nie sy eie denke kan vertrou of as absolute waarheid kan aanvaar nie (Bahnsen, 2015).

Dit is duidelik sigbaar hoe Nuwe Ateïsme die beskouing van die mens en die wêreld skeef trek omdat God as absolute werklikheid verwerp word. Gevolglik word ander aspekte van die mens se lewe op aarde ook geraak, soos byvoorbeeld die mens vermoë om te dink. Die mens se verstaan van epistemologie, sy benadering tot etiek, asook die betekenis en doel van die lewe, word alles hierdeur beïnvloed. Trouens, Nuwe Ateïsme is self daartoe verbind om hom te beywer vir humanitêre selfvervulling deur wetenskap en sekularisme. Hieroor skryf Taylor (2009) dat die Nuwe Ateïste op een of ander wyse persoonlike vervulling deur geestelikheid aanbeveel, maar sonder godsdiens. Vir Harris word vervulling en geluk gesoek in meditasie, terwyl Dawkins dit klaarblyklik vind in die verwondering oor die wetenskap. Vir Hitchens en Dennett is dit 'n strewe na wat sekularisme behoort te bied. Dit staan lynreg teenoor die Christelike wêreldbeskouing dat die mens se hoogste doel op aarde is om God te verheerlik, Hom lief te hê, en jou naaste soos jouself lief te hê.

In sy artikel oor Nuwe Ateïsme stel Taylor (2009) dat Nuwe Ateïsme veral aan drie komponente uitgeken kan word wat hulle telkens verwerp, naamlik: 'n afwysing van ewige godheid in terme van die metafisiese; 'n verwerping van geloof in terme van epistemologie; en die afwysing van enige absolute morele waardes as die etiese komponent. Dawkins voer aan dat geloof alles vergiftig en dat kinders vatbaar is vir godsdienste omdat hulle 'n natuurlike vertroue in hulle ouers het. Volgens Taylor (2009) propageer Nuwe Ateïsme dus alternatiewe vorme van menslike vervulling deur sekularisme en wetenskap, buite die raamwerk van godsdienste, wat die mens in verwondering sal laat.

Hierdie soort denke spruit duidelik voort uit eksistensialisme. In 'n poging om eksistensialisme te verdedig, skryf Jean-Paul Sartre in 1946¹¹⁶: “Man first of all exists, encounters himself, surges up in the world — and defines himself afterwards ... Man is nothing else but what he makes of himself” (Sartre, 1946). Volgens Sartre is eksistensialisme egter nie nihilisties nie, maar eerder 'n oproep tot die mens om homself en die hele mensdom in vryheid en verantwoordelikheid te verwerklik. Camus beklemtoon dit wanneer hy skryf dat die mens in 'n wêreld geplaas is sonder inherente betekenis, en dat daar 'n absurde kontras bestaan tussen die mens se natuurlike behoefte aan sin vir die lewe en die heelal se onpersoonlike en betekenislose

¹¹⁶Hierdie toespraak is in 1946 gelewer, maar eers in 1956 gepubliseer. Sien <https://www.marxists.org/reference/archive/sartre/works/exist/sartre.htm> vir meer inligting oor die publikasie. (Date of access: 12 Jun. 2025).

voortbestaan. Hieroor sê Camus (1955): “For the absurd man it is not a matter of explaining and solving, but of experiencing and describing”.

Met Nuwe Ateïsme, wat God en die metafisiese werklikheid verwerp, word nie net die mens en sy beskouing oor die lewe skeefgetrek nie, maar ook sy siening oor lewe ná die dood. Vir die Nuwe Ateïsme en eksistensialisme is daar geen lewe ná die dood nie — die mens leef en hy sterf, en dit is al. Hierdie sienswyse moet beskou word vanuit die perspektief van ’n skeefgetrekte beskouing van God, mens en wêreld. Camus (1968:103) verduidelik dat, aangesien die mens van nature doel-soekend is in ’n doellose wêreld, die idee van lewe ná die dood slegs ’n illusie is en neerkom op ’n verwerping van die werklikheid. Met betrekking tot hierdie sogenaamde absurditeit stel Camus dat die mens eerder as alternatief daarna moet streef om troos te vind in vervulling hier op aarde. Soos wat ’n artikel oor Camus deur *Stanford Encyclopedia of Philosophy* (2021) dit stel, sal die mens eers nadat hy die dood aanvaar en van alle hoop gestroop is, werklike waardering in hierdie lewe vind.

Teenoor die Nuwe Ateïsme en eksistensialistiese wêreldbeskouing is reeds in vorige hoofstukke van hierdie proefskrif aangedui dat die Christelike wêreldbeskouing in ’n persoonlike Skepper-God as die uiteindelijke werklikheid glo. Die gereformeerde teoloog Herman Bavinck beskryf die Christelike wêreldbeskouing as die enigste wêreldbeskouing wat die hele werklikheid holisties in perspektief plaas, sodat dit ’n antwoord bied op hoe die verhouding tussen mens, God, wêreld en lewe met mekaar versoen kan word. Die Christelike wêreldbeskouing beklemtoon dat die hele skepping

deur God geskape is met 'n doel en dat die mens sy lewensdoel in God se bedoeling met die mens en die skepping vind.

Vir Christene is God die ewige Skepper en Verlosser wat alles deur sy Seun geskep het en dit steeds onderhou. In Hom alleen vind alles hulle doel, beide hier op aarde en in die lewe hierna. God het die mens na sy beeld geskape, sodat die mens nie bloot 'n chemiese samestelling is nie, maar 'n liggaam met 'n geestelike siel wat (in sy oorspronklike natuur) die vermoë het om logies te redeneer; sodoende kan die mens as verteenwoordiger van God oor die aarde heers. Deur die lewe heen herskep God deur sy Gees die mens se gevalle beeld tot ewige lewe, sodat die mens in God se besondere teenwoordigheid in 'n nuutgemaakte hemel en aarde sal wees om Hom vir ewig te verheerlik en volkome vervulling in Hom te beleef. Daarom kan die gelowige met vrymoedigheid saam met Paulus sê: "Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins" (Fil. 1:21).

Soos Bavinck beskryf, kan slegs die Christelike wêreldbeskouing die filosofiese probleme en sogenaamde teenstellings van die werklikheid oplos. Dit is slegs moontlik wanneer God as 'n werklikheid erken word. Sodoende beantwoord die Christelike geloof fundamentele vrae oor epistemologie, ontologie, teleologie en etiek. Hieroor sê Bavinck dat die Christelike wêreldbeskouing se versoening met die werklikheid soos 'n sleutel in 'n slot pas (Bavinck, 2019:28, 162).

Wanneer die geheelbeeld van Nuwe Ateïsme se wêreldbeskouing in oënskou geneem word, blyk dit dat die Nuwe Ateïsme geen sin het vir verlossing van enige aard nie,

soos wat die Christelike wêreldbeskouing wel het. 'n Beskouing wat enige werklikheid van 'n godheid en van 'n absolute reg of verkeerd verwerp, het klaarblyklik geen behoefte aan 'n eksplisiete verlossingsleer nie. Tog moet elke wêreldbeskouing die werklikheid van die probleem van sonde op een of ander manier verreken, en al word daar nie eksplisiet van verlossing gepraat nie, kom die konsep van verlossing op een of ander wyse ter sprake. Daarom behoort Nuwe Ateïsme, net soos alle ander wêreldbeskouings, ook 'n voorstel of 'n uitweg te bied oor hoe om die probleem aan te spreek of dit te oorkom.

Nuwe Ateïsme identifiseer die probleem van die mens nie as sonde nie, maar as die mensdom se onkunde oor sake, of as bygeloof wat deur geloofsbeoefening bevorder word. Trouens, terwyl die Christendom sonde as die menslike probleem beskou, reken Nuwe Ateïsme dat die werklike probleem die godsdiens en geloof self is. Volgens hulle is geloof en godsdiens uitsluitend en onverdraagsaam teenoor die mensdom en teen die individu, en daarom is dit toksies. Dawkins (1996a) stel dit soos volg in 'n toespraak wat hy in 1996 gelewer het toe hy die Humanis van die Jaar-toekenning van die *American Humanist Association* ontvang het: "I think a case can be made that faith is one of the world's great evils, comparable to the smallpox virus but harder to eradicate". Die sogenaamde verlossing wat Nuwe Ateïsme dus as antwoord bied op hierdie probleem, word nie as "verlossing" benoem nie, maar word eerder beskryf as bevryding van godsdiens, vooruitgang vir die mensdom en die verwesenliking van selfvervulling vir die individu.

Hierdie samevatting van Nuwe Ateïsme se wêreldbeskouing (wat reeds in ander hoofstukke bespreek is) kan soos volg opgesom word. Dit dien as inleiding tot apologetiese toerusting oor Nuwe Ateïsme en 'n naturalistiese wêreldbeskouing, waardeur Christelike voorskoolse kinders toegerus kan word om hulleself vanuit die Christelike wêreldbeskouing te kan verantwoord.

6.2.1.1 Opsommende samevatting van Nuwe Ateïsme se wêreldbeskouing

- Oor God en die wêreld: Daar bestaan geen God of bonatuurlike werklikheid nie. Die heelal bestaan uitsluitlik uit materie en natuurwette. Evolusie word as die kriteria beskou waarmee alle verskynsels verklaar kan word.
- Oor die mens: Die mens is niks anders nie as 'n komplekse dier met 'n gevorderde brein. Menslike denke is bloot die deterministiese beweging van materie en kan nie as betroubaar beskou word indien dit uitsluitlik fisiese prosesse behels nie.
- Oor kennis: Ware kennis spruit slegs uit die moderne, empiriese wetenskap. Enige ander bron van kennis, soos geloof en godsopenbaring, word as onbetroubaar geag. Geloof word as toksies beskryf en kinders as besonder vatbaar daarvoor, aangesien hulle natuurlik op die outoriteit van ouers vertrou.
- Oor die basis vir etiek: Nuwe Ateïsme ontken die bestaan van absolute morele waardes. Alle etiese norme is menslike konstruksies of byprodukte van evolusie. Godsdiengebaseerde etiek word vervang deur sekulêre,

humanistiese idealisme, waar selfvervulling deur wetenskap en sekularisme nagestreef word.

- Oor die mens se doel: Die lewe het geen ingeboude, uiteindelijke doel nie. Betekenis word subjektief deur elke individu geskep en bepaal. Die mens moet sin in 'n betekenislose heelal ontdek deur ervaring.
- Oor verlossing: Geen tradisionele verlossing of lewe na die dood word erken nie; die dood is die finale einde. Die menslike probleem is nie sonde nie, maar eerder bygeloof en teologiese geloof. Wetenskap en rasionaliteit word as oplossing (verlossing) beskou. Verlossing word dus gesien as bevryding van godsdiens en 'n strewe na selfvervulling deur meditasie, die bewondering van wetenskap, en sekulêre vryheid.

6.2.2 Sekulêr-humanistiese temas in die gewilde filmreeks *Star Wars*

Die idees van Nuwe Ateïsme, sowel as die breër konteks van alle naturalistiese godsdienste en van Eenheidsisme soos deur Jones (2015) geklassifiseer, word veral in hedendaagse media weerspieël. Daar is talle voorbeelde van kinderfilms en -reekse wat 'n naturalistiese wêreldbeskouing handhaaf en uitbeeld. In hierdie afdeling, wat fokus op die verlossingsbeskouing binne 'n naturalistiese wêreldbeskouing, bespreek ons slegs een gewilde voorbeeld, naamlik die *Star Wars*-filmreeks. In hierdie verhaal word die afwesigheid van 'n transendente God só uitgebeeld dat aspekte soos moraliteit, betekenis en identiteit aangebied word asof dit in die mens self, of in die

mensdom of natuur, gegrond is. Hierdie verhale word slegs as voorbeeld gebruik om oorsigtelike aspekte waar die verlossingsbeskouing beklemtoon word, te bespreek.

6.2.2.1 *Star wars (1977-2019)*

Een van die mees prominente voorbeelde van films wat die aspekte van 'n naturalistiese wêreldbeskouing handhaaf, is die *Star Wars*-filmreeks. Hierdie verhale beeld 'n mengsel van byna alle groot wêreldgodsdienste uit. Die *Star Wars*-saga, wat uit nege rolprente bestaan (1977, 1980, 1983, 1999, 2002, 2005, 2015, 2017, 2019), is een van die invloedrykste en gewildste narratiewe ter wêreld. Hoewel die *Star Wars*-filmreeks as fantasie geniet kan word en groot vermaak vir oud en jonk bied, verteenwoordig *Star Wars* in wese 'n naturalistiese wêreldbeskouing.

Die *Star Wars*-saga is 'n fiktiewe ruimteverhaal wat oor nege rolprente (of sogenaamde episodes), sowel as oor verskeie dekades en generasies, strek. Die verhaal sentreer rondom die Skywalker-dinastie, waarvan die hoofkarakters veral Anakin Skywalker, sy seun Luke Skywalker, en later die jong vroulike heldin Rey is. 'n Sentrale tema in die verhaal is die Jedi-meesters, wat die goeie kant (*Light Side*) van die sogenaamde kosmiese Krag (*the Force*) handhaaf, teenoor die slegte kant (*Dark Side*) van hierdie Krag, wat deur die Sith-heersers uitgeleef word.

Anakin is 'n Jedi-meester wat in die verloop van die verhaal tot die donkerkant verval en as 'n nuwe persoon, Darth Vader (Engels), bekend word. Dit vorm die sentrale fokuspunt van die oorspronklike en prequel-trilogieë (Episodes I–VI). Anakin/Darth Vader se seun, Luke, word in die oorspronklike trilogie (Episodes IV–VI) voorgehou as

die simbool van hoop, terwyl Rey in die nuwe trilogie (Episodes VII–IX) as 'n jong weeskind op soek is na haar identiteit en sodoende Luke se rol as held oorneem.

Ander belangrike karakters sluit in: Obi-Wan Kenobi ('n Jedi-meester en mentor van onder andere Anakin), Leia Organa (Anakin se dogter en leier van die rebellie), Han Solo ('n onafhanklike held en vegter), Kylo Ren (die kleinseun van Darth Vader en teëstander van Rey), en keiser Palpatine, die bose heerser wat oor verskeie episodes as leier van boosheid funksioneer. Teenoor Palpatine staan die alombekende meester Yoda — 'n intelligente, klein, mensagtige groen figuur — wat as die leier of ghoeroe van die ligkant optree.

Binne hierdie kosmos van die lig- en donkerkant van die kosmiese Krag, is daar deurgaans 'n spanning tussen orde en chaos, wat elke individu tot voortdurende morele keuses en selfontdekking dwing.

Die *Star Wars*-films beeld 'n heelal uit waarin daar geen Skepper-God, geen objektiewe morele waarheid, en geen finale oordeel is nie. Soos reeds afgelei kan word, word die kosmos wat uitgebeeld word, voorgestel as selfonderhoudend en funksioneer dit volgens 'n dualistiese balans tussen die ligkant en die donkerkant van die sogenaamde Krag. Hierdie Krag is 'n onsigbare en onpersoonlike energie wat deur alle dinge vloei en uiteindelik absolute beheer uitoefen oor die verloop van alle gebeure — dit herinner sterk aan Darwinisme se sogenaamde selfsugtige geen wat alles beheer en bepaal. Hierdie konsep van die Krag is niks anders as panteïsme en selfs panenteïsme nie. In hierdie sin funksioneer die Krag soos 'n moreel-neutrale

natuurwet wat deur individue — veral die Jedi en die Sith — gebruik kan word om goed of sleg te bevorder.

Van al die karakters in die *Star Wars*-verhale word veral Anakin Skywalker, Luke Skywalker, Rey en Kylo Ren uitgebeeld as persone wat keuses moet maak oor hoe hulle die Krag gaan aanwend: vir die goeie of vir boosheid. Hierdie karakters funksioneer ook as die hoofkarakters in die reeks. Terwyl Luke Skywalker telkens die ligkant kies, het Anakin Skywalker deur die invloed van die bose Palpatine as't ware geval en die donkerkant gekies, waarin hy klaarblyklik die Krag tot sy volle potensiaal kan aanwend. So het Anakin bekend geword as die beroemde Darth Vader, wat saam met Palpatine die donkerkant regeer.

Met die twee kante van die Krag is daar in hierdie verhale geen sprake van 'n sondeval nie. Die bose word beskou as wanbalans, en nie as 'n rebellie teen 'n soewereine en heilige God nie. Die weg tot verlossing lê dus nie in die vergifnis van sonde, soos in die Christelike wêreldbeskouing nie, maar daarin dat elke individu homself reguleer en die korrekte balans van die Krag handhaaf. Hierdie konsep, waar elkeen as't ware sy eie verlossing en moraliteit moet bepaal, stem ooreen met dié van sekulêre humanisme en Nuwe Ateïsme.

Die vraag na wie die verlosser of leier sal wees wat die Krag ten volle kan bemeester om balans in die heelal (en selfs in meeralle) te handhaaf, is 'n sentrale tema wat deurgaans spanning by kykers van die films skep. Het die Krag besluit om vir Anakin, Luke of Rey te kies om hierdie balans uiteindelik te bewerkstellig; en indien die Krag

wel vir Anakin gekies het, ontstaan die vraag of Darth Vader ooit weer na die ligkant van die Krag sal terugkeer. Hierdie verkiesing van die uitverkore persoon is nie 'n goddelike verkiesing of roeping nie, maar eerder 'n genetiese geskiktheid en potensiaal wat die Krag in die persoon raaksien. Hierdie idee herinner aan 'n kombinasie van neo-darwinistiese konsepte van natuurlike seleksie en Nietzsche se *Übermensch*.

Verlossing in *Star Wars* is dus nie iets wat van buite kom nie, maar iets wat van binne die mens self ontdek moet word. Anakin, wat deur die donkerkant Darth Vader geword het, word uiteindelik van die donkerkant verlos deur die liefde en lojaliteit van sy seun, Luke. Luke slaag daarin omdat hy deur regte keuses balans in die Krag en heelal bring. Dit herinner aan 'n tipe verlossing wat deur Nuwe Ateïste soos Richard Dawkins aangehang word, waar die idee van verlossing deur rasonale denke en keuses verwesenlik word. Daarby kan gevoeg word dat hierdie fantasiewêreld van *Star Wars* 'n wêreld is waar tegnologie en wetenskap 'n kern rol speel vir die bevordering van die beskawing. Ruimtereise en kunsmatige intelligensie (soos die C-3PO- en R2-D2-robotte), sowel as genetiese manipulasie (byvoorbeeld die klone) is regdeur die verhale aanwesig. Hierdie elemente versterk die idee van sekulêre humanisme, waar wetenskaplike vooruitgang en tegnologie deel vorm van die mens se strewe na sy eie verlossing en voorspoed.

Verder, waar die Christelike wêreldbeskouing 'n verlossing bely wat eers by die eindtyd voltooi sal wees, bied *Star Wars* die konsep van Kraggeeste (*force ghosts*), waar

gestorwe Jedi-meesters byna soos voorvaders as geeste verskyn en raad gee aan dié wat nog in die lewe is. Hierdie toestand waarin die Jedi-meesters verkeer, word egter nie as 'n hemel beskou nie, maar eerder as 'n tipe metafisiese plek. In die opsig word die dood nie oorwin nie, maar vorm hulle eenvoudig deel van 'n ewige siklus van kosmiese energie. Dit is duidelike kenmerke en geloofsoortuigings van 'n naturalistiese wêreldbeskouing.

6.2.2.2 George Lucas van Star Wars oor God, die skepping en geloof

In 'n onderhoud wat in 1999 deur Bill Moyers met George Lucas, die skrywer van die *Star Wars*-reeks, gevoer is (Moyer and Lucas, 1999), maak Lucas die volgende stelling oor sy beskouing van God: "When I was 10 years old, I asked my mother... 'If there's only one God, why are there so many religions?' ... the conclusion I've come to is that *all the religions are true*". Verder sê hy: "I see Star Wars as taking all the issues that religion represents and trying to distill them down into a more modern and easily accessible construct".

In die *Star Wars*-filmreeks word byvoorbeeld 'n kosmologie aangebied waarin daar 'n onpersoonlike *Force* is wat beskryf word as 'n energie wat alles deurdring. Hierdie *Force* verwys nie na 'n bonatuurlike godheid nie, maar eerder na 'n metafisiese werklikheid wat deur die mens aangewend kan word in sy stryd om goed of kwaad. Dit is dus duidelik dat George Lucas die *Star Wars*-filmreeks geskryf het vanuit 'n panteïstiese wêreldbeskouing, met die onpersoonlike krag as kosmiese energie wat

deur alles vloei, sodat alles in werklikheid op een of ander manier goddelik is. Op hierdie wyse word 'n naturalistiese wêreldbeskouing gehandhaaf.

Lucas vertel dat sy doel met die skryf van die *Star Wars*-filmreeks nie was om 'n nuwe godsdiens te skep nie, maar om godsdienstige temas en vrae aan te raak wat jongmense tot nadenke te bring: "I wanted to try to awaken a certain kind of spirituality in young people—more a belief in God than a belief in any particular religious system". Hy skryf verder: "I wanted to try to explain in a different way the religions that have already existed".

Hieruit is dit duidelik dat Lucas met goeie intensies die *Star Wars*-filmreeks geskryf het, maar dit moet in ag geneem word dat die verhaal vanuit 'n agnostiese, pluralistiese en sekularistiese benadering aangebied word. Lucas dui ook aan dat dit nie sy bedoeling was dat die wêreld godsdiens deur die *Star Wars*-filmreeks moes vervang nie. Die onderhoudvoerder vra op 'n stadium die volgende aan Lucas in verband met die Bybel: "The central ethic of our culture has been the Bible. Like your stories, it's about the fall, wandering, redemption, return. But the Bible no longer occupies that central place in our culture today. Young people in particular are turning to movies for their inspiration, not to organized religion."

Hierop lui Lucas se antwoord soos volg: "Well, I hope that doesn't end up being the course this whole thing takes, because I think there's definitely a place for organized religion. I would hate to find ourselves in a completely secular world where entertainment was passing for some kind of religious experience."

Wanneer die onderhoud deurgelees word, kry 'n mens die indruk dat Lucas sêlf 'n godsdienstige persoon is wat in God glo: "Faith ... is a very important part of what allows us to remain stable, remain balanced". Hy sê selfs: "I think there is a God. No question. What that God is or what we know about that God, I'm not sure". Lucas gebruik die tema van die *Force* as 'n simbool van die transendente werklikheid, maar nie om direk na God te verwys nie: "I would hesitate to call the Force God. It's designed primarily to make young people think about the mystery". Hy beskryf die gebruik van die *Force* as "a leap of faith".

Dit is dus duidelik dat, alhoewel Lucas goeie bedoelings met die *Star Wars*-filmreeks gehad het en dit selfs analogies gebruik word om blykbaar na die metafisiese te verwys, Christene moet besef dat hierdie vermaaklikheid vanuit 'n naturalistiese wêreldbeskouing ("*Oneism*", soos Jones (2015) dit noem) geskied. Wanneer die *Force* vir die eerste keer in 1977 in die filmreeks voorkom, is dit Obi-Won wat aan Luke Skywalker verduidelik wat die *Force* is: "The Force is what gives the Jedi his power. It is an energy field created by all living things. It surrounds us, penetrates us, it binds the galaxy together".

Zukeran (2005) beskryf hierdie beskouing van die *Force* as panteïsties:

The Star Wars universe clearly presents a pantheistic worldview in which the Force is an impersonal, divine energy present in all living things and the universe itself ... The Force reflects one of the main tenets of the pantheistic worldview, the concept of monism, that all is in essence one. The Force is not a personal being. It is an impersonal energy that is

made up of and resides in all living things. Therefore, all of life has the spark of divinity because all is essentially one unified entity.

Verder skryf Zukeran (2005) dat Lucas in 'n dokumentêr getiteld *The Science of Star Wars* erken dat hy die konsep van die Jedi-meesters spesifiek by die Shao-Lin-monnikke van Sjina gekry het, wat 'n boeddhistiese wêreldbeskouing aanhang waarin Chi as die Krag bemeester moet word. Deur die bemeestering en gebruik van Chi kan vegters in die gevegskuns buitengewone gevegte voer, dikwels selfs sonder fisiese kontak. Vir baie Christene kan hierdie idee van 'n Krag foutiewelik vergelyk word met die krag van die Heilige Gees.

Deur hierdie voorbeeld van die *Star Wars*-filmreeks, wat wyd in die samelewing en onder kinders bekend is, is dit duidelik dat dit 'n groot invloed op mense en kinders se denke kan hê. Hiermee word nie gesê dat *Star Wars* en soortgelyke films of verhale vir die Christen taboe behoort te wees nie. Dit beklemtoon slegs dat Christene en Christenkinders groot erns moet maak met apologetiese toerusting in wêreldbeskouings, sodat kinders se denke nie deur hierdie Eenheidsisme-wêreldbeskouing gevorm word nie, maar eerder toegerus word om dit vanuit 'n Christelike wêreldbeskouing te kan benader en beoordeel. Trouens, Zukeran (2005) meen tereg dat, hoewel sommige Christene besluit om sulke films te vermy omdat dit hulle kinders moontlik negatief kan beïnvloed, Christene eerder hierdie blootstelling positief behoort te gebruik om geloofsgesprekke met kinders aan te knoop en hulle

apologeties toe te rus. Daarbenewens is daar algemene temas in sulke verhale wat ongelowiges by die Christelike wêreldbeskouing geleen en verder uitgebrei het¹¹⁷.

6.2.3 Apologeties-begeleidende gesprekke met kinders oor Nuwe Ateïsme se verlossingsleer

Wat uiters belangrik is vir enige gesprek met iemand uit die geledere van Nuwe Ateïsme, is om in gedagte te hou dat (Nuwe) ateïste 'n ander epistemologie (teorie van kennis) het as dié van Christene. Die ateïs verwerp enige aanspraak op Goddelike gesag of openbaring. Vir Nuwe Ateïsme is menslike rede die enigste gesagvolle bron van kennis. Daarom, indien 'n mens deurdringend tot so 'n persoon se dwalinge wil spreek, moet die Christen toegerus en bereid wees om alle vrae en argumente op 'n redelike wyse te beantwoord. Dit sluit vrae in oor evolusie, die skepping, die Bybel, sonde, ensovoorts.

Vir kinders behels dit dat hulle ten minste vertrouwd is met die basiese begrippe van die evangelie, soos skepping, sondeval, verlossing, en verheerliking. Daarom is dit belangrik — soos in vorige hoofstukke reeds beklemtoon is — dat Christenkinders van

¹¹⁷Teenoor kritiek dat so 'n benadering gevaarlik is en moontlik sinkretisme of relativisme kan bevorder, en dat gelowiges nie so te werk behoort te gaan nie, moet die gereformeerde leerstelling van God se algemene genade in gedagte gehou word. Omdat God ook aan ongelowiges talente skenk wat dikwels groot vrug oplewer, kan gelowiges met groot vrug gebruik maak van ongelowiges se werke — natuurlik nie sonder die onderskeidingsvermoë wat die Heilige Gees gee nie. Hieroor skryf Calvin in sy institusie: “As ons die werke van die heidense skrywers ter hand neem, moet ons altyd daaraan herinner word dat die verstand van die mens nog met uitnemende gawes van God versier is, ook al het dit uit sy oorspronklike staat verval. As ons die Gees van God hou vir die enigste bron van die waarheid, sal ons die waarheid nie verag nie, waar dit hom ook al mag openbaar” (Calvin, 1951:120-121; vgl. Institusie, 2.2.15).

kleins af in die Bybel onderrig word. Dit is van belang dat nie slegs kennis van die Bybelse waarhede opgedoen word nie, maar dat die evangelieboodskap ook in die daaglikse lewe toegepas word. Daarom is dit nie net Bybelkennis wat van belang is nie, maar ook dat ouers spesifieke vrae stel en wesenlike toepassings maak.

Voorskoolse kinders hoef byvoorbeeld nie eksplisiet bewus te wees van terme soos skeppingsteorieë, of van die diepgaande en dogmatiese aspekte van uitverkiesing en sondeval nie. Hulle hoef nie noodwendig hierdie ingewikkelde terme en teorieë aan te leer nie, maar kan komplekse konsepte eenvoudig begryp deur middel van vrae en begeleidente gesprekke. Voorskoolse kinders hoef dus nie terme van Nuwe Ateïsme, soos eksistensialisme of mikro- en makro-evolusie, noodwendig te ken om hierdie konsepte of groot teorieë as vals te kan identifiseer nie.

Om hierdie en ander konsepte aan te spreek, kan eenvoudige vrae gestel en ingeligte gesprekke gevoer word, en kan toegeruste begeleiding gebied word. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer ouers en kinders saam na 'n animasie-kinderverhaal kyk waarin daar dalk 'n pratende apie voorkom; ouers kan dan gesprekke hieroor ontlok. Daar is talle voorbeelde van kinderverhale waarin spesifiek pratende apies of soortgelyke karakters voorkom, soos: *The Junge Book*, *Tarzan*, *Curious George*, *Madagascar*, *Dora the Explorer*, *Wild Kratts*, *Sing 2*, *The Lion Guard*, *The Lion King*, *Kung Fu Panda* en vele ander.

Tydens sulke geleentheid kan spontane gesprekke maklik ontstaan oor die vraag of diere werklik kan praat of nie. Dit kan selfs as aanknopingspunt dien om verdere

gesprekke te voer. Dikwels sal voorskoolse kinders relevante vrae oor hierdie onderwerp stel, aangesien twee tot drie-jarige kinders immers bekend is daarvoor dat hulle dikwels die hoekom-vraag vra. Waar kinders egter nie self sulke gesprekke aan die gang sit nie, behoort ouers en almal wat met voorskoolse Christenkinders werk, hierdie geleentheid aan te gryp om gesprekke te inisieer en aan te moedig. Vervolgens kan vrae en stellings gebruik word, soos: “Hoekom dink jy kan apies in stories praat, maar nie in die regte lewe nie? Dink jy mense het van apies af gekom, of sê die Bybel dat God mense anders as diere gemaak het? Ons weet dat God apies gemaak het en dat hulle nie mense is nie, daarom sal hulle nooit so slim soos mense kan wees nie, want God het mense baie slim gemaak om mooi na al die diere te kyk.”

Deur middel van sulke vrae en gesprekke word kinders toegerus om hulself teen ander wêreldbeskouings te verantwoord. Hierdie vorm van denke, naamlik sekulêre humanisme, het ’n wye invloed op moderne media en die opvoeding van kinders. Alhoewel min kinderprogramme of -films openlik die terme “sekulêre humanisme” of “evolusionisme” of die ontkenning van God noem, word aspekte van hierdie wêreldbeskouing dikwels op subtiële wyse daarin oorgedra. Vir Christenouers en voogde is dit nie net ’n uitdaging nie, maar ook ’n geleentheid. Aan die eenkant moet hulle krities bewus wees van hierdie invloede in gewilde kindermedia. Aan die anderkant kan hulle juis hierdie media gebruik as aanknopingspunt vir apologetiese gesprekke met hul kinders — om te wys hoe ’n mensgesentreerde verstaan van die lewe verkeerd is, en hoe ’n Godgesentreerde beskouing die werklikheid korrek verklaar.

Om hierdie rede volg daar hieronder slegs een voorbeeld vanuit *Star Wars*, waarin temas oor sekulêre humanisme se siening van verlossing voorkom, gevolg deur voorstelle vir gespreksvoering sodat ouers hulle kinders oor hierdie sake kan toerus.

6.2.3.1 *Gesprek oor menslike vermoëns teenoor Goddelike verlossing*

6.2.3.1.1 *Laerskoolvlak-vrae:*

Onthou jy toe ons *Star Wars* gekyk het? Het jy al agtergekom dat daar nooit enige iemand is wat tot God bid of van God gepraat het nie? Wie dink jy help die goeie karakters, soos Luke en sy vriende, wanneer hulle in gevaar is? Dit lyk asof hulle op hul eie krag en denke moes staat maak, nie waar nie? In die storie is daar 'n stryd tussen die ligkant en die donkerkant van die *Force*. Luke moet self besluit om goed te bly. Hoe dink jy kry Luke dit reg om heeltyd die regte besluite te neem en nie deur die donkerkant oorgeneem te word nie? Luke leer om die *Force* te gebruik soos 'n towerkrag. Dink jy die gebruik van die "*Force*" is dieselfde as om op die Heilige Gees te vertrou vir krag? Wat dink jy sal gebeur as Luke te moeg raak om sy eie gevoelens te beheer — sal hy dan nog die held kan wees?

Waarom dink jy vra Luke heeltyd vir Yoda se raad in plaas daarvan om net op homself te vertrou? Dink jy Yoda is die een wat al die kennis het oor die goeie dinge van die *Force*? Is die *Force* dan soos God en Yoda soos 'n wyse man? Is die *Force* regtig dieselfde as wat die Bybel vir ons oor God leer, as Yoda, die Jedi-meesters en die Sith-heersers die *Force* vir goed en sleg kan gebruik? Is die *Force* dieselfde as die Heilige Gees wat ons krag gee en leer om reg te doen? Wat bedoel Leia wanneer sy sê: "May the force be with you?" Hoe verskil hierdie *Force* van die krag wat ons as

kerk van die Here deur die Heilige Gees ontvang? Waarom dink jy raak mense in *Star Wars* soms moedeloos, selfs al gebruik hulle die *Force*? Is die *Force* 'n persoon, of is dit net 'n energie of krag sonder persoonlikheid en wil?

Star Wars wys vir ons 'n wêreld waar mense probeer om hulleself te red. Luke maak die hele tyd die regte keuses en word die redder omdat hy aanhou glo dat daar steeds iets goeds in sy pa, Anakin (Darth Vader), is. Aangesien hy aanhou om sy pa lief te hê, red hy sy pa se hart van die bose. Dink jy dat iemand wat self sonde doen, kan regtig iemand anders — wat baie sleg is — se hart verander, of kan net God dit doen deur sy Heilige Gees? Wil God hê ons moet met mense praat as hulle verkeerd leef, en hoe verskil dit van wat Luke doen?

6.2.3.1.2 Voorskoolvlak-vrae:

Jy hou mos baie van *Star Wars*, is dit nie so nie? Het jy gesien dat die mense in *Star Wars* nooit vir God vra om hulle te help nie? Wie dink jy help vir Luke en sy vriende teen al die slegte mense soos Darth Vader en keiser Palpatine? Dink jy een mens kan regtig dit alles self regkry, of het mense eerder vir God nodig om hulle te help om teen die bose dinge te veg? Hoe leer Luke om rustig te bly wanneer hy bang is? Is dit net Yoda se slim raad wat hom help om sy hart rustig te maak en goeie planne uit te dink? Het ons nie ook vir God nodig om vir ons te leer wat reg en verkeerd is nie?

In *Star Wars* gebruik almal die *Force* om tussen goeie en slegte dinge te kies. Kan ons die *Force* wat beide goed en sleg kan wees, werklik vertrou? Die Bybel ons leer dat God net goed is en omdat dit is wie Hy is, kan Hy nie ook sleg wees nie. Dit is

onmoontlik vir iets om terselfdertyd goed en sleg te wees. Dink byvoorbeeld aan klere: as jou klere heeltemal vuil is, kan jy nie sê dat dit ook skoon is nie, nie waar nie?

Luke en sy vriende is dapper en slim, maar dink jy hulle kan die wêreld red sonder enige hulp van God? In *Star Wars* sien ons nêrens dat God mense help nie — almal probeer alles self regkry, die verhaal vertel van die stryd tussen die goeies teen die slegtes. Dink jy dit is anders as in die regte lewe, waar ons alleen die regte ding kan doen omdat die Here vir ons sê wat is reg en Hy vir ons deur sy Heilige Gees krag gee om dit te doen — want eintlik is ons almal vol foute en sonde?

Wie is nou eintlik die verlosser in *Star Wars*? Is dit Luke, wat dit reggekry het om sy pappa se hart weer goed te maak? Of is dit Darth Vader self, wat weer besluit het om goed te wees? Kan mense sonder God besluit om gered te word? Het die *Force* ooit regtig enige krag as Darth Vader self kon besluit om weer goed te word? Kan die *Force* self besluit wat reg en verkeerd is? Is die *Force* soos God, wat altyd weet wat reg en verkeerd is?

6.2.3.1.3 Konsepantwoord en beredenering van die ouer:

Dit is belangrik om te onthou dat *Star Wars* nie 'n storie is wat oor die regte wêreld gaan nie. Alles in *Star Wars* is opgemaak en is maar net fiksie wat mense geniet om te kyk. Maar dit kan ook baie gevaarlik wees, want *Star Wars* het ook baie dinge wat ooreenstem met godsdienste wat ons in ons wêreld ken. Die wêreld wat *Star Wars* uitbeeld, het byvoorbeeld nie 'n persoonlike God wat die mens geskape het en wat ons kan en wil help nie.

Net soos in die storie van *Star Wars*, is daar ook mense in die regte lewe wat glo dat daar nie 'n God is nie en dat die mens alleen op aarde is. In die fliek sien ons nooit dat enigiemand bid of op God se krag en wysheid vertrou om hulle uit gevaar te red nie. In plaas daarvan moet die mense en die Jedi-vegters hulleself help en self sorg dat die wêreld goed bly. Tog is hulle bewus daarvan dat hulle iets of iemand nodig het wat sterker as hulleself is en gebruik dan iets wat nie bestaan nie, soos die *Force* en maak staat op hul eie kennis, slim planne en besluite om teen die bose te veg.

Dit beteken *Star Wars* se idee van verlossing om van die verkeerde dinge of van gevaar gered te word, kom van binne die mens. Hierteenoor word die Christen ook geroep om teen die verkeerde dinge te stry, maar dat dit slegs moontlik is deur die werking van die Gees wat die mens se hart en lewe nuut maak. Waar die wêreld van *Star Wars* verkondig dat elke mens self die regte dinge moet kies en sodoende ander kan red en 'n beter wêreld kan skep, berus die Christelike uitgangspunt op Goddelike leiding en krag.

'n Voorbeeld hiervan in die fliek is wanneer Luke Skywalker probeer om sy pa, Darth Vader, terug te wen van die donkerkant na die lig. As Darth Vader weer goed sou word, word geglo dat die goeie in die wêreld sal oorwin en dat die bose al hoe swakker sal word totdat dit uiteindelik sal verdwyn. Dit is veral Luke se liefde en lojaliteit wat maak dat sy pa se hart verander.

Hoewel dit ook Bybels is dat ons die bose deur liefde kan bestry, leer *Star Wars* ons verkeerdelik dat mense nie God nodig het om hul harte te verander nie, maar dat

mense mekaar net in liefde moet help tot opbou van die mensdom. Al leer die Bybel dat ons ons naaste en selfs ons vyande moet liefhê, is dit nie moontlik sonder God wat die bron van liefde is nie. Mense kan ook nie ander mense red nie. Dit is net die Heilige Gees wat ons harte en ons lewens ten goede kan verander.

In *Star Wars* lyk dit asof mense net genoeg dissipline in die regte besluite nodig het om die wêreld 'n beter plek te maak. In *Star Wars* is daar geen almagtige God wat sondaars permanent uit die kwaad kan red nie. Alle mense gaan steeds dood en die kwaad bly steeds voortbestaan, selfs al is daar iets soos die *Force* wat glo die balans tussen goed en kwaad kan hou.

Die idee dat mense hulleself en ander deur hul eie kennis, planne en goedheid kan red, lyk op die oog af aantreklik, maar ons weet dit is nie werklik die geval nie en dit verskil van wat God ons in die Bybel oor verlossing leer. Die *Star Wars*-fieke is vol van onchristelike idees. Daar is baie mense vandag wat sulke idees wil bevorder. Hierdie beweging van idees word genoem sekulêre humanisme. Dit wys na mense wat nie in God glo nie en wat glo dat die mensdom self sy eie verlossing moet bewerk en mekaar moet help sodat die mensdom beter kan word teen die slegte dinge en die dood. Eintlik glo hulle dat mense soos supermense moet word, of selfs hulle eie gode moet wees wat self besluit wat reg en verkeerd is. Hierdie beweging word baie keer die Nuwe Ateïsme genoem. Soos in die *Star Wars*-fieke glo hulle dat daar nie 'n God is wat ons kan help nie, en dat die menslike verstand, wetenskap en tegnologie genoeg is om al ons probleme op te los en onself gelukkig te maak.

In *Star Wars* sien ons ook baie tegnologie en wetenskaplike dinge, soos vinnige ruimteskepe en robotte soos R2-D2 en C-3PO, wat gebruik word om mense in hul gevegte en reddingsplanne te help. Hierdie dinge is alles uitgedink om die storie interessant te maak. Net so glo Nuwe Ateïste dat wetenskap en kennis die wêreld beter kan maak deur byvoorbeeld siekte, armoede en selfs die dood te oorwin. As gelowiges is ons nie gekant teen wetenskap en tegnologie nie; intendeel, ons glo dat God aan ons goeie talente en gawes geskenk het, waardeur ons in sy koninkryk hier op aarde 'n verskil kan maak, die kwaad kan bestry en dinge kan verbeter. Die belangrike verskil is egter dat ons glo dat hierdie goeie talente en gawes van God kom, en dat Hy ons daardeur lei en help deur sy Woord en sy Heilige Gees wat met ons is.

Hierdie mense wat nie in God glo nie, sal sê dat ons nie wetenskap en tegnologie saam met ons geloof kan gebruik nie, want hulle wil nie in God glo nie. Hulle sê dat geloof in God teen wetenskap is en nie regtig die waarheid weergee nie. Hulle is verkeerd as hulle dink dat ons God nie nodig het nie, want Hy het ons gemaak en net Hy kan ons help uit ons sonde en van die ewige dood. Hulle wil nie herken dat die wêreld en mense sonde het en dat wetenskap en menslike planne ons nie kan red nie. Omdat ons almal sonde het, kan ons onself nie red deur net goed te probeer wees nie — ons het iemand nodig wat sonder sonde is, en wat God self is, om ons te red van die sonde in ons harte en lewens.

Die wonderlike goeie nuus van die evangelie is dat God juis dit vir ons gedoen het. In plaas daarvan dat ons onself moet probeer red, soos dikwels in *Star Wars* uitgebeeld word, het God sêlf na ons toe gekom om verlossing te bewerk. Jesus Christus het as ons Verlosser na die aarde gekom. Hy, wat God is, het mens geword sodat Hy vir ons sondes kon sterf en ons van die ewige dood kon red. Anders as Luke Skywalker of enige ander menslike held in stories, is Jesus Christus sondeloos en almagtig. Hý, wat aan die kruis vir ons sondes betaal het, het ook uit die dood opgestaan. Hy het kom doen wat geen mens ooit self kon doen nie: Hy het die sonde en die ewige dood oorwin. Wanneer ons dus vra wie ons uit die donkerkant van sonde en boosheid kan red, is daar net een antwoord: net Jesus Christus alleen kan ons red.

In *Star Wars* sien ons ook dat die *Force* baie belangrik is. Dit lyk amper asof die *Force* met God of die Heilige Gees van God vergelyk word. Binne die *Star Wars*-heelal is daar, saam met die *Force*, ook 'n goeie kant en 'n slegte kant. Dit is amper soos twee kante van die *Force* wat in balans gehou moet word. In *Star Wars* lyk dit dus asof goed en kwaad vir ewig teen mekaar stry, sonder dat iemand ooit finaal kan oorwin — dit gaan maar net om 'n soeke na goeie balans. Dit kan 'n mens deurmekaar maak en laat dink dat God maar net 'n krag is wat goed en sleg in Hom het, en dat Hy die goeie en slegte moet hê om die wêreld in 'n goeie balans te hou. Maar dit is nie waar nie, want in die Christelike wêreldbeskouing is God 'n Persoon wat ons persoonlik by die naam ken, wat sy kinders innig liefhet en wat die kwaad haat. Hy is die enigste ware God, en Hy is heeltemal heilig en goed, en Hy is in beheer van alles. Die duiwel en die boosheid is nie sterker as God, asof die boosheid partykeer die oorhand kry nie. Slegs

God het al die mag en krag, en Hy het reeds al die boosheid oorwin. Hy sal dit finaal vernietig wanneer Jesus Christus weer kom.

Kyk ook in *Star Wars* na wat met mense gebeur wanneer hulle doodgaan. Onthou jy hoe Obi-Wan Kenobi of Yoda se geeste vir Luke raad gee nadat hulle gesterf het? Daar word dusvertel van *Jedi's* wat as *Force ghosts* terugkeer en amper soos geeste rondswerf om mense wat nog leef, te probeer help. Dit is egter belangrik om raak te sien dat die plek waar hulle is, nie 'n hemel is waar hulle by 'n liefdevolle God is nie. Waar hulle is, is meer soos 'n energieveld waarin hulle siele vir ewig bly voortbestaan. Die dood word dus nie regtig oorwin nie; die karakters leef eintlik net voort in 'n toestand waaruit hulle nie kan ontsnap nie.

In teenstelling hiermee beloof Jesus Christus aan ons iets oneindig beter. Hy belowe die ewige lewe by God. Omdat Jesus fisies uit die dood opgestaan het, weet ons dat die kinders van die Here ook eendag tot 'n nuwe lewe sal opstaan — nie net met hul siele nie, maar ook met verheerlikte, nuwe liggame. Dit sal saam met God wees, waar daar geen kwaad of hartseer meer sal wees nie.

So kan 'n mens sien hoe die wêreld van *Star Wars* iets anders leer as wat die Bybel oor die werklikheid bekendmaak. In *Star Wars* — soos in die idees van die Nuwe Ateïsme — moet mense uiteindelik self hulle redding teen die bose bewerk deur hul eie moed, kennis, planne en tegnologie. Daar is nie 'n persoonlike God wat intree nie. Dit kan baie maklik by ons die idee los dat jy self die held in jou lewe moet wees. Maar die Christelike geloof leer dat ons 'n Verlosser buite onself nodig het, naamlik Jesus

Christus. Ons hoop lê nie daarin dat ons perfek moet wees, of in wetenskap of enige mensgemaakte ding nie, maar in God se genade en krag.

Anders as in die *Star Wars*-storielyn, waar karakters soms moedeloos raak omdat hulle alleen teen die donker magte moet opstaan, hoef ons nooit alleen te staan nie. Jesus Christus is by ons en Hy lei ons deur sy Heilige Gees, waardeur ons staande kan bly teen die aanslae van die Bose. Eintlik kan ons sê dat *Star Wars* mense leer dat hulle hul eie “Jesus” kan wees, maar die enigste ware Held wat ons werklik kan verlos, is die Persoon, Jesus Christus. Ons moet nooit toelaat dat stories ons laat glo dat mense hulleself kan verlos nie — net God Drie-enig kan ons verlos.

Soos uit die vorige hoofstukke, asook uit die bespreking van *Star Wars* en George Lucas se sienings oor God, die skepping en geloof, gesien kan word, is daar talle ander voorbeelde van kinderfilms en -reekse wat 'n naturalistiese wêreldbeskouing handhaaf en uitbeeld. In die volgende afdelings, wat handel oor die verlossingsbeskouing van Hindoeïsme, Boeddhisme en Afrika Tradisionele Godsdiens (ATR), sal ons op ander gewilde voorbeelde van kinderfilms en/of -reekse fokus.

6.3 HINDOEÏSME¹¹⁸

Hindoeïsme is 'n baie prominente panteïstiese godsdienst en, as een van die grootste godsdienste ter wêreld, oefen dit 'n groot invloed uit op die denke van miljoene mense. Hodge and Patterson (2022b:14) skryf: “There are quite a few forms of Eastern mysticism, though Hinduism is surely the largest and most commonly seen in Western cultures”. Hierdie godsdienst is ongeveer 3500 jaar oud is. Daar bestaan nie konsensus oor die presiese ontstaan van Hindoeïsme nie. Volgens Corduan (2012:269-271) kan dit algemeen aanvaar word dat Hindoeïsme 'n samesmelting is van die godsdienstige praktyke wat die Ariërs, met hulle immigrasie en toestroming rondom 1500 v.C., onder die plaaslike bevolking van die Indusvallei ingevoer het.

Hoewel die leerstellings van Hindoeïsme in die loop van die eeue ontwikkel het en vandag aansienlik verskil van die van die eerste Hindoes, bly Hindoeïsme steeds die kollektiewe term vir hierdie geloofstelsel, veral in Indië. Hedendaags is Hindoeïsme steeds 'n baie groot godsdienst, met 'n aanhang van ongeveer 900 miljoen mense teen die begin van die 21ste eeu (Corduan, 2012:267).

Soos gemeld in die vorige bespreking oor Nuwe Ateïsme, is Hindoeïsme, as panteïstiese godsdienst, net soos die ander, deel van 'n naturalistiese

¹¹⁸Vir hierdie afdeling oor Hindoeïsme is daar in hoë mate op Corduan (2012) gesteun, aangesien hy as 'n betroubare bron beskou word en 'n bondige opsomming van Hindoeïsme bied wat geskik is vir die doel van hierdie studie. Slegs by spesifieke feite sal na bladsynommers verwys word, waar dit nodig is. Ander bronne word aanvullend gebruik en ook aangedui.

wêreldbeskouing. Die feit dat Hindoeïsme in 'n god soos *Brahman*¹¹⁹ of Krishna glo, wat klaarblyklik 'n hoër gesag as ander afgode soos ape, koeie en olifante het, kwalifiseer hierdie godsdiens nie as 'n teïstiese wêreldbeskouing nie. Intendeel, die aanbidding van *Brahman*, Krishna en die ander gode kan tereg in Jones (2015) se kategorie van Eenheidsisme ingedeel word — veral aangesien *Brahman* as “die eenheid sonder enige dualiteit” beskou word, soos hieronder in meer besonderhede bespreek word.

Wat Hindoeïsme betref, moet daar verder verstaan word dat Hindoes nie na hulleself as “Hindoes” verwys nie. Die benaming “Hindoeïsme” is deur die Westerse beskawing toegeken aan die godsdiens wat in Indië beoefen word. Hindoeïsme beteken letterlik “die geloof van Indië” (Corduan, 2012:267) en die term “Hindoe” is afgelei van die naam van die Indus-rivier, wat in Sanskrit as *Sindhu* bekend staan (Ondich, 2021). Hindoes verwys eerder na hulle geloof as die Brahmaniese godsdiens of as die Weg van Dharma¹²⁰. Dit is omdat hierdie godsdiens ontstaan het as 'n geloof wat *Brahman*

¹¹⁹Flood (1996:84) wys daarop dat die term “Brahman” in verkeie vorme en kontekste verskillende betekenisse kan hê: “The term *brahman* means the power of the ritual, apart from which there is nothing more ancient or brighter. *Brahman* is a neuter noun and it should not be confused with the masculine noun *Brahmā*, the creator god, not with *Brāhmana*, the group of texts, nor *Brahman* (*brāhmaṇa*) the highest caste, though the term is related to these other meanings”. Tensy anders vermeld, sal die term “Brahman” in hierdie navorsing hoofsaaklik as 'n sambreelterm gebruik word om na die Hindoeïstiese godheid te verwys, naamlik die eenhheid sonder dualiteit van die Hindoeïstiese god en die wêreld.

¹²⁰Vir Westerlinge, of iemand wat nie met Hindoeïsme vertrou is nie, kan die term “Dharma” misleidend wees, aangesien dit na verskillende sake kan verwys, veral omdat die term saam met Hindoeïsme ontwikkel het. Aanvanklik het “Dharma” verwys na 'n kosmiese orde wat die heelal onderhou. Later het die konsep van “Dharma” 'n etiese verpligting op die mens begin insluit. Daarbenewens het die konsep verder ontwikkel tot “Svadharmā”, wat verwys na die individu se morele pligte volgens sy sosiale klas en lewensfase (Klostermaier, 2007:32, 84).

as godheid erken, en omdat die etiese dissipline van *Dharma* nagevolg word. Hierdie *Dharma*, wat hieronder meer volledig bespreek word, is 'n kernbegrip vir die begrip van die Hindoeïstiese wêreldbeskouing. Hedendaagse Hindoes aanbid egter ook *Krishna* ('n verpersoonliking van *Brahman*) — uiteraard saam met die talle ander afgode.

Binne die groter geheel van Hindoeïsme is daar 'n enorme verskeidenheid vertakings. Volgens Corduan (2012:268) kan al hierdie vertakings in drie hooflyne van historiese ontwikkeling gekategoriseer word, naamlik die weg van werke (*Karma-marga*), wat ongeveer in 1500 v.C. ontstaan het; die weg van kennis (*Jnana-marga*), wat ongeveer in 500 v.C. ontstaan het; en die weg van toewyding (*Bhakti-marga*), wat omstreeks 200 v.C. sy ontstaan gehad het. Alhoewel hierdie strominge in verskillende tydperke ontstaan het, het hierdie strominge gelyktydig bly voortbestaan en mekaar wedersyds beïnvloed.

Om tans, volgens die regering van Indië, as 'n Hindoe gereken te word, bestaan daar geen beperkinge op 'n groep gelowiges se persoonlike geloofsoortuigings nie, mits daar aan die volgende vereistes voldoen word (Corduan, 2012:267): (1) Die *Vedas* moet as goddelik geïnspireerd en gesaghebbend beskou word; (2) die kaste-stelsel moet aanvaar word; en (3) die verering van 'n verskeidenheid gode, insluitend die beskerming van koeie, moet gerespekteer word.

In die hedendaagse tyd bestaan daar ook verskeie moderne Hindoeïstiese bewegings. Hieronder is die ISKCON (*International Society for Krishna*

Consciousness) — beter bekend as die *Hare-Krishna*-beweging wat in 1966 gestig is — besonder bekend. Hierdie beweging is in 1975 deur Srila Prabhupada na Suid Afrika gebring, en sedertdien is daar landswyd verskeie tempels opgerig wat veral fokus op die bestudering (aanhoor) van die *Bhagavad-Gita* en ander *Veda*-geskrifte (ISKCON SOUTH AFRICA; Shaivam.org). Die beweging is ook bekend vir hulle transdanse waardeur hulle Krishna vereer.

Om 'n beter begrip van hierdie natuurgodsdiens te verkry, word gesaghebbende bronne binne Hindoeïsme oorsigtelik bespreek, en 'n kort samevatting van die leerstellings en wêreldbeskouing daarvan gegee.

6.3.1 Gesaghebbende bronne in Hindoeïsme

Hindoeïsme se leerstellings spruit onder andere voort uit gesaghebbende bronne soos die *Vedas* (vanuit die *Karma-marga* beweging, van ongeveer 1500 v.C.), die *Upanishads* (vanuit die *Jnana-marga* beweging, ongeveer 500 v.C.), en die *Bhagavad-Gita* (vanuit die *Bhakti-marga* beweging, ongeveer 200 v.C.). Hierdie geskrifte word in die algemeen saam as die “Vedas” aangedui, waar die term “Veda” “kennis” beteken. Die kennis in die *Vedas* verwys na godsdienstige insig wat aanvanklik deur die Ariese godsdiens in Indië ontwikkel is en, volgens mites, direk aan heilige manne deur die god *Brahma*, geopenbaar is (Corduan, 2012:271). Sulke bronne word dikwels as Vediese bronne of literatuur aangedui.

Hierdie bronne word deur alle Hindoes erken, maar elke stroming maak gebruik van sy eie stel geskrifte. Die eerste twee strominge, naamlik die *Karma-marga* en *Jnana-*

marga, bevat bronne wat as die hoogste vorm van inspirasie beskou word en as *Shruti* geklassifiseer word, wat “dit wat gehoor is” beteken. Hierdie geskrifte is oor die eeue heen mondelings deur die heiliges van die ou tyd¹²¹ oorgedra. Van al hierdie bronne word die vier Vedas as die belangrikste beskou.

Die eerste stroming beskik ook oor 'n ander bron, die Boek van *Manu* (*Manusmriti*), wat, saam met die derde stroming (die *Bhakti-marga*) se geskrifte as *Smriti* geklassifiseer word, wat “oorgelewer” beteken, en dus as minder heilig gereken word. Opmerklik is dat die *Bhagavad-Gita*, hoewel dit as 'n minder heilige bron geklassifiseer word, een van die gewildste boeke onder Hindoes in hulle alledaagse lewe is. Hieroor skryf Klostermaier (2007:16): “There is one book, however, that virtually all Hindus know and many recite daily by heart: the *Bhagavadgītā*, the Song of the Lord. It has become a classic also in the West”, en verder: “The *Bhagavadgītā* has acquired a special position within Hinduism: it calls itself an Upaniṣad, claiming the authority of the *śruti*” (Klostermaier, 2007:50).

6.3.2 Kort samevatting van die Hindoeïstiese wêreldbeskouing¹²²

Hindoeïsme se leerstellings en wêreldbeskouing kom tot uiting in begrippe soos *Atman is Brahman* (oftewel die siel is God), *Maya* (die kosmos as illusie), *Karma* (die

¹²¹By die *Karma-marga* (ca. 1500 v.C.) is die *Shritu* (“dit wat gehoor is”) bronne die Vedas, die *Brahmanas* en die *Sutras*. By die *Jnana-marga* (ca. 500 v.C.) is die *Shruti*-bronne die *Upanishads* en die *Vedanta* (Corduan, 2012:268).

¹²²Die Hindoeïstiese wêreldbeskouing sou ook volgens Sire (2015) se agt wêreldbeskoulike vrae ingedeel en verduidelik kon word. Omdat Hindoeïsme egter soveel onbekende terme bevat vir Westerlinge en vir persone wat onbekend is met die godsdienst, sal hierdie wêreldbeskouing eerder verduidelik word aan die hand van al die relevante terme.

wet van oorsaak en gevolg), *Samsara* (wedergeboorte), *Moksha* (verlossing of verligting) en *Dharma* (goddelike orde en menslike pligte, ook bekend as *die Weg*). Terwyl elk van hierdie konsepte verder verduidelik word, moet in gedagte gehou word dat baie van hierdie begrippe nie in die vroeë Hindoeïsme voorgekom het nie. Op hierdie stelling sal eers later ingegaan word, nadat elke konsep verduidelik is en daar 'n beter begrip van die Hindoeïstiese wêreldbeskouing verkry is. Vervolgens word 'n samevattende verduideliking van die verband en betekenis van elke begrip kortliks bespreek.

Atman verwys na die mens se diepste innerlike siel, terwyl *Brahman* na Hindoeïsme se god verwys. *Brahman* is egter nie 'n transendente sowel as 'n immanente God, soos die Christelike Skepper-God, nie. *Brahman* word eerder as 'n onpersoonlike en onsterflik absolute beskou, wat as die enigste werklikheid geld, terwyl die menslike liggaam en alles op aarde as 'n illusie (*Maya*) beskou word. In latere tye het die bekende frase "*Atman is Brahman*" uit die *Bhagavad-Gita* ontstaan. Hierdie frase dra die idee oor dat die ware menslike siel of sêlf (*Atman*) een is met die onsterflike absolute (*Brahman*), en nie deel uitmaak van die wêreld van illusie (*Maya*) nie. Corduan (2012:280) beskryf die kernbeginsel van hierdie "*Atman is Brahman*"-stelling soos volg: "Thus in the farthest reaches of the soul, where the true Self resides, there is God".

Hierdie bekende stelling, "*Atman is Brahman*" (siel is god), is egter nie 'n realiteit vir mense op aarde nie, aangesien die mens op aarde deel van die illusie (*Maya*) is.

“Atman is Brahman” (siel is god) is eerder ’n doel waarna die mens moet streef en wat tot verwerkliking moet kom. Die wêreld waarin die mens leef — asook die mens self — word as ’n illusie (*Maya*) beskou en is dus verwyderd van die enigste werklikheid, naamlik *Brahman*. Letterlik alles waaraan ’n mens in hierdie wêreld kan dink — insluitend die mens self — is deel van die illusie (*Maya*), ván fisiese dinge tot gedagtes, godsdiens en alles anders wat in hierdie wêreld bestaan.

Die wêreldbeskouing van Hindoeïsme verskil drasties van die manier waarop Christene die wêreld beskou. Terwyl Christene die wêreld beskou as ’n fisiese werklikheid wat geskep is, met ’n duidelike begin en ’n definitiewe eindpunt, beskou Hindoeïsme die wêreld as ’n oneindige siklus wat homself telkens herhaal. Hierdie siklus staan bekend as *Samsara*, wat daarop dui dat die mens na die dood elke keer weer gebore word, hetsy in ’n hoër of ’n laer vorm — in ’n hoër klas weer soos ’n mens, of in ’n laer klas as ’n dier, ’n insek of iets anders. Hierdie konsep van wedergeboorte moet nie verwar word met die Christelike begrip van wedergeboorte, wat as ’n positiewe en hoopvolle gebeurtenis beskou word nie. Corduan (2012:278) skryf:

It is important to understand that in Indian thought reincarnation is a highly negative concept. It is a burden, because to live is to suffer; and having multiple lives means going through multiple lifetimes of suffering. Reincarnation does not give hope for life after death.

It is a threat of continuing misery.

Hierdie bepaling van klas in die ewige siklus van wedergeboorte (*Samsara*) hang alles af van die goeie of slegte dade wat ’n persoon tydens sy vorige lewe verrig het. Daar

moet ook daarop gelet word dat dit nie die god *Brahman* (of Krishna as die verpersoonliking van Brahman) is wat bepaal of iemand na 'n hoër of laer klas toe oorgaan nie, maar die kosmiese wet van oorsaak en gevolg, naamlik *Karma*. Goeie daade skep goeie karma, terwyl slegte daade slegte karma tot gevolg het. Wat hierdie leerstelling van *Samsara* en *Karma* so hopeloos maak, verwoord Corduan (2012:279) soos volg:

It is not possible for humans to know the specific rules entailed by karma in propelling a person along samsara. We cannot predict specifically what will happen to us in the next life. For all that anyone can know, an apparently small slip in this life may cause a thousand rebirths as a cockroach. All one can do under such circumstances is suffer passively until the negative karma has been worked off.

Dit is dus 'n wêreld vol oneindige swaarkry, sonder enige hoop om ooit uit hierdie bese siklus van wedergeboorte (*Samsara*) te kom. Dit is waar die Hindoeïstiese konsep van verlossing (*Moksha*) ter sprake kom. Die mens se uiteindelijke doel en strewe is om uit hierdie oneindige bese kringloop van wedergeboorte (*Samsara*) te kom. Dit kan slegs bereik word deur te besef dat die eie self (*Atman*) een is met enigste werklikheid (*Brahman*). Hieroor skryf Corduan (2012:279):

Thus the goal of Hinduism became finding release from samsara. Initially, under the auspices of Brahmanic religion that meant complete obedience to all of the ritual obligations, as exemplified in the Sutras and the Book of Manu. Furthermore, it meant total submission to the authority of the Brahmins, for they alone held the key to such release. The word for "release" is *moksha*, which is sometimes translated as "redemption". Keep in

mind that this redemption is not salvation in the Christian sense of reconciliation with God,
but to find some way off the wheel of samsara.

Vir 'n mens om te vorder op die pad waar die wet van oorsaak en gevolg (*Karma*) hom ten goede uit die bose siklus van wedergeboorte (*Samsara*) kan lei, moet die persoon sy goddelike pligte (*Dharma*) nakom, volgens die lewensfase waarin hy of sy is. Hierdie goddelike pligte (*Dharma*) vind oorsprong in die vier Vedas en is aanvanklik beskou as die orde van die heelal wat alles in balans hou.

Oorspronklik het hierdie goddelike pligte (*Dharma*) hoofsaaklik uit rituele en offers aan die gode, bestaan, maar het later tot 'n morele orde-stelsel (*Svadharmā*) ontwikkel wat gehandhaaf moet word ten einde verlossing (*Moksha*) te verkry. Deur die nakoming van hierdie goddelike pligte (*Dharma*), soos aan elke persoon voorgeskryf volgens hulle lewensfase en sosiale klas, kan mense na verlossing (*Moksha*) vorder, en uiteindelik uit *Samsara* bevry word.

Volgens Corduan (2012:275-277) staan hierdie sosiale klasse bekend as die kaste-stelsel (in Sanskrit staan dit bekend as *Varna*, wat letterlik “kleur” beteken). Hierdie stelsel, soos in die Boek van *Manu* (*Manusmriti*) uiteengesit, ken spesifieke rolle (*Varna*) toe aan alle Hindoes in die samelewing, gebaseer op hulle velkleur en volgens die stamme waaruit hulle gebore is.

Hierdie kaste-stelsel is nie bloot 'n sosiale struktuur nie, maar ook 'n godsdienstige stelsel wat onlosmaaklik deel vorm van die wet van oorsaak en gevolg (*Karma*) en die siklus van wedergeboorte of reïnkarnasie (*Samsara*). Die vier hoofkastes is: priesters

(*Brahmin*), krygsmanne (*Kshatriya*), handelaars (*Vaishya*) en algemene werkers (*Shudra*), en elkeen het spesifieke persoonlike pligte (*Svadharma*) wat voortvloei uit elke individu se Karma van sy vorige lewe.

Die derde vertakking, genaamd die *Bhakti-marga*, wat begrond is in die *Bhagavad-Gita*, het die goddelike pligte (*Dharma*) verder ontwikkel tot 'n meer omvattende morele orde-stelsel (*Svadharma*). Hierdie morele orde (*Svadharma*) moet gehandhaaf word om by te dra tot die uiteindelijke doel, naamlik om die siel (*Atman*) te verlos (*Moksha*) van die voortdurende siklus van wedergeboorte (*Samsara*) in die ellendige illusie (*Maya*), en om uiteindelik volkome een te wees met die goddelike werklikheid (*Brahman*).

Nou dat die Hindoeïstiese wêreldbeskouing samevattend verduidelik is, kan daar verder ingegaan word op die vroeëre stelling, naamlik dat baie van hierdie konsepte nie by die vroeë Hindoeïsme gevind is nie.

Die godsdienstige lewe van die vroeë Hindoeïsme, soos in die Vedas beskryf — se verlossingsdoel was om deur offers en rituele 'n plek in die hemel (*Svarga*) te verkry. Die idee van verlossing (*Moksha*) as 'n ontsnapping uit die wêreld, was nie 'n werklikheid waarna daar gestreef is nie. Eers toe die konsepte van wedergeboorte of reïnkarnasie (*Samsara*) en die wet van oorsaak en gevolg (*Karma*) ontwikkel het, en later in die *Upanisads* geformuleer is (Flood, 1996:85-86), het die idee van verlossing (*Moksha*) uit hierdie kosmiese illusie (*Maya*) sy plek vind. Hierdie konsepte van

Samsara, *Karma* en *Moksha* dien dus as 'n verklaring vir waarom die mens nie sy identiteit as "siel is god" (*Atman* is *Braham*) hier op aarde ten volle kan verwerklik nie.

6.3.3 Moderne Hindoeïsme se verlossingsleer

Alhoewel die verlossingsleer reeds samevattend bespreek is, is die verlossingsleer van die hedendaagse Hindoeïsme meer omvattend. Saam met die historiese ontwikkeling van Hindoeïsme het ook die verlossingsleer 'n beduidende ontwikkeling ondergaan. Soos reeds beskryf, was die aanvanklike betekenis van die goddelike orde (*Dharma*) die ewige, normatiewe kosmiese orde waarvolgens alle mense hul pligte moes verstaan en uitleef (Flood, 1996:57-58). Hierdie verstaan van goddelike orde (*Dharma*) het gepaard gegaan met voorskrifte van kosmiese rituele en offers wat aan die gode gebring moes word. Hierdie voorskrifte is hoofsaaklik afkomstig uit die Rig-Veda, een van die vier Vedas, en vorm die basis van die eerste vertakking van Hindoeïsme, naamlik die weg van werke (*Karma-marga*), wat ongeveer in 1500 v.C. ontstaan het. In sowat 500 v.C. het daar 'n tweede vertakking ontstaan, naamlik die weg van kennis (*Jnana-marga*).

Omstreeks 200 v.C. het daar 'n derde vertakking ontstaan, wat bekend staan as die weg van toewyding (*Bhakti-marga*). Hieruit het die *Bhagavad-Gita* voortgespruit, wat as 'n gesaghebbende bron beskou word en by hedendaagse Hindoes besondere aansien geniet. Hierdie ontwikkeling van die *Bhakti-marga* groepering binne Hindoeïsme het in die suide van Indië onder die Tamil-bevolking ontstaan as 'n afwyking van die ortodokse Vediese tradisies, spesifiek om 'n eenvoudiger en meer

toeganklike weg tot verlossing (*Moksha*) te bied. Waar die eerste beweging verkondig het dat verlossing (*Moksha*) slegs deur die weg van werke (*Karma-marga*) bekombaar is, en die tweede beweging verkondig het dat verlossing (*Moksha*) deur die weg van kennis (*Jnana-marga*) verkry kan word, stel die derde groep 'n moontlikheid van verlossing deur die weg van toewyding (*Bhakti-marga*) voor. Hierdie ontwikkeling verteenwoordig 'n kernpunt in die verstaan van die verlossingsleer volgens hedendaagse Hindoeïsme.

Hierdie beskouing van verlossing (*Moksha*) het daartoe gelei dat die konsepte van kosmiese orde en menslike plig (*Dharma*) verder ontwikkel het tot elke individu se spesifieke pligte (*Svadharma*) binne die bepaalde kaste-stelsel (*Varna*) en lewensfase (*āśrama*), soos reeds hierbo verduidelik. Die individuele pligte (*Svadharma*) het dus 'n morele kode van gedrag wat aan elke individu opgelê word op grond van hulle kaste-afkoms en sosiale funksie in die samelewing. Wat die verlossingsleer van die hedendaagse Hindoeïsme betref, vorm hierdie individuele pligte die primêre wyse waarop 'n mens goeie *Karma* (die wet van oorsaak en gevolg) kan opbou, en sodoende die kans verhoog om uiteindelik verlossing (*Moksha*) te bereik.

Hierdie konsepte word afgelei uit die *Bhagavad-Gita*. Op grond van die *Bhagavad-Gita*, wat handel oor 'n gesprek tussen Krishna (die verpersoonliking van *Brahman*) en 'n krygsman genaamd Arjuna, kom Bhakti-Hindoeïsme tot die gevolgtrekking dat verlossing (*Moksha*) 'n baie persoonlike en liefdevolle wedersydse toewyding tussen 'n godheid en 'n mens behels. In hierdie gesprek in die *Bhagavad-Gita* moedig Krishna

vir Arjuna aan om sy kaste-pligte (*Svadharma*) as krygsman in die oorlog na te kom, sonder om hom te steur aan die uitkoms of die pyn wat dit moontlik meebring (waaronder die dood van sy familielede), terwyl hy vir sy ewige verlossing aan Krishna moet bly vashou. Aan die einde van hierdie gesprek wat in die *Bhagavad-Gita* plaasvind, openbaar Krishna homself in al sy heerlijkheid as die god Vishnu (Corduan, 2012:281-282).

Soos reeds genoem, is dit belangrik om die ontwikkeling van die konsep van verlossing binne die Hindoeïstiese godsdiens behoorlik te verstaan. Die oorgrote meerderheid moderne Hindoes werk nie meer primêr vanuit die verwysing van die “siel is god” (*Atman is Brahman*) nie, maar volg eerder die weg van toewyding (*Bhakti-marga*). Vir die meeste kontemporêre Hindoes lê verlossing (*Moksha*) dus in die toewyding aan ’n bepaalde god of godin, soos Vishnu, Shiva of Shakti.

Hierdie beskouing van verlossing, wat die klem plaas op ’n liefdevolle en wedersydse verhouding tussen ’n god en ’n mens, vertoon op die oppervlak ooreenkomstig aan die Christelike leerstelling oor verlossing. ’n Vergelyking van hierdie aard kan egter misleidend wees en moontlik by Christene en Christenkinders die verkeerde indruk skep dat Hindoeïsme wesenlik dieselfde as die Christelike geloof is, met slegs verskillende gebruike en rituele. Hierdie siening kan tot sinkretisme lei. In wese verskil Hindoeïsme egter van die Christelike wêreldbeskouing, aangesien Hindoeïsme ’n panteïstiese en naturalistiese wêreldbeskouing huldig. Daarteenoor is die Christelike wêreldbeskouing teïsties, en word daar geglo aan ’n persoonlike verhouding tussen

die mens en God Drie-enig op grond van Jesus Christus se verlossingswerk — nie op grond van mens se toewyding aan God nie, soos in Bhakti-Hindoeïsme nie.

6.3.4 Vishnu en sy tien mees algemene avatars

Soos reeds vermeld, vorm die aanbidding van en toewyding aan Vishnu die kern van Bhakti-Hindoeïsme. Hierdie vertakking van Bhakti-Hindoeïsme staan bekend as Vaishnavisme, en is slegs een van drie moontlikhede van gode wat aanbid kan word; die ander twee vertakkinge van Bhakti-Hindoeïsme is Shaivisme (die aanbidding van die god Shiva) en Shaktisme (aanbidding van die godin Shakti). Hierdie drie gode vorm die sogenaamde drie-eenheid, oftewel Trimurti, van gode binne Bhakti-Hindoeïsme.

Dit is belangrik om daarop te let dat Vishnu in die Vaishnavisme-tradisie as die bewaarder van kosmiese orde (*dharma*) beskou word. Vishnu word soms ook “Ram” of “Krishna” genoem (Corduan, 2012:284).

Net so belangrik vir hierdie studie is die idee dat Vishnu, volgens Vaishnavisme, aardse manifestasies het, wat as “*avatars*” bekend staan. Die term, “*avatar*” beteken letterlik “afkoms”. Volgens die leer van Vaishnavisme daal Vishnu gereeld na die aarde neer as vleesgeworde wese in die vorm van ’n avatar ten tye van kosmiese wanorde, om die kosmiese orde (*dharma*) te herstel (Bhagavad-Gita, s.a.:chapter 4; vgl. Corduan, 2012:284-285; The Rāmāyana, 1894:section VIII). Sy volgelinge, die Vaishnaviete, streef dus nie slegs na verlossing deur liefdevolle toewyding (*bhakti*) aan Vishnu nie, maar ook deur toewyding aan een van sy aardse inkarnasies

(*avatars*). Hieronder volg 'n lys met kort beskrywings van die tien mees algemeen erkende avatars van Vishnu (Corduan, 2012:285-289):

1. Matsya die vis. Hy red die wêreld teen 'n kosmiese vloed deur aan Manu te verskyn en hom te beveel om 'n skip te bou. Hoewel hierdie verhaal nie heeltemal met die Bybelse verhaal van Noag ooreenstem nie, is daar tog sprake van 'n wêreldvloed.
2. Kurma die skilpad. Daar is 'n nektar van onsterflikheid wat opgelos het in die kosmiese oseaan van melk. Beide goeie gode en bose here (*lords*) poog om hierdie nektar te ontgin deur die oseaan met behulp van 'n berg te roer, sodat die nektar van die vloeistof geskei kan word. Hulle slaag egter nie daarin nie, totdat die avatar Kurma, in die vorm van 'n skilpad, die berg op sy rug laat rus sodat dit kan kantel en sodoende in staat stel om die oseaan te roer.
3. Varaha die wilde vark. Nadat die demoon Hiranyaksha die hele wêreld onder die waters gedompel het, verskyn Vishnu as Varaha, die wilde vark, om met sy tande die aarde te red deur dit uit die water te lig.
4. Narasimha die mens-leeu. Hy oorwin die bose demoon Hiranyakashipu, wat hom vir Vishnu wou doodmaak. Omdat Hiranyakashipu sober geleef het, het Brahman aan hom die krag van onkwesbaarheid verleen. Vishnu neem daarom die vorm van 'n mens-leeu aan om Hiranyakashipu te oorwin.

5. Vamana die dwerg. Bali, die koning van die asuras, verower die heelal, wat drie vlakke insluit, naamlik die aarde, die hemel en die onderwêreld. Alhoewel hy regverdig volgens Vediese rituele leef, is die gode ontevrede hiermee omdat asura volgens die dharma nie oor die heelal mag regeer nie. Die gode vra toe vir Vishnu om Bali in die gedaante van 'n dwerg te nader en te versoek of hy soveel landgoed mag neem as wat hy in drie tree kan trap. Nadat Bali toestem, gee Vamana, die dwerg, drie reuse tree — een regdeur die aarde, een regdeur die hemel, en die laaste regdeur die onderwêreld. Op hierdie wyse herwin Vishnu die ganse heelal namens die gode.

6. Parashurama — Rama met 'n byl. Rama ontvang 'n byl as geskenk van Shiva, waarmee hy elke manlike lid van die Kshatriya-kaste moes uitwis om sodoende die Brahman-orde teenoor hierdie krygsman-kaste te herstel.

7. Rama (Ramachandra), die ideale koning. Rama is die regmatige koning van Ayodhya, maar hy word genoodsaak om vir veertien jaar as boskluisenaar te leef. Gedurende hierdie tyd ontvoer die demoon-koning Ravana vir Rama se vrou, Sita. Met die hulp van baie gode, maar veral die magtige apie Hanuman, kon Rama vir Ravana oorwin en sy vrou terugkry. Ramayana word beskou as die ideale koning en as voorbeeld van regverdigheid; sy goddelike genade en redding deur toewyding alleen, word deur die Bhakti-tradisie beklemtoon. Daar is terloops twee skole binne die leer van Rama se verlossing, naamlik die “apie-skool” en die “kat-skool”. Die apie-skool beklemtoon dat gelowiges, soos 'n apie

aan sy ma vashou, moet vashou aan Rama. Die kat-skool beklemtoon aan die anderkant dat, soos wat 'n kat-moeder haar kleintjies rondra en versorg, verlossing uitsluitlik die werk van Rama is en die gelowige slegs sy genade moet aanvaar. Al klink dit byna soos die Christelike verlossingsleer, is die twee nie versoenbaar nie, aangesien 'n heeltemal ander konsep van verlossing gehuldig word.

8. Krishna met sy liefde vir 'n minnaar. Krishna, die gewildste avatar, manifesteer hom in twee persoonlikhede. Aan die eenkant is hy die een wat die wysheid van die *Bhagavad-Gita* openbaar het. Aan die anderkant, alhoewel hy sewe vrouens gehad het, het hy hom verheug in onbeteuelde seksuele toegeeflikheid teenoor melkmeisies (herdersmeisies wat koeie melk en botter maak). Sy grootste liefde is egter vir Radha, 'n vrou wat reeds met 'n ander man getroud is. Krishna verkondig dat verlossing gevind word deur onderdanigheid en totale toegewyde aanbidding aan hom. Dit is ook uit hierdie godsdienstige tradisie waaruit die Hare Krishna-beweging (ISKCON) ontstaan het.
9. Buddha, die stigter van Boeddhisme. Met die opkoms van Boeddhisme en die mededinging wat dit vir Hindoeïsme ingehou het, het Hindoe-Brahmane Boeddha as 'n avatar geïnkorporeer in 'n poging om Boeddha se invloed te neutraliseer. Volgens hierdie tradisie het hierdie avatar valse leerstellings verkondig om mense uiteindelik terug te roep na die ware dharma.

10. Kalki, die een wat nog moet kom. Kalki is die toekomstige, messiaanse avatar wat op 'n wit perd sal verskyn om, deur 'n apokaliptiese oorlog, die god van die dood (*Yama*) te oorwin. Hy sal vir 'n kort tydperk in waarheid en geluk regeer, waarna die heelal vernietig en herskep word.

Al hierdie avatars het dus ten doel om aan te dui hoe Vishnu die herstel van die kosmiese orde (*Dharma*) bewerkstellig en hoe toewyding aan hom alleen ware verlossing (*Moksha*) uit die ewige en ellendige siklus van wedergeboorte of reïnkarnasie (*Samsara*) moontlik maak. Tog bly dit 'n feit dat, ongeag hoe toegewyd 'n mens aan Vishnu is, daar geen sekerheid oor ware verlossing uit reïnkarnasie bestaan nie.

6.3.5 Hindoeïsme se invloed op hedendaagse denke

Baie van die Hindoeïstiese konsepte het die Westerse wêreld en denke geïnfiltreer deur, onder andere media, kultuur, literatuur en selfs sielkunde en opvoedkunde, insluitende selfhelp- en ontspanningstegnieke. Dit sluit konsepte in soos goeie en slegte karma, reïnkarnasie (*Samsara*), verlossing of leegmaak (*Moksha*) van die innerlike self (*Atman*) en van wêreldse dinge (*Maya*), pligte (*Dharma*), avatars en ander.

Hierdie invloede raak ouers en volwassenes wat met jong kinders werk. Dit kan 'n beduidende invloed hê op hoe Christene hierdie kinders onderrig. Volwassenes word dikwels deur hedendaagse sielkunde en ontspanningstegnieke soos meditasie beïnvloed, met die idee dat die innerlike self oorwin moet word of dat 'n mens jou

gedagtes moet leeg maak om vrede en balans te vind (sien byvoorbeeld Headspace, Calm en vele ander).

Hierdie tipe advies en programme word dikwels vanuit 'n sekulêre humanistiese perspektief, sonder enige godsdienstig konnotasie, aangebied en dra sodoende die ideologie van Hindoeïsme oor na Westerse denke. Hierteenoor leer die Bybel die teenoorgestelde, naamlik dat Christene deur geloof gevul moet word met die Woord van God en met die Heilige Gees.

Hierdie invloede het nie net die vermoë om slegs die denke en leefwyses van volwassenes aan te pas nie, maar het ook die potensiaal om kinders te beïnvloed. Boonop word kinders al meer blootgestel aan Hindoeïsme deur media, films, stories en meer. Dit alles kan 'n invloed hê op Christen-kindere se denke en kan 'n negatiewe uitwerking op die vorming van hul Christelike wêreldbeskouing hê.

Om hierdie invloed van Hindoeïstiese konsepte in die samelewing te illustreer, volg hieronder 'n kort bespreking van enkele voorbeelde uit media (nie in enige spesifieke volgorde nie). Hieruit word enkele apologetiese raakpunte gebied vir volwassenes en ouers om Christenkinders in 'n Bybelse wêreldbeskouing te versterk. Hoewel in hierdie afdeling slegs *Avatar* (2009, 2022) en *Moana* (2016) bespreek word, is *Star Wars* (1977-2019), wat by Nuwe Ateïsme en *Kung Fu Panda* (2008-2016) wat by Boeddhisme bespreek is, ook van toepassing.

6.3.5.1 *Avatar* (2009, 2022)

Die *Avatar*-films handel oor 'n projek wat deur 'n wêreldse instansie uitgevoer word om hulpbronne op 'n ander planeet genaamd Pandora, te ontgin. Hierdie projek, wat in samewerking met 'n wêreldse militêre mag uitgevoer word, lei baie vinnig tot groot konflik met die inheemse volke van Pandora, bekend as die Na'vi.

Die eerste film *Avatar* (2009), volg die verhaal van Jake Sully, 'n rolstoelgebonde, voormalige soldaat wat die geleentheid kry om sy oorlede broer se plek in te neem en leiding te neem in die uitvoering van hierdie projek. Dit behels dat hy sy broer se avatar-liggaam oorneem, waardeur hy op die planeet Pandora kan leef en beweeg. Hierdie avatar-liggaam is 'n werklike liggaam op Pandora, saamgestel uit 'n kombinasie van die Na'vi se DNS en tegnologie. Deur in 'n masjien te lê vanuit 'n opgestelde basis op die planeet Pandora, kan Jake se gedagtes en bewustheid oorgedra word na hierdie liggaam, wat as gasheer vir sy persoonlikheid dien. Op hierdie wyse word Jake deur hierdie maatskappy gestuur om inligting in te samel oor die Na'vi en hulle interaksie met die planeet.

Soos Jake al meer betrokke raak by die Na'vi — veral deur sy liefdesverhouding met die prinses en jagter, Neytiri — begin hy besef dat die Na'vi-bevolking baie nou met die planeet verbind is en dat alle lewe een is met die natuur. Deur hierdie besef verskuif Jake se lojaliteit weg van die mensdom se vernietigende uitwerking op die natuur, na 'n oortuiging dat 'n lewe op hierdie planeet innerlike vrede en harmonie bring. Op grond hiervan besluit Jake om deel te word van die Na'vi en hulle te help

om Pandora se ekologie teen menslike indringing te beskerm. Jake tree ook in 'n soort huwelik met Neytiri en word 'n prominente leier onder die Na'vi.

Saam slaag hulle daarin om die mensdom teen te staan in 'n poging om die Avatar-projek te stuit. Al hierdie pogings om die menslike projek te keer, blyk egter onsuksesvol te wees en lei tot verdere konflik en oorlog, met die gevolg dat die mensdom se militêre mag die Na'vi bevolking se tuiste — 'n massiewe boom waarin hulle een met die planeet kan wees — totaal vernietig. Die film eindig waar Jake deur die Na'vi-bevolking se heilige boom (die boom van siele) en die panteïstiese natuurkrag, bekend as Eywa, 'n permanente Na'vi-liggaam aanneem en sy menslike liggaam en lewe afstaan.

Alhoewel die begrip “avatar” in die film nie 'n direkte verwysing is na die Hindoeïstiese konsep van 'n avatar nie, is daar tog ooreenkomste. Boonop versterk Jake se transformasie die idee van Hindoeïstiese reïnkarnasie (*Samsara*) waarin hy as't ware weergebore word en groei tot verlossing (*Moksha*). Deur middel van Jake se transformasie word hy bevry van sy aardse bestaan vol verdriet, waarin hy in elk geval permanent verlam aan sy bene was. Hy verkry as't ware verlossing uit die bestaande wêreld deurdat hy in 'n geheel nuwe werklikheid sy geestelike reis tot volkome vrede kan voortsit. Sy nuwe avatar — en uiteindelik permanente Na'vi-liggaam — versterk duidelik die Hindoeïstiese idee van die siel as 'n transendente entiteit wat uiteindelik volkome bevry kan word.

Die tweede film, *Avatar: The Way of Water* (2022), gaan voort met die verhaal en begin waar Jake en Neytiri 'n gesin begin het en weer 'n lewe in Pandora opgebou het. Die mensdom se drang en soeke na die waardevolle hulpbronne op Pandora duur voort, wat dit noodsaak dat Jake en sy Na'vi-stam moet vlug en 'n nuwe lewe moet vestig by die Na'vi-stam wat by die water woon. Die plot van hierdie film stem in beginsel ooreen met dié van die eerste film: die konflik eskaleer weereens tot 'n oorlog tussen die Na'vi en die mensdom, maar die Na'vi-stamme slaag daarin om die menslike indringers te oorwin.

In beide hierdie films word die planeet Pandora voorgestel as 'n goddelike krag waarin alle lewe deel is van 'n natuurgeoriënteerde geestelikheid, wat sterk Hindoeïstiese elemente weerspieël. Die Eywa-godin, wat dikwels as "*Mother Eywa*" aangeroop word, is in beheer van die ekosisteem en funksioneer as die allesomvattende goddelike teenwoordigheid wat deur alles heen werksaam is, soortgelyk aan die Hindoeïstiese konsep van Brahman. Alle lewe op die planeet word beskou as deel van Eywa, sodat die planeet sêlf as heilig beskou word. Dit herinner sterk aan die panteïstiese konsep van Hindoeïsme. Daarbenewens kan die Na'vi-mense op die planeet, deur hulle sterte fisies met lewende wesens in die natuur verbind — soos met die heilige boom van siele — op 'n misterieuse en harmonieuse wyse kontak maak met Eywa. Hierdie verbinding stel hulle in staat om ook met ander lewende wesens, soos diere, in kontak te tree, sodat hulle as't ware een word met die dier en met die planeet self.

In beide films is daar 'n derdepersoonverteller wat tipiese Hindoeïstiese boodskappe aan kykers oordra. Hieronder volg enkele aanhalings uit die tweede film:

The people say we live in Eywa and Eywa lives in us; the Great Mother holds all her children in her heart ... Thank you, Big Mother, thank you ... What does the Great Mother want from me? ... Oh Great Mother, oh Great Mother, help us ... They don't care about the great balance ... The people say that all energy is only borrowed, and one day you have to give it back. Eywa holds all her children in her heart, nothing is ever lost ... Your son lies with our ancestors.

Nog 'n aanhaling verwoord spesifiek die Hindoeïstiese (en panteïstiese) konsep van mense wat, soos waterdruppels, deel is van die groot oseaan:

The way of water has no beginning and no end. The sea is around you and in you. The sea is your home before your birth and after your death. Our hearts beat in the womb of the world. Our breath burns in the shadows of the deep. The sea gives and the sea takes. Water connects all things, life to death, darkness to light.

6.3.5.2 Moana (2016)

Die Disney-animasierolprent *Moana* (2016) beeld die inheemse lewe van die Maori op 'n eiland in Nieu-Seeland uit (Santhosh and Nair, 2021). Dit vertel die verhaal van 'n jong Polinesiese prinses genaamd Moana Waialiki. Sy is die dogter van stamhoof Tui, wat op die Motunui eiland woon en deur die animistiese oseaan geroep word om haar eiland te red nadat dit deur 'n vloek getref is. Die wêreld waarbinne die verhaal afspeel, is geskep deur 'n natuurgodin met die naam van Te Fiti, wat later deur 'n demi-god

genaamd Maui verwoes word nadat hy Te Fiti se hart (wat 'n klippie is) gesteel het om aan mense spesiale skeppingskragte te gee.

Ná hierdie gebeure neem die wrede, vulkaniese, monsteragtige godin Te Ka, wat in werklikheid Te Fiti self is nadat haar hart gesteel is, wraak op Maui. Tydens hierdie wraakaksie verloor Maui beide sy kragte sowel as Te Fiti se hart. Nadat Moana se ouma aan haar die hart van Te Fiti oorhandig het, voel Moana geroepe om Maui op te soek sodat hulle saam Te Ka kan beveg en Te Fiti se hart kan teruggee. Nadat hulle Te Ka oorwin het, en Te Fiti se hart teruggegee en herstel het, herstel Te Fiti uiteindelik die oseaan.

Die film stel 'n panteïstiese wêreldbeskouing voor wat ooreenstem met sentrale konsepte van Oosterse godsdienste soos Hindoeïsme en Oosterse spiritualiteit. Een van die duidelikste elemente in die film *Moana* is die panteïstiese voorstelling van die natuur. Die see word as lewend voorgestel, beskik oor 'n eie persoonlikheid en wil, en kommunikeer hierdie wil aan Moana. Selfs die sogenaamde gode wat in die verhaal voorkom, verteenwoordig 'n panteïstiese en Hindoeïstiese opvatting van godheid. Die lawa-demon Te Ka is 'n variasie van die aardgodin Te Fiti, wat haar ware vorm verloor het. Hierdie vloeibare en veranderlike voorstelling van 'n godheid, wat as verskillende gode manifesteer, stem ooreen met Hindoeïstiese idees, byvoorbeeld dat Krishna ook die god Vishnu is. Dit hou verband met die siening dat daar 'n veelheid van gode of avatars is.

In die film *Moana* word die idee van “*Atman is Braham*” subtiel uitgebeeld deur middel van die sogenaamde konsep van ’n innerlike roeping. Die hoofkarakter, Moana, glo dat sy haar identiteit kan ontdek en haar lewensdoel bereik, en sodoende die kosmiese gode tevrede kan stel — ’n uitgangspunt wat sterk parallelle toon met die Hindoeïstiese konsep van goddelike pligte (*Dharma*). Binne hierdie raamwerk funksioneer Moana as ’n goddelike siel (*Atman*) wat uiteindelik een is met die hoogste werklikheid (*Brahman*).

Moana se worsteling met haar identiteit, plek en doel in die wêreld stem verder ooreen met die Hindoeïstiese konsep van ’n morele orde-stelsel (*Svadharma*). Dit word ook weerspieël in die boodskap wat Krishna in die *Bhagavad-Gita* aan Arjuna oordra, naamlik dat Arjuna sy kaste-pligte (*Svadharma*) as krygsman in die oorlog moet nakom, sonder om hom te bekommer oor die uitkoms of die pyn wat dit moontlik kan veroorsaak. Alhoewel die film *Moana* hierdie konsep op ’n sekulêre wyse aanbied, lê die klem steeds op die individu se eenheid en deelname aan die goddelike kosmiese orde.

Deur al hierdie raakpunte bied die film *Moana* ’n Hindoeïstiese konsep van verlossing (*Moksha*), deurdat Moana deelneem aan die herstel van kosmiese balans en goddelike orde in teenstelling met die wanorde en lyding in die wêreld. Die film maak geen direkte of eksplisiete uitsprake oor die Hindoeïstiese konsep van wedergeboorte of reïnkarnasie (*Samsara*) nie, maar kan wel by kinders die indruk skep dat redding

en herstel van die siel deur innerlike selfontdekking en balans verkry kan word, eerder as deur geloof in 'n persoonlike Verlosser.

6.3.6 Apologeties-begeleidende gesprekke met kinders oor Hindoeïsme

Dit is uiters belangrik dat enige gesprek met 'n Hindoe gevoer word met die besef dat Hindoes 'n heeltemal ander beskouing van die wêreld en die werklikheid het as Christene. Daarom, indien 'n Christen by so 'n persoon se dwalinge wil deurdring, moet die Christen toegerus en bereid wees om te begryp hoe Hindoes die wêreld en werklikheid beskou.

Vir kinders behels dit dat hulle ten minste vertrouwd behoort te wees met die basiese beginsels van Hindoeïsme, sowel as met dié van die evangelie, veral ten opsigte van sake soos skepping, sondeval, verlossing, en verheerliking. Daarom is dit belangrik (soos reeds in vorige hoofstukke beklemtoon is) dat Christenkinders van kleins af in die Bybel onderrig word. Dit is egter nie voldoende om slegs kennis van Bybelse waarhede op te doen nie; die evangelie-boodskap moet ook toegepas word in die daaglikse lewe. Bybelkennis is dus noodsaaklik, maar dit is ewe belangrik dat ouers vir hulle kinders spesifieke vrae stel en toepassings maak.

Voorskoolse kinders hoef byvoorbeeld nie eksplisiet bewus te wees van terme soos skeppingsteorieë of van diepgaande en dogmatiese aspekte van uitverkiesing en sondeval nie. Hulle hoef nie noodwendig hierdie ingewikkelde begrippe en teorieë aan te leer nie, maar kan wel komplekse konsepte op eenvoudige wyse begryp deur middel van vrae en begeleidende gesprekke. Voorskoolse kinders hoef byvoorbeeld

nie terme uit Hindoeïsme soos *Atman* is *Braham*, *Samsara*, *reïnkarnasie*, *Moksha* en ander noodwendig te ken om hierdie konsepte of groot teorieë as onwaar te kan identifiseer nie. Om hierdie en ander konsepte aan te spreek, kan eenvoudige vrae en ingeligte gesprekke gevoer word, en kan daar met voldoende toerusting, leiding gegee word.

Tydens sulke geleenthede kan spontane gesprek maklik ontstaan, wat selfs as aanknopingspunte kan dien om verdere gesprek te voer. Voorskoolse kinders bring dikwels relevante vrae na vore. Kinders van twee tot drie jaar is immers bekend daarvoor dat hulle gereeld vrae vra, veral die bekende hoekom-vraag. Waar kinders egter nie self sulke gesprekke begin nie, behoort ouers en elkeen wat met voorskoolse Christenkinders werk, hierdie geleenthede te benut om gesprekke te inisieer en aan te moedig.

Deur middel van sulke tipe vrae en gesprekke word kinders toegerus om hulle teenoor ander wêreldbeskouings te kan verantwoord. Hierdie tipe denke, soos naturalisme, het 'n wye invloed op die moderne media en die opvoeding van kinders. Selfs al verwys min kinderprogramme of -rolprente openlik na die godsdiens van Hindoeïsme, word aspekte van hierdie wêreldbeskouing dikwels daardeur oorgedra. Dit bied aan Christenouers en voogde beide 'n uitdaging asook 'n geleentheid. Aan die eenkant moet hulle krities bewus wees van hierdie invloede in gewilde kindermedia. Aan die anderkant kan hulle hierdie media gebruik as aanknopingspunte vir apologetiese gesprekke met hulle kinders, spesifiek om aan te toon hoe 'n mens- of

kosmosgesentreerde siening van die lewe verkeerd is en hoe 'n Godgesentreerde beskouing die werklikheid korrek verklaar. Gevolglik volg daar hieronder voorstelle vir gespreksvoering wat ouers kan help om kinders ten opsigte van hierdie sake toe te rus.

6.3.6.1 Gesprek oor Hindoeïsme se verlossingsleer

6.3.6.1.1 Laerskoolvlak gesprek:

Onthou jy in die flik *Avatar* wat ons saam gekyk het? Aan die einde van die flik het Jake Sully nooit weer teruggekeer na sy menslike liggaam nie, maar het vir altyd verander om in 'n Na'vi-liggaam te bly? Waarom dink jy wou Jake in daardie nuwe liggaam bly? Dit was natuurlik vir hom moeilik om aan 'n rolstoel gekluister te wees, en die tipe lewe op Pandora was baie beter vir hom — daar kon hy weer loop, sterk wees en doen wat hy graag wil doen. Dit is amper soos 'n nuwe lewe wat hy in 'n nuwe wêreld ontvang het. In ons wêreld is daar mense wat glo dat, nadat jy doodgaan, jy weer gebore kan word op hierdie aarde, maar in 'n ander liggaam of selfs as 'n dier. Hulle noem dit reïnkarnasie. Het jy al van so iets gehoor? Dit is veral die Hindoe-geloof, wat veral in Indië is, waar hierdie siening voorkom — maar ook die Boeddhistes glo so.

In Hindoeïsme glo mense dat hulle lewe deel is van 'n siklus waar hulle heeltyd moet sterf en weer gebore word, totdat hulle uiteindelik uit die slegte wêreld kan wegkom. Hierdie siklus van al die kere wat hulle weer gebore word, noem hulle *Samsara*. Hulle glo dat wanneer hulle goeie lewens lei en die regte dinge doen, dan sal hulle vrygestel word van al die swaarkry hier op aarde. Hierdie bevryding uit die kringloop van

swaarkry, noem hulle *Moksha*. Wanneer 'n mens dit kan regkry om *Moksha* te bereik, glo die Hindoes dat hulle siel met die Godheid van die aarde kan saamsmelt. 'n Mens kan dit vergelyk met 'n druppel water wat terugval in die groot oseaan van godheid, dan is die druppel regtig deel van die groot oseaan. Dit is hoe Hindoes dink oor 'n persoon se siel en oor 'n godheid — uiteindelik word alles een. Lyk dit vir jou asof so iets met Jake Sully gebeur het? Hy kon dit ook regkry om los te kom van die wêreld se pyn en ellende, en nou kan hy gelukkig lewe in 'n nuwe liggaam en een met Eywa en die natuur word?

Gepraat van Eywa. Dink jy daar is werklik iets soos 'n natuurgod wat een is met die aarde en dat alle dinge deel is van die godheid? Kan plante en diere deel wees van God? Het jy gesien hoe die Na'vi-mense met Eywa, wat hulle die "*Great Mother*" noem, in verbinding kan tree? Die Na'vi-mense gebruik hulle sterte om met die heilige boom te verbind, sodat hulle regtig een met Eywa kan word. Dink jy dat die God wat die hemel en aarde geskep het, deel van die wêreld is, of is Hy anders as die wêreld? Kan ons een met God wees net omdat ons baie naby aan die natuur leef? Is hierdie heilige boom dieselfde as die brandende bos waar God aan Moses verskyn het, en hoekom nie? Eywa word uitgebeeld as 'n tipe krag wat in alle dinge op aarde teenwoordig is. Dit is amper dieselfde as in die fliek *Star Wars*, waar daar ook van so tipe krag, soos die *Force*, gepraat word. In Hindoeïsme noem hulle hierdie godheid *Brahman*. Hierdie godheid is nie 'n persoonlike god nie, maar 'n krag wat deel is van alles en waardeur alles deel van die godheid word, soos die druppel water in die oseaan waaroor ons netnou gepraat het.

Terwyl ons nou van oseane praat, onthou jy in die fliek *Moana* wat ons gekyk het, het die oseaan ook met Moana gepraat? Hierdie fliek het ook sulke Hindoeïstiese dinge in. Dink jy regtig dat 'n oseaan met 'n mens kan praat en jou kan roep om belangrike werk vir die aarde en vir die voortbestaan van die mense, te doen? Kan oseane regtig lewe, en kan dit deel wees van 'n godheid? Ons glo dat God alomteenwoordig is, maar beteken dit waar God is, is alles rondom God ook God?

Ons sien in *Avatar* dat Jake Sully nodig is om Pandora te red. Hy moet saamwerk met Eywa en die natuur om Pandora en die Na'vi-mense te red. Hiervoor gee Eywa aan hom 'n nuwe lewe in 'n Na'vi-liggaam. Dink jy dat ons die wêreld en die mensdom kan red deur ons eie planne, soos Jake Sully en Moana, wat na die natuur-gode geluister het? In hierdie flieks sien ons nêrens dat die mens sondig is, en self gered moet word, en dat mense nie hulle eie verlossers kan wees nie. Alles in hierdie storie gaan net oor mense wat die natuur moet bewaar, om so die godheid se balans tussen goed en kwaad te herstel. Dit is amper hoe die Hindoes oor die lewe en verlossing dink. In hulle godsdien is daar niemand soos God wat sondes moet vergewe nie; daar word van jou verwag om self planne te maak en goeie dinge te doen om uit hierdie stukkende wêreld te ontsnap.

In Hindoeïsme glo hulle selfs dat jou liggaam en siel nie regtig is nie, maar dat alles 'n illusie is, soos 'n droom waarvan jy uiteindelik bevry moet word. Die enigste hoop is dat, as jy in elke lewe waarin jy gebore word, goed genoeg lewe, dan kan jy dalk na 'n honderd of 'n duisend of tienduizend lewens van weergebore of reïnkarnasie,

uiteindelik deel word van die godheid. Klink dit nie vir jou absurd nie? Daar is dus, volgens hulle geloof, eintlik geen kans om vry te word van hierdie bese wêreld nie. En as hulle so glo, waar dink jy gaan hulle opeindig as hulle dit wel sou kon regkry om deel te word van die godheid? Word jy dan nie maar net weer deel van die natuur nie? Dan het jy eintlik jou siel verloor, wat volgens Hindoeïsme in elk geval net 'n droom is. So eintlik is daar nie verlossing vir enige mens in Hindoeïsme nie, nie waar nie?

6.3.6.1.2 Voorskoolvlak gesprek:

Onthou jy toe ons die fliek *Avatar* gekyk het, dat Jake Sully aan die einde 'n blou liggaam gekry? Dink jy mense kan in die regte lewe doodgaan en dan 'n ander liggaam kry en weer 'n keer op aarde lewe? Daar is mense wat glo dat, as jy doodgaan, dan word jy weer gebore in 'n ander liggaam of miskien word jy weer gebore as 'n dier. Dink jy dit kan regtig gebeur dat mense weer gebore kan word en iets anders kan wees as wat hulle eintlik is? Mense wat so glo, sê dat as jy weer gebore word, dan sal jy nie onthou wie jy die vorige keer was nie — jy is dan in 'n nuwe liggaam, maar dat dit nie meer jy is nie. Dink jy dat jy ooit iemand anders sal wees as wie jy nou is en nog altyd was?

In die fliek *Avatar* sê hulle dat Eywa die god is van Pandora, die plek waar die Na'vi-mense bly. Hulle sê Eywa is in die bome, in al die diere en in al die mense. Ons weet dat die ware God van die Bybel altyd orals is, maar beteken dit dat alles op aarde 'n stukkie van God is? Bome en diere en mense is mos nie 'n stukkie van God nie, of wat sê jy?

As dit waar is dat alles werklik 'n deel van God is, beteken dit dan dat as diere, bome en mense doodgaan, dan sou stukkies van God doodgaan? Dit kan mos nie gebeur nie, want ons weet dat God nie kan doodgaan nie. Leer die Bybel nie vir ons dat God oral is, maar dat Hy heeltemal anders is as alles wat Hy gemaak het nie? God het ons as mense gemaak om soos Hy, anders te wees as die res van die natuur, en Hy bly deur sy Heilige Gees ook in ons as sy kinders, maar beteken dit ons is self 'n bietjie God is, of bly ons nog steeds mense, wat nooit God kan wees nie, maar wel vir God kan leer ken deur die Bybel en deur alles wat Hy in die natuur gemaak het?

Onthou jy toe ons die fliek *Moana* gekyk het? Daar was gode wat in die natuur is, soos die haflgod Maui, en die godinne Te Fiti en daardie wrede god Te Ka. Dink jy regtig die see en die berge is deel van God en kan met ons praat en vir ons sê wat om te doen? In *Moana* sien ons dat die god Te Fiti hartseer en kwaad geword het, en toe het sy in Te Ka verander. Hoe kan dit wees dat 'n god eers goed is, en dan sleg word en dan weer goed word? Dink jy God sukkel om die regte dinge te doen en dat Hy ons nodig het om Hom te help? Die mense wat glo in gode van die natuur en dat jy weer gebore kan word in 'n ander liggaam of in 'n dier, word Hindoes genoem. Hulle is deel van die Hindoe-godsdiens.

Amper soos in hierdie flieks glo hulle dat die wêreld 'n slegte plek is. Ons glo ook die wêreld het slegte dinge omdat ons almal saam met Adam en Eva sonde gedoen het teen God. Maar ons glo dat God vir Jesus Christus aarde toe gestuur het om ons te red, en dat ons eendag by God in die hemel sal wees. Hy sal hierdie aarde eendag

weer nuut sal kom maak sodat daar geen sonde of dood meer is nie. Die Hindoes glo dat hulle self 'n plan moet maak om uit hierdie wêreld uit te kom. Hulle glo dat al is alles op aarde swaar, bestaan al hierdie dinge nie eers regtig nie. Vir hulle is alles eintlik soos 'n droom. Maar kan dit waar wees? Kan regte pyn net 'n droom wees wat nie waar is nie? As jy val en seerkry, dan is dit mos regtig, of wat sê jy?

Jy het gehoor dat Hindoes glo dat mense altyd weer gebore word in 'n nuwe liggaam. Dit is vir hierdie Hindoes 'n straf om te lewe, en hulle glo daarom dat as hulle baie goeie dinge in hulle lewe doen, dan sal die natuur besluit dat hulle volgende keer as 'n beter mens gebore word. As hulle baie, baie kere (honderde en duisende kere) goeie lewens lei en goeie dinge doen, dan glo hulle dat hulle dalk uit hierdie slegte en moeilike lewe sal kan uitkom deur nooit weer gebore te word nie, sodat hulle een met die natuur kan word. Dink jy as dit alles waar was, dat sulke mense ooit sal kan weet of hulle uit hierdie slegte wêreld sal kan kom? As hulle nie eers weet wie hulle voorheen was en wie hulle volgende sal wees nie, en hoeveel keer hulle weer moet gebore word nie, hoe kan hulle ooit seker wees dat hulle gered gaan word uit hierdie wêreld?

En kom ons sê dat iemand dit dalk kan regkry om verlos te word van hierdie wêreld, dan glo hulle mos dat hulle een met die aarde sal word. Maak dit ooit sin, dat jy gered moet word van hierdie wêreld, maar dan word jy eintlik deel van hierdie aarde? So hulle glo dat jy gered moet word van die aarde deurdat jy eintlik in die aarde in moet

verdwyn, soos 'n waterdruppel wat in die see val en wegraak. Is 'n mens regtig gered as jy in die aarde in verdwyn, of is jy eintlik dan net dood en regtig verlore?

6.4 BOEDDHISME¹²³

Boeddhisme is, net soos Hindoeïsme, 'n tipiese natuurgodsdiens binne die raamwerk van wat Jones (2015) as Eenheidsisme klassifiseer. Boeddhisme het voorts sy ontstaan te danke aan die godsdienstige agtergrond en diversiteit van die verskillende godsdienste wat binne die Hindoeïstiese wêreldbeskouing, teen die 6de eeu v.C., in Indië gedomineer het (Corduan, 2012:313). Trouens, Boeddhisme het ongeveer in dieselfde tyd ontstaan as die Vedanta-Hindoeïsme, in 'n tydperk waartydens wêreldwye opstande teen priesterlike gesag toegeneem het (Corduan, 2012:476). Daarom is die nie vreemd nie dat Boeddhisme sekere begrippe met Hindoeïsme deel, soos die wet van oorsaak en gevolg (Karma), wedergeboorte of reïnkarnasie (Samsara), kosmiese orde en goddelike plig (Dharma), en ander begrippe. Tog verskil Boeddhisme op baie punte van Hindoeïsme en verwerp dit onder meer sekere Hindoeïstiese leerstellings, soos die kaste-stelsel (Varna) en die idee van die ewige self (Atman).

Daarom word dit sterk aanbeveel dat lesers eers die afdeling in hierdie proefskrif wat oor Hindoeïsme handel, deurgaan vir meer agtergrond en inligting. Dit is veral belangrik sodat kennis geneem kan word van bekende konsepte in hierdie twee

¹²³Vir hierdie gedeelte oor Boeddhisme word daar sterk gesteun op Corduan (2012), aangesien hy as 'n betroubare bron hoog geag word en 'n bondige samevatting van Boeddhisme bied wat voldoende is vir die doel van hierdie studie. Slegs by verwysings na spesifieke feite sal die betrokke bladsynommers aangedui word. Ander bronne word aanvullend gebruik en sal dienooreenkomstig vermeld word.

wêreldbeskouings, aangesien hierdie begrippe nie weer uitgebreid hier bespreek word nie.

Wanneer Boeddhisme ondersoek en bestudeer word, merk Corduan (2012:313-314) op dat dit moeilik en dikwels selfs onmoontlik is om gemeenskaplike leerstellings onder die verskillende Boeddhistiese gemeenskappe vas te stel. Die rede hiervoor is dat Boeddhisme se verspreiding nie aan immigrasie te danke is nie, maar hoofsaaklik die gevolg is van sendingaksies, waartydens Boeddhisme aan die kultuur van die streek waarin dit versprei, aangepas het. Om dié rede stel Corduan (2012) dat, om Boeddhisme te verstaan, dit nie nodig is om op al die verskillende variasies van Boeddhisme te fokus nie, maar dat dit sinvol is om by die stigter, Gautama Boeddha, te begin. Dit is omdat die Boeddhistiese godsdiens grotendeels berus op die etiese waardes wat Boeddha self, deur sy eie ervaring in sy aardse lewe, ontdek het.

Dit moet duidelik verstaan word dat volgelinge van Boeddhisme nie vir Boeddha self aanbid nie (alhoewel dit in die praktyk soms so kan voorkom). Boeddha word bloot beskou as een van die vele leermeesters wat waarhede aan sy volgelinge bekend gemaak het. Tog is dit belangrik om te bestudeer hoe hy deur sy lewe hierdie leerstellings ontdek het, aangesien dit klaarblyklik ook die wyse is waarop volgelinge openbaring en verligting kan verkry. Daarom is 'n kort oorsig oor Boeddha se lewe en leer noodsaaklik.

6.4.1 Die lewe van Boeddha en sy leringe

Hierdie eerste Gautama Boeddha, ook bekend as Siddhartha Gautama en later as Shakyamuni, was op soek na verlossing van alle swaarkry en pyn van die lewe — iets wat hy klaarblyklik uiteindelik bereik het. Volgens Corduan (2012:315) berus die verhaal van die eerste Boeddha uitsluitlik op mondelinge oorlewering. Siddhartha Boeddha is as kind van 'n koninklike huis gebore. Sy vader, Suddhodana Gautama was die heerser van die Shakya-stam. Voor Siddhartha Boeddha gebore is, het sy moeder, koningin Mahamaya, 'n droom gehad waarin sy 'n wit olifant in haar moederskoot gesien het — 'n teken dat sy aan 'n Boeddha geboorte sou gee.

Tydens geboorte het 'n wysgeer sowel as astroloë geprofeteer dat hierdie kind óf 'n groot koning óf 'n monnik sou word. Omdat sy vader verlang het dat Siddhartha 'n voortreflike heerser moes word, het hy sy seun ten volle afgesonder en in die paleis grootgemaak, weg van enige blootstelling aan swaarkry, ouderdom, siekte, dood en godsdienstige asketisme. Selfs nadat Siddhartha met 'n vrou, Yasodhara, getroud is, wat later vir hulle 'n seun, Rahula, in die wêreld gebring het, was Siddhartha steeds in isolasie in die paleis grootgemaak.

Nietemin het die gode blykbaar betrokke geraak en bewerkstellig dat Siddhartha — op sy versoek om die paleis te verlaat en 'n reis deur die land te neem — 'n droom gehad wat hom aan die dinge waarteen sy pa hom tot dusver beskerm het, blootgestel het. In sy droom sien hy vier tonele: Eerstens sien hy 'n ou man wat op die punt staan om te sterf; vervolgens sien hy 'n man met 'n gebrek; daarna aanskou hy 'n begrafnis

van 'n ontbindende lyk; en laastens sien hy 'n monnik wat vrede uitstraal deur sy lewe van selfverloëning. Hierdie ervaring het Siddhartha tot die besef gebring dat 'n weelderige lewe, soos die een wat hy gelei het, uiteindelik deur die dood beëindig word — alles is dus verganklik en nietig. Op die ouderdom van dertig het hy besluit om sy huis, sy luukse lewe en sy familie te verlaat in sy soektog na geestelike verligting oor hoe om die lewe van nietigheid en lyding te ontvlug.

In sy soektog het hy hom eers tot 'n lewe van soberheid gewend. Hieroor sê Corduan (2012:317): “Gautama would deprive himself of all human comforts, sometimes living on only one grain of rice a day or—according to some accounts—maybe even his own excrement. He would inflict any conceivable torture on himself”. Ná 'n tydperk van sewe jaar van selfverloëning en soberheid, sonder sukses in sy soektog het hy besluit om sy strewe tot die uiterste te voer deur middel van diep meditasie. Nadat hy 'n bord rys geëet het, het hy besluit om onder 'n vyeboom te gaan sit met die vasberadenheid om nie op te staan voordat hy verligting bereik het nie, al sou hy van hongerte sterf.

Op daardie oomblik het die gode blykbaar verheug, omdat hulle besef het dat Gautama naby aan verligting is. Gedurende Gautama se intense meditasie het Mara, die god van vernietiging, hom beproef deur sy aandag te probeer aftrek, maar daarin misluk. Ten spyte van Mara se volgehoue pogings het die aardse godin Wasanthara uiteindelik getuig dat Gautama verligting bereik het, en het sy Mara weggespoel met 'n groot vloed van water. Dit is blykbaar op hierdie punt dat Gautama verligting bereik het. Daarom staan hy voortaan bekend as Boeddha, wat die “verligte een” beteken.

Die vyeboom waaronder hy gesit het, het eweneens vanaf daardie tyde bekend gestaan as die Bhodiboom, wat “boom van verligting” beteken (Corduan, 2012:317).

Na hierdie gebeure het die Boeddha opgestaan, begin eet, en besluit om ’n leermeester te word wat ander sou onderrig oor hierdie verligting wat hulle klaarblyklik ook kan verkry (vgl. Ñanamoli, 1992).

6.4.2 Boeddha se wêreldbeskouing en sy idee van verlossing as oplossing vir die probleem

Wat Boeddha onder die Bhodiboom besef het, was dat die geheim tot verligting nie in enige vorm van uiterstes, soos in weelde of in selfontneming, gevind word nie, maar in die sogenaamde goue middeweg. Hierdie middeweg, wat verlossing van hierdie wêreld van lyding bring, word volgens Boeddha gevind in die losmaking van alle gehegtheid aan hierdie wêreld. Hy het tot hierdie gevolgtrekking gekom omdat niks in die lewe volgens hom bestendig is nie — alles in ’n toestand van voortdurende verandering verkeer. Dit is ’n belangrike konsep in Boeddhisme.

Volgens Boeddha is die probleem van die lewe tweeledig: Alles verander voortdurend, en daarom is selfs enige kennis wat ’n mens oor die wêreld kan hê, bloot ’n bewustheid van aanhoudende verandering. Om dus aan enigiets vas te hou, is volgens Boeddha vernietigend en ’n illusie. Die tweede aspek van die probleem is dat, selfs al sou daar iets wees wat permanent en bestendig is, daar niemand bestaan wat aan sodanige bestendigheid kan vashou nie. In teenstelling met Hindoeïsme, wat die bestaan van ’n innerlike goddelike siel of self (*Atman*) leer, stel Boeddha dat daar slegs ’n nie-innerlike

self (*Anatman*) is — met ander woorde, daar bestaan slegs 'n nie-selfsiel. Die menslike probleem van die lewe sluit dus hierdie tweeledige problematiek in: eerstens dat alles voortdurend verander, en tweedens dat die menslike siel bloot persepsies van 'n illusie is.

Volgens Boeddha sal lyding eers ophou wanneer die mens besef dat hy of sy nie 'n entiteit is nie, en wanneer die individu ophou om sy of haar denkbeeldige bestaan op die wêreld van voortdurende verandering te baseer. Boeddha het geglo dat, deur van enige aardse konnotasie af te sien, hy bevry is van alle aardse dinge soos geboorte, pyn, dood en morele onreinheid. Klaarblyklik kon hy ook daarin slaag om hierdie staat van *Nirvana* te behou, wat hy as 'n tweede en finale geboorte beskou het (vgl. Tachibana, 1975:13-14). Hy het blykbaar hierdie staat sonder enige eksterne hulp, bronne of kennis bereik. Dit het hom tot die gevolgtrekking gebring dat die oorsaak van sy verligting en verlossing toegeskryf kan word aan die lig wat in hom is.

Verlossing van die aardse dilemma kom wanneer 'n mens jouself losmaak van die siklus van wedergeboorte of reïnkarnasie, deurdat jy besef dat reïnkarnasie nie werklik bestaan nie. Tog glo Boeddhiste steeds in reïnkarnasie, hoewel dit as deel van die illusie beskou word. Eers wanneer die mens dit alles ten volle besef, kan hy of sy gereed wees om *Nirvana* te bereik — 'n toestand wat letterlik beteken om “uit geblus te wees”. Ironies genoeg impliseer hierdie dimensie van *Nirvana* dat die mens sy of haar eie bestaan geheel en al uitgeblus het, maar dat dit klaarblyklik as die hoogste vorm van geluk beskou word.

Boeddha het sy beskouing van die werklikheid van ellende en lyding in die wêreld verwoord in dit wat as die Vier Edele Waarhede bekend staan (vgl. Tachibana, 1975:13-14). Ironies genoeg het hy hierdie ellende en lyding nie as werklikheid beskou nie, maar as 'n illusie. Volgens Boeddha kan die mens hierdie Vier Edele Waarhede deur die lig in homself ontdek; dit is ook volgens 'n logiese volgorde saamgevat. Vanuit 'n Christelike wêreldbeskouing word hierdie waarhede as logies ongeldig beskou omdat dit nie met die volle werklikheid ooreenstem nie. Tog word dit as volg beredeneer (Corduan, 2012:320; Prebish and Keown, 2010:42-43): (1) Om te lewe beteken om te ly (*Dukha*), (2) lyding (*Dukha*) word veroorsaak deur gehegtheid (*Tanha*) aan aardse dinge, (3) om lyding (*Dukha*) uit te skakel moet 'n mens gehegtheid (*Tanha*) uitskakel, en (4) gehegtheid (*Tanha*) kan uitgeskakel word deur 'n streng lewe van inspanning soos wat deur die Eerbare Agtvoudige Weg geleer word. Hierdie Eerbare Agtvoudige Weg, wat tot die lewe van verlossing (*Nirvana*) lei, is 'n lys van deugde wat nagestreef moet word, en word in drie kategorieë onderverdeel. Dit kan soos volg in 'n tabel georden en verduidelik word (vgl. Prebish and Keown, 2010:51-53):

Tabel 10 – Die Eerbare Agtvoudige Weg van deugde in Boeddhisme.

DEUGDE:	BESKRYWING:	KATEGORIE:
Regte beskouing	Beteken om die Vier Edele Waarhede te aanvaar.	Wysheid
Regte oplossing	Om die regte gesindheid te ontwikkel en van begeertes af te sien.	
Regte woorde	Om enige praatwerk wat sleg is of ander benadeel, te vermy.	Moraliteit
Regte aksie	Om slegte dade soos moord, diefstal, ensovoorts, te vermy.	
Regte leefwyse	Om beroepe te vermy wat eties nadelig is vir ander.	
Regte inspanning	Om negatiewe met positiewe gedagtes te vervang.	Meditasie
Regte gedagtepatrone	Om die vyf hindernisse te vermy, soos sensuele plesier, bekommernis, ensovoorts.	
Regte meditasie	Om verskeie metodes te gebruik om kalmte van gedagte te verkry en sodoende spesifieke state binne te gaan.	

Deur die lering van hierdie Eerbare Agtvoudige Weg, wat klaarblyklik na volkome verlossing uit die boosheid van reïnkarnasie kan lei, kan Boeddhisme beskou word as 'n godsdienst wat op 'n etiese en moralistiese stelsel berus vir redding van lyding, pyn en swaarkry. Trouens, morele en etiese gedrag vorm die basis van religieuse beoefening en verlossing in Boeddhisme — 'n strewe na volkome selfdisipline en deugdelike gedrag (Prebish and Keown, 2010:53).

Omdat Boeddhisme uit 'n Hindoeïstiese wêreldbeskouing voortspruit en steeds in reïnkarnasie (*Samsara*) en die wet van oorsaak en gevolg (karma) glo, word die strewe tot volkome self-dissipline die sogenaamde uitweg tot verlossing. Hierdie siening dien ook as motivering vir Boeddhiste om morele volmaaktheid te bereik. Net soos Hindoeïsme, glo Boeddhisme dat morele meriete wat in die huidige lewe verwerf

word, die bepalende faktor is vir die beloning om iets beters in 'n volgende lewe te wees, maar dan sonder die geloof in 'n kaste-stelsel.

Veral westerlinge en persone wat nie vertrou is met Boeddhisme nie, moet egter daarop let dat Boeddhisme nie al die konsepte van die Hindoeïstiese wêreldbeskouing direk oorneem en as sinoniem beskou nie. Boeddhisme verwerp byvoorbeeld beide die Hindoeïstiese konsep van die metafisiese goddelike onpersoonlikheid (*Brahman*) sowel as die kaste-stelsel. Daarby word die konsepte van reïnkarnasie (*Samsara*) en die wet van oorsaak en gevolg (*Karma*) binne Boeddhisme ook geherdefinieer (Corduan, 2012:321).

Vir die Boeddhis werk hierdie oorsaak-en-gevolg-beginsel (*Karma*) spesifiek op grond van die etiese implikasies van Boeddha se *Dharma*. *Karma* het dus slegs betrekking op die morele dimensie van Boeddha se leringe, soos **Error! Reference source not found.** in die tabel saamgevat. Die mens se volgende lewe, soos deur *Karma* bepaal, is dan nie blote toeval nie, maar 'n werklikheid van oorsaak en gevolg, gebaseer op die vrye keuse wat die mens in sy vorige morele lewe gemaak het (Prebish and Keown, 2010:11-12, 17, 19). Die Boeddhis leef vervolgens vir homself in 'n poging om 'n beter volgende lewe te bewerkstellig. Tog is dit vir die Boeddhis baie meer kompleks as bloot keuses. Boeddhiste glo dat moraliteit ingebed is in die kosmologie en dat goeie morele waardes met die kosmos in harmonie is, wat seëninge tot gevolg het, terwyl die teenoorgestelde ook waar is (Prebish and Keown, 2010:235-236).

In teenstelling met Hindoeïsme, wat glo dat die mens se siel deur reïnkarnasie na 'n volgende lewe oorgaan, is die probleem met Boeddhisme se konsep van reïnkarnasie dat die nie-siel (*Anatman*) slegs 'n niksheid is wat na 'n volgende lewe oorgaan — iets wat volgens logika onmoontlik is. Corduan (2012:318) stel dit soos volg: “The thing that we call “self” is merely a bundle of perceptions with nothing to tie the bundle together and no one beyond the bundle who perceives the perceptions”.

6.4.3 Prominente vertakkinge van Boeddhisme en hul leerstellings

Deur die eeue heen het Boeddhisme tot 'n verskeidenheid van vertakkinge en skole uitgebrei — bykans te veel om op te noem. Corduan (2012:321-349) gee 'n deeglike oorsig van baie van hierdie variasies en vertakkinge wat ontwikkel het, en wat in verskeie lande vergestalt is. Van al hierdie verskeidenheid is daar basies twee groot hoofstrominge, naamlik Theravada-Boeddhisme en Mahayana-Boeddhisme (Corduan, 2012:321). Daar is ook 'n derde groot hoofstroom, wat 'n variasie op die Mahayana-stroming is, naamlik Vajrayana-Boeddhisme, ook bekend as Tibettaanse Boeddhisme (vgl. Corduan, 2012:344). Soos reeds genoem, is daar nog vele ander, maar hierdie drie word gereken as die hoofstrominge van Boeddhisme wat steeds invloedryk is.

Al drie hierdie hoofstrome het histories in die volgorde van mekaar afgestam: Eers was daar Theravada (wat “die weg van die ouderlinge” beteken), daarna Mahayana (wat “groot vlot” beteken), en daarna Vajrayana (wat “die diamantvoertuig” beteken).

By die genoemde invloedryke strominge kan ook Zen-Boeddhisme gevoeg word, die Japannese Boeddhisme wat oorspronklik in Sjina as Chan-Boeddhisme ontstaan het.

Met die groot invloed wat Theravada-, Zen- en Tibettaanse Boeddhisme tans wêreldwyd het, word hierdie drie strominge vervolgens bespreek. In teenstelling met ander vertakkinge, volg elkeen van hierdie drie strominge die oorspronklike leer van Siddharta Gautama (die oorspronklike Boeddha) as kernbegrip na.

6.4.3.1 Theravada-Boeddhisme

Die woord “Theravada” is afkomstig van ’n uitdrukking wat “die weg van die ouderlinge” beteken. Hierdie groepering staan in die volksmond ook bekend as “Hinayana”, wat “klein vlot” beteken. Dit is ’n neerhalende term wat daarop dui dat hulle slegs ’n klein groepie volgelingen het, teenoor die Mahayana-groep, wat “groot vlot” beteken omdat hierdie groep ’n groot aantal mense akkommodeer.

Al het Boeddhisme met Boeddha in die 6de eeu v.C. ontstaan, het hierdie Theravada-groepering, wat rondom die 3de eeu v.C. tot stand gekom het, tog vandag toe as een van oudste skole voortbestaan. Theravada het uit die monnikgemeenskappe in Sri Lanka en Indië ontwikkel en het verder uitgebrei na Thailand en Suidoos-Asië. Tog is die Boeddhisme in Sri Lanka en dié in Thailand nie identies nie. Trouens, Corduan (2012:313-314) verduidelik dat enige twee Boeddhistiese gemeenskappe op verskillende plekke só van mekaar kan verskil dat dit nie eers as afstammelingen van dieselfde godsdiens beskou sal word nie.

Theravada se fokus val sterk op bevryding van die huidige oomblik. In praktyk word hierdie strewe uitgeleef deurdat die klem geplaas word op monastisisme, waar monnike (*bhikkhus*) selibate lewens van afsondering lei, toegewy aan meditasie en studie. Volgens Theravada kan leke nie verligting bereik nie, aangesien die wêreldse lewe deurtrek is van afleidings en verpligtinge. Die taak van leke binne Theravada is dus om die monnike te ondersteun en sodoende meriete te verdien vir 'n beter reïnkarnasie, terwyl die monnike reeds nou dieper vlakke van meditasies kan bereik. So skryf Corduan (2012:322): “Theravada Buddhism is a religion of and for monks. The monks, *bikkhus*, are the only ones who can attain nirvana; they are the focal point of religious practice. The laity’s primary job is to support the monks. They can thereby earn merit that will improve their own future incarnations”.

Hieruit blyk dit dat leke ook wel 'n kans op nirvana het, maar nie in hulle huidige lewe nie. Die ideaal in Theravada-Boeddhisme is dus dat die monnike volmaakte *Nirvana* bereik deur eie inspanning, waar morele dissipline en meditasie alle onkunde by die individu ontwortel ten einde bevryding van lyding te bereik. Hierdie meditasiepraktyke van die monnike vereis 'n fokus op bewustheid van veral liggaamlike sensasies, gevoelens en gedagtes om uiteindelik tot die besef te kom dat alles verganklik is (*Anicca*), dat niks 'n permanente self het nie (*Anatta*), en dat gehegtheid lyding veroorsaak (*Dukkha*).

6.4.3.2 Zen-Boeddhisme

Zen-Boeddhisme is 'n afstammeling van Mahayana, die tweede groot vertakking van Boeddhisme. Daarom volg daar eers 'n kort oorsig oor Mahayana-Boeddhisme voordat op Zen-Boeddhisme gefokus word.

Waar Theravada-Boeddhisme verkondig dat slegs monnike die staat van *Nirvana* kan bereik, maak Mahayana-Boeddhisme die weg oop vir enige individu om verlossing te verkry (vgl. Corduan, 2012:326).

Mahayana-Boeddhisme het vier belangrike veranderinge teenoor die oorspronklike Boeddhisme aangebring. Eerstens, waar oorspronklike Boeddhisme die siel (*Atman*) as 'n nie-siel (*Anatman*) beskou, leer Mahayana dat ook die heelal 'n nie-werklikheid is — alles is 'n niksheid (*Sunyata*).

Die tweede verandering wat aangebring is, is dat daar meer Boeddha's bygekom het, in drie kategorieë, naamlik Manushi-Boeddha's, Dhyani-Boeddha's en bodhisattvas. 'n Manushi-Boeddha is soos die eerste Boeddha wat verligting op aarde bereik het. Dhyani-Boeddha's is Boeddha's wat nie doodgegaan het nie, maar wat verligting in 'n tipe hemel bereik het en nog beskikbaar is vir hulpverlening. Die *bodhisattvas* is Boeddha's in wording wat deur enige individu deur toewyding en deernis bereik kan word (indien dit ooit bereik kan word). Hierdie *bodhisattvas* vorm die kern van Mahayana-Boeddhisme.

'n Derde verandering wat Mahayana aangebring het, is die vermeerdering van gesaghebbende geskrifte, soos die Lotus Sutra, wat onder andere leer dat Boeddha

Gautama 'n hemelse wese was en dus nie 'n mens nie, asook dat die Hinayana (Theravada-groepering) verkeerde leerstellings van selfgesentreerdheid bevat. Die vierde verandering behels die ontwikkeling van baie verskillende soorte skole in verskeie geografiese en kulturele omgewings, wat elkeen op 'n ander aspek fokus.

Zen-Boeddhisme spruit dus voort uit hierdie Mahayana-stroming van Boeddhisme. Soos reeds genoem, is Zen-Boeddhisme 'n Japannese vorm van Boeddhisme wat sy oorsprong het in Sjina se Chan-Boeddhisme, wat rondom die 5de eeu n.C. ontstaan het deur die monnik Bodhidharma. Hierdie monnik is bekend vir die legende dat hy klaarblyklik vir nege jaar lank teen 'n muur gesit en mediteer het. Later het Chan-Boeddhisme via Korea rondom die 12de eeu inslag in Japan gevind, vanwaar dit gevestig en as Zen-Boeddhisme bekend geword het.

Vanuit hierdie legende van Bodhidharma is dit duidelik dat die primêre praktyk binne Zen-Boeddhisme meditasie is, spesifiek sittende meditasie (*Zazen*). Verder skryf Corduan (2012:335): "All schools of Zen believe that the most important preparation for enlightenment is to clear one's mind of all the conceptual clutter that impedes true insight".

Deur hierdie gedissiplineerde meditasie en bewustheid van een se eie teenwoordigheid, is dit vir enige mens klaarblyklik moontlik om 'n potensiaal tot verligting te verkry wat spontaan vanuit die innerlike insig ontstaan. Dit vereis dat daar daaglik vir baie lang ure in 'n regop posisie stil gesit word, en dat daar deur die regulering van asemhaling gefokus word om in die oomblik teenwoordig te wees (vgl.

choosemuse.com, 2020). In ooreenstemming met Boeddhisme se eerste Boeddha, Gautama, en met Bodhidharma — wat pyn en ongemak tydens meditasie moes verduur — is dit duidelik dat Zen-Boeddhisme verkondig dat, selfs al is jou denke onrustig of jy pyn moet verduur terwyl jy mediteer, volgehoue sittende meditasie tot 'n toestand van nie-dink sal lei.

Dit is interessant dat so 'n ritueel en toestand *mindfulness* genoem word, terwyl dit in werklikheid streef na *mindlessness*. Teenoor die oorspronklike Boeddhisme lê Zen-Boeddhisme dus nie die klem op kennis en lering vanuit gesaghebbende geskrifte nie, maar op persoonlike ervaring wat tot klaarblyklike verligting kan lei.

6.4.3.3 *Vajrayana (Tibettaanse) Boeddhisme*

Vajrayana-Boeddhisme neem as't ware die verlossingsidee van die Theravada- en Mahayana-Boeddhisme nog 'n stappie verder. Waar Theravada net toelaat dat monnike *Nirvana* kan bereik, en Mahayana verlossing vir elke individu moontlik maak, stel Vajrayana dat dit vir elke individu nou moontlik is om, met die hulp van 'n geestelike leier, in slegs één leeftyd nirvana te bereik (Lama Döndrup, 2021). Hierdie geestelike leier staan bekend as 'n lama wat letterlik “hoër persoon” beteken en verwys na 'n geestelike leier, guru of monnik. Daarom staan Vajrayana ook bekend as Lamaïsme.

Net soos met Zen-Boeddhisme is Tibettaanse (Vajrayana) Boeddhisme 'n vorm van Mahayana-Boeddhisme. Hoewel Vajrayana, net soos Mahayana, die oorspronklike Boeddha in beginsel aanvaar het, fokus Vajrayana veral op die Dhyani-Boeddha's wat deur die Mahayana-tradisie ingelei is. Vajrayana-Boeddhisme het rondom die 7de

eeu n.C. vanaf Noord-Indië in Tibet gevestig. Hierdie Tibettaanse vorm van Boeddhisme is 'n mengsel van drie ander godsdienste, naamlik Bön, Tantrisme en Mahayana-Boeddhisme. Bön is 'n animistiese godsdiens wat in Tibet bestaan het voordat Boeddhisme daar aangekom het, en fokus sterk daarop om bese te deur menslike brandoffers tevrede te stel. Tantrisme is 'n Indiese filosofie waarvolgens die (seksuele) vereniging van man en vrou as teenoorgestelde 'n eenheid vorm, waardeur geestelike magte klaarblyklik vrygestel word.

Corduan (2012:345-347) stel dat daar veral vier praktyke in Tibettaanse-Boeddhisme is wat — hoewel nie uniek nie — tog kenmerkend is, naamlik meditasie, *mantra* (die ritmiese sing van woorde), *mandala* (diagramme wat die kosmos voorstel) en *mudra* (handposisies). Die doel van meditasie is volgens Tibettaanse Boeddhisme — soos by ander vorme van Boeddhisme — om *Nirvana* te bereik, maar spesifiek deur alle onreinheid van die persoon te verwyder. Met behulp van die monnik (Lama) kan die beoefening van meditasie daartoe lei dat *Nirvana* bereik word, deur te besef dat beide die eksterne bese wêreld sowel as die interne persoon eintlik 'n onwerklikheid is. Hoewel dit vir buite persone onlogies mag voorkom, blyk dit dat wanneer 'n mens daarin slaag om die niksheid van die heelal te beheer deur die eie niksheid te beheer, die gewenste geestelike toestand bereik kan word. Dit hou dus ook verband daarmee dat die individu sal besef dat solank hy aan fisiese begeertes vashou, daar geen geestelike vordering kan wees nie. Corduan (2012:346) stel dit só: “The practitioner attains enlightenment when he or she recognizes that all realities—including his or her

own life, the deities and the evil spirits—are mere projections of the self and thus are subject to the person's own control”.

Hierdie siening is dus in wese heeltemal kontrasterend en onuitvoerbaar, want die (eie) niks van binne kan onmoontlik 'n groter niks (daar) buite beheer. Die ironie is dat Tantrisme aan die eenkant leer dat 'n mens slegs oor jou begeertes kan heers wanneer jy dit beoefen; by sommige Tibettaanse denkrigtings sluit dit selfs seksuele omgang in om te leer hoe om jou luste af te leer. Daarby moet die persoon wat mediteer só op die deernis van die Boeddha fokus dat hy of sy die geestelike, goddelike krag toelaat om oor te neem. Sodoende sal die individu na bewering al meer tot 'n suiwer geestelike staat oorgaan waarin hy of sy van enige negatiewe kragte kan ontsnap — die individu word dus geleidelik deel van die godheid.

'n Ander kenmerk van Tibettaanse Boeddhisme is die unieke toepassing van die reïnkarnasie-beginsel op geestelike leiers. Volgens die Tibettaanse tradisie is die hoogste leermeester, oftewel die *Dalai Lama*, die reïnkarnasie van die vorige hoogste leermeester. Die naam “Dalai Lama” beteken uitdruklik “die Lama wat die wysheid van die oseaan”. Hierdie Dalai Lama word beskou as 'n manifestasie van die lewende *Bodhisattva* van medelye, wat as geestelike leier die mense en die mensdom moet dien. So 'n persoon het dus, volgens die leer, gekies om deur reïnkarnasie as Dalai Lama terug te keer, om universele medelye tot verligting van die mensdom te beoefen.

Opsommend kan oor Zen-, Theravada- en Tibettaanse Boeddhisme gesê word dat Boeddhisme se verlossingsleer gebou word op die menslike prestasie van

selfdisipline. Hieroor stel Hodge and Patterson (2022a:133) dit duidelik as 'n werklikheid wat nie bereik kan word nie:

We are told that we must live up to a particular code in moralistic religions like Confucianism or Buddhism. Of course, the problem is that no one lives up to that code. Thus, everyone needs help to be able to live up to that code. But this is not offered in these religions beyond looking inside yourself or seeking guidance from another imperfect person.

6.4.4 Die invloed van gesekulariseerde Boeddhistiese praktyke in die samelewing

Baie van die oortuigings en praktyke van Boeddhisme word in die hedendaagse en alledaagse lewe — veral onder Westerlinge — bevorder. Dit word as deel van 'n moderne leefstyl binne 'n sekulêre en humanistiese samelewing beskou. Daarbenewens word dit voorgehou as nuttig vir die bevordering van 'n suksesvolle, vervullende, vreugdevolle en vredevolle lewe, terwyl enige godsdienstige konnotasies dikwels verswyg word. Die volgende invloede, wat veral in die samelewing bevorder word en wat vervolgens kortliks bespreek gaan word, is *mindfulness*, universele medelye, sekulêre etiek en menseregte, sekulêre self-transendensie en innerlike transformasie, individualisme en self-gerigtheid. Sulke invloede word dikwels as sielkundige terapieë in skole, universiteite, werksplekke en op sosiale media bevorder en aanbeveel. Hieroor skryf Paturi and Patterson (2022:81) die volgende oor hierdie praktyke van Hindoeïsme (en dus ook Boeddhisme) in die samelewing:

Both meditation and yoga practices have been embraced by the popular culture, integrated into government school systems, and used by individuals and corporations to promote inner peace and general well-being. While often cloaked in scientific and health-related terminology, these are both part of the Hindu paths to salvation and should not be practiced by Christians, despite their promotion by some churches. Doing so opens one to the influences of false teachings and even demonic activity and influence.

Telkens kan hierdie tendense teruggevoer word na die beginsels en oortuigings wat in Boeddhisme en Hindoeïsme geglo en beoefen word. Sulke praktyke het die vermoë om beide Christen-volwassenes sowel as Christenkinders se wêreldbeskouing negatief te beïnvloed, omdat dit in stryd is met die Christelike wêreldbeskouing oor God, die mens en die wêreld waarin ons leef. Hieroor waarsku Jones (2015:55) met betrekking tot Hindoeïsme — hoewel dit ook op Boeddhisme van toepassing is:

We must understand that though techniques like yoga and mindfulness seem innocent enough and may even accomplish some pragmatic ends, the worldview and assumptions undergirding them are Oneist. In the light of the determined effort to promote Hinduism as a religion, how much is our present fascination with alternative techniques subtly drawing the 21st-century West, including many Christians, into a non-biblical worldview? Do yoga and mindfulness draw us subtly into the spirituality of some of the many forms of Oneism?

6.4.4.1 Mindfulness en sekulêre meditasie

Die populêre Westerse idee van *mindfulness* het betrekking op die praktyk om deur middel van meditasie doelbewus jou aandag op die huidige oomblik te fokus. Selva (2017) skryf dat die term *mindfulness* 'n eenvoudige Engelse vertaling is van die Boeddhistiese konsep *Sati*, wat as eerste stap na verligting beskou kan word. Hierdie

mindfulness is een van die belangrikste Boeddhistiese praktyke wat tans in die Westerse wêreld gebruik word as 'n tegniek vir stresverligting, emosionele regulering en om mense en kinders te help fokus. Alhoewel hierdie praktyk van meditasie voorgestel word as wetenskaplik en sielkundig neutraal, is die oorsprong en ware betekenis daarvan onmiskenbaar Boeddhisties.

Volgens Selva (2017) is *mindfulness* in die 1970's in die Weste ingevoer deur Jon Kabat-Zinn, 'n Amerikaanse bioloog en Boeddhistiese beoefenaar, wat 'n program aan die Universiteit van Massachusetts, genaamd *Mindfulness-Based Stress Reduction*, ontwikkel het. Dit het aanleiding gegee tot *Mindfulness-Based Cognitive Therapy*, wat daarop gemik is om depressie te behandel. Hiermee saam het mense soos Jack Kornfield, Sharon Salzberg en Joseph Goldstein 'n belangrike rol gespeel om *mindfulness* na die Weste te bring, veral met die stigting van die *Insight Meditation Society* in 1975.

Vanuit 'n Christelike wêreldbeskouing is daar niks fout daarmee om in dankbaarheid op die hede te fokus, die gedagtes in te oefen en te orden, of om stres te hanteer deur die gedagtes te kalmeer nie. Dit moet egter nie met die Boeddhistiese praktyk van meditasie verwar word nie. Op die oog af lyk sulke praktyke en programme onskadelik, maar dit kan 'n beduidende negatiewe invloed op Christene se wêreldbeskouing hê, aangesien dit dikwels op subtile wyse elemente van Boeddhisme bevorder. Terwyl die Christen sy vrede, verlossing en toevlug by God Drie-enig vind deur gebed en stiltetyd voor God, waar die gedagtes gevul word met die Woord van God, leer

Boeddhistiese meditasie dat vrede, verlossing en vervulling gevind word deur die mens se innerlike self in te span tot dissipline, fokus en leegmaak van denke.

Vir hierdie studie is dit van belang om kennis te neem van die feit dat *mindfulness* reeds in skole en kleuterskole aangebied word om kinders se konsentrasie en beheer van emosies te verbeter. Volgens Nieminen and Sajaniemi (2016) is daar in Suid-Afrika pogings om *mindful-awareness*-programme by voorskoolse kinders bekend te stel. Die studie van Nieminen and Sajaniemi (2016) het nie minder as nege programme geïdentifiseer wat by voorskoolse- en laerskoolkinders geïmplementeer is nie. Die sessies in hierdie programme het onder andere asemhalingsoefeninge en joga ingesluit, wat oor 'n aantal weke in die klaskamer beoefen is. Dit is onderneem in 'n poging om onder andere as 'n teenvoeter teen angs en aandagafleibaarheid te dien, en om welstand by jong kinders te bevorder ten opsigte van die druk en oorlading van inligting wat met die moderne lewe gepaardgaan.

Sulke *mindfulness*-programme en advertensies word op verskeie terreine gepromoveer¹²⁴. Dit word geadverteer en geïmplementeer in verskeie terreine van die samelewing, soos in die korporatiewe wêreld, in professionele sport, in die

¹²⁴Sien byvoorbeeld die volgende webtuistes (verkrygbaar deur 'n eenvoudige soektog op die internet) wat *mindfulness*-programme aanbied of bevorder:

<https://palousemindfulness.com/>

<https://mindfulness.org.za/programmes/mindfulness-based-corporate-programmes/>

<https://mbsrtraining.com/>

<https://innerexplorer.com/>

<https://mindfulnessinschools.org/>

<https://www.mindfulnessinstitute.ca/>

verbruikersmark en selfs in begeleiding vir ouers oor hoe om met hulle kinders te werk. Soos reeds genoem, alhoewel Christene uit soortgelyke tegnieke voordeel kan trek, word *mindfulness* as godsdienstig neutraal voorgehou, maar dit is in beginsel op 'n naturalistiese wêreldbeskouing gebaseer. *Mindfulness* leer dat die bron van kalmte en saligheid binne jouself en jou eie handelingê lê, en dat jy dit kan ontgin deur meer op jouself en op self-transformasie te fokus.

Hierteenoor leer die Bybel aan Christene dat ware vrede en vervulling slegs kom deur vervul te word met die Heilige Gees in gebed en deur die bestudering van die Woord van God — slegs God bewerkstellig dus die ware vrede, en nie die mens se eie pogings nie. Daarom moet Christene waak om nie deur sulke praktyke soos *mindfulness* beïnvloed te word nie.

6.4.4.2 Universele medelye, sekulêre etiek en menseregte

'n Ander deurslaggewende invloed wat van Boeddhisme na die Weste oorgespoel het, is die klem op universele medelye en die etiek van onbaatsugtige liefde vir die mensdom. Hierdie invloed kan baie misleidend vir Christene wees, want dit hou 'n onselfsugtige liefde vir ander voor — iets wat ook in die Christelike wêreldbeskouing verkondig word — maar in werklikheid neem hierdie universele medelye 'n sekulêre humanistiese vertrekpunt tot die lewe in. Dit stel as hoogste doel die handhawing van menseregte, verdraagsaamheid en vriendelikheid teenoor ander, sodat die mensdom uitsluitlik gedien word. Waar die Christen deur God se liefde aangespoor word om Hom lief te hê en sy naaste lief te hê — en so God se eer te soek — is die motief by

universele medelye, soos dit uit Boeddhisme voortspruit, gegrond op die beskouing dat alle wesens aan dieselfde siklus van ellendige reïnkarnasie (*Samsara*) deel het. Tog is so 'n motief om ander te help wat in dieselfde dilemma vasgevang is, nie werklik onbaatsugtig nie. Inteendeel, vanuit 'n Boeddhistiese benadering is dit in wese selfsugtig, aangesien jy deur ander te help, jouself help met die hoop om deur *Karma* 'n beter volgende lewe te verkry.

In die Tibettaanse (*Vajrayana*) Boeddhisme verkondig Dalai Lama (die hoog heilige leraar van Tibet) dat die Boeddhistiese godsdiens een van goedhartigheid is. In 'n podgoot wat die Dalai Lama se primêre toewyding bespreek — naamlik die bevordering van menslike waardes ten einde 'n beter wêreld van innerlike vrede te skep — word beklemtoon dat universele menslike etiese waardes soos medelye, vergifnis, tevredenheid en selfdisipline as norme beskou word wat as sekulêre etiek bevorder behoort te word en deur alle mense beoefen moet word (vgl. International Campaign for Tibet, 2023).

Sulke uitsprake het daartoe gelei dat 'n neurowetenskaplike met die naam van Dr. Richie Davidson reeds in 1992, 'n kurrikulum vir jong kinders, getiteld *Healthy Minds Early Childhood Kindness Curriculum*, ontwikkel het wat fokus op goedhartigheid en medelye. In 2014 het die Dalai Lama by die *Hamburg Congress Centre* opgetree om oor die implementering van sekulêre etiek op alle vlakke en regoor die wêreld te spreek. Tydens daardie geleentheid het hy hom soos volg uitgelaat (His Holiness The 14th Dalai Lama of Tibet, 2014):

We need ways and means that apply to all human beings; we need secular ethics ...

Secular ethics as an approach to peace of mind, an ethical approach to inner values not dependent on this or that religious tradition, is an appropriate approach for all 7 billion human beings ... The proper way to promote secular ethics is not through preaching but through education and secular ethics is appropriate in the context of secular education.

Weereens, hoewel so 'n benadering op die oog af selfs vir Christene goed en reg mag klink, is so 'n sekularistiese etiek en sogenaamde universele medelye gegrond in die menslike vermoë en selfbelang, en nie in God nie. In dieselfde onderhoud stel Dalai Lama dat onbaatsugtigheid slegs deur onself verkry kan word: "We need to be guided by a map of our emotions and understanding of how the system of emotions works" (His Holiness The 14th Dalai Lama of Tibet, 2014). Sy naturalistiese wêreldbeskouing kom duidelik na vore wanneer hy praat oor die bevordering van innerlike waardes:

We are social animals and it is in our own interest, if we want to live a happy life, to think of the rest of humanity. If we want to improve humanity, we have to start with individuals.

We need better education that introduces secular ethics from childhood through to university.

Dit is belangrik dat Christenouers by hulle kinders sal beklemtoon dat ware liefde en geregtigheid slegs in God gevind kan word, geanker in die liefde van Christus. Hoewel dit op die oog af mag voorkom asof Boeddhisme deugde soos medelye bevorder, is dit in werklikheid niks anders as moralisme wat in menslike pogings en selfbelang vasgevang is nie.

6.4.4.3 *Sekulêre self-transendensie en innerlike transformasie*

Ouers van vandag behoort bewus te wees daarvan dat die moderne Westerse wêreld die idee van 'n soeke na spiritualiteit sonder godsdiens bevorder. So 'n fokus is afkomstig uit Oosterse denke, soos dit gevind word in Hindoeïsme en Boeddhisme. Trouens, dit is niks anders as die eerste leuen wat die Satan aan Adam verkondig het nie, aangesien dit die klem plaas op die mens se vermoë om 'n ervaring van selftransendensie te beleef, maar dan sonder God. Die vorme waarin sulke selftransendensie voorkom, word ook aangetref in bewegings soos *New Age* spiritualiteit, joga, meditasie en selfontdekkingsreise of -programme.

Die invloedryke Nuwe Ateïs en neurowetenskaplike, Sam Harris, bevorder ook hierdie idee in sy boeke. In sy boek, *Waking up: A Guide to Spirituality without Religion*, argumenteer Harris (2014) dat die sekulêre kultuur en wetenskap verder moet vorder deur op die huidige oomblik te fokus, om sodoende die kwaliteit van ons lewens te verbeter. Hy verkry hierdie insigte klaarblyklik deur die bestudering van sleutelfigure in godsdienste, soos in Jesus, Boeddha, LaoTzu, Rumi en verskeie ander. In 'n video op die webtuiste bigthink.com beskryf Harris selfs die menslike siel en sy bestaan in terme van 'n Boeddhistiese wêreldbeskouing wanneer hy die volgende sê: "I'm not arguing that consciousness is a reality beyond science or beyond the brain or that it floats free of the brain at death ... What I am saying, however, is that the self is an illusion" (Harris, s.a.).

Hierdie en soortgelyke konsepte van 'n fokus op selfontwaking en selfbewustheid kom tot uiting op verskeie terreine van die samelewing, van sport tot ontspanning. Veral onder die jong mense hoor 'n mens dikwels die frase: “Ek is geestelik, maar nie godsdienstig nie”. Dit is aantreklik in die postmoderne klimaat van individualisme, aangesien dit die indruk skep dat 'n mens die voordeel van vrede en sin uit spiritualiteit kan trek, sonder die “las” van georganiseerde godsdienst. Sulke tendense is in wese niks anders nie as 'n sinnelose Boeddhistiese soektog en strewe na verligting of verlossing van die boosheid op aarde.

Voeg hierby die neiging van die hedendaagse mens om die dinge van die wêreld te wil ontvlug. In die gejaag van die moderne lewe, gekenmerk deur tegnologie en oorvloedige inligting, hoor 'n mens gereeld hoe mense — en selfs Christene — die begeerte koester om van al die gejaag en geraas weg te kom. Daar is 'n strewe om minimalisties te leef, om 'n digitale detoks te ondergaan, en selfs om in die natuur “jouself te vind”. Weereens, alhoewel sulke praktyke op sigself nie verkeerd is nie, word dit dikwels vanuit 'n naturalistiese wêreldbeskouing aangemoedig sonder om God daarin te verreken. Jesus het self tye van afsondering geken, en die Bybel moedig stiltetyd aan, maar dit is juis met die doel om tot God te nader, vervul te word met sy Gees en sy Woord, en by Hom krag te ontvang — nié om jou gedagtes leeg te maak, jouself ledig te maak of te glo dat die innerlike mense die bron van vernuwende krag is nie. Hoewel sulke praktyke nie noodwendig direk uit Boeddhisme spruit nie, is dit 'n beduidende uitvloeisel van die invloed van Boeddhistiese denke. Die idee van onttrekking in hierdie sin is onbybels, aangesien dit die innerlike transformasie van die

mens as hoogste prioriteit stel, ten koste van gemeenskap met God en die geloofsgemeenskap.

6.4.5 Boeddhistiese invloede in die media, veral op kinders

Soos met die invloed van Hindoeïsme wat hierbo (vgl. afdeling 6.3.5) bespreek is, het baie van die Boeddhistiese konsepte die Westerse wêreld en denke geïnfiltreer, onder andere deur media, kultuur, literatuur en selfs sielkunde en opvoedkunde, soos selfhelp- en ontspanningstegnieke. Dit sluit onder meer konsepte in soos goeie en slegte *Karma*, reïnkarnasie (*Samsara*), verlossing of leegmaak (*Moksha*) van die innerlike self (*Atman*) en van wêreldse dinge (*Maya*), pligte (*Dharma*), *Avatars*, meditasie en meer.

Hierdie invloede raak ouers en volwassenes wat met jong kinders werk. Dit kan 'n beduidende uitwerking hê op hoe Christene hierdie kinders onderrig. Volwassenes word dikwels beïnvloed deur hedendaagse sielkunde en ontspanningstegnieke soos meditasie, met die idee dat die innerlik self oorkom moet word of dat 'n mens jou gedagtes moet leegmaak om vrede en balans te vind (sien byvoorbeeld Headspace¹²⁵, Calm¹²⁶ en vele ander).

Sulke advies en programme word dikwels vanuit 'n sekulêre humanistiese perspektief, sonder godsdienstig konnotasie, aangebied en dra die ideologie van Boeddhisme na Westerse denke oor. Daarteenoor leer die Bybel die teenoorgestelde, naamlik dat

¹²⁵Beskikbaar by: <https://www.headspace.com/meditation>

¹²⁶Beskikbaar by: <https://www.calm.com/>

Christene deur geloof gevul moet wees met die inhoud van die Bybel en met die Heilige Gees.

Behalwe dat hierdie invloede volwassenes se denke en leefwyse kan aanpas en op dié wyse ook kinders kan beïnvloed, word kinders self al hoe meer aan Boeddhisme blootgestel deur media, films, stories en meer. Dit alles kan 'n invloed op Christenkinders se denke hê en 'n negatiewe impak op die vorming van hul Christelike wêreldbeskouing.

Om hierdie invloed van Boeddhistiese konsepte in die samelewing te illustreer, volg hieronder 'n kort bespreking van 'n enkele voorbeeld uit die media. Hieruit word enkele apologetiese aanknopingspunte aan volwassenes en ouers gebied om Christenkinders se Bybelse wêreldbeskouing te versterk. Alhoewel slegs *Kung Fu Panda* (2008-2016) in hierdie afdeling bespreek word, is *Star Wars* (1977-2019) wat by Nuwe Ateïsme handel is (vgl. afdeling 6.2.2) en *Avatar* (2009, 2022) wat by Hindoeïsme bespreek is (vgl. afdeling 6.3.5.1) sowel as *Moana* (vgl. afdeling 6.3.5.2), ook van toepassing.

6.4.5.1 Kung Fu Panda (2008-2016)

Die *Kung Fu Panda*-filmreeks, wat tussen 2008 en 2016 deur *Dream Works* vervaardig is, het 'n sterk invloed op jong kinders en gesinne regoor die wêreld. Die verhale sentreer rondom 'n panda met die naam van Po (Engelse uitspraak). Hierdie panda word deur Oogway, 'n skilpad wat 'n Kung-fu-meester en monnik is, as die volgende legendariese draak-krygsman aangewys — 'n posisie wat deur die heelal bestem is.

Alhoewel hierdie animasie-filmreeks humoristies en ligsinnig aangebied word, bevat dit tog diep spirituele en filosofiese temas in die narratief wat opvallende ooreenkomste toon met Hindoeïstiese en Boeddhistiese konsepte soos *Karma*, *Dharma*, innerlike transformasie en verligting, *mindfulness* deur meditasie, *selftransendensie*, en meer.

Nadat Po in die eerste film deur die heelal tot die uitverkore draak-krygsman aangewys is om die land te red, begin sy opleiding as 'n reis van selfontdekking. Po moet uiteindelik tot die besef kom dat die sleutel tot ware krag nie in uiterlike vermoëns lê nie, maar in die ontdekking van die krag binne homself — 'n konsep wat kenmerkend is van Hindoeïsme en Boeddhisme. Wanneer Po uiteindelik die geheime draak-krygerskrifrol oopmaak om uit te vind wat die sleutel is om 'n draak-kryger te wees, ontdek hy dat dit leeg is — bloot 'n blink oppervlak waarin hy sy eie gesig weerspieël sien. Hierdeur besef hy dat die sleutel tot sy krag sy eie innerlike potensiaal is. Hierdie boodskap stem ooreen met Oosterse denke, soos die Hindoeïstiese konsep van *Atman is Brahman* (die goddelike self binne die mens) asook Boeddhisme se idee van verlossing deur selfontwaking.

In *Kung Fu Panda 2* leer Po dat hy innerlike vrede moet vind om sy ware metafisiese potensiaal te ontsluit. Hierdie strewe na innerlike vrede weerspieël nie net die Hindoeïstiese konsep van *Atman is Brahman* (die innerlike self is god) nie, maar ook Hindoeïstiese en Boeddhistiese idees van verlossing deur innerlike bevryding (*Moksha*). Dit suggereer dat redding of oorwinning moontlik is deur jou gedagtes leeg

te maak en vrede binne jouself te vind — 'n idee wat sentraal staan in Boeddhisme se pad na verlossing.

In *Kung Fu Panda 3* word hierdie temas verder uitgebou. Po, wat gedink het dat hy die enigste panda van sy soort is wat nog oor is en dat sy spesie uitgesterf het, ontdek 'n geheime panda-dorpie. Hier kom hy agter dat sy biologiese vader hom deur die heelal geroep het om *Chi* (lewenskrag) aan te leer en te bemeester, sodat hy 'n nuwe en sterker vyand kan oorwin. *Chi* word uitgebeeld as 'n geestelike energie wat gesamentlik in alle lewende wesens funksioneer en wat gekanaliseer kan word om bonatuurlike kragte te verrig. Po leer uiteindelik om hierdie krag in homself en in sy gemeenskap te aktiveer deur eenheid, selfvertroue en samewerking te bevorder. Weereens word dit beklemtoon dat die bron van redding en krag uit die mens en sy innerlike energie spruit, eerder as van 'n persoonlike God buite die mens kom. Uiteindelik slaag Po en die gemeenskap daarin om die vyand te oorwin deur middel van *Chi* (lewenskrag). Hiervoor was dit nodig dat Po eers na 'n ander geestelike dimensie moes gaan, vanwaar hy die vyand kon verslaan.

6.4.6 Apologeties-begeleidende gesprekke met kinders oor Boeddhisme

Net soos met Hindoeïsme, is dit uiters belangrik, wanneer 'n gesprek met 'n Boeddhis gevoer word, om in gedagte te hou dat Boeddhiste 'n heeltemal ander beskouing van die wêreld en die werklikheid het, as Christene. Daarom is dit noodsaaklik dat, indien 'n mens 'n Boeddhis in sy oortuigings wil aanspreek, die Christen toegerus en bereid moet wees om te begryp hoe Boeddhiste die wêreld en werklikheid interpreteer.

Vir kinders behels dit dat hulle ten minste vertrouwd behoort te wees met die basiese beginsels van Boeddhisme, sowel as met dié van die evangelie, rakende sake soos skepping, sondeval, verlossing, en verheerliking. Daarom is dit belangrik (soos reeds in vorige hoofstukke beklemtoon is) dat Christenkinders van kleins af met die Bybel grootgemaak word. Dit is van belang dat nie slegs kennis van Bybelse waarhede opgedoen word nie, maar dat die evangelieboodskap ook in die daaglikse lewe toegepas word. Bybelkennis alleen is dus nie voldoende nie; dit is ewe belangrik dat ouers spesifieke vrae aan hulle kinders stel en toepassings maak.

Voorskoolse kinders hoef byvoorbeeld nie eksplisiet bewus te wees van terme soos skeppingsteorieë, of diepgaande en dogmatiese aspekte van uitverkiesing en die sondeval nie. Dit is nie nodig dat hulle hierdie groot woorde en teorieë reeds aanleer nie; hulle kan egter komplekse konsepte begryp wanneer eenvoudige vrae gestel en begeleidente gesprekke gevoer word. Voorskoolse kinders hoef byvoorbeeld nie terme soos *Atman is Brahman*, *Samsara*, *Moksha* en ander begrippe uit Boeddhisme noodwendig te ken om vals of foutiewe teorieë te kan identifiseer nie. Om hierdie en soortgelyke konsepte aan te spreek, kan eenvoudige vrae en ingeligte gesprekke gevoer word, en kan toegeruste begeleiding gegee word.

Tydens sulke geleenthede kan spontane gesprekke maklik ontstaan. Dit kan selfs as 'n aanknopingspunt gebruik word om verdere gesprekvoering aan te moedig. Dikwels sal voorskoolse kinders met relevante vrae vorendag kom. Twee- tot driejarige kinders staan immers daarvoor bekend dat hulle dikwels “hoekom” vra. Waar kinders egter

nie self sulke gesprekke begin nie, behoort ouers en almal wat met voorskoolse Christenkinders werk, sulke geleenthede te benut en gesprekke te inisieer en aan te moedig.

Deur middel van sulke vrae en gesprekke word kinders toegerus om hulleself teenoor ander wêreldbeskouings te verantwoord. Hierdie tipe denke, soos naturalisme, het 'n wye invloed op die moderne media en die opvoeding van kinders. Selfs al noem min kinderprogramme of -films die godsdiens van Boeddhisme openlik, word aspekte van hierdie wêreldbeskouing dikwels daardeur oorgedra. Vir Christenouers en voogde is dit 'n uitdaging, maar ook 'n geleentheid. Aan die eenkant behoort hulle krities bewus wees van hierdie invloede in gewilde kindermedia. Aan die anderkant kan hulle hierdie media as aanknopingspunt gebruik vir apologetiese gesprekke met hulle kinders, spesifiek om aan te toon hoe 'n mens- of kosmosgesentreerde verstaan van die lewe verkeerd is, en hoe 'n Godgesentreerde verstaan van die werklikheid korrek verklaar. Om hierdie rede volg daar hieronder voorstelle vir gespreksvoering wat ouers kan gebruik om hulle kinders oor hierdie sake toe te rus.

6.4.6.1 Gesprek oor Boeddhisme se verlossingsleer

6.4.6.1.1 Laerskoolvlak-vrae:

Die flieks van *Kung Fu Panda* is vol aksie en snaakse oomblikke. Het jy dit ook geniet om daarna te kyk? Kan jy nog onthou hoe Po so graag wou sien wie die nuwe *Dragon Warrior* sou wees, en hoe hy gesukkel het om by die hekke in te kom, nadat hy so swaar gekry het om by al die trappe uit te klim? Onthou jy die oomblik toe almal so verbaas was toe Oogway, eintlik per ongeluk vir Po as die nuwe *Dragon Warrior*

aangewys het? En kan jy onthou hoe verbaas almal was en ontsteld Shifu hieroor was?

Dink jy dit is moontlik, in die regte lewe, dat die heelal vir iemand 'n taak of opdrag kan gee, soos wat die heelal vir Po gekies het, net omdat hy toevallig op die regte tyd op die regte plek was toe Oogway die volgende *Dragon Warrior* moes kies? Kan al die planeete en sonnestelsels waaruit die heelal bestaan, ooit self besluite neem, asof die wêreld self in beheer is en alles regeer?

Daar is mense van ander godsdienste, soos Boeddhisme, wat glo dat die heelal besluit om goeie en slegte dinge met 'n mens te laat gebeur, afhangend van of jy goed of sleg optree. Dink jy dit klink reg dat die heelal of die aarde soos 'n persoon besluite kan neem en alles so laat gebeur asof die heelal self wil hê dit moet gebeur? Het die aarde 'n persoonlike krag, en kan dit besluite neem soos wat 'n mens doen? Kan die heelal besluit wat in jou lewe moet gebeur, asof die heelal soos 'n god is? Sulke godsdienste laat dit soms lyk asof die heelal god is, maar dit kan tog nie regtig so wees nie, of wat sê jy?

Onthou jy toe ons oor Hindoeïsme gesels het, het ons ook oor die flieks van *Avatar* gepraat? Boeddhisme glo op baie maniere amper dieselfde as Hindoeïsme. Boeddhiste glo ook dat 'n mens na jou dood vir baie lewens daarna elke keer weer in dieselfde wêreld gebore word. Hulle noem dit reïnkarnasie. Elke keer as jy goed doen in hierdie lewe, of as jy goeie dade verrig wat die priesters help sodat hulle verlossing

en verligting (*Nirvana*) kan bereik, dan besluit die heelal blykbaar dat jy in 'n volgende, beter lewe gebore kan word.

Ons sien voorbeelde hiervan by Oogway en Shifu, wat soos priesters is en baie mediteer sodat hulle van die wêreld verlos kan word en die geestelike wêreld kan bereik. Dit klink dus baie soos Boeddhisme en Hindoeïsme se idees oor verlossing of *Nirvana*, nie waar nie?

Eintlik glo hulle dat, as 'n mens van die wêreld vergeet en maak asof die wêreld niks werd is, dan kan jy in 'n ander, beter geestelike lewe oorgaan en regtig deel kan word van die heelal. Maak dit vir jou sin dat, as 'n mens maak asof die wêreld waarin jy leef, nie regtig is nie, dan kan jy regtig deel word van 'n ander heelal wat, volgens hulle, eintlik nie eers bestaan nie? Dit maak mos glad nie sin nie, nie waar nie?

Hierdie godsdienste, Boeddhisme, leer dat 'n mens in jouself na antwoorde en vrede moet soek, sodat jy 'n goddelike krag in jouself kan ontdek om die wêreld en boosheid te oorwin. Klink dit vir jou ook asof die flieks van *Kung Fu Panda* amper dieselfde idees verkondig as wat in Boeddhisme gevind word? Dink byvoorbeeld aan die toneel waar Po as die *Dragon Warrior* gekies is; hy moes eers leer om innerlike vrede (*inner peace*) te vind, voordat hy regtig sy volle potensiaal kon bereik om die vyand te oorwin.

Net so leer Boeddhisme dat 'n mens jou gedagtes moet leegmaak en jou van die wêreld moet losmaak — 'n wêreld wat, volgens hulle, nie werklik bestaan nie, maar eintlik net jou eie gedagtes is; tog moet jy ook baie hard fokus en dink aan die dinge

wat jy rondom jou gebeur, en dit asof dit regtig is. Hulle noem dit meditasie en *mindfulness*. Maak dit vir jou sin dat 'n mens jou gedagtes moet leegmaak van alles wat blykbaar eintlik niks is, en dan moet fokus op alles rondom jou, wat eintlik ook niks is, en dat jy op hierdie manier vry kan word van alles wat eintlik niks is nie?

Onthou jy watter les die storie oorgedra het toe Po uiteindelik daardie *Dragon scroll* oopgemaak het? Die boodskap van die storie is dat daar nie regtig 'n geheim is om die *Dragon Warrior* te wees nie, maar dat 'n mens binne-in jouself moet kyk vir die antwoord. Dink jy dat mense wat vol foute en sonde is, kan in hulleself al die antwoorde vir die probleme van die lewe ontdek? Kan ons regtig bonatuurlike krag in onself hê om met goddelike krag teen vyande te veg?

6.4.6.1.2 Voorskoolvlak-vrae:

Onthou jy nog hoe baie ons daarvan gehou het om na die *Kung Fu Panda* flieks te kyk? Dit was nogal baie snaaks, nê? Kan jy onthou hoe Po altyd gesukkel het om teen die trappe uit te klim, en hoe snaaks dit was toe hy uiteindelik voor Oogway beland het nadat hy so gesukkel het om oor die muur te kom omdat die hekke reeds gesluit was? Kan jy onthou dat Oogway toe per ongeluk vir Po gekies het om die volgende *Dragon Warrior* te wees? Almal het gedink dit was verkeerd, maar Oogway wat die slimste van almal is, het geglo dat dit reg is dat Po gekies word. Oogway het gesê dat omdat Po op daardie oomblik daar beland het, is dit eintlik die aarde of die skepping wat besluit het dat Po die volgende *Dragon Warrior* moet wees. Dink jy die aarde kan self enige besluite maak, asof die aarde soos 'n mens is?

Daar is mense in hierdie wêreld wat anders as ons glo. Hulle glo nie in God soos ons doen, of dat Jesus self God is, nie. Party mense dink dat die aarde deel is van God, en dat alle mense ook deel is van God. Baie keer glo hulle dat die aarde self besluite maak en dat die aarde dinge beheer volgens die dinge wat mense op aarde doen. Amper soos in *Kung Fu Panda*, waar dit lyk asof die aarde besluit het dat Po die volgende *Dragon Warrior* moet wees, omdat hy oor die muur gevlieg het en voor Oogway beland het. Hierdie mense wat so glo, word Boeddhiste genoem.

Boeddhiste glo anders oor die wêreld en die lewe as wat ons glo. Hulle glo dat as jy doodgaan, dan word jy weer gebore in hierdie wêreld, maar dan kan jy as iemand beter of as iemand slegter terugkom. Hulle dink dat as jy goeie dinge in jou lewe doen, dat jy dan as 'n beter mens gebore sal word, dalk miskien 'n leermeester soos Oogway of Shifu. Maar as jy slegte dinge in jou lewe doen, glo hulle dat jy as iemand gebore kan word wat 'n moeilike lewe sal hê, dalk selfs as 'n dier of 'n insek.

Dink jy dit kan waar wees dat 'n mens doodgaan en dan as 'n dier of iets anders gebore word? Kan 'n mens regtig iets anders word as 'n mens? Dink jy die aarde kan besluit wat goed en sleg is, en ook besluit wat met jou gaan gebeur as jy goed of sleg doen?

Daar is mense wat glo, soos wat *Kung Fu Panda* wys, dat as jy aanhou om goeie dinge te doen, dan kan jy eendag van al die hartseer in die lewe. Hulle glo dat 'n mens deel van die aarde kan word, sodat jy nie meer 'n mens is wat seerkry en swaarkry voel nie, maar net deel word van iets wat eintlik niks is. Dink jy dit maak sin dat 'n mens deel van die aarde moet word om op te hou om seer te kry?

Sulke mense glo ook dat alles op aarde nie regtig is nie. Hulle glo dat mense en die wêreld nie regtig bestaan nie, maar dat alles net gedagtes is. Hoekom sou hulle van die wêreld wil wegkom as hulle glo dat mense en die wêreld nie regtig is nie? As niks regtig is nie, dan is daar mos nie regtig pyn en seerkry nie — maar ons weet pyn en seerkry en mense en die wêreld en ons gedagtes is regtig.

Dink jy alles wat ons kan sien, voel en dink, is regtig? Dink jy dat mense regtig bestaan, of is dit alles net 'n gedagte? As jy regtig seerkry dan voel dit mos regtig seer, of hoe? As jy hardloop en jy val hard op die grond neer, dan voel jy dat die aarde regtig is.

Boeddhiste glo verder, soos wat *Kung Fu Panda* vir ons wys, dat mense moet soek vir vrede hier binne jouself (*inner peace*). Dit beteken hulle sê ons moet soek om vrede en rustigheid in onself te vind. Die manier waarop hulle dit soek, is deur stil te sit en om op te hou om enigiets te dink. Onthou jy hoe het Oogway hierdie innerlike vrede (*inner peace*) gekry en uiteindelik uit hierdie wêreld verdwyn het? Hy het soos die wind geword en eintlik dood gegaan om in 'n tipe van 'n hemel te wees. Net so het Shifu probeer om innerlike vrede te kry deur lank stil te sit en te fokus. Po het dit ook probeer, en toe kon hy dit selfs vinniger as Shifu regkry. Onthou jy dit? Boeddhiste noem hierdie oefening meditasie. Dit is wanneer jy stil sit en probeer om al jou gedagtes te laat verdwyn, en net daarop fokus dat niks rondom jou bestaan nie. As jy dit regkry, glo hulle dat jy regtig gered word van hierdie wêreld. Klink dit vir jou reg dat 'n mens moet maak asof die wêreld nie regtig is nie, dan sal die wêreld jou kom haal sodat jy deel van die wêreld kan word waar daar geen probleme of seerkry meer sal wees nie?

Onthou jy ook dat Po die *secret scroll* moes kry om uit te vind hoe om die *Dragon Warriorte* te wees? En wat het gebeur toe hy die *scroll* gekry het? Daar was niks binne-in geskryf nie. Dit het soos 'n spieël gelyk, en al wat hy kon sien, was sy eie gesig. Hierdeur moes hy leer dat die geheim om 'n *Dragon Warrior* te wees, binne homself lê. Op hierdie manier leer Boeddhiste dat mense self die antwoord is op al die probleme in die lewe. Hulle glo nie dat jou hart vol sonde is nie, maar dat jou hart en jou gedagtes al die antwoorde het, en dat jy binne jouself na hierdie antwoorde moet soek.

Dink jy dit klink reg dat ons so slim is dat ons alles kan ken en antwoorde vir al die probleme kan hê? Maak dit vir jou sin dat sommige mense sê dat alles nie regtig bestaan nie, maar tog glo dat jy in jouself moet soek vir die regte antwoorde op pyn en seerkry wat, volgens hulle ook nie regtig bestaan nie? Dink jy dit klink soos 'n regte waarheid, of meer soos 'n storie wat nie heeltemal waar is nie?

6.4.6.1.3 *Konseptantwoord en beredenering van die ouer:*

Ons as Christene kan stories soos *Kung Fu Panda* kyk en ons kan dit ook geniet. Ons moet egter onthou dat sulke verhale dikwels 'n ander uitkyk op die lewe het as dié van ons Christelike geloof. Daarom moet ons versigtig wees dat wanneer ons sulke stories kyk, dat sulke stories nie idees van ander godsdienste by ons inprent nie. Terwyl ons sulke stories kyk, moet ons raaksien dat die godsdienste wat daarin uitgebeeld word, vasgevang is in dwalinge oor die waarheid en die werklikheid van die wêreld waarin ons leef. Ons kan deur sulke flieks sien hoe mense vassit in leuens oor hoe met die werklikheid omgegaan word.

Die Bybel leer duidelik dat die wêreld vol sonde en pyn is, en dat God die sonde gaan straf, maar dat Hy sy kinders wat in Jesus Christus glo, gaan red. Boeddhisme leer dat die probleem nie sonde is nie, maar dat pyn en lyding die probleem is. Volgens Boeddhisme is alles in die wêreld besig om te verander en dat daar niks is wat vastigheid gee en waaraan 'n mens kan vashou nie.

Teenoor die Bybel wat leer dat God dit wat lelik en verkeerd is, haat, die sondes gaan straf, sy kinders gaan red en dat Hy die wêreld gaan nuut maak, glo Boeddhisme dat die oplossing en verlossing uit hierdie wêreld van lyding daarin lê om te beseef dat alles 'n illusie is — dat alles nie werklik bestaan nie — en dat die mens homself moet bevry van enige aardse gehegtheid. Boeddhiste glo dat bevryding uit die wêreld bereik word deur meditasie, met die oog daarop om nirvana te bereik; dit is 'n toestand wat as nie-bestaan beskryf word en in wese beteken dat die individu ophou om te bestaan. Hulle glo dat die eerste mens wat so 'n bevryding verkry het, was die historiese mens, Boeddha. Hy het geleer dat om te lewe beteken om te ly, en dat lyding voortspruit omdat jy in jou gedagtes en hart aan aardse dinge geheg is en aan vashou. So leer hy dat as jy ophou om aan enigiets op aarde vas te hou of selfs om na iets goeds te begeer, sal lyding beëindig word. Dit beteken eintlik volgens hulle verstaan dat ware bevryding nie die voortbestaan van lewe inhou nie, aangesien lyding werklik deel is van die lewe; só beskou, word bevryding gelykgestel aan die beëindiging van die lewe. Hulle leer dus dat 'n mens moet ophou lewe, dan sal jy bevry wees van lyding. Maar tog is dit nie verlossing en ware lewe nie, maar net sterwe.

Verder Boeddhiste dat as jy lyding wil uitsny, moet jy jouself losmaak van aardse dinge, en al hoe jy jouself los kan maak van alle aardse dinge, is om 'n goeie lewe te lei waar jy goeie dinge doen en ophou om slegte dinge te doen, terwyl jy meditasie doen en jou gedagtes beheer om kalmte en selfbeheersing in jouself te vind. Hulle noem hierdie goeie dinge die Agtvoudige Weg van dinge wat jy moet doen om uiteindelik dalk los te kan kom van die aardse lyding. Sommige van die Boeddhistiese groepe glo selfs dat 'n geestelike leier jou soos 'n middelaar kan help dat jy verlos kan word. Hulle glo dat 'n mens wat hierdie verlossing bereik het, sê hulle jy het “weer gebore” geword het, wat *Nirvana* noem. Dit beteken jy word uitgeblus en hou op om te bestaan.

Maar teenoor Boeddhisme, leer die Bybel baie duidelik dat hierdie wêreld vol seerkry en swaarkry is, wat 'n direkte gevolg van die sondeval is. Beide die aarde en die mensdom kry swaar omdat alle mense in sonde gebore is, deur Adam wat die eerste mens was wat gesondig het. Daarom is dit onmoontlik om los te kom van hierdie wêreld se ellende sonder die verlossing wat God in Jesus Christus, die volmaakte “tweede Adam”, bewerk het. Verlossing kom nie uit onself nie, maar uit iemand buite onself — uit God Drie-enig.

Die Bybel leer nie dat ons moet ontsnap uit hierdie wêreld of dat verlossing bereik word deur net op te hou lewe nie. Geen goeie werke wat ons doen, kan ons bevry van die sonde, die lyding en die dood nie. Die Bybel leer ons dat, omdat Jesus Christus vir ons sondes gesterf het en die dood oorwin het, kan ons nou deur die krag van die

Heilige Gees — wat ons 'n nuwe geestelike geboorte gee — vir God lewe. Daarom moet ons as Christene nie wegvlug van die lewe nie, maar moet ons selfs te midde van beproewing, op ons pos bly (Ef. 6:10 e.v.), en om vir God te leef totdat Hy ons kom haal om vir ewig by Hom te wees. Eers dan, wanneer God die aarde nuut maak en die houvas van sonde en dood finaal oorwin het, sal ons werklik vry wees van aardse lyding en hartseer.

Terwyl ons as kinders van God op hierdie aarde leef, is ons gees reeds nuut gemaak sodat ons, deur die Heilige Gees, anders kan lewe as wat ons voorheen in sonde gelewe het. Ons soek nie die lig in onself nie, maar ons lewe volgens die lig wat die Woord van God aan ons gee — ons lewe deur Jesus Christus, wat die Lig van die wêreld is. Deur Hom het ons ware vrede by God, selfs terwyl daar steeds pyn, lyding en sonde in hierdie lewe is.

Ons hoef nie allerhande goeie werke te verrig om van pyn en lyding gered te word nie; intendeel, omdat God ons reeds deur Jesus Christus gered het en deur die Heilige Gees in ons woon, kan en wil ons goeie dade doen omdat God se werking dit in ons werk. Omdat God ons só liefgehad het, het ons Hom ook lief, en daarom streef ons daarna om aan Hom gehoorsaam te wees, Hom te dien en sy Naam groot te maak — omdat Hy goed is.

Christene wil nie soos Boeddhiste, probeer om goeie werke te doen om hulself te probeer red nie, want dit is eintlik selfdiens en nie ware godsdiens nie. Christene hoef ook nie meditasie te beoefen om innerlike vrede te probeer vind nie, omdat Jesus

Christus ons vrede is, en die Heilige Gees wat in ons woon, hierdie vrede aan ons skenk. Verder is dit nie die aarde of onself wat besluit wat met ons lewens gebeur nie, maar God self, wat soewerein in beheer van alle dinge is. Daarom vertrou ons God in tye van swaarkry en lyding dat Hy vir ons die uitkoms en die nodige krag sal voorsien.

6.5 AFRIKA TRADISIONELE GODSDIENS (RELIGIE) (ATR)¹²⁷

Die Afrika tradisionele godsdiens (ATR)¹²⁸ het 'n naturalistiese wêreldbeskouing. Met verwysing na tradisionele godsdienste, waarvan ATR een is, skryf Corduan (2012:209): “Most traditional religions venerate at least two kinds of spirits—ancestors and nature spirits”. Hy voeg verder by dat, hoewel ATR in 'n bepaalde soort Skepper-God glo, die godsdiens eerder animisties van aard is (Corduan, 2012:221):

The concept of God is not particularly relevant to their day-to-day lives. The form of religion they actually practice on a daily basis is animism. Of the two types of spirits usually present in animistic religion, nature spirits and ancestor spirits, it is the ancestors who receive the most attention in ATR.

Die uiteensetting van ATR is nie maklik om sistematies te ondersoek en uiteen te sit nie. Chalk (2013:90-91) skryf dit toe aan die feit dat die Afrika wêreldbeskouing nie werklik oor objektiewe, normatiewe geskrifte of 'n versameling van saamgestelde kennis beskik nie. ATR is 'n wêreldbeskouing wat eerder uitgeleef word as neergeskryf

¹²⁷Vir hierdie gedeelte oor Afrika Tradisionele Godsdienste (ATR) word daar sterk gesteun op Corduan (2012), aangesien hy as 'n betroubare bron beskou word en 'n beknopte samevatting van die Afrika Tradisionele Godsdienste bied wat voldoende is vir die doel van hierdie studie. Slegs by spesifieke feite sal na bladsynommers verwys word waar nodig. Ander bronne word aanvullend gebruik en aangedui.

¹²⁸Soos reeds in die inleiding van hierdie hoofstuk genoem, word daar in hierdie proefskrif na Afrika Tradisionele Godsdiens as ATR verwys, die meer algemeen aanvaarde akroniem vir die Engelse beskrywing van *African Traditional Religion*. Corduan (2012) volg dieselfde benadering, maar waarsku dat 'n mens versigtig moet wees om nie met hierdie sambreelterm so te veralgemeen dat sekere eienskappe verkeerdlik aan spesifieke godsdienstgroepe toeskryf word, of aan die anderkant, nie onnodig verskraal nie.

word. Daarom volg hierdie studie ook 'n algemene, holistiese bespreking van ATR se wêreldbeskouing en verlossingsleer.

Corduan (2012:207-208) skryf dat ATR 'n gepaste naam is om na die natuurgodsdienste in die Sub-Sahara Afrika te verwys, waar aspekte soos (voorvader)geeste, magiese towerkrag en rituele voorop staan. Die rede waarom ATR as tradisioneel beskou moet word, is nie net omdat dit 'n gestandaardiseerde term geword het nie, maar veral omdat hierdie term die gemeenskapsgeoriënteerde en langdurige kulturele ontwikkeling beskryf van godsdienste wat in tradisie eerder as in geskifte gewortel is. Meer spesifiek het ATR-godsdienste die volgende aspekte in gemeen (vgl. Corduan, 2012:216): (1) 'n gemeenskap wat rondom een stam sentreer, (2) 'n filosofie wat op wêreldse geeste en vrese of bekommernisse fokus, (3) die erkenning van 'n opperwese wat vêr en eintlik onbereikbaar is, (4) die belangrikheid van gemeenskap met voorvaders, naamlik die lewende dooies, (5) die gereelde beoefening van rituele en towerkragte, (6) hekserij en toordokters as verklaring van die bose en (7) die belangrikheid van rituele wat toegang tot die stam verleen.

Al hierdie elemente speel 'n beduidende rol in ATR-godsdienste, maar die mees algemeen bekende kenmerk is waarskynlik die aanbidding of verering van voorvaders. Die voorvaders tree as bemiddelaars op tussen mense en die ontoeganklike opperwese, wat as skepper-god van die kosmos beskou word. Nietemin ontvang die voorvaders meer verering as hierdie opperwese: "The single God is virtually irrelevant to people's day-to-day existence" (Corduan, 2012:223). Hierdie voorvaders dien as

tussengangers vir die regering van hierdie god (vgl. Mhlope, 2013:305-306). Verder vorm die verering van voorvaders 'n verbindingspunt met die kontinuïteit van die tradisionele erfenis van die kultuur. Voorvaders word beskou as die draers van kultuur en tradisie, en harmonie word gehandhaaf wanneer mense gehoorsaamheid aan hulle voorvaders bewys. Corduan (2012:222) beskryf die Zoeloes se siening van voorvaders soos volg: "They protect the social order, helping those who respect traditions, or hurting people who do wrong". Wat egter belangrik is om rakende die gesindheid tot voorvaderverering te verstaan, is dat dit grotendeels uit absolute vrees gebore is: "Most Africans living in the context of ATR exist in perpetual fear of what the ancestors may do or demand" (Corduan, 2012:223). Binne die raamwerk van voorvaderverering speel rituele, veral dié wat toegang tot die stam verleen, 'n uiters-belangrike rol. Corduan (2012:226) beskryf hierdie rol soos volg:

Sociologically they delineate roles and provide the means of governance; psychologically they endow members of a community with the self-worth that comes with having attained a new stage in life. Religiously they steer the community in a unified direction, and they provide a system for the transmission of their heritage from one generation to the next.

Hierdie ATR wêreldbeskouing is baie prominent in Afrika en het 'n geweldige groot invloed op mense, ook in Suid-Afrika. Chengeta (2020) waarsku Christene tereg hieroor: "Our children ought to know the difference between African Traditional Religion and Christianity, for their salvation is at stake. African Traditional Religion suppresses the truth of the knowledge of God and the deeds of God". Chengeta (2020) voer verder aan dat ATR niks anders is nie as die mens se poging om God te probeer

verstaan, maar dat ATR nie daarin sal slaag nie, aangesien hierdie wêreldbeskouing, volgens Romeine 1, neerkom op afgodery omdat die mens die waarheid onderdruk.

Volgens Chengeta (2020) onderdruk ATR juis die waarheid oor die kennis van wie God is, en word eer verkeerdelik aan die skepping, eerder as aan die Skepper, gegee. Dit bring die ATR wêreldbeskouing in dieselfde kategorie as al die godsdienste en wêreldbeskouings wat Jones (2015) as Eenheidsisme beskryf. Daarbenewens het ATR 'n uiters kragtige houvas op diegene wat aan hierdie wêreldbeskouing verbind is. Mathema (2007) skryf: "The traditional African worldview has a strong influence and shaping power on the African in that it unifies the African's thoughts and life". Verder maak die besondere sterk gemeenskapsidentiteit en rituele dit bykans onmoontlik vir enigeen om van die ATR na die Christelike godsdienst te bekeer, wat evangelisasie bemoeilik en apologetiese toerusting des te meer noodsaaklik maak. Professor Jacob Olupona, 'n akademikus van die Harvard Divinity School wat homself lewenslank toegewy het aan navorsing oor Afrika-godsdienste, skryf oor die groot invloed wat ATR op die Christendom het: "The success of Christianity and Islam on the African continent in the last 100 years has been extraordinary, but it has been, unfortunately, at the expense of African indigenous religions" (Chiorazzi and Olupona, 2015)¹²⁹.

Om hierdie redes is dit belangrik dat Christene hulle kinders ook toerus met kennis oor hoe die ATR van die Bybelse en Christelike wêreldbeskouing verskil, en watter

¹²⁹Jacob Olupona het ook in 2014 'n boek by *Oxford University Press* uitgegee, getiteld *African Religions: A Very Short Introduction*, wat geraadpleeg kan word vir verdere inligting op die ATR se wêreldbeskouing.

verkeerde invloed dit op die vorming van Christenkinders se wêreldbeskouing kan hê. Om dié rede doen Chengeta (2020) 'n ernstige oproep op ouers: "Our children ought to know the difference between African Traditional Religion and Christianity, for their salvation is at stake".

6.5.1 Die wêreldbeskouing van ATR

Soortgelyk aan die verskeidenheid tradisies wat in Hindoeïsme en Boeddhisme voorkom soos reeds vroeër in hierdie hoofstuk aangetoon is, stel Corduan (2012:217) dat ATR uit honderde verskillende stamme bestaan, elk met sy eie unieke godsdienstige gebruike. Om hierdie rede het Corduan vier ATR-godsdienste uitgekies wat, volgens hom, die algemene wêreldbeskouing en die geheelbeeld van die ATR weerspieël. Hierdie groepe is (1) die Kikuyu van Kenya, wat die landboustamme van Oos-Afrika verteenwoordig; (2) die Maasai van Kenya en Tanzanië, wat Oos-Afrika se herderstamme verteenwoordig; (3) die Yoruba van Nigerië, wat Wes-Afrika se landboustamme voorstel; en (4) die Zoeloes van Suid-Afrika, wat Suid-Afrika se herderstamme verteenwoordig. Die huidige studie sal, onder andere, gebruik maak van die gemeenskaplike wêreldbeskouing wat Corduan (2012) uit hierdie stamme aflei.

6.5.1.1 ATR oor God

Oor ATR se konsep van God verduidelik Corduan (2012:218-221) dat byna alle Afrika-stamme in 'n opperwese glo wat volgens historiese oorsprong selfs met die Christelike Skepper-God geassosieer kan word. Die Shona van Zimbabwe verwys na God as "*Samasimba*" (eienaar van krag), "*Musiki*" (Skepper) en "*Wedenga*" (eienaar van die

hemele) (Chengeta, 2020). Die Kikuyu verwys na God as “*Ngai*” (Skepper en Voorsiener) en die Zoeloes verwys na God as “*Inkosi Yezulu*” (hoofman van die lug), terwyl Maasai na God verwys as “*Engai*”, wat “reën” en “lug” beteken (Corduan, 2012:218-219).

ATR glo dus in ’n god wat in die hemel woon en deel die volgende eienskappe met die Christelike God: Hy is almagtig, alwetend, ewig, geestelik (hoewel nie liggaamlik nie), persoonlik, goed (hoewel onvoorspelbaar), Skepper en Onderhouer van die wêreld. Tog, soos reeds genoem, kan ’n mens hierdeur nie die afleiding maak dat ATR as ’n teïstiese wêreldbeskouing gekategoriseer kan word nie, aangesien die kulturele gebruike van ATR van hierdie sogenaamde opperwese ’n afgod gemaak het: “The picture of God in ATR is expressed in narrative mythology and explanations of ritual” (Corduan, 2012:218).

Hierdie klaarblyklike en dubbelsinnige ooreenstemming van ’n opperwese-skeppergod met die ware Skepper-God van die Bybel kan misleidend wees. Daarom moet Christene wat met aanhangers van ATR in gesprek tree, veral daarop let om die verkeerde idees aangaande hulle godsbegrip reg te stel en deeglik te verduidelik, sodat dit nie voorkom asof ATR en Christene dieselfde God aanbid nie. In teenstelling met die Bybelse, Christelike wêreldbeskouing wat ’n almagtige en regverdige, maar ook persoonlike en liefdevolle God openbaar, glo ATR (alhoewel daar uitsonderings is, soos hieronder aangedui) dat hulle god slegs transendentiaal is en daarom vir die mens en sy daaglikse lewe byna ontoeganklik bly. Mathema (2007) skryf: “While the

traditional African believes in a supreme God, they also believe that this God lives far from those who are alive. In order to access Him, His power, and all His other benefits, the living have to go through intermediaries". Hierdie opperwese mag ook slegs in gevalle van uiterste nood aangeroep word en word dikwels met weerlig geassosieer, wat ook die weerpatrone beheer.

Teenoor die idee van hierdie god se ontoeganklikheid bestaan daar by die Maasai, die herderstam van Kenya en Tanzanië, 'n uitsondering. Hulle glo dat hulle met vrymoedigheid tot hulle god, *Engai*, kan nader en hom kan dank omdat hy persoonlik betrokke is — veral as gewer van beeste. Die Yoruba-stam van Nigerië glo ook in een opperwese, met die naam "*Olorun*" (wat "eenaar van die lug" beteken), maar, soos in die ander gevalle, beskou hulle hom as afgeleë. Wat interessant is van die Yoruba-stam, is dat hoewel hulle Olorun as hoogste opperwese vereer, hulle ook ander gode hiermee saam aanbid. Opmerklik is dat dit, wat byna soos 'n analogie van die Christelike godsdiens oor die rol van Vader, Seun en Heilige Gees klink, beteken dat terwyl Olorun as die almagtige god met skeppende krag gesien word, aanbid die mense ook *Orisa-nla* wat die skeppingswerk uitgevoer het. Sodoende word Orisa-nla alleen deur kultuspraktyk aangeroep en nie Olorun self nie. Die Yoruba-stam aanbid byvoorbeeld 'n ander god genaamd "*Esu*", wat mense se gebede aanhoor en by die ander gode vir hulle intree en pleit.

Ten spyte van die verering van 'n opperwese, met al die variasies wat daar onder die stamme voorkom, bly die geloof in geeste, sowel as die verering van voorvaders, sentraal in die alledaagse lewe. Hieroor skryf Corduan (2012:221):

For most people who practice ATR, however, the concept of God is not particularly relevant to their day-to-day lives. The form of religion they actually practice on a daily basis is animism. Of the two types of spirits usually present in animistic religion, nature spirits and ancestor spirits, it is the ancestors who receive the most attention in ATR.

6.4.4.2 Voorvadergeeste-verering as deel van verlossing

Die Suid-Afrikaanse Xhosa en Christenskrywer, Afrika Mhlope, wat oor die verering van voorvaders skryf (vgl. Mhlope, 2013:18-19), sê die volgende oor die plek van voorvaderverering in ATR (Mhlope, 2013:301):

Africans are not a homogenous group, but the different strands do converge and flow together as one overarching worldview. We see that even though the different tribes that make up the Nguni Nation of South Africa have differences in their beliefs and traditions, many of their beliefs center on the veneration of the dead.

Volgens Turaki (2000) is werklikheid en eindbestemming in ATR dus diep gesetel in die geesteswêreld, waar die handeling van geestelike wesens alle sosiale en geestelike verskynsels beheer. Hierdie geesteswêreld kan ingedeel word in 'n hiërargie volgens soorte, rolle, kragte en belangrikheid. Hierdie hiërargiese orde, met die mens se plek daarin, lyk soos volg (Turaki, 2000): "First in the hierarchy is the Creator, then the deities, object-embodied spirits, ancestors' spirits and other miscellaneous spirits that are non-human, comprising both good or harmless spirits

and evil spirits. Man stands between this array of spiritual hosts in the spirit world and the world of nature.” Binne hierdie reeks geestelike wesens, waarvan die wêreld vol is, staan veral die geeste van die voorvaders sentraal.

Corduan (2012:221) wys daarop dat, hoewel daar in ATR oor die algemeen dikwels na die term “voorvaders” verwys word, hierdie term misleidend wees. Dit dui nie noodwendig op ’n direkte voorvader of spesifieke afstammeling nie, maar verwys eerder na die voorvaders binne die stamme wat deel vorm van hierdie godsdiens of wêreldbeskouing. Meer nog, hierdie term “voorvaders” dui nie slegs op die afgestorwenes as sodanig nie. In ATR verwys die konsep eerder na die afgestorwenes wat steeds teenwoordig is in die gemeenskap van die stamme. In hierdie opsig behoort die begrip “voorvaders” dan ook verstaan te word as die lewende dooies. Die voorvaders word derhalwe steeds geëer asof hulle fisies sowel as geestelik teenwoordig is.

Met die voorvaders wat sentraal staan, stel Mhlope (2013:60) tereg dat ’n mens daarvan kennis moet neem dat almal wat volgens ATR doodgaan en deel van die voorvaders word, outomaties hemel toe gaan:

Those who consult ancestors do not believe that deceased people can go to different places in the afterlife. They believe that family members are reunited and, as a matter of fact, after someone’s burial a ceremony is done to incorporate him to the family ancestors ... Most people automatically assume that heaven is the place where their ancestors must be.

Op 'n byna sarkastiese wyse skryf Mhlope (2013:64) die volgende aan Christengelowiges wat moontlik steeds in ATR-denke vassit, om die absurditeit te beklemtoon van die idee dat voorvaders in hemel is om oor mense te heers: “How then do your ancestors find time to disconnect from what is happening in heaven to appear in your dreams and speak to you? Do they sneak out in a clandestine manner, because I cannot imagine they would receive permission from God?”

Nietemin word hierdie voorvaders steeds as deel van die familie en stam op aarde beskou. Hulle is teenwoordig en neem aktief deel van die lewens van mense op aarde, veral tydens belangrike geleenthede waar rituele uitgevoer word, soos by geboortes, huweliksluitings en afsterwes. Die voorvaders is ook bewus van alles wat die mense op aarde doen en is altyd gereed om in te gryp: om te seën wanneer goed gedoen word, en om met straf op te tree deur teëspoed wat tref wanneer mense verkeerde dinge doen. Op hierdie wyse dien die voorvaderverering as 'n morele sisteem waarin vergelding toegepas word. Die konsep dat slegte dinge met 'n mens gebeur, word dus nie bloot as natuurlike verskynsels gesien nie, maar dui op 'n vloek wat deur 'n voorvader veroorsaak is; goeie uitkomst daarenteen, word aan die voorvaders se seën toegeskryf. So word siekte byvoorbeeld nie slegs as 'n natuurlike oorsaak beskou nie, maar ook as 'n vloek van die voorvaders. Corduan (2012:223) skryf: “God, divinities, ancestors and nature spirits all demand their share of attention, though different tribes apportion this attention variously”, en verder: “They protect the social order, helping those who respect traditions, or hurting people who do wrong” (Corduan, 2012:222).

Die Zoeloe-stam glo byvoorbeeld dat die voorvaders onder die grond van hulle nedersettings (kraal) woon en dat hierdie voorvaders die morele orde beskerm en handhaaf. Binne hierdie opset het elke gesin 'n klein heiligdom (*Unumzane*) waar daaglikse offers of wierook aan die geeste gebring word. Die oudste man van die betrokke gesin tree op as familiehoof en funksioneer as priester namens die uitgebreide familie, wat die offerandes bring en so met die voorvaders kommunikeer.

Daarom is dit verstaanbaar dat lede van ATR, uit vrees, alles in hul vermoë sal aanwend om hierdie (voorvader)geeste te vereer. Trouens, wat binne ATR onder verering (*Venerating*) verstaan word, is nie dieselfde as aanbidding nie, maar dui eerder daarop dat die geeste behaag moet word. Anders gestel, mense moet die voorvaders gelukkig hou om seëninge van hulle te ontvang. Mhlope (2013:71-72) stel tereg dat, indien die voorvaders nie in hemel kan wees nie (soos hierbo genoem), daar slegs een ander plek is waar hulle kan wees, naamlik die hel. Tog is dit onmoontlik dat enigiemand — die voorvadergeeste ingesluit — seëninge op mense vanuit die hel kan uitgiet:

How then could it be possible for someone to be in hell and still try and provide for a person who is on earth? A person who is on earth is more comfortable than a person who is in hell ... It could not be possible to be burning in hell and still be watching over people who are on earth, is it?

Tog volhard die volgelinge van ATR daarin om hierdie voorvadergeeste te vereer. Hiervoor word gereelde offerandes soos kos, drank en simboliese voorwerpe, gebring

en daar word gestreef na 'n lewe wat gemeenskap-reëls nakom. Wanneer daar belangrike lewensbesluite geneem moet word, word rituele soos die gooi van beendere uitgevoer om die voorvaders se guns of leiding te verkry. Mense beskou die voorvaders egter nie as bose wesens nie, maar eerder as helpende geeste wat daar is om hulle goed te versorg. Dit is egter die onvoorspelbaarheid van hierdie voorvadergeeste, wat 'n gevoel van vrees by mense wek en wat hulle aanspoor om die voorvaders te eer, sodat hulle nie moontlik gestraf word nie.

Met die begrip van die teenwoordigheid van al hierdie geeste in die wêreld, vervaag die onderskeid tussen die bonatuurlike en die natuurlike. In effek is die Christelike idee van 'n hemel en 'n hel vir ATR allesomvattend op aarde. Die werklikheid op aarde is dus 'n fisiese plek wat nie alleen deur lewende mense bewoon word nie, maar ook deurspek is van die onsigbare geestelike en magiese towerkragte wat in tasbare dinge soos bome en klippe kan manifesteer. In hierdie opsig — waar gode wat in die wêreld en in die natuur kan woon — is ATR inderdaad 'n tipiese natuurgodsdiens.

Hierdie feit bring mee dat ATR, hoewel dit 'n naturalistiese godsdiens is, in teenstelling met sekulêre humanisme, 'n uiters geestelik-georiënteerde en bewuste godsdiens is waaraan die mens se hele lewe verbind is. In 'n onderhoud oor Afrikaspiritualiteit, wat met Jacob Olupona gevoer is, maak Olupona die volgende treffende stelling: “African spirituality simply acknowledges that beliefs and practices touch on and inform every facet of human life, and therefore African religion cannot be separated from the everyday or mundane” (Chiorazzi and Olupona, 2015).

Hierdie verweefdheid van die geestelike met die alledaagse lewe en kultuur is dus so omvattend dat dit die hele bestaan van die individu en die stam omsluit. Dit verseker dat geloof, familie, tradisie, kultuur en die alledaagse lewe 'n byna onbreekbare band vorm, waardeur dit vir byna geen ander wêreldbeskouing moontlik is om ATR se invloed te deurdring nie.

6.4.4.3 Rituele en die rol van bemiddelaars in ATR as deel van verlossing

Tradisionele rituele en seremonies vorm 'n kernonderdeel van ATR. Dit dien as 'n brug tussen die sigbare werklikheid en die onsigbare geesteswêreld van die voorvaders (vgl. Turaki, 2000). Hierdie rituele en bemiddelaars het nie alleen ten doel om harmonie met die voorvaders te handhaaf nie, maar verseker ook orde en standvastigheid in die sosiale strukture van die familie of stam. By byna elke belangrike gebeurtenis in die loop van 'n mens se lewe is daar 'n ritueel wat die nuwe lewensfase van die individu inlei. Corduan (2012:223) skryf: "African societies attach supreme importance to the distinct phases of life. In addition to family and clan memberships, age grades are crucial demarcations for communal loyalties".

Wat hierdie rituele betref, wys Mhlope (2013) herhaaldelik daarop dat die ATR-godsdiens op die oog af ooreenkomste met die Christelike godsdiens toon, maar dat dit in werklikheid 'n verdraaiing is, aangesien rituele alle eer aan die voorvaders gee eerder as aan die sogenaamde Skepper-God. Dit blyk dus dat ATR selektief sekere aspekte van die Christelike geloof by hulle reeds bestaande voorvaderverering geïntegreer het, terwyl die kernaspekte van die Christelike godsdiens nie aangeneem

is nie. Hierdie oënskynlike trekke van die Christendom en Ou Testamentiese gebruike kom veral in die rituele van ATR na vore, alhoewel dit steeds neerkom op voorvaderverering. Mhlope (2013:323), wat self oorspronklik uit die ATR-godsdiens kom en tot die Christendom bekeer is, stel dit eksplisiet: “Almost everything that is done under ATR is done for the benefit of the ancestors”.

Die rituele wat beoefen word, neem dus 'n sentrale plek in by ATR. Oor hierdie feit skryf Mhlope (2013:322): “Hardly anything takes place without the slaughtering of an animal or some type of sacrifice”. Hierdie rituele van die slag van diere vind by byna elke geleentheid plaas, in 'n poging om die voorvaders tevrede te stel. Wat die rituele van diere-offers verder betref, is daar sekere rituele riglyne wat gevolg moet word oor hoe hierdie vleis geëet behoort te word. Slegs sekere lede van die familie mag bepaalde dele van die offerdier eet. Selfs organe, soos byvoorbeeld die galblaas, word aan spesifieke rituele gewy; só kan dit byvoorbeeld aan tradisionele genesers in opleiding gegee word om aan hulle liggaam te dra.

Daar is ook allerlei godsdienstige en simboliese tekens en ornamente wat in die huise aangetref kan word, soos wierook, tradisionele medisyne, krale en verskeie diere-ornamente, wat alles daarop gemik is om die voorvaders te eer. Binne die huise is daar ook dikwels 'n hout paal waaraan offers gebring word om die voorvaders te vereer, en rondom hierdie paal kan gemeenskap met die voorvaders beoefen word. Sulke altare word ook op ander plekke opgerig, soos in die berge, naby riviere en in grotte.

Dit is dus duidelik dat rituele in ATR tweeledig van aard is, maar steeds een gemeenskaplike einddoel het. Eerstens is die doel om die voorvaders tevrede te stel sodat die individu in sy lewe op aarde geseënd kan bly. Tweedens het die rituele ten doel om die individu te laat deel hê aan die gemeenskap van die familie of stam. Die uiteindelijke doel van hierdie rituele is dus om klaarblyklike verlossing te verseker. Dit word oorkoepelend beskou as om (weder)gebore te word, deel te hê aan die sirkel van die lewe, die fakkel aan die nageslag oor te dra, te sterf en uiteindelik by die voorvaders aan te sluit om só voort te leef en die oorblywende lewendes van die familie of stam te lei (vgl. Mbiti, 1970:19-36). Daarom word hierdie rituele as toegangseremonies beskou (Corduan, 2012:223-226).

In lyn met hierdie doelstelling is daar ook 'n ander rede waarom rituele as belangrik beskou word, naamlik die beskerming van die individu teen magiese bese kragte. Hierdie bonatuurlike krag deurdring die kosmos en kan in mense, diere, plante en voorwerpe manifesteer. Die krag kan óf tot voordeel óf tot nadeel gebruik word (Turaki, 2000). Deur sekere rituele uit te voer, kan hierdie bonatuurlike kragte klaarblyklik beïnvloed en benut word. Rituele wat hierdie kragte kan beïnvloed, sluit onder andere die dra van sekere krale en die gebruik van sekere kruie, in. Hierdie kragte kan egter ook deur bese persone, soos toordokters, gebruik en gemanipuleer word om vloede oor mense te bring. Daarom is die rol van toordokters en tradisionele genesers so belangrik in die beoefening van ATR.

Turaki (2000) klassifiseer en benoem hierdie sogenaamde spesialiste as priesters, tradisionele medisynevervaardigers, goddelikes, mediums, towenaars, hekse ensovoorts. Wanneer Corduan (2012) kenmerke van tradisionele godsdienste in die algemeen verduidelik, voeg hy 'n sjamaan by hierdie lys, wat onderskei moet word van 'n tradisionele geneser. Terwyl tradisionele genesers deur rituele die geestelike kragte manipuleer, is die sjamaan 'n persoon wat deur die geestelike kragte beset word, waardeur hierdie kragte in en deur die sjamaan werk: "When the spirits have possessed the person, they apply their force directly by controlling the human being like a puppet on a string" (Corduan, 2012:211). So kan toordokters en sjamane geraadpleeg word om die geestelike kragte aan te wend. In hierdie opsig dien rituele dus ook 'n onmiddellike pragmatiese doel. As daar byvoorbeeld rampe of beproewinge soos siekte en armoede voorkom, kan die individu die tradisionele geneser, toordokter of sjamaan vir uitkoms raadpleeg, aangesien enige ongunstige gebeurtenis in 'n persoon se lewe as die gevolg van die slegte invloed van bonatuurlike kragte beskou word, wat glo veroorsaak is deur ongehoorsaamheid teenoor die voorvaders (vgl. Turaki, 2000).

Volgens Kibaara (2022) kan die verlossingsleer van die ATR in drie punte saamgevat word, naamlik dat tradisionele rituele boosheid kan afweer, dat daar 'n kontinuïteit van lewe is deur genealogieë, en die bewustheid van die voorvaderlike geesteswêreld van die lewende dooies. Dit beteken dat rituele uitgevoer word om boosheid af te weer en kosmiese sowel as gemeenskaplike harmonie te herstel. Samevattend kan dus gestel

word dat die verlossingsleer in die ATR fokus op die herstel van harmonie tussen die mens, die voorvaders en die natuur.

6.5.2 ATR-invloede in media, veral op kinders

Soos in die geval van ander naturalistiese godsdienste wat in hierdie hoofstuk bespreek is, word kinders ook deur die media, films en stories aan ATR blootgestel. Dit kan 'n invloed op Christenkinders se denke hê en negatiewe gevolge vir die vorming van hulle Christelike wêreldbeskouing inhou.

Om die invloed van ATR-konsepte in die samelewing te illustreer, volg hieronder 'n kort bespreking van 'n enkele voorbeeld uit die media. Hieruit word sekere apologetiese aanknopingspunte gebied vir volwassenes en ouers om Christenkinders in 'n Bybelse wêreldbeskouing te versterk. Hoewel slegs *The Lion King* (1994) in hierdie afdeling bespreek word, is die voorbeelde en besprekings onder Nuwe Ateïsme, Hindoeïsme en Boeddhisme ook relevant.

6.5.2.1 *The Lion King* (1994)

Die animasiefilm *The Lion King*, wat deur *Walt Disney Pictures* in 1994 vervaardig is, is een van die mees geliefde en invloedryke kinderfilms wat oor generasies heen gekyk word. Die film se verhaal fokus op die jong leeu met die naam Simba, seun van koning Mufasa. Die storie begin waar Simba nog 'n klein welpie is wat saam met al sy maats in die bosveld speel. Mufasa is die heerser van die *Pride Lands*, 'n koninkryk in die Afrika-savanne. Onder Mufasa se goeie regering leef al die diere in harmonie, in

wat die film die *“Circle of Life”* noem, waarin geboorte, dood en voortbestaan mekaar natuurlik opvolg.

Die orde in hierdie diereryk word egter versteur wanneer Mufasa se jaloerse broer, Scar, ’n bose plan beraam om Mufasa uit die weg te ruim. Deur ’n strik vir Mufasa te stel, slaag Scar daarin om sy broer dood te maak sodat hy self koning kan word. Scar manipuleer die jong Simba deur hom te laat glo dat hy vir sy pa se dood verantwoordelik is, en oortuig hom om land te verlaat sodat sy familie hom nie verkwalik en doodmaak nie.

In sy ballingskap ontmoet Simba twee nuwe vriende, naamlik ’n muishond met die naam Timon en ’n vlakvark met die naam van Pumba. Hierdie nuwe vriende van hom leef volgens die leuse *“Hakuna Matata”*, wat beteken: “Moenie bekommer nie”. Gedurende hierdie fase van sy lewe versaaak hy sy identiteit as leeu. Hy vergeet van sy vorige bestaan as die opvolger van die troon en leef sonder verantwoordelikheid volgens hierdie nuwe leuse.

Die keerpunt kom wanneer Rafiki, ’n blouaap en wysgerige sangoma, vir Simba kom opsoek sodat hy kan terugkeer om as koning te regeer. Aangesien Simba sy identiteit en roeping vergeet het, laat Rafiki hom in ’n soort visioen sy oorlede pa, Mufasa, sien. In ’n dramatiese toneel verskyn Mufasa se gees in die wolke en herinner hy vir Simba aan sy roeping, met die woorde: “Remember who you are. You are my son, and the one true king”. Hierdie toneel weerspieël die praktyk van ATR, waar voorvadergeeste

vereer word. Deur hierdie gebeurtenis lei Mufasa se gees vir Simba en spoor hom aan om sy roeping binne die gemeenskap te vervul.

Uiteindelik keer Simba terug na die *Pride Lands*, waar hy tot sy skok ontdek dat Scar se heerskappy die land in verwoesting gedompel het. Die hele balans van die natuur is versteur, met droogte en geen kos of water om van te leef nie. Simba onderneem toe om Scar te konfronteer en om sy regmatige troon in te neem. In tonele van groot spanning en geveg verslaan Simba vir Scar en herstel hy die orde in die natuur. Gevolglik keer die lewe in die natuur weer terug, met die land wat weer groen en vrugbaar is. Die film eindig met 'n toneel waar Simba en sy lewensmaat, Nala, hul jong welpie aan die diere van die land voorstel — net soos Mufasa aan die begin van die film met Simba gedoen het. So word die kring van lewe voltooi.

Dit is dus duidelik dat *The Lion King*'n naturalistiese wêreldbeskouing huldig, en meer spesifiek een wat met dié van die ATR ooreenstem. In teenstelling met die Christelike wêreldbeskouing, waar God Drie-enig verlossing en herstel bewerk, vertolk Simba se verhaal die idee dat verlossing 'n herstel van kosmiese balans behels, wat onder andere deur die verering van voorvaders verkry word. Die Bybel leer egter dat die sondeval veroorsaak het dat gemeenskap met God verbreek is, wat oordeel en verdoemenis vir die mensdom tot gevolg het. Daarom is dit alleen God wat verlossing en herstel kan bewerk, soos Hy dit ook in Christus gedoen het.

6.5.3 Apologeties-begeleidende gesprekke met kinders oor ATR

Net soos met ander naturalistiese godsdienste, is dit uiters belangrik om tydens enige gesprek met iemand wat by ATR betrokke is in gedagte te hou dat ATR 'n totaal ander siening van die wêreld en die werklikheid het as wat Christene het. Daarom, indien 'n mens die dwalinge van só 'n persoon wil aanspreek, moet die Christen toegerus wees en bereid wees om te begryp hoe ATR die wêreld en die werklikheid beskou.

Vir kinders behels dit dat hulle ten minste vertrouwd behoort te wees met die basiese beginsels van ATR, sowel as die van die evangelie, ten opsigte van onderwerpe soos skepping, sondeval, verlossing, en verheerliking. Daarom is dit belangrik (soos in vorige hoofstukke reeds beklemtoon is) dat Christenkinders van jongs af in die Bybel geskool word. Belangrik is dat nie net kennis van Bybelse waarhede opgedoen word nie, maar dat die evangelieboodskap ook in die daaglikse lewe toegepas word. Daarom is dit nie alleen Bybelkennis wat van belang is nie, maar ook dat ouers spesifieke vrae stel en toepassings maak.

Voorskoolse kinders hoef byvoorbeeld nie eksplisiet kennis te dra van terme soos skeppingsteorieë, of die diepgaande, dogmatiese aspekte van uitverkiesing en die sondeval nie. Hulle hoef nie noodwendig hierdie komplekse begrippe en teorieë aan te leer nie, maar kan abstrakte konsepte op eenvoudige wyse deur middel van vrae en begeleidende gesprekke verstaan. Voorskoolse kinders hoef ook nie van al ATR se rituele en gebruike kennis te dra om hierdie wêreldbeskouing as vals te kan

identifiseer nie. Om hierdie en ander konsepte aan te spreek, kan eenvoudige vrae en ingeligte gesprekke gevoer word, en kan toegeruste begeleiding gebied word.

Tydens sulke geleenthede kan spontane gesprekke maklik ontstaan, wat as waardevolle aanknopingspunte vir verdere gesprekvoering kan dien. Dikwels kom voorskoolse kinders self met relevante vrae na vore. Twee- tot driejarige kinders is immers bekend daarvoor dat hulle dikwels die “hoekom”-vraag vra. Waar kinders egter nie self sulke gesprekke inisieer nie, behoort ouers en almal wat met voorskoolse Christenkinders werk, sulke geleenthede te gebruik om gesprekke te inisieer en aan te moedig.

Deur hierdie soort vrae en gesprekke word kinders toegerus om hulleself teenoor ander wêreldbeskouings te verantwoord. Die tipe denke wat aan naturalisme ontleen is, het 'n wye invloed op moderne media en die opvoeding van kinders. Selfs al noem min kinderprogramme of -films openlik die godsdiens van ATR, word aspekte van hierdie wêreldbeskouing dikwels daardeur oorgedra. Vir Christenouers en -voogde bring dit nie alleen uitdagings mee nie, maar ook geleenthede. Aan die eenkant behoort hulle krities bewus te wees van hierdie invloede in gewilde kindermedia. Aan die anderkant kan hulle hierdie media gebruik as aanknopingspunt vir apologetiese gesprekke met hulle kinders, juis om aan te toon hoe 'n mens- of kosmosgesentreerde verstaan van die lewe verkeerd is en hoe 'n Godgesentreerde verstaan die werklikheid korrek verklaar. Om hierdie rede volg hieronder voorstelle vir gespreksvoering wat ouers toerus om kinders oor hierdie sake te onderrig.

6.5.3.1 Gesprek oor ATR se verlossingsleer

6.5.3.1.1 Laerskoolvlak-vrae:

Ek kan sien jy hou baie van die fliek, *The Lion King*. Ek hou ook baie van hierdie fliek. Baie grootmense het *The Lion King* al van kleins af al gesien en oor en oor gekyk. Dit is 'n baie mooi, maar ook 'n hartseer storie. Een van die dinge wat *The Lion King* vir kinders leer, is dat die lewe vol seerkry is en dat mense en diere op 'n stadium sal doodgaan. Dit is 'n goeie lewensles. Maar daar is ook ander lesse of boodskappe in die storie, waaroor ons kan praat, om te kyk of dit regtig in die werklike lewe so is soos wat die storie dit vertel.

Onthou jy byvoorbeeld hoe Mufasa vir klein Simba vertel het dat alles in die lewe deel is van die *Circle of life*? Hiermee bedoel hy dat elkeen 'n plek in die lewe het en dat jy moet doen waarvoor jy gebore is, sodat alles in die lewe in goeie balans kan wees. Daarna gaan jy dood, en dan is die kring van die lewe hier op aarde vir jou voltooi. As Christene glo ons ook só, nie waar nie? Maar hang dit van ons af om alles in die lewe in 'n goeie balans te hou?

Onthou jy in die storie toe Simba groot geword het, lank nadat Mufasa al doodgegaan het, dat Rafiki vir Simba kom soek het sodat hy na die *Pride Lands* kon terugkeer om as koning te regeer? Onthou jy Simba wou dit nie doen nie, en dat Rafiki vir Simba gelei het om weer met sy pa, Mufasa, te praat? Dink jy dit is moontlik om met jou geliefdes wat dood is, te praat? Mufasa het in die wolke aan Simba verskyn en met hom gepraat. Kan jy nog onthou wat hy gesê het? "Remember who you are. You are

my son, and the one true king". Hierdeur het Mufasa vir Simba gelei om sy roeping in die kringloop van die lewe te vervul.

Dink jy dit is moontlik dat geeste van mense wat reeds dood is, vir ons kan leiding gee om die regte dinge in die lewe te doen? Toe Rafiki vir Simba ontdek, sê hy: "The king has returned". Hy bedoel hiermee dat Simba teruggekeer het, maar hy sien waarskynlik ook 'n deel van Mufasa in Simba. Deur al hierdie dinge skep Rafiki die idee dat voorvadergeeste ons kan lei. Klink dit vir jou reg dat mense eers moet doodgaan sodat hulle geeste ons vanuit 'n geestelike wêreld kan lei?

Nadat Simba besluit het om na die *Pride Lands* terug te keer, vir Scar oorwin het en sy rol as koning ingeneem het, sien ons dat die land se dier- en plantlewe weer begin opleef. Dink jy die natuur kan self die regte balans kry en self herstel? Omdat leeus vleiseters is en so sterk is, praat ons baie keer daarvan dat die leeu die koning van die diereryk is. Dink jy dat leeus regtig regeer en besluit wat goed is vir die natuur?

Omdat die diere in die storie kan praat, kan 'n mens maklik dink dat die leeus mense in die wêreld voorstel. Soos in die storie, kry 'n mens slegte mense soos Scar, maar daar is ook goeie mense soos Mufasa en soos Simba. Het jy ook al na die storie gekyk en jouself ingeleef asof jy Simba in die storie is? Dalk het jy gedink dat jy baie respek vir Mufasa het, want hy is regtig 'n goeie pa. Dink jy dat jou pa op sy eie kan weet hoe om die hele wêreld goed te regeer, of is dit vir geen mens moontlik nie?

Is mense regtig in volle beheer oor alles wat op die aarde gebeur, en kan ons altyd die slegte dinge herstel sodat alles weer goed is? Kan mense op hulle eie die kwaad en die boosheid wat in mense se harte is, oorwin? Het ons 'n beter kans om die wêreld 'n beter plek te maak as ons vir ons voorvaders, wat nie meer leef nie, om hulp vra? Kan ons regtig sê dat my oupa wat oorlede is, iewers in die lug is om my te beskerm, of dat hy my sal help om by die res van my voorvaders uit te kom, soos wat Simba geglo het van die sterre wat hulle voorvaders voorstel?

6.5.3.1.2 Voorskoolvlak-vrae:

Het jy ook baie van die flik *The Lion King* gehou? Was dit vir jou hartseer toe Simba se pappa doodgegaan het? Dink jy ook dat Scar 'n baie slegte oom vir Simba was? Onthou jy, toe Simba nog klein was, het sy pappa vir hom geleer dat 'n goeie koning mooi na alles in sy koninkryk moet kyk? Ons wat Christene is, glo dit ook: ons moet almal mooi sorg vir die diere, die natuur en al die dinge wat God aan ons gegee het om op te pas. Maar daar is ook ander dinge wat Mufasa vir Simba geleer het — dinge waaroor ons moet nadink, en vra of dit in die regte lewe ook die waarheid is.

Onthou jy dat Mufasa vir Simba geleer het oor die *Circle of life*? In Afrikaans beteken dit “die kring van die lewe”. Hy het vir Simba geleer dat elkeen op aarde hier is om te doen waarvoor ons gemaak is. 'n Leeu moet byvoorbeeld regeer en bakkies vang, maar net wanneer hy honger is. As hy nie honger is nie, moet hy die ander diere mooi oppas. Dink jy regtig dat leeus soos konings kan regeer en, as hulle nie honger is nie, dat hulle vir die bakkies sal sorg? Hoe sal leeus ooit weet wat goed en reg is vir bakkies?

Nadat Mufasa doodgegaan het, het Scar vir Simba bang gemaak en gesê dat Simba moet vlug, anders gaan sy familie kwaad wees en hom doodmaak. Daarna het Simba vir Timon en Pumba ontmoet — hulle is tog baie snaaks, nê? Simba het dit baie geniet om by hulle te wees. Hulle het geglo dat 'n mens nie oor die slegte dinge in die lewe moet bekommer nie; daarom het hulle heeltyd gesê “Hakuna Matata”. Die Bybel leer ons ook dat kinders van die Here nie oor al die slegte dinge in die lewe moet bekommer nie. Dink jy Timon en Pumba sê dit omdat hulle in God glo, of dink jy hulle glo nie in God nie?

Simba het toe na hulle geluister en sy lewe baie geniet, maar hy nie gelewe soos 'n leeu veronderstel is om te lewe nie. Omdat die slegte Scar toe die *Pride Lands* regeer, het alles sleg geword — daar was nie meer water of kos vir die diere nie. Daarna het Rafiki gekom om vir Simba terug te roep, sodat Simba weer as die ware koning kon regeer. Eers wou Simba nie vir Rafiki luister nie. Daarop het Rafiki vir Mufasa — wat dood is — opgeroep om met Simba te praat. Dink jy regtig dat mense wat dood is, soos 'n gees met ons kan praat, soos wat Mufasa met Simba vanuit die wolke gepraat het? As jy bang is of nie weet nie wat om te doen nie, dink jy dat jou oupagrootjie wat nie meer lewe nie jou kan help, eerder as wat God jou kan help?

Nadat Simba vir Scar gewen het en weer as die goeie koning in die *Pride Lands* regeer het, het alles in die natuur weer begin groei — alles het weer goed gegaan. Dink jy dat diere soos leeus self weet wat reg en verkeerd is vir die natuur, of leef hulle net soos God hulle gemaak het? Is dit die natuur wat alles reg hou, of is dit God wat alles

reg en in plek hou soos wat Hy dit bedoel het? Net soos met Scar en Simba, is daar soms mense wat sleg is en ander wat goed is. Dink jy dat goeie mense ook partykeer stout of verkeerd kan wees? Dink jy dat goeie mense altyd alles reg doen? Kan mense self die slegte dinge soos sonde wen, net deur goeie dinge te doen, of het ons iemand anders, soos God, nodig om ons te help?

6.5.3.1.3 *Konseptantwoord en beredenering van die ouer:*

The Lion King leer vir ons baie waardevolle en mooi dinge. Daar is goeie lewenslesse wat ons daaruit kan neem. Maar ons moet ook versigtig wees vir verkeerde idees wat lyk asof dit ooreenstem met dit wat ons as Christene glo, maar wat eintlik verkeerd kan wees. Die flik *The Lion King* vertel van hoe ander godsdienste in Afrika die wêreld sien. Omdat hierdie godsdienste so baie dieselfde of eenders glo, word hulle genoem Afrika tradisionele godsdienste (ATR).

Die verskillende Afrika-godsdienste glo nie almal presies dieselfde nie, maar op een of ander manier glo hulle almal in die aanbidding van hulle voorvaders. Baie van hulle glo ook in 'n God wat alles geskape het, maar dat Hy hulle nie in die lewe kan help nie. Hulle glo dat net die voorvaders wat reeds dood is, hulle kan help. Hulle glo dat hierdie voorvaders as geeste steeds hier op aarde by die mense is — niemand kan hulle sien nie, maar hulle kan jou sien en hulle kan jou help. Die voorvaders is dan eintlik die “lewende dooies” wat in een of ander hemel is, maar terselfdertyd ook op aarde is.

Hierteenoor leer die Bybel dat wanneer mense sterf, kom hulle nie weer terug nie en kan hulle ook nie die lewendes hier op aarde help nie. Die Bybel waarsku duidelik teen

praktyke waar daar gepoog word om met afgestorwenes of geeste kontak te maak. In Deuteronomium 18:10–12 leer God dat niemand onder sy volk die dooies mag raadpleeg of kontak met hulle mag maak nie, omdat dit deel was van die Kanaänitiese afgodediens. God sê dat sulke dinge vir Hom 'n gruwel is. Die Bybel leer dat mense wat reeds gesterf het, nie kan terugkeer of met die lewendes kan kommunikeer nie (vgl. Luk. 16:26). Dit is daarom onmoontlik om werklik met afgestorwenes te praat. Wanneer mense dink dat hulle met voorvaders kontak maak, is dit nie die afgestorwenes nie, maar die bese geeste wat hulleself as sulke geeste voordoen. Paulus sê ook in 1 Korintiërs 10:20 dat diegene wat aan afgode offers bring, eintlik aan demone offers bring.

Afrika-godsdienste glo dat 'n mens alles in jou vermoë moet doen om die voorvaders gelukkig te hou, anders gaan die voorvaders jou lewe moeilik en onaangenaam maak. Daarom is hulle eintlik baie bang vir die voorvaders. Anders as Christene, wat die Bybel het, het hierdie Afrika-godsdienste nie heilige boeke wat vir hulle leer hoe om te lewe nie. Alles wat hulle glo, word op een of ander manier deur hulle voorvaders oorgedra en dit word uitgeleef in die stamlewe van die gemeenskap — soortgelyk aan hoe leus, soos Mufasa in die diereryk, in groepe saamleef. Hulle geloof is baie naby aan hulle familie en kultuur, en hulle glo dat die voorvaders steeds altyd by hulle is om leiding te gee.

In die Afrika-godsdienste moet mense allerhande dinge in hulle godsdienste doen om seker te maak dat hulle voorvaders hulle sal sien, en dat hulle eendag na hulle

voorvaders sal gaan wanneer hulle sterf. Hierdie is dinge soos om 'n pasgebore baba voor die volk te bring sodat die voorvaders hierdie kindjie as deel van die stam kan seën. Ons sien dit ook by Mufasa, wat klein Simba aan die volk gewys het, en ook later toe Simba en Nala 'n welpie gehad het. Ons kan eintlik sê dat hierdie Afrika-godsdienste al hierdie goed doen omdat hulle glo dat dít hulle uiteindelik sal red.

Verder, net soos met Rafiki, glo hierdie godsdienste dat daar geestelike leiers is wat met die voorvaders kan kommunikeer sodat hierdie leiers mense kan help om die seën van die voorvaders te verkry. Hierdie leiers staan bekend as sangomas. Hulle moet allerhande goed van die natuur gebruik, soos klippe, stokke en kruie, om die mense op hierdie manier by te staan. Maar die Bybel verbied dit om met die geeste van dooies te kommunikeer of om mense te raadpleeg wat sê dat hulle kontak met afgestorwenes het. Sulke praktyke is bose handeling van die vyand wat mense mislei om hulle van die ware aanbidding van die Here af weg te lei.

In hierdie Afrika-godsdienste sien ons eintlik dat die mens allerhande werke moet doen om sy eie verlossing te bewerk. Die mens moet alles moontlik doen om in hierdie lewe deur die voorvaders geseën te word, en moet daarby allerhande rituele uitvoer om seker te maak dat hy, wanneer hy sterf, by sy voorvaders en by die Skepper-God kan wees. Dit is 'n godsdiens waarin mense en die natuur op een of ander manier bo die God van die Bybel aanbid word.

Daarteenoor leer die Bybel vir ons dat ons nie ons voorvaders moet vereer nie, maar aan God alleen al die eer en aanbidding moet bring. Hy is die Een teen wie ons

gesondig het, en Hy is die Een wat ons met die ewige dood kan straf vir ons sondes. As Hy ons nie kom red het nie, sou ons vir ewig verlore gewees het. God is ons hemelse Vader wat ons baie liefhet — so lief dat Hy sy eie Seun gegee het om ons straf te dra en vir ons die ewige lewe te bewerk. Ons hemelse Vader het Jesus met die ewige dood aan die kruis gestraf, sodat ons vir ewig sy kinders kan wees wat vir Hom lewe. Dit beteken dat ons God met ontsag en eerbied kinderlik vrees, omdat Hy groot en almagtig is, maar ook dat ons soos kinders veilig kan voel by ons hemelse Vader, wat vir ons lief is en wat vir ons sorg.

Ons hoef nie, soos in die Afrika-godsdienste, bang te wees dat God ons sal straf en dat ons dalk verlore sal gaan nie. Hy het reeds die volle straf op Jesus Christus gelê. Ons het nie voorvaders nodig om ons in kontak met God te bring nie — geen mens of gees kan dit doen nie. Die Bybel leer dat alleen Jesus Christus tussen ons en God kan tree, omdat Hy met sy onskuldige bloed betaal het vir die sondes en die dood oorwin het. Hy is die Een wat ons aan die Vader verbind, en die Heilige Gees van God is die Een wat ons aan Jesus Christus en sy verlossing verbind. Alleen Jesus Christus maak verlossing moontlik, en alleen Hy gee vir ons vrede by God.

Kan julle sien dat al is die fliek *The Lion King* baie goed en al is daar baie mooi dinge wat ons uit die storie kan leer, hierdie verhaal 'n valse verlossing verkondig volgens dit wat die Afrika-godsdienste glo? Ons moet onthou dat die regte lewe nie 'n "kringloop van die lewe" is soos wat *The Lion King* vertel, waarin ons sonder God maar net moet lewe en op die einde doodgaan nie. God het ons met 'n baie spesiale doel gemaak,

sodat ons kan lewe soos wat Hy dit wil hê, en sodat ons Hom sal eer en sy Naam sal groot maak deur die manier waarop ons vir Hom lewe. Verder het God vir ons die Bybel gegee, sodat ons Hom kan ken, in 'n verhouding met Hom kan leef, en kan weet hoe Hy wil hê dat ons moet lewe. Wanneer ons eendag sterf, is dit nie die einde van ons lewe nie — nee, dan sal ons vir ewig by God leef. So sien ons dat dit nie mense of die natuur is wat hierdie stukkende wêreld vol sonde kan nuut maak nie, maar God self, wat vir alles sorg, oor alles regeer, en alles weer nuut sal maak. Dit is die ware verlossing wat God aan ons openbaar in die Bybel.

6.6 SAMEVATTING

Hoofstuk 6 het die verlossingsleer van naturalistiese wêreldbeskouings bespreek en aangetoon hoe hierdie godsdienste die plek van God as Verlosser met mensgesentreerde pogings vervang. Binne die breër raamwerk van Eenheidsisme (vgl. Jones, 2015) is verskeie naturalistiese godsdienste se verlossingsleer ondersoek, naamlik dié van Nuwe Ateïsme, Hindoeïsme, Boeddhisme en die Afrika Tradisionele Godsdiens (ATR). Al hierdie wêreldbeskouings deel die oortuiging dat verlossing op een of ander manier uit die mens self of uit die geskape werklikheid verkry word — hetsy deur kennis, morele ontwikkeling, selfverligting, bevryding uit lyding of deur sekere rituele.

Die hoofstuk het ook aangetoon hoe hierdie naturalistiese idees deur moderne media, animasie en populêre kultuur oorgedra word, wat reeds van voorskoolse ouderdom af 'n diepgaande invloed op kinders se denke en verlossingsbegrip uitoefen. Juis daarom

is apologetiese toerusting noodsaaklik, sodat ouers en opvoeders kinders kan help om te onderskei tussen die selfgerigte verlossingsbegrip van naturalistiese godsdienste en die genade-verkondiging van die evangelie van verlossing deur Jesus Christus alleen.

Deur middel van apologetiese riglyne en gesprekke oor films en stories bied hierdie hoofstuk praktiese hulpmiddels om kinders te leer om naturalistiese verlossingsgedagtes te herken, te evalueer en antities daarteenoor te bely dat slegs God Drie-enig ware redding skenk. Só vorm hoofstuk 6 die noodsaaklike voorbereiding vir hoofstuk 7, waarin die Bybels-Christelike leer oor verlossing en verheerliking breedvoerig uiteengesit word, sodat ouers en kinders kan groei in die kennis van Christus as die enigste Verlosser wat deur sy Gees volkome heil bewerk.

HOOFSTUK 7: ANTITETIES — CHRISTELIKE LEER OOR VERLOSSING EN VERHEERLIKING

Op 'n Sondagmiddag, 22 Januarie 2023, terwyl ek besig was in die huis, het my sesjarige dogtertjie onverwags begin gesels oor die hemel en hoe dit daar sou wees. In ons gesprek het sy aan my verduidelik dat sy gedink het daar sou weer 'n vrug wees soos in die tuin van Eden, waarvan 'n mens nie mag eet nie. Hierdie idee het haar laat dink dat die hemel moontlik 'n slegte plek kan wees, aangesien ons weet wat met die wêreld gebeur het toe Adam en Eva van die verbode vrug geëet het. Ek het haar toe reggehelp en verduidelik dat ons as gelowiges vir ewig in die hemel sal lewe en dat ons nie uit die hemel uitgegooi sal word soos wat die mens uit die tuin van Eden verbied is nie.

Sonder enige verdere gesprek hieroor het sy daarná gevra: “Hoe het God die Bybel aarde toe gebring?” Ek het onmiddellik geantwoord en verduidelik dat dit 'n baie goeie vraag is, en geantwoord: “God het mense gebruik om sy Bybel te skryf”. Sy het eenvoudig geantwoord, en gesê: “Ouky”. Tevrede met hierdie antwoorde het sy weggestap en ons het voortgegaan met die dag se aktiwiteite (Venter, 2023).

7.1 INLEIDING

Die bostaande verhaal oor die gesprek tussen my en my sesjarige dogtertjie dien as voorbeeld van hoe voorskoolse kinders diep teologiese vrae oor geloofswaarhede en verlossing kan stel en hoe sulke waarhede op 'n verstaanbare wyse aan kinders verduidelik en oorgedra kan word. Dit dien as 'n herinnering dat die Christelike leer en die mens se verlossing nie slegs teoreties of dogmaties is nie, maar persoonlik gerig is op die hart en denke van die kind wat leer om Christus as sy of haar Verlosser te ken en te vertrou. Hieruit vloei die noodsaak voort dat ouers en opvoeders deeglik

vertroud behoort te wees met die leerstellige inhoud van die Christelike wêreldbeskouing, in teenstelling met ander wêreldbeskouings, en veral godsdienste wat 'n naturalistiese wêreldbeskouing handhaaf, soos in hierdie studie ondersoek word.

Saam met hoofstuk 6 vorm hoofstuk 7 deel van Afdeling C van hierdie studie, wat fokus op die leer oor verlossing en verheerliking. Terwyl hoofstuk 6 die verlossingsleer van die Nuwe Ateïsme en ander naturalistiese Eenheidsisme-godsdienste (vgl. Jones, 2015) ondersoek en apologetiese riglyne aan ouers bied, voorsien hoofstuk 7 die antitetiese antwoord vanuit die Bybels-Christelike wêreldbeskouing.

Hierdie hoofstuk fokus op die Christelike leer oor verlossing en verheerliking soos dit in die Skrif geopenbaar en in die gereformeerde belydenisskrifte saamgevat word. In teenstelling met die beskouing van verlossing as selfontplooing, morele vooruitgang of ontvlugting uit lyding — aspekte wat dikwels in naturalistiese godsdienste voorkom — verkondig hierdie hoofstuk die Bybelse waarheid dat redding en versoening met God uitsluitlik in die Persoon en werk van Jesus Christus gevind word, deur die Heilige Gees wat die uitverkorenes deur geloof aan Christus verbind.

Deur middel van verskeie huisgodsdienste-temas word ouers toegerus om aan kinders te leer dat Christus die Verlosser is wat deur sy vernedering en verhoging volkome versoening bewerk het en aan die uitverkorenes die ewige lewe skenk. Hoofstuk 7 verbind dus die antitetiese kern van die Christelike verlossingsleer prakties aan die roeping van ouers en opvoeders tot geloofsopvoeding in die genadeverbond,

waardeur kinders leer om hul hoop nie in hulleself of in die wêreld te stel nie, maar in Christus alleen, wat die verlossing wat Hy begin het, in hulle sal voleindig deur sy Gees, soos in die gereformeerde heilsorde uiteengesit word. Sodoende word aan hulle die nodige grondslag gegee om in apologetiese gesprekke te kan weet wat hulle glo en dit te verdedig.

7.2 HOE VERLOSSING BEWERK WORD: DIE PERSOON VAN CHRISTUS

7.2.1 Huisgodsdienst-tema: Wie sê julle, is Jesus? Hy is die Christus, ware mens en ware God, sodat Hy ons kan verlos.

Hierdie huisgodsdienst-tema vorm deel van hoofstuk 7 in Afdeling C, wat fokus op die Christelike verlossingsleer as antitetiese antwoord op die valse verlossing wat deur naturalistiese wêreldbeskouings van Eenheidsisme (vgl. Jones, 2015) voorgehou word (teties). Waar hoofstuk 6 aantoon hoe naturalistiese en Oosterse wêreldbeskouings (soos Nuwe Ateïsme, Hindoeïsme, Boeddhisme en ATR) verlossing reduceer tot selfontwikkeling of ontvlugting uit lyding, herinner hoofstuk 7 aan die Bybelse waarheid dat verlossing slegs in die Persoon en werk van Jesus Christus moontlik is. Hierdie huisgodsdienst-tema fokus veral op die Persoon van Christus en sy Name soos in die Skrif vervat, en dien as fondament vir die res van die hoofstuk. Sodoende word ouers toegerus om aan hul kinders te leer dat Jesus werklik God én mens is — maar sonder enige sonde — en dat slegs Hý die waardige Middelaar is wat werklik verlossing uit die mens se ellende kan bewerk. Op hierdie wyse word ouers toegerus om hul kinders apologeties te leer onderskei tussen die

wêreld se naturalistiese idees oor selfverlossing en die Skrif se openbaring van Christus as die enigste Weg tot saligheid.

Lees: Matteus 22:41-46; Matteus 16:13-17

Fokus: Matteus 22:41-46; Matteus 16:13-17; Heidelbergse Kategismus, Sondag 5, vraag en antwoord 15 tot Sondag 6, vraag en antwoord 18

Die leer oor verlossing is 'n omvattende leer wat uit verskeie aspekte bestaan. Aan die eenkant betrek die verlossingsleer al drie Persone in die Drie-eenheid: God die Vader begin die verlossing, die Seun voer dit uit, en die Heilige Gees pas dit op die mens toe of bekragtig dit (Heyns, 1978:299-301).

In hierdie deel dui Heyns eers aan op watter wyse die Heilige Gees by al die aspekte van die mens se heil betrokke is, en maak dan 'n baie belangrike opmerking: “Steeds moet egter in gedagte gehou word dat die historiese verwerkliking van die verbond en die vervulling van sy beloftes die vrug is van die ewige heilige oorleg tussen die Vader, Seun en Gees in die *pactum salutis*” (Heyns, 1978:300).

In 'n vorige huisgodsdienstema is die verhouding tussen die Vader en die Seun reeds bespreek as deel van die *pactum salutis* (afdeling 3.3.7.2.2). Die volgende is uitgelig: “Deur die Skrifte te ondersoek, is dit duidelik dat daar 'n verbond is tussen die Vader en die Seun, sodat die Vader sy Seun aarde toe gestuur het met 'n opdrag wat die Seun moet uitvoer”. Verder is ten opsigte van hierdie *pactum salutis* genoem dat dit troosvol is omdat die Vader die Oorsprong, die Seun die Verkryger, en die Heilige Gees die Toepasser van ons verlossing is (vgl. Bavinck, 1909; Van Genderen & Velema, 2008:205).

Tog leer die Skrif ons dat Jesus Christus die Eniggebore Seun van God en die enigste Verlosser is, en sentreer die verlossing rondom sy Persoon en sy werk. Die Naam “Jesus” beteken immers Verlosser. Daarom handel die verlossingsleer in wese oor die vrug van die werk van Christus, maar sluit dit geensins die Vader of die Heilige Gees uit nie. Trouens, wanneer ons in die verlossingsleer terme hoor soos uitverkiesing, roeping, wedergeboorte, geloof, bekering, regverdigmaking, heiligmaking en volharding, het ons te doen met die Heilige Gees wat hierdie weldade (*benefits*) van Christus in die mens bewerk. Dit bly egter steeds Christus wat die vrug van sy werk as uitvloeisels (*effects*) aan ons meedeel deur sy Gees (Van Genderen & Velema, 2008:573-575).

Op 'n ander plek stel Van Genderen en Velema (2008:203) dit goed: "The work of Christ cannot be separated from the work of the Spirit, who is also the Spirit of Christ. The Mediator is dependent on the support of the Holy Spirit, but the work of salvation of the Spirit is in turn dependent on the work of Christ".

Heyns (1978:298) sê ook dat die Heilige Gees werk verrig "in aansluiting by en as toepassing van die Middelaarswerk wat Jesus Christus alreeds volbring het. Vir die verlossing en saligheid van die mens is hierdie werk van die Gees net so onmisbaar as die plaasvervangende lyding en sterwe van Jesus Christus".

Om hierdie rede vra Jesus vir sy dissipels, en ook vir elkeen van ons: "Maar julle, wie sê julle is Ek?" (Mat. 16:15). Hierdie vraag bring ons by die kern van ons geloof. So stel Van Genderen en Velema (2008:437) dit: "Faith in Christ is the core of the creed of the church. It is *the heart of the Christian faith*. For this reason Christology is the centerpiece of dogmatics". Trouens, dít wat jy glo en bely oor Wie Jesus Christus is, is bepalend vir jou saligheid. Indien jy verkeerd bely oor Wie Jesus Christus is, het jy nie die verlossing nie.

Daarom kan ons in die leer oor die verlossing nie anders as om te fokus op die Verlosser nie: (1) in sy Persoon; (2) in sy verlossingswerk; (3) op die vrug wat Hy deur sy verlossingswerk gebring; en (4) op hoe die mens aan hierdie genade van die Verlosser deel word.

In hierdie verband wys Van Genderen en Velema (2008:575) daarop dat die titel van Calvyn se derde boek, hoofstuk 1 'n goeie opsomming bied van wat presies onder die

verlossingsleer behandel behoort te word. Dit kan saamgevat word in die volgende vier terme: (1) die *genade* van Christus, (2) die *wyse* waarop ons daaraan kan deel kry, (3) die *vrug* wat daaruit voortspruit, en (4) die *effekte* daarvan.

Voordat ons egter na die Persoon of die werk van Christus kyk, moet ons baie versigtig wees om nie die Persoon en werk van Christus van mekaar te skei nie. “The person and work of Christ cannot be separated” (Van Genderen & Velema, 2008:438, 440). Ons moet onthou dat ons Here Jesus as Persoon die Verlosser is, maar dat Hy deur sy werk ook verlossing bewerk. Hy is dus die Verlosser wat verlossing bring.

Van Genderen en Velema (2008) waarsku dat die Persoon en werk van Christus nie van mekaar geskei mag word nie. Dit kan daartoe lei dat ’n verdraaide beeld — *visa versa* — tussen die Persoon en werk ontstaan, wat op sy beurt nog verdere verdraaiings tot gevolg kan hê. Hulle stel dit soos volg (Van Genderen & Velema, 2008:440):

If Christ were not the only-begotten Son of God and if both Scripture and confession erred in calling him thus, we would not only treat him differently but also his work ... We hold that the person and work of Christ are inextricably connected. The significance of Christ’s work can only be understood when it is seen as the work of this very person. The significance of the person of Christ is manifested in all of his work.

Kom ons neem vir vandag se huisgodsdiens-tema die Persoon van Christus as tema in behandeling, terwyl ons nie vergeet dat wie Hy is, onlosmaaklik verband hou met wat Hy doen, en omgekeerd nie. Ons sal vervolgens in die eerste plek stilstaan by die Name van Christus; en by ’n volgende geleentheid by Christus as God en mens.

7.2.1.1 *Christus se Name*

Nadat Jesus vir sy dissipels gevra het wie hulle sê Hy is, het Petrus geantwoord: “U is die Christus, die Seun van die lewende God” (Mat. 16:16). Jesus het hom toe geantwoord deur te sê dat hierdie belydenis slegs gemaak kan word as die Vader dit deur die geloof aan ’n mens openbaar.

Reeds in hierdie teksgedeelte lees ons van verskeie name waarmee Jesus Homself openbaar. So maak die Nuwe Testament Jesus aan ons bekend deur middel van ’n verskeidenheid name. Net soos die Ou Testament soveel name vir God gebruik, dui hierdie veelheid van name nie aan dat ons ’n veelheid van gode aanbid nie, maar wys dit op die grootsheid van ons God en Verlosser¹³⁰.

Onder andere maak Hy Homself aan ons bekend deur die volgende name: (1) Jesus, (2) Verlosser, (3) die Christus, (4) die Seun van die mens, (5) die Seun van Dawid, (6) die Seun van God, en (7) Here. Kom ons kyk nou kortliks wat elkeen van hierdie name beteken (Van Genderen & Velema, 2008:441-446).

7.2.1.1.1 *Oor die naam Jesus*

Die naam Jesus beteken Verlosser. So bely ons dit in Sondag 11 van die Heidelbergse Kategismus. Hierdie naam beteken egter meer as dit. Die naam “Jesus” is afkomstig van die Hebreeuse naam “Joshua”, wat beteken: “Jahweh verlos” of “Jahweh maak

¹³⁰Deur hierdie verskeidenheid van name en beskrywings wil die Skrif ons nie leer dat ons baie gode aanbid of dat God Homself in verskillende vorme manifesteer nie. Inteendeel, die Skrif leer ons van God se oneindige grootheid, sy heerlikheid en sy betrokkenheid by sy skepping (Van Genderen & Velema, 2008:134-135).

vry” (Friberg *et al.*, 2000; Liddell *et al.*, 1996; Louw & Nida, 1989)¹³¹. Ons bely dan ook dat Jesus “ons van al ons sondes verlos, en dat daar by niemand anders enige saligheid te soek of te vind is nie” (Heidelbergse Kategismus, Sondag 11, vraag en antwoord 29). Dit is die Naam wat die engel aan Josef in 'n droom gegee het om die Kind te gee wat deur die Heilige Gees in Maria verwek is. Die engel het gesê: “Jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos” (Mat. 1:21). Hierdie verwagte Messias sou vir die volk verlossing bring van hulle sondes.

7.2.1.1.2 Oor die naam Verlosser

Net so is “Verlosser” die tweede naam wat baie spesifiek aan Jesus gegee word. Hierdie woord “Verlosser” is in die brontaal nie dieselfde woord as die Naam “Jesus” nie, en die betekenis van hierdie woord is ook nie dieselfde as “bevryding” nie. Nietemin kom die betekenis van hierdie woord byna op dieselfde neer. Dit beteken om iemand te red van en te beveilig teen gevaar. Jesus, as die Verlosser, red ons dus in 'n geestelike sin van die ewige dood.

7.2.1.1.3 Oor die name Christus en Seun van Dawid

Toe Jesus vir sy dissipels vra wie hulle dink Hy is, bely Petrus deur te sê dat Jesus die Christus is (vgl. Mat. 16:16). Toe Jesus die Fariseërs vra: “Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy?”, het die Fariseërs Hom geantwoord: “Dawid s'n” (Mat. 22:42). So hoor ons van Jesus as die Christus, maar ook as die Seun van Dawid.

¹³¹Die Hebreeuse woord, יְהוֹשֻׁעַ (Yəhōšūa), wat as “Joshua” vertaal word, beteken “Jahweh is Verlosser”. Dit is dus 'n samestelling van יהוה (YAH-weh) en יָשָׁע (yāša‘). Laasgenoemde beteken “om iemand te bevry” (Brown *et al.*).

Net soos die naam “Jesus” sy oorsprong in Hebreeus het, vind die woord “Christus” sy oorsprong in die Hebreeuse woord “Messias”. “Christus” of “Messias” beteken “Gesalfde”, soos wat ons in Sondag 13 van die Heidelbergse Kategismus bely.

Vanuit die Ou Testament dui hierdie salwing meer spesifiek op die salwing van ’n koning, soos wat Psalm 2 dit uitdruk. In hierdie koningspsalm lees ons hoe God die konings van die aarde bespot wat in opstand kom teen sy gesalfde koning. Die volk het dus gewag op die vervulling van die belofte wat God aan Dawid in 2 Samuel 7 gemaak het, naamlik dat daar ’n Koning sou kom wat vir ewig op Dawid se troon sou regeer.

Dan lees ons in die Nuwe Testament dat die engel aan Maria bekend maak dat sy haar Kindjie, Jesus moet noem, en dan sê hy: “Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie” (Luk. 1:32-33).

Met Jesus as Koning word daar ook dikwels na Hom verwys as die Seun van Dawid, omdat Hy die vervulling is van die belofte en as Koning en Here soewerein regeer. Jesus word dus deur God as Koning aangewys en gesalf. Die benaming “Christus” dui egter ook op sy drievoudige amp as Profeet, Priester en Koning, wat ’n vervulling van die Ou Testamentiese Messias is.

7.2.1.1.4 *Oor die naam Seun van die mens*

In lyn met die benaming van Christus as die Gesalfde, as die Messias, verwys die Nuwe Testament na Christus as die Seun van die mens. Baie mense glo dat hierdie benaming slegs verwys na ons Verlosser se mensheid, maar dit dui in werklikheid ook op Hom as die Messias, hoewel dit uit 'n Nuwe Testamentiese perspektief benader word.

Waar die Jode 'n Messias verwag het wat God sou stuur as 'n kragtige Koning om hulle polities te verlos van naburige konings en wêreldmagte, is die Messias wat in die Nuwe Testament aankondig word nie iemand wat die volk met krag en mag sou verlos nie. Jesus Christus, as Messias, het eerder gekom om sy volk deur sy offer te verlos. Hiervan getuig die profeet Jesaja in hoofstuk 53, waar ons lees:

Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie. Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra (Jes. 53:2b-4a).

Ons lees verder: “Maar dit het die HERE behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak; as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien” (Jes. 53:10a-c).

Om hierdie rede verwys die Nuwe Testament na ons Verlosser as die Seun van die mens, om aan te dui dat Hy die kneg van die HERE is wat sy volk nie deur mag nie, maar deur sy lyding sal verlos.

7.2.1.1.5 *Seun van God*

Die Nuwe Testament noem Jesus Christus ook die Seun van God. Dit dui daarop dat Jesus afkomstig is van God en baie direk met God geassosieer word. Daar is dus 'n direkte eenheid tussen die Wese van die Vader en die Seun, sodat Vader en Seun een in Wese is. In kort dui dit op Christus se Godheid.

Tog word Christus as die Seun van God aangedui. Dit beteken nie dat Jesus Christus in Wese aan God ondergeskik gestel word, asof Hy deur die Vader geskape of uit Hom gebore is nie¹³². Inteendeel, wanneer daar na Jesus verwys word as die Seun van God, of die eniggebore Seun van God, dui dit juis daarop dat Christus van die begin van tyd saam met die Vader bestaan het. Trouens, Hebreërs leer ons dat hierdie eenheid so sterk is dat daar staan: God het die wêreld deur sy Seun gemaak (Heb. 1:2), en dat die Vader die Seun "God" noem (Heb. 1:6 e.v.), soos die Seun dit ook van die Vader sê.

7.2.1.1.6 *Here*

Jesus Christus is een in Wese met die Vader. Hy wat die wêreld geskape het, is terselfdertyd ons Verlosser wat vir ons gesterf het en uit die dood opgestaan het om saam met die Vader in die hemel te regeer. Daarom noem ons Hom ook ons Here, wat as Koning oor ons hele lewe heers, en Hy doen dit deur sy Woord en Gees.

¹³²Vir meer inligting oor hierdie dwaling van Subordinasionisme kan na afdeling 3.3.3 verwys word wat handel oor Godsleer: Drie-eenheid van God.

Oor wat dit alles verder inhou dat Christus ons Here is, sal ons, indien die Here wil, volgende keer meer oor hoor. Ons sal dan ook daarmee saam bespreek wat dit beteken dat Christus waarlik God en terselfdertyd waarlik mens is.

Maar dit waarop ons ten slotte wil stilstaan, is dat ons Verlosser, Jesus Christus, Homself aan ons bekendmaak deur verskillende name — nie om na Homself te verwys as 'n veelheid van gode nie, maar om ons te wys op die grootsheid van Hom as die Christus wat deur die Vader gestuur is en tot Koning, Priester en Profeet gesalf is, om as Middelaar die gelowiges van al hulle sondes te verlos.

Deur hierdie huisgodsdienstema leer ouers en kinders saam dat ware verlossing nie in die mens self geleë is nie, maar in die Persoon van Jesus Christus — in Hóm wat ware God en ware mens is, maar sonder sonde. Hierdie belydenis vorm die kern van die Christelike wêreldbeskouing oor verlossing en staan direk teenoor naturalistiese idees van Eenheidsisme (vgl. Jones, 2015), wat selfverlossing en selfverheerliking verkondig. Waar die wêreld leer dat die mens deur eie krag na volmaaktheid of bevryding kan streef, leer die Skrif dat alleen Jesus Christus die waardige Middelaar is, wat deur sy Persoon en werk die mens uit sy ellende kan verlos. Hierdie waarheid roep ouers op om hulle kinders te leer om in Hom alleen te glo, sodat hulle van kleins af kan bely: Jesus is die Christus, die Seun van die lewende God, en daar is by niemand anders as by Hom enige saligheid te vind nie. Só word hierdie tema die

fondament vir die res van hoofstuk 7, waarin die werk van Christus as Verlosser en die vrug van sy verlossing bespreek word.

7.2.2 Huisgodsdienstema: Jesus is die Christus, ware mens en ware God, sodat Hy ons kan verlos.

Hierdie tweede huisgodsdienstema bou voort op die vorige tema oor die Persoon van Christus deur veral te fokus op Jesus as Here, sowel as sy Goddelikheid en menslikheid. In die lig van Afdeling C se antitetiese fokus staan hierdie tema direk teenoor die naturalistiese wêreldbeskouing van Eenheidsisme (vgl. Jones, 2015), wat die mens tot 'n self-vergoddelike wese verhef. Terwyl sekulêre humanisme en naturalisme die mens as selfgenoegsaam en in staat tot eie verlossing voorstel, of meen dat verlossing in die skepping gevind kan word, bely die Christelike wêreldbeskouing dat die mens geheel en al afhanklik is van die Middelaar wat tegelyk ware God en ware mens sonder sonde is. Hierdie huisgodsdienstema help ouers om hulle kinders te leer waarom dit noodsaaklik is dat Jesus Christus ware mens moes wees om ons plek in gehoorsaamheid en lyding in te neem, maar ook ware God om die gewig van God se regverdigde oordeel te kon dra. Só word kinders van kleins af gewortel in die Bybelse waarheid dat Christus nie bloot 'n voorbeeld of 'n morele leermeester is nie, maar die enigste waardige Middelaar wat ons volkome kan verlos en by God kan herstel.

Lees: Hebreërs 2:5-18; Filippense 2:6-11

Fokus: Hebreërs 2:5-10; Heidelbergse Kategismus, Sondag 5, vraag en antwoord 15 tot Sondag 6, vraag en antwoord 18; Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 19

Daar is baie mense, en veral ook baie geleerde teoloë, wat nie wil erken dat ons Verlosser, Jesus Christus, terselfdertyd ware mens én ware God is nie — veral sedert die 18de eeu en die tyd van die Verligting. Daar is dus baie mense wat Jesus slegs in sy mensheid aanvaar, maar nie glo dat Hy ook waarlik God is nie. Baie beskou Hom bloot as 'n goeie voorbeeld om na te volg, maar nie as waarlik God nie.

Schleiermacher glo dat Jesus as mens as die middelpunt geplaas moet word, maar dat Hy slegs as 'n argetipe dien en nie self God is nie; volgens hom is daar Goddelikheid, of 'n bewustheid van 'n Goddelikheid, in Jesus, wat daartoe lei dat Jesus slegs as 'n goeie voorbeeld vir die mens beskou word. Hieruit spruit verdraaide gedagtes soos dié van byvoorbeeld G.J. Heering, wat aanvoer dat Jesus nie God is nie, maar dat God deur Jesus Homself tot ons wend en aan ons openbaar.

Hoewel Berkhof Schleiermacher daarvan beskuldig dat hy Jesus tot 'n argetipe reduceer, doen Berkhof presies dieselfde. Deur die twee nature van die Middelaar te verwerp, maar tog 'n sekere dualistiese siening van Christus se Godheid en mensheid te handhaaf, kom sy beskouing in wese neer op 'n siening soortgelyk aan dié van Arius, naamlik dat Jesus 'n tipe demi-god is (Van Genderen & Velema, 2008:449-452).

Selfs vandag nog is daar mense wat, in navolging van hierdie denkers, glo dat Jesus nie waarlik fisies uit die dood opgestaan het nie.

Waar ons dus die vorige keer in die verlossingsleer gelees het dat Jesus die Christus is, en dat Hy Homself bekendmaak deur sy verskillende name¹³³, bespreek ons vandag verder waarom ons kan bely dat Jesus Christus terselfdertyd ware mens en ware God is, asook waarom dit noodsaaklik was dat die Middelaar beide ware God en ware mens moes wees.

Ons het in die vorige huisgodsdienstema afgesluit met die feit dat Jesus Christus ons Here is. Dit is een van die name waarin al sy benamings saamtrek, want Hy is één in wese met die Vader; dit beteken dat Hy saam met die Vader as Koning oor die ganse skepping regeer. Ons het egter ook genoem dat daar verdere redes is waarom Hy ons Here genoem word, waarop ons vervolgens sal ingaan.

7.2.2.1 Christus as Here

Die Bybel leer dat Christus een in wese met die Vader is en oor alles regeer. Daarom noem ons ons Verlosser en Middelaar Here. Verder dui ook sy Name, soos ons in die Bybel lees, daarop dat Hy as Here regeer. Hyself verklaar immers: “Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde” (Mat. 28:18b); en, “Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand” (Kol. 1:17); en, Hy regeer “bo alle owerheid en mag en krag en

¹³³Daar is uiteraard baie ander benamings van Jesus wat nie in hierdie huisgodsdienstemas oor die Persoon van Christus aandag geniet het nie, soos byvoorbeeld wanneer Jesus Homself as “Ek is” en as “Die Woord” bekendmaak. Daar is ook ander benamings wat verder ondersoek kan word (vgl. Van Genderen & Velema, 2008:452). Onder andere word drie prominente Skrifgedeeltes beskou as kerntekste vir die name van Christus wat op sy Goddelikheid dui, naamlik Johannes 20:28, Titus 2:13 en 1 Johannes 5:20.

heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp” (Ef. 1:21-22a).

Maar as ons Hom Here noem, is dit nie bloot ’n afgeleide term op grond van wat Hy van Homself aan ons openbaar nie. Indien dit wel die geval was, kon ons Hom net so goed Koning noem, want Hy is immers die Koning van die heelal. Ons noem Hom egter Here, omdat die Skrif ons dit uitdruklik leer. In Filippense 2 lees ons vanaf vers 9:

Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom ’n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlijkheid van God die Vader (Fil. 2:9-11).

Sommiges beweer dat die benaming van Jesus Christus as Here afkomstig is uit die Grieks-Hellenistiese tydperk, waar dit gebruikelik was dat konings of keisers, soos Domitianus, vir hulleself hierdie titel van “here” en selfs “god” toegeëien het.

Gedurende die bewind van die Romeinse keiser Domitianus (81-96 n.C.), kort nadat die Joodse tempel deur keiser Titus vernietig is, het die situasie vir die kerk versleg. Omdat Domitianus die koninkryk oorgeneem het toe dit in ’n swak finansiële toestand was, was hy geldgierig en het hy op allerhande maniere rykdom probeer bekom. Die rykes was aan die eenkant in aansien gehou, maar aan die anderkant het hy hulle afgepers en, indien nodig, uit die weg geruim. Die praktyk van keiserverering het in Domitianus se tyd tot keiseraanbidding ontwikkel. Hy was nie meer tevrede om as die

eerste onder al die burgers geëer te word nie; vir hom was dit nie voldoende nie. Hy het daarop aangedring dat sy onderdane hom “here en god” noem, en selfs “ons here en god” (vgl. Du Toit, 1998).

Dit is egter nie waar die benaming van Jesus Christus as Here sy oorsprong het nie. So stel Van Genderen en Velema (2008:445): “The title kurios was not borrowed from a Hellenistic environment as W. Bousset, R. Bultmann, and others have contended”. Ter ondersteuning van hierdie stelling verwys Van Genderen en Velema (2008:445) na Paulus se woorde in 1 Korintiërs 8:5-6, en verduidelik dat gelowiges eerder die Ou Testamentiese benaming van God as Here (*Adonai*) gebruik wanneer hulle na Jesus as Here verwys.

Trouens, hierdie benaming kom uit die Ou Testament, want die vroeë kerk het Jesus reeds Here genoem lank vóór die ontstaan van keiserverering. In hierdie opsig is die naam of titel “Here”, die Griekse vertaling van die Hebreeuse woord “Adonai”, asook ’n verteenwoordiging van die naam “Jahweh”. Die Nuwe Testamentiese gebruik van die woord “Here” het dus te make met die krag, gesag en soewereiniteit van God wat oor alles heers.

Van Genderen en Velema (2008:445) voer aan dat die gebruik van die woord “Maranata” in 1 Korintiërs 16:22 daarop dui dat die Christene in die vroeë kerk hiermee erken het dat Jesus Christus Here is, nog voordat keiserverering in gebruik geneem is. Volgens Bauer (1957) is “Maranata” ’n transliterasie van een van drie moontlikhede, naamlik מָרַנָא תָא (Maranā thā), wat beteken “Ons Here, kom!”; of מָרַן אָתָא (Maran `athā), wat beteken “Ons Here het gekom”; of מָרַן אָתָא (Maran `āthā), wat beteken “Ons Here is die teken”.

Jesus Christus is dus die Here, en elkeen wat, soos Thomas in die Nuwe Testament, kan bely dat Jesus Christus “my Here en my God” is, bevestig daarmee dat hulle Christus se heerskappy oor hulle hele lewe erken en dat Hy as Verlosser in ’n baie persoonlike verhouding tot die gelowige staan (Van Genderen & Velema, 2008:445-446).

Behalwe die Name waarmee ons Here Jesus Christus Homself aan ons bekendmaak, openbaar Hy ook aan ons dat Hy tegelyk ware God en ware mens is.

7.2.2.2 Christus as God en mens

- Eenheid tussen Godheid en mensheid (vgl. Van Genderen & Velema, 2008:459-462).

En so bely ons dit ook. Ons belydenis vra eers: Waarom moet ons Verlosser “’n ware en regverdig mens wees?” (Heidelbergse Kategismus, Sondag 6, vraag en antwoord 16). Die antwoord lui: “Omdat die geregtigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal. Maar die mens, wat self sondaar is, kan nie vir ander betaal nie” (Heidelbergse Kategismus, Sondag 6, vraag en antwoord 16).

Verder bely ons dat ons Verlosser ook God moet wees: “om deur die krag van sy Godheid die las van die toorn van God aan sy mensheid te kan dra en vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee” (Heidelbergse Kategismus, Sondag 6, vraag en antwoord 17). Daarom moet ons Verlosser ware mens én ware God wees.

Wanneer ons nadink oor Jesus Christus as ons Middelaar, en oor die feit dat Hy terselfdertyd ware God en ware mens is, moet ons versigtig wees om nie die een natuur ten koste van die ander te oor- of onderbeklemtoon nie. Ons moet vashou aan ons belydenis dat daar ’n volkome eenheid tussen die Godheid en mensheid van Jesus Christus bestaan. Dit is van belang, want indien ons een van die twee nature bo die ander beklemtoon, sal ons die leer oor ons Verlosser skeeftrek. Dit sal daartoe lei dat ons anders begin dink, glo, leef en aanbid as wat die Bybel ons leer.

Reeds van die vroeë kerk het daar dwalinge ontstaan omdat die Godheid en mensheid van Jesus Christus verkeerd bely is. Die kerk het byvoorbeeld, soos gesien in die Aleksandrynse en Antiogiese skole, van mekaar verskil oor die verhouding tussen Jesus se Godheid en sy mensheid. Die Aleksandrynse skool het Christus beskou as God wat in ’n menslike natuur bekleed is, terwyl die skool van Antiogië Hom as ’n mens beskou het in wie God woon, soos in ’n tempel (Van Genderen & Velema, 2008:447).

Sulke wanopvattinge oor ons Verlosser kan maklik daartoe lei dat die mens in werkeheiligheid verval, of selfs in ongeloof. Met dit gesê, kom ons lees wat die Bybel ons leer oor die Goddelike én menslike natuur van Christus.

7.2.2.2.1 *Sy Goddelikheid*

Baie mense wat nie in die Godheid van Jesus glo nie, vra vir Bybelse bewyse daarvan waar Jesus uitdruklik verklaar het dat Hy God is. Trouens, sommige gebruik selfs verse en gedeeltes uit die Bybel om te probeer aantoon waarom Jesus volgens hulle nie God kan wees nie. Hulle voer aan dat Hy nooit uitdruklik gesê het Hy is God nie, en dat Hy op verskeie plekke vermeld het dat Hy Homself aan die Vader onderwerp of ondergeskik stel.

Daarom kan sulke gesprekke dikwels baie uitdagend wees, en behoort ons as gelowiges presies te weet waarom ons glo dat die Bybel leer dat Jesus 'n Goddelike natuur het.

Soos ons reeds gesien het uit die Name waarmee die Bybel Jesus bekendmaak, is dit duidelik dat Jesus die Christus is — die Gesalfde van God wat, as Knecht van die HERE, sy volk se sondes in skynbare swakheid verlos¹³⁴. Dit is wat die Hebreërbrief aan gelowiges verkondig: dat Jesus gesalf is as Profeet, as Hoëpriester en as Koning, en dat Hy vêr verheewe is bo enige ander profeet, priester, koning of enige skepsel. Hy is die hoogste Profeet, die enigste Priester en die ewige Koning (vgl. Heidelbergse Kategismus, Sondag 12, vraag en antwoord 31) na wie gelowiges moet luister.

¹³⁴Vergelyk 'n vorige huisgodsdiens-tema oor die Persoon van Christus (afdeling 7.2.1). Van Genderen en Velema (2008:452) merk ook op: "However, one has to hold on to the concept that here we are dealing with the place that Christ occupies as the Mediator and as the Servant of the Lord (cf. Berkouwer, 1954, 184-189).

Ons Verlosser is waarlik God, want slegs God is sterk genoeg om die regverdige oordeel en straf van God te kan dra. Dit is die verskriklike las wat ons Here Jesus moes dra sodat Hy ons kon verlos. Hy moes deur God tot die ewige dood verdoem word en uit die dood opstaan, sodat ons nooit die ewige dood hoef te smaak nie, maar die ewige lewe kan hê.

Tweedens, hiermee saam moet ons Verlosser waarlik God wees, juis sodat Hy die prys wat Hy betaal het, aan ons kan oordra, en ons skuld voor God kan uitwis. So bely ons: Hy moet terselfdertyd ware God wees, om “vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee” (Heidelbergse Kategismus, Sondag 6, vraag en antwoord 17).

Verder word ons Here se Goddelikheid nie alleen uit sy Name gesien nie, maar ook uit sy deugde, werke en die eer wat Hy ontvang (vgl. Van Genderen & Velema, 2008:452).

- Deur sy deugde:

Alhoewel ons in die Skrif lees dat Jesus aan sy Vader onderdanig is en dat Hy sekere deugde van sy Vader ontvang — soos wanneer Jesus in Johannes 5:26 sê: “Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê” — is dit tog duidelik uit talle gedeeltes in die Bybel dat Hy en die Vader Een is (vgl. Joh. 10:30; 8:58; 14:9; Mat. 11:27; 28:18-20; Tit. 2:13; 1 Joh. 5:20). Omdat Hy en die Vader Een is, en alle mag aan Hom oorgegee is, is Hy aanbiddingswaardig — want Hy is God.

- Deur sy werke: Vergifnis van sonde, gee van lewe, en oordeel

So sien ons dit ook in sy werke: Hy het die mag om sondes te vergewe (Mat. 9:1-8), Hy het die mag om lewe te gee (Joh. 6:54-57; 17:1-3), en Hy het die mag om die oordeel te vel (Joh. 5:21-22).

- Deur sy eer:

Net so ontvang Hy ook al die eer soos die Vader al die eer ontvang (Joh. 5:23), en ons teksgedeelte sê dat elke knie voor Hom sal moet buig (Fil. 2:10).

7.2.2.2.2 *Symenslikheid*

Dit is wat ons Here Jesus Christus vir ons kom doen het. Hy is waarlik God, en Hy het ook waarlik mens geword om sy kinders te verlos. Ons teksgedeelte stel dit baie duidelik: Hy het nie gekom om die engele te verlos nie, maar om die mens te verlos.

Dink vir 'n oomblik aan Psalm 8, waarna ons teksgedeelte in vers 7 verwys. Daar getuig Dawid van die wonder dat God die mens so hoog ag dat Hy nie engele aanstel om oor sy skepping te heers nie, maar dat Hy die mens geskape het om oor sy skepping te heers. So lees ons in Psalm 8:

As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het
– wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek? U het hom 'n
weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlijkheid gekroon. U
laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel (Ps. 8:4-7).

So is die mens God se verteenwoordiger wat hier op aarde, volgens God se wil, oor die skepping moet heers — nie engele nie. Tog het beide die engele en die mensdom

geval. Die mens het egter só diep in die sonde geval dat hy homself geheel en al van enige gemeenskap met God verwyder het.

Maar God stuur sy Seun nie om engele te verlos nie, maar om sy uitverkorenes te verlos. Met ons, gevalle mense, maak Hy bemoeienis. Trouens, Hy stuur sy Seun — wat God is en saam met Hom in die hemele regeer — na hierdie sondige wêreld, sodat Hy mens kan word om ons van hierdie ellende te verlos.

Jesus, as die Seun van God, het mens geword. Hy het die menslike natuur aangeneem en het Hom nie geskaam om die kinders van God sy broers en susters te noem nie. Daarom is Hy waardig om 'n Hoëpriester vir sy volk, die kinders van God, te wees; en daarom kan Hy ook versoening bewerk vir die sondes van elkeen wat die Vader aan Hom gegee het om te verlos.

So lees ons: “Ons sien Hom, naamlik Jesus, wat vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood met heerlikheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak” (Heb. 2:9). Hieruit weet ons dat Hy die enigste waardige Verlosser is. Hy is die bewerker van ons saligheid, wat Hy deur die lyde van sy dood verkry het (Heb. 2:10).

Maar Jesus Christus is nie soos die Ou Testamentiese priesters nie. Hy is die enigste waardige Hoëpriester wat die gelowiges in God se teenwoordigheid kan bring, en dit nie net tydelik nie, maar ewig. Hy het mens geword maar Hy is nie in sonde ontvang

en gebore nie. Ook het Hy nooit gesondig nie, want Hy is God. Daarom is Hy alleen waardig om as Hoëpriester te dien, en is Hy vir ons 'n blywende Middelaar.

Die verlossing wat Hy bewerk, is volkome en ewig, want nie alleen is Hy waardig omdat Hy geen sonde gehad het nie, maar Hy het ook nie 'n dier na die altaar gebring om versoening vir ons sondes te bewerk nie — Hy het Homself as sondelose en vlekkelose Lam geoffer aan die kruis. Met sy bloed het Hy vir ons sondes betaal. En nog meer: waar die Ou-Testamentiese priester slegs eenmaal per jaar in God se teenwoordigheid kon ingaan, het Jesus Christus na die hemel opgevaar sodat Hy vir ewig as Middelaar vir ons by die Vader kan intree.

Dit is wat ons Skrifgedeelte ons leer: Jesus Christus is die enigste waardige Hoëpriester en Middelaar, omdat Hy deur die hemele gegaan het. Dit is ons belydenis. Om dit te kon doen, moes Hy as God ook mens word.

Op hierdie punt maak Van Genderen en Velema (2008:478-479) melding van die vraagstuk onder teoloë of die Seun van God gekom het as gevolg van die sonde, en of Hy sou gekom het ongeag of die sonde plaasgevind het. Hulle stel verder dat gereformeerdes getrou bly aan die belydenis van die geloof dat die Seun van God gekom het sodat Hy vir die sondes van die uitverkorenes kon betaal en sodat hulle kan lewe.

Daarom kan ons ten slotte, saam met die belydenis, getuig dat ons Here Jesus deur God die Vader vir ons as Middelaar gegee is, “tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing” (Heidelbergse Kategismus, Sondag 6, vraag en antwoord 18).

Terwyl Hy ons verlossing volkome bewerk het, is Hy ook vir ons 'n Middelaar by die Vader.

As Persoon is Jesus Christus beide God en mens, wat ons voor God bring en God na ons toe bring. Hy tree vir ons in — Hy tree, as't ware, tussenbeide — sodat God ons aansien deur sy Seun wat regverdig is en wat vir ons sy geregtigheid verwerf het.

Dit is ons Verlosser: “my Here en my God”.

Deur hierdie huisgodsdienst-tema leer ouers en kinders saam dat ware verlossing slegs moontlik is in Jesus Christus, wat as ware God en ware mens, sonder sonde, in ons plek die volle las van God se oordeel vir ons gedra het. Só bely ons dat Hy alleen die waardige Middelaar is wat die sondaar met God kan versoen. Hierdie belydenis staan antities teenoor die naturalistiese ideologieë wat verlossing in die skepping of in die mens sêlf soek. Waar die wêreld glo dat die mens deur eie kennis, tegnologie of moraliteit sy eie redding kan bewerk, verkondig die Skrif dat verlossing slegs gevind kan word in Christus, wat vir ons gely het, die ewige dood gesterf het en uit die dood opgestaan het. Daarom moet ouers hul kinders van jongs af leer om te bely dat Jesus nie bloot 'n goeie voorbeeld of inspirasie is om na te volg nie, maar dat Hy Here en God is — die enigste ware Middelaar deur wie 'n mens volkome verlossing kan ontvang. Hierdie waarheid vorm die hart van die Christelike geloof en die fondament vir die verdere huisgodsdienst-temas in hoofstuk 7.

7.3 HOE VERLOSSING BEWERK WORD: DIE WERK VAN CHRISTUS

7.3.1 Huisgodsdienst-tema: Die nut van Christus se werk in sy vernedering vir my.

Hierdie derde huisgodsdienst-tema vorm deel van die subafdeling oor die werk van Christus en fokus spesifiek op die betekenis en nut van Christus se vernedering vir die gelowige. Waar die vorige temas gewys het dat Jesus Christus die enigste Middelaar is wat waarlik God en waarlik mens is, gaan hierdie tema nou dieper in op wat Hy as Middelaar gedoen het om verlossing vir gelowiges te bewerk.

In die lig van Afdeling C se antitetiese fokus, staan hierdie tema in skerp kontras met die naturalistiese wêreldbeskouing van Eenheidsisme (vgl. Jones, 2015) se verlossingsleer, waarin die mens se strewe na selfverheerliking en vooruitgang sentraal staan. Teenoor sulke idees leer die Skrif dat ware verlossing juis deur vernedering gekom het — deur Christus wat Homself ontledig het en gehoorsaam geword het tot die dood aan die kruis.

Hierdie tema lei ouers om hul kinders te leer dat die weg van redding nie deur eie krag, kennis of prestasie gevind word nie, maar deur die gehoorsaamheid en vernedering van Jesus Christus, wat vir sy uitverkorenes se sondes gely het. Só word kinders gewortel in die troosvolle waarheid dat die pad van geloof altyd die pad van Christus volg — 'n pad van vernedering wat lei tot heerlikheid.

Lees: Filippense 2:1-11

Fokus: Filippense 2:5-8; Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 18

Die vorige keer het ons gehoor dat ons Verlosser en Middelaar, Jesus Christus, as die tweede Persoon in die Drie-eenheid, twee nature het. Dit beteken dat Hy terselfdertyd ware mens en ware God is (vgl. Heb. 2:5-10). Dit impliseer dat ons Middelaar mens geword het, maar nie sy Godheid prysgegee het nie. Hy het opgevaar na sy Vader — steeds God én mens.

Wanneer ons vandag verder nadink oor Christus wat die menslike natuur aangeneem het, bely gereformeerdes 'n verdere onderskeid, naamlik dié van Jesus se vernedering en dié van sy verhoging. Ons Middelaar het dus twee nature, maar met sy menswording verkeer Hy ook in twee state. Hoewel die vroeë Christene reeds vanuit die Skrif geglo het dat Jesus Christus God en mens is, is dit eers tydens die Reformasie dat daar spesifiek na Christus se tweevoudige state (*status duplex*) verwys is (Van Genderen & Velema, 2008:468)¹³⁵.

¹³⁵Wat met state bedoel word en wat die implikasie daarvan is, kan by Van Genderen en Velema (2008:471) nageslaan word.

Barth het verkondig dat Christus se werk nie verdeel kan word in fases van vernedering en verhoging nie, maar dat Hy na sy Godheid verneder word, terwyl Hy na sy mensheid verhoog word. Van Genderen en Velema (2008) lewer kritiek hierop deur te sê dat Barth die klem te sterk laat val op God wat die werk in Christus doen, terwyl die klem eerder moet wees op Christus wat as Middelaar die verlossing bewerk. In teenstelling met Barth, wat geen oorgang maak tussen Christus se vernedering en sy verhoging nie, stel Van Genderen en Velema (2008) dat die Skrif tog duidelik hieroor is, soos dit veral in Filippense 2 gesien kan word (Van Genderen & Velema, 2008:470-471).

Dieselfde teksgedeelte wat ons leer van Christus se twee nature, leer ons ook van sy twee state. Daarom fokus ons in vandag se huisgodsdienstema, op grond van Filippense 2, verder op Christus se verlossingswerk in sy vernedering en die nut wat elke aspek van sy vernedering vir gelowiges inhou. Volgende keer, as die Here wil, sal ons fokus op Christus se werk in sy verhoging. Van Genderen en Velema (2008:472) verwoord die waarde van elke fase in Christus se twee state soos volg: “At every stage of his humiliation and exaltation we may inquire about its significance, its benefit, and the comfort that it presents for our lives (cf. Heidelberg Catechism, Lord’s Day 11-22).

Christus se vernedering kan gesien word in sy vleeswording, in sy lyding tydens sy lewe op aarde, in sy dood, in sy begrafnis, en in sy neerdaling na die hel, soos wat ons dit bely. Op elkeen van hierdie aspekte sal ons vervolgens in die huisgodsdienstema fokus.

7.3.1.1 Christus se vernedering

7.3.1.1.1 Christus se vernedering ... in sy vleeswording

- Deur die profete voorspel

In artikel 18 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely gereformeerdes wat ons glo oor die menswording van Jesus Christus. Hierdie artikel begin met die belofte van God, wat reeds in die Ou Testament deur die profete gemaak is, dat Hy “sy eie eniggebore en ewige Seun in die wêreld [sal] stuur op die tyd deur Hom bepaal” (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 18).

Hierdie belofte vind ons reeds in die paradys, toe God die vervloeking van die sonde oor die slang aankondig in Genesis 3:15 (soos ons reeds in artikel 17 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely). Ons as gereformeerdes glo dat hierdie woorde van Genesis 3:15 die Moederbelofte is. In die sondeleer het ons reeds gehoor dat hierdie belofte inhou dat God sy Eniggebore Seun sal stuur om die mag van die satan en die dood te oorwin¹³⁶. Hierdie belofte loop soos ’n goue draad deur die Ou Testament en word uiteindelik in die Nuwe Testament in Christus vervul. Wanneer God vir Abraham roep en in Genesis 12:1-3 aan hom die beloftes van die seëninge van die verbond gee, sien ons ook hierdie belofte van ’n Messias wat sou kom. Net so sien ons dit in die beloftes wat God aan Dawid in 2 Samuel 7:11-16 maak, naamlik dat daar vir altyd iemand op sy troon sal regeer. Dan weet ons dit is profetiese uitsprake wat verwys na die Messias wat sou kom. Die profete van die Ou Testament het daarom ook die Messias verwag. Veral by die profeet Jesaja sien ons dat Jesus

¹³⁶Vergelyk ’n vorige huisgodsdienstema oor Sondeleer (afdeling 5.3.3.–5.3.4).

Christus die vervulling van Jesaja se profesieë is (vgl. Jes. 7:14; 9:6; 11:1-10). Hy is die lydende Dienskneg waarvan Jesaja 52:13-53:12 praat (vgl. Van Genderen & Velema, 2008:472-473).

Dan hoor ons hoe Paulus hierdie werklikheid aan ons beskryf in Filippense 2:6-7. Van Jesus Christus sê hy: “Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van ’n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk te word” (Fil. 2:6-7). Dit is ’n besonder ryk gedeelte wat vir ons Jesus Christus se vernedering in sy menswording verduidelik. Hieroor stel Van Genderen en Velema (2008:469) wel: “Although this Scripture passage [Phil. 2] is not the only biblical grounds for the doctrine of Christ’s twofold state, it does have a great deal to say to us”. Om hierdie rede gaan ons die verse in frases opbreek, sodat ons die betekenis hiervan kan raaksien en verstaan.

- Filippense 2:6
 - “Hy, wat in die gestalte van God was”

Eers sê vers 6 dat Jesus Christus in die gestalte van God was. Die woord, “gestalte” word gewoonlik gebruik om een van twee dinge te beskryf¹³⁷. Eerstens word dit gebruik om die sigbare vorm van iets aan te dui. Dit is ’n geldige betekenis wat ook die moontlike bedoeling van ons teksgedeelte kan wees, want, soos Johannes 1 vir ons leer, is Jesus Christus die Woord wat by God was, maar wat onder ons kom woon het:

¹³⁷Louw en Nida (1989) plaas hierdie woord, μορφή (morphē), binne twee betekenismoontlikhede, beide onder dieselfde domein van *aard, klas, of voorbeeld*. Die een betekenismoontlikheid is *aard* en die ander is *visuele vorm*. Die verdere beskrywing is afgelei vanaf Louw en Nida se definisies van elkeen, tensy anders vermeld.

“en ons het sy heerlijkheid aanskou, ’n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol genade en waarheid” (Joh. 1:14). Jesus Christus het dus die Vader aan ons kom verklaar; met ander woorde, Jesus Christus is die sigbare openbaring van die Vader (Joh. 1:18). Dit is ook wat Jesus vir sy dissipels sê wanneer Thomas en Filippus Hom vra om vir hulle die Vader te wys. Hy antwoord: “Hy wat My gesien het, het die Vader gesien” (Joh. 14:9b).

Maar hierdie woord “gestalte” kan ook dui op die aard of karakter van iets, met verwysing na beide die innerlike en uiterlike vorm daarvan. Hierdie betekenis is dus ook ’n geldige verklaring van ons teksgedeelte, naamlik dat Jesus Christus werklik in geheel die Goddelike majesteit besit; dat Hy een met God is, want Hy is in sy wese self God. Kittel *et al.* (1964) sê die volgende oor Christus wat in die gestalte van God was: “Prior to the incarnation he is in the form of God, i.e., he bears the image of the divine majesty, and after the incarnation he is exalted again as the *kýrios*”.

- “Het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie”

So was Jesus Christus in die gestalte van God, maar die tweede deel van vers 6 voeg iets by wat moeilik en verwarrend kan klink, naamlik dat Hy “dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie” (v. 6). Hierdie stelling kan slegs sin maak wanneer dit saam met vers 7 gelees word, want Paulus tref ’n vergelyking. Calvyn sê in sy kommentaar op hierdie vers:

This is not a comparison between things similar, but in the way of greater and less. Christ's humility consisted in his abasing himself from the highest pinnacle of glory to the lowest

ignominy ... Hence he sets out with this — that, inasmuch as he was in the form of God, he reckoned it not an unlawful thing for him to shew himself in that form; yet he emptied himself (Calvin, s.a.-b:45-46 — kommentaar op Fillippense 2:6)

Wat Paulus hier sê, is dat alhoewel Jesus Christus in die gestalte van God is en aanbiddingswaardig is, dit nie verkeerd van Hom sou wees om Homself aan ons bekend te maak as aan God gelyk nie. Hoewel Hy die Een is wat gedien behoort te word, het Hy nie gekom om gedien te word in die majesteit en glorie wat Hy saam met die Vader het nie, maar het Hy Homself, ten spyte daarvan, verneder¹³⁸ en Homself aan ons bekendgemaak as 'n dienskneg van sy hemelse Vader.

Dat Hy dit geen roof geag het om aan God gelyk te wees nie, beteken dus dat Hy, voordat Hy die menslike natuur aangeneem het, nie daaraan gedink het om aan die heerlikheid van sy Godheid te bly vashou nie, maar Homself gewillig verneder het deur mens te word. Natuurlik hou dit ook in dat, nadat Hy die menslike natuur aangeneem

¹³⁸Die woord *verneder* kom eers in vers 7 voor, maar die feit dat verse 6 en 7 as 'n vergelyking dien, dui reeds in vers 6 daarop dat Christus Homself verneder het.

het, Hy nie daaraan gedink het om na die heerlikheid van sy Godheid terug te gryp nie, maar gewillig die volle prys van vernedering tot die dood toe gedra¹³⁹.

- Filippense 2:7

Ons teksgedeelte sê verder: “maar [Hy] het Homself ontledig deur die gestalte van ’n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk te word” (v. 7).

- “het Homself ontledig”

¹³⁹Volgens Louw en Nida (1989) is daar twee semantiese moontlikhede vir die woord ἀρπαγμός (harpagmós) wat in die 1933/53-Afrikaanseweergawe as “roof” vertaal word. Albei moontlikhede behoort as geldig in Filippense 2:6 oorweeg te word. Die eerste moontlikheid is om met geweld iets weg te neem, soos in die geval van plundering. Hier vertaal en verklaar Louw en Nida Filippense 2:6 soos volg: “He always had the nature of God and did not think that becoming equal with God was something to be taken by force’ Php 2.6. This interpretation of Php 2.6 reflects the position of Jesus after the incarnation and the fact that he had no thought of trying to become equal with God because he already possessed all of the qualities of deity” (Louw & Nida, 1989).

Die tweede moontlikheid val onder dieselfde semantiese domein van steel of beroof, en het dus te make daarmee dat daar met krag aan iets vasgehou word. Daarom vertaal en verklaar Louw en Nida Filippense 2:6 dan soos volg: “He always had the nature of God and did not consider that remaining equal with God was something to be held on to forcibly’ Php 2.6 (compare the rendering of ἀρπαγμός in 57.235). Since ἀρπαγμός may mean not only ‘to grasp something forcefully which one does not have’ (57.235) but also ‘to retain by force what one possesses,’ it is possible to translate Php 2.6 in two quite different ways. This second interpretation of ἀρπαγμός presumes the position of Jesus prior to the incarnation and hence his willingness to experience the kenosis or ‘emptying’ of his divine prerogatives. In any translation of Php 2.6 it is important that both possible renderings be clearly indicated, one in the text and the other in the margin” (Louw & Nida, 1989).

Hoewel Louw en Nida ’n geldige argument voer, blyk dit tog uit die Griekse teks dat daar hier na Christus vóór sy menswording verwys word. In ag genome die indikatiewe en partisipiumvorme wat in hierdie sin gebruik word, behoort die sin as volg vertaal te word: “Hy, terwyl Hy in die vorm van God was, het dit nie oorweeg om daarna te gryp om gelyk aan God te wees nie”.

Die woord “ontledig” beteken letterlik om iets leeg te maak¹⁴⁰, en in die konteks van ons teksgedeelte kan dit letterlik vertaal word as Christus wat Homself leeg gemaak het.

Die letterlike vertaling word hier aangedui juis omdat daar in die geskiedenis 'n verkeerde verstaan van hierdie woord was, wat bekend staan as die kenosis-teorie of kenotiese Christologie. Hierdie teorie leer dat Christus, met sy menswording, Homself gestroop het van sy Goddelike eienskappe. So 'n teorie is onaanvaarbaar, aangesien dit in stryd is met die Bybel, wat leer dat God na die mensdom gekom het as God, as Emmánuel (vgl. Mat. 1:23; McGraw, 2022; vgl. ook Van Genderen & Velema, 2008:468-469). Hieroor sê Van Genderen en Velema (2008:469): “Kenotic Christology is unacceptable, because the Son of God is imagined to be other than he truly is. It implies (partial) abrogation of his divinity or a temporary abrogation of his divine existence”.

Dit beteken egter geensins dat Christus Homself van sy Godheid gestroop het of dat Hy Homself in sy Godheid verlaat het nie, maar wel dat Hy die heerlikheid wat Hy by sy Vader gehad het, prysgegee het toe Hy die menslike natuur aangeneem het (Van Genderen & Velema, 2008:469). Dat Hy Homself ontledig het, het dus eerder te doen met Christus wat Homself ontnem het van die eer en die reg wat Hy as God en Koning van die heelal gehad het. Louw en Nida (1989) verklaar Filippense 2:7 soos volg: “to completely remove or eliminate elements of high status or rank by eliminating all privileges or prerogatives associated with such status or rank”.

¹⁴⁰Die woord wat hier vir “ontledig” gebruik word, is ἐκένωσεν (ekénōsen) en is afkomstig van die woordeboekvorm van κενώω (kenóō), wat beteken “om leeg te maak” (Liddell *et al.*, 1996).

- “deur die gestalte van ’n dienskneg aan te neem”

Om hierdie bedoeling van Christus, naamlik dat Hy Homself van sy regmatige eer ontnem het, te verduidelik, beskryf Paulus verdere beskrywende frases. Hy sê dat Christus Homself ontledig het “deur die gestalte van ’n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk te word” (v. 8). Soos reeds aangedui, het ons Here Jesus vrywilliglik besluit om die menslike natuur aan te neem, sodat Hy sy Vader as ware en volkome mens kan dien en op hierdie wyse as sondelose mens die sondes van die menslike natuur betaal en die mens met God kan versoen (vgl. Heidelbergse Kategismus, Sondag 6, vraag en antwoord 16).

- “aan die mense gelyk te word”

Twee sake oor die menswording van Christus wat duidelik gestel moet word, is eerstens dat Christus nie met sy menswording in ’n mens verander het nie, maar dat Hy as ware God die menslike natuur aangeneem het. Christus het nie in ’n mens verander nie, want dan sou Hy ’n demigod (half God en half mens) wees. Die gereformeerde belydenis bely egter dat die Skrif leer dat Jesus Christus as Middelaar “terselfdertyd ware God en ware regverdige mens is” (Heidelbergse Kategismus, Sondag 6, vraag en antwoord 18).

Die tweede aspek wat ook ter sprake kom, is dat Christus nie slegs die menslike liggaam aangeneem het nie, maar dat Hy ten volle mens was met beide ’n liggaam en ’n siel. Hieroor bely ons in Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 18: “Hy het nie alleen wat die liggaam betref die menslike natuur aangeneem nie, maar ook ’n egte menslike siel, om so ’n werklike mens te wees”.

Hoe wonderlik is dit om hierdie troosvolle gedagte te kan besef: dat God sy uitverkorenes so liefgehad het, dat Hy al sy Goddelike eer prysgegee en die volkome menslike natuur aangeneem het — alles ter wille van sy kinders wat Hy so liefhet. Maar daarby het Hy ook besluit om as mens die volle pad van lyding te stap, om die toorn van God tot die ewige dood te dra. Ten slotte stel Van Genderen en Velema (2008:469) dit soos volg:

Being “obedient unto death, even the death of the cross” (Phil. 2:8) goes beyond taking on “the form of a servant.” It should therefore be distinguished from it, although it is implied by it and is inextricably intertwined with it. It is a continuing on the same path. It is a description of Christ’s humiliation.

7.3.1.1.2 *Christus se vernedering ... in sy lyding en dood*

- Fil. 2:8

So sê Paulus verder oor Christus se vernedering: “En in gedaante gevind as ’n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja die dood van die kruis” (v. 8). Dit is die ontsettende vernedering wat ons Here Jesus vir ons onthalwe verduur het. Hy, wat die Here van lewe en dood is, het in sy gehoorsaamheid aan sy hemelse Vader selfs die vernedering van die dood verdra.

Daarby was die wyse waarop Hy gesterf het selfs nóg meer vernederend, want volgens God se Wet is die kruisdood ’n vervloeking deur God. So lees ons in Deuteronomium 21:22-23: “En as in iemand ’n sonde is wat die doodstraf verdien en hy gedood word en jy hom aan ’n paal ophang, dan mag sy lyk nie aan die paal oornag

nie, maar jy moet hom sekerlik dié dag nog begrawe; want een wat opgehang is, is deur God vervloek.”

Wanneer 'n misdadiger in die Ou Testament tot die dood veroordeel is, kon so 'n persoon verder in die openbaar verneder word deur hom aan 'n paal op te hang, sodat almal hom of haar kon sien. 'n Persoon wat aan 'n paal opgehang is, simboliseer dat hy of sy nie net deur mense veroordeel word nie, maar ook deur God vervloek is.

Wanneer Paulus hierdie gedeelte in Galasiërs 3:13 aanhaal, pas hy dit toe op ons Here Jesus wanneer hy sê: “Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word – want daar staan geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang”.

7.3.1.1.3 Christus se vernedering ... in sy begrafnis en neerdaal na die hel

Ook in ons belydenis dat Christus gesterf het en neergedaal het na die hel, sien ons die verskriklike vernedering hierin: Christus het nie hel toe gegaan nadat Hy gesterf het nie, maar dáár aan die kruis, waar Hy deur God verlaat word. Die feit dat ons belydenis die “neerdaal na die hel” laaste noem, is juis om aan te dui dat Jesus Christus se vernedering die diepste was toe God Hom verlaat het.

In die verklaring van hierdie artikel vra die Heidelbergse Kategismus (Sondag 16, vraag en antwoord 44): “Waarom volg daar: neergedaal het na die hel?” Hierdie vraag word gestel om vir die leser aan te dui dat hierdie artikel dogmaties en chronologies waarskynlik nie op hierdie plek hoort nie. Die antwoord word baie subtiel verskaf deur die woorde: “maar veral aan die kruis”. Dit beteken dat Christus nie na die hel neergedaal het ná sy dood nie, maar dat Hy reeds aan die kruis, toe God Hom verlaat het, daardie vernedering verduur het.

Die vraag wat nou ontstaan, is waarom die orde in die 12 artikels (Die Apostoliese Geloofsbelydenis) verander is, sodat “neergedaal het na die hel” as die laaste handeling van Christus se vernedering gestel word, en nie direk ná “gekruisig” nie? Die antwoord daarop is dat deur dit laaste te plaas, word beklemtoon dat die sonde wat Christus moes dra die swaarste deel van sy se lyding was. Dit beklemtoon ook dat Christus se doel op aarde hiermee voltooi is: naamlik dat Hy gekom het om die sondes van die wêreld op Homself te neem. Dit is die ergste vorm van vernedering (letterlik en figuurlik), omdat Hy geen sonde gedoen of geken het nie, maar veral omdat God Hom verlaat het toe God sy toorn oor Christus laat losbars het.

Ursinus stel dat hierdie artikel as die laaste trap van vernedering gestel word omdat al die vorige trappe op die sigbare lyding van Christus dui, terwyl hierdie lyding — ná die dood — onsigbaar is vir die mens en juis op God se oordeel wys. Die Latynse weergawe van hierdie artikel, se bewoording van *ad inferna* kan ook as “na benede” vertaal word, wat dui op die laagste moontlike punt.

Daar is verskillende woorde vir “hel”. In Hebreeus word van “*Sjeool*” gepraat, wat verwys na die onderwêreld. Die Griekse ekwivalent is “*Hades*”. Daar is ook ’n onderste ruimte van pyniging in die *Hades* wat “*Gehenna*” genoem word.

Ursinus verduidelik dat die lyding wat Christus tot by die kruis moes deurmaak, slegs uiterlik was, terwyl die lyding aan die kruis, voor sy dood, 'n lyding van die siel was. Hierdie innerlike lyding was van allergrootste pyn, benoudheid en smart, omdat dit 'n stryd was onder die oordeel en toorn van God teenoor ons sonde. Christus het hierdie onuitspreeklike smart en benoudheid beleef sodat Hy ons kon verlos van die angs van die hel, en ons saam met Hom in die hemel kon opneem, sodat ons nie self na die hel hoef neer te daal nie. Vergelyk ook Heidelbergse Kategismus, Sondag 15, vraag en antwoord 37, in verband met sy lyding na liggaam en siel. Hoe swaarder sy lyding, hoe meer genoegsaam is sy voldoening vir ons. Daarom is ons verseker dat ons nie die helse smart hoef te dra nie.

Volgens die geskiedenis het hierdie artikel egter nie van die begin af bestaan nie. Die Christelike kerk in Rome het in 200 n.C. nog nie hierdie artikel in sy belydenis gehad nie. Volgens Vonk (1950) het hierdie artikel waarskynlik in Klein-Asië en Suid-Frankryk ontstaan. By kerke waar hierdie artikel ontstaan het, is die artikel oor die begrafnis weggelaat. In 357 n.C. was hierdie artikel wel reeds teenwoordig by 'n sinode in Italië, tesame met die artikel oor begrafnis.

Klaarblyklik het “neergedal na die hel” aanvanklik die eerste betekenis van die woord “hel” in gedagte gehad, naamlik die doderyk, met ander woorde die graf, en nie die tweede betekenis, naamlik verdoemenis, nie. So was Jesus wel by die dode, maar nie by die goddelose nie — Hy was in die paradys (Luk. 23:43). Volgens die Bybelse gegewens weet ons dat Jesus werklik dood was van die Vrydagaand tot die Sondagoggend, en 1 Korintiërs 15:20 sê dat God Hom uit die dode opgewek het. Die oorspronklike bedoeling van hierdie artikel was dus dat Jesus Homself verneder het tot die dode, hoewel Hy nie by die goddelose was nie, maar in die Paradys. Christus het, teenoor wat later beweer is, nie na die verdoemenis gegaan om daar vir die goddelose te wys dat Hy regeer nie.

Die kategismus leer egter dat Christus van verdoemenis praat, maar nie as 'n plek nie, eerder as 'n toestand (staat) waarin Hy verkeer het. Omdat Hy 'n volkome Saligmaker is, het Hy nie net die tydelike dood oorwin nie, maar moes Hy ook alle straf op Hom neem, naamlik die ewige dood (verdoemenis). Dit gaan dus nie slegs oor die doderyk nie, maar oor die ewige eindoordeel, want almal sal uit die doderyk opstaan — sommige tot ewige lewe, en ander tot ewige dood (Joh. 5:29).

(Vir hierdie ekskursus is die volgende bronne geraadpleeg: Bouwman ; Schulze (1991); De Bruyn (1997); Frame en Torres (2015); Ursinus *et al.* (1977); Veldkamp (s.a.); Wielenga (1947); Calvin en Owen (1849)).

En hiermee kom ons by die laaste punt in die huisgodsdiens-tema:

7.3.1.2 Wat is die nut van Christus se vernedering vir ons?

Hieroor hoef ons nie eers in diepte te gaan om te besef hoe gelowiges Christus se vernedering nuttig vir hulle saligheid ervaar nie. Trouens, ons kan slegs 'n oorsigtelike blik werp op dít wat ons in die kategismus bely. Kom ons staan stil by enkele van hierdie troosvolle belydenisse.

7.3.1.2.1 In alle opsigte aan ons gelyk, behalwe die sonde

In artikel 18 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons dat ons Here Jesus in alle opsigte aan ons gelyk is, behalwe die sonde. Dieselfde belydenis vind ons ook in die Heidelbergse Kategismus, Sondag 14, vraag en antwoord 35. Dit beteken vir ons dat ons Here Jesus Christus werklik medelye het met ons het in al ons verdrukkinge, beproewinge, aanvegtinge en versoekings. Hy weet waardeur ons gaan, want

behalwe die sonde, het Hy in alle opsigte aan ons gelyk geword en het Hy die aardse lyding ter wille van ons verduur.

7.3.1.2.2 Ontvangenis en geboorte

In die Heidelbergse Kategismus, Sondag 14, vraag en antwoord 36, vra ons: “Watter nut ... ontvangenis en geboorte van Christus?: Die antwoord lui: “Dat Hy ons Middelaar is en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor God bedek”. Hy is verneder, sodat God my nie meer in my sonde aansien nie, maar my in Christus se regverdigheid beskou.

7.3.1.2.3 Nut van sy kruisiging

Wanneer ons in Heidelbergse Kategismus, Sondag 15, vraag en antwoord 39, bely rondom ons Here Jesus se kruisiging, hoor ons dat die nut van sy kruisiging vir ons is dat ons daardeur sekerheid verkry dat: “Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het, omdat die kruisdood deur God vervloek is”. Terwyl ons die ewige dood moes binnegaan, het ons Here Jesus dit gewillig in ons plek gedra. Watter groot liefde is dit nie!

7.3.1.2.4 Nut van sy offer en dood

Wanneer ons in Heidelbergse Kategismus, Sondag 16, vraag en antwoord 43, bely oor Christus se offer en dood, verklaar ons dat die nut daarvan vir ons is, dat: “deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe. Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, maar kan ons onself as ’n dankoffer aan Hom toewy”. Dit beteken dat ons vry is van die houvas wat die sonde op ons gehad het, en dat ons deur die geloof kan stry om nie die begeerlikhede van

die vlees te volbring nie. Daar is dus vir gelowiges seëninge om heilig te kan lewe, deur die krag en leiding van die Heilige Gees en die Woord.

7.3.1.2.5 Nut van neergedaal het na die hel

Ook wanneer ons in die Heidelbergse Kategismus, Sondag 16, vraag en antwoord 44, bely oor Christus wat neergedaal het na die hel, ontvang ons hierdie groot en troosvolle nut vir ons saligheid. So bely ons: “Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus my deur sy onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe maar veral aan die kruis gely het, van die helse angs en pyn verlos.”

7.3.1.2.6 Vervulling van belofte

As ons weer terugkeer na artikel 18 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, dan besef ons dat God sy beloftes nagekom het wat Hy reeds vanaf die Ou Testament gemaak het. Dit is vir ons van groot nut om te weet, want daardeur word ons vertroos dat God getrou is aan sy Woord en dat alles wat Hy sê, waar is.

7.3.1.2.7 Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 18: Emmanuel

Net so ontvang ons verdere troos deur hierdie belydenis van Christus se vernedering wanneer ons bely: “dat Hy waarlik ons Emmanuel is, dit wil sê: God met ons (Mat. 1:23)”. Dit beteken letterlik dat God met ons is deur sy Heilige Gees en dat Hy ons troos met die woorde van ons Here Jesus (vgl. Joh. 14, 15) sodat ons nooit weer alleen hoef te wees nie.

Dit is die nut van ons Here Jesus Christus se vernedering wat Hy tot by die dood aan die kruis vir al sy kinders deurgemaak het.

Mag dit elkeen van ons troos met die wete van die Drie-enige God se oneindige liefde vir ons, sy kinders. Mag dit ons troos om te weet dat ons in al ons aanvegtinge in hierdie lewe nooit alleen is nie. Mag ons daardeur sy liefde en sy nabyheid beleef wanneer ons daaglik dieselfde patroon van vernedering volg, wanneer ons ons ou mens afsterf en ons met die nuwe mens in Christus beklee (Rom. 8:1 e.v.; Gal. 4:3 e.v. en ander).

Deur hierdie huisgodsdienstema leer ouers en kinders saam dat die verlossing wat Christus vir ons bewerk het, gegrond is in sy gewillige vernedering en gehoorsaamheid aan sy hemelse Vader. Hy, wat in die gestalte van God was, het Homself ontledig en die gestalte van 'n dienskneg aangeneem om vir ons sondes te ly en die volle toorn van God te dra. Hierdie belydenis staan antities teenoor die naturalistiese ideologieë wat verlossing, selfverheffing, kennis of tegnologiese vooruitgang soek. Elke stap van Christus se vernedering het vir gelowiges ewigheidswaarde: Hy het ons sondes gedra, ons skuld versoen en ons uit die dood tot die ewige lewe verlos. Hierdie waarheid troos gelowiges dat hulle nie sêlf hul verlossing hoef te verdien of te bewerk nie, maar dat Christus dit deur sy vernedering heen volkome vir hulle volbring het. Daarom kan ouers hulle kinders leer om in hierdie gesindheid van Christus te leef — in 'n lewe van dankbare gehoorsaamheid, nederigheid en vertroue. So kan hulle weet dat die pad van vernedering wat in Christus aangewys is, lei tot die heerlikheid van die ewige lewe met Hom.

7.3.2 Huisgodsdienst-tema: Deur sy opstanding word Christus triomfantlik verheerlik om gelowiges die ewige lewe te gee.

Hierdie vierde huisgodsdienst-tema in hoofstuk 7 vorm die oorgang van Christus se werk in sy vernedering na sy verhoging en fokus op die betekenis en nut van sy opstanding vir gelowiges. Waar die vorige tema aangetoon het dat Christus deur sy vernedering die volle las van God se toorn gedra het, toon hierdie tema hoe Hy deur sy opstanding triomfantlik verheerlik is. Christus se opstanding is die sekerste bewys dat Hy die mag van sonde en die ewige dood oorwin het, en dat sy versoeningswerk volkome is.

In die lig van Afdeling C se antitetiese fokus staan hierdie tema in direkte kontras met die naturalistiese wêreldbeskouing van Eenheidsisme (vgl. Jones, 2015), wat die dood as die finale werklikheid beskou. Teenoor die wêreld se naturalistiese denke, wat hoop tot die materiële bestaan of menslike vooruitgang beperk, verkondig die Skrif dat Christus se opstanding gelowiges voor God regverdig en dat hulle reeds nou in 'n nuwe lewe opgestaan het, en na die dood in die ewige lewe liggaamlik sal opstaan.

Hierdie tema help ouers om hulle kinders te leer dat die krag van die evangelie juis hierin lê: dat Jesus werklik opgestaan het uit die dood, dat Hy oor sonde en dood heers, en dat almal wat in Hom glo, deel het aan hierdie opstanding en nuwe lewe.

Lees: 1 Korintiërs 15:1-22

Fokus: 1 Korintiërs 15:3-4, 20-22; Heidelbergse Kategismus, Sondag 17, vraag en antwoord 45

Jesus Christus is nie net gekruisig nie, Hy het nie net gesterf nie, Hy is nie net begrawe nie, maar Hy het waarlik en werklik uit die dood opgestaan. Só word dit sedert die dae van die apostels bely. So lees ons in ons teksgedeelte wanneer Paulus sê: “want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte; en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte” (1 Kor. 15:3-4).

So is die opstanding van ons Here Jesus Christus die hoogtepunt van die evangelie. Sy opstanding is egter slegs die eerste fase (trap) van sy verheerliking, wat tot eer en heerlijkheid van die Vader is en tot verlossing van sy kinders dien. Dit is die eerste fase (trap) van Christus se triomftog as Koning (Beeke & Smalley, 2021a:1128).

Sy opstanding beteken dat Hy uit die dood opgestaan het en sodoende die oorwinnaar is oor sonde en die dood, sodat Hy al God se seëninge mag ontvang en daarvan al God se kinders kan laat deel hê (Beeke & Smalley, 2021a:1128). Vir gelowiges beteken dit dat ons nou voor God staan as mense wie se skuld betaal is. Ons staan nie meer skuldig voor God nie; ons word nie meer tot die dood verdoem nie. Ons het nou vrede by God. Dit is die voordeel wat Christus se opstanding vir ons inhou (vgl. Heidelbergse Kategismus, Sondag 17, vraag en antwoord 45).

Christus het uit die dood opgestaan sodat Hy sy kinders van die dood kan red en aan hulle die ewige lewe kan gee deur sy Heilige Gees (Beeke & Smalley, 2021a:1128).

Dit is wat ons teksgedeelte vanaf vers 20 verklaar:

Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het. Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word (1 Kor. 15:20-22).

So het Christus deur sy opstanding sy oorwinning oor die krag van die boosheid getoon en die bese magte oorwin (Beeke & Smalley, 2021a:1129).

Kom ons staan nou stil by ons belydenis dat Jesus Christus verheerlik word deur sy triomfantlike opstanding en hoe Hy gelowiges deel maak aan sy opstanding tot die ewige lewe. Ons bely dus (1) dat ons deel het aan sy geregtigheid, (2) dat ons tot 'n nuwe lewe opgewek is, en (3) dat ons ook eendag uit die dood sal opstaan (vgl. Van Genderen & Velema, 2008:495). Dit is die drie sake wat ons vervolgens in hierdie huisgodsdienst-tema sal bespreek.

7.3.2.1 Ons het deel aan Christus se geregtigheid

Deur Jesus Christus se kruisdood het Hy vir ons die geregtigheid verwerf wat God eis. Deur sy kruisdood het Hy ten volle betaal vir die sondes van die mensdom. Soos ons reeds in 'n vorige huisgodsdienst-tema oor sy vernedering gehoor het, het Hy “na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan” (Heidelbergse Kategismus, Sondag 15, vraag en antwoord 37), gely. Deur sy lyding:

het Hy die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra ... So het Hy met sy lyding as die enigste versoeningsoffer ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos en vir ons die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe verwerf (Heidelbergse Kategismus, Sondag 15, vraag en antwoord 37).

Maar nadat dat Hy die geregtigheid en die ewige lewe vir ons verwerf het, moes Hy ons ook deel maak van hierdie geregtigheid. Christus moes uit die dood opstaan sodat Hy ons deel kan maak van die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het. Die betekenis van Christus se opstanding hou dus verband met die geregtigheid wat Hy verwerf het, en waarvan Hy ons deel gemaak het. Kom ons begrond hierdie punt duidelik in ons gedagtes: Deur sy dood verwerf Christus die geregtigheid, en deur sy opstanding kry ons deel aan sy geregtigheid.

Wat beteken die geregtigheid wat Christus verwerf het? Geregtigheid beteken dit wat reg is. Dink terug aan die Skeppingsverhaal: God het alles goed geskape. Die mens het Hy in sy ewebeeld geskape. Sondag 3 sê dit beteken: “in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy [dit is: die mens] God, sy Skepper, reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys”.

Hieruit sien ons dat geregtigheid te make het met ’n verhouding wat reg is — meer spesifiek, ’n regte verhouding tussen God en die mens. God het ons geskape om in verhouding met Hom te leef. Die oomblik toe die mens in die sonde geval het, is hierdie regte verhouding verbreek. Omdat God regverdig is, staan die mens skuldig voor

Hom, en moet God die sonde straf. Die mens wat gesondig het, is self verantwoordelik vir hierdie skuld, en die loon van die sonde is die dood.

Dit is dus wat geregtigheid behels: Omdat God regverdig en heilig is, het Hy geregtigheid lief en wil Hy hê dat daar aan sy geregtigheid voldoen moet word. Omdat die mens van nature sondig is, verdien alle mense die ewige dood — dit is die toorn van God, wat die straf is op die sonde.

Maar nou, omdat ons nie God se toorn sou kon dra nie, stuur Hy sy Seun om te voldoen aan hierdie geregtigheid wat God vereis. Christus het gekom en was tot die dood toe gehoorsaam aan God se geregtigheid, terwyl ons sondes op Hom was. Só verwerf Hy die geregtigheid wat God eis. Dit beteken Christus het die prys betaal wat ons veronderstel was om te betaal.

En deur sy opstanding maak Hy ons deel van hierdie geregtigheid. Deur sy dood het Hy die betaling vir die sonde gedoen; Hy het die skuld van die sonde betaal. Hy het die dood oorwin sodat Hy ons deel kan maak van sy geregtigheid. Die prys wat Christus deur sy dood in ons plek vir die sonde betaal het, het Hy op ons rekening geplaas, sodat dit — wat ons skuld betref — vir ons kan aandui: Die skuld is betaal, die dood is oorwin, jy staan nou regverdig voor God.

As die Bybel sê ons is deur die geloof geregverdig, beteken dit dat geloof die instrument is wat God aan ons gee waardeur ons aan Christus vasgryp, sodat Hy my deel kan maak van sy geregtigheid, soos wat ons in Sondag 23 van die Heidelbergse

Kategismus bely. Ons sou kon sê die Heilige Gees geloofsvertroue in ons harte wek, sodat Christus se geregtigheid ons geregtigheid word wanneer ons glo dat Jesus Christus werklik uit die dood opgestaan het vir my sondes.

So kry ons deur Christus se opstanding deel aan sy geregtigheid, en word ons ook opgewek tot 'n nuwe lewe. Die volgende punt in die huisgodsdiens-tema:

7.3.2.2 Ons word tot 'n nuwe lewe opgewek

Die feit dat Christus in ons plek doodgegaan het, dat Hy vir ons sondes betaal het, en dat Hy die dood oorwin het en ons deel gemaak het van sy geregtigheid, maak dat ons nou toegang tot God het. Ons leef nou in vrede voor God — dít is die nuwe lewe waartoe ons gewek is. Ons is met God versoen, en nou het ons die groot voorreg om in verhouding met God te kan staan. Te danke aan Christus staan ons nie meer skuldig voor God nie.

Die troos is dat al God se uitverkorenes hierdie geregtigheid as 'n geskenk ontvang. Hierdie nuwe lewe is nie iets wat ons nog moet doen nie, maar iets wat Christus reeds volbring het. Dit is 'n gawe wat die Heilige Gees deur die geloof aan ons skenk, sodat elke gelowige hierdie geskenk sy eie kan maak.

Hierdie nuwe lewe is die wedergeboorte. Die wedergeboorte is 'n totaal nuwe toestand waarin ons verkeer. Dit is 'n nuwe natuur wat ons ontvang, waardeur ons God kan en wil dien soos wat Hy van ons vra. Waar ons vroeër slawe van die sonde was en ons lewe volgens sonde ingerig het, is ons nou nuut gemaak.

Tog moet ons onthou dat wedergeboorte nie beteken dat die sonde verdwyn nie, dit beteken eenvoudig dat ons siel lewend gemaak word. Waar ons siel voorheen dood was in die sonde, is daar nou lewe in ons wat ons anders laat lewe, sodat ons nie langer die sonde wil dien nie. Soos wat ons in Romeine 6 hoor, is ek in Christus gedoop, ek is saam met Christus dood, ek is saam met Christus begrawe, ek het opgestaan saam met Christus, en daarom is ek beslis nou al in 'n nuwe lewe saam met Christus.

Omdat ons vir die sonde dood is, sterf ons die sondesmet af en leef ons nie meer volgens die sonde nie. Waar die dood en die sonde voorheen oor ons geheers het, leer die Bybel ons (vgl. Romeine 5) dat ons nou deur die geloof in Jesus Christus in hierdie lewe oor die dood en die sonde kan heers. Die Nuwe Testament leer ons op verskeie plekke wat dit beteken om in hierdie nuwe lewe te wandel (vgl. Rom. 6; Rom. 12 e.v.; Kol. 3 e.v.; Ef. 4 e.v.; Gal. 5 e.a.).

Dit beteken dat ons volgens die Gees behoort te wandel, en nie langer volgens die vlees nie. In Galasiërs 5 word dit duidelik gestel dat die werke van die vlees onder ander die volgende insluit: "owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge" (Gal. 5:19-21).

Hierteenoor is die vrug van die Gees alles wat met die wet van God ooreenstem, soos "liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid,

sagmoedigheid, selfbeheersing” (Gal. 5:22). So behoort ons in hierdie nuwe lewe te wandel.

Laastens bely ons dat Christus se opstanding van groot betekenis vir ons is, want deur sy opstanding sal ons ook eendag opstaan uit die dood opstaan. Die laaste punt in die huisgodsdienstema:

7.3.2.3 Ons sal ook eendag uit die dood opstaan

Jesus Christus is die waarborg van ons opstanding. Hierdie sekerheid word duidelik bevestig in ons teksgedeelte. Kom ons luister weer na wat Paulus hieroor sê en vra.

Ons lees vanaf vers 12:

As dit dan gepreek word dat Christus uit die dode opgewek is, hoe sê sommige onder julle dat daar geen opstanding van die dode is nie? As daar geen opstanding van die dode is nie, dan is Christus ook nie opgewek nie. En as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof; en dan word ons valse getuies van God bevind, omdat ons teen God getuig het dat Hy Christus opgewek het, wat Hy nie opgewek het nie, ten minste as die dode nie opgewek word nie. Want as die dode nie opgewek word nie, dan is Christus ook nie opgewek nie; en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes; dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore. As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense. Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het. Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word (1 Kor. 15:12-22).

U sien, Jesus Christus het inderdaad uit die dood opgestaan. Vroeër in ons teksgedeelte sê Paulus dat meer as vyfhonderd mense hiervan getuig het, omdat Jesus aan elkeen van hulle verskyn het. Indien ons dit nie glo nie, dan is ons geloof nutteloos. Maar omdat ons glo, kan ons met sekerheid weet dat ons ook eendag liggaamlik uit die dood sal opstaan, want Christus is ons pand. Hy is die waarborg, omdat ons weet Hy het opgestaan en bly lewe.

Ons verkry egter verdere sekerheid oor ons eie opstanding deur te sien hoe God ons reeds tot 'n nuwe lewe opgewek het, soos wat ons gelees het. Hy wat my weergebore laat word het, sal my ook opwek in die laaste dae.

Glo jy hierdie belydenis van Christus se opstanding so vas dat jy altyd gereed is om 'n antwoord te kan gee aan iemand wat aan die opstanding van ons Here Jesus twyfel en wat dit as onwaarhede afmaak?

Hoe behoort 'n mens te reageer op die bewering dat daar geen bewyse bestaan dat Jesus werklik aan die kruis gesterf het nie? Hoe behoort 'n mens te reageer op die stelling dat Jesus se liggaam gesteel is en dat Hy dus nie werklik uit die dood opgestaan het nie? Watter antwoord kan gegee word aan die bewering dat die dissipels Jesus se liggaam weggesteek het en 'n valse opstanding uitgedink het met die doel om 'n nuwe geloofsbeweging te begin? Hoe behoort 'n mens te reageer op die mening dat die dissipels slegs by ander opstandingsmites uit daardie tydperk afgeskryf het? Hoe moet 'n mens reageer op die stelling dat honde na bewering Jesus se liggaam opgeëet het en dat Hy derhalwe nie werklik opgestaan het nie? Hoe

reageer 'n mens op die beskouing dat Jesus slegs geestelik, en nie liggaamlik nie, opgestaan het — in die harte van gelowiges? Dit is onder meer die teorieë wat tans in omloop is. Ons behoort te alle tye gereed te wees om verantwoordelike antwoorde te kan gee wanneer ons met hierdie vraagstukke gekonfronteer word.

Ons antwoord is eenvoudig. Ongelowige teorieë vereis dikwels dat daar wetenskaplike bewyse gebied moet word, behalwe die Bybel self. In so 'n situasie, is 'n goeie apologetiese benadering, wat deur verskeie hedendaagse apologete voorgestel word, dat ons dieselfde vraag kan terugspeel: Waar is die bewyse vir hierdie teorieë uit die eerste eeu? Ons beskik ten minste oor die Bybel as primêre bron en dit is algemeen aanvaar dat die Bybel wel uit die eerste eeu dateer, met soveel getuienisse wat die egtheid van die Bybelse geskrifte ondersteun. As gelowiges aanvaar ons dat die Bybel as Woord van God gesaghebbend is en dat dit dus die waarheid verteenwoordig.

Ons glo die Bybel waar getuig word dat Christus werklik opgestaan het, en dat sy opstanding vir ons van wesenlike betekenis is. Daarom het ons sekerheid en beskerm ons hierdie waarheid met ons hele lewe. Ons beskerm en verdedig hierdie leer verder deur dit uit te leef — met ander woorde, deur te lewe as mense wat getroos is, omdat ons ook opgewek is uit die dood van die sonde. Andersins is ons geloof tevergeefs.

Ons Here Jesus het opgestaan uit die dood. Deur sy opstanding is Christus triomfantlik verheerlik om gelowiges die ewige lewe te gee. Dit is vir ons van groot waarde dat Hy uit die dood opgestaan het, want deur sy opstanding deel ons in sy geregtigheid, word ons tot 'n nuwe lewe opgewek, en ontvang ons die versekering dat ons ook eendag uit

die dood sal opstaan. Laat ons Hom dus verheerlik deur die nuwe lewenswandel wat ons, in gehoorsaamheid aan sy Gees en sy Woord, uitleef.

Deur hierdie huisgodsdienstema leer ouers en kinders saam dat Christus se opstanding die triomfantlike vervulling is van God se verlossingsplan en die vaste bewys dat die ewige dood oorwin is. Sy opstanding bevestig dat die skuld vir ons sondes volkome betaal is en dat gelowiges deur geloof in Hom geregverdig is. Hierdie belydenis staan antities teenoor die ideologieë van naturalistiese wêreldbeskouings wat die dood as die einde van bestaan beskou, of as 'n vyand sien wat nie oorwin kan word nie, en gevolglik alle hoop tot die grense van die menslike lewe beperk. Waar die wêreld verlossing in menslike pogings of rituele probeer vind, verkondig die Skrif dat ware lewe slegs in die opgestane Christus gevind kan word. Deur sy opstanding deel Hy aan gelowiges ten minste drie troosvolle sekerhede mee: Gelowiges kan wêet dat Christus hulle deur sy geregtigheid voor God vrygespreek het, dat hulle reeds in hierdie lewe deur sy Gees tot 'n nuwe lewe opgewek is; en dat hulle eendag liggaamlik saam met Hom sal opstaan tot die ewige lewe. Só kan ouers hul kinders lei om met vaste geloof hoopvol die opstanding van Christus te bely, in Wie ons die waarborg van ons eie opstanding en nuwe lewe het.

7.3.3 Huisgodsdienst-tema: Deur sy verhoging regeer Christus in hemelse heerlijkheid, vanwaar Hy sy regverdige oordeel voltrek.

Hierdie vyfde huisgodsdienst-tema in hoofstuk 7 voltooi die tweede subafdeling oor die wyse waarop verlossing bewerk word, met spesifieke fokus op die laaste fase van Christus se werk, naamlik sy verhoging in hemelse heerlijkheid. Waar die vorige tema aangetoon het dat Christus deur sy opstanding die dood triomfantlik oorwin het, beklemtoon hierdie tema dat Hy nou as verhoogde Here en Koning regeer, en uiteindelik met sy wederkoms as Regter die wêreld in geregtigheid sal oordeel. In die lig van Afdeling C se antitetiese fokus, staan hierdie tema in skerp kontras met die naturalistiese wêreldbeskouing van Eenheidsisme (Jones, 2015), waarin geen bonatuurlike regering of uiteindelike oordeel deur die Skepper-God erken word nie. Die Skrif leer egter dat Christus deur sy verhoging as die Lam op die troon regeer. Hy is daarom alleen waardig om as God in die Drie-eenheid, saam met die Vader, aanbid te word. Wanneer Hy met sy wederkoms terugkeer om sy regverdige oordeel te voltrek, sal Hy die volheid van sy koninkryk openbaar. Hierdie tema help ouers om hulle kinders te leer dat Jesus Christus nie slegs in die verlede verlos het nie, maar tans as Here van die heelal regeer en sy kerk beskerm, en sy vyande onderwerp, totdat Hy eendag weer kom om alles nuut te maak. Só leer kinders om met eerbied en verwagting te leef onder die heerskappy van die enigste waardige Koning, Here en Verlosser.

Lees: Openbaring 4-5 en die Heidelbergse Kategismus, Sondag 18-19

Fokus: Openbaring 4-5

In 'n vorige huisgodsdienst-tema het ons reeds begin met die behandeling van die leer oor Jesus Christus se verhoging, met ander woorde dat Hy triomfantlik opgestaan het uit die dood. Deur sy opstanding het Hy met sy koninklike krag getoon dat Hy mag het oor die boosheid en oor die ewige dood.

Ook het ons geleer dat sy opstanding slegs die eerste fase (trap) van sy verheerliking is. Die werk van Christus, ons Verlosser en Saligmaker, gaan verder in sy verhoging. Hy het nie net uit die dood opgestaan nie, maar, nadat Hy vir 'n kort tydperk met sy opgestane liggaam op aarde was, het Hy opgevaar na die hemel, vanwaar Hy regeer. Sy hemelvaart, sy heerskappy in die hemel, en sy wederkoms is dus steeds deel van sy verlossingswerk.

Daarom staan ons in vandag se huisgodsdienst-tema stil by die verheerlikte Christus in die hemel, soos dit in die boek Openbaring beskryf word. Kom ons neem 'n oorsig deur hierdie boek om die volgende aspekte te ondersoek: (1) Christus se verheerlikte heerlijkheid in die hemel; (2) Christus wat in sy verheerlikte heerlijkheid in die hemel aanbid word; en (3) Christus wat in sy verheerlikte heerlijkheid vanuit die hemel sal kom om die oordeel te voltrek.

7.3.3.1 Christus se verheerlikte heerlijkheid in die hemel

Reeds vanaf die vroeë kerk bely gelowiges dat Jesus Christus “opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel” (Die Apostoliese geloofsbelydenis).

Ons Here Jesus Christus, wat Homself verneder het tot die dood aan die kruis, is deur die Vader opgewek sodat Hy in heerlijkheid kan regeer.

Christus se verheerliking sluit wel aspekte van sy wederkoms in, maar die eskatologiese aspekte behoort dogmaties as 'n aparte lokus hanteer te word. Omdat Christologie en Eskatologie met mekaar oorvleuel, sal daar dus na relevante eskatologiese aspekte verwys word sonder om Eskatologie volledig binne Christologie te behandel. Van Genderen en Velema (2008:509) beaam dit: "The chapter on eschatology will portray Christ's return from the perspective of the consummation of all things and the coming of the kingdom of God in glory. Christology must at any rate mention one of the key aspects of his coming: *He will come to judge*".

So lees ons in die Christus-lied in Filippense 2 van sy heerlike regering saam met die Vader. Daar staan:

Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlijkheid van God die Vader (Fil. 2:9-11).

Hierdie verhoging waarvan Filippense praat, is dat Jesus Christus na die hemel opgevaar het om saam met die Vader te regeer. Dit is ook wat ons Here Jesus Christus aan Johannes in die boek Openbaring bekend gemaak het deur die visioen wat Johannes ontvang het. Hierdie visioen, en daarmee saam die hele inhoud van die boek, begin met die volgende woorde:

Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het, wat getuig het van die woord van God en die getuienis van Jesus Christus—alles wat hy gesien het (Openb. 1:1-2).

So skryf Johannes verder: “Ek was in die Gees op die dag van die Here, en ek het agter my ’n groot stem gehoor, soos van ’n basuin, wat sê: Ek is die Alfa en die Oméga, die eerste en die laaste” (Openb. 1:10-11a).

Daarna het Johannes omgedraai om te sien wie met hom praat. Hy sien toe:

sewe goue kandelaars, en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met ’n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met ’n goue gordel. Sy hoof en hare was wit soos wol, soos sneeu, en sy oë soos ’n vuurvlam, en sy voete soos blink koper wat gloei soos in ’n oond, en sy stem soos die stem van baie waters. En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en ’n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag (Openb. 1:12b-16).

Wat ’n voortreflike gesig om te aanskou. Dit behoort enige mens baie klein te laat voel.

Vir Johannes was hierdie ervaring só oorweldigend, dat hy in vrees — en heeltemal tereg — soos ’n dooie mens voor Hom neergeval het. Dan lees ons dat die Een voor Wie Johannes geval het, sy regterhand op hom gelê en toe gesê het: “Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood” (Openb. 1:17c-18). Johannes sien dus ons Here Jesus Christus in sy volle heerlijkheid

verheerlik; en Hy leef en regeer tot in alle ewigheid. Daarmee kom ons by die tweede punt van hierdie lering:

7.3.3.2 Christus word in sy verheerlikte heerlijkheid in die hemel aanbid

Wanneer ons verder in die boek Openbaring lees oor die visioen wat Johannes ontvang het, lees ons in hoofstuk 4 van iemand wat op die troon sit. In die hele hoofstuk kan ons nie duidelik uitmaak Wie dit is wat op die troon sit nie. Eers aan die einde van die hoofstuk lees ons dat die vier en twintig ouderlinge voor Hóm neergeval het wat op die troon sit om Hom te aanbid, en dat hulle sê: “U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlijkheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape” (Openb. 4:11).

Hieruit kan ons met reg aflei dat dit God die Vader en Skepper is wat hier aanbid word. In hoofstuk 5 gaan die gedeelte verder, en dan sê Johannes in vers 1: “En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, ’n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël” (Openb. 5:1). Ons weet dus nou dat dit God is wat op die troon sit, maar ook dat Hy die boek met sewe seëls in sy regterhand hou. Tot op hierdie stadium weet niemand nog wat hierdie sewe seëls behels nie, maar later, in hoofstuk 6 en verder, lees ons dat hierdie sewe seëls verband hou met die oordele van God.

Hier sien ons dus die Vader wat op die troon sit en regeer. Maar as Jesus Christus ook God is, soos die res van die Nuwe Testament bevestig, kan gevra word of Hy dan

nie saam met die Vader aanbid behoort te word nie? Laat ons hierdie vraag in gedagte hou en verder luister.

Wanneer daar gevra word wie hierdie seëls van God se oordele kan oopbreek, en dit blyk dat daar niemand is wat dit kan oopmaak nie, begin Johannes om te huil. Maar nét toe sê een van die ouderlinge wat rondom die troon staan: “Die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek” (Openb. 5:5b).

Die oordele van God moet voltrek word oor hierdie wêreld van ongeregtigheid, maar dit word teruggehou totdat iemand waardig gevind kan word om die seëls oop te maak. Niemand is egter waardig nie, behalwe Een: ons Here Jesus Christus. Hy is die Leeu uit die stam van Juda; Hy is die wortel van Dawid; dit is Hy wat oorwin het. Tog sien ons hier nog nie dat Jesus Christus aanbid word nie en sien ons steeds dat slegs God op die troon sit, regeer en aanbid word.

Wanneer Johannes vervolgens in die middel van die troon en die vier lewende wesens, te midde van die ouderlinge, kyk, sien hy dat die Leeu waarna die ouderling verwys het, 'n Lam is wat staan asof Hy geslag is. Dit is hierdie Lam wat nader kom en die boek uit die regterhand neem van Hom wat op die troon sit. Hier gebeur iets merkwaardigs: toe die Lam die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer en sing 'n nuwe lied.

Onthou, die lied wat hulle in hoofstuk 4 gesing het, was gerig aan God die Skepper. Daar het hulle gesing: “U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlijkheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape” (Openb. 4:11). In hoofstuk 5, egter, wanneer die ouderlinge en die lewende wesens die Lam sien, sing hierdie nuwe lied tot Hom. Hulle sê:

U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers (Openb. 5:9-10).

Hoe troosvol is dit nie! Deur sy kruisdood en opstanding het ons Here Jesus ons reeds vir Homself gekoop, sodat ons as konings op die aarde kan heers — reeds nou deur oor die sonde te heers, maar ook eendag, by die voleinding wanneer die aarde nuut gemaak word, op volkome wyse.

Ons teksgedeelte sê steeds nog nie uitdruklik dat Jesus Christus as die Lam aanbid word nie, maar die feit dat hulle Hom eer, voor Hom buig, en aan Hom 'n loflied sing wat hulle voorheen slegs aan God gesing het, dui reeds daarop dat Hy saam met die Vader aanbid word. Hoe verder ons lees, hoe duideliker word hierdie openbaring van Christus se koningskap saam met die Vader.

Daarna word dit aan ons beskryf hoe daar, saam met die lewende wesens en die ouderlinge, ook duisende engele rondom die troon staan. Hulle sê almal met 'n groot stem sê: “Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlijkheid en lof” (Openb. 5:12). Hier sien ons dan

uiteindelik dat beide God die Vader en die Seun saam en voluit aanbid word. Hoofstuk 5 verduidelik dit verder en sê:

En elke skepsel wat in hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! (Openb. 5:13).

Nie net sing die ouderling, die engele en al die skepsels nie, maar ook die vier lewende wesens beaam hierdie lofprijsing aan die Vader en aan die Seun. So lees ons dat hierdie hoofstuk eindig met die woorde: “En die vier lewende wesens het gesê: Amen! En die vier en twintig ouderlinge het neergeval en Hom aanbid wat lewe tot in alle ewigheid” (Openb. 5:14).

So maak die boek Openbaring aan ons bekend dat Christus in sy verhoging verheerlikte heerlikheid, saam met die Vader, aanbid word. Wanneer ons dan verder lees, verneem ons van die derde punt van hierdie lering, naamlik:

7.3.3.3 Christus sal in sy verheerlikte heerlikheid vanuit die hemel kom om die oordeel te voltrek

In Openbaring 7 lees ons van die gelowiges wat uit die groot verdrukking kom. Weereens sien ons dat Christus saam met die Vader aanbid word. In vers 9 sê Johannes:

En ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande; en hulle het met 'n groot

stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam! (Openb. 7:9-10).

So het ook die engele rondom die troon, sowel as die ouderlinge en die vier lewende wesens, daar gestaan. Hulle het voor die troon op hulle aangesig neergeval en God aanbid en gesê: “Amen! Die lof en die heerlijkheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in ewigheid! Amen” (Openb. 7:12).

Daarna lees ons van gelowiges wat met wit klere bekleed was: “Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam” (Openb. 7:14). Die troos wat die gelowiges het, is dat God hulle deur die bloed van sy Seun, Jesus Christus, reinig, sodat hulle nie onder God se oordeel kom nie.

Dit is 'n feit dat gelowiges dikwels teëspoed en verdrukking in hierdie wêreld ervaar. Gelowiges word steeds vervolgt en selfs vanweë hulle geloof in Jesus Christus om die lewe gebring. Op verskeie maniere ly gelowiges ter wille van hulle geloof. Tog het gelowiges die sekerheid dat God die goddeloosheid van hierdie wêreld sal oordeel; sy oordeel sal onherroeplik kom, en almal staan skuldig en moet die straf van God se toorn, naamlik die ewige dood, ontvang — behalwe hulle wat deur die bloed van die Lam gereinig is.

Elkeen wat glo dat Jesus Christus sy enigste en ware Verlosser is, leef getroos met die wete dat, selfs al beleef ons tans verdrukking en selfs al word die kerk ernstig

vervolg, God steeds met ons is. Openbaring 7 verskaf hierdie sekerheid. In vers 17 lees ons: “Die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal al die trane van hulle oë afvee” (Openb. 7:17).

As ons dan na die einde van die boek Openbaring blaai, lees ons dat, nadat die groot verdrukking aan die einde van tyd verby is, die vier en twintig ouderlinge en die vier lewende wesens weer neergeval en God aanbid het wat op die troon sit, en hulle het gesê: “Amen, Halleluja!” (Openb. 19:4). Dit beteken: waarlik, loof die HERE — letterlik: loof Jahweh! Hulle loof die Here, wat ook die Christus is.

Hierna lees ons van ’n bruilof tussen die Lam en die heilige gelowiges. Vervolgens lees ons van ’n Ruiter op ’n wit perd — wat Jesus Christus is — wat weer sal kom om die oordele van God te voltrek. Daar staan verder geskryf: “En Hy was bekleed met ’n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God” (Openb. 19:13).

Let op hoe ons Here Jesus dan beskryf word:

En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne.

En uit sy mond gaan daar ’n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met ’n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here (Openb. 19:14-16).

Dit is ons Here Jesus Christus wat, in sy verhoging en verheerlikte heerlikheid, nie slegs aanbid word nie, maar ook sal kom om sy regverdige oordeel te voltrek. Dít is Wie Jesus Christus is. Dit is in ’n neutedop die verlossingswerk van ons Here Jesus

Christus in sy verhoging¹⁴¹. So bely ons ook in Sondag 19 ten opsigte van Christus se verhoging: “Christus het na die hemel opgevaar sodat Hy Hom daar as Hoof van sy Christelike kerk kan betoon, deur wie die Vader alles regeer” (Heidelbergse Kategismus, Sondag 19, vraag en antwoord 50).

Mag hierdie openbaringsfeit van ons Here Jesus Christus se verhoging in die hemel, elkeen van ons tot lofprijsing aanspoor. Mag ons sy Naam bo alle Name verhoog, wanneer ons nou Skrifberyming 8:5 sing:

Die ganse skepping sing met krag van jubeltoon:

“Aan Hom wat heerlik is, hoog op die wêreldtroon,
en aan die Lam van God, self ewige Skeppings-Here.
Sy ewig lof en prys en krag en roem en ere!”

Deur hierdie huisgodsdienst-tema leer ouers en kinders saam dat Christus alleen waardig is om saam met die Vader aanbid te word, omdat Hy die Lam is wat geslag is, as Koning op die troon sit en saam met die Vader regeer totdat Hy weer kom om die finale oordeel regverdig te voltrek. Hierdie belydenis staan antiteties teenoor naturalistiese ideologieë wat geen Koning bó of buite die skepping erken nie. Die Skrif verkondig egter dat die geskiedenis deur Christus se verlossing en onder sy hand na 'n heilige voleinding beweeg: Hy beskerm sy kerk, onderwerp sy vyande en sal by sy

¹⁴¹Hieroor skryf Van Genderen en Velema (2008:486): “New Testament pronouncements concerning Christ’s awakening or resurrection, his ascension or his being taken up into heaven, his sitting at the right hand of God and his sovereignty can all be summed up in one term “exaltation” (TDNT, 8:611)”.

wederkoms die volheid van sy koninkryk openbaar. Daarom kan gelowiges met vaste hoop leef — nie in vrees vir 'n doellose lewe en kosmos nie, maar in aanbidding van die Koning van die konings en Here van die here. Só kan ouers hul kinders leer om elke dag met eerbiedige gehoorsaamheid en verwagting te wandel: om Christus nou te aanbid, sy heerskappy te erken en met blydschap uit te sien na die dag wanneer Hy weer kom om alles nuut te maak.

7.4 HOE VERLOSSING BEWERK WORD: DIE VRUG VAN CHRISTUS SE WERK

7.4.1 Huisgodsdienst-tema: Die Heilige Gees as vrug van Christus se verlossingswerk om ons met Hom te verenig.

Hierdie sesde huisgodsdienst-tema in hoofstuk 7 dien as die aanvang van die derde subafdeling wat fokus op die Heilige Gees as die vrug van Christus se verlossingswerk, waardeur gelowiges met Christus verenig word. As inleiding tot die leer oor die Heilige Gees belig hierdie tema Wie die Persoon van die Heilige Gees in die Drie-eenheid is, sowel as sy werking om die mens met Christus te verenig.

In die lig van Afdeling C se antitetiese fokus staan hierdie tema in direkte kontras met die naturalistiese wêreldbeskouing van Eenheidsisme (vgl. Jones, 2015), waarin geen ruimte vir 'n persoonlike en lewende verhouding tussen die Skepper en sy skepsels bestaan nie. Die Skrif leer hierteenoor dat ware lewe in Christus slegs deur die werking van die Heilige Gees moontlik is. Die Heilige Gees word beskryf as die Lewewekker wat ons uit die dood van die sonde in 'n nuwe lewe opwek, en ons met Christus verenig.

Hierdie tema help ouers om aan hulle kinders te leer dat Christus se verlossingswerk nie buite hulle bereik is nie, maar dat die Heilige Gees dit persoonlik in hulle harte toepas. Deur die geloof verbind die Heilige Gees ons aan Christus, verseël Hy ons as God se kinders, en stel Hy ons in staat om tot eer van Hom wat ons verlos het, te leef. Kinders leer dus dat, sonder die Heilige Gees, niemand kan glo of Jesus as Here kan bely nie, en dat dit die Heilige Gees sêlf is wat die band vorm wat ons aan Christus verbind.

Lees: Efesiërs 1:1-23

Fokus: Efesiërs 1:4-6, 13, 17-19; Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 22

In hierdie reeks huisgodsdienstemas, wat fokus op die kernaspekte van ons geloofsleer, het ons reeds aandag gegee aan die skeppingleer, die Godsleer, die mensleer, die sondeleer, en die verlossingsleer.

By die bespreking van die mensleer is daar gestel dat God die mens goed en na sy ewebeeld geskape het. Vervolgens het ons in die behandeling van die sondeleer gesien dat die mens, deur die versoeking van die duiwel, in sonde geval het en daardeur sy beeldskap en die heerlike gemeenskap met God verloor het.

In die verlossingsleer het ons die evangelie ontvang van die Persoon en werk van Jesus Christus, wat gekom het om, deur sy vernedering en sy verhoging, verlossing

te bewerkstellig deur sy dood en sy opstanding. In die verlossingsleer het ons tereg te doen met die Verlosser, Jesus Christus.

Ons het egter ook gestel dat verlossing verband hou met die Heilige Gees. Daar is baie mense, veral onder Pinkstergroepe en sommige Charismatiese groepe, wat beweer dat Gereformeerdes die werk van die Heilige Gees onderbeklemtoon. Nietemin is dit elke keer wanneer ons die Bybel oopmaak en lees, die Heilige Gees wat kragtig deur die Woord van God in ons harte inspreek.

Ons moet onthou dat Christus se werk nie van die werk van die Heilige Gees geskei kan word nie. Sonder die Heilige Gees beteken die verlossing wat Christus bewerk het, vir ons niks. Let wel: Sonder die werking van die Heilige Gees het die verlossingswerk van Christus geen betekenis vir ons nie, want dit is juis deur die Heilige Gees wat ons deel kry aan die weldade van ons Here Jesus Christus.

7.4.1.1 Die Heilige Gees laat ons deel in die weldade van Christus

Dit is wat Johannes Calvyn in sy *Institusie* vir ons mooi uitlig. Nadat hy in die eerste twee boeke die verlossing wat daar in Christus is, verduidelik het, begin hy boek drie met die opskrif: “Die manier waarop ons die genade van Christus ontvang, die voordeel wat dit vir ons inhou, en die resultaat daarvan” (Calvyn, 1988:699, III.1.1). Die eerste hoofstuk wat Calvyn dan behandel, is die werking van die Heilige Gees.

Oor die werking van die Heilige Gees lees ons dat die Heilige Gees die band is waarmee Christus ons aan Homself verbind deur die prediking (Calvyn, 1988:699, III.1.1). Calvyn stel dit so: Indien die werk van Christus en die storting van sy bloed nie

tevergeefs behoort te wees nie, moet ons siele deur die geheime reiniging van die Heilige Gees daardeur gewas word.

Dit is dus deur die Heilige Gees dat die uitverkorenes deel kry aan die verlossing wat Christus bewerk het. Die Heilige Gees verseël die verlossing van reiniging wat Christus deur sy offer bewerk het. Die Heilige Gees is die band wat ons aan Christus se weldade verbind.

Hieroor skryf Calvyn (1988:700-701, III.1.1):

Want soos daar in die hemel drie getuies opgeroep word, naamlik Vader, Woord en Gees, so is daar ook drie getuies op die aarde, naamlik water, bloed en Gees. Daar word ook nie verniet by herhaling vermeld dat die getuie van die Gees wat ons ervaar, soos 'n seël in ons harte afgedruk is nie. Dit verseël dus die afwassing deur en die offer van Christus. Daarom sê Petrus ook dat die gelowiges uitverkies is in die heiligmaking deur die Gees en in die gehoorsaamheid en besprinkeling met die bloed van Christus. Met hierdie woorde wys hy ons daarop dat ons siele deur die verborge besprinkeling van die Gees gereinig word sodat die uitstorting van sy heilige bloed nie tevergeefs sou wees nie. Wanneer Paulus oor ons reiniging en regverdigmaking praat, sê hy daarom ook dat ons in die Naam van Jesus Christus en in die Gees van ons God albei deelagtig word. Dit kom kortliks hierop neer: Die Heilige Gees is die band waarmee Christus ons kragdadig aan Hom verbind.

Calvyn (1988:706, III.1.4) sê verder:

Soos ons dus gesê het, kan volmaakte saligheid in die Persoon van Christus gevind word. Om ons dus in Hom te laat deel doop Hy ons net so in die Heilige Gees en in vuur, terwyl Hy ons verlig om in sy evangelie te glo en ons weergebore laat word, sodat ons nuwe skepsels kan wees.

Beeke en Smalley (2021b:56) skryf hieroor ook:

In the Trinity, the Son and the Spirit are distinct in their personalities but inseparable in their being and activity. So closely united are they in all their works that Paul could write of Jesus Christ: "Now the Lord is that Spirit" (2 Cor. 3:17). Furthermore, God has so ordered salvation that the Spirit comes to apply what the Son has accomplished (John 16:13-14). The great work of the Spirit is union with Christ ... This union in the Spirit is the means of our personal communion with Christ.

Dit is daarom belangrik dat ons, net vir 'n oomblik, kortliks stilstaan by die name van die Heilige Gees in die Nuwe Testament.

7.4.1.1.1 Name van die Heilige Gees

In die Nuwe Testament word na die Heilige Gees verwys deur verskeie name en beskrywings. Calvyn (1988:703-705, III.1.3) bied 'n omvattende beskrywing van hierdie name van die Heilige Gees. Alhoewel dit 'n redelike uitgebreide beskrywing is, is dit wel insiggewend om dit te lees. Daarom sal dit in sy geheel aangehaal word, aangesien Calvyn hiermee die belangrikheid van die werking van die Heilige Gees beklemtoon, naamlik die feit dat die Gees die mens aan Christus verbind.

Waar dit hier oor die begin en die hele herstel van ons saligheid handel, betaam dit ons om te let op die lofbetuigings waarmee die Skrif die Heilige Gees teken. Ten eerste word Hy die Gees van aanneming genoem. Hy is trouens vir ons 'n getuie van die onverdiende welwillendheid van God waardeur God die Vader ons in sy geliefde eniggebore Seun omhels het, sodat Hy vir ons 'n Vader kan wees en ons kan opwek om met vertroue tot Hom te bid. Ja, Hy sê selfs die woorde aan ons voor, sodat ons onbevrees kan uitroep: "Abba, Vader!" Om dieselfde rede word daar gesê dat Hy 'n pand en seël van ons erfenis is. Terwyl ons immers vreemdelinge op die wêreld en net soos dooies is, maak Hy ons uit die hemel op so 'n wyse lewend dat ons daarvan verseker kan wees dat ons saligheid deur die troue beskerming van God vas en seker is. Daarom word daar ook gesê dat Hy die lewe ter wille van geregtigheid is. Omdat Hy ons deur sy verborge besprinkeling inderdaad vrugbaar maak om spruite van geregtigheid voort te bring, word Hy baie dikwels water genoem, soos by Jesaja: "Almal wat dors het, kom na die waters". Net so sê hy: "Ek sal my Gees giet op die dorstige en strome oor die droë land". Daarmee strook Christus se uitspraak wat ek 'n rukkie tevore aangehaal het. Hy sê: "As iemand dors het, laat hy na My toe kom." Tog word Hy soms vanweë sy krag om te reinig en te suiwer ook so genoem, byvoorbeeld in Esegïël, waar die Here skoon water belowe om die vuilheid van sy volk af te was. Hy word ook olie en salwing genoem, omdat Hy die wat Hy met 'n stroom van sy genade oorgiet, inderdaad weer in lewenskrag herstel en koester. Omdat Hy verder voortdurend die ondeugde van begeerte in ons verteer en verbrand, en ons harte met die liefde vir God en ywer vir godsvrug laat ontbrand, word Hy as gevolg van hierdie werk tereg ook vuur genoem. Kortom: Hy word vir ons geteken as 'n fontein waaruit alle hemelse rykdomme na ons toe vloei, of as die hand van God, waardeur Hy sy mag uitoefen omdat Hy deur die aanblasing van sy krag op so 'n wyse 'n goddelike lewe in ons inblaas dat ons nie meer deur onself aangedryf word nie maar deur sy werking en beweging geregeer word, sodat, as daar nog iets goeds in ons is, dit die vrug van sy genade is en ons eie

gawes sonder Hom duisternis van ons verstand en verwrongenheid van ons hart is. Ons het trouens alreeds duidelik uiteengesit dat Christus in 'n sekere sin niks doen nie totdat ons gemoedere op sy Gees gerig is, want ons sien Hom buite ons dof en daarom ver van ons af. Ons weet egter dat Hy slegs die mense bevoordeel wie se Hoof Hy is en vir wie Hy die Eersgeborene onder sy broers is - kortom, die wat hulle met Hom bekleed het. Hierdie band alleen verseker dat, so ver dit ons aangaan, Hy nie nutteloos as Saligmaker gekom het nie. Daardie heilige huwelik waardeur ons vlees van sy vlees en beendere van sy beendere en daarom een met Hom word, het dieselfde strekking. Hy word egter slegs deur die Gees een met ons. Deur die genade en krag van dieselfde Gees word ons sy ledemate, sodat Hy ons onder Hom insluit en ons op ons beurt Hom besit.

Op verskeie plekke in die Skrif word die Heilige Gees die “Gees van God” genoem (vgl. 1 Kor. 2:11), terwyl Hy op ander plekke as die “Gees van Christus” (vgl. Rom. 8:9; Fil. 1:19; Gal. 4:6) aangedui word. Elders word Hy die “Eersteling” genoem (vgl. Rom. 8:23). Verder lees ons dat Hy die “Onderpand” is, onder andere in Efesiërs 1:14 (ook 2 Kor. 1:22; 2 Kor. 5:5). In ons teksgedeeltes word die Heilige Gees vier keer as die “Trooster” beskryf (Joh. 14:16, 26; 15:26; 16:7).

Ons het nou reeds verskeie van die Name van die Heilige Gees gehoor. Wanneer ons egter na die werking van die Heilige Gees in Johannes 3 kyk, kan ons nie anders as om te erken dat die Heilige Gees die Lewewekker is. Jesus sê vir Nikodémus: “As iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. Wat uit vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees” (Joh. 3:5-6).

Sonder die Heilige Gees kan niemand weergebore word nie, niemand se gees kan uit die dood van die sonde opstaan nie. Alleen wanneer die Heilige Gees die geestelike lewe in gelowiges opwek, kan so 'n persoon Jesus Christus as Here bely. So lees ons in 1 Korintiërs 12:3 “Niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees”. Daar is nog verskeie ander name van die Heilige Gees waarvan die Bybel melding maak.

7.4.1.1.2 Werking van die Heilige Gees by Christus

In die Nuwe Testament sien ons duidelik dat die Heilige Gees oral werksaam is waar Christus teenwoordig is. Daar bestaan dus 'n noue verband tussen die Persoon en werk van die Seun en dié van die Heilige Gees. Hierdie band kom deurgaans na vore in die lewe van ons Here Jesus. Hieronder volg 'n samevatting hiervan, gebaseer op Beeke en Smalley (2021b:116-133).

In Johannes 3 lees ons dat God sy Gees aan sy Seun gee. Christus word dus met die Heilige Gees gesalf, sodat Hy as die menslike Knecht van die Here die genade kan ontvang van die Gees, om sy amp te vervul.

Die Heilige Gees bring ook die openbaring van die nuwe verbond en getuig van Christus se eenmalige offer, wat voldoende is vir die regverdigmaking en heiligmaking van sy volk (vgl. Heb. 10).

Verder is dit die Heilige Gees wat bewerk het dat Maria geboorte gee aan Jesus Christus. Die Vader salf sy mensgeworde Seun met die Gees op so 'n wyse wat Jesaja

42 vervul tydens Christus se doop, waarvan ons lees in Lukas 3, waar die Gees soos 'n duif op Christus neerdaal.

Net so lees ons in Lukas 4, in die beskrywing van Jesus se bediening, dat die Heilige Gees Christus bekragtig het om die evangelie te verkondig. Sy woorde is Gees en lewe, en deur sy woorde gee die Heilige Gees ewige lewe.

Ook ná sy opstanding leer ons Here Jesus steeds sy dissipels deur die Heilige Gees (Hand. 1). Dit is die Heilige Gees wat Christus gerig en toegerus het om geestelike oorlog te voer teen die satan — dit is die Gees wat Jesus in die woestyn ingelei het. Nadat Christus die duiwel weerstaan het, het Hy duiwels uitgedryf, en Hy sê in Matteus 12:28, dat as jy duiwels deur die Gees van God uitdryf, dan is die koninkryk van God in jou. Dit is ook die Heilige Gees wat Christus gesalf het om siekes te genees.

Dieselfde Heilige Gees wat Christus in gehoorsaamheid na die woestyn gelei het, het Hom ook gelei tot die dood aan die kruis. Dit is immers deur die Gees wat gelowiges, net soos ons Here Jesus, bid en uitroep: “Abba, Vader” (sien Mar. 14:36; en Rom. 8:15 en Gal. 4:6).

En so sien ons dat ons Verlosser deur sy kruisdood, deur die Gees, juis die genade van die Heilige Gees vir sy mense verkry het. Dit is ook God wat Christus uit die dood opgewek het deur die krag van die Heilige Gees (Rom. 8:11).

Christus leef nou in die volheid van die Gees se krag. In ons teksgedeelte lees ons verder dat God aan Christus al die geestelike seëninge gegee het wat Hy op die kruis verkry het, sodat almal wat in eenheid met Christus is, mag deel in hierdie rykdom deur dieselfde Gees (verse 3, 7, 13 en 14).

Dit is waarvan ons lees in Handeling 2, waar Petrus met Pinkster oor die uitstorting van die Heilige Gees preek. In verse 32 en 33 lees ons dat God Christus opgewek het, Hom verhoog het om aan die regterhand van God te sit, en dat Hy van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, wat Hy dan ook uitstort op sy uitverkorenes.

Ons sien ook die Heilige Gees in Christus se heerlike verhoging waar Hy regeer. In Openbaring lees ons van die sewe Geeste voor God se troon. Christus is hier die Middelaar van die sewevoudige deugde van die Gees, waarvan Jesaja 11 profeteer, omdat Christus Homself identifiseer as Hy wat die sewe Geeste van God het (Openb. 3:1).

Hiermee volstaan ons in hierdie eerste huisgodsdienstema by die Persoon, werking en noodsaaklikheid van die Heilige Gees as vrug van Christus se werk. Oor die belangrikheid van die Heilige Gees wat Christus se werk aan ons verbind, gee die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 22, 'n baie mooi opsomming. Kom ons luister ten slotte weer mooi na wat ons hier bely:

ARTIKEL 22: ONS REGVERDIGING DEUR DIE GELOOF

Ons glo dat die Heilige Gees 'n opregte geloof in ons harte laat ontvlam om die ware kennis van hierdie groot geheimenis te verkry. Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienstes. Dit maak Hom ons eie en soek na niks anders as na Hom nie. Daar is dus net twee moontlikhede: In Jesus Christus is nie alles wat vir ons saligheid nodig is nie, óf dit is alles wél in Hom, en dan het hy wat Jesus Christus deur die geloof besit, sy volle saligheid. Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie maar dat daar buite Hom nog iets meer nodig is, sou gruwelike godslastering wees, want dit sou beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is. Ons sê daarom tereg saam met Paulus dat ons deur die geloof alleen of deur die geloof sonder die werke geregverdig is. Om presies te wees: Ons bedoel nie dat die geloof self ons regverdig maak nie, want die geloof is slegs die middel waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels, maar wel dat Jesus Christus ons Geregtigheid is. Hy reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, terwyl die geloof die middel is wat ons in die gemeenskap aan al sy weldade aan Hom verbind. En as die weldade ons eiendom geword het, is hulle meer as genoeg om vrypraak vir ons sondes te verkry.

Deur hierdie huisgodsdienstema leer ouers en kinders saam dat die Heilige Gees die lewende band is wat gelowiges met Christus verenig en hulle laat deel kry aan al die weldade van die verlossing wat Hy bewerk het. Hy is nie bloot 'n krag of invloed nie, maar die derde Persoon in die Drie-eenheid wat die werk van Christus in ons harte toepas en bevestig.

Hierdie belydenis staan antities teenoor die ideologieë van naturalistiese wêreldbeskouings waarin die mens sy eie verlossing probeer uitwerk. Die Skrif leer

egter dat die Heilige Gees werklik in gelowiges woon, dat Hy ons weergebore laat word, geloof in ons wek en ons deur hierdie geloof aan Christus verbind.

Só kan ouers hulle kinders leer dat om in Christus te glo, beteken om deur die Heilige Gees met Hom verenig te wees, en dat hierdie vereniging die begin en die waarborg is van 'n nuwe lewe wat tot eer van God geleef word.

7.4.2 Huisgodsdienst-tema: Christus verkry die Heilige Gees om aan sy uitverkorenes te skenk, sodat ons deur die geloof met Hom verenig kan wees.

Hierdie sewende huisgodsdienst-tema in hoofstuk 7 bou voort op die leer van die Heilige Gees as vrug van Christus se verlossingswerk en fokus spesifiek op die waarheid dat Christus die Heilige Gees vir sy uitverkorenes verkry het om hulle deur die geloof met Homself te verenig.

Hierdie tema beklemtoon dat die Heilige Gees die mens aan Christus verbind deur die verligting wat Hy in die mens bewerk. Verder verbind Hy die gelowige aan Christus sodat die gelowige kan deel in die kennis van God wat tot die ewige lewe lei.

In die lig van Afdeling C se antitetiese fokus staan hierdie tema in direkte teenstelling met die naturalistiese wêreldbeskouing van Eenheidsisme (vgl. Jones, 2015), waarin enige geestelike werklikheid tot die kosmos beperk word. Die Skrif leer egter dat die Heilige Gees werklik deur Christus gestuur word om wedergeboorte, geloof en eenheid met Hom te bewerk.

Hierdie tema help ouers om hulle kinders te leer dat geloof nie uit menslike vermoë ontstaan nie, maar 'n geskenk van God is, bewerk deur die Heilige Gees wat Christus

deur sy verlossingswerk vir sy kinders verkry het. Só leer kinders om in dankbaarheid te leef uit die sekerheid dat hul geloof, lewe en eenheid met Christus deur Homself bewerk, bevestig en bewaar word.

Lees: Romeine 8:1-17

Fokus: Romeine 8:1-17; Heidelbergse Kategismus, Sondag 20, vraag en antwoord 30

Reeds in die vorige geleentheid het ons geleer dat die Heilige Gees ons laat deel in die weldade van Christus. Ons het ook gesien hoe die werking van die Heilige Gees oral teenwoordig is waar ons Here Jesus is.

In vandag se huisgodsdienstema oor die Heilige Gees gaan ons verder sien dat hierdie werk van die Heilige Gees — om ons aan Christus se weldade te laat deel hê — werklik 'n werk is wat ons in eenheid verbind aan ons Verlosser.

Kom ons hoor eers (1) hoe die Heilige Gees ons aan Christus verbind, daarna sal ons hoor wat hierdie eenheid beteken, en sal ons laastens (3) vanuit ons teksgedeelte sien hoe die Bybel hierdie waarheid aan ons verkondig.

7.4.2.1 Deur die verligting van die Heilige Gees verbind Hy die uitverkorene aan Christus

Dit is die Heilige Gees wat die verlossing wat Christus bewerk het, op die mens toepas, soos die Vader dit verordineer het (Beeke & Smalley, 2021b:52). Beeke en Smalley

(2021b:130) stel dit verder so: “By the Spirit, God causes the light of his glory in Christ to shine in the hearts of a formerly blind sinners”.

Hoewel die Heilige Gees die Een is wat 'n mens deel maak van die verlossing in Christus, moet ons versigtig wees om nie die werk van Christus en die werk van die Heilige Gees van mekaar te skei nie. Wanneer die Heilige Gees 'n mens aan Christus verbind, is dit Christus wat die mens gryp en deel maak van sy verlossing (Beeke & Smalley, 2021b:128). Elders stel Beeke en Smalley (2021b:249) dit soos volg: “We should never isolate the saving and sanctifying work of the Spirit from the finished work of Jesus Christ. All that the Spirit brings to God’s elect in the application of salvation springs directly from the accomplishment of salvation by the Son.”

Dit is immers Hy wat die verlossing bewerk het, spesifiek vir elkeen wat die Vader aan Hom gegee het. Hy doen dit sodat gelowiges kan deel hê aan sy weldade wat Hy in sy amp as Priester, Profeet, en Koning verrig. Om hierdie rede word gelowiges wat deur die Heilige Gees aan Christus verbind is, Christene genoem, omdat hulle deel het aan die ampte van Christus (Beeke & Smalley, 2021b:128; vgl. ook Heidelbergse Kategismus Sondag 12 vraag en antwoord 31-32).

7.4.2.1.1 Die verligting van verstand wat die Heilige Gees bewerk

Sonder die Heilige Gees kan die mens nie tot bekering kom nie en ook nie die weldade van Christus deur die geloof aangryp nie, want iemand wat geestelik dood is, kan nie in God glo nie. Wanneer die Heilige Gees gelowiges geestelik weergebore laat word

— nuwe lewe gee — verlig die Heilige Gees die verstand van die mens om God, Skepper en Verlosser, weer te kan sien en ken.

In sy sonde is die mens dood en blind, maar deur die Heilige Gees, wat God deur sy Seun as Middelaar gestuur het, ontvang gelowiges die Woord van God en daarmee saam verligte oë, sodat ons die Verlosser, Jesus Christus, in sy heerlijkheid kan sien.

So stel Beeke en Smalley (2021a:970) dit op 'n ander plek:

Without the Spirit of Christ, theological discussion is like a debate about color among people blind from birth. Thanks be to God, the Mediator provides not only the Word of God, but also the inward work of illumination so that our blindness is healed ... Christ the Prophet continues both to present the truth and to heal the eyes of the heart to see it.

Deur die verligting wat die Heilige Gees aan gelowiges skenk, word die gelowige in staat gestel om die geestelike waarhede van verlossing en van God se koninkryk helder en duidelik te sien. Dan sien hierdie mens die heerlijkheid van God wanneer hy die Woord van God lees, en die Heilige Gees oortuig hierdie mens van sy sonde, dat hy skuldig staan voor God se regverdige oordeel en gevolglik die ewige dood verdien. Só besef hierdie mens dat hy verlore is in sy sonde en ellende wanneer hy voor die heerlijkheid van God te staan kom.

Maar dit is nie al waarvan die Heilige Gees hierdie mens oortuig nie. Deur die verligte oë wat die nuwe mens ontvang het, sien hy ook die heerlijkheid van die Seun en die verlossing wat Hy bewerk het vir elkeen wat die Vader aan Hom gegee het om te

verlos. Op hierdie punt ervaar die gelowige eerstehands hoe hierdie kennis van verlossing persoonlik vir hom aangebied word.

Hierdie ervaring van kennis is wat die gereformeerdes en Puriteine vanuit die Reformasie *experiential knowledge* genoem het, afgelei uit Latyn, en moet nié verwar word met die hedendaagse verstaan van kennis wat verkry word deur ervaring nie.

Dit is wat die verligting van die Heilige Gees inhou.

Beeke en Smalley (2021a:975-976) stel die verliggende werk van die Heilige Gees soos volg:

Divine illumination enables believers to perceive with greater clarity and effect the unseen spiritual realities of God, salvation in Christ from sin, and the kingdom of glory ... First, Christ reveals the glory of God to the soul. As we read, study, and hear the Word of God, we must depend upon the Son to reveal God to us (Matt. 11:27). The knowledge of God is the most important gift our Prophet can give us, for it is the very essence of eternal life (John 17:2-3) ... Second, Christ reveals the glory of salvation in him ... Regarding sin and misery, the exalted Prophet sends the Spirit of conviction to reveal sin, righteousness, and judgment (John 16:7-11) ... Regarding deliverance, in Christ, believers have the Spirit of life by whom they gain experiential knowledge of their salvation from condemnation, sin, and death (Rom. 8:1-2). This is the Spirit of Christ (v.9).

Deur die Heilige Gees as agent verkry gelowiges wedergeboorte en verligting van die verstand, sodat ons die lig van die heerlijkheid van God die Vader kan sien skitter deur

die Middelaar, Jesus Christus. Hierdie bonatuurlike lig van God is die werk van die Drie-enige God wat ware bekering in die mens bewerk (Beeke & Smalley, 2021a:970).

7.4.2.2 Die eenheid waarin die Heilige Gees gelowiges in Christus stel en die doel daarvan

Elkeen wat God tot saligheid uitverkies het, kry deel aan die werk van Christus. Andersom dra Christus die werk wat Hy volbring het, oor aan sy uitverkorenes deur die Heilige Gees, sodat hulle kan deel in die kennis van God wat lei tot die ewige lewe (Beeke & Smalley, 2021a:966). Dit is die eenheid waarin gelowiges in Christus gestel word, en dit is die doel daarvan.

In hierdie verband wys Beeke en Smalley (2021a:1095) daarop dat John Owen, 'n bekende gereformeerde teoloog uit die 17de eeu, sê dat die werk van die Heilige Gees die betaalde genade is wat Christus verkry het deur sy lyding en volkome gehoorsaamheid. Is dit nie inderdaad waarvoor Jesus in Johannes 17 gebid het toe Hy as Middelaar vir gelowiges by die Vader ingetree het nie — dat Hy so die Heilige Gees vir gelowiges sou verkry?

Dit is Hy wat in sy heerlikheid die Heilige Gees aan gelowiges geskenk het, sodat die onsigbare Middelaarswerk van Christus, wat in die hemel vir ons intree, hier op aarde sigbaar gedemonstreer kan word.

Die werk van die Heilige Gees is dus om gelowiges deel te laat hê aan die opgestane Christus. Dit is die Heilige Gees wat die uitverkorenes laat deel aan Christus as Middelaar en Koning, wat die Vader as geskenk aan die gelowiges gegee het. Só word

gelowiges met Christus verenig — of soos die Bybel dit noem, in Christus ingeplant (vgl. Joh. 15, Ef., Kol. e.a.) — deur die werking van die Heilige Gees.

Hierdie werk van die Heilige Gees, waardeur gelowiges deel kry aan Christus, is 'n geskenk aan die kerk. So stel Beeke en Smalley (2021a:1130-1131) dit:

Christ's resurrection inaugurated his enrichment of the church. God gave the risen Christ "to be the head over all things to the Church, which is his body, the fulness of him that filleth all in all (Eph. 1:22). Christ's kingship is highlighted with the title "head over all things (cf. Col. 2:10). His universal mediatorial lordship is God's gift to the church, those united to Christ as members of his body. The Church is his "fullness"—not that we fill him, but that he fills us until we reach the full measure of his glorified humanity in union with God by the Spirit (Eph. 3:19; 4:15; 5:18).

Dit is die genadeverbond waarin God Drie-enig al die gelowiges in 'n lewende verhouding van geregtigheid en vrede met Hom stel. Deur sy Gees maak Hy ons lewend en roep ons tot bekering in Hom, sodat ons deur die geloof wat die Heilige Gees skenk¹⁴², in geloofsgehoorsaamheid kan vasgryp aan hierdie Verlosser, Jesus Christus, Hom kan ontvang en so deel hê aan die genadeverbond.

Beeke en Smalley (2021a:702) stel dit soos volg: "God's covenant of salvation is a covenant of grace. Therefore, God brings us into covenant relation to himself by faith

¹⁴² Die Heilige Gees skenk nie slegs geloof nie, maar Hy bewerk ook die geloof, want sonder die Heilige Gees se werk kan die mens nie glo nie.

in Christ, not by our works ... Christ is the essence of the covenant (Isa. 42:6); to partake in the covenant, we must receive him”.

Dit is die hart van die verbondsleer — eenheid met Christus deur die Heilige Gees (Beeke & Smalley, 2021a:1029). Hy verbind gelowiges aan die volkome en doeltreffende verlossing wat Christus bewerk het. Dit is die verlossing wat Christus deur sy Gees bewerk, want anders sou sy offer nutteloos wees. Beeke en Smalley (2021a:1066-1067) skryf hieroor:

The Bible represents the sacrifice of Christ not as accomplishing a potential salvation if we meet certain conditions, but as actually and effectively accomplishing the salvation of those for whom he died ... The “efficacy” of Christ's sacrifice has to do with its power to produce its intended effect. If people for whom Christ died forever remain sinners under God's wrath, condemned prisoners and slaves, enemies outside of God's friendship, objects of his judicial punishment, and offenders against his righteous justice, then how can we say that Christ accomplished propitiation, redemption, reconciliation, penal substitution, and satisfaction for them?

So skryf een van die Nederlandse gereformeerde teoloë uit die 17de eeu, Witsius (1845, 2.7.8): “Die ware verlossingsweldade word op geeneen van die uitverkorenes geskenk, as dit nie vooraf gegaan word deur die soewereine roeping en werklike eenheid met Christus deur ’n ware geloof nie”. Dit is God wat die volkome verlossing wat Christus bewerk het, doeltreffend op gelowiges toepas deur sy Heilige Gees (Beeke & Smalley, 2021a:1070).

7.4.2.2.1 *Die tyd wanneer die eenheid in Christus reeds vasgestel is*

Selfs voordat uitverkorenes deur die geloof aan Christus verbind word, bestaan daar reeds 'n werklike band van eenheid tussen Christus en die uitverkorenes (vgl. Beeke & Smalley, 2021b:245-253)¹⁴³. Hoe troosvol is dit! Toe God ons in Christus uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld, het Hy ons al met Christus verbind.

Bavinck (1929a:520) sê: “Reeds in de eeuwigheid, in de verkiezing, en nader nog in het pactum salutis, is er een band gelegd tusschen der middelaar en degenen, die Hem gegeven zijn van den Vader”

Dit is 'n “genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is” (2 Tim. 1:9). Ook met Christus se menswording het Hy Homself aan ons verbind deur die aanneming van die menslike natuur (vgl. Heb. 2:14). Op aarde het Hy Hom nie geskaam om gelowiges sy broeders te noem nie (vgl. Heb. 2:11). Trouens, Hy het in alle opsigte aan sy broers gelyk geword sodat Hy hulle kon versoen (vgl. Heb. 2:17).

So word gelowiges verbind aan die Vader deur die band met die mensgeworde Here. Verder word gelowiges met Christus verbind deur sy dood, opstanding en hemelvaart. Ja gelowiges het saam met Christus gesterf, maar ook saam met Hom lewend gemaak (vgl. Rom. 6:3-11 e.a.).

¹⁴³Beeke en Smalley (2021b) bespreek hierdie eenheidsband onder die volgende opskrifte: (1) eenheid met Christus by die ewige uitverkiesing, (2) eenheid met Christus in sy menswording, (3) eenheid in Christus in sy dood, opstanding en hemelvaart, (4) eenheid met Christus in die Gees se werk van persoonlike verlossing, (5) eenheid met Christus in die ewige heerlijkheid van God.

Maar hierdie eenheid wat gelowiges met Christus het, realiseer eers wanneer die Heilige Gees sy werk van persoonlike verlossing op die uitverkorene toepas. Dit is die Heilige Gees wat hierdie verlossing wat Christus bewerk het, aan ons verbind deurdat Hy ons in 'n lewende eenheid met Christus stel (Beeke & Smalley, 2021b:249). Dit is wat ons teksgedeelte (Rom. 8:1-17) vir ons leer.

7.4.2.3 Kort oorsig oor ons teksgedeelte in Romeine 8:1-17

Ons teksgedeelte begin met hierdie troosvolle woorde:

Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood (Rom. 8:1-2).

Hier leer ons die troosvolle waarheid dat gelowiges vrygemaak is van die slawerny van die sonde, omdat hulle *in Christus* ingeplant is deur die Heilige Gees. Dit is die verlossing wat Christus bewerk het deur sy menswording. Hy het die wet volkome vervul, en hoewel Hy geen sonde gehad het nie, is Hy as sondaar gereken ter wille van elkeen wat Hy moes verlos van die oordeel van God.

Terwyl die natuurlike mens steeds dood is in sy sonde en God van nature haat, het gelowiges nuwe lewe ontvang deur die Heilige Gees, 'n nuwe lewe van ware vrede met God (Rom. 8:6-9). Ons teksgedeelte stel hierdie waarheid duidelik in vers 9: "Julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon" (Rom. 8:9). Vers 10 voeg by dat gelowiges deur die Heilige Gees as't ware

dood is, maar hulle gees is lewend vanweë die geregtigheid wat Christus verkry het en waarvan Hy ons deel gemaak het deur sy Gees (Rom. 8:10).

Dit is dus nie slegs dat God Drie-enig verlossing in jou bewerk nie; soos een van die Reformatore, Philip Melanchthon, opmerk: “Die geestelike vernuwing is dat die Vader en die Seun in jou woon deurdat Hy sy Heilige Gees in jou inblaas” (Fesko, 2017:430)¹⁴⁴.

Hierdie eenheid waarin gelowiges deur die Heilige Gees met God verbind word, bring geloofsvrug by gelowiges na vore. Dit is wat Paulus bedoel wanneer hy skryf:

want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge. Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie (Rom. 8:5-8).

Paulus sê egter vir die gelowiges, vir hulle wat wel vernuwe is deur die Gees wat in hulle woon:

Julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie. Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid. En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dood opgewek

¹⁴⁴Die primêre bron lui soos volg: “Praesentes Pater et Filius spirant Spiritus S. in cor credentis. Et haec praesentia et habitatio nest hoc, quod dicitur novitas spritualis”. Philip Melanchthon, *Epistolarum*, “Iudicium de Osiandro”, in CR, 8:582).

het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon (Rom. 8:9-11).

Gelowiges leef dus reeds nou in 'n eenheid met Christus, ons Verlosser en Here, maar sal eendag in 'n volkome eenheid verenig word wanneer ons Here weer kom om ons in volle gemeenskap met Hom te bring. Daarom het gelowiges, hoewel hulle nog hier op aarde in die vlees is, 'n ewige en vaste hoop wat reeds nou deur die Gees aangevuur word om in hierdie nuwe geestelike lewe te wandel.

Dit is die heilsfeit van die verlossing wat in Christus gevind word, vir elkeen wat glo. Hierdie waarheid bring ons elkeen voor die oproep van die evangelie: Is jy waarlik met Christus verenig deur die geloof? In ons teksgedeelte (Rom. 8:1-17) stel Paulus hierdie vraag as't ware wanneer hy sê: "Julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon" (Rom. 8:9). Op 'n ander plek skryf Paulus: "Ondersoek juisself of julle in die geloof is; stel juisself op die proef. Of is julle nie seker van juisself dat Jesus Christus in julle is nie?" (2 Kor. 13:5). Hieroor merk Beeke en Smalley (2021b:240) op: "True religion is not a matter of true beliefs, moral behavior, and participation in the ordinances of worship, although it includes all these. It is a supernatural relationship with Jesus Christ, such that you are in him and he is in you".

Het jy al hierdie ervaring van geloofskennis? Ken jy die kragtige werking van die Heilige Gees wat jou oortuig van jou sonde? Het jy al beleef hoe die Heilige Gees jou tot 'n bekering lei wat jy nie uit juisself sou kon doen nie? Die mens wat salig wil lewe

en sterwe, moet besef dat hy die Heilige Gees nodig het om te sien hoe ellendig hy buite Christus is; dat ons Hom nodig het om ons te laat besef hoe groot die Verlosser, Jesus Christus, is; en dat ons Hom nodig het om ons te laat volhard in 'n lewe wat elke dag al meer gelykvormig word aan die beeld van ons Skepper, soos wat Hy ons geskape het (vgl. Beeke & Smalley, 2021b:56).

Deur hierdie huisgodsdiens-tema leer ouers en kinders saam dat Christus deur sy volmaakte gehoorsaamheid, kruisdood en opstanding die Heilige Gees vir sy uitverkorenes verkry het, sodat hulle deur die geloof werklik met Hom verenig kan wees. Die Heilige Gees werk hierdie geloof in die hart deur die verstand te verlig, die gewete te oortuig en die mens aan Christus te verbind. Só word die verlossing wat Christus bewerk het, nie bloot 'n historiese gebeurtenis nie, maar 'n lewende werklikheid in elke uitverkorene.

Hierdie belydenis staan antities teenoor ideologieë van naturalistiese wêreldbeskouings wat alle bonatuurlike (metafisiese) werkinge tot die fisiese (oorsaak en gevolg) wil beperk. Die Skrif leer egter dat Christus deur die Gees sy uitverkorenes lewend maak, hulle weergebore laat word en hulle laat deel in gemeenskap met God Drie-enig. Daarom kan ouers hulle kinders leer dat geloof nie 'n menslike prestasie is nie, maar 'n genadegawe wat Christus self aan ons skenk deur sy Gees, sodat ons kan leef in die kennis van God wat tot saligheid dien.

So leef gelowiges in diepe dankbaarheid en sekerheid, bewus dat hulle nie hulleself aan Christus verbind het nie, maar dat Hy hulle deur sy Gees in ewigheid aan Hom verbind het, sodat hulle in verbondsverhouding met God kan leef.

7.4.3 Huisgodsdienstema: As vrug van Christus se verlossingswerk skenk Hy die Heilige Gees om my deur geloof met Hom te verenig.

Hierdie agtste huisgodsdienstema vorm die hoogtepunt van die derde subafdeling en fokus op die uitstorting van die Heilige Gees as die vervulling van Christus se verlossingswerk in gelowiges. Die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag (Handelinge 2) openbaar dat Christus se verlossingswerk deur die uitstorting van sy Gees nie slegs 'n historiese feit is nie, maar 'n lewende werklikheid wat in elke gelowige plaasvind.

In die lig van Afdeling C se antitetiese fokus staan hierdie tema in skerp kontras met die naturalistiese wêreldbeskouing van Eenheidsisme (vgl. Jones, 2015), waarin daar geen ruimte is vir bonatuurlike ingryping vir verlossing of 'n persoonlike verhouding met God is nie. Hierteenoor leer die Skrif dat Christus sy Heilige Gees uitstort om wedergeboorte en geloof te wek, mense tot bekering te roep en hulle deur die geloof aan Hom te verbind.

Hierdie tema bring daarom die persoonlike appèl van die evangelie: verlossing is vir enige mens slegs moontlik deur 'n ware geloof wat die Heilige Gees in die hart werk. Só leer ouers hul kinders om die genade van verlossing deur geloof aan te gryp en

om in dankbare geloofsgehoorsaamheid in die genadeverbond te leef, afhanklik van die Gees wat ons met Christus verenig.

Lees: Handeling 2:1-41

Fokus: Handeling 2:33, 38-39; Heidelbergse Kategismus, Sondag 7, vraag en antwoord 20-21

Party mense beweer dat 'n mens en die Heilige Gees saamwerk vir jou om 'n gelowige te word. Ander gaan verder deur te sê dat jy die Here moet kies deur jou hart vir Hom te gee. Indien ons egter so oor die verlossing dink, verval ons in wat genoem word *sinergisme*, die idee dat God en mens saamwerk aan verlossing. Dit is 'n dwaling wat die mens op 'n baie subtile manier vasbind aan werke-godsdiens.

Die Bybel leer duidelik anders: Dit is God die Vader wat in die Naam van sy Seun die Heilige Gees stuur (Joh. 14:16, 26) vir al sy uitverkorenes (Joh. 6:44), op die tyd wat Hy bepaal dat iemand tot geloof moet kom (vgl. Tit. 1:1-3; Ef. 1:3-14 en ander). Die mens kies dus nie saam met God vir God nie — nee, uitverkorenes ontvang uit genade

die Persoon van die Heilige Gees wat van God kom, sodat aan hulle die geloof geskenk kan word waardeur hulle die Verlosser¹⁴⁵ kan omhels.

Soos ons in die vorige huisgodsdiens-tema geleer het, word die uitverkorene deur die Heilige Gees aan Christus verbind, omdat Hy by wedergeboorte verligte oë gee om te kan sien. Die betekenis van ons eenheid in Christus is dat gelowiges die verlossing deelagtig kan word deur opgeneem te word in die genadeverbond. Só word gelowiges in Christus ingeplant.

Vandag wil ons verder ondersoek hoe die uitverkorenes die Heilige Gees ontvang en hoe die Heilige Gees geloof skenk wat ons aan Christus verbind. Ons kyk daarom eers na (1) die uitstorting van die Heilige Gees in Handeling 2; daarna staan ons stil by (2) die Heilige Gees wat deur geloof die eenheid in Christus laat realiseer; en laastens bespreek ons (3) hoe ons eenheid met Christus deur die Bybel beskryf word.

7.4.3.1 Die uitstorting van die Heilige Gees in Handeling 2

In Handeling 1 gee Jesus aan sy dissipels die opdrag om nie uit Jerusalem te gaan nie, “maar om te wag op die belofte van die Vader” (Hand. 1:4). Hierdie belofte, sê Lukas, is dat die apostels met die Heilige Gees gedoop sal word (Hand. 1:5).

¹⁴⁵Hierdie gebeurtenis noem Paulus in 1 Korintiërs 12:13 die doop deur die Heilige Gees. Deur die doop van die Heilige Gees ontvang alle gelowiges die Heilige Gees in sy volheid. Gelowiges ontvang ’n Persoon van die Drie-eenheid; ons ontvang nie bloot ’n krag waarvan sommige meer as ’n ander ontvang nie, soos wat die Jehova Getuies aanvoer dat die Heilige Gees slegs ’n krag is nie.

Die doel van hierdie belofte word vervolgens bekendgemaak: “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde” (Hand. 1:8). Die dissipels ontvang dus die Heilige Gees sodat hulle, deur die Heilige Gees die evangelie kan gaan verkondig, vanaf Jerusalem, en uiteindelik tot by Rome.

Kom ons lees net weer hoe hierdie belofte van die Heilige Gees in vervulling gekom het. In handeling 2 lees ons:

Toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees (Hand. 2:1-4a).

Dit is inderdaad 'n gesaghebbende en selfs angswekkende beskrywing van die werking van die Heilige Gees: 'n geweldige rukwind en tonge van vuur. Die rukwind dui op die wese en kragtige teenwoordigheid van die Heilige Gees, terwyl die tonge van vuur die heilige werking van die Heilige Gees in gelowiges simboliseer — 'n werking wat die apostels in staat sou stel om die evangelie só te verkondig dat elkeen dit in sy eie moedertaal kan hoor en verstaan.

Vers 4 beklemtoon dat die apostels die Heilige Gees ontvang het, met Hom vervul is, en daardeur in staat gestel is om die evangelie van Christus met vrymoedigheid aan almal in Jerusalem te verkondig, sodat elkeen die evangelie in sy eie taal kon hoor.

Hierdie besondere werking van die Heilige Gees is spesifiek aan die apostels gegee om hulle toe te rus om die evangelie vanuit Jerusalem na die uithoeke van die aarde onder die heidene te versprei, sodat die vroeë kerk gevestig kan word¹⁴⁶.

Wanneer Petrus preek, wys hy vanuit die Ou-Testamentiese profesieë dat die belofte van die uitstorting van die Heilige Gees nou in vervulling gekom het. Dit gebeur sodat elkeen wat die Heilige Gees ontvang, werklik kan sien, hoor en glo dat Jesus Christus die Here is en dat Hy Christus, die Gesalfde is. Petrus verklaar dat die gebeure in Handeling 2 'n vervulling is van dit waarvan Joël geprofeteer het: dat God sy Gees nou op alle uitverkorenes sal laat woon en verseël, en nie meer slegs oor spesifieke persone vaardig raak wat in sy diens staan nie.

Of jy jonk of jy oud is, man of vrou is — God sal sy Gees verseël op alle gelowiges en Hy sal nooit van gelowiges onttrek nie. Dit is presies wat Jesus ons geleer het in Johannes 14: “En ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid” (Joh. 14:16); “maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het” (Joh. 14:26).

Die Heilige Gees word aan ons geskenk sodat ons kan glo in Jesus Christus, enigste Verlosser van ons sondes. Dit is die Heilige Gees wat ons laat sien dat Jesus die Gesalfde van God is, ons hoogste Profeet en Leraar is, ons enigste Hoëpriester wat

¹⁴⁶Hierdie beskouing, wat deur gereformeerdes gehandhaaf word, staan bekend as die leer van die sogenaamde “cessationism”.

homself vir ons geoffer het, en ons ewige Koning wat ons met sy Woord en Gees regeer.

Dit is deur die Heilige Gees as geskenk dat ons in Jesus Christus kan glo vir ons verlossing; en dit is deur die gawe van die Heilige Gees dat ons in die genadeverbond mag staan en Jesus Christus al beter kan leer ken vanuit sy Woord.

Deur die bediening van die Woord van God werk die Heilige Gees kragtig in al die uitverkorenes wat die Woord aanhoor, sodat hulle gered kan word. Die Heilige Gees kla hulle gewete aan, roep hulle tot bekering van hulle ongeloof, en Hy werk die geloof in hulle, sodat hulle deur sy krag kan bekeer.

Aan die einde van Petrus se preek, waar hy die kern van die gebeure in Handeling 2 bekendmaak, sê hy: “Nadat Hy [Jesus] dan deur die regterhand van God opgewek is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dít uitgestort, wat julle nou sien en hoor” (Hand. 2:33). Hier hoor ons baie duidelik hoe God Drie-enig aan ons bekendgemaak word: Jesus Christus, wat saam met die Vader regeer, het beloop om die Heilige Gees as geskenk van die Vader te stuur, en nou sien almal wat daar staan, hoe die Heilige Gees kragtig aan die werk is.

So ontvang elkeen wat God bestem het tot saligheid die Heilige Gees as geskenk, sodat hulle deur die geloof kan bekeer en glo in die Naam van Jesus Christus. Wanneer God se uitverkorenes die oproep van die Woord hoor, is dit die Heilige Gees wat wedergeboorte in ons bewerk, en wat ons tot geloof en bekering bring. Hy laat

ons deel in Christus se geregtigheid, sy heiligmaking, en sy verheerliking. Deur die geloof kry gelowiges deel aan die eenheid met Christus¹⁴⁷.

Dit bring ons by die volgende punt:

7.4.3.2 Hoe hierdie eenheid in Christus realiseer

Dit is belangrik om te besef dat alles wat ons tot dusver gehoor het (ook in die vorige twee huisgodsdienst-temas), nog net 'n beskrywing is van hoe die eenheid wat gelowiges in Christus het, deur God Drie-enig vasgestel is. Dit is die heilsfeit van ons geloof. Dit vorm die eerste aspek van 'n ware geloof, naamlik dat ons oortuig is dat alles wat ons tot dusver van die evangelieboodskap gehoor het, 'n vasstaande kennis is wat die volle waarheid van God en van saligheid verkondig.

Die tweede aspek van 'n ware geloof behels dat ons hierdie waarheid ons eie sal maak deur 'n vaste vertrouwe wat die Heilige Gees in ons harte bewerk. Dit is hoe hierdie eenheid in Christus realiseer — deur 'n ware geloof (vgl. Heidelbergse Kategismus, Sondag 7, vraag en antwoord 21). By die wedergeboorte skenk die Heilige Gees aan die uitverkorene hierdie geloof waarmee hy die Verlosser kan omhels (Beeke & Smalley, 2021a:1070). Oor hierdie geloof waardeur die uitverkorene vasgryp aan die Verlosser, skryf Calvyn (1988:707, III.2.1):

¹⁴⁷ Hierdie aspekte van verlossing staan bekend as die heilsorde (Latyn: *ordo salutis*). Vir meer inligting hieroor, verwys na die hele subafdeling 7.5, getiteld: Hoe 'n mens die genade van Christus deel word (Ordo Salutis).

dat daar net een middel is wat ons uit so 'n jammerlike ramp kan red, naamlik wanneer Christus verskyn as die Verlosser deur wie se hand ons hemelse Vader na sy oneindige goedheid en genade medelye met ons het en ons wil help as ons sy barmhartigheid maar net met 'n vaste geloof omarm en met 'n onwrikbare hoop daarin berusting vind.

So bely ons in die Dordtse Leerreëls: “Hulle wat die evangelie egter aanneem en die Verlosser, Jesus, met 'n ware en lewende geloof omhels, word deur Hom van die toorn van God en van die verderf verlos, en Hy skenk hulle die ewige lewe” (Dordtse Leerreëls, hoofstuk 1, paragraaf 4).

Ons het ook die vorige keer gehoor vanuit artikel 22 van die Nederlandse Geloofsbelydenis: “Ons glo dat die Heilige Gees 'n opregte geloof in ons harte laat ontvlam om die ware kennis van hierdie groot geheimenis te verkry. Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienstes. Dit maak Hom ons eie en soek na niks anders as na Hom nie” (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 22).

Ons belydenisse is hieroor duidelik. Ook die Heidelbergse Kategismus spreek dit aan in Sondag 7, waar die vraag gestel word: Wie kry deel aan hierdie saligheid? Die antwoord lui: “Slegs die wat deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem” (Heidelbergse Kategismus, Sondag 7, vraag en antwoord 20).

Hierdie heilsfeit kom alleen tot die uitverkorene wat deur die Heilige Gees wedergebore is en die geloof ontvang het. Sonder dat God die geloof aan die mens skenk, kan die mens die Verlosser nie aanneem nie (vgl. Joh. 3:27; 6:44; 1 Kor. 2:14).

So leer die Bybel ons dat wanneer die Heilige Gees jou lewend maak en aan jou hierdie ware geloof skenk, dan sien jy geestelike dinge wat jy nie voorheen gesien het nie. Dan besef jy die liefde van Christus vir jou. Dis dan wanneer jy die Here aanroep en jou bekeer. Oor hierdie besef skryf Beeke *et al.* (2016:758):

Knowing the law, on its own, will not eradicate the love for sin ([Rom. 8] v. 3). Walking in the Spirit, however, is not some mystical experience; rather, this occurs when the Spirit of God fills our hearts with loving gratitude to God for His love in Christ and we express that by fulfilling God's law ([Rom. 8] v. 4). As children of a good Father, believers realize that sin never does them any good ([Rom. 8] v. 13) but that the ways of God are life and peace ([Rom. 8] v. 6).

Dit is slegs deur die geloof en die leiding van die Heilige Gees wat ons deur God as sy kinders aangeneem word, sodat ons kan uitroep: “Abba, Vader!” (vgl. Rom. 8:14-15). En dit is net kinders van God wat deur geloof in liefde kan reageer op hierdie liefde wat Hy eerste vir ons gehad het. So stel Beeke en Smalley (2021a:701) dit: “Through faith, the Holy Spirit moves us to call upon the Lord in prayer and to rejoice in him in praise. Faith binds us to God through Christ so that we know his love for us and respond with love for Him”. Met hierdie liefde van God in ons hart, wil ons nie meer leef volgens die vlees nie, maar wil ons wandel volgens die Gees (Rom. 8:1, 4, 6, 13, 14).

Hierdie genade wat gelowiges ontvang wanneer hulle deur die geloof aan Christus verbind word, noem Johannes Calvyn 'n dubbele genade. Die eerste genade is dat die sondaar-mens met God versoen word deur Christus se geregtigheid, sodat God vir

die mens 'n liefdevolle Vader word; en die tweede is net so groot genade, naamlik dat hierdie sondaar-mens ook deur God se Gees geheilig word om 'n rein lewe na te streef en al meer te groei na die beeld van ons Skepper (Calvyn, 1988, III.11.1). So sê Beeke en Smalley (2021b:260): “In Reformed theology, union with Christ holds together the distinct but inseparable graces of justification and sanctification”, en verder: “According to Reformed Orthodoxy, spiritual union with Christ is the channel through which other graces flow” (Beeke & Smalley, 2021b:261).

So word die uitverkorenes deur geloof in eenheid met Christus verbind. Kom ons luister nou verder:

7.4.3.3 Hoe hierdie eenheid in die Bybel uitgedruk word

Hierdie wonderlike eenheid wat gelowiges in Christus het, word in die Bybel op verskillende maniere uitgedruk. Beeke en Smalley (2021b:231-240) lys ses metafore wat hierdie wonderlike waarheid beskryf.

Ons eenheid met Christus word vir ons eerstens beskryf as *(1) God se tempel in Christus*. Reeds in die skeppingsverhaal sien ons dat die tuin van Eden 'n tempelagtige ruimte was waarin God in besondere teenwoordigheid in Adam en Eva se midde was. Ná die sondeval gee God vir sy volk 'n tabernakel en later 'n tempel waarin Hy in sy besondere teenwoordigheid onder sy volk woon — in sy verbondsverhouding met sy volk. Onder die nuwe verbond leer ons dat gelowiges se liggame tempels is van die Heilige Gees. So wil God met sy heerlikheid in besonder onder sy volk woon.

In Psalm 92 word ons eenheid in Christus beskryf as *(2) God se vrugdraers*. Hier lees ons van gelowiges: “Die regverdige sal groei soos ’n palmboom; hy sal opgroei soos ’n seder op die Líbanon. Geplant in die huis van die HERE, sal hulle groei in die voorhowe van onse God. In die gryse ouderdom sal hulle nog vrugte dra, hulle sal vet en groen wees” (Ps. 92:13-15). Ook in die Nuwe Testament sê Jesus: “Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie” (Joh. 15:5).

Die eenheid in Christus word ook beskryf as *(3) God se gaste by die fees in Christus*. In die Ou Testament sien ons telkens hierdie beeld, reeds vanaf die skeppingsverhaal. Later hoor ons later in Psalm 23: “U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor” (Ps. 23:5). In die Nuwe Testament leer ons Here Jesus dat Hy die lewende water gee (Joh. 4:14), dat Hy die Brood van die lewe is (Joh. 6:35), en beveel Hy ons om van sy vlees en bloed te eet (Joh. 6:48-58) — ’n uitnodiging om deur die geloof in eenheid en gemeenskap met Hom te tree.

Verder word hierdie eenheid beskryf as *(4) God se bekleding in Christus*. Ons sien reeds in die skeppingsverhaal hoe God vir Adam en Eva klere maak nadat hulle gesondig het. In die tempel het God ook spesifieke klere vir die priesters voorgeskryf. Die profeet Jesaja skryf: “Ek is baie bly in die HERE, my siel juig in my God; want Hy het my bekleed met die klere van heil, my in die mantel van geregtigheid gewikkel—

soos 'n bruidegom wat priesterlik die hoofversiersel ombind, en soos 'n bruid wat haar versier met haar juwele" (Jes. 61:10).

Paulus sê in die Nuwe Testament: "want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed" (Gal. 3:27). Wanneer ons verlossing voltooi is, sal ons "met onverganklikheid bekleed word" (1 Kor. 15:53).

Ons eenheid in Christus wat die Heilige Gees bewerk, word ook beskryf as *(5) Christus se bruid*. Telkens in die Ou Testament hoor ons hoe God se verhouding met sy volk beskryf word in terme van 'n huwelik wat deur verbondstrou aan mekaar verbind word (vgl. Eseg. 16; Hos. 2:19-20; Jer. 3:14). In die Nuwe Testament sê Jesus dat Hy die Bruidegom van sy kerk is en dat die kerk sy bruid is (Ef. 5:31-32; 1 Kor. 6:16-17; 2 Kor. 11:2; Joh. 3:29 en andere).

Laastens word die eenheid in Christus beskryf as *(6) Christus se liggaam*. Paulus gryp terug na die skeppingsverhaal waar man en vrou so saam verbind word dat hulle een vlees word, om te verduidelik dat gelowiges die liggaam van Christus is, waarvan Hy die Hoof is (Ef. 1:19, 23; 2:15-16; 1 Kor. 12:12-13 e.a.).

Al hierdie metafore beskryf die innige en lewende eenheid wat Christus met gelowiges het deur die Heilige Gees, wat hulle deur geloof aan Hom verbind.

7.4.3.3.1 Appèl

Dank God vir die genade van sy Heilige Gees wat jou deur die geloof deel van al Christus se weldade gemaak het. Dank God hiervoor deur dankbaar te lewe vanuit hierdie genade (Beeke & Smalley, 2021b:67).

Wandel jy in die geloof? Getuig jou lewe van die Heilige Gees se kragtige werking wat jou in staat stel om jou sondige begeertes te kruisig en om deur sy krag te volhard in 'n lewe van heiligmaking? Kan jy daarvan getuig dat die Heilige Gees jou só kom verander het, soos wat ons gehoor het, dat jy persoonlik saam met Paulus in Galasiërs 2:20 kan sê: “Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het?” (Gal. 2:20). Beeke en Smalley (2021a:1003) konfronteer gelowiges soos volg oor die werklikheid van geloof in jou lewe: “Faith must grasp hold of Christ's sacrifice as our only and perfect propitiation, redemption, and reconciliation. Faith lets go of every other means by which men try to accomplish what Christ alone can do”.

Leef jy vanuit hierdie geloofsvertroue in Christus deur die genade wat die Heilige Gees aan jou geskenk het? Vertrou jy op die Heilige Gees om jou krag te gee om die sonde dood te maak, om die vrug van die Gees — liefde, selfbeheersing, en al die ander — uit te leef, en om met jou gawes die gemeente te dien? (Beeke & Smalley, 2021a:1102).

Deur hierdie huisgodsdienstema leer ouers en kinders saam dat Christus se verlossingswerk volkome is en deur die uitstorting van die Heilige Gees werklik in gelowiges toegepas en vervul word. Die Gees maak die verlossing wat Christus bewerk het, persoonlik deur wedergeboorte en geloof in die hart wek, sodat ons deur geloof met Christus verenig kan word en leef.

Hierdie belydenis staan antities teenoor ideologieë van naturalistiese wêreldbeskouings wat alle geestelike belewenisse tot die materiële wêreld beperk. Die Skrif leer egter dat niemand sonder die Heilige Gees kan glo, bekeer of Christus as Here kan bely en omhels nie. Daarom roep hierdie tema elkeen — veral hulle wat in genadeverbond opgeneem is — om met 'n lewende geloof op die evangelie te reageer: om nie te rus in 'n blote uiterlike verbondsverhouding of tradisie nie, maar om die genade van God deur die geloof werklik aan te gryp. Só leer ouers hulle kinders dat ware geloof nie 'n menslike prestasie is nie, maar 'n geskenk van God deur die Heilige Gees wat tot dankbaarheid, gehoorsaamheid en 'n lewe in gemeenskap met Christus, roep.

7.5 HOE 'N MENS DIE GENADE VAN CHRISTUS DEEL WORD (*ORDO SALUTIS*)

Hierdie vierde sub-afdeling van hoofstuk 7 binne Afdeling C van hierdie studie vorm die samevattende en sistematiese verduideliking van die Christelike leer oor verlossing en verheerliking wat God Drie-enig in sy uitverkorenes bewerk. Hierdie gedeelte fokus dus op die weg waarlangs die Heilige Gees die mens aan Christus se verlossingswerk deel maak, wat in die gereformeerde leer as die *ordo salutis* of heilsorde bekend staan.

Hierdie heilsorde beskryf nie 'n koue dogmatiese stelsel of teologiese volgorde nie, maar die ordelike en lewende werklikheid van God Drie-enig se genadewerk in elke uitverkore mens. Hierdie heilsorde sluit dus in hierdie orde die volgende in: uitverkiesing, roeping en wedergeboorte, tot geloof, bekering, regverdigmaking, heiligmaking, volharding en uiteindelik verheerliking. Deur hierdie heilsorde sien ons dat die verlossing wat Christus verkry het, deur die Heilige Gees in elke uitverkorene toegepas en voltooi word, sodat niemand in eie verdienste kan roem nie, maar alleen in die genade van God.

In die lig van Afdeling C se antitetiese fokus, staan hierdie sub-afdeling direk teenoor die naturalistiese wêreldbeskouing van Eenheidsisme (vgl. Jones, 2015), wat verlossing tot selfontwikkeling en menslike potensiaal reduceer. Die Bybel leer egter dat die mens niks behalwe skuld tot sy eie saligheid kan bydra nie — dit is God sêlf wat van ewigheid af besluit het om sy uitverkorenes in Christus te verlos en hulle deur

die Heilige Gees volkome aan hierdie saligheid deel te maak. Die volgende sewe huisgodsdienst temas fokus dan op die gereformeerde heilsorde wat ouers help om aan hul kinders die groot troos te leer dat God deur die werking van die Heilige Gees wat ons met Christus verenig en sy weldade in ons volbring, die verlossing wat Hy in ons begin het, sal voortsit en sal voleindig. Die huisgodsdienst temas word in verteerbare lengtes verdeel en aangebied sodat elke aspek daarvan deeglik verklaar en verstaan word om ouers in staat te stel om die gereformeerde leer van verlossing aan kinders te kan verduidelik.

7.5.1 Huisgodsdienst tema: Die weg waarlangs die Heilige Gees 'n mens deel maak van Christus se verlossingswerk.

In hierdie huisgodsdienst tema leer ouers en kinders oorsigtelik saam oor God se uitverkiesing en die gereformeerde heilsorde, as deel van die weg waarlangs die Heilige Gees gelowiges aan Christus se verlossingswerk deel maak. Hierdie aspek wys hoe God Drie-enig die genade van Christus persoonlik toepas, sodat gelowiges met dankbaarheid en geloofsvertroue kan leef vanuit sy volmaakte verlossing wat hulle tot heerlikheid sal lei.

Lees: Efesiërs 1:3-14; Romeine 8:28-30

Fokus: Efesiërs 1:3-14; Romeine 8:28-30; Dordtse Leerreëls hoofstuk 1 paragraaf 7

Die evangelie is die blye boodskap wat tot redding is vir elkeen wat glo. Hierdie evangelie-boodskap van die Bybel is so eenvoudig dat selfs klein kinders dit kan

verstaan en tot geloof in Jesus Christus kom. Tog is die wyse waarop die mens hierdie verlossing deelagtig word, nie so eenvoudig nie. Wanneer die Heilige Gees die mens deel maak van die saligheid in Christus, is dit 'n komplekse en bonatuurlike genade-werk van God Drie-enig wat verskeie onderling-verwante aspekte inhou. Hierdie aspekte van die saligheid staan bekend as die *orde van verlossing*, of die *wyse waarop die mens tot saligheid kom* (Beeke & Smalley, 2021b:267).

Kom ons luister eerstens na hoe ons Skrif-gedeeltes hierdie weg van saligheid vir ons bekendmaak, en daarna luister ons na hoe gereformeerdes oor hierdie orde van verlossing bely.

7.5.1.1 Die heilsorde vanuit Efesiërs 1 & Romeine 8

In Efesiërs 1 lees ons van God se uitverkiesing. Dit is 'n troosvolle openbaring van hoe God Drie-enig in sy genade, sy barmhartigheid en sy liefde, vir sy kinders 'n ewige verlossing bewerk. Hier lees ons dat God se raadsplan inhou dat Hy sommige mense uitverkies het om deur die geloof in Christus deel te kry aan die saligheid wat Christus bewerk het. So het gelowiges deel gekry aan “alle geestelike seëninge in die hemele in Christus” (Ef. 1:3).

Hierdie gedeelte in Efesiërs 1 is 'n lang lofprysing aan God vir hierdie genadige verlossing waarin die kinders van God deel kry. Hierdie geestelike seëninge waarna Paulus verwys is die feit dat die Vader ons in Christus “uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld ... om ons as sy kinders vir Homself aan te neem” (Ef. 1:4a, 5b).

Hoor u dit? Elke gelowige is deur God die Vader in Christus uitverkies sodat ons sy kinders kan wees. En vir elkeen wat God van ewigheid af uitverkies het om te glo, sal in Jesus Christus glo. Met ander woorde hy wat deur God uitverkies is, sal glo dat Jesus Christus die Seun van God is deur Wie ons alleen verlos kan word van die erfsonde en die sondesmet wat ons elke dag skuldig voor God maak, waarvoor ons die ewige dood verdien — en ons wat in Hom glo sal deur die onweerstaanbare krag van die Heilige Gees ons sonde bely en dit afsterf en daarvan bekeer; ons sal geen geregtigheid of regverdigheid in onself soek nie, en ons sal alleen in Christus ons verlossing soek. In Christus word die koninkryk van God vir ons volkome geopenbaar.

Saam met Christus, wat die Eersteling is wat God uit die dood opgewek het, omdat Hy volkome voldoen aan die geregtigheid van God, en omdat Hy al ons sonde op Hom geneem het, aan almal wat die Vader Hom gegee het om te verlos, word ons opgewek in 'n nuwe lewe in Christus deur die Heilige Gees wat ons weergebore laat word het.

Hoor u dat daar 'n sekere orde in ons teksgedeelte is van hoe God te werk gaan om ons te verlos? Ons kan die feite van Efesiërs 1 orden dat dit soos volg daarna uitsien.

Hier staan:

- God het ons
 - i. in Christus uitverkies,
 - ii. voor die grondlegging van die wêreld,
 - iii. om ons as sy kinders aan te neem,
 - iv. vir Homself,
 - v. na die welbehae van sy wil,
 - vi. tot lof van die heerlikheid van sy genade,
 - vii. waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde,
 - viii. om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees.

- Ons het dus
 - i. Die verlossing en die vergifnis
 - ii. Deur sy bloed
 - iii. Wat Hy oorvloedig aan ons bewys het
 - iv. volgens die raad van sy wil
 - v. volgens God se welbehae wat Hy vooraf in Christus beplan het
 - vi. deur Wie ons 'n erfdeel ontvang het
- Dit skryf Paulus aan hierdie gelowiges
 - i. Wat reeds tevore op Christus gehoop het,
 - ii. Nadat hulle die evangelie gehoor het,
 - iii. En nadat hulle geglo het,
 - iv. Verseël is met die Heilige Gees,
 - v. En dat Hy die onderpand is van ons erfdeel wat eendag voltooi sal word.

So is die uitverkiesing en die saligheid God se werk, en al bydrae wat ons hierin gemaak het, is die sonde wat die dood verdien.

Ook lees ons van so 'n tipe orde of weg van saligheid wat God Drie-enig in sy uitverkorenes bewerk, in Romeine 8. Hoor wat staan vanaf vers 28:

En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is. Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders; en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik (Rom. 8:28-30).

Hoor u hierdie orde?

- Dit is God
 - i. Wat vantevore verordineer het (met ander woorde dit so bepaal het) wie uitverkies is,
 - ii. Wat hulle ook geken het,
 - iii. Wat hierdie uitverkorenes geroep het,
 - iv. Wat hulle ook geregverdig het,

- v. vir wie Hy ook verheerlik.
- Dit is hierdie gelowiges
 - i. wat God nou liefhet,
 - ii. en vir wie alles ten goede meewerk,
 - iii. vir hulle wat deur Hom geroep is,
 - iv. vir wie Hy verordineer het om gelykvormig te wees aan die beeld van God.

So sien ons baie duidelik dat daar 'n sekere orde is wat God bepaal het dat die mens deel kry aan die saligheid. Maar baie mense sal gou vra: Waarom is dit nodig om die eenvoudige evangelie wat selfs kinders kan verstaan, te kompliseer deur 'n sistematiese uiteensetting daarvan te maak? En waar lees 'n mens in die Bybel van so 'n weg tot saligheid? Moet die mens nie net glo en dan sal hy gered word nie?

Ja geloof is waartoe die evangelie 'n mens oproep (vgl. Hand. 16:31), maar dit is nodig om 'n geheelbeeld te kry oor wat die Bybel alles leer oor hoe die mens die verlossing deelagtig word, want anders kan 'n mens maklik in strikke trap en in dwalings vassit. Boonop gebruik byna alle mense een of ander orde in hulle denke wanneer hulle nadink oor hoe die mens die saligheid deelagtig word. So sê Beeke en Smalley (2021b:272): “Some theologians have criticized the very notion that there is an *ordo salutis*—though few theologians operate with no order of their own”.

Een so 'n eeue-oue dwaling is dat geloof voor wedergeboorte moet wees. So 'n siening word afgelei deurdat 'n teksgedeeltes in isolasie geneem word en op 'n biblisistiese manier verklaar word, verse soos Johannes 3:16 wat sê: “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê”; of Johannes 1:12 wat sê:

“Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo”¹⁴⁸.

Daarom is dit belangrik dat 'n mens kennis neem van wat die Bybel leer oor wat hierdie orde of wyse van saligheid is. Hierdie orde van verlossing kan opsommend gegee word in 'n lys wat hierdie orde voorstel. So 'n ordelike uiteensetting voeg al die aspekte van die saligheid in 'n ordelike lys wat die Bybel vir ons bekendmaak.

7.5.1.2 Die heilsorde in gereformeerde belydenis

Hier moet ons daarop let dat hierdie lys nie 'n kronologiese lys van volgorde is nie, maar 'n teologiese lys van orde, en dat sekere aspekte wel logies die gevolg is van sekere oorsake. As voorbeeld kan ons sê dat dit tog logies is dat geloof en bekering moet volg op die wedergeboorte, want die Heilige Gees moet eers die wedergeboorte skenk voordat die mens enigsins geestelike dinge kan beoordeel¹⁴⁹.

In die tradisionele gereformeerde leer kan hierdie orde in die volgende 9 punte gelys word¹⁵⁰. Die eerste op hierdie lys is:

¹⁴⁸ Sien byvoorbeeld die artikel van Dr. Steven R. Cook (2022) genaamd Total Depravity, Faith in Christ, and Regeneration, verkrygbaar by <https://thinkingonscripture.com/2022/11/24/total-depravity-faith-in-christ-and-regeneration/> Basies stel Cook (2022) in hierdie artikel die gereformeerde leer van die ordo salutis — wat bely dat geloof 'n gevolg van wedergeboorte is — teenoor 'n ander groep — wat glo dat wedergeboorte eers kom nadat 'n mens in Christus glo. Tog hou Cook (2022) steeds vol dat verlossing steeds nie as gevolg van geloof kom nie, maar as gevolg van God se genade.

¹⁴⁹ Vir meer inligting, sien Van Genderen en Velema (2008:576-577) se bespreking hieroor.

¹⁵⁰ Vanuit Romeine 8:28-30 kan 'n nog meer basiese heilsorde saamgevat word onder die volgende ses punte: Algemene roeping, effektiewe roeping, geloof, regverdigmaking, heiligmaking, verheerliking (vgl. Beeke & Smalley, 2021b:276-277).

- (1) *Uitverkiesing*, want God het elkeen wat tot saligheid moet kom, voor die grondlegging van die wêreld in Christus uitverkies om te kan deel in die verlossing (vgl. Ef. 1:3-4; 2 Thess. 2:14). Tweede in hierdie orde kom:
- (2) *Roeping*, want God roep almal deur die verkondiging van die evangelie om tot inkeer te kom en om in Jesus Christus te glo vir verlossing (vgl. Rom. 10:14-15). Dit is 'n uiterlike roeping, maar slegs hulle wat weergebore word, sal hierdie roeping innerlik hoor. Daarom kom derdens op die lys:
- (3) *Wedergeboorte*, alleen vir elkeen wat God uitverkies het om te deel in die saligheid. Van nature is alle mense geestelik dood in hulle sonde en kan niemand die roeping van die evangelie werklik hoor nie. Alleen die uitverkorenes wat deur die Heilige Gees geestelik weer lewend gemaak word, is in staat om God se roeping deur sy evangelie te kan hoor (vgl. Joh. 3:3-8). Saam met hierdie wedergeboorte skenk die Heilige Gees die volgende op die lys, naamlik:
- (4) *Geloof*. Daar is groepe wat glo dat die Heilige Gees wel die wedergeboorte skenk, maar dat geloof die mens se verantwoordelikheid is. Hierteenoor hou Gereformeerdes vas aan die Bybelse leer dat nie net saligheid 'n geskenk is nie, maar ook die geloof is 'n geskenk van God, waardeur die uitverkorene kan vasgryp aan die Verlosser, Jesus Christus (vgl. Hand. 2:38-39; Ef. 2:8; Gal. 2:16 en andere). Saam met geloof kom die volgende op die lys, naamlik:
- (5) *Bekering*, want die mens wat uitverkies is, wat die roeping van die evangelie werklik innerlik gehoor het nadat hy weergebore geword het, wat deur geloof die verlossing in Christus gesien en aangegryp het, bekeer homself deur die geloof van sy vorige sondige lewenswandel, en wend homself na hierdie Verlosser, Jesus Christus (Hand. 2:37-38; 20:21; 26:17-18)¹⁵¹. Dan gebeur dit dat hierdie uitverkorene voor God geregverdig word, die volgende punt:
- (6) *Regverdigmaking*. Elkeen wat deur die geloof deel kry aan die verlossing in Christus, word vrygespreek van die skuld van die erfsonde wat hulle in Adam ontvang het, sodat hierdie verlore kind van God nou vrede by God het en deur die bloed van Christus vrye toegang het tot God (Rom. 5:1-2; Heb. 10:19-20). Hierdie regverdigmaking kom dus deurdadig Christus sy uitverkorenes deur die geloof deel maak aan sy weldade wat Hy in ons plek verdien het (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 22; Heidelbergse Kategismus Sondag 23, vraag en antwoord 61). Sewende op die lys kom:
- (7) *Heiligmaking*. Dit is waar die Heilige Gees inwonend in die gelowige werk om hom deur die daaglikse bekering al meer gelykvormig te maak na die beeld van sy Skepper, waarin die Heilige Gees hierdie nuwe lewe in die gelowige voortsit en

¹⁵¹ Sien ook Handeling 26:20 waar Paulus *bekeer* (μετανοέω – metanoeō) en *terugdraai* (ἐπιστρέφω – epistrephō) as twee afsonderlike aspekte gebruik, naamlik wortelbekering en daaglikse bekering.

hom langamerhand reinig van die sondesmet wat daaglik nog aan hom kleef (1 Thess. 5:23-24). So vloei dit logies na die volgende punt op die lys, naamlik:

- (8) Volharding. Hierdie werk van saligheid wat die God Drie-enig in die uitverkorenes bewerk, is 'n volkome werk sodat die uitverkorene nooit weer slawe van die sonde en die dood sal wees nie, en selfs wanneer hy in die diepste sonde val, sal die Heilige Gees hom in die saligheid bewaar en hom deur die ware geloof altyd weer roep tot ware bekering en volharding van die goeie werke (1 Joh. 2:1; Dordtse Leerreëls hoofstuk 5). Laastens op hierdie lys is die:
- (9) Verheerliking. Hierdie verheerliking is dat God die verlossing wat Hy reeds in die mens begin het, ook sal voleindig om die mens weer volkome te herstel na die beeld van God, sodat Hy al die eer en heerlikheid vir ons verlossing kan ontvang (Rom. 8:23-25, 30).

Hierdie lys is die weg waarlangs God Drie-enig die mens laat deel kry aan die vrug van die genade wat daar in Christus is en wat Hy moontlik gemaak het deur sy verlossingswerk.

Van Genderen en Velema (2008:573-574) wys uit dat daar nie eenstemmigheid onder teoloë is oor die benaming waaronder al hierdie konsepte gegroepeer moet word nie, wat ook inhou onder watter dogmatiese lokus hierdie leer behoort te ressorteer nie. In hierdie verband waarsku Van Genderen en Velema (2008:574-575) dat omdat hierdie *ordo salutis* as die voordele of vrug van Christus se werk beskou word, dat dit nie van Christus as Verlosser losgemaak moet word nie, maar dat die leer oor die *ordo salutis* ter selfde tyd te doen het met die werk van die Heilige Gees. Sêlf plaas Van Genderen en Velema (2008) die *ordo salutis* onder 'n aparte leer, naamlik die leer aangaande verlossing, losstaande van beide die loci van Christus en die Heilige Gees. Hulle doen dit juis so omdat die leer oor die *ordo salutis* beide die werk van Christus en die Heilige Gees is, met Christus wat die voordele vir die uitverkorenes verkry en die Heilige Gees wat hierdie voordele op die uitverkorenes toepas. Tog stel Van Genderen en Velema (2008:574) dit duidelik: "In this chapter we encounter the work of the Holy Spirit", en weer: "In this chapter we do find ourselves within the sphere of *pneumatology*" (Van Genderen & Velema, 2008:575). Dit is dus heeltemal korrek om hierdie onderwerp, op die spoor van (Beeke & Smalley, 2021b), onder die Persoon en werk van die Heilige Gees te plaas, soos wat dit in hierdie huidige studie gehandhaaf word.

Hierdie lys van die *ordo salutis* word in beginsel deurgaans in die gereformeerde belydenisskrifte bely. Maar ons vind veral 'n bondige opsomming hiervan in die Dordtse leerreëls hoofstuk 1. Kom ons hoor weer hoe ons dit bely in 'n uittreksel van paragraaf 7:

Hierdie uitverkiesing is 'n onveranderlike voorneme van God. Daarvolgens het Hy nog voor die skepping 'n sekere aantal mense uit die hele mensdom uitverkies ... het Hy hulle, uit volkome vrye welbehag van sy wil en uit louter genade, tot die saligheid in Christus uitverkies ... Deur sy Woord en Gees roep en trek God die uitverkorenes kragdadiglik tot

gemeenskap met Hom. Hy het dus besluit om aan die uitverkorenes die ware geloof in Christus te gee, hulle te regverdig en te heilig en om hulle, wat kragtig in die gemeenskap van sy Seun bewaar is, uiteindelik as bewys van sy barmhartigheid en tot lof van sy oorvloedige en heerlike genade te verheerlik (Dordtse Leerreëls hoofstuk 1 paragraaf 7).

So hou ons gelowig vas aan die wyse wat die Bybel ons leer waarop die Heilige Gees God se uitverkorenes deel maak van die saligheid.

Hierdie leer van die weg van saligheid is vir gelowiges tot geweldige troos, want hierdeur sien ons dat ons verlossing vas staan in God wat dit bewerk het. Hy het 'n volkome verlossing vir ons bewerk en dit is Hy wat ons deel gemaak het van hierdie verlossing. Verder is dit vir ons tot geweldige troos, want so weet ons ons werklik in Christus ryklik geseën is met alle geestelike seëninge wat daar in die hemele is. Beeke en Smalley (2021b:281-282) noem vier dinge oor hoe gelowiges die leer oor die *ordo salutis* van toepassing kan maak in hulle lewens, naamlik dat God volkome verlossing geskenk het in Christus vir al ons behoeftes, dat God oorvloedige seëninge gee in Christus, dat God sy goddelike wysheid ten toon stel om die genade vir sy eer te orden, en dat God hierdeur 'n fondasie vir ewige hoop stel.

Vir hierdie rede is ons verlossing vir ons tot ewige hoop, want omdat dit in God gesetel is, het ons 'n vaste sekerheid van ons verlossing. Daarom loof ons God en dank Hom vir hierdie verlossing in Christus deur die Heilige Gees.

Deur hierdie huisgodsdienstema leer ouers en kinders saam dat roeping en wedergeboorte nie uit menslike verdienste of vermoë kom nie, maar 'n gawe van God is wat deur die Heilige Gees in gelowiges bewerk word en hulle in heiligmaking tot verheerliking lei. Só leer kinders om met vaste sekerheid te leef uit die genade van Christus, wat hulle volkome verlos en bewaar.

7.5.2 Huisgodsdienstema: God se roeping en die wedergeboorte in die weg waarlangs die Heilige Gees 'n mens deel maak aan Christus.

In hierdie huisgodsdienstema leer ouers en kinders oorsigtelik saam oor uitverkiesing en die gereformeerde heilsorde, as deel van die weg waarlangs die Heilige Gees gelowiges aan Christus se verlossingswerk deel maak. Hierdie aspek wys hoe God Drie-enig die genade van Christus persoonlik toepas, sodat gelowiges met dankbaarheid en geloofsvertroue kan leef vanuit sy volmaakte verlossing wat hulle tot heerlikheid sal lei.

Lees: Romeine 10:1-21; Johannes 3:1-21

Fokus: Romeine 10:13-15; Johannes 3:3; Dordtse Leerreëls hoofstuk 3/4 paragraaf 3,
11

U sal onthou dat ons in die vorige huisgodsdienstema gefokus het op die wyse waarop die mens tot saligheid kom, met ander woorde die weg waarlangs die Heilige Gees 'n mens deel maak van die verlossingswerk van Christus. So het ons dan onder andere

vanuit Romeine 8 en Efesiërs 1 gesien dat daar 'n sekere orde is oor hoe die Heilige Gees 'n mens deel maak aan die saligheid in Christus.

En so het ons gehoor, is ons as gereformeerdes se belydenis in hooftrekke dat hierdie weg van verlossing bestaan uit: (1) Uitverkiesing, (2) Roeping, (3) Wedergeboorte, (4) Geloof, (5) Bekering, (6) Regverdigmaking, (7) Heiligmaking, (8) Volharding, en (9) Verheerliking.

So het ons vanuit Efesiërs 1 veral ook telkens gehoor van hierdie uitverkiesing dat God al sy kinders van die begin van sy skepping tot die einde daarvan, in Christus uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld, volgens sy ewige raadsplan wat Hy tot uitvoering sal bring (vgl. Dordtse Leerreëls hoofstuk 1, paragraaf 6).

Kom ons kyk dan nou na die tweede en die derde aspek in hierdie weg van verlossing, naamlik dat die uitverkorenes geroep word en ook weergebore word deur die Heilige Gees.

7.5.2.1 Roeping

Wat roeping betref het ons ook die vorige keer gehoor: “God roep almal deur die verkondiging van die evangelie om tot inkeer te kom en om in Jesus Christus te glo vir verlossing (vgl. Rom. 10:14-15). Dit is 'n uiterlike roeping, maar slegs hulle wat weergebore word, sal hierdie roeping innerlik hoor”. So onderskei ons as gereformeerdes tussen twee tipes roepinge van God, naamlik die eksterne roeping en die interne roeping (Van Genderen & Velema, 2008:580).

Oor die eksterne roeping bely ons soos volg, in Dordtse Leerreëls 3/4, paragraaf 8:

Almal wat egter deur die evangelie geroep word, word in alle erns geroep. Want in alle erns en waarheid betuig God in sy Woord wat sy wil is: Die geroepenes moet na Hom toe kom. In alle erns belowe Hy ook aan almal wat na Hom toe kom en glo, rus vir hulle siele en die ewige lewe.

Oor die interne roeping bely ons dat slegs hulle wat deur God uitverkies is, sal God se roeping waarlik aanhoor en deur die geloof aanneem. Hiervan getuig ons Here Jesus wanneer Hy in Mattheus 22:14 sê: “Want baie is geroep, maar min uitverkies” (Mat. 22:14).

Hierdie onderskeid tussen die eksterne en interne roeping sien ons onder andere in ons teksgedeelte, in Romeine 10, waar Paulus voorbidding vir die volk Israel doen dat hulle gered sal word (v. 1). Hy sê vanaf vers 2:

Want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God het, maar sonder kennis. Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie. Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo (Rom. 10:2-4).

Maar dan verduidelik hy verder wat hierdie geloof behels. In vers 13 sê hy:

Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die

evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig! (Rom. 10:13-15).

En dan kom Paulus by die gevolgtrekking/feite en sê in vers 16: “Maar hulle was nie almal gehoorsaam aan die evangelie nie; want Jesaja het gesê: Here, wie het ons prediking geglo? Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God” (Rom. 10:16-17).

En dan vra Paulus, amper op retoriese wyse: “Het hulle miskien nie gehoor nie? Ja, seker! Oor die hele aarde het hulle stem uitgegaan en tot by die eindes van die wêreld hulle woorde. Maar ek vra: Het Israel dit miskien nie verstaan nie?” (Rom. 10:18-19).

Dan hoor ons hoe dat Paulus eintlik sê dat die evangelie van Jesus Christus nie onverstaanbaar was vir die volk Israel nie, maar dat hulle ongehoorsaam was aan God, sodat Hy Homself tot die heidene gewend het (vgl. Rom. 11:11). Maar vir die doel van ons huisgodsdienstema het ons reeds genoegsame openbaring ontvang om te kan bely dat God wel alle mense deur middel van die verkondiging van sy evangelie roep (Dordtse Leerreëls hoofstuk 1, paragraaf 3; hoofstuk 2, paragraaf 5), maar dat nie alle mense die evangelie aanneem nie (Dordtse Leerreëls hoofstuk 2 paragraaf 6), maar slegs dié wat dit deur die geloof aanneem (Dordtse Leerreëls hoofstuk 2 paragraaf 7).

So dit is deur die geloof dat die mens die evangelie van Jesus Christus aanneem, maar die geloof word eers verkry wanneer die Heilige Gees die uitverkorene weergebore laat word — en dít alles kan net gebeur deur die verkondiging van die

Woord van God. Die orde is dan soos volg: Dit is slegs die uitverkorene wat die eksterne roeping deur die Heilige Gees as 'n interne roeping aanhoor sodat gesê kan word dat die evangelie alle mense tot inkeer roep, maar dat God waarlik al sy uitverkorenes tot Hom roep¹⁵².

Natuurlik ontstaan daar baie vrae oor hierdie belydenis van interne en eksterne roeping. Enkele vrae hieroor is byvoorbeeld wat is die doel van die eksterne roeping as dit nie alle mense tot geloof lei nie? Of, is die inhoud van die eksterne roeping dan anders as die interne roeping? (Van Genderen & Velema, 2008:580). Maar hoewel ons tussen die eksterne en interne roeping onderskei, is dit nogtans nie twee verskillende roepinge nie. Die roeping van God deur die evangelie is steeds een roeping, maar met 'n tweevoudige uitwerking. So onderskei die Dordtse Leerreëls tussen die ernstige roeping vir alle mense, maar ook van die effektiewe roeping vir die uitverkorenes¹⁵³.

So is dit nie onregverdig van God as die mens nie die uiterlike roeping deur die geloof aanneem nie, want deur hierdie roeping word Christus as inhoud aangebied, wat dan deur die ongelowige verwerp word. Die ongeloof veroorsaak dat hierdie roeping nie geïnternaliseer word nie. Dit is slegs die geloof deur die Heilige Gees wat hierdie

¹⁵² Die verhouding tussen roeping en uitverkiesing kan verder ondersoek word in Van Genderen en Velema (2008:580).

¹⁵³ Hierdie onderskeid word nie gesien in die Afrikaanse vertaling nie, maar volgens Van Genderen en Velema (2008:584) praat hoofstuk 3/4 paragraaf 8 van die *serio*, terwyl paragraaf 10 van die *efficaciter* praat, dus ernstige roeping teenoor effektiewe roeping.

roeping intern maak in die mens se hart. Van Genderen & Velema (2008:585) stel dit soos volg:

If the call remains external, its content (i.e., Christ himself) is rejected through one's own fault. It is unbelief that prevents the vocatio from entering the heart. It is called interna in recognition of the Holy Spirit. The Spirit as the Spirit of Christ is also part of the content of the promise that comes to us in the call.

So wek die Heilige Gees die uitverkorene van God in 'n nuwe lewe, waarvan die Bybel ons leer dat dit die wedergeboorte is.

7.5.2.2 Wedergeboorte

Van die wedergeboorte lees ons op verskeie plekke in die Bybel, waarvan Johannes 3 een daarvan is. In Johannes 3 lees ons dat daar 'n gesprek plaasvind tussen Jesus en een van die Jode se leraars. So lees ons vanaf vers 1:

En daar was 'n man uit die Fariseërs met die naam van Nikodémus, 'n owerste van die Jode. Hy het in die nag na Jesus gekom en vir Hom gesê: Rabbi, ons weet dat U 'n leraar is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie tekens doen wat U doen as God nie met hom is nie (Joh. 3:1-2).

Nou moet ons onthou dat Nikodémus 'n baie gesiene man was. Nie net was hy 'n regeerder onder die Jode nie, maar hy was ook 'n Fariseër. Die Fariseërs is 'n groep mense uit die Jode wat daarop roem dat net hulle die ware kenners is van die Ou Testament. Hulle beweer dat net hulle kon waarlik die Wet van Moses reg verstaan

en uitlê. En hulle het daarop geroem dat hulle die heiligste van almal lewe. Trouens, die naam Fariseër beteken juis hulle wat hulleself eenkant hou, as separatiste¹⁵⁴.

Nou kom hierdie belangrike man na Jesus toe om met Hom te praat oor die dinge van God. En hoor wat noem hierdie leier van Israel vir Jesus. Nikodémus wat die Ou Testament uit sy kop uit ken, noem vir Jesus, Rabbi. Hy noem hom 'n leermeester. Nou, jy noem iemand net 'n leermeester as jy soos een van sy studente aan sy voete wil sit om by hom te leer. Hierdie groot kenner van God se openbaring wil kom sit by die voete van Jesus om by Hom te leer oor God.

Net so opmerklik is dit dat hierdie Nikodémus in die nag na Jesus gekom het, en nie in die dag nie. Waarom sal dit wees? Waarskynlik juis omdat hy 'n gesiene leermeester was en dat mense vrae sou begin vra as hierdie wyse leermeester van God nou by Jesus lering ontvang.

Wat dan baie interessant is tussen Nikodémus en Jesus se gesprek, is wat Jesus se reaksie is op Nikodémus se woorde. Hier is 'n man wat in die nag na Jesus toe kom en erken dat Hy 'n leraar van God is omdat Hy groot wonders kan doen. En hoe reageer Jesus? Hy vertel vir Nikodémus van die wedergeboorte. Waarom so? Juis om

¹⁵⁴ "Apparently the Pharisees were concerned above all with the sanctification of God's name (cf. *Ap.* ii.171, 192) and with the separation from all that was unholy. Their name also alludes to this emphasis (Φαρισαῖοι and *p'rûšîm* refer to "separated ones"), which their adversaries used in the derogatory sense of "separatists." According to *Ant.* xvii.41 the Pharisees were proud of their precise knowledge of the patriarchal laws and boasted of their adherence to the law. They were known as the most accurate interpreters of the law, among which they counted not only the written Torah but also the oral Torah, the patriarchal traditions" (Balz & Schneider, 1990 oor die woord Φαρισαῖος).

vir Nikodémus te wys dat dit nie sy wonderwerke is wat die mens in God sal laat glo nie, maar dat geloof in God alleen kom deur die wedergeboorte.

Wat is dan hierdie wedergeboorte? Wel, dit was ook die vraag van Nikodémus, want Hy verstaan nie wat Jesus sê nie. Hy vra: “Hoe kan ’n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie ’n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie?” (v. 4). Op hierdie stadium is dit tog ’n baie geldige vraag omdat dit onlogies klink dat iemand weer gebore moet word.

Dan verduidelik Jesus verder as Hy antwoord: “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy die koninkryk van God nie ingaan nie” (v. 5). Ons gaan nou hoor wat hierdie woorde dan beteken, maar kom ons luister eers verder na Jesus se woorde. Hy sê:

Wat uit vlees gebore is, is vlees; en wat uit Gees gebore is, is gees. Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie. Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is (Joh. 3:6-8).

Wat Jesus dus vir Nikodémus leer is dat ware saligheid en heiligheid alleen moontlik is wanneer die Heilige Gees nuwe lewe in ’n mens wek sodat jy geestelik kan lewe. Nikodémus wat die Ou Testament tog so goed geken het, moes tog geweet het van Dawid se woorde in Psalm 51, waar hy sê: “Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang” (Ps. 51:7). Hy moes die sondeval en erfsonde tog

sekerlik goed geken het, waarvan ons in die Skeppingsverhaal lees. Hy weet dat die mens boos is en dat jy 'n Verlosser in God buite jouself nodig het.

Vir hierdie rede leer Jesus vir Nikodémus dat Jesus hierdie Verlosser is, en dat 'n mens dít alleen kan sien en glo as 'n mens uit water en Gees gebore word, want net soos wat kinders uit dieselfde aard en wese as hulle ouers bestaan omdat hulle vanuit hulle ouers afkomstig is, net so is elkeen wat deur die Gees gebore is, geestelike lewende wesens omdat hulle deur die Heilige Gees geestelik gebore geword het.

Nogtans verstaan Nikodémus nie wat Jesus vir hom sê nie. Dit is vir hom ondenkbaar. Hy vra dan: "Hoe kan hierdie dinge gebeur?" (Joh. 3:9). Dan antwoord Jesus: "Jy is die leraar van Israel en jy weet hierdie dinge nie?" (Joh. 3:10). Dan praat Jesus reguit met hom en sê vir hom dat die natuurlike mens nie geestelike dinge kan sien of verstaan of beoordeel nie, omdat hulle nie geestelik weergebore is nie.

So wys die Johannes-evangelie ons deur hierdie gesprek tussen Jesus en Nikodémus dat Jesus vir die Fariseërs daarop wys dat al hulle ywer en kennis nie vir hulle verlossing kan bring nie. Trouens, as die mens nie weergebore word nie, sal al jou werke jou skuld en oordeel voor God net al groter maak, omdat die natuurlike mens nie in staat is tot goeie werke nie. Omdat die Fariseërs nie glo dat Jesus die Christus en die Seun van God is nie, sal hulle veroordeel word, juis omdat hulle Christus verwerp het en nie wou glo nie.

Hier moet ons baie mooi oplet dat ons nie die orde tussen wedergeboorte en geloof omkeer nie. Hoewel dit maklik so kan klink dat geloof 'n voorvereiste vir wedergeboorte is, leer die Bybel nie vir ons dat die mens eers moet glo en dan sal hy weergebore word nie. Daar is baie tekste wat dit wel so laat klink, maar binne die konteks van die res van die Skrif is dit duidelik juis andersom: Hy wat nie weergebore word nie, sal nie glo nie; hy wat nie glo nie, is nie weergebore nie.¹⁵⁵ Slegs hulle vir wie Jesus gekom het om te verlos, sal die wedergeboorte en geloof ontvang, waardeur hulle verenig sal word met Christus deur sy Heilige Gees.

So kom ons aan die einde van hierdie lering van God se roeping en die wedergeboorte in die weg waarlangs die Heilige Gees 'n mens deel maak aan Christus.

En so is die roeping en wedergeboorte by die gelowige 'n alles-oortreffende en alles-omvattende werk van God in die innerlike mens. Dit is die werk wat die gelowige saam met Paulus laat uitroep: “As iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword” (2 Kor. 5:17) (vgl. Beeke & Smalley, 2021b:415).

Mag ons vanuit hierdie troos lewe as nuut-gemaakte mense wat voortdurend vernuwe word na die beeld van ons Skepper (vgl. Kol. 3:10).

¹⁵⁵ Vergelyk byvoorbeeld kontroversiële tekste wat saam met Johannes 3 klink asof geloof 'n voorvereiste vir wedergeboorte is. Tekste in die verband is onder andere Handeling 2:38 & Markus 16:16.

Deur hierdie huisgodsdienstema leer ouers en kinders saam dat roeping en wedergeboorte nie uit menslike verdienste of vermoë kom nie, maar 'n gawe van God is wat deur die Heilige Gees in gelowiges bewerk word en hulle in heiligmaking tot verheerliking lei. Só leer kinders om met vaste sekerheid te leef uit die genade van Christus, wat hulle volkome verlos en bewaar.

7.5.3 Huisgodsdienstema: Geloof en bekering in die weg waarlangs die Heilige Gees 'n mens deel maak aan Christus.

In hierdie huisgodsdienstema leer ouers en kinders saam oor geloof en bekering, as deel van die weg waarlangs die Heilige Gees gelowiges aan Christus se verlossingswerk deel maak. Hierdie aspek wys hoe God Drie-enig die genade van Christus persoonlik toepas, sodat gelowiges met dankbaarheid en geloofsvertroue kan leef vanuit sy volmaakte verlossing wat hulle tot heerlikheid sal lei.

Lees: Markus 4:1-20

Fokus: Markus 4:14-20; Dordtse Leerreëls hoofstuk 3/4 paragraaf 9-10

Daar is mense wat glo dat bekering 'n voorvereiste vir geloof is. Hoor mooi. Daar is mense wat glo dat bekering 'n voorvereiste vir geloof is. Een so 'n baie bekende prediker Derek Prince (s.a.), sê dit reguit in 'n artikel genaamd *Repentance must precede faith*. Hy sê dat mense se grootste probleem is dat hulle nie weet hoe om ware geloof te kry nie, omdat hulle nie bekeer nie. Trouens, hy sê (Prince, s.a.): "Repentance is the essential first step to true faith". Hy sê verder: "You see, many

people are struggling for faith. They don't really know how to find true faith. They don't realize that their problem is they've got to repent first. This is absolutely consistently the universal message of the New Testament" (Prince, s.a.).

Dat bekering volgens hom die geloof tot vrug het bevestig hy wanneer hy van Handeling 20:21 sê: "Notice the first step before having faith is turning to God in repentance. The word "turn" indicates the nature of repentance—the inward decision followed by the outward change of life. That is an essential preliminary to true faith" (Prince, s.a.). Daarom sê hy gevolglik: "The first thing we have to do, in order to get into a right relationship with God, is to repent" (Prince, s.a.). En dit klink so amper reg, behalwe vir die feit dat dit vir hierdie prediker eenvoudig 'n saak is van die mens wat vanuit homself moet kies om God te dien, wat dan klaarblyklik geloof tot gevolg het.

Hierteenoor stel Calvyn die gereformeerde siening wat lynreg staan teenoor die siening dat bekering 'n daad van die mens is en wat geloof tot gevolg het. Calvyn stel dit andersom, naamlik dat geloof nie geboorte gee aan bekering nie, maar dat geloof wel die oorsprong is van bekering. So stel Calvyn (1988:771, III.3.2) dit:

Hoewel ons die oorsprong van die bekering tot die geloof terugvoer, droom ons tog nie dat daar 'n bepaalde tydstip is waarop die geloof bekering teweegbring nie. Ons bedoeling is net om aan te toon dat niemand sy berou ernstig kan opneem as hy nie weet dat hy aan God behoort nie. Niemand is egter waarlik daarvan oortuig dat hy aan God behoort, tensy hy vooraf God se genade verkry het nie.

Kom ons kyk vanuit ons gereformeerde belydenis waarom ons met Calvyn kan saamstem dat geloof eerder die voorvereiste vir bekering moet wees, op grond van die openbaring van God se Woord.

7.5.3.1 Die verhouding tussen geloof en bekering

'n Mens kan in 'n mate verstaan hoe iemand tot hierdie gevolgtrekking kan kom dat bekering die geloof vooraf moet gaan, want op soveel plekke in die Bybel word dit in so 'n volgorde gestel. In Markus 1 byvoorbeeld, lees ons, het Johannes die dooper “gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie” (Mar. 1:14b-15).

Selfs gereformeerdes erken hierdie feit wat die Skrif bekendmaak. Van Genderen en Velema (2008:603) sê: “Repentance is a prerequisite for entry into the kingdom of heaven (Mark 4:12 for Israel; Luke 24:47 also beyond the borders of Israel)”. Beeke en Smalley (2021b) wys in hierdie verband uit dat bekering voor geloof moet kom, want hoe kan die mens ter selfde tyd in Christus vertrou vir verlossing as hy nog sy sondes liefhet? So sê hulle (Beeke & Smalley, 2021b:450-451):

One can argue just as cogently that faith depends on repentance ... A person who still hates God will not trust in Christ to reconcile him to God. Those who love the darkness and hate the light because their deeds are evil will not come to the light (John 3:19-20). Will a person look to Christ to save him from his sins if he still loves those sins? As to their order, in some Scripture passages, repentance appears first and faith second.

Ook lees ons in Handeling 2 toe Petrus op die Pinkster-fees preek oor die vervulling van die profesie oor die uitstorting van die Heilige Gees, en die manne dáár deur sy prediking diep getref is en vra wat hulle dan moet doen, dan sê Petrus vir hulle: “Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang” (Hand. 2:38).

Nog duideliker sien ons vanuit Handeling 20:21 hoekom mense so ’n beskouing het van bekering wat voor geloof kom. Hier lees ons was die inhoud van Paulus se prediking: “die bekering tot God en die geloof in onse Here Jesus Christus”.

Dit klink inderdaad asof bekering die voorvereiste vir geloof moet wees. Maar dit is nie die waarheid nie. Trouens, ons sien in Handeling 11:21 dat hierdie terme omgeruil word. In hierdie gedeelte lees ons dat die gelowiges die evangelie aan Griekssprekende Jode verkondig, en dan staan daar: “En ’n groot getal het gelowig geword en hulle tot die Here bekeer”.

7.5.3.1.1 Geloof en bekering twee kante van een muntstuk

Ons sien dus baie duidelik dat beide geloof en bekering twee kante van dieselfde muntstuk is, wat na die totale ommekeer van die mens verwys. Nou bly die vraag steeds: wat kom dan eerste? Moet geloof in God eerste kom, of moet bekering weg van jou sonde eerste kom? Want sonder bekering kan ’n mens nie werklik sê dat jou vertrou in die Here is nie, maar sonder geloofsvertroue in God kan die mens ook nie bekeer nie.

Vir hierdie rede behoort ons beide kante (van geloof en bekering vice versa) in ag te neem. Daar is selfs gereformeerdes wat beweer dat die een nie voor die ander een gestel moet word nie, maar dat beide na interafhanklike aspekte van die totale ommekeer van die mens verwys, wat 'n gevolg is van die wedergeboorte. Die persoon wat dus deur die Heilige Gees weergebore word, word gedring om homself te bekeer en te glo, of andersom gestel, om te glo en hom te bekeer (vgl. Beeke & Smalley, 2021b:451). Tog kom Beeke en Smalley (2021b:465) dan tot die gevolgtrekking: Bekering is tog nodig om gered te word: "Therefore, we conclude that repentance is necessary for salvation".

Opmerklik is die feit dat in Afrikaans dieselfde woord gebruik word om na beide die Engelse woorde "repentance" en "conversion" te verwys. Hiervoor gebruik die Afrikaans die woord *bekering*. Dit is waarskynlik omdat daar geen ander Afrikaanse woord is om die onderskeid aan te dui nie. Die naaste woorde wat "conversion" kan beskryf anders as die woord *bekering*, is *vernuwing* of *verandering* of *'n totale ommekeer* of *inkeer*. Om dus te probeer sin maak van die verhouding tussen geloof en bekering, kan 'n mens sê dat geloof en bekering verwys na die totale ommekeer van die mens, weg van sy sonde, na sy Verlosser toe, wat deur die Heilige Gees bewerk word.

7.5.3.1.2 Tog 'n klem op volgorde tussen geloof en bekering

Alhoewel ons dus sien dat beide geloof en bekering as 'n eenheid beskou moet word in die totale ommekeer van 'n mens se lewe, is dit tog belangrik dat ons die onderskeid

in die verskillende volgordes sal raaksien en reg daaroor bely sodat die klem nie by die mens se werke is nie, maar by God wat red.

As ons dus wil sê dat bekering voor geloof kom, soos wat baie teksgedeeltes uitwys, dan moet ons erken dat hierdie volgorde so gestel word om die oproep van die evangelie te beklemtoon, en nie om hierdeur tot die gevolgtrekking te kom dat dit die mens is wat uit sy eie gekies het om homself te bekeer nie. Net so is dit ook andersom, wanneer geloof voor bekering gestel word, kom beide die geloof en bekering van God deur God se genade en nie deur die mens se eie inisiatief nie.

Tog, omdat die mens altyd geneig is om sy eie eer te soek, moet in belydenis eerder gehou word by die volgorde dat geloof bekering voorafgaan, want sonder geloof kan 'n mens nie bekeer nie, het hy geen wil om te bekeer nie. So sê Hebreërs 11:6: "En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek".

So stel Johannes Calvyn dit dat die mense wat verkeerdelik dink dat bekering voor geloof moet kom, eerder as dat bekering vanuit geloof voortvloei, verstaan nie die aard van ware bekering nie (Calvyn, 1988:768, III.3.1). So sê hy dat ware bekering altyd 'n gevolg is van geloof, omdat ware geloof die bewerker is van ware bekering, en dat hieroor geen omstredenheid behoort te wees nie.

Tog erken Calvyn dat hoewel geloof en bekering na twee verskillende aspekte verwys en van mekaar onderskei moet word, moet dit nie van mekaar geskei word nie, net

soos wat geloof en hoop nie van mekaar geskei kan word nie, omdat geloof en bekering 'n eenheid vorm wat die volledige werk van 'n terugdraai na God toe, beskryf (Calvyn, 1988:774, III.3.5). So beskryf hy bekering as “'n waaragtige ommekeer van ons lewe na God toe wat uit 'n opregte en ernstige vrees vir God kom en in die afsterwe van ons vlees en van ons ou mens en in die lewendmaking van ons gees geleë is” (Calvyn, 1988:775, III.3.5).

Ons sien dus dat beide geloof en bekering hand aan hand gaan om die vernuwingswerk wat God in die mens teweegbring, te beskryf. So sê Van Genderen en Velema (2008:602) in die verband: “Faith and repentance go together. They point to one and the same work of God in us, and one and the same change in our lives in relationship with God. Repentance cannot proceed without faith. Faith cannot fail to manifest itself in repentance”.

7.5.3.2 Geloof en bekering in die gelykenis van die saaier

Ons sien iets hiervan in die gelykenis van die saaier, waarvan ons gelees het in Markus 4. In hierdie gelykenis lees ons van 'n Saaier wat uitgaan om saad te gaan saai, wat op vier verskillende tipes grond val. So lees ons:

En terwyl hy saai, het 'n deel langs die pad geval, en die voëls van die hemel het gekom en dit opgeëet. En 'n ander deel het op 'n rotsagtige plek geval waar dit nie baie grond gehad het nie; en dadelik het dit opgekom, omdat dit geen diepte van grond gehad het nie. En toe die son opgaan, is dit verskroei; en omdat dit geen wortel gehad het nie, het dit verdroog. En 'n ander deel het in die dorings geval, en die dorings het opgekom en dit verstik; en dit het geen vrug opgelewer nie. En 'n ander deel het in die goeie grond geval,

en dit het vrug opgelewer; want dit het opgekom, en gegroei, en dit het gedra: een dertig- en een sestig- en een honderdvoudig (Mar. 4:4-8).

So val die saad op vier verskillende tipes grond, elkeen met verskillende tipes omstandighede. Dan verduidelik ons Here Jesus die punt van die vergelyking en die boodskap daarvan. Hy sê:

Die saaier saai die woord. En dit is hulle wat langs die pad is—waar die woord gesaai word, maar sodra hulle dit gehoor het, kom die Satan dadelik en neem die woord weg wat in hulle harte gesaai is. Net so ook is hulle by wie op rotsagtige plekke gesaai word—wat, as hulle die woord hoor, dit dadelik met blydskap aanneem, maar geen wortel in hulleself het nie; hulle is net vir 'n tyd. Later as daar verdrukking of vervolging kom ter wille van die woord, struikel hulle dadelik. En hulle by wie in die dorings gesaai word—dit is hulle wat die woord hoor, en die sorge van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom en die begeerlikhede in verband met die ander dinge kom in en verstik die woord, en dit word onvrugbaar. En dit is hulle by wie in die goeie grond gesaai is—hulle wat die woord hoor en aanneem en vrugte dra: een dertig- en een sestig- en een honderdvoudig (Mar. 4:14-20).

Ons Here Jesus verklaar sêlf die vergelyking, daarom is die nie nodig om dit verder te verklaar nie. Ons kan maar slegs enkele waarnemings hieroor vasmaak, sowel as toepassings oor die boodskap wat dit vir ons verkondig.

Ons sien dus in hierdie vergelyking dat die evangelie aan verskillende mense verkondig word, maar dat nie almal die evangelie waarlik deur die geloof aanneem nie. Van die eerste groep waar die saad langs die pad val, sê die Mattheus-evangelie

dat dié persoon nie werklik die woord van die evangelie verstaan het nie, daarom het die Satan dit wat in sy hart gesaai is, weggesteel. Daar was dus geen ware geloof nie.

Van die tweede persoon hoor ons dat hy hierdie evangelie wel aanneem, maar dat dit nie 'n ware aanneming is nie, want sodra die verdrukking en vervolging van die wêreld kom, struikel hierdie persoon dadelik.

Van die derde persoon lees ons het hierdie persoon die woord gehoor, maar die Sorge en rykdom van hierdie wêreld het die saad van die woord onvrugbaar gelaat. Weer is daar dus nie ware geloof wat vrug oplewer nie.

Die laaste saad word gesaai in die goeie grond. Ons teksgedeelte maak dan baie duidelik dat hierdie persoon “die woord hoor en aanneem en vrugte dra” (Mar. 4:20); Matteus sê hierdie persoon het die woord gehoor en verstaan (Mat. 13:23).

So leer hierdie gelykenis ons dat die woord aan alle mense verkondig word, maar dat nie alle mense dit deur die ware geloof aanneem nie. Tog kan ons nie sê dat sommiges reg gekies het en ander verkeerd gekies het; of dat sommiges sterk genoeg is terwyl ander te swak was nie. Nee, die goeie grond waarop die laaste geval het, is juis goeie grond omdat die Heilige Gees dit voorberei het. Dit is die Heilige Gees wat die evangelie in die harte van die uitverkorenes indra sodat dit kan ontkiem en vrug dra.

Verder leer ons vanuit hierdie gelykenis ten minste nog twee dinge. Die een is dat daar werklik so iets is soos 'n valse bekering, een wat lyk soos iemand wat tot bekering gekom het, maar in werklikheid nie is nie. So 'n valse bekering is onder andere mense

wat bekeer op grond van die wonderwerke of selfs mense wat 'n intellektuele geloof aanhang, sonder ware bekering soos wat ons in die Heidelbergse Kategismus Sondag 33 bely (vgl. Van Genderen & Velema, 2008:606).

Die ander ding wat ons vanuit hierdie gelykenis leer is dat daar werklik drie aardse vyande is in God se koninkryk hier op aarde. Dit is naamlik die Satan, die wêreld, en ons eie sondige natuur. Hoor mooi wat was die invloede in die eerste drie gevalle van die saad. Die eerste een was die Satan wat die woord uit die hart kom steel het. Die tweede was die verdrukking en vervolging van die wêreld wat die skynbaar bekeerde tot 'n val gebring het. Die laaste was die sorg of rykdom van die lewe wat die mense bese hart oor gewen het en hom onvrugbaar gelaat het.

So moet ons as gelowiges daagliks waak en bid dat ons aardse vyande ons nie probeer mislei en ons geloof aanval sodat ons in kleingeloof laat verval nie. Maar net so word alle mense wat hierdie woord hoor, opgeroep tot 'n ware inkeer weg van jou ou lewe, na die enigste Verlosser, Jesus Christus.

Kom ons hoor ten slotte weer wat ons bely met betrekking tot die ware geloof en bekering, in die Dordtse Leerreëls hoofstuk 3/4, paragraaf 9-10:

Baie mense wat deur die bediening van die evangelie geroep is, kom nie na Hom toe nie en bekeer hulle nie. Die skuld hiervoor lê nie in die evangelie of in Christus, wat deur die evangelie aangebied is nie, ook nie in God, wat mense deur die evangelie roep en aan hulle verskillende gawes gee nie. Die skuld lê by die geroepenes self. Sommige neem deur sorgeloosheid die Woord van die lewe nie aan nie. Ander neem dit wel aan, maar nie

in die binneste van hulle harte nie, met die gevolg dat hulle ná 'n kortstondige blydschap van die tydelike geloof weer terugval. Ander weer laat die saad van die Woord deur die dorings van die sorg en deur die welluste van die wêreld verstik en dra geen vrugte nie, soos ons Verlosser dit in die gelykenis van die saaier leer (vgl. Matt 13).

Ander mense weer, wat deur die bediening van die evangelie geroep is, kom en word bekeer. Dit moet egter nie aan die mens toegeskryf word nie asof hy hom deur sy vrye wil van ander onderskei wat eweveel of genoegsame genade tot geloof en bekering ontvang het. So stel die hooghartige ketter van Pelagius dit¹⁵⁶. Dit moet aan God toegeskryf word. Hy het hulle van ewigheid af in Christus as sy eiendom uitverkies. Hy roep hulle almal kragdadig in die tyd en skenk hulle geloof en bekering. Nadat hulle uit die mag van die duisternis verlos is, bring Hy hulle oor in die ryk van sy Seun, om die deugde van Hom, wat hulle uit die duisternis tot hierdie wonderbare lig geroep het, te verkondig en om nie in hulleself nie, maar in die Here te roem. So getuig die apostoliese geskrifte telkens.

Deur hierdie huisgodsdienstige tema leer ouers en kinders saam dat geloof en bekering nie uit menslike verdienste of vermoë kom nie, maar 'n gawe van God is wat deur die Heilige Gees in gelowiges bewerk word en hulle in heiligmaking tot verheerliking lei. Só leer kinders om met vaste sekerheid te leef uit die genade van Christus, wat hulle volkome verlos en bewaar.

¹⁵⁶ Die ketter van Pelagius het onder andere geleer dat die mens selfs ná die sondeval die vermoë het om homself deur sy eie vrye wil en morele inspanning te red, sonder dat God se genade hom innerlik hoef te verander. Pelagius het dus ontken dat die sondeval die mens se wil verdorwe gemaak het en verder ook dat wedergeboorte deur genade alleen nodig is vir geloof en bekering.

7.5.4 Huisgodsdienst tema: Regverdigmaking in die weg waarlangs die Heilige Gees 'n mens deel maak aan Christus.

In hierdie huisgodsdienst tema leer ouers en kinders saam oor regverdigmaking, as deel van die weg waarlangs die Heilige Gees gelowiges aan Christus se verlossingswerk deel maak. Hierdie aspek wys hoe God Drie-enig die genade van Christus persoonlik toepas, sodat gelowiges met dankbaarheid en geloofsvertroue kan leef vanuit sy volmaakte verlossing wat hulle tot heerlikheid sal lei.

Lees: Romeine 4:1-25

Fokus: Romeine 4:3-6, 23-25; Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 23

Wat sou u sê is die kern van die evangelie? Baie mense sal sê die kern van die evangelie is dat jy die ewige lewe kan hê. Ander sal dit dalk verwoord as verlossing. Beeke en Smalley (2021b:513) sê: “At the heart of the gospel is the promise of justification by faith alone”. Dit is wat die boek Romeine leer, dat die kern van die evangelie gaan oor geregtigheid wat deur die geloof verkry word. Dit is wat Paulus in hoofstuk 1 sê: “die geregtigheid van God word [in die evangelie van Christus] geopenbaar uit geloof tot geloof” (Rom. 1:17).

Die evangelie gaan dus wel oor verlossing, maar dis belangrik dat ons sal vra: verlossing van wat? Die antwoord: verlossing van God se regverdige oordeel op my sondes. Ons kan nie die evangelie losmaak van God se oordeel of regspraak nie, en ons sal nie ons behoefte om voor God geregverdig te word, verstaan as ons nie die

skuld en sonde van die mensdom voor God begryp nie (vgl. Beeke & Smalley, 2021b:513-514).

Dit is wat ons bely: “Waarlik, as ons voor God moes verskyn terwyl ons, in watter geringe mate ook al, op onself of op enige ander skepsel sou staatmaak, sou ons – helaas! – verteer moes word” (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 23).

Martin Luther het dit verstaan. Hy het diep onder die besef gekom van sy sonde. Daarom het hy gevra: As ek niks goeds in myself het nie, hoe kan ek regverdig voor God word? Hoe kan my verhouding met God herstel sodat ek verlos kan word van my skuld? Die Reformasie het dus besef dat die kern van die evangelie gaan oor God se geregtigheid en hoe ek voor God geregverdig kan word (sien Van Genderen & Velema, 2008:607).

Daarom moet ons ook die besef van ons ellende voor God erken en dit moet ons laat sidder. Eers dan verstaan 'n mens dat daar niks meer belangriker is om te weet, as om te weet hoe ek verlos kan word van my sonde nie. As ons dit nie weet nie, sal ons nie rus vir ons siele vind nie. Hieroor skryf Polman (1940c:74):

In deze nood leert men verstaan, dat er niets noodzakelijker is te weten dan op welke wijze, naar welke regel, op welke conditie, hoe licht of hoe moeilijk de vergeving der zonden verkregen wordt. Indien deze wetenschap niet klaar en zeker is, kan het geweten volstrekt geen rust, geen vrede met God, geen vertrouwen of gerustheid vinden, maar siddert voortdurend, weifelt, wordt gekweld, heen en weder bewogen, huivert, haat en ontvlucht Gods aangezicht.

Dit is waartoe die boek Romeine ons eerstens lei, sodat ons kan weet:

7.5.4.1 Ons geregtigheid voor God kom deur vergewing van sondes om Jesus Christus ontwil

Beeke en Smalley (2021b:517) skryf: “To understand how God “justifieth the ungodly” (Rom. 4:5), we must examine Paul’s use of these two expressions in this context more carefully”. Daarom is ’n oorsig vanuit Romeine 1-3 dus nodig, wat ons vervolgens na sal kyk (vgl. Beeke & Smalley, 2021b:518-519), want die eerste drie hoofstukke van die Romeine-brief bring ons voor die werklikheid van God se geregtigheid en van sy regverdige oordele oor die sonde, sodat ons later kan verstaan hoe die mens voor God geregverdig kan word.

Ons lees in hoofstuk 1 dat God se toorn geopenbaar word oor die goddeloosheid van die mensdom. Dan lees ons in hoofstuk 2 dat God se oordeel nie net op heidene neerkom nie, maar ook die Jode wat die Wet van God het, sal nie geregverdig word nie. In hoofstuk 3 gaan Paulus verder hierop in deur te wys dat hoewel die Jode die deur die besnydenis die belofte van die verbond met God ontvang het, dat selfs die besnydenis nie die Jode voor God kan regverdig nie, want hulle bly sondaars.

So sê hoofstuk 3:10: “Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie”; en ook: “almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God” (Rom. 3:23). Dit beteken dat ons almal onder God se oordeel staan.

So beskryf hoofstuk 3 die implikasies van God se geregtigheid op die mensdom, wat inhou dat alle mense doemwaardig is (Rom. 3:9), ongeag of jy van Joodse oorsprong

is, en of jy heidense agtergrond het. Omdat geen sonder-mens in God se geregtigheid kan deel nie, staan almal onder sy oordeel.

So bou die eerste drie hoofstukke van die boek Romeine (hoofstukke 1:1-3:20) op die tema van die mens wat nie uit homself voor God geregverdig kan word nie. Maar dan kom die evangelie in die middel van hoofstuk 3 en verduidelik dat daar hoop is. Deur die geloof in Jesus Christus kan die mens weer voor God geregverdig word. Daarom maak dit nie saak wie jy is nie, God se geregtigheid kom alleen deur geloof in Jesus Christus (Rom. 3:22) en nie deur die Wet nie (Rom. 3:21, 28).

Vanaf hoofstuk 3:21 tot aan die einde van hoofstuk 5 maak God aan ons bekend hoe ons voor God geregverdig kan word deur die geloof. Hoofstukke 3-5 vorm 'n eenheid, daarom is dit amper onmoontlik om hierdie hoofstukke apart van mekaar te lees.

In hoofstuk 4 gebruik Paulus vir Abraham as voorbeeld om sy punt te staaf dat geregtigheid alleen deur geloof kom. Abraham is die beste voorbeeld, want hy is juis die vader van die volk Israel en dien as rolmodel vir die Jode oor hoe om die Wet na te kom. Maar so verduidelik Paulus in hoofstuk 4 dat Abraham nie regverdig is asof hy die Wet onderhou het nie, maar dat hy regverdig is deur die geloof (vgl. Beeke & Smalley, 2021b:525-526). Daarom sê die Skrif is Abraham die vader van die geloof (Rom. 4:16; Gal. 3:6-9).

In hoofstuk 5 word vir ons geleer wat die uitvloeisel is wanneer jy deur die geloof aan Jesus Christus vasgryp en deur Hom voor God geregverdig word. As jy deel het aan Christus se geregtigheid, dan het jy vrede by God (Rom. 5:1).

En hoor hoe mooi bely ons hoe hierdie verlossing en geregtigheid en vrede in een sin bely word in die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 23: “Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus Christus ontwil en dat ons geregtigheid voor God daarin bestaan” (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 23).

Dit bring ons by ons tweede punt in ons huisgodsdienst tema:

7.5.4.2 Ons geregtigheid kom uit genade deur geloof buite die wetsonderhouding om

Hoor mooi wat sê ons teksgedeelte: “Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken” (Rom. 4:3). Onthou, hierdie is nie nuwe woorde wat Paulus uitgedink het nie. Hy haal aan uit die Tora, die Wetboek van Moses. Hy haal aan uit Genesis 15:6, juis om te wys dat Abraham God se geregtigheid wetlik aan Abraham toegereken word deur sy geloof in God. Teenoor die res van die mense aan wie God hulle sonde op hulle rekord toereken, word geregtigheid toegereken aan elkeen wat God geregverdig het (vgl. Rom. 8:30). Hierdie geregtigheid beteken dat God jou sien as iemand wat sy Wet onderhou het, nie omdat jy dit onderhou het nie maar omdat Hy Jesus Christus se geregtigheid uit genade aan jou geskenk het. Beeke en Smalley (2021b:516) stel dit soos volg:

In contrast to those against whose record God counts their sins (v. 8; 2 Cor. 5:19), God counts righteousness to those whom he justifies. This righteousness is the status of one who has obeyed God's commandments (Rom. 5:18-19). Therefore, when God the sovereign Judge justifies a person, he graciously declares that person to be reckoned as obedient to God's law.

Daarom sê Paulus verder in Romeine 4 vanaf vers 4:

Maar aan hom wat werk, word die loon nie na guns toegereken nie, maar na verdienste; aan hom egter wat nie werk nie, maar glo in Hom wat die goddelose regverdig, word sy geloof tot geregtigheid gereken. Soos Dawid ook die mens salig spreek aan wie God geregtigheid toereken sonder werke (Rom. 4:4-6).

Daar is dus geen roem van ons kant nie, want ons geregtigheid is 'n geskenk wat Christus verdien het, en wat ons deur die geloof aan deel kry. Daarom bely ons met alle nederigheid: "Ons gee aan God al die eer, verneder ons voor Hom, erken dat ons is wat ons is, en roem glad nie in onself of in ons verdienste nie, maar maak staat en steun op die gehoorsaamheid van die gekruisigde Christus alleen" (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 23).

Hierdie toerekening van geregtigheid oor gelowiges se lewens is dus amper soos 'n ruiltransaksie. So stel Paulus dit in 2 Korintiërs 5:21: "Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom". Dit beteken nie dat Jesus Christus 'n sondaar geword het vir ons nie, maar om Hom as sondaar te ag sodat God se oordeel nie op ons neerkom nie, maar op Hom. Net so het Hy sy geregtigheid op gelowiges laat oorgaan, wat nie beteken

dat gelowiges outomaties sondeeloos en heilig word nie, maar sodat Christus se geregtigheid aan ons toegereken word, asof ons nie meer sondaars is nie — dit is hoe ons geregverdig voor God word (Beeke & Smalley, 2021b:520).

So bely ons dit in die vorige artikel van die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 22: “Die geloof is slegs die middel waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels, maar wel dat Jesus Christus ons Geregtigheid is. Hy reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het”.

Dit bring ons by die laaste deel van ons teksverse, waar Paulus van Abraham en van gelowiges van vandag, sê:

Maar dit is nie alleen om sy ontwil geskrywe dat dit hom toegereken is nie, maar ook om ons ontwil aan wie dit toegereken sal word, ons wat glo in Hom wat Jesus, onse Here, uit die dode opgewek het, wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking (Rom. 4:23-25).

Wat Paulus hier bedoel is dat God die mag gehad het om vir Abraham en Saraï op hulle ouderdom 'n kind te voorsien in die verbond en beloftes wat God gemaak het. Hy het ook die mag gehad om vir Isaak op te wek, sou hy geoffer moes word (vgl. Heb. 11:11, 17). Net so het God die mag gehad om Christus uit die dood te laat opwek en dat elke gelowige ook in Christus nuwe lewe ontvang en sal hulle ook eendag in Christus opgewek word. Dit is vir elkeen wat glo. So bely ons in Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 23: “Hierdie gehoorsaamheid is ons eie as ons in Hom glo;

dit is ook genoegsaam om al ons ongeregthede te bedek en die gewete van vrees, verbystering en skrik te bevry en om ons vrymoedigheid te gee om na God te gaan”.

Ons kry dus alleen deur die geloof deel aan Christus se weldade. Ons is nie outomaties geregverdig omdat ons uitverkies is nie. Beeke en Smalley (2021b:523) waarsku hieroor: “We must reject the false doctrine that all the elect are already justified and that faith is only the realization of what has always been true”. Ons word alleen geregverdig deur geloof. Dit is omdat ons geloof het of op grond van ons geloof wat ons gered word nie, maar deur die geloof as genademiddel kry ons deel aan Christus se geregtigheid (Beeke & Smalley, 2021b:527).

Dat die Heilige Gees ons deur geloof laat deel aan Christus se geregtigheid en ons voor God geregverdig word, bring vir ons groot troos en hou vir ons groot voordeel in.

Soos ons die vorige keer vanuit die Heidelbergse Kategismus Sondag 23 gehoor het, bring dit vir ons vrede by God. Verder gee dit ons blydschap dat ons in gemeenskap met God mag leef. Ook word ons hierdeur geseën met die ewige lewe, ’n hoop vir die toekoms, en ontvang ons sekerheid van saligheid, sodat ons nie meer hoef te vrees vir die oordeel van ons aardse vyande nie (vgl. Beeke & Smalley, 2021b:532-534).

Deur hierdie huisgodsdienstema leer ouers en kinders saam dat regverdigmaking nie uit menslike verdienste of vermoë kom nie, maar ’n gawe van God is wat deur die Heilige Gees in gelowiges bewerk word en hulle in heiligmaking tot verheerliking lei.

Só leer kinders om met vaste sekerheid te leef uit die genade van Christus, wat hulle volkome verlos en bewaar.

7.5.5 Huisgodsdienst tema: Heiligmaking in die weg waarlangs die Heilige Gees 'n mens deel maak aan Christus.

In hierdie huisgodsdienst tema leer ouers en kinders oorsigtelik oor heiligmaking, as deel van die weg waarlangs die Heilige Gees gelowiges aan Christus se verlossingswerk deel maak. Hierdie aspek wys hoe God Drie-enig die genade van Christus persoonlik toepas, sodat gelowiges met dankbaarheid en geloofsvertroue kan leef vanuit sy volmaakte verlossing wat hulle tot heerlikheid sal lei.

Lees: 2 Petrus 1:1-11

Fokus: 2 Petrus 1:1-11; Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 24 (vgl. Heidelbergse Kategismus Sondag 32 vraag en antwoord 86)

Besef ons nog die wonder van die Heilige Gees wat elke dag die heiligmaking in ons werk, dat die Heilige Gees Christus se dood en opstanding op ons toepas? Beeke en Smalley (2021b:637) sê:

God applies the accomplishment of Christ's death and resurrection to the sanctification of his elect people by the Holy Spirit ... Just as Paul highlights the death and resurrection of Jesus Christ in Romans 6 as the great divine work of sanctification for us, so he highlights the indwelling of the Holy Spirit in Romans 8 as the great divine work of sanctification within us.

Toe ons begin het met die leer oor die weg van saligheid, het ons gehoor dat die weg van saligheid is 'n bonatuurlike genade-werk van God Drie-enig waar Hy die mens deur sy Heilige Gees deel maak van die saligheid in Christus. Dit beteken dat al daardie nege aspekte wat ons genoem het, is God se werk in die mens.

Ons het eers gehoor dat hierdie weg van saligheid vir 'n mens begin by die uitverkiesing in God se raadsplan. Toe het ons gehoor dat God elkeen wat uitverkies is om tot saligheid te kom, roep Hy uitwendig en inwendig. Dan werk God deur sy Heilige Gees die wedergeboorte sodat die mens tot geloof kan kom en homself kan bekeer, weg van sy vorige sondige lewenswandel, na Christus toe. Toe het ons gehoor dat God elkeen wat deur die geloof die Verlosser en Saligmaker, Jesus Christus omhels, regverdig verklaar sodat die mens weer vrede by God kan hê.

Dit was wat ons in die vorige huisgodsdienstema gehoor het. Ons leer verder van die volgende aspek in die heilsorde, genaamd heiligmaking. Die eerste punt in die huisgodsdienstema oor heiligmaking, is:

7.5.5.1 Wat is heiligmaking?

Voordat ons hierdie vraag antwoord, moet ons eers weet dat die Skrif ons leer dat God se doel met sy uitverkorenes is hulle heiligmaking: "The deepest root of sanctification reaches back to before time began ... God did not choose us because of any holiness in us, but in order that we would become holy" (Beeke & Smalley, 2021b:633). Reeds by die uitverkiesing het God gesê dat Hy gelowiges in Christus "uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees"

(Ef. 1:4). Maar wat die toepassing van heiligmaking betref, begin dit by die wedergeboorte. Die oomblik toe die Heilige Gees jou weergebore laat word het, het Hy heiligmaking by jou ingeplant, sodat dit jou doel kan wees om jou voortdurend te beywer om in hierdie heiligmaking te groei (Beeke & Smalley, 2021b:632).

7.5.5.1.1 *Heiligmaking is 'n werk van God*

Baie mense dink dat regverdigmaking God se werk is, terwyl heiligmaking die mens se werk is, omdat dit 'n gehoorsame dankbaarheidslewe vra. Dit is egter nie die waarheid nie. Hoor wat sê Beeke en Smalley (2021b:675) hieroor: “It would be a huge mistake to look to Christ for justification but then move on to pursue holiness by human willpower and wisdom”. Heiligmaking is die reinigingswerk van God waardeur Hy die mens heilig maak (Beeke & Smalley, 2021b:625)¹⁵⁷. Beide regverdigmaking en heiligmaking is steeds God Drie-enig se bonatuurlike werk in die mens. Trouens, ons hele verlossing van begin tot einde, ressorteer onder die verlossingsleer, want dit is God wat ons redding begin het, wat dit ook sal voleindig. Hy wat ons herskepping by die wedergeboorte begin het, sal ons herskepping voltooi tot by die voleinding. So is heiligmaking 'n lewenslange bekeringsproses wat die Heilige Gees in God se kinders bewerk, waar Hy 'n mens al meer gelykvormig maak na die beeld van ons Skepper. Beeke en Smalley (2021b:675) voeg hierby: “Just as Christ’s obedience and death

¹⁵⁷ Let op hoe die Engels onderskeid tref tussen *sanctification* en *holy* wanneer hierdie stelling gemaak word: “Sanctification is the work of God by which he makes people holy” (Beeke & Smalley, 2021b:625). Die Engels wys dus mooi uit hoe God se reinigingswerk (van sonde) mens heilig maak.

grant believers the legal status of righteousness before God, so Christ's holiness in the Spirit grants believers new life and spiritual productivity".

Dit is belangrik om te weet, want as ons verkeerdelik dink dat heiligmaking te doen het met ons insette, dan eindig ons weer by die ontkenning van erfsonde, wat Pelagius in die vroeë 5de eeu geleer het (Beeke & Smalley, 2021b:638). Dan is ons weer by werke-godsdiens. En ons belydenis leer ons tog baie duidelik: "dat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolmaak en met sondes besmet is" (Heidelbergse Kategismus Sondag 24 vraag en antwoord 62). Dit is wanneer mense glo dat heiligmaking van ons afhang dat hulle dink dat hulle net goeie mense moet wees, dan sal die Here dit raaksien, of dat hulle net betrokke moet wees in die kerk, dan verdien dit vir hulle goeie punte, of selfs erger, dat mense deurmekaar raak met dinge soos wederdoop, dat hulle dink hulle moet net hulle sondes weer en weer afwas, dan is hulle weer gereinig en heilig. Maar die Bybel leer ons dat heiligmaking nie die werk van die mens is nie.

7.5.5.1.2 Heiligmaking sluit die totale mens in

Tog moet ons aan die anderkant nie dink dat heiligmaking iets is waarvan die Heilige Gees die mens uitsluit nie. Die heiligmaking wat die Heilige Gees in gelowiges werk, sluit jou totale mens in. Dit sluit jou liggaam en jou siel en jou gedagtes en jou wil, in (Beeke & Smalley, 2021b:672). Beeke en Smalley (2021b:673) voeg verder by: "Personal holiness demands the engagement of the whole heart (Ps. 86:11; Jer. 32:39). Holiness of heart must be cultivated in every sphere of life ... Thus, holiness must fill our entire heart and cover all of life".

Wat is heiligmaking dan? Die Westminster Shorter Catechism, 'n gereformeerde belydenisskrif wat veral bekend is in Presbiteriaanse kringe, definieer heiligmaking as “die werk van God se vrye genade waarby ons hele mens na die beeld van God vernuwe word en ons al meer toegerus word om die sonde dood te maak en tot geregtigheid te leef” (Beeke & Smalley, 2021b:628 — eie vertaling). So is heiligmaking die verlengstuk van bekering wat daaglikse voortgesette vernuwing inhou, wat regdeur die mens se lewenspan uitgesprei is (Beeke & Smalley, 2021b:626). Dit is dus niks anders as wat ons bely oor die daaglikse bekering in die Heidelbergse Kategismus Sondag 32, vraag en antwoord 86, wanneer ons vra: “Waarom moet ons nog goeie werk doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?” Dan antwoord ons: “Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys word” (Heidelbergse Kategismus Sondag 32 vraag en antwoord 86).

Heiligmaking is dus daardie proses waarby die Heilige Gees ons verander en elke dag só lei dat ons al meer word soos die beeld waarmee God ons geskape het. Dis 'n lewenslange proses waarby die effek van die sondeval in die mens se beeld teruggedraai word, sodat ons eindelijk volmaak voor ons hemelse Vader verskyn. Heiligmaking is wanneer die Heilige Gees ons deel maak van Christus se dood en opstanding, sodat ons voortdurend al meer gereinig word in 'n proses van geleidelike afsterwe van sonde en groei tot 'n lewe van geregtigheid (Beeke & Smalley,

2021b:637). Dit is die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens, soos wat ons bely (Heidelbergse Kategismus Sondag 33).

So bely ons in die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 24 dat heiligmaking die proses is waarby die Heilige Gees die weergeborene “tot ’n nuwe mens maak, hom ’n nuwe lewe laat lei en hom van die verslawing aan die sonde bevry” (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 24). Dit is die proses waarby die Heilige Gees “die mens beweeg om hom voortdurend te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel het” (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 24). Maar dan moet ons nie dink dat hierdie goeie werke uit onself kom nie, want soos ons bely: “Veeleer is ons die goeie werke wat ons doen, aan God verskuldig, terwyl Hy aan ons niks verskuldig is nie, aangesien dit Hy is wat in ons werk. Hy maak ons gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer” (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 24).

So bring dit ons tot die volgende punt in die huisgodsdiens tema:

7.5.5.2 Die oproep tot daaglikse bekering in heiligmaking

Net soos by die oproep tot (wortel) bekering en geloof, is dit by heiligmaking interessant dat die Heilige Gees nie die mens se betrokkenheid uitsluit nie. Intendeel, heiligmaking is ’n werk van die Heilige Gees waarby Hy die mens met Christus verenig sodat die mens ’n veranderde hart en lewe ontvang, ’n begeerte om volgens God se wil te lewe (Beeke & Smalley, 2021b:626). Daarom is daar in die proses van heiligmaking ook ’n oproep — die oproep om daagliks te bekeer van die sonde, en om daagliks vernuwe te word met die nuwe mens.

Heiligmaking roep die gelowige op tot gehoorsaamheid om in hierdie heiligmaking te groei. Trouens, dit roep ons nie net op nie, maar dit is die gelowige se Goddelike lewensroeping en verpligting om te strewen na 'n heilige lewe (Beeke & Smalley, 2021b:672). Dit is wat ons ken as die dankbaarheidslewe. Die heiligmaking is dus waar die Heilige Gees die gelowige langsaamhand reinig van die sondesmet deur daaglikse bekering. Dit is waartoe ons teksgedeelte ons oproep. Hy sê omdat God aan ons alles geskenk het wat nodig is vir godsvrug (2 Pet. 1:3), moet ons met alle ywer by die geloof voeg: “die deug, en by die deug die kennis, en by die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid, en by die lydsaamheid die godsvrug, en by die godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde” (2 Pet. 1:5-7).

7.5.5.2.1 Implikasies vir ongehoorsaamheid aan oproep tot daaglikse bekering

Maar omdat heiligmaking die hele mens betrek, en dat heiligmaking ook 'n oproep tot daaglikse bekering inhou, is daar ook implikasies vir gelowiges wat ongehoorsaam of traag is in hulle groei in heiligmaking. Hoor hoe ons teksgedeelte beide die gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid in daaglikse bekering teenoor mekaar stel.

Hy sê:

want as hierdie dinge [met ander woorde die deugde van 'n godvrugtige lewe] by julle aanwesig is en toeneem, dan laat dit julle nie ledig of onvrugbaar tot die kennis van onse Here Jesus Christus nie; want hy by wie hierdie dinge nie aanwesig is nie, is blind en kortsigtig, en het die reiniging van sy vorige sondes vergeet (2 Pet. 1:8-9).

Wanneer heiligmaking in jou lewe afneem en jy dit nie beoefen nie, dan word jy swak en weerloos (Beeke & Smalley, 2021b:625). So werk dit ook in die alledaagse lewe. Dink maar net, as jy gewoon was om 'n maraton te hardloop, en jy hou op oefen, dan sal jy kort voor lank nie meer so ver kan hardloop nie. En as jy steeds ingeskryf is vir daardie maraton, dan sal jy uiters moeg word en dalk nie die einddoel behaal nie, omdat jy opgehou oefen het.

So werk dit met die beoefening van die geloof. Jy groei in heiligmaking en jou verantwoordelikhede word al meer, maar as jy dan ophou om die heiligmaking te beoefen, dan sal jy probeer om uit eie krag vol te hou, maar jy sal nie kan nie. Dan val jy moontlik in die strik van werke-godsdiens, of jy word 'n skynheilige Christen wat 'n dubbele lewe begin lei, waarin jy die gevaar staan om moontlik in depressie of uitbranding te verval, nie dat dit die enigste redes vir depressie of uitbranding is nie, maar definitief een daarvan.

7.5.5.2.2 *Heiligmaking alleen in Christus*

Dit is duidelik dat 'n mens geen vordering in heiligmaking kan maak as 'n mens nie deur die geloof in Christus bly nie, as 'n mens nie in daaglikse gemeenskap met Hom is nie (Beeke & Smalley, 2021b:675)¹⁵⁸.

¹⁵⁸ Die Engels stel die verhouding van *union* en *communion* in 'n goeie verband: "Only by union with him and continual communion with him can we produce fruit pleasing to God ... Therefore, we can make no progress in holiness until we are joined to the holy Lord Jesus by faith" (Beeke & Smalley, 2021b:675).

Ons word opgeroep om elke dag vanuit die geloof in Christus te leef. Ons word opgeroep om ons daaglik te bekeer en om te volhard in die geloof. Ons word opgeroep om daaglik gereinig te word in heiligmaking, omdat God heilig is (vgl. 1 Pet. 1:14-16). Ons word geroep om gereinig te word in heiligmaking want ons is geskape en word vernuwe na die beeld van God. Ons word geroep tot ware heiligmaking omdat ons die sonde moet afsterf en omdat morele goeie dae nie heiligheid is nie. Ons word opgeroep tot heiligmaking omdat die Heilige Gees die heiligheid in ons begin het reeds by die regverdigmaking. Ons word geroep tot heiligmaking want dit is die dankbare reaksie van die heilige liefde waarmee God ons in Christus liefhet; en ons word opgeroep tot heiligmaking deur daaglikse bekering want dit demonstreer die goeie werke van verlossing en geloof waarvan God ons deel gemaak het (vgl. Beeke & Smalley, 2021b:630-633).

Dit is waartoe ons teksgedeelte ons aanspoor en vermaan: “Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie” (2 Pet. 1:10).

Mag ons saam met Paulus in 1 Thessalonisense 5:23 bid: “En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!”

Mag ons elkeen só vanuit hierdie heiligmaking leef dat ons in Christus sal wandel, gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof (vgl. Kol. 2:6-7).

Deur hierdie huisgodsdienst tema leer ouers en kinders saam dat heiligmaking nie uit menslike verdienste of vermoë kom nie, maar 'n gawe van God is wat deur die Heilige Gees in gelowiges bewerk word en hulle in heiligmaking tot verheerliking lei. Só leer kinders om met vaste sekerheid te leef uit die genade van Christus, wat hulle volkome verlos en bewaar.

7.5.6 Huisgodsdienst tema: Volharding in die weg waarlangs die Heilige Gees 'n mens deel maak aan Christus.

In hierdie huisgodsdienst tema leer ouers en kinders saam oor volharding, as deel van die weg waarlangs die Heilige Gees gelowiges aan Christus se verlossingswerk deel maak. Hierdie aspek wys hoe God Drie-enig die genade van Christus persoonlik toepas, sodat gelowiges met dankbaarheid en geloofsvertroue kan leef vanuit sy volmaakte verlossing wat hulle tot heerlikheid sal lei.

Lees: 1 Johannes 1:7–2:2; Filippense 2:12-13; Dordtse Leerreëls hoofstuk 5 paragraaf 6-7

Fokus: 1 Johannes 1:7–2:2; Filippense 2:12-13; Dordtse Leerreëls hoofstuk 5 paragraaf 6-7

Die ware gelowige volhard tot die einde toe in die geloof. Wat beteken dit? Dit is wat ons in hoofstuk 5 van die Dordtse Leerreëls bely, soos die opskrif sê: Die volharding

van die heiliges. Maar hierdie opskrif kan misleidend wees, want dit kan by 'n mens die idee skep dat volharding in die geloof 'n werk van die mens is, asof dit net sê: Hou net aan en druk net deur, en dan sal jy gered word.

Óók is daar Bybelverse wat dit so laat klink. Ons Here Jesus het geleer: “Wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word” (Mat. 24:13). Ook in ons teksgedeelte leer Paulus: “werk julle eie heil uit met vrees en bewing” (Fil. 2:12b). Die Hebreërs skrywer beveel byna dieselfde. Hy sê: “laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê” (Heb. 12:1). Paulus skryf van homself: “Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou” (2 Tim. 4:7), en dan sê hy dat hy die kroon van geregtigheid sal kry.

So klink dit waarlik asof die volharding van die gelowiges beteken dat ons net hard moet stry, dan sal ons gered word en die ewige lewe beërwe. Maar dit is nie wat die Skrif ons leer nie, en ook nie wat die gereformeerde belydenis oor die volharding van die heiliges leer nie, veral nie as ons hierdie leer in die konteks van die res van die heilsorde stel nie. Trouens, omdat die naam so dubbelsinnig opgeneem kan word, is daar sommige wat heel tereg meen dat hierdie leer nie genoem moet word *die volharding van die heiliges* nie, maar eerder *die bewaring van die heiliges*¹⁵⁹. 'n Mens sou self kon sê: *Die bewaring van die heiliges in die volharding*.

¹⁵⁹ Hierdie voorstel kom onder andere van R.C. Sproul (2017) af. Die voorstel klink beter in Engels, omdat die twee woorde in Engels baie naby aan mekaar klink. Teenoor *perseverance of the saints* stel hy voor *preservation of the saints*.

Die leer oor die volharding of bewaring van die heiliges hou vir elkeen geweldige troos in. As jy voel dat sonde jou onderkry, of jy voel jy is nie waardig om 'n kind van God te wees nie, kom luister dan wat leer die Skrif ons van die volharding of bewaring van die heiliges?

Die eerste punt wat ons teksgedeelte in dié verband belig, is:

7.5.6.1 God bewaar ons in die volharding, selfs al het ons gesondig

Johannes begin sy brief met die woorde:

Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe [dit is natuurlik Jesus Christus van wie hy praat] – en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is (1 Joh. 1:1-2).

Johannes wys ons terug op die verlossing en versoening van Jesus. Hy doen dit juis omdat dwaalleraars verkondig het dat Jesus nie verlossing kan bring nie omdat Hy nie waarlik God en mens is nie, en dat mense 'n geheime tipe van kennis nodig het om verlos te word. Gevolglik het hierdie gelowiges in sonde geval en roekeloos begin lewe.

Daarom leer Johannes hulle dat ware kennis van God jou nie al meer laat sondig nie, maar jou juis laat groei in heiligmaking sodat jy die sonde al meer sal afsterf. Daarom skryf Johannes in hoofstuk 2: “My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie” (1 Joh. 2:1a). Maar hoor dan hoe pragtig bring hy die evangelie.

Direk nadat hy hulle vermaan om nie te sondig nie, sê hy: “en as iemand gesondig het, ons het ’n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is ’n versoening vir ons sondes” (1 Joh. 2:1b-2a).

Hoe pragtig en troosvol is dit nie! Ons weet dat ons opgeroep word om te sondig nie. Maar ons weet ook dat ons sondaars is. Ons weet dat ons dikwels ongehoorsaam is aan God. En ons weet dat sonde skeiding bring tussen my en God, maar hier belowe die Skrif vir gelowiges dat hulle nooit uit die verlossing kan uitval nie, want hulle hele verlossing hang nie van hulleself af nie — ons verlossing word deur Christus bewerk en voltooi. Gelowiges het ’n voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. Hy het die versoening vir al ons sondes bewerk en Hy tree vir ons in by die Vader.

Die volharding van die heiliges het dus nie te doen met hoe goed ons is nie, maar dat ons in Christus bewaar word. Ja Johannes stel beide kante van die werklikheid, dat ons nie moet sondig nie, maar as ons gesondig het is daar vir ons vergifnis, en as ons sê dat ons geen sonde het nie, lieg ons vir onself. Hoor hoe sê hy dit:

As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie.

As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot ’n leuenaar en is sy woord nie in ons nie (1 Joh. 1:8-10).

Gelowiges het dus sonde, maar die sonde maak nie dat jy uit die geloof uitval nie. Gelowiges wil nie sondig nie, maar wanneer ons sondig dan val ons nie uit die staat

van regverdigmaking nie, want ons geregtigheid berus op die geregtigheid en verlossing wat Christus verkry het, en die verlossing wat Hy bewerk het, is volkome.

Wanneer ons sondig dan bedroef ons die Heilige Gees, maar ware gelowiges val nie uit die geloof nie. Wanneer jy diep in die sonde vassit en jy voel die bouse het 'n houvas op jou, dan moet vashou aan die waarheid van die Woord. God sal nie toelaat dat enige van sy uitverkorenes uit sy hand val nie. Hy sal dit nooit toelaat nie.

Gelowiges het die waarheid in hulle en hulle wandel in die lig, maar wanneer hulle val, dan oortuig die Heilige Gees hulle van hulle sonde bring hulle terug op die regte pad. Vir hierdie rede sê Johannes later in die brief dat gelowiges wat uit God gebore is, sondig nie (1 Joh. 5:18), met ander woorde hulle sal nooit 'n sonde tot die ewige dood begaan nie — daarvan sal God hulle bewaar. Hy wat sy kinders uitverkies het, wat hulle geroep het, wat hulle lewend gemaak het, wat aan hulle die geloof geskenk het, wat hulle geregverdig het, Hy sal hulle bewaar. Dis wat ons bely in paragraaf 6 van Dordtse Leerreëls hoofstuk 5:

God, wat oneindig barmhartig is, neem, ween die onveranderlike besluit van die uitverkiesing, sy Heilige Gees nie heeltemal van sy eiendom af weg nie, selfs nie in hulle jammerlike sondeval nie. Hy laat hulle ook nie só diep val dat hulle uit die genade van die aanneming en uit die staat van die regverdiging val nie. Ook laat Hy nie toe dat hulle die sonde tot die dood of teen die Heilige Gees begaan en, heeltemal deur Hom verlaat, hulleself in ewige verderf stort nie (Dordtse Leerreëls hoofstuk 5 paragraaf 6).

Wat 'n groot troos is dit om te bely! Geliefde kind van God, hou in jou diepste val vas aan hierdie troosvolle belofte van God! Hy sal jou vashou as jy geval het, en Hy sal jou weer laat volhard.

Dit bring ons by die tweede punt in die huisgodsdiens tema oor die volharding van die heiliges:

7.5.6.2 As ons gesondig het, werk God ware bekering in sy kinders wat tot verdere volharding in geloof lei

Ons bely in paragraaf 7 van die Dordtse Leerreëls hoofstuk 5 dat wanneer gelowiges in die sonde val:

vernuwe [God] hulle deur sy Woord en Gees seker en kragtig tot berou. Die gevolg is dat hulle oor die sondes wat hulle gedoen het, van harte en volgens die wil van God berou het en deur die geloof, met 'n gebroke hart, vergifnis in die bloed van die Middelaar begeer en verkry (Dordtse Leerreëls hoofstuk 5 paragraaf 7).

Dit is waartoe Johannes gelowiges wat in sonde geval het, roep. Hy verkondig aan hulle die Woord van die lewe (1 Joh. 1:1), van Jesus Christus deur Wie ons gemeenskap met die Vader mag hê (1 Joh. 1:3) deurdadig dat ons in die lig wandel en dat wanneer ons gesondig het, dat ons ons sondes voor God kan bely en vergifnis kan ontvang (1 Joh. 1:7-9, 2:1-2). Hy roep met ander woorde gelowiges wat reeds lewend gemaak is, op om te bekeer en in volharding voort te gaan om in die lig te wandel.

Vanuit die groter geheel van ons verlossing in die weg van saligheid is dit tog duidelik dat hierdie oproep tot bekering en heiligmaking en volharding hierin nie van die mens

afhang nie, maar van God. Soos ons in die vorige huisgodsdienstema afgesluit het met die woorde van 1 Thessalonisense 5:23 “Mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus! Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen” (1 Thess. 5:23-24).

En so is die Bybel vol van voorbeelde oor God wat die werk van volharding in gelowiges sal bevestig en volbring, soos in 1 Kor. 1 waar Paulus sê:

Ek dank my God altyd oor julle vir die genade van God wat aan julle in Christus Jesus gegee is ... wat julle ook sal bevestig tot die einde toe, om in die dag van onse Here Jesus Christus onberispelik te wees. God is getrou, deur wie julle geroep is tot die gemeenskap met sy Seun Jesus Christus, onse Here (1 Kor. 1:4, 8-9).

As ons dus in die sonde vassit, en ons weet nie hoe om daar uit te kom nie, of ons voel ons val heeltyd terug, maak nie saak hoe hard ons probeer nie, en dit word donker om jou; dan is hierdie die antwoord: Gryp vas aan die Woord van God. Lees die Bybel en soek die Here daarin — Bid, en sy Gees sal kragtig in jou werk en jou kragtig tot bekering bring.

Dan sal daar ’n hartlike berou in jou hart kom oor ons sondes, ’n innige berou teenoor God. Dan sal ons sterk verlang en ’n ernstige begerigheid hê om vergifnis en sal ons dit ook verkry. Ons sal begeer na dit waarvan God ons reeds deel gemaak het, na die verlossing en oorwinning oor die sonde. So werk God deur sy Woord en Gees die ernstige verlange tot die volharding van ’n heilige lewe voor Hom.

As dit gebeur, bely ons dat gelowiges “weer die genade van God, wat nou met hulle versoen is; deur die geloof in Hom eerbiedig hulle sy ontferming om daarna met groter ywer hulle eie heil met vrees en bewing uit te werk” (Dordtse Leerreëls hoofstuk 5 paragraaf 7). Met ander woorde, as die Heilige Gees jou tot ware inkeer roep sal jy weer verwonderd staan oor die groot genade van verlossing, soveel so dat dit jou sal aanspoor om volhard in die geloof.

Dit is wat Paulus in Filippense 2 vir gelowiges leer, wanneer hy sê: “werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae” (Fil. 2:12b-13). Hiermee bedoel hy nie dat ons ons eie verlossing bewerk nie, maar dat gelowiges wat reeds verlos is, sal aanhou met geloofswerke tot by die einddoel van hulle verlossing wat hulle reeds deelagtig geword het in Christus (vgl. Rogers *et al.*, 1998:452).

Dit is die troos van die volharding of bewaring van die heiliges: Terwyl feilbare sondaars werklik opgeroep word tot daadwerklike bekering van die sondes, kan gelowiges getroos wees dat hulle sondes hulle nie uit die geloof sal laat val nie, want hulle totale verlossing is in Christus. God is getrou, wat hulle nie in hulle sondes sal los nie, maar deur sy Gees en sy Woord sal Hy sal hulle tot Hom bekeer en sal Hy by hulle volharding in geloof wek.

Soos ons in Dordtse Leerreëls hoofstuk 5 paragraaf 3 bely: “Uit barmhartigheid bekragtig Hy hulle in die genade wat een maal aan hulle gegee is, terwyl Hy hulle ook tot die einde tot kragtig daarin bewaar”. Hou gelowig hieraan vas.

Deur hierdie huisgodsdienst tema leer ouers en kinders saam dat volharding nie uit menslike verdienste of vermoë kom nie, maar 'n gawe van God is wat deur die Heilige Gees in gelowiges bewerk word en hulle in heiligmaking tot verheerliking lei. Só leer kinders om met vaste sekerheid te leef uit die genade van Christus, wat hulle volkome verlos en bewaar.

7.5.7 Huisgodsdienst tema: Verheerliking in die weg waarlangs die Heilige Gees 'n mens deel maak aan Christus.

In hierdie huisgodsdienst tema leer ouers en kinders saam oor verheerliking, as deel van die weg waarlangs die Heilige Gees gelowiges aan Christus se verlossingswerk deel maak. Hierdie aspek wys hoe God Drie-enig die genade van Christus persoonlik toepas, sodat gelowiges met dankbaarheid en geloofsvertroue kan leef vanuit sy volmaakte verlossing wat hulle tot heerlijkheid sal lei.

Lees: 2 Thessalonisense 1:1-12

Fokus: 2 Thessalonisense 1:10-12; Romeine 5:1-2; Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 37

Wat is die gelowige se einddoel? Of anders gestel, wat is God se einddoel met ons verlossing? Die kort antwoord hiervoor is dat al God se uitverkorenes in God se volle heerlijkheid kan ingaan. As dit die einddoel van ons geloof is, moet ons sommer reeds

aan die begin van hierdie huisgodsdienstema vra: Sien jy nog uit na hierdie einddoel? Sien jy uit om in die heerlijkheid van die Here te wees?

Nadat ons die vorige keer gehoor het hoe die Heilige Gees die uitverkorene in die geloof bewaar en laat volhard, sodat die gelowige enduit al meer kan groei in heiligmaking, kom ons vandag by die laaste element in die weg waarlangs die Heilige Gees 'n mens deel maak aan die verlossing in Christus. Hierdie laaste aspek word genoem verheerliking.

Vooraf moet ons sê dat hierdie leer oor verheerliking nie in een huisgodsdienstema ten volle uiteengesit kan word nie, want die leer oor die verheerliking dui nie net op verlossing nie, maar ook op die voleinding en die wederkoms en die nuwe hemel en nuwe aarde. Vandag fokus ons maar slegs op een aspek van die verheerliking, en dit is die dat verheerliking 'n leer van hoop is.

7.5.7.1 Leer van verheerliking is 'n leer van ewige hoop

Die Bybelse leer oor die verheerliking dui op die voleinding van die verlossing waar die gelowige by sy dood in 'n perfekte vervulling van heiligheid sal ingaan in die volle gemeenskap met God in Christus se teenwoordigheid deur die opstanding van die dode, waar die heiliges die ewige rus van die nuwe hemel en aarde sal ontvang (Beeke & Smalley, 2021b:1014). Dit is die vaste hoop wat gelowiges in die evangelie het, dat Christus die verlossing wat Hy in ons begin het, sal voleindig. Die nuwe lewe in Christus wat ons hier op aarde het, is nie die einddoel van ons verlossing nie. Dit is

maar die begin van 'n ewige en volkome en heerlike gemeenskap in God se heerlikheid.

Dit is die leer van verheerliking, dat God aan ons beloof dat die verlossing wat Hy in ons begin het en wat Hy deur ons hele lewe bewerk, só sal wees dat ons liggaamlik en geestelik volkome heilig sal wees wanneer ons Hom eendag van aangesig tot aangesig sal sien, dat Hy ons só sal verheerlik dat ons werklik in sy heerlikheid kan staan.

Hierdie leer van verheerliking is 'n leer van ware hoop vir die toekoms, van verlossing wat reeds begin het en wat in die toekoms voltooi sal word by die wederkoms van Jesus Christus. Trouens, dit is die hoop wat die evangelie bied — 'n vaste en ewige hoop op 'n volkome verlossing van die sonde en ellende deur die wedergeboorte deur die krag van Christus se opstanding (Beeke & Smalley, 2021b:1015). Maar hierdie hoop gaan verder as net die hoop om weergebore te kan wees. Dit is 'n hoop wat vooruitsien, wat in afwagting is op die beloftes van die ewige lewe in gemeenskap met God (Beeke & Smalley, 2021b:1015).

Vir hierdie rede gaan die leer oor verheerliking nie net oor die nuwe lewe in Christus hier op aarde nie, maar ook oor die nuwe lewe in die ewigheid. Beeke en Smalley (2021b:1014) skryf: "The doctrine of glorification is as point at which soteriology overlaps with eschatology". Ons geloof van verlossing in Jesus Christus is dus onlosmaaklik verbind aan hoop (Beeke & Smalley, 2021b:1016). Dink maar aan die

definisie van geloof wat ons in Hebreërs 11:1 “Geloof dan is ’n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, ’n bewys van die dinge wat ons nie sien nie” (Heb. 11:1).

7.5.7.1.1 Verheerliking en die herstel van ons beeldskap in Christus

Dit is die hoop wat ’n gelowige het wat reeds deel gemaak is aan Christus, soos wat ons in die weg van saligheid gehoor het. Aan die begin van ons reeks oor die weg van saligheid, het ons vanuit Romeine 8 baie van hierdie elemente gehoor, waarvan verheerliking die laaste element daarvan is. Kom ons luister net weet wat staan daar in Romeine 8:28-30:

En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is. Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders; en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik (Rom. 8:28-30).

Hieruit sien ons duidelik dat ons verlossing ten doel het om ons gelykvormig te maak aan die beeld van Christus en dat ons uiteindelik verheerlik sal word in die heerlikheid van God. Hierby kan gevoeg word dat Christus verheerlik word in sy staat van verhoging, naamlik opstanding tot en met hemelvaart waar Hy as verheerlikte Here regeer en dat gelowiges in sy heerlikheid mag deel by hulle verheerliking. Maar hierdie heerlikheid waarop ons hoop, ’n heerlikheid wat reeds ’n werklik is maar wat eers eendag ten volle sal realiseer, is nietemin iets waarop gelowiges nou al hoop. Dit is nie ’n hoop wat ons laat sit en wag nie, maar juis ’n hoop wat ons laat volhard. Romeine

5 openbaar dit vir ons. Vers 2 sê: “ons roem in die hoop op die heerlijkheid van God” (Rom. 5:2b). Dit is wat hierdie teksgedeelte verder vir ons leer, dat hierdie hoop ons laat roem in verdrukkinge. Trouens, dat verdrukkinge die hoop in God op die ewige heerlijkheid in gelowiges versterk (Beeke & Smalley, 2021b:1016).

7.5.7.1.2 Die hoop van verheerliking en verdrukking

Hierdie ewige toekomstige hoop wat gelowiges het, kom dus nie sonder verdrukking nie, maar in die verdrukking leef gelowiges met 'n hoop wat uitsien en gereedmaak vir die wederkoms. Oor hierdie hoop skryf Beeke en Smalley (2021b:1020): “Together with faith and love, hope is an indispensable part of the spiritual armor that believers must wear to overcome this world and live as those prepared for the day of the Lord (1 Thess. 5:8)”. As ons verder in Romeine lees, dan lees ons in hoofstuk 8 dat hierdie hoop juis te midde van lyding is. Paulus sê in vers 18: “Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlijkheid wat aan ons geopenbaar sal word nie”, en dat selfs die skepping wag dat die kinders van God verheerlik kan word. Dan sê Paulus dat geloof en hoop onlosmaaklik deel van mekaar uitsien na die toekoms. Hy sê: “want ons is gered in hoop; maar die hoop wat gesien word, is geen hoop nie; want wat iemand sien, waarop hoop hy dit nog? Maar as ons hoop wat ons nie sien nie, dan wag ons daarop met volharding” (Rom. 8:24-25). So is die Christelike hoop op die verheerliking 'n hoop waarin ons deur die Heilige Gees saam met Christus ly, “sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word” (Rom. 8:17). Maar hierdie hoop is nie nutteloos vir ons huidige lewe van lyding en verdrukking nie. Inteendeel, te midde

van ons lyding in hierdie wêreld, werk die Heilige Gees reeds nou al hierdie hoop van blydschap en vrede in gelowiges se harte (vgl. Rom. 14:17).

7.5.7.1.3 Die hoop van verheerliking en God se regverdige oordeel

Die leer oor die verheerliking bring ook vir ons 'n ander aspek van hoop na vore, en dit is dié van God se regverdige oordeel. Hiervan lees ons veral in ons teksgedeelte, 2 Thessalonisense 1. Hierdie gedeelte verkondig aan ons dat Christus se wederkoms 'n ware hoop vir gelowiges inhou, omdat Hy by sy wederkoms die ongelowiges en onregverdiges regverdig sal straf vir die vervolginge en verdrukkinge wat gelowiges hiervoor moes verduur, en dat gelowiges dan verheerlik sal word (vgl. Van Genderen & Velema, 2008:873).

Hoor wat 'n mooi vooruitsig het gelowiges by die wederkoms van Christus. Hier lees ons die ongelowiges: “sal as straf ondergaan 'n ewige verderf, weg van die aangesig van die Here en van die heerlijkheid van sy sterkte, wanneer Hy kom om verheerlik te word in sy heiliges en bewonder te word in almal wat glo, in daardie dag” (2 Thess. 1:9-10). Hy sal in sy heerlijkheid kom en Hy sal verheerlik word in sy heiliges wat Hy verheerlik het deur die volkome verlossing wat Hy in hulle bewerk het. Maar hulle wat Hom nie geken het en Hom gehoorsaam het nie (vgl. vers 8), sal regverdig gestraf word en nie in sy heerlijkheid ingaan nie.

So bely ons in die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 37 oor hierdie leer van verheerliking as die afwagting op die wederkoms van ons Here Jesus Christus. Polman (1940d:317) skryf oor hierdie artikel: “Op allerlei vragen gaat dit artikel niet

nader in. Er wordt niet over de tussentoestand, de Antichris, het duizendjarig rijk gehandeld. Het gaat hier eigenlijk alleen om de houding van de Christen, die de wederkomst van Christus verwacht”. Kom ons luister net na enkele frases van hierdie belydenis wat betrekking het:

Ons glo ten slotte, in ooreenstemming met die Woord van God, dat, wanneer die gekom het wat die Here bepaal het – dié tyd is vir alle skepsels onbekend – en die getal uitverkorenes volledig sal wees, ons Here Jesus met groot heerlikheid en majesteit uit die hemel sal kom, liggaamlik en sigbaar, soos Hy opgevaar het (Hand. 1:11), om Homself as Regter oor die lewendes en die dooies aan te kondig, terwyl Hy hierdie ou wêreld aan vuur en vlam sal prysgee om dit te suiwer ... Dan sal die boeke, dit is die gewetens, geopen en die dooies geoordeel word (Op 20:12) volgens wat hulle in hierdie wêreld gedoen het, of dit goed was of sleg (2 Kor. 5:10) ... Daarom is die gedagte aan hierdie oordeel vir die oortreders en goddeloses met reg ontsettend en skrikwekkend, maar vir die vromes en uitverkorenes begeerlik en troosryk. Want dan sal hulle volle verlossing voltooi word, en hulle sal daar die vrugte ontvang van moeite en lyding wat hulle gedra het. Hulle onskuld sal deur almal erken word, en hulle sal die verskriklike wraak sien wat God sal voltrek oor die goddeloses wat hulle in hierdie wêreld wreed vervolg, verdruk en gekwel het ... Die gelowiges en uitverkorenes, daarenteen, sal met heerlikheid en eer gekroon word ... En as 'n beloning uit genade sal die Here self hulle so 'n heerlikheid gee as wat die hart van 'n mens nooit kon bedink nie. Daarom verwag ons hierdie groot dag met sterk verlange om die beloftes van God in Jesus Christus, ons Here, ten volle te geniet (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 37).

Dit is ons belydenis oor die wederkoms. Ja soos wat ons reeds gesê het, is daar nog 'n rykdom van troosvolle openbaring in die Skrif rondom die leer oor die verheerliking,

maar vandag het ons weereens gehoor van die hoop en verwagting wat hierdie leer vir gelowiges inhou.

Die besef van hierdie hoop van die geloof word versterk na gelang van ons liefde vir God, want soos wat een gereformeerde teoloog dit stel: “Hoe kan ons hoop op die dinge wat ons nie begeer nie?” (Beeke & Smalley, 2021b:1017).

Daarom, terwyl ons in hierdie lewe omring word met die ellende en lyding en verdrukking en vervolging, laat ons in geloof en liefde vir God in afwagting wees op hierdie verheerliking; laat ons onself beywer om te volhard in ons geloofstryd; en laat ons dus ook met die oog op God se beloftes, volhard in gebed. Trouens, Beeke en Smalley (2021b:1016) sê “The Holy Spirit leads us in this painful preparation for glory by igniting hopeful desires that flame forth in prayer”.

Net so, as ons hierdie hoop wil voed en laat groei, moet ons juis gelowig vashou aan God se Woord, want dit is deur God se Woord dat al hierdie beloftes van die vaste hoop van die voleinding van ons verlossing, vasstaan. Daarom moet ons die Woord van God en van die hemelse heerlijkheid van Christus daaglik oordink en vanuit hierdie vaste beloftes lewe: “We nourish hope by meditating on the heavenly glory of Christ” (Beeke & Smalley, 2021b:1018).

Oordink die Woord, memoriseer die verse wat hierdie beloftes bevat, en hou gelowig vas aan die einddoel van ons geloof, naamlik die verheerliking waar ons verlossing volkome in vervulling sal wees, waar ons as verheerlikte mense na die beeld van God,

in God se heerlikheid sal wees en ons Hom van aangesig tot aangesig sal sien en aanbid.

Deur hierdie huisgodsdienst tema leer ouers en kinders saam dat verheerliking nie uit menslike verdienste of vermoë kom nie, maar 'n gawe van God is wat deur die Heilige Gees in gelowiges bewerk word en hulle in heiligmaking tot verheerliking lei. Só leer kinders om met vaste sekerheid te leef uit die genade van Christus, wat hulle volkome verlos en bewaar.

7.5.8 Huisgodsdienst tema: Getroos dat Christus my 'n lewende lid van sy kerk gemaak het — sý gemeente wat Hy vergader, beskerm en bewaar.

In hierdie huisgodsdienst tema leer ouers en kinders saam oor hoe die Heilige Gees gelowiges as deel van Christus se verlossingswerk, as lewende lidmate aan sy kerk deel maak, sodat gelowiges as kerk van Christus met dankbaarheid en geloofsvertroue vanuit sy volmaakte verlossing wat hulle tot heerlikheid sal lei, kan leef.

Lees: Efesiërs 2:1-22

Fokus: Efesiërs 2:4-5, 19-22; Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 27 & Heidelbergse

Kategismus Sondag 21 vraag en antwoord 54

Wanneer 'n mens die konsep van kerkbegrip wil oordra, sê ek baie keer vir kinders om hulle oë toe te maak en dan moet hulle sê waaraan hulle eerste dink as ek 'n woord sê. Dan sê ek kerk. In baie gevalle dink daardie kinders aan die gebou. In ons alledaagse taal praat ons baie keer van kerk as die gebou waarin gelowiges bymekaar kom. Ons sal vir mekaar sê: Ons gaan Sondag kerk toe, dan beteken dit vir baie mense dat ons na die kerkgebou toe gaan.

Dit is maar een van die maniere waarop die woord kerk gebruik word. Maar wat is kerk werklik? Wat moet ons verstaan van wat die Bybel ons leer oor wat kerk is? In die huisgodsdiens tema fokus ons op die tema: Ek is getroos dat Christus my 'n lewende lid van sy kerk gemaak het — sý gemeente wat Hy vergader, beskerm en bewaar.

Ons fokus hierop want God wat jou verlos het en wat jou in 'n nuwe lewe van dankbaarheid stel, skenk ook aan jou 'n lewende gebedslewe en maak jou deel van sy kerk.

Daarom kyk ons vervolgens vanuit artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis na wat die algemene Christelike kerk is. Vooraf moet ons erken dat ons nie in een enkele huisgodsdiens tema op al die aspekte van kerk sal kan fokus nie, ook nie op al die toepassings vir ons hedendaagse tyd nie.

Ons staan slegs by die wese van hierdie artikel stil sodat dit verteerbaar genoeg is vir hoërskool kerkisante om te kan verstaan. As die Here wil sal ons volgende week

verder fokus op kerkbywoning en tersaaklike aspekte soos waarna om kyk in 'n ware kerk.

Die eerste punt van hierdie huisgodsdienst tema, is:

7.5.8.1 Die kerk as 'n heilige vergadering wat deur God tot 'n eenheid saamgevoeg is
 Let 'n bietjie op na hoe die Heidelbergse Kategismus dit in Sondag 21 verwoord, in vraag en antwoord 54. Hiér lees ons dat kerk 'n gemeente genoem word wat uit die hele menslike geslag bestaan.

So is daar baie terme in die Bybel wat gebruik word om die kerk te beskryf. Dit is nie nodig om al die terme hier te bespreek nie, maar dit gaan so ver terug as in Genesis 3:15 waar die *nasaat* van Eva op Christus wys as die Hoof van die kerk. Die Ou Testament praat byvoorbeeld van die kerk as *God se volk* of sy *verbondsvolk*, terwyl die Nuwe Testament onder andere na die kerk verwys as die *bruid van Christus* of die *liggaam van Christus*. Verder het ons al gehoor dat die Bybel verskillende name gebruik om na die kerk te verwys, soos byvoorbeeld heiliges, priesters, uitverkorenes, dissipels ensovoorts (vgl. Beeke & Smalley, 2024:67-79).

Wat baie interessant is, is dat behalwe vir sommige vertalings soos die 1983 Afrikaanse vertaling, kom die woord kerk nie in die Bybel voor nie. Waarom praat ons dan van kerk as die woord *kerk* nêrens in die Bybel voorkom nie? Dit is 'n geldige vraag en 'n mens word deesdae met baie sulke tipe vrae gekonfronteer.

Hierby sou ons lank kon stilstaan want hierdie konsep *kerk* is 'n belaaide term en het baie aspekte om in ag te neem. Maar vir hierdie huisgodsdienstige tema is dit voldoende om 'n kort samevatting te gee van waarom ons die woord kerk gebruik. Die woord kerk is 'n omvattende term wat al die aspekte van die liggaam van Christus saamvat.

Hoewel die woord kerk nie in die Griekse Nuwe Testament gevind word nie, kom dit wel uit die Grieks uit. Hierdie woord kerk word in Grieks uitgespreek as *kuriake* of *kuriakon*. U sal kan hoor dit kom van die stamwoord *kurios* wat Here beteken (vgl. Van Genderen & Velema, 2008:677). So beteken die woord kerk letterlik: “[hulle] wat aan die Here behoort”.

Die Ou Afrikaanse vertaling gebruik nie die woord *kerk* as vertaling nie, maar eerder die woord *gemeente*. Hierdie woord *gemeente* kom van die Bybelse Griekse woord *ekklēsia* af, wat letterlik beteken “die uitgeroepenes”. Kan u reeds hoor hoe beide hierdie woorde dui op die uitverkorenes van God?

Dit was veral in die Nuwe Testamentiese tyd gebruiklik dat wanneer 'n koning 'n belangrike boodskap vir sy onderdane wil bring, dan stuur hy 'n boodskapper uit om in die dorpe en stede te gaan uitroep dat die mense moet vergader sodat die boodskap aan hulle oorgedra kan word (vgl. Heyns, 1978:359).

So het hierdie woord *ekklēsia* in die Nuwe Testament gebruiklik geword om na die kerk van Jesus Christus te verwys. Hy is die Koning van sy kerk en sy kerk is die mense wat God uitgeroep het, met ander woorde wie Hy uitverkies en geroep het om

saam in sy Naam te vergader. Ons is God se gemeente, sy uitgeroepenes wat Hy saam vergader.

Ons belydenis vertolk hierdie gebeurtenisse van God wat uitverkies en wat roep en wat wedergeboorte en geloof gee, soos volg. Die kerk is: “n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees” (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 27).

Wat ’n pragtige belydenis oor wat of wíé die kerk is. Hierdie belydenis van wat kerk is, is baie kort maar bevat so baie waarhede wat ons in een sin bely. So ons weet daar is ’n kerk wat God se kerk is omdat Hy dit saamgevoeg het, en dit is almal wat deur sy genade in Hom glo.

Ons sien dat daar in hierdie een sin vyf dinge gesê word oor wie hierdie gelowiges of heilige vergadering is. Kom ons lys dit net kortliks sonder om op elkeen afsonderlik in te gaan. Die kerk is (1) almal wat in Christus glo; (2) almal wat hulle volle saligheid in Hom verwag; (3) almal wat in sy bloed gewas is; (4) almal wat geheilig is deur die Heilige Gees; en laastens (5) almal wat verseël is deur die Heilige Gees. Hierdie kerk bestaan dus uit almal wat in Jesus Christus glo en wat deur sy Gees heilig lewe terwyl ons wag op sy wederkoms wanneer Hy ons finaal sal verlos.

So kan ons in bely dat die kerk ’n gemeente is, met ander woorde “n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo” (Nederlandse Geloofsbelydenis

artikel 27). Dit is almal wat Hy uitgeroep en uitverkies het om aan Hom te behoort. Dit bring ons by die volgende troosvolle punt in hierdie huisgodsdienst tema:

7.5.8.2 As lewende lid van sy kerk wat Hy vergader, beskerm en bewaar, leef ons getroos

Ons het sopas gehoor dat die kerk 'n heilige vergadering is wat God self tot 'n eenheid saamvoeg. Dit is ook wat ons aan die einde van artikel 27 bely. Dit is vir ons as gelowiges 'n geweldige troos dat God sy kerk vergader, beskerm en bewaar.

Omdat ons aan die Here behoort en omdat Hy ons uitverkies en uitgeroep het om aan Hom te behoort, beteken die kerk sal verewig bestaan, want ons behoort vir ewig aan God. So bely ons: “Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees, want Christus is 'n ewige Koning, wat nooit sonder onderdane kan wees nie” (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 27).

Ons behoort aan die goeie en ewige Koning van al die eeue. As Hy ons vergader, waarom sal Hy ons dan nie ook beskerm en bewaar nie? Maar ons het ook al in die geskiedenis gesien hoe dat die kerk swaar verdruk en vervolgd word, hoe gelowiges gemartel word. Ons Here Jesus het immers geleer dat om een van sy dissipels te wees, hou vervolging en verdrukking en verwerping en vyandskap in.

Het u ook al na die wêreld gekyk en gedink alles lyk hopeloos vir die kerk? En dan praat ons nie net van dáár vêr in ander lande nie, maar selfs hier waar jy besig is om 'n getuigenis van die waarheid te wees? Het jy ook al moedeloos geword in jou stryd om die waarheid te verkondig en dat jy telkens teenkanting kry van die Bose magte?

Het dit jou al ook moedeloos gemaak om te sien dat die kerk lou is, traag is om die Here te dien? Maak dit jou ook soms moedeloos en wanhopig, nie net wanneer jy dit by ander gelowiges sien nie, maar ook by jouself?

Maar al hierdie dinge beteken nie dat die kerk tot niet sal gaan nie. Inteendeel, ons Here Jesus het gesê dat in die laaste dae sal mense die waarheid al meer haat en liefhebbers van hulleself en van genot meer as van God word (vgl. 2 Tim. 3:2, 4).

Al lyk dit soms asof die kerk swak is en inderdaad ook is, asof die wêreld die oormag het, kan ons steeds gelowig vashou aan God se beloftes dat Hy sy kerk in stand hou en bewaar. Die Here sê vir elke gelowige wat Hy lankal terug vir Moses en ook vir Josua gesê het: “Ek sal jou nie begewe en jou nie verlaat nie” (Jos. 1:5; vgl. Deut. 31:6, 8).

In dit alles moet ons ons gedagtes oor wat kerk is, orden volgens wat die Woord ons leer. Dit is belangrik dat ons gedagtes oor wie of wat kerk is, reg het. Anders sal ons kerk speel en sal ons nooit die vrede en troos beleef van die vaste wete van wat dit beteken om kerk van die Here te wees nie.

Die kerk is nie 'n menslike instansie soos 'n klub of 'n vereniging of 'n nuwingsgewende organisasie waaraan jy kan behoort as jy registreer en jou lidmaatfooie betaal het nie. Die kerk is ook nie 'n groep mense wat besluit om net saam te staan vir 'n goeie saak nie, hoewel lidmate ook deel kan vorm van sake waarin ons kan getuig van Christus en so sy koninkryk hier op aarde te kan bevorder.

Nee, die kerk is die gelowiges wat deur God saamgevoeg word, en dit troos ons want dan weet ons dat die kerk op die vaste fondament van Christus gebou is. Koninkryke kom en koninkryke gaan, maar die kerk van die Here sal vir altyd bly staan omdat Hy ons saamgebind het, omdat ons deel is van sy ewige koninkryk. So bely ons dit:

Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 27).

Moet ons as kerk van die Here nie daarom die grootste verlange hê om Hom te aanbid in die eredienste nie? Die eredienste is nie mensgemaakte vergaderings nie. Dit is 'n heilige vergadering van gelowiges wat deur die Heilige Gees saamgevoeg word om God te aanbid en ons aan Hom toe te wy sodat ons al die eer aan Hom bring.

Paulus sê immers in Efesiërs 1 dat dit een van die redes is waarom God ons geroep het: “sodat ons kan wees tot lof van sy heerlijkheid” (Ef. 1:12, 14). En hoe loof ons God vir sy heerlijkheid? Deurdat ons al meer die heerlijkheid van God tentoonstel. Ons teksgedeelte sê God het ons lewend gemaak saam met Christus (Ef. 2:5) — “ons is sy maaksel, geskape in Christus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel” (Ef. 2:10).

So moet ons hele wees om as kerk van die Here voor sy aangesig te wandel en om vir Hom te lewe. Om eredienste by te woon is 'n geweldige voorreg want hier ontmoet ons ons Here op 'n baie besondere manier.

God onderhou sy heilige kerk teen die wêreld ten spyte van hoe dit in mense se oë lyk. Ja in mense se oë is die kerk swak en oneffektief, onproduktief, onprofessioneel. Maar ons behoort aan 'n koninkryk wat alle tye en modes oortref, want God regeer en hou sy kerk in stand.

Watter reaksie moet hierdie troos dat Christus sy kerk vergader, beskerm en bewaar, by ons opwek? As die kerk so groot deel van God se verlossingsplan uitmaak dat Hy die kerk as middel gekies het om sy heerlijkheid te betoon, moet dit by ons die begeerte wek om in God se besondere teenwoordigheid te kom in die erediens waar ons Hom wil aanbid. Beeke en Smalley (2024:52) skryf: "This thought should fill our minds with wonder: the purpose of the Creator in making all the universe revolves around the church of Christ".

Verder, as God deur Christus so 'n groot prys betaal het dat ons as gemeente deur die een Heilige Gees toegang tot die Vader het, moet dit by ons die grootste vrymoedigheid en begeerte wek om God saam met sy kerk te wil dien en loof vir sy heerlijkheid. Dit moet ons begeerte wees om saam met die kerk te vergader wanneer ook al die kerk vergader.

Deur hierdie huisgodsdiens tema leer ouers en kinders saam dat die kerk nie 'n menslike instelling is nie, maar die lewende liggaam van Christus wat deur die Heilige Gees vergader, beskerm en bewaar word. Op die manier leer kinders om met

dankbaarheid en toewyding as ware lidmate van Christus se kerk te leef, tot eer van God.

7.5.9 Huisgodsdienst-tema: As lewende lid van Christus se kerk soek ek na 'n ware kerk waarby ek kan aansluit.

In hierdie huisgodsdienst-tema leer ouers en kinders saam oor eienskappe en kenmerke van 'n ware kerk, en dat elkeen verplig is om by die ware kerk aan te sluit. Die kerk is die gelowiges, deur wie die Heilige Gees kragtig werk as deel van Christus se verlossingswerk, waar hulle as lewende lidmate van sy kerk die Drie-enige God kan aanbid, met dankbaarheid en geloofsvertroue kan dien, saam vergader en vanuit sy volmaakte verlossing kan leef — 'n verlossing wat hulle tot heerlikheid sal lei.

Lees: Efesiërs 2:1-22

Fokus: Efesiërs 2:4-5, 19-22; Nederlandse Geloofsbelydenis, artikels 28-29; en Heidelbergse Kategismus, Sondag 21, vraag en antwoord 55

Die onderwerp van 'n ware kerk het reeds baie gesprekke onder mense ontlok. Hierdie onderwerp bring ook dikwels vrae na vore. Dink maar net aan die talle Christelike kerke in ons hedendaagse tyd waaruit mense so maklik kan kies. Dan vra mense maklik: Hoe weet ek wat 'n ware kerk van Christus is?

Baie van ons het ook vriende in ander kerkverbande — vriende wat Christelik is en werklik toegewyd aan die Here leef. Dikwels vra ons dan: Wie is nou reg, aangesien

ons bely dat daar net één ware kerk van Jesus Christus is? Mense vra dan baie vinnig:

As ons die ware kerk is, beteken dit dat hulle die valse kerk is?

Die antwoord op hierdie vraag is nie so eenvoudig nie. In kort is dit egter belangrik om te onthou dat gelowiges altyd strewend moet bly om al hoe nader aan die waarheid te leef, soos dit deur die Woord van God aan ons geopenbaar is. Dit moet die strewe van elke gelowige wees. Paulus sê in Efesiërs 4:15 dat ons moet kom tot eenheid in die geloof en tot 'n volwasse mens, en dit deur die soeke na die waarheid in liefde. Dit is die rede waarom die Here ons in hierdie gemeente geplaas het, want hiér kan ons Hom in die waarheid aanbid, soos sy Woord ons leer en soos wat ons in die belydenisse glo.

As gereformeerdes ken en bely ons die antwoord op die vraag wat 'n ware kerk is. Die Woord leer dat ons moet soek na 'n kerk wat die kenmerke van 'n ware kerk uitleef. Hoewel dit eenvoudig klink, is dit nie altyd maklik om dit uit te ken nie, veral nie vir jong gelowiges en vir katkisante nie. Dit mag soms voorkom asof ander Christelike kerke ook die Woord suiwer verkondig, en asof lidmate lewend en meelewend is. Ons betwyfel nie dat die aanbidding vanuit die hart opreg en lewendig is nie.

Kom ons fokus daarom verder op ons belydenis oor die ware kerk. Waar ons die vorige keer in beginsel geleer het wat die wese van die kerk is, wil ons nou dieper daarop ingaan om te leer wat die eienskappe en kenmerke van 'n ware kerk is. Sodoende sal ons al beter begryp waarom ons as gelowiges verplig is om aan te sluit by 'n ware kerk van Jesus Christus.

Kom ons luister eers na die eienskappe van 'n ware kerk, wat ons reeds in artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis in beginsel aangeraak het, maar waarop ons nou in meer besonderhede kan fokus.

7.5.9.1 Eienskappe van 'n ware kerk

As ons artikel 28 lees, sien ons dat hierdie artikel reeds in die eerste sin teruggryp en voortbou op artikel 27, naamlik dat die kerk 'n heilige kerk is wat deur God tot 'n eenheid saamgevoeg is. Hiervan lees ons in die eerste sin van artikel 27, waar daar gewys word op die vier eienskappe van die kerk: "Ons glo aan een, heilige, algemene en apostoliese kerk". Dit is 'n kort en kragtige belydenis van wat en wie die kerk van Jesus Christus is. Hierdie vier enkele woorde beskryf die kerk omvattend en volledig. Kom ons luister kortliks na wat elk van hierdie begrippe beteken.

7.5.9.1.1 Een

Die eerste eienskap is dat die kerk van die Here "een" kerk is. Dit behoort maklik te wees om te verstaan dat die kerk een is. Dat die kerk een is, moet egter in 'n geestelike sin verstaan word. Ons is een liggaam waarvan Jesus Christus die Hoof is. Ons is een omdat God ons in die waarheid van sy geopenbaarde Woord saamgevoeg het. Dit is 'n geestelike eenheid, wat in die waarheid sigbaar behoort te wees in al die kerke.

Om dit prakties te verduidelik: die kerk moet leer en leef volgens die gesonde leer en die belydenis wat ons openlik gee, sodat almal kan sien dat ons één in die waarheid is. Daar moet met ander woorde geen verdeeldheid onder ons wees oor wat ons glo

en hoe ons leef nie. Soos Jesus in Johannes 17:21 vir sy dissipels en sy kerk bid: “dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U”.

7.5.9.1.2 Heilig

Die tweede eienskap van die kerk is dat dit ’n “heilige” vergadering is. Die kerk is heilig omdat God self hierdie vergadering saamgeroep en saamgevoeg het. Verder beteken “heilig” dat God, wat ons saamgevoeg het, ons in Christus geheilig het. Dit beteken dat ons deur die bloed van Jesus Christus van al ons sondes gereinig is.

Maar dat die kerk heilig is, beteken ook dat gelowiges afgesonderd vir God lewe en in toewyding aan die Here wandel, sodat ander kan sien dat ons nie van hierdie wêreld is nie en dat ons aan die Here behoort. Ons teksgedeelte leer: “So is julle nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God” (Ef. 2:20-21).

7.5.9.1.3 Katoliek

’n Derde eienskap van die kerk van Christus is dat die kerk “katoliek” is. “Katoliek” beteken nie dat ons deel is van die Rooms-Katolieke Kerk nie. Hoewel hulle ook aanspraak maak op die benaming “katoliek”, verwerp hulle ongelukkig die waarheid dat Jesus Christus die enigste Verlosser en God is. Katoliek, soos wat ons bely, beteken dat die kerk universeel is (vgl. Van Genderen & Velema, 2008:717-721). ’n Ander woord vir “katoliek” is dat die kerk “algemeen” is. Hierdie universele of algemene kerk het betrekking op die kerk in sy volheid.

Dit dui daarop dat die kerk bestaan uit alle gelowiges regoor die wêreld, ongeag taal, kultuur of landsgrense. Daarby bestaan die een kerk van Jesus Christus ook uit die gelowiges van alle eeue — dít sluit in dié wat reeds die ewige heerlikheid ingegaan het, saam met die kerk vandag, maar ook dié wat nog gebore gaan word (vgl. Heyns, 1978:381-382).

7.5.9.1.4 *Apostolies*

Laastens is die kerk ook *apostolies*. Ons teksgedeelte sê dat ons as kerk is: “gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is” (Ef. 2:20). Dit beteken, in kort, dat die kerk gebou is op die boodskap van die apostels, wat die evangelie van verlossing deur Jesus Christus alleen verkondig het (vgl. Heyns, 1978:382-383). So is die een, heilige, katolieke of algemene kerk ook apostolies.

Hoe wonderlik is dit dat ons kan weet dat ons deur God se genade, deel is van die een ware kerk van Jesus Christus — ’n kerk wat God, uit alle volke, tale en nasies regoor die wêreld, en deur al die eeue heen, uitgekies het om aan Hom te behoort (vgl. Openb. 5:9). Elkeen is deel van die uitverkorenes en kinders van die een God en Vader, deur sy Seun, ons Here Jesus Christus, wat ons deur die kragtige werking van die Heilige Gees deel gemaak het van hierdie ewige en heerlike erfenis.

Hiermee kom ons by die volgende punt:

7.5.9.2 Dat elkeen verplig is om by die ware kerk aan te sluit

Met dit wat ons sopas gehoor het, klink dit vreemd om te hoor dat ons verplig is om by die ware kerk aan te sluit, soos ons in artikel 28 bely. Waarom is dit so? Ons het sopas gehoor dat al die uitverkorenes wat God tot wedergeboorte en geloof gebring het, reeds deel is van die ware kerk van Christus.

Hoe moet ons, wat reeds deel is van die ware kerk, hierdie opdrag om by die ware kerk aan te sluit, verstaan? Om hierdie onderskeid beter te begryp, sal dit help om te praat van die onsigbare kerk en die sigbare kerk. Die onsigbare kerk bestaan uit alle uitverkorenes wat tot ware geloof gekom het. Die sigbare kerk bestaan uit ware gelowiges sowel as huigelaars — met ander woorde heiliges sowel as skynheiliges. Of ietwat sagter gestel, bestaan die sigbare kerk uit wedergeborenes en onweergeborenes.

Die punt wat in artikel 28 bely word, gaan nie soveel oor gelowiges teenoor ongelowiges nie, maar lê eerder die klem daarop dat, as jy deel geword het van die onsigbare kerk, jy jouself moet voeg by die sigbare kerk — dáár waar gelowiges bymekaarkom om God in eredienste en samekomste te aanbid en dien.

Hier bely ons baie duidelik dat dit nie saak maak wie jy is nie; as jy deur Jesus Christus verlos is en deel het aan sy heilige vergadering, wat die kerk is, is jy verplig om ook aan te sluit dáár waar gelowiges in waarheid vergader. Waarom kan ons dan nie bloot besluit dat ons nie meer die kerk nodig het nie? Daar is baie mense wat sê: “Die kerk het my seergemaak, ek gaan nie meer daarheen nie”. Baie mense sê ook:

Ek luister nie meer na die kerkraad of die dominee nie, want hulle is sondige mense wat foute maak. Ek het net een Koning, en dit is Jesus Christus. Ek het die Heilige Gees in my; waarom sal ek dan nie alleen by die huis saam met my gesin of familie kan kerk hou nie?

Dit is juis die Heilige Gees wat ons na mekaar toe roep en lei. Dit is die sonde wat verdeel en isoleer.

Waarom kan ons nie eenvoudig besluit om ons goed te neem en by 'n ander kerk of kerkverband aan te sluit omdat ons nie meer van alles hier hou nie? Die rede is: solank hierdie kerk die ware kerk is en die Here jou hier geplaas het, behoort jy jouself hier in te skakel, die Here te dien en saam met die gelowiges in liefde vir die waarheid te stry.

Ons moet ons verskille uitsorteer volgens Bybelse beginsels. Ons belydenis stel dit duidelik dat dit nie saak maak wie jy is nie — jy mag jou nie afsydig hou van hierdie vergadering nie, want dit is God se heilige kerk wat Hy saamgevoeg het en in stand hou. Is die sigbare kerk waar jy inskakel, perfek? Nee, elkeen van ons het nog die inwonende sonde. Ons is steeds die strydende kerk, nie die volmaakte kerk nie.

Die gemeente waar jy inskakel mag dalk lewendig voorkom, maar soos Jesus aan die gemeentes in Sardus sê: “Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef en jy is dood” (Openb. 3:1). Of die gemeente lewe wel, maar is moontlik baie siek — soos Jesus aan die gemeente in Tiatira sê dat hulle deur allerlei wêreldse dwalinge beïnvloed is (Openb. 2:19-20).

Die kern van die saak is dat geen gemeente nie perfek is nie, maar dat almal saam in liefde moet stry en voortdurend na die waarheid moet soek. Solank hierdie kerk gesamentlik vir die waarheid stry, mag ons nie onttrek nie. Ons belydenis stel dit so mooi en gee aan ons die rede waarom ons nie moet onttrek nie:

Om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal ... aan sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broers [en natuurlik susters] in die opbou van hulle geloof te dien (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 28).

Dit gaan dus hier oor gesag — nie die gesag van die kerkraad asof dit bloot 'n menslike raad is nie, maar die gesag van Jesus Christus wat sy kerk self so regeer. Laat ons onself eerlik ondersoek of ons werklik onderdanig is aan hierdie gesag van ons Koning en Here.

Nou kom ons by die laaste punt van hierdie huisgodsdienstema:

7.5.9.3 Die kenmerke van 'n ware kerk

Baie mense kies 'n kerk om by aan te sluit op grond van hoe hulle voel. Heelwat mense sê byvoorbeeld: “Ek voel dat die Gees daar werk”; of: “Ek hou van die lofprysing daar — dit resoneer met my gees, gee my 'n goeie belewenis en laat my nader aan God voel”; of: “Die aksies wat hulle aanbied, is uitstekend en suksesvol en pas by my behoeftes”; of: “Daar is baie vriende en sosiale groepe wat dit aangenaam en gemaklik maak — ek voel tuis daar”. Sulke en soortgelyke redes het ons almal sekerlik al gehoor.

Maar hierdie redes is nie die kern van wat die kerk, die erediens en gesamentlike byeenkomste in wese behels nie. Die kerk is nie 'n plek waar 'n mens slegs ontvang en volgens eie behoeftes bedien wil word nie. Hoe opreg hierdie redes ook al mag wees, gaan ware kerkwees oor wat God in sy Woord bepaal het.

Wanneer 'n mens na 'n ware kerk soek, behoort daar na sekere aspekte gekyk te word. Trouens, ons belydenis maak dit duidelik dat ons nie bloot van kerk tot kerk kan beweeg (*church-hopping*) en op subjektiewe maatstawwe kan vertrou nie. Ons moet “sorgvuldig en met oplettendheid uit die Woord van God behoort te onderskei watter kerk die ware kerk is” (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 29). Indien ons dit nalaat, is daar die gevaar dat ons dalk in 'n sekte beland en vir jare vasgevang bly in dwalinge waaruit dit moeilik is om van los te kom.

In artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis word drie kenmerke van 'n ware kerk genoem. Dit is inderdaad drie aspekte waarvolgens ons 'n ware kerk kan beoordeel, hetsy wanneer ons op soek is na 'n kerk, of wanneer ons wil vasstel of die kerk waarby ons tans aanbid, volgens die Woord van God 'n ware kerk is. Hierdie drie kenmerke behoort ons baie goed te ken, naamlik: die suiwere bediening van die Woord, die suiwere bediening van die sakramente, en die suiwere bediening van die tug.

Dit is ook nuttig dat ons, in ons soeke na 'n ware kerk, kennis neem van die vier addisionele kenmerke wat Martin Luther geïdentifiseer het. Hy lys dit as: (1) die bedienaars van die Woord (met ander woorde die predikante), (2) gebed en lofprysing

tot God, (3) om jou kruis op te neem, en (4) heiligmaking, naamlik om God se gebooie volgens die Groot Gebod te onderhou (Beeke & Smalley, 2024:179).

So sien ons dat die kenmerke van die ware kerk handel oor wie die kerk is en wat die kerk behoort te doen. Wat moet die kerk doen? Die kerk moet die Woord, die sakramente en die tug suiwer bedien. Ons kan slegs weet of dit inderdaad suiwer geskied as ons ons Bybel ken en werklik betrokke is by die kerk. Hoe lyk die kerk, met ander woorde, hoe behoort die lidmate van die kerk — insluitend, en veral, die kerkraad, predikant en diakens — te wees? Ons belydenis stel weereens baie duidelik hoe die lidmate van die kerk behoort te wees:

Ons kan hulle uitken aan die kenmerke van die Christene, naamlik hulle geloof dat hulle die enigste Verlosser Jesus Christus aangeneem het en dat hulle daarna die sonde ontvlug, die geregtigheid najaag, die ware God en hulle naaste liefhet, nie regs of links afwyk nie en hulle sondige natuur met sy werke kruisig (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 29).

Dit beteken nie dat ons na 'n perfekte kerk moet soek nie, want solank daar sonde is, sal daar 'n stryd wees. Deur egter te let kyk na hierdie eienskappe van Christene en kenmerke van die ware kerk, gee dit vir ons 'n baie duidelike aanduiding van die gesondheid van hierdie gemeente.

So moet ons, as lewende lede van Christus se kerk, gehoorsaam strewe om 'n ware kerk te vind waarby ons kan aansluit, sodat ons God in waarheid kan aanbid en saam met medegelowiges in liefde vir die waarheid kan bly stry.

Mag ons elkeen ook hierdie kosbare troos — dat ons aan die ware kerk van Jesus Christus behoort — gaan verkondig en dit ook aan ons vriende uit ander kerkverbande met die waarheid meedeel en bedien. Daar is nog heelwat toepassings vir die leer oor die uitlewing van kerk, wat nie in hierdie proefskrif behandel word nie. Vergelyk hiervoor byvoorbeeld Beeke en Smalley (2024:62 e.v. & 137 e.v.).

Deur hierdie huisgodsdienst-tema leer ouers en kinders saam dat ware gelowiges geroep word om aan die ware kerk van Christus verbonde te wees, waar die Woord, sakramente en tug suiwer en reg bedien word. Só leer kinders om die gemeenskap van gelowiges lief te hê en getrou binne Christus se liggaam te leef, tot eer van God.

7.6 SAMEVATTING

Hoofstuk 7 bied die antitetiese uiteensetting van die Bybels-Christelike leer oor verlossing en verheerliking, teenoor die valse verlossingsbeskouings van naturalistiese wêreldgodsdienste wat in hoofstuk 6 bespreek is. Waar hierdie Eenheidsisme-wêreldbeskouings (vgl. Jones, 2015) verlossing reduceer tot selfontwikkeling, morele verbetering of ontvlugting uit lyding, wys hierdie hoofstuk dat die Persoon en werk van Jesus Christus die enigste ware verlossing bied, volgens die Skrif. Die hoofstuk toon verder dat verlossing 'n werk van die Drie-enige God is: die Vader besluit, die Seun volbring, en die Heilige Gees pas dit toe in die uitverkorenes se lewens.

Deur die gereformeerde heilsorde — uitverkiesing, roeping, wedergeboorte, geloof, bekering, regverdigmaking, heiligmaking en verheerliking — word die samehang van hierdie verlossingswerk, soos dit in die Skrif geopenbaar word, duidelik uiteengesit.

In die huisgodsdienstemas word ouers toegerus om kinders op voorskoolse vlak te leer dat Christus in sy vernedering en verhoging volkome versoening bewerk het, en dat die Heilige Gees hierdie heil in hulle lewens toepas. Só word kinders gevorm om hulle hoop nie in hulleself of in die wêreld te stel nie, maar in Christus alleen — wat die verlossing wat Hy begin het, deur sy Gees sal voleindig. Hierdie hoofstuk onderstreep dus dat geloofsopvoeding die kernwaarheid van die evangelie, volgens die Bybels-Christelike leer, reeds vroeg moet oordra. Ware verlossing en lewe, vrede en heerlikheid, word slegs gevind in gemeenskap met die Drie-enige God wat verlos, heilig en verheerlik.

HOOFSTUK 8: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

8.1 INLEIDING

Hierdie slothoofstuk bring die navorsing van hierdie proefskrif tot 'n afsluiting. In die voorafgaande sewe hoofstukke is die navorsingsprobleem sistematies ondersoek. Eerstens word hierna 'n samevatting van die hele studie en die kernargumente daarvan gebied, soos dit uit elke afsonderlike hoofstuk saamgevat is. Tweedens word die gevolgtrekkings van die navorsing uiteengesit, met spesifieke verwysing na die beantwoording van die navorsingsvrae, -doel en -doelwitte. Derdens volg aanbevelings wat praktiese voorstelle bied vir toepassings aan ouers, opvoeders, predikante en met betrekking tot die opleiding van Woordbedienaars. Laastens word daar moontlike rigtings vir verdere studie uitgelig — onder andere die integrasie van hierdie studie se inhoud in formele kategeese, asook die geleentheid om ander godsdienstige groepe of bewegings wat moontlik onder Jones se klassifikasie van Eenheidsisme val, te ondersoek. Hiermee word 'n grondslag gelê vir toekomstige navorsing en praktiese toepassing op die gebied van apologetiese toerusting vir voorskoolse kinders.

8.2 SAMEVATTING VAN DIE STUDIE

Hierdie studie is onderneem om vas te stel watter apologetiese toerusting ouers en opvoeders benodig om voorskoolse kinders binne 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing te vorm, sodat hierdie kinders hulleself op hul eie vlak ten opsigte van die Christelike geloof kan verantwoord. Ten einde hierdie navorsingsvraag te beantwoord, is die proefskrif in drie hoofdele (Afdelings A, B en C) verdeel, bestaande

uit sewe hoofstukke. Hierdie hoofstukke ondersoek die probleemstelling en tema, met die doel om tot 'n oplossing te kom.

Afdeling A (hoofstukke 1–2) het die behoefte aan die aanleer en vorming van 'n omvattende Christelike wêreldbeskouing by voorskoolse kinders beklemtoon. Reeds in hoofstuk 1 is aangetoon dat kinders se wêreldbeskouing vanaf 'n baie jong ouderdom begin ontwikkel, en dat selfs voorskoolse kinders eksistensiële vrae oor die lewe en die werklikheid rondom hulle stel. Ten spyte van sekere tradisionele opvattinge, is verder aangedui dat jong kinders inderdaad oor die vermoë beskik om, op hul eie vlak, abstrakte geloofskonsepte te begryp en logies te begin redeneer. Indien kinders se verstaansvermoë in geloofsake nie by geloofsopvoeding verreken nie, kan dit meebring dat hul geloofsopvoeding oppervlakkig bly en beperk word tot die aanleer van 'n paar Bybelverhale, sonder dat die onderliggende Bybelse waarhede deel van hulle lewens- en wêreldbeeld word.

Verder word daar in hoofstuk 1 daarop gewys dat voorskoolse kinders in die hedendaagse samelewing reeds moontlik deur ander wêreldbeskouings beïnvloed kan word. Gevolglik word geargumenteer dat gerigte apologetiese toerusting in wêreldbeskouing reeds op voorskoolse vlak nodig is, ten einde leemtes in tradisionele geloofsopvoeding aan te vul. Hierdie apologetiese toerusting behoort daarop te fokus om kinders van kleins af met die waarheid van die Christelike geloof te deurdrenk, sowel as om hulle te leer om die aansprake van ander lewens- en wêreldbeskouings te herken en te evalueer.

Hoofstuk 2 het hierop voortgebou en uitgewys dat ouers en geloofsgemeenskappe 'n onontbeerlike rol speel in die begeleiding van kinders se wêreldbeskouing-vorming. Binne 'n Christelike wêreldbeskouing rus die primêre verantwoordelikheid by ouers om hulle kinders in die waarheid van die Skrif en geloof te onderrig (vgl. onder andere Deut. 6; Ps. 78). Kinders word egter nie in isolasie groot nie, maar hulle word reeds, onvermydelik, vanaf 'n vroeë ouderdom aan ander ideologieë en invloede blootgestel. Hoofstuk 2 ondersoek daarom die boodskap van ander dominerende wêreldbeskouings in die 21ste eeu en die impak daarvan op voorskoolse Christenkinders.

Eerstens is 'n teoretiese grondslag gelê deur die wese en funksie van 'n wêreldbeskouing te beskryf, naamlik hoe elke persoon — klein kinders ingesluit — met 'n innerlike “bril” van voorveronderstellings na die werklikheid kyk en alles daardeur toets. Die studie vertrek van die uitgangspunt dat die Bybels-Christelike wêreldbeskouing die mees akkurate weergawe van die werklikheid bied, aangesien dit die werklikheid beskou in die lig van God Drie-enig se openbaring as bron van alle waarheid.

In hoofstuk 2 is gevind dat voorskoolse kinders reeds op subtiële maniere sterk beïnvloed kan word deur heersende nie-Christelike wêreldbeskouings, veral weens die beskikbaarheid van en blootstelling aan moderne tegnologie en media (soos televisie, selfone, rolprente, sosiale media, en ander platforms). Daar is vasgestel dat een van die heersende wêreldbeskouings wat tans 'n beduidende invloed uitoefen

veral op die Westerse samelewing en die leefwêreld van kinders, naturalisme is. Naturalisme — waaronder vorme soos sekulêre humanisme, die Nuwe Ateïsme en ander ideologieë ressorteer — beskou die materiële kosmos as die enigste werklikheid en verwerp enige transendente God of bonatuurlike dimensie.

Daarbenewens is sekularisme, as 'n uitvloeisel van naturalisme, uitgelig: dit behels 'n lewensbeskouing wat daarna streef om die samelewing sonder erkenning van God te orden, en wat dikwels spesifiek op kinders gemik is deur onderwysbeleide en media wat religie probeer marginaliseer. Die navorsing beklemtoon dat hierdie tendense tot gevolg het dat ander wêreldbeskouings — wat dikwels gekenmerk word deur die ideologie wat Jones (2015) as Eenheidsisme¹⁶⁰ beskryf — reeds van 'n jong-ouderdom af op kinders probeer inwerk.

Afdeling A het dus die noodsaaklikheid van vroeë apologetiese toerusting duidelik beklemtoon: Kinders behoort nie slegs in die positiewe inhoud van 'n Bybelse wêreldbeskouing gegrond te wees nie, maar moet ook van jongs af leer en toegerus word om, op hul vlak, wanopvattinge en vals aansprake van alternatiewe wêreldbeskouings te identifiseer en te weerlê. Hierdie afdeling van die studie het die probleemkonteks en motivering vir die navorsing neergelê: Indien kinders reeds vroeg deur verdraaide ideologieë beïnvloed word, is dit noodsaaklik dat daar op voorskoolse

¹⁶⁰Hierdie konsep van Eenheidsisme behels die idee dat daar geen skeiding tussen Skepper en skepping is nie, en dat *alles een* is. Dit is in ooreenstemming met die boodskap van Romeine 1, waar daar onder andere na ateïste verwys word wat die skepping bó die Skepper eer en aanbid.

ouderdom begin word om hulle met die waarheid toe te rus, sodat hulle hulself op hulle eie vlak ten opsigte van hulle geloof kan verantwoord.

Vanuit hierdie vertrekpunt fokus Afdeling B (hoofstukke 3–5), aan die hand van Sire (2009) se wêreldbeskoulike vrae, op die vergelyking van die inhoudelike kern van die naturalistiese wêreldbeskouing — soos dit veral vergestalt word deur Darwinisme en Nuwe Ateïsme — teenoor die Christelike wêreldbeskouing. In hierdie afdelings is drie fundamentele leerstellings behandel, naamlik die beskouing van God, die skepping (kosmos) en die mens. Elkeen van hierdie hoofstukke het 'n vergelykende ontleding gedoen deur die onderskeie hoofstuk in drie hoofdele op te deel: Eerstens is die standpunt van die sekulêr-naturalistiese wêreldbeskouing ten opsigte van die betrokke leerstelling as die tetiese uiteengesit. Tweedens is die Bybels-Christelike leer volgens gereformeerde belydenis as antitese daarteenoor gestel. Derdens is apologetiese toerusting in die vorm van huisgodsdienst-temas gebied om ouers en opvoeders toe te rus, sodat hulle kinders in staat kan stel om die wanopvattinge wat deur Nuwe Ateïsme aangebied word, te identifiseer en hulleself ten opsigte van die Christelike leer te kan verantwoord.

Afdeling B het dus uitgewys dat Nuwe Ateïsme, as Eenheidsisme-wêreldbeskouing, enige bonatuurlike Godheid ontken en die kosmos self as hoogste realiteit beskou, sonder dat daar enige skeiding tussen die Skepper en die skepping gemaak word. Gevolglik word iets in die skepping — hetsy die natuur self of die menslike verstand

— as hoogste werklikheid aanbid, eerder as God. Dit lei daartoe dat die beskouing oor die skepping en oor die mens skeefgetrek word.

In 'n naturalistiese wêreldbeskouing word gepoog om die oorsprong en bestaansdoel van die heelal, geheel en al sonder God te verklaar. Daarom word die kosmos beskou as 'n geslote stelsel van oorsaak en gevolg, waarin die heelal klaarblyklik spontaan ontstaan en ontwikkel het op grond van lukrake, ongeleide prosesse, en waar alles basies in 'n sogenaamde “normale” toestand verkeer. Volgens hierdie beskouing is daar geen intrinsieke doel of sin aan die skepping of aan die menslike bestaan nie — alles bestaan net, en lewe het klaarblyklik deur toevallige evolusie ontwikkel.

Volgens die sekulêre humanistiese wêreldbeskouing word die mens as 'n blote produk van evolusie beskou, wat doelloos lewe en eenvoudig daarna sterf en ophou om te bestaan. Die mens as outonoom beskou, as 'n goeie wese wat self sy bestemming bepaal. Tog word die mens paradoksaal tot die middelpunt van alle dinge verhef, as die mees ontwikkelde dier wat deur evolusie die hoogste vlak van bewussyn en denkvermoë bereik het. Die mens neem dus die gesag op om sy eie waardes en doel te skep. Uiteindelik word die mens as die hoogste gesag beskou. Hierdie studie het dus uitgewys hoe hierdie humanistiese selfverstaan problematies en inkonsekwent is, en tot 'n verlaagde siening van menswaardigheid en 'n verwarde moraliteit lei.

Hierteenoor staan die Bybelse, Christelike wêreldbeskouing — deur Jones (2015) Tweeheidsisme genoem — wat uitgaan van 'n transendente Skepper-God wat onafhanklik van sy skepping bestaan en dit onderhou. Volgens die Skrif is die kosmos

nie selfgenoegsaam of ewig nie, maar die produk van God se skeppingswoord. God het alles met 'n bepaalde doel geskep, naamlik om sy heerlikheid te weerspieël en binne 'n bepaalde orde onder sy soewereine voorsienigheid te funksioneer. Die skepping verkeer egter nie tans in 'n oorspronklike, “normale” toestand nie, maar is deur die sondeval gekrenk. Daarom ervaar ons verval en lyding in die natuur: dit is die gevolg van die mens se sonde en die gebrokenheid wat daaruit voortspruit (Rom. 8:20-22).

In 'n Bybelse, Christelike wêreldbeskouing word geleer dat die mens na God se beeld geskape is (Gen. 1:27). Almal — ook kinders — het daarom 'n ingebore waardigheid en doel wat onlosmaaklik deel is van God en sy skeppingsdoel. Die feit dat die mens na die beeld van God geskape is, impliseer dat die mens 'n relasionele en morele wese is — bedoel om in verhouding met God, medemense en die natuur te leef. Tog is die mens se beeldskap deur die sondeval gekrenk en verdorwe geraak. Die mens is dus gelyktydig kosbaar geskape, maar ook diep gevalle in sy beeldskap; juis daarom is die mens in nood van verlossing deur God Drie-enig.

Hierdie vergelykings in Afdeling B (Godsbeskouing, skeppingsbeskouing en mensbeskouing) het aangetoon dat die Bybelse wêreldbeskouing 'n koherente en omvattende raamwerk bied wat in alle aspekte lynreg indruis teen die ideologiese veronderstellings van die naturalistiese wêreldbeeld. Afdeling B het hiermee die grondslag gelê vir die finale deel van die proefskrif, waar die fokus op verlossing val — die oplossing vir die mens en wêreld se gebrokenheid volgens die Bybel.

In Afdeling C (hoofstukke 6–7) is die tema van verlossing en die finale herstel (verheerliking) as die klimaks van die Christelike wêreldbeskouing aangespreek. Gegrand op die voorafgaande insigte oor God, skepping en mens, is daar gevra hoe verskillende godsdienste binne die naturalistiese wêreldbeskouing die probleem van sonde of gebrokenheid, asook die behoefte aan verlossing, benader. Soortgelyk aan Afdeling B, het hoofstuk 6 die tetiese deel van naturalisme ondersoek deur te kyk na die verlossingsbeskouings van 'n aantal prominente naturalistiese godsdienste en ideologieë, terwyl hoofstuk 7 die antitese van die Christelike verlossingsleer gestel het in die vorm van huisgodsdienst-temas.

In hoofstuk 6 is daar dus aandag gegee aan die verlossingsbeskouings van Nuwe Ateïsme (wat egter glad nie aan 'n konsep van saligheid glo nie), sowel as aan Hindoeïsme, Boeddhisme en die Afrika Tradisionele Religie (ATR) — tipiese prominente Eenheidsisme godsdienste wat sterk in die samelewing figureer. Elkeen van hierdie godsdienstige en ideologiese stelsels bied geen werklike oplossing vir die mens se sondeprobleem nie, maar hou ideologieë van selfverlossing en selfontploffing voor.

Hoofstuk 7 het die antitese vanuit die Bybels-Christelike perspektief ten opsigte van verlossing en voleinding voorgelê. Hier is die leer van verlossing en voleinding, soos dit in die Skrif na vore kom, sistematies opgesom en in die vorm van huisgodsdienst-temas aangebied. Hierdie leer sluit aspekte in wat in die gereformeerde leer van Christendom bely word en omvat in breë trekke aspekte soos die Persoon en werk

van Christus, hoe Hy verlossing bewerk het, die vrug van sy verlossingswerk, en hoe die mens deel kry aan die genade van verlossing wat Christus bied.

In beide Afdeling B en C is uitgelig hoe naturalistiese denkrigtings in kinder- en populêre media manifesteer: kinders word dikwels deur sprokies, animasiefilms en fantasieverhale blootgestel aan konsepte van die Eenheidsisme wêreldbeskouings. Die onderskeie hoofstukke en afdelings het derhalwe gebruik gemaak van gewilde films wat as aanknopingspunte kan dien vir ouers en kinders om gesprekke te voer oor die wanvoorstellings wat naturalistiese wêreldbeskouings bied.

Aan die hand van hierdie besprekings is praktiese apologetiese riglyne aan ouers gebied om hulle kinders te help om hierdie invloede te identifiseer en te ontmasker. Met ander woorde, ouers behoort bewus te wees van die idees wat in skynbaar onskuldige vermaak na vore kom en dit tot voordeel te gebruik om doelbewus met hulle kinders daaroor te gesels — om te vra wat ’n storie leer en of dit strook met wat die Bybel sê, asook om enige valse “verlossings” wat aangebied word, uit te wys as onwaar of onvoldoende. Deur hierdie benadering dien moderne stories en rolprente as raakpunte om kinders van kleins af te leer om waarheid van dwaling te onderskei.

Verder bied gereelde gesinsgodsdien, wat apologeties ingelig is oor die invloed van naturalistiese wêreldbeskouings op kinders, aan ouers die nodige toerusting om hulle kinders van vroeg af te begelei om met ’n omvattende Bybels-Christelike wêreldbeskouing te leef. Dit stel kinders in staat om hulleself te kan verantwoord

teenoor die wanopvattinge wat deur ander dominerende wêreldbeskouings verkondig word.

Afdeling C vorm derhalwe die hoogtepunt en samevoeging van al die vorige bevindinge. Dit demonstreer dat die Christelike wêreldbeskouing, in geheel geneem, die enigste samehangende en waarheidsgetroue antwoord bied op die grootste vrae waarmee selfs kinders moontlik worstel, soos: Waar kom ek vandaan? Wie is ek? Wat is my doel? Wat is reg en verkeerd? Wat gaan van my word wanneer ek doodgaan? (vgl. Malan, 1979:24). Hierteenoor bied die naturalistiese wêreldbeskouing geen omvattende, samehangende, konsekwente en geldige verklaring wat met die werklikheid ooreenstem nie.

8.3 BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS

Die navorsing het dus bevestig dat die Bybels-Christelike wêreldbeskouing, in teenstelling met die naturalistiese wêreldbeskouing, 'n akkurate weergawe van die werklikheid bied. Dit is daarom noodsaaklik dat apologetiese toerusting vanuit 'n Christelike wêreldbeskouing reeds aan jong kinders gebied word. Op grond van die bogenoemde samevatting kan verskeie gevolgtrekkings gemaak word wat direk verband hou met die navorsingsvraag en -doelstelling:

8.3.1 Voorskoolse kinders kan en behoort wêreldbeskoulik toegerus te word.

Die studie bevestig dat voorskoolse kinders vatbaar is vir invloede van wêreldbeskouings tydens geloofsvorming, en dat hulle van jongs af by diepgaande geloofsonderrig baat. Die tradisionele aanname dat voorskoolse kinders nie abstrakte

konsepte kan begryp nie, ignoreer die feit dat voorskoolse kinders reeds op hul vlak logies kan dink oor God en die wêreld, en dikwels diep lewensvrae het.

Hierdie gevolgtrekking is belangrik, want dit impliseer dat 'n gebrek aan inhoud in geloofsopvoeding 'n geleentheid mis om kinders van jongs af in die waarheid van die Woord te anker. Met behoorlike verduideliking, herhaling en uitlewing van die geloof deur ouers, is selfs komplekse leerstukke op vereenvoudigde wyse aan kleuters oordraagbaar. Die implikasie is dat gereformeerde geloofsgemeenskappe groter erns behoort te maak met toerusting in die verband.

8.3.2 Dominerende nie-Christelike wêreldbeskouings beïnvloed kinders reeds van kleins af.

'n Kernbevinding is dat naturalisme en sekularisme, as dominerende wêreldbeskouings, doelbewuste pogings aanwend — ten gunste van hul eie wêreldbeskouing en in teenstelling met die Christelike wêreldbeskouing — om 'n beduidende invloed op die denke van voorskoolse kinders uit te oefen. Hierdie invloede, hetsy deur die media, onderrig of bloot die heersende kultuur, dra op subtiele wyses idees oor wat dikwels teenstrydig is met die Christelike wêreldbeskouing en met die werklikheid.

Die studie se ontledings bevestig die noodsaaklikheid wat reeds in die probleemstelling geïdentifiseer is, naamlik dat apologetiese toerusting vanaf voorskoolse ouderdom onontbeerlik is. Kinders moet nie slegs die positiewe inhoud van hul geloof ken nie, maar ook gehelp word om te verstaan dat daar valse ideologieë

bestaan, en dat daardie idees getoets moet word aan wat God sê. Ouers en die kerk kan hierin dus proaktief optree, en nie slegs reaktief nie.

8.3.3 Die Bybelse wêreldbeskouing bied 'n unieke, waarheidsgetroue perspektief teenoor naturalisme.

Deur die kern-aannames van naturalisme (oor God, skepping, die mens en verlossing) teenoor dié van die Bybel se antitese te stel, het die studie bevestig dat die Christelike wêreldbeskouing die enigste siening is wat 'n samehangende, konsekwente en geldige verklaring bied wat met die werklikheid ooreenstem. Dit verskaf dus 'n samehangende beeld van wie God is, hoe die wêreld is, wie die mens is, en wat die mensdom probleem en oplossing is.

Teenoor 'n naturalistiese wêreldbeskouing maak die Christelike wêreldbeskouing dus geloofwaardig sin van die werklikheid soos dit is: dit verklaar die orde en kompleksiteit van die skepping, die gebrokenheid van die wêreld, die universele menslike sin vir reg en verkeerd, asook die behoefte aan betekenis en verhoudings.

Die gevolgtrekking is dus dat die Bybels-Christelike wêreldbeskouing gehandhaaf en oorgedra moet word as die betroubare weergawe van die werklikheid, omdat dit in God gesetel is, en as maatstaf dien waarteen alle ander aansprake gemeet kan word. Hierdie gevolgtrekking bevestig die sentrale teoretiese argument van die studie, naamlik dat dit wel moontlik én noodsaaklik is om inhoudelike en metodologiese toerusting vanuit 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing, volgens die gereformeerde leer, aan ouers en opvoeders wat met kinders werk, beskikbaar te stel. Dit sal kinders

in staat stel om hulleself, op hulle eie vlak, voldoende apologeties ten opsigte van die Christelike geloof te kan verantwoord.

8.3.4 Apologetiese toerusting vereis gepaste inhoud en aanslag met kinders.

Die navorsing het aangetoon dat apologetiese toerusting beide die wát en die hóé moet aanspreek. Wat die inhoud betref, toon die studie aan dat die noodsaaklike inhoud behoort te fokus op basiese Bybelse waarhede oor God en sy skepping, die mens en sonde, asook verlossing en ons uiteindelijke hoop. Dit alles is in ooreenstemming met die kernvrae waarop elke wêreldbeskouing, volgens Sire (2009), behoort te antwoord. Die Bybel verskaf antwoorde op al hierdie aspekte. Daarom moet ouers en opvoeders kinders deurlopend hierin lei, sodat hulle hierdie antwoorde voortdurend hoor gedurende hulle geloofsvormingsjare en dit geleidelik al beter kan verstaan.

Wat die (oordrags)metode betref, het die navorsing aangedui dat gesprek en voorbeeld twee effektiewe wyses is om hierdie inhoud oor te dra. Interaktiewe gesprekke — veral rondom onderwerpe wat kinders interesseer en deel is van hulle daaglikse leefwêreld — het 'n groot impak op kinders se vorming. Daarom het die studie die benadering van apologetiese gesprekke aan die hand van bekende films voorgestel en geïllustreer. Hierdie metode dien as 'n raakpunt tussen die kind se alledaagse ervaringswêreld en die absolute waarheid wat in wêreldbeskouings uitgedruk word. Dit is 'n kreatiewe maar tog praktiese manier vir ouers en onderwysers om moeilike onderwerpe aan te spreek. 'n Verdere aspek van die (oordrags)metode

wat beklemtoon en geïntegreer is, en waarin kinders se denke effektief gevorm kan word, is die gebruik van vrae en antwoorde, soos wat eenvoudige kategismusvrae en -antwoorde gebruiklik opgestel word.

Hiermee bevestig die studie dat die navorsingsvraag beantwoord is: dit is moontlik om bruikbare apologetiese toerusting daar te stel vir voorskoolse kinders en hul mentors, sodat selfs kleuters geleidelik kan leer om die waarheid, soos dit in die Christelike wêreldbeskouing uitgedruk word, te ken en dwalinge te herken.

8.4 AANBEVELINGS

Gebaseer op die bogenoemde bevindinge en gevolgtrekkings, volg enkele aanbevelings vir die praktyk. Hierdie aanbevelings is gerig aan die primêre rolspelers in voorskoolse kinders se lewens en ten opsigte van hulle geloofsopvoeding — ouers, Christelike opvoeders, predikante en kerke — asook aan opleiding en die breër Christengemeenskap.

8.4.1 Aan ouers

Die eerste en belangrikste aanbeveling is dat Christenouers die plig en voorreg om hulle kinders in die geloof te onderrig (vgl. onder andere Deut. 6 en Ps. 78), ernstig sal opneem en reeds van vroeg af sal begin met apologetiese vorming ten opsigte van wêreldbeskouings. Prakties beteken dit dat ouers gereeld huisgodsdienste behoort te hou, wat nie slegs bestaan uit die lees van Bybelverhale nie, maar ook vrae aan kinders moet insluit en gesprekke voer oor wat die bepaalde verhaal oor God en oor hulle self leer, in teenstelling met die boodskap van ander wêreldbeskouings. Dit bied

vir ouers die geleentheid om kernwaarhede kort, maar duidelik by die kind vas te lê. Ouers word aangemoedig om gebruik te maak van hulpmiddels wat met hierdie studie se inhoud en illustrasies ooreenstem, soos kategismusvrae en -antwoorde, om die voorgestelde toerusting op kindervlak te struktureer en op 'n gereelde basis oor te dra.

Verder behoort ouers bedag te wees op wat hul kinders kyk en lees. Dit is nie effektief om populêre verhale wat vermaak bied, bloot te verbied omdat die inhoud moontlik elemente van ander wêreldbeskouings bevat nie. Inteendeel, dit ontnem kinders die geleentheid aan blootstelling wat ouers as aanknopingspunt kan gebruik om deur middel van begeleide gesprekke, toerusting te bied. Sulke begeleide gesprekke behoort spontaan, informeel en liefdevol plaas te vind as deel van die gesin se alledaagse lewe, sodat kinders besef geloof is nie beperk tot slegs Sondag se erediensbywoning nie, maar dat geloof elke deel van die lewe behoort te betrek.

Ten slotte word ouers aangemoedig om hulleself voortdurend te verryk in kennis rakende hierdie omvangryke opvoedingstaak en die betrokke onderwerp. Sodoende kan hulle vir hierdie roeping toegerus word en met groter insig en selfvertroue hulle taak vervul.

8.4.2 Aan ander opvoeders en Christelike onderwysinstellings

Elkeen wat by formele kleuteronderwys betrokke is — hetsy by 'n Christelike kleuterskool, 'n kerklike voorskoolse groep of katkisasie vir kleuters — word aangemoedig om bestaande kurrikula te herevalueer, sodat dit met inhoud wat deur hierdie en soortgelyke studies tot apologetiese toerusting bydra, verryk kan word. Met

ander woorde, die leerplan behoort nie slegs losstaande Bybelverhale en morele lesse te bevat nie, maar ook doelbewuste aandag te gee aan die groter prentjie van die Bybelse storielyn en kerntemas wat die geheel van 'n Christelike wêreldbeskouing vorm. Hiermee saam behoort die kurrikulum ook die nodige inligting te bevat wat apologetiese toerusting en blootstelling aan wêreldbeskouings, vanuit die vertrekpunt van die Christelike wêreldbeskouing, bied.

Kategete en Sondagskoolonderwysers behoort ook op soortgelyke wyse toegerus te word om relevante kindervrae te hanteer. Hierdie studie het getoon dat selfs kleuters soms diep lewensvrae kan vra, en dikwels ontstaan dit spontaan op tye wanneer dit nie verwag word nie. Dit is dus noodsaaklik dat opvoeders nie sulke vrae minag of onbeantwoord laat nie, maar in eenvoud vanuit die Christelike wêreldbeskouing 'n bevredigende antwoord te bied. Hiervoor kan kort, moontlike vrae en antwoorde (soos in hierdie proefskrif geïllustreer word) in onderriggidse geplaas word, sodat dit as begeleidingsgids dien vir onderwysers wat gesprekke wil lei wat teologies akkuraat is, maar steeds verstaanbaar vir jong kinders.

8.4.3 Aan predikante en kerke

Die rol van die kerk in apologetiek by voorskoolse kinders is van onskatbare waarde, en die moontlikhede wat geïmplementeer kan word, is byna onbeperk. Enkele aanbevelings en voorbeelde word hier genoem. Daarom word dit aanbeveel dat veral kerkrade, gemeentelike leierskap en predikante planne maak om ouers aktief en effektief toe te rus in hierdie taak. Dit kan geskied deur gereelde groepsbyeenkomste

waar toerusting aan ouers gebied word, of deur seminare en kursusse aan te bied wat handel oor Bybelse ouerskap en die vorming van wêreldbeskouing by kinders.

Gemeentes behoort byvoorbeeld relevante materiaal aan te skaf en ruim te versprei, soos kinderbybels, eenvoudige apologetiese storieboeke of riglyne vir gesinne tydens huisgodsdienst. Kerke kan verder gesins-programme aanbied waar ouers en kinders saam onderrig word — byvoorbeeld 'n gesinsbyeenkoms wat kwartaalliks plaasvind, waar gesinne onder leiding van die predikant op 'n kreatiewe wyse 'n Bybelse waarheid aan die kinders verduidelik word, sodat ouers toegerus en in staat gestel kan word om dit self tuis toe te pas. Verder word kerke aangemoedig om die invloede van ander wêreldbeskouings op 'n gepaste wyse aan te dui, deur byvoorbeeld die leraar wat 'n kort artikel of praatjie daaroor versprei wat ouers in die verband leiding en advies gee.

Predikante behoort ook gereeld, en waar nodig, van die kansel af die geestelike stryd om die harte van kinders onder die gemeente se aandag te bring, sowel as ouers se verbondspilte in hierdie verband te beklemtoon. Gemeentes behoort, net soos in die geval van sending en jeugbediening, voorskoolse opvoeding en toerusting as 'n gefokusde bediening te prioritiseer, sodat dit inpas by die geheel van die bediening van die hele gemeente as die huisgesin van God. Voorts kan predikante van tyd tot tyd in prediking eenvoudiger verduidelikings en voorbeelde insluit wat daarop gemik is om moeilike begrippe aan jong kinders oor te dra, sodat kinders op hierdie manier

by die erediens betrek word. Dit kan dien as toerusting en voorbeeld vir ouers oor hoe om geloofsake te verduidelik, asook as aanknopingspunt vir verdere gesprekke tuis.

Die algemene aanbeveling is dus dat die kerk as liggaam sal dien as 'n ondersteuningsnetwerk wat ouers in hul verbondstaak rakende wêreldbeskouing leiding gee en toerus.

8.4.4 Aan teologiese opleidingsinstellings en breër gemeenskapsbetrokkenheid.

Ten slotte in hierdie afdeling word aanbeveel dat hierdie onderwerp op tersiêre vlak aandag geniet, veral wat betref teologiese en onderwysopleiding. Predikante en jeugwerkers in opleiding moet bewus gemaak word van die invloede wat ander wêreldbeskouings binne 'n postmoderne, pluralistiese wêreld reeds op voorskoolse kinders uitoefen. Opleidingsinstellings, soos fakulteite en teologiese skole kan modules skep wat apologetiese toerusting in wêreldbeskouings — veral by voorskoolse kinders — insluit, of dit by bestaande modules insluit. Dit sal verseker dat graduandi hierdie vaardighede ontwikkel en ook voorbereid sal wees om aspekte van geloofswaarhede op 'n eenvoudige vlak aan voorskoolse kinders oor te dra. Die bydrae van hierdie studie behoort dus in handleidings en opleidingsmateriaal geïntegreer te word, sodat toekomstige leraars en opvoeders ingelig kan wees oor die basiese vrae van wêreldbeskouings en weet hoe om antwoorde daarop te bied.

Bykomend hiertoe word kerke en Christenorganisasies deur hierdie studie aangemoedig om betrokke te raak by breër samelewingsinisiatiewe waar opvoeding en geloofsvorming ter sprake is. Daar kan byvoorbeeld insette gelewer word waar

kurrikulumbeleide op nasionale vlak bespreek word, deur beswaar te maak teen die bevordering van sekularisme en die algehele uitsluiting van godsdiens in (kleuter)skole, en te pleit vir ruimte vir gerigte geloofsvorming tydens vroeë vormingsjare in die onderwys. Die bevindinge van hierdie proefskrif dien as motivering: 'n samelewing wat kinders sonder geestelike begeleiding laat grootword, ontnem hulle van iets kernbelangrik.

8.5 VERDERE NAVORSINGSMOONTLIKHEDE

Benewens hierdie praktykgerigte aanbevelings het die navorsing ook verskeie rigtings vir verdere studie na vore gebring. Hieronder word enkele moontlikhede genoem:

8.5.1 Ontwikkeling van apologeties-gerigte kurrikula vir kategeese van voorskoolse kinders.

Daar is ruimte vir 'n opvolgstudie om die inhoud en metode van hierdie proefskrif om te skakel in 'n volledige kurrikulum of program vir gebruik in kerke en Christelike kleuterskole. 'n Prakties-georiënteerde navorsingsprojek kan ontwerp en getoets word om te sien hoe voorskoolse kinders reageer op 'n reeks lesse wat 'n Bybelse wêreldbeeld aanbied en hulle interaktief betrek. Só 'n studie kan die ontwikkeling van visuele hulpmiddels, die evaluering van kinders se verstaan, asook die opleiding van kategete en ouers om dit toe te pas, insluit. Die uitkomst kan beide kwantitatief en kwalitatief gemeet word — byvoorbeeld om vas te stel of kinders, na afloop van so 'n program, beter in staat is om kernwaarhede te verwoord of foutiewe idees te identifiseer. Sodoende word 'n leemte aangespreek wat reeds uitgewys is: naamlik dat bestaande kurrikula min of geen fokus op wêreldbeskoulike toerusting vir hierdie

jong ouderdomsgroep het nie. Só 'n verdere navorsingsprojek sal direk aansluit by Breed (1994) se oproep dat kategese nie alle dimensies van geloofsonderrig kan dek nie en dat nuwe hulpmiddels nodig is om spesifieke behoeftes — soos kleuter-apologetiek — aan te spreek. Die resultaat hiervan kan wees die publikasie van 'n begeleide handleiding vir voorskoolse apologetiese geloofsopvoeding, wat op 'n breë basis in gemeentes en skole opgeneem kan word.

8.5.2 Verdere ondersoek na Eenheidsisme in kontemporêre godsdienste en kultuur. Hierdie studie het gebruik gemaak van Peter Jones (2015) se raamwerk van Eenheidsisme teenoor Tweeheidsisme om die fundamentele verskil tussen 'n naturalistiese en 'n Bybelse lewensbeskouing te beskryf. 'n Verdere teologiese navorsingsrigting wat hieruit voortvloei, is om die verskynsel van Eenheidsisme in ander godsdienste of bewegings — met ander woorde, alle lewensbeskouings wat die skeiding tussen Skepper en skepping vervaag — meer volledig te verreken, beide in die 21ste-eeuse sowel as Suid-Afrikaanse konteks. Dit kan, byvoorbeeld, 'n deeglike ontleding insluit van hoe Eenheidsisme denke in verskeie moderne strominge sigbaar is. Hierdeur kan spesifieke apologetiese strategieë ontwikkel word om Eenheidsisme op verskillende terreine te ontbloot en die unieke Tweeheidsisme (Bybelse) standpunt te verdedig.

8.5.3 Empiriese studie oor die impak van vroeë apologetiese toerusting. Ten slotte in hierdie afdeling kan 'n langertermyn empiriese studie onderneem word om die uitwerking van apologetiese toerusting in wêreldbeskouing, soos in die huidige studie voorgestel, wat reeds tydens die vroeë kinderjare toegepas is, op kinders se

geloofsontwikkeling te ondersoek. Waar hierdie proefskrif hoofsaaklik konseptueel en literatuurgebaseerd was, kan 'n volgende studie byvoorbeeld 'n groep kinders, wat van voorskoolse ouderdom af doelbewus wêreldbeskoulik toegerus word, vergelyk met 'n kontrolegroep wat nie so 'n fokus gehad het nie. Oor 'n aantal jare heen kan verskille in geloofskennis, geestelike veerkrag en selfs volharding in die geloof tydens die tienerjare ondersoek word. Indien kwantitatiewe data sou aantoon dat kinders met 'n vroeë apologetiese fondasie byvoorbeeld minder geneig is om hul geloof te betwyfel, of beter daartoe in staat is om morele keuses tydens hul jeugjare te maak, sal dit 'n verdere sterker motivering bied vir kerke en skole om in soortgelyke programme te belê. Kwalitatiewe waarnemings, soos onderhoude met die betrokke kinders wanneer hulle ouer is, kan lig werp op watter aspekte van die toerusting die grootste impak oor tyd gemaak het. Só 'n studie kan help om te verfyn watter inhoud en metodes werklik vrug dra, en waar aanpassings nodig mag wees.

Samevattend toon hierdie navorsing, en die voorgestelde voortsettings daarvan, dat die terrein van apologetiese toerusting by voorskoolse kinders 'n vrugbare en noodsaaklike aspek is wat geïmplementeer en verder ontgin kan word. Die huidige studie het pionierswerk verrig deur die belangrikheid hiervan uit te lig en 'n raamwerk vir inhoud en metode te bied. Dit is die hoop van die navorser dat hierdie slothoofstuk nie slegs die ondersoek sinvol afgehandel het nie, maar ook die weg sal baan vir verdere nadenke wat tot bruikbare uitvloeisels lei — sodat 'n volgende geslag Christenkinders, van hul vroegste lewensjare af, gegrond kan wees in die waarheid

en liefde van Christus, en met vrymoedigheid — al is dit op eenvoudige wyse — kan antwoord wanneer hulle geloof uitgedaag word.

BRONNELYS

Alfeyev, H. 2005. European Christianity and the Challenge of Militant Secularism. *The Ecumenical review.*, 57(1):82.

Allie Beth Stuckey. 2024. *Media Erases Moms on Mother's Day | Ep 1002*. [Youtube video]. https://www.youtube.com/watch?v=xq5r_1tBh5M&list=PLVKRQHZ1Ya2EMN1A9ly5QNhB69tZbNPyR&index=21

Date of access: 20 Jun. 2024.

Alliebethstuckey. 2025. *Allie Beth Stuckey*. <https://www.alliebethstuckey.com/about>

Date of access: 8 May 2025.

American humanist association center for education. *Manifestoes and other Statements of Humanism*.

<https://americanhumanistcenterforeducation.org/topics/manifestoes-and-other-statements-of-humanism/> Date of access: 6 May 2024.

American humanist association center for education. s.a. *The Fundamentals of Humanism*. <https://americanhumanistcenterforeducation.org/topics/the-fundamentals-of-humanism/> Date of access: 6 May 2024.

Anderson, J.N. 2014. *What's your worldview?: an interactive approach to life's big questions*. Wheaton: Crossway.

Anderson, T.J., Clark, W.M. & Naugle, D.K. 2017. *An Introduction to Christian Worldview: Pursuing God's Perspective In A Pluralistic World*. London: SPCK.

Aristotle. 1984. *The complete works of Aristotle*. Volume two. New Jersey: Princeton University. (Bollingen series; 71:2).

Arnold, T.P. 2007. *A Theological Evaluation of Ten Major Creation Theories*. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Asbridge, N. 2009. What is a child? In: Richards, A. & Privett, P., eds. *Through the eyes of a child : new insights in theology from a child's perspective*. London: Church House. pp. 1-20.

Avakian, S. 2016. Christianity and Secularisation in the West and the Middle East: a theological stance. *Journal of Religious History*, 40(3):368-384.
<https://doi.org/10.1111/1467-9809.12303>

Avatar. 2009. *Cameron, J. (dir.) Avatar* [Film]. United States: 20th Century Fox.

Avatar: The Way of Water. 2022. *Cameron, J. (dir.) Avatar: The Way of Water* [Film]. United States: 20th Century Studios.

Ayala, F.J. 2006. Design without Designer: Darwin's greatest discovery. In: Dembski, W.A. & Ruse, M., eds. *Debating design: from Darwin to DNA*. 1st pbk. New York: Cambridge University.

Bahnsen, G.L. 1990. *At War With the Word: the necessity of biblical antithesis*.
<https://reformed.org/apologetics/at-war-with-the-word-the-necessity-of-biblical-antithesis-by-greg-l-bahnsen/> Covenant Community Church of Orange County. Date of access: 19 Jan. 2022.

Bahnsen, G.L. 2015. *Greg Bahnsen's Critique of Materialistic Atheism. Notes from Greg L. Bahnsen's lecture series, Faith, Facts and False Worldviews*.
<https://defenseofaith.wordpress.com/2015/10/29/greg-bahnsens-critique-of-materialistic-atheism/> Date of access: 13 Jun. 2025.

Balz, H. & Schneider, G. 1990. *Exegetical Dictionary of the New Testament*. Grand Rapids: Eerdmans.

Barna, G. 1998. *The second coming of the church: a blueprint for survival*. Nashville: Word Pubns.

Barna Group & Impact Institute. 2018. *Gen Z: the culture, beliefs and motivations shaping the next generation*. Ventura: Barna.

Baucham Jr., V.T. 2015. *Expository apologetics: answering objections with the power of the word*. Wheaton: Crossway.

Bauer, W. 1957. *A Greek-English Lexicon of the New Testament, and Other Early Christian Literature*. Chicago: Univ of Chicago.

Bavinck, H. 1909. *Magnalia Dei: onderwijzing in de christelijke religie naar gereformeerde belijdenis*. Kampen: J.H. Kok.

Bavinck, H. 1928. *Gereformeerde Dogmatiek*. Tweede deel. Kampen: J.H. Kok.

Bavinck, H. 1929. *Christelijke werelddeschouwing*. 3e dr. Kampen: Kok.

Bavinck, H. 2012. *The Christian family*. s.l.: Christian's Library.

Bavinck, H. 2019. *Christian worldview*. Wheaton: Crossway.

Beeke, J.R. & Smalley, P.M. 2019. *Reformed systematic theology. Revelation and God*. vol. 1. Wheaton: Crossway.

Beeke, J.R. & Smalley, P.M. 2021a. *Reformed systematic theology. Man and Christ*. vol. 2. Wheaton: Crossway.

Beeke, J.R. & Smalley, P.M. 2021b. *Reformed systematic theology. Spirit and salvation*. vol. 3. Wheaton: Crossway.

Beeke, J.R. & Smalley, P.M. 2024. *Reformed systematic theology. Church and Last Things*. vol. 4. Wheaton: Crossway.

Beeke, J.R., Barrett, M.P.V., Bilkes, G.M. & Smalley, P.M., eds. 2016. *Family Worship Bible Guide*. Grand Rapids: Reformation Heritage Books.

Bellah, R.N. 2010. Confronting modernity: Maruyaman Masao, Jürgen Habermas, and Charles Taylor. In: Warner, M., VanAntwerpen, J. & Calhoun, C.J., eds. *Varieties of secularism in a secular age*. Cambridge: Harvard University.

Berger, P.L. 1967. *The sacred canopy: elements of a sociological theory of religion*. New York: Anchor Books.

Bhagavad-Gita. s.a. *The Song Celestial. or Bhagavad-Gita (From the Mahabharata)*. <https://www.gutenberg.org/files/2388/2388-h/2388-h.htm?utm> Date of access: 23 Jun. 2025.

Bingham, N.W. & Tweeddale, J. 2022. Who Were the Nephilim? <https://ask.ligonier.org/podcast-episodes/who-were-the-nephilim> Date of access: 31 Oct. 2022.

Boa, K. & Bowman Jr., R.M. 2005. *Faith has its reasons: integrative approaches to defending the Christian faith*. 2nd ed. Colorado Springs: Biblica.

Boa, K. & Turner, J.A. 2006. *Hearts and minds: raising your child with a christian view of the world*. Carol Stream: Tyndale.

Bollaert, C. 2019. *Reconciliation and Building a Sustainable Peace : Competing Worldviews in South Africa and Beyond*. Cham: Springer International Publishing, Imprint Palgrave Macmillan. <https://doi.org/10.1007/978-3-030-03655-3>

Bolt, J. 2015. *Bavinck on the Christian life: following Jesus in faithful service*. Wheaton: Crossway.

Bouwman, C. Sermons on the Heidelberg Catechism. http://enigstetroos.org/pdf/Bouwman_Catechism.pdf Date of access: 2018.

Breed, D.G., Van Rensburg, F., Jordaan, G.J.C. & Kruger, B. 2008. *Manlik en vroulik in die kerk: geslagtigheid en die besondere dienste*. Potchefstroom: Potchefstroom Teologiese Publikasies.

Breed, G. 1994. *Kategese en geloofsopvoeding*. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Proefskrif – Ph.D).

Brown, F., Driver, S.R., Briggs, C.A. & Gesenius, W. 1979. *The new Brown-Driver-Briggs-Gesenius Hebrew and English Lexicon: with an appendix containing the Biblical Aramaic*. Peabody: Hendrickson.

Bunge, M.J. 2001. Introduction. In: Bunge, M.J., ed. *The child in Christian thought*. Grand Rapids: Eerdmans. pp. 1-28.

Bunge, M.J. 2006. The Dignity and Complexity of Children: constructing christian theologies of childhood. In: Yust, K.M., Johnson, A.N., Sasso, S.E. & Roehlkepartain, E.C., eds. *Nurturing child and adolescent spirituality: perspectives from the world's religious traditions*. Lanham: Rowman & Littlefield. p. 52-68.

Bunge, M.J. 2008. Introduction. In: Bunge, M.J., Fretheim, T.E. & Gaventa, B.R., eds. *The child in the Bible*. Grand Rapids: Eerdmans. pp. xiv-xxvi.

Burgess, S. 2017. Evolution (Not Creation) is a "God of the gaps". In: Hodge, B. & Patterson, R.T., eds. *World religions and cults. Vol. 3. Atheistic and humanistic religions*. 2nd print ed. Green Forest: Master.

Burkle, H.R. 1969. *The non-existence of God; antitheism from Hegel to Duméry*. New York: Herder and Herder.

Calhoun, C.J., Juergensmeyer, M. & VanAntwerpen, J. 2011. *Rethinking Secularism*. Oxford: Oxford University. <http://site.ebrary.com/id/10492585>

Calvin, J. 1850. *Commentary on Isaiah. Vol. 1.*

<https://www.ccel.org/ccel/calvin/calcom13.html> Date of access: 6 Nov. 2022.

Calvin, J. 1951. *Die Institusie van Calvyn*. Bloemfontein: Sacum.

Calvin, J. s.a.-a. *Commentaries on the First Book of Moses called Genesis.*

<https://ccel.org/ccel/calvin/calcom01> Date of access: 27 Nov. 2025.

Calvin, J. s.a.-b. *Commentary on Philippians, Colossians, and Thessalonians.*

<https://ccel.org/ccel/calvin/calcom42/calcom42.i.html> Date of access: 27 Nov. 2025.

Calvin, J. & Owen, J. 1849. *Commentaries on the epistle of Paul the Apostle to the Romans*. Edinburgh: Calvin Translation Society.

Calvyn, J. 1984. *Institusie van die Christelike Godsdiens*. Deel 1. Translated by Simpson, H.W. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie.

Calvyn, J. 1986. *Institusie van die Christelike Godsdiens*. Deel 2. Translated by Simpson, H.W. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie.

Calvyn, J. 1988. *Institusie van die Christelike Godsdiens*. Deel 3. Translated by Simpson, H.W. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie.

Camus, A. 1955. *The Myth of Sisyphus and Other Essays*.

<https://dhsprory.org/kenny/PhilTexts/Camus/Myth%20of%20Sisyphus-.pdf> Date of access: 13 Jun. 2025.

Camus, A. 1968. *Lyrical and Critical essays*. NY: Vintage.

Canadian Paediatric Society. 2003. Impact of media use on children and youth. *Paediatrics & Child Health*, 8(5):301-306.

Carroll, S. 2017. *The Big Picture: On the Origins of Life, Meaning, and the Universe Itself*. New York: Dutton.

Carter, D.L. 2012. *Biblical Worldview Expression in Four-Year-Olds*. Cincinnati: Union Institute. (Thesis – Ph.D).

Chalk, J. 2013. *Making Disciples in Africa*. UK: Langham.

Chengeta, T. 2020. *Are African Traditional Religion and Christianity the Same? #AfricanApologetics*. <https://africa.thegospelcoalition.org/article/african-traditional-religion-christianity/> Date of access: 25 Jun. 2025.

Chiorazzi, A. & Olupona, J. 2015. *The spirituality of Africa*. <https://news.harvard.edu/gazette/story/2015/10/the-spirituality-of-africa/> Date of access: 26 Jun. 2025.

choosemuse.com. 2020. *Zen Meditation 101: The History and Principles of Zen*. <https://choosemuse.com/blogs/news/zen-meditation-101-the-history-and-principles-of-zen> Date of access: 14 Aug. 2025.

Clouser, R.A. 2005. *The myth of religious neutrality: an essay on the hidden role of religious belief in theories*. Rev ed. Notre Dame: University of Notre Dame.

Cook, S.R. 2022. *Total Depravity, Faith in Christ, and Regeneration*. <https://thinkingonscripture.com/2022/11/24/total-depravity-faith-in-christ-and-regeneration/> Date of access: 7 Aug. 2023.

Corduan, W. 2012. *Neighboring faiths: a christian introduction to world religions*. 2nd ed. Downers Grove: InterVarsity.

Cragun, R.T. & Manning, C. 2017. Introduction. In: Cragun, R.T., Manning, C. & Fazzino, L.L., eds. *Organized secularism in the United States : new directions in research*. Berlin: De Gruyter. <http://www.oapen.org/search?identifier=650053>. 10.1515/9783110458657

Craig, W.L. 2008. *Reasonable faith: christian truth and apologetics*. 3rd ed. Wheaton: Crossway.

Crain, N. 2016. *Keeping your kids on God's side*. Eugene: Harvest House.

Crain, N. 2017. *Talking with your kids about God: 30 conversations every christian parent must have*. Grand Rapids: Baker.

Crowe, D. 2019. 'Frozen': Same Old Disney or Surprisingly Countercultural? <https://www.thegospelcoalition.org/article/frozen-old-disney-surprisingly-countercultural/> Date of access: 1 Jul. 2025.

Darwin, C. 1860. *To Asa Gray 22 May [1860]*. (Darwin Correspondence Project, "Letter no. 2814"). Available from: <https://www.darwinproject.ac.uk/letter/?docId=letters/DCP-LETT-2814.xml> Date of access: 11 Sep. 2024.

Darwin, C. 1874. *The Descent of Man, and selection in relation to sex*. 2nd ed. London: John Murray. Available from: https://darwin-online.org.uk/converted/published/1874_Descent_F944/1874_Descent_F944.html.

Darwin, C. 1958. *The autobiography of Charles Darwin 1809-1882*. Available from: <https://darwin-online.org.uk/content/frameset?itemID=F1497&viewtype=text&pageseq=1>.

Darwin, C. 2018. *On the Origin of Species*. Minneapolis: Lerner Publishing. Available from: <https://public.ebookcentral.proquest.com/choice/publicfullrecord.aspx?p=5442994>.

Dawkins, R. 1995. *River out of Eden: A darwinian view of life*. New York: Harper Collins.

Dawkins, R. 1996a. *Is Science a Religion?* https://2think.org/Richard_Dawkins_Is_Science_A_Religion.shtml Date of access: 13 Jun. 2025.

Dawkins, R. 1996b. *The blind watchmaker: why the evidence of evolution reveals a universe without design*. New York: W.W. Norton & Company.

Dawkins, R. 2002. *Richard Dawkins' "alternative" Thought For the Day, 2002*.
<https://humanists.uk/humanism/humanism-today/humanists-thinking/richard-dawkins-alternative-thought-for-the-day-2002/> Date of access: 10 Sep. 2024.

Dawkins, R. 2006a. *The selfish gene*. 30th anniversary ed. New York: Oxford University.

Dawkins, R. 2006b. *The God delusion*. London: Bantam.

Dawkins, R. 2011a. *The Magic of Reality: How We Know What's Really True by Richard Dawkins*. [Youtube video]. <https://www.youtube.com/watch?v=DIUPlpUci4c> Date of access: 28 Aug. 2024.

Dawkins, R. 2011b. *The magic of reality: how we know what's really true*. New York: Free.

Dawkins, R. 2019. *Richard Dawkins: religion shouldn't be passed from parents to children – BBC Newsnight*. [Youtube video].
https://www.youtube.com/watch?v=yQUN_6XKKVs Date of access: 28 Aug. 2024.

Dawkins, R. 2024a. *In Piers Morgan Uncensored. Piers Morgan vs Richard Dawkins On Women's Sport, The Universe & Religion*. [Youtube video].
<https://www.youtube.com/watch?v=pA4Hx-dJAn4> Date of access: 6 Nov. 2024.

Dawkins, R. 2024b. *Richard Dawkins: i'm a cultural christian*. [Youtube video].
<https://www.youtube.com/watch?v=COHgEFUFWyg> Date of access: 15 Aug. 2024.

Dawkins, R. 2024c. *The Genetic Book of the Dead: a darwinian reverie*. New Haven: Yale.

De Bres, G. 1561. Nederlandse geloofsbelydenis. In: Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 2003. *Psalmboek: die berymde en omgedigte psalms en ander skrifberymings in gebruik by die gereformeerde kerke in suid-afrika*. Wellington: N.G. Kerk. bl. 3-32.

De Bruyn, P.J. 1997. *Jou enigste troos: die heidelbergse kategismus vir die hedendaagse mens*. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

De Klerk, B.J. & Van Helden, P. 2011. Oorsake van kerkkrimpings binne die tradisioneel Afrikaanssprekende gereformeerde kerke in Suid-Afrika: original research. *Verbum et Ecclesia*, (1):1.

Dembski, W. 2001. Naturalism and design. In: Craig, W.L. & Moreland, J.P., eds. *Naturalism: a critical analysis*. London: Routledge. Available from: <https://public.ebookcentral.proquest.com/choice/publicfullrecord.aspx?p=168501>.

Dennett, D.C. 1991. *Consciousness Explained*. s.l.: Back Bay.

Dennett, D.C. 1996. *Darwin's Dangerous idea: evolution and the meanings of life*. England: Penguin.

Dennett, D.C. 2012. *Evolution – Part 1 of 7 – Darwin's Dangerous Idea (PBS Documentary)*. [Youtube video]. <https://www.youtube.com/watch?v=MCOC7Xqj-kQ&t=165s> Date of access: 14 Nov. 2024.

Departement van Basiese onderwys. 2020. *Lewenswetenskappe Gr 12 Handboek*. s.l.: Govan Mbeki Mathematics Development Centre. Nelson Mandela University. Available from: <https://wcedportal.co.za/eresource/115261> Datum van gebruik: 11 Nov. 2022.

Die Apolostoliese Geloofsbelydenis. In: Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 2003. *Psalmboek: die berymde en omgedigte psalms en ander skrifberymings in gebruik by die gereformeerde kerke in suid-afrika*. Wellington: N.G. Kerk. bl. 1.

Die Geloofsbelydenis van Athanasius. In: Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 2003.
Psalmsboek: die berymde en omgedigte psalms en ander skrifberymings in gebruik by die gereformeerde kerke in suid-afrika. Wellington: N.G. Kerk. bl. 3.

Die Geloofsbelydenis van Nicéa. In: Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 2003.
Psalmsboek: die berymde en omgedigte psalms en ander skrifberymings in gebruik by die gereformeerde kerke in suid-afrika. Wellington: N.G. Kerk. bl. 2.

Dimock, M. 2019. *Defining generations: where millenials end and generation z begins*.
<https://www.pewresearch.org/short-reads/2019/01/17/where-millennials-end-and-generation-z-begins/> Date of access: 28 Aug. 2025.

Doherty, S. 1996. *How to teach Bible doctrines to children: a manual to help children's workers to better understand bible doctrines, and how to teach them to children*.
 Northern Ireland: Sam Doherty -- Child Evangelism Fellowship.

Dordtse Leerreëls. *Sien Sinode van Dordrecht*. 1618.

Du Toit, A.B. 1998. *The New Testament milieu*. Vol. 2. Halfway House: Orion.

Eide, M. 2020. Religion in Children's Visual Media: a qualitative content analysis of preschool holiday specials. *Journal of Media and Religion*, 19(3):108-126.
<https://doi.org/10.1080/15348423.2020.1812339>

Encounter Today. 2019. *A Christian Manifesto – Francis Schaeffer (How Should Christians Respond...)*. [Youtube video]. <https://youtu.be/8F8j4Vg5cyg> Date of access: 15 Jun. 2022.

Fazzino, L.L. & Cragun, R.T. 2017. "Splitters!": Lessons from Monty Python for Secular Organizations in the US. In: Cragun, R.T., Manning, C. & Fazzino, L.L., eds. *Organized secularism in the United States: new directions in research*. Berlin: De Gruyter.
 Available from: <http://www.oapen.org/search?identifier=650053.10.1515/9783110458657>

Ferrer, H.M. 2019. *Mama Bear apologetics*. Eugene: Harvest House. Available from: <http://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&scope=site&db=nlebk&db=nlabk&AN=2143304>.

Fesko, J.V. 2017. "Union with Christ". In: Barrett, M., ed. *Reformation Theology: a systematic summary*. Wheaton: Crossway.

Fitzpatrick, C. 2018. *Watching violence on screens makes children more emotionally distressed*. <https://theconversation.com/watching-violence-on-screens-makes-children-more-emotionally-distressed-106757> Date of access: 12 Mar. 2024.

Flood, G.D. 1996. *An introduction to Hinduism*. Great Britain: Cambridge.

Formulier vir die Aflegging van Belydenis van Geloof. In: Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 2003. *Psalmboek: die berymde en omgedigte psalms en ander skrifberymings in gebruik by die gereformeerde kerke in suid-afrika*. Wellington: N.G. Kerk. bl. 116-117.

Formulier vir die Bediening van die Heilige Doop aan Volwasseenes. In: Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 2003. *Psalmboek: die berymde en omgedigte psalms en ander skrifberymings in gebruik by die gereformeerde kerke in suid-afrika*. Wellington: N.G. Kerk. bl. 118-122.

Formulier vir die Huweliksbevestiging. In: Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 2003. *Psalmboek: die berymde en omgedigte psalms en ander skrifberymings in gebruik by die gereformeerde kerke in suid-afrika*. Wellington: N.G. Kerk. bl. 154-158.

Frame, J.M. 1987. *The doctrine of the knowledge of God*. Phillipsburg: Presbyterian and Reformed. (Theology of lordship).

Frame, J.M. 1999. *Perspectives on the word of God: an introduction to christian ethics*. Eugene: Wipf and Stock.

Frame, J.M. 2008. *The doctrine of the Christian life*. Phillipsburg: P & R. (Theology of lordship).

Frame, J.M. & Torres, J.E. 2015. *Apologetics: a justification of christian belief*. 2nd ed. Phillipsburg: P & R.

Friberg, B., Friberg, T. & Miller, N.F. 2000. *Analytical Lexicon of the Greek New Testament*. Electronic ed. Grand Rapids: Baker.

Friel, T. 2017. Secular humanism. In: Hodge, B. & Patterson, R.T., eds. *World religions and cults. Vol. 3. Atheistic and humanistic religions*. 2nd print ed. Green Forest: Master.

Frozen. 2013. *Buck, C. & Lee, J. (dirs.). Frozen* [Film]. United States of America: Walt Disney Animation.

Gearon, L. 2024. Worldviews and World Government: The Civil Religion of State Religious Education. In: Gearon, L., Kuusisto, A., Poulter, S., Toom, A., Ubani, M. & Niemi, H., eds. *Religion and worldviews in education: the new watershed*. Abingdon: Routledge.

Geisler, N.L. 2001. *Unshakable foundations*. Minneapolis: Bethany House.

Geisler, N.L. 2013. *Christian apologetics*. 2nd ed. Grand Rapids: Baker.

Geisler, N.L. & Turek, F. 2004. *I don't have enough faith to be an atheist*. Wheaton: Crossway.

Gentry, K. 2015. Defending the faith: approaching world religions. In: Hodge, B. & Patterson, R.T., eds. *World religions and cults. Vol. 1. Counterfeits of Christianity*. Green Forest: Master.

Glass, D.H. 2012. *Atheism's new clothes: exploring and exposing the claims of the new atheists*. Nottingham: Apollos.

Greene, B. 2004. *The fabric of the cosmos: space, time and the texture of reality*. London: Penguin.

Groothuis, D.R. 2011. *Christian apologetics : a comprehensive case for biblical faith*. Downers Grove: IVP Academic; Nottingham: Apollos.

Ham, K. & Foley, A. 2017. Do Secularists have a foundation for morality? In: Hodge, B. & Patterson, R.T., eds. *World religions and cults. Vol. 3. Atheistic and humanistic religions*. 2nd print ed. Green Forest: Master.

Harris, R.L.e.a. 1980. *Theological Wordbook of the Old Testament*. Volumes 1 and 2. Chicago: Moody.

Harris, S. 2012. *Free will*. New York: Free.

Harris, S. 2014. *Waking up: a guide to Spirituality without religion*. New York: Simon & Schuster.

Harris, S. s.a. *Sam Harris: the self is an illusion*. <https://bigthink.com/videos/sam-harris-on-self-transcendence/> Date of access: 18 Aug. 2025.

Haught, J.F. 2008. *God and the new atheism: a critical response to Dawkins, Harris, and Hitchens*. Louisville: Westminster John Knox.

Heidelbergse Kategismus. *Sien Ursinus, Z. & Olevianus, C. 1563*.

Helberg, J.L. 1981. *Loof die Here!: die Psalms in Ou- en Nuwe-Testamentiese lig*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Heslam, P.S. 1998. *Creating a Christian Worldview: Abraham Kuyper's lectures on calvinism*. [epub edition]. MI: Eerdmans.

Heyns, J.A. 1978. *Dogmatiek*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

His Holiness The 14th Dalai Lama of Tibet. 2014. *Discussing Secular Ethics*.

<https://www.dalailama.com/news/2014/discussing-secular-ethics> Date of access: 15 Aug. 2025.

Hodge, B. & Patterson, R.T. 2022a. Moralistic and Mythological Religions: The overview. In: Hodge, B. & Patterson, R.T., eds. *World religions and cults. Vol. 2. Moralistic, mythical and mysticism religions*. 5th print ed. Green Forest: Master.

Hodge, B. & Patterson, R.T. 2022b. Eastern Mysticism Religions: The overview. In: Hodge, B. & Patterson, R.T., eds. *World religions and cults. Vol. 2. Moralistic, mythical and mysticism religions*. 5th print ed. Green Forest: Master.

Holmes, A.F. 1997. Darwin, Charles Robert (1809-1882) In: Douglas, J.D., Comfort, P.W. & Mitchell, D., eds. *Who's Who in Christian History*. Wheaton: Tyndale.

Honig, A.G. 1938. *Handboek van de gereformeerde dogmatiek*. Kampen: J.H. Kok

Huxley, J. 1957. *New bottles for new wine*. London: Chatto & Windus.

Huxley, J. 1964. *Essays of a humanist*. New York: Harper and Row.

Ice Age. 2002. Wedge, C. & Saldanha, C., *Ice Age* [Film]. United States: 20th Century Fox.

Ice Age: Collision Course. 2016. Thurmeier, M. & Chu, G., *Ice Age: Collision Course* [Film]. United States: 20th Century Fox.

Ice Age: Continental Drift. 2012. Thurmeier, M., Chu, S. & Saldanha, C., *Ice Age: Continental Drift* [Film]. United States: 20th Century Fox.

Ice Age: Dawn of the Dinosaurs. 2009. Saldanha, C., *Ice Age: Dawn of the Dinosaurs* [Film]. United States: 20th Century Fox.

Ice Age: The Meltdown. 2006. *Saldanha, C., Ice Age: The Meltdown* [Film]. United States: 20th Century Fox.

Inside Out. 2015. *Docter, P. & Del Carmen, R. Inside Out* [Film]. United States: Pixar Animation Studios.

International Campaign for Tibet. 2023. *The Dalai Lama and the Promotion of Human Values*. <https://savetibet.org/hhdl-promotion-of-human-values/> Date of access: 15 Aug. 2025.

ISKCON SOUTH AFRICA. *Srila Prabhupada's Historic Visit to South Africa (1975 - 2025)*. <https://iskconza.com/lecture-at-reservoir-hills-temple-site/> Date of access: 18 Jun. 2025.

Johnson, T.K. 2014. *Christian Ethics in Secular Cultures*. vol. 2. Germany: Theological Commission of the World Evangelical Alliance. (World of Theology Series).

Jones, P. 2015. *The other worldview: exposing christianity's greatest threat* [Kindle edition]. Bellingham: Kirkdale. Available from Amazon.com.

Keeley, R.J. 2008. *Helping our children grow in faith: how the church can nurture the spiritual development of kids*. Grand Rapids: Baker.

Kibaara, T.K. 2022. African Traditional Ritual Expressions of Salvation: Contextualised Biblical Hermeneutic(s) as an Ecclesiological Praxis. *European Journal of Philosophy, Culture and Religion*, 6(1):19-29. <https://doi.org/10.47672/ejpcr.1040>

Kittel, G., Bromiley, G.W., Friedrich, G. & Pitkin, R.E. 1964. *Theological dictionary of the New Testament*. Grand Rapids. Eerdmans.

Klostermaier, K.K. 2007. *A Survey of Hinduism*. Albany: State University of New York.

Kragh, H. 1999. *Cosmology and Controversy: the historical development of two theories of the universe*. New Jersey: Princeton. Available from:

https://www.amazon.com/Cosmology-Controversy-Historical-Development-Theories-ebook/dp/B08SHYCLHV/ref=tmm_kin_swatch_0?_encoding=UTF8&qid=&sr=.

Kreeft, P. & Tacelli, R.K. 1994. *Handbook of Christian apologetics: hundreds of answers to crucial questions*. Downers Grove: InterVarsity.

Kung Fu Panda 2. 2011. Yuh, J. (dir.) *Kung Fu Panda 2* [Film]. United States: DreamWorks.

Kung Fu Panda 3. 2016. Nelson, J. & Yuh, J. (dirs.) *Kung Fu Panda 3* [Film]. United States: DreamWorks.

Kung Fu Panda. 2008. Stevenson, J., Osborne, M. & Nelson, M. (dirs.) *Kung Fu Panda* [Film]. United States: DreamWorks.

Kuusisto, A. 2020. *Growing up thinking – The Place of Children's Worldviews in Societal Early Childhood Education*. Paper presented at the International Symposium on Religion-Moral-Values Education and Problems in Early Childhood Period, Turkey, 16 October 2020. <https://www.diva-portal.org/smash/get/diva2:1518804/FULLTEXT01.pdf>
Date of access: 12 Mar. 2024.

Lama Döndrup. 2021. *Vajrayana Buddhism: Beliefs, Meditations, and Practices*. <https://www.sukhasiddhi.org/blog/vajrayana-buddhism-beliefs> Date of access: 24 Jun. 2025.

Lennox, J.C. 2011a. *Gunning for God: why the new atheists are missing the target*. Oxford: Lion.

Lennox, J.C. 2011b. *God's undertaker: has science buried god?* [kindle edition]. England: Lion Hudson. Available at www.amazon.com.

Lennox, J.C. 2012. *Professor John Lennox: god does exist*. [Youtube video].
<https://www.youtube.com/watch?v=otrqzITuSqE&t=9s> Date of access: 9 Sep. 2024.

Lennox, J.C. 2021. *God and Stephen Hawking: whose design is it anyway?* 2nd ed.
 Oxford: Lion Hudson.

Lesage, K., Starr, K.J. & Miner, W. 2025. *Around the World, Many People Are Leaving Their Childhood Religions*. <https://www.pewresearch.org/religion/2025/03/26/around-the-world-many-people-are-leaving-their-childhood-religions/> Date of access: 21 Aug. 2025.

Lewis, C.S. 2012. *The complete C. S. Lewis signature classics: mere christianity*.
 London: Collins.

Liddell, H.G., Scott, R., Jones, H.S. & McKenzie, R. 1996. *A Greek-English lexicon: revised supplement*. Rev. and augm. throughout. New York: Oxford.

Lindsay, T.M. 2006. *The Reformation*. PA: Banner of Truth.

Lloyd Jones, M. 2003. *Great Doctrines of the Bible*. Wheaton: Crossway.

Louw, D.A. & Louw, A.E. 2014. *Child and adolescent development*. 2nd ed.
 Bloemfontein: Psychology Publications.

Louw, J.P. & Nida, E.A. 1989. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains*. 2nd ed. New York: United Bible Societies.

Malan, G. 1979. *God en die kleuter*. Kaapstad: N.G. Kerk.

Mashau, T.D. 2009. A Reformed Missional Perspective on Secularism and Pluralism in Africa: their impact on african christianity and the revival of traditional religion. *Calvin Theological Journal*, 44(1):108-126.

- Mathema, Z.A. 2007. *The African worldview: a serious challenge to Christian discipleship*. <https://www.ministrymagazine.org/archive/2007/10/the-african-worldview.html> Date of access: 25 Jun. 2025.
- May, S., Posterski, B., Stonehouse, C. & Cannell, L. 2005. *Children matter: celebrating their place in the church, family, and community*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Mbiti, J.S. 1970. *African religions and philosophy*. NY: Anchor.
- McBride, J. 2015. The myth of Secularism in America. In: Rectenwald, M., Almeida, R. & Levine, G., eds. *Global secularisms in a post-secular age*. Boston: De Gruyter. Available from: <https://ebook.yourcloudlibrary.com/library/oclc/detail/kkep889>.
- McCallum, F. 2019. Shared Religion but Still a Marginalized Other: middle eastern christians' encounters with political secularism in the united kingdom. *Journal of Church and State*, 61(2):242-261. <http://dx.doi.org/10.1093/jcs/csy006>
- McGrath, A.E. 2007. *Dawkins' God: genes, memes, and the meaning of life*. 2nd ed. Oxford: Blackwell.
- McGrath, A.E. 2015. *Dawkins' God: from the selfish gene to the god delusion*. Newark: John Wiley & Sons.
- McGrath, A.E. & McGrath, J.C. 2007. *The Dawkins delusion: atheist fundamentalism and the denial of the divine*. Downers Grove: InterVarsity.
- McGraw, R.M. 2022. *What Is Christ's Humiliation and Why Is It Important?* <https://tabletalkmagazine.com/posts/what-is-christs-humiliation-and-why-is-it-important/#fn2> Date of access: 15 Jun. 2023.
- McLean, G.F. 2012. Introduction: Disjunctions in the 21st Century. In: Taylor, C., Casanova, J., McLean, G.F., Council for Research in, V. & Philosophy, eds. *Church and*

people: disjunctions in a secular age. Washington: Council for Research in Values and Philosophy. pp. 1-16.

Mensing, M. 1972. *Today's Christian Kindergarten*. Saint Louis: Concordia.

Mhlope, A. 2013. *Christianity and the Veneration of Ancestors*. Belville: Salt.

Moana. 2016. Directed by Ron Clements & John Musker, writer. by s.l.:Walt Disney Pictures.

Mohler Jr., R.A. 2024. *And a little child shall tell the truth*. <https://wng.org/opinions/and-a-little-child-shall-tell-the-truth-1715595787> Date of access: 20 Jun. 2024.

Mohler, R.A. 2005. Truth and contemporary culture. In: Köstenberger, A.J. & Mohler, R.A., eds. *Whatever happened to truth?* Wheaton: Crossway.

Mohler, R.A. 2008. *Atheism remix : a christian confronts the new atheists*. Wheaton: Crossway.

Moreland, J.P. 2018. *Scientism and Secularism: learning to respond to a dangerous ideology*. IL: Crossway.

Moreland, J.P. & Reynolds, J.M. 1999. *Three views on creation and evolution*. Grand Rapids: Zondervan. (Counterpoints).

Morgenthaler, S.K. 1999. *Exploring children's spiritual formation: foundational issues*. River Forest: Pillars.

Morris, H.M. 2000. *The Long War Against God*. [ebook]. Green Forest: Master. Available from: <http://www.vlebooks.com/vleweb/product/openreader?id=none&isbn=9781614582090>.

Moyer, B. & Lucas, G. 1999. *Of Myth and Men*. <https://time.com/archive/6735219/cinema-of-myth-and-men/> Date of access: 13 Jun. 2025.

Ñanamoli, B.t. 1992. *The Life of the Buddha: According to the Pali Canon*. Kandy, Sri Lanka: Buddhist Publication Society.

National secular society. *The secular charter*. <https://www.secularism.org.uk/the-secular-charter.html> Date of access: 9 Jun. 2022.

National secular society. *Rethinking religion and belief in public life: a manifesto for change*. <https://www.secularism.org.uk/uploads/rethinking-religion-and-belief-in-public-life-a-manifesto-for-change-4.pdf?v=1501854715> Date of access: 8 Jun. 2022.

Naugle, D.K. 2001. *A worldview bibliography*. https://www3.dbu.edu/naugle/pdf/worldview_bibliography.pdf Date of access: 2024.

Ndereba, K.M. 2021. Engaging Youth Worldviews in Africa: a practical theology in light of John 4. *Conspectus: The Journal of the South African Theological Seminary*, 32(1):187-198. <http://dx.doi.org/10.54725/conspectus.2021.2.11>

Nederlandse Geloofsbelydenis. *Sien De Bres*, G. 1561.

Nieminen, S. & Sajaniemi, N. 2016. Mindful awareness in early childhood education. *South African Journal of Childhood Education*, 6(1).

Nietzsche, F. 1999. *Friedrich Nietzsche Nachgelassene Fragmente 1885-1887*. Kritische Studienausgabe. München: Deutscher Taschenbuch Verlag de Gruyter.

Oliphint, K.S. 2013. *Covenantal apologetics: principles and practice in defense of our faith*. Wheaton: Crossway.

Ondich, J.L. 2021. *Comparative Religions*. <https://mlpp.pressbooks.pub/evcphil070/chapter/hinduism/> Date of access: 18 Jun. 2025.

Orr, J. 1908. *The Christian view of God and the world*. Available from:

<https://ccel.org/ccel/orr/view/view.i.html>.

Osmer, R.R. 2008. *Practical theology: an introduction*. Grand Rapids: Eerdmans.

Oxford University Press. 2005. *Pocket Oxford Latin dictionary*. rev. ed. New York: Oxford.

Packer, J.I. 1973. *Knowing God*. Downers Grove: InterVarsity.

Palau, L. & Qizheng, Z. 2008. *A friendly dialogue between an atheist and a Christian*.

Grand Rapids: Zondervan.

Paturi, J. & Patterson, R.T. 2022. Hinduism (with Hare Krishna). In: Hodge, B. & Patterson, R.T., eds. *World religions and cults. Vol. 2. Moralistic, mythical and mysticism religions*.

5th print ed. Green Forest: Master.

Pearcey, N. 2008. *Total truth : liberating christianity from its cultural captivity*. Study guide. Wheaton: Crossway.

Peels, R. 2022. Scientism and scientific fundamentalism: what science can learn from mainstream religion. 2(48):395-410. <https://www.tandfonline.com>

/doi/full/10.1080/03080188.2022.2152246#d1e110 Date of access: 14 Aug. 2024.

<https://doi.org/10.1080/03080188.2022.2152246>

Pennock, R.T. 2006. DNA by design? Stephen Meyer and the Return of the God

Hypothesis In: Dembski, W.A. & Ruse, M., eds. *Debating design: from Darwin to DNA*.

New York: Cambridge.

Perseus Digital Library Project. *Latin Word Study Tool*. <https://www.perseus.tufts.edu/hopper/morph?l=salutis&la=la#lexicon>

Date of access: 16 Mar. 2023.

Peterson, B.N. 2016. "Nephilim,". In: Barry, J.D., Bomar, D., Brown, D.R., Klippenstein, R.,

Mangum, D., Sinclair, C., ed. *The Lexham Bible Dictionary*. Bellingham: Lexham.

Pink, A.W. 1962. *Gleanings in Exodus*. Chicago: Moody.

Plantinga, A. 1993. *Warrant and Proper Function*. New York: Oxford.

Plantinga, A. 2000. *Warranted Christian belief*. New York: Oxford.

Plantinga, A. 2011. *Where the conflict really lies: science, religion, and naturalism*. New York: Oxford.

Plantinga, A. & Tooley, M. 2008. *Knowledge of God*. Malden: Blackwell. (Great debates in philosophy).

Polman, A.D.R. 1940a. *Onze Nederlandsche geloofsbelijdenis*. 1ste deel. Franeker: Wever.

Polman, A.D.R. 1940b. *Onze Nederlandsche geloofsbelijdenis*. 2de deel. Franeker: Wever.

Polman, A.D.R. 1940c. *Onze Nederlandsche geloofsbelijdenis*. 3de deel. Franeker: Wever.

Polman, A.D.R. 1940d. *Onze Nederlandsche geloofsbelijdenis*. 4de deel. Franeker: Wever.

Porpora, D.V. 2006. Methodological Atheism, Methodological Agnosticism and Religious Experience. *Journal for the Theory of Social Behaviour*, 36(1):57-75.

Prebish, C.S. & Keown, D. 2010. *Introducing Buddhism*. 2nd ed. London: Routledge. (World religions series).

Prince, D. s.a. *Repentance Must Precede Faith*.

<https://www.derekprince.com/radio/603> Date of access: 31 Aug. 2023.

Psalmboek. 2003. *Psalmboek: die berymde en omgedigte psalms en ander skrifberymings in gebruik by die gereformeerde kerke in suid-afrika*. Wellington: NG Kerk.

Qizheng, Z. 2008. On the Bible and God. In: Qizeng, Z. & Palau, L., eds. *A friendly dialogue between an atheist and a Christian*. Grand Rapids: Zondervan.

Qur'an. n.a. *Surah Maryam (19)*. Available at: <https://quran.com/19> Date of access: 25 Nov. 2025.

Raivio, M., Skaremyr, E. & Kuusisto, A. 2023. Discursive Norms and Incentives for Equipping Students with Religion and Worldview Literacy in Swedish Preschool Teacher Education Policy. *Religions*, 14(9):1194. <http://dx.doi.org/10.3390/rel14091194>

Richards, L. 1975. *A theology of Christian education*. Grand Rapids: Ministry Resource Library.

Robinson, M.A. 2006. *The necessary existence of God: the proof of christianity through presuppositional apologetics*. North Charleston: BookSurge.

Rogers, C.L., Rogers, C.L. & Rienecker, F. 1998. *The new linguistic and exegetical key to the Greek New Testament*. Grand Rapids: Zondervan.

Ryken, P.G. 2006. *What is the Christian worldview?* Phillipsburg: P & R. (Basics of the Reformed faith).

Saey, T.H. 2022. *We finally have a fully complete human genome*. <https://www.sciencenews.org/article/human-genome-complete-dna-genetics> Date of access: 7 Aug. 2024.

Santhosh, H. & Nair, B.S. 2021. Re-Discovering the Power of Native Wahine: women, nature and mythology in disney's animation film Moana. *Turkish Online Journal of Qualitative Inquiry (TOJQI)*, Vol. 12(9):267-272.

<https://www.tojqi.net/journal/article/download/5491/3920/5972>

Sartre, J. 1946. *Existentialism Is a Humanism*. <https://www.marxists.org/reference/archive/sartre/works/exist/sartre.htm> Date of access: 12 Jun. 2025.

Schaeffer, F.A. 1982. *A Christian view of Philosophy and Culture*. vol. 1. Westchester: Crossway. (The complete works of Francis A. Schaeffer: a Christian worldview).

Schaeffer, F.A. 2017. *01 – The Roman Age*. (Francis Schaeffer – How Should We Then Live?). [Youtube video]. https://www.youtube.com/watch?v=NpPMMb50QcE&list=PLP0ISOp9RORx7W0REI8SVK2CNIrMjhS_T&t=688s Date of access: 23 Jun. 2021.

Schulze, L.F. 1991. *Ons glo met die hart*. Orkney: E.F.J.S.

Selva, J. 2017. *The History and Origins of Mindfulness – PositivePsychology.com*. <https://positivepsychology.com/history-of-mindfulness/> Date of access: 14 Aug. 2025.

Shaffer, D.R. & Kipp, K. 2010. *Developmental psychology: childhood and adolescence*. 8th Int. ed. Australia ; United Kingdom: Wadsworth.

Shaivam.org. *Hindu Temples in South Africa*. <https://www.shaivam.org/temples-of-lord-shiva/hindu-temples-in-south-africa/#gsc.tab=0> Date of access: 18 Jun. 2025.

Silva, M. 2007a. Who needs hermeneutics anyway? In: Kaiser, W.C. & Silva, M., eds. *Kaiser W.C. & Silva, M. Introduction to biblical hermeneutics: the search for meaning*. Rev. and expanded ed. Grand Rapids: Zondervan.

Silva, M. 2007b. Let's Be Logical: using and abusing language. In. *Kaiser W.C. & Silva, M. Introduction to biblical hermeneutics: the search for meaning*. Rev. and expanded ed. Grand Rapids: Zondervan.

Sinode van Dordrecht. 1618. Dordtse leerreëls. In: Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 2003. *Psalmboek: die berymde en omgedigte psalms en ander skrifberymings in gebruik by die gereformeerde kerke in suid-afrika*. Wellington: N.G. Kerk. bl. 73-109.

Sire, J.W. 2009. *The universe next door: a basic worldview catalog*. 5th ed. Downers Grove: InterVarsity.

Sire, J.W. 2015. *Naming the elephant: worldview as a concept*. 2nd ed. Downers Grove: IVP.

Sproul, R.C. 2017. *TULIP and Reformed Theology: perseverance of the saints*.
<https://www.ligonier.org/learn/articles/tulip-and-reformed-theology-perseverance-saints> Date of access: 27 Oct. 2023.

Sproul, R.C. s.a. *What Is the Covenant of Redemption?* <https://learn.ligonier.org/articles/what-covenant-redemption> Date of access: 16 Mar. 2023.

Stanford Encyclopedia of Philosophy. 2021. *Albert Camus*.
<https://plato.stanford.edu/entries/camus/> Date of access: 13 Jun. 2025.

Star Wars film series. 1977-2019. *Lucas, George et al. (dirs.). Star Wars film series* [Film series]. United States: Lucasfilm.

Stoker, H.G. 1961. *Beginnels en metodes in die wetenskap*. Potchefstroom: Pro Rege-Pers.

Stoker, H.G. 1967. *Oorsprong en rigting*. Kaapstad: Tafelberg.

Stoker, H.G. & Stoker, P.H. 2013. Vrugbare wetenskappe. *Journal for Christian Scholarship = Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 49(4):47-67.

Stoker, W. 1996. *Is the quest for meaning the quest for God?: the religious ascription of meaning in relation to secular ascription of meaning: a theological study*. Amsterdam: Rodopi. (Currents of encounter; v. 11).

Stonehouse, C. 1998. *Joining children on the spiritual journey: nurturing a life of faith*. Grand Rapids: Baker.

Strachan, O. & MacArthur, J. 2021. *Christianity and wokeness: how the social justice movement is hijacking the gospel--and the way to stop it*. Washington: Salem.

Strommen, M.P. & Hardel, D. 2008. *Passing on the faith: a radical model for youth and family ministry*. Rev. ed. Winona: Saint Mary's.

Sulston, J. 23 June 2010. *The Age of the Genome Episode 1 as presented by Richard Dawkins*. <https://www.bbc.co.uk/sounds/play/b00ss2rk> Date of access: 7 Aug. 2024.

Summit_Ministries. 2019. *Building on the Rock Bible Curriculum*. <https://www.summit.org/curriculum/building-on-the-rock/> Date of access: 19 Sep. 2019.

Sutanto, N.G., Eglinton, J. & Brock, C.C. 2019. Herman Bavinck for the Twenty-First Century. In: Bavinck, H. *Christian worldview*. Wheaton: Crossway.

Tachibana, S. 1975. *The ethics of Buddhism*. London: Curzon.

Tarnas, R. 2010. *Passion of the Western mind: understanding the ideas that have shaped our world view* [Kindle edition]. New York: Ballantine. Available at Amazon.com.

Taylor, J.E. 2009. *The New Atheists*. <https://iep.utm.edu/new-atheism/> Date of access: 12 Jun. 2025.

The Croods. 2013. Sanders, K. & DeMicco, C. *The Croods* [Film]. United States: DreamWorks.

The Lion King. 1994. Allers, R. & Minkoff, R. (dirs.) *The Lion King* [Film]. United States: Walt Disney.

The Michells vs. the Machines. 2021. Rianda, M. & Rowe, J. *Michells vs. the Machines* [Film]. United States: Sony Pictures.

The Rāmāyana. 1894. *The Rāmāyana, Volume 4. Uttara Kānda*.

<https://www.gutenberg.org/cache/epub/62496/pg62496-images.html> Date of access: 23 Jun. 2025.

The Veritas Forum. 2016. *Peter Berger on the failure of the secularization hypothesis*.

[Youtube video]. <https://www.youtube.com/watch?v=62zSU-U9GGE> Date of access: 11 Mar. 2024.

Theunissen, A. 1978. *Vernaamstes in die Koninkryk: godsdiensleiding vir die voorskoolse kind*. Kaapstad: Tafelberg.

Torrance, E.P. & Torrance, J.P. 1988. Creativity and Teaching Concepts of God. In: Ratcliff, D., ed. *Handbook of Preschool Religious Education*. Birmingham: Religious Education. p. 224-246.

Towner, W.S. 2008. Children and the Image of God. In: Bunge, M.J., Fretheim, T.E. & Gaventa, B.R., eds. *The child in the Bible*. Grand Rapids: Eerdmans. pp. 375-398.

Tripp, P.D. 2015. *Awe: why it matters in all we think, say and do*. Nottingham: InterVarsity.

truthxchange. s.a. *Dr. Peter Jones*. <https://truthxchange.com/profiles/dr-peter-jones/> Date of access: 6 May 2025.

Turaki, Y. 2000. *Africa Traditional Religious System as Basis of Understanding Christian Spiritual Warfare*. <https://lausanne.org/content/west-african-case-study> Date of access: 25 Jun. 2025.

Urbanowicz, E. 2019. *Foundation Comparative Worldview Curriculum*. <https://foundationworldview.com/> Date of access: 19 Sep. 2019.

Ursinus, Z. & Olevianus, C. 1563. Die Heidelbergse kategismus. In: Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 2003. *Psalmboek: die berymde en omgedigte psalms en ander*

skrifberymings in gebruik by die gereformeerde kerke in suid-afrika. Wellington: N.G. Kerk. bl. 33-72.

Ursinus, Z., Pareus, D., Hommius, F., Spiljardus, J. & Van den Honert, J. 1977. *Het schatboek der Verklaringen over de Heidelbergse catechismus. Deel 1*. Dordrecht: Van den Tol.

Valk, J. 2012. Christianity through a Worldview Lens. *Journal of Adult Theological Education*, 9(2):158-174. <https://dx.doi.org/10.1179/ate.9.2.hp430835g071v773>

Van der Merwe, C.N. 2004. *Kategese as middel tot heilsekerheid en heilstoe-eiening in konteks van die verbond en die koninkryk*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – Ph.D).

Van der Merwe, C.N. 2010. *Die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika, 1859-2009*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – Ph.D).

Van der Walt, B. 2005a. Sekularisme: die onherkende, maar grootste gevaar vir die christendom. *Die Kerkblad*, 107(3171):48-49.

Van der Walt, B. 2005b. Sekularisme: waarom dit so verleidelik is en hoe Christene hulle daarteen kan bewapen: diskussie. *Die Kerkblad*, 107(3172):46-47.

Van der Walt, B.J. & Nelson, M.E. 2010. *At home in God's world: a transforming paradigm for being human and for social involvement*. Potchefstroom: The Institute for Contemporary Christianity in Africa.

Van Genderen, J. & Velema, W.H. 2008. *Concise Reformed dogmatics*. Translated by Bilkes, G. & Van der Maas, E.M. Phillipsburg: P & R.

Van Niekerk, M. 2018. *The role of parents in the development of faith during a child's formative years*. South Africa: North-west University. (Dissertation – M.Th).

Van Til, C. 2003. *Christian apologetics*. 2nd ed. Phillipsburg: P & R.

Veldkamp, H. s.a. *Deel 1. Zondagskinderen: kanttekeningen bij de heidelbergse catechismus*. Franeker: T. Weaver.

Venter, C. 2010. *Craig Venter unveils "synthetic life"*. [Youtube video].
<https://www.youtube.com/watch?v=QHlocNOHd7A&t=15s> Date of access: 7 Aug. 2024.

Venter, G.J. 2019. *Geloofsvorming en die vermoë om geloof te verdedig by kinders onder sewe jaar as korrektief op nominale Christendom*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Verhandeling – M.Th).

Venter, G.J. 2023. Geloofsgesprek met my 6-jarige dogtertjie [persoonlike gesprek]. Suid-Afrika.

Venter, G.J. 2024a. Geloofsgesprek met my 12-jarige seun [persoonlike gesprek]. Suid-Afrika.

Venter, G.J. 2024b. Geloofsgesprek met my 3-jarige seuntjie [persoonlike gesprek]. Suid-Afrika.

Venter, G.J. & Stoker, H.G. 2021. Die behoefte aan apologetiese toerusting reeds by voorskoolse kategese. 55(no 2), <https://doi.org/10.4102/ids.v55i2.2722>

Vonk, C. 1950. *De voorzeide leer*. Schiedam: Hasekamp.

Vorster, J.M. 2014. *Christelike etiek in 'n sekulariserende samelewing*. Durbanville: AOSIS.

Waggoner, M.D. 2024. Series Editor Foreword. In: Gearon, L., Kuusisto, A., Poulter, S., Toom, A., Ubani, M. & Niemi, H., eds. *Religion and worldviews in education: the new watershed*. Abingdon: Routledge.

Wax, T. 2014. *Are We Missing the Point of Frozen's 'Let It Go'?*

<https://www.thegospelcoalition.org/blogs/trevin-wax/missing-the-point-of-frozens-let-it-go/> Date of access: 1 Jul. 2025.

Webb, E. 2009. *Worldview and mind: religious thought and psychological development*.

Columbia: University of Missouri. Available from:

<https://openlibrary.org/books/OL22513802M>

Westerhoff, J.H. 1976. *Will our children have faith?* New York: Seabury.

Westminster Confession of Faith. 2007. *The Westminster Confession of Faith and*

Catechisms. Lawrenceville: PCA Committee for Christian Education & Publications.

White, J.E. 2017. *Meet generation Z: understanding and reaching the new post-christian*

world. Grand Rapids: Baker. Available from Amazon.com.

Wielenga, B. 1947. *Onze Catechismus. Deel 1*. Kampen: Kok.

Wikia, M. n.a. *I Am Moana (Song of the Ancestors)*. [https://moana.fandom.com/](https://moana.fandom.com/wiki/I_Am_Moana_(Song_of_the_Ancestors))

[wiki/I_Am_Moana_\(Song_of_the_Ancestors\)](https://moana.fandom.com/wiki/I_Am_Moana_(Song_of_the_Ancestors)) Date of access: 30 Jun. 2025.

Wilkens, S. & Sanford, M.L. 2009. *Hidden Worldviews: eight cultural stories that shape our lives*. IL: IVP.

Willard, D. 2001. Knowledge and naturalism. In: Craig, W.L. & Moreland, J.P., eds.

Naturalism : a critical analysis. London: Routledge. Available from:

<https://public.ebookcentral.proquest.com/choice/publicfullrecord.aspx?p=168501>

Witsius, H. 1845. *The oeconomy of the covenants between God and man. Vol. 1*.

Edinburgh: T. Turnbull.

Wolters, A.M. 2005. *Creation regained: biblical basics for a reformational worldview*.

2nd. Grand Rapids: Eerdmans.

Yust, K.M. 2004. *Real kids, real faith: practices for nurturing children's spiritual lives*. San Francisco: Jossey-Bass. (Families and faith series).

Yust, K.M., Johnson, A.N., Sasso, S.E. & Roehlkepartain, E.C. 2006. Traditional Wisdom: creating space for religious reflection on child and adolescent spirituality. In: Yust, K.M., Johnson, A.N., Sasso, S.E. & Roehlkepartain, E.C., eds. *Nurturing child and adolescent spirituality: perspectives from the world's religious traditions*. Lanham: Rowman & Littlefield. p. 1-14.

Zukeran, P. 2005. *The Worldview of Star Wars – A Christian evaluation*.

<https://probe.org/the-worldview-of-star-wars/> Date of access: 13 Jun. 2025.